# ELKE DAG IN DIE LIG

Dagstukkies uit die Evangelie van Johannes

Ds. MJ Booyens

www.christelikemedia.org

# Inhoud


**Woord vooraf .................................................. 9**

**Januarie .................................................. 10**

1 God Begin .................................................. 10
2 Skepper – Spreker .................................................. 11
3 Lewe .................................................. 12
4 Lig .................................................. 13
5 Kinders van God .................................................. 14
6 God se Heerlikheid op Aarde .................................................. 15
7 Die Stem .................................................. 16
8 Die Lam van God .................................................. 17
9 Die Doop van Johannes .................................................. 18
10 Johannes getuig van die Seun van God .................................................. 19
11 Ons Enigste Hoëpriester .................................................. 20
12 Hoor en volg .................................................. 21
13 Soek, en julle sal vind .................................................. 22
14 Petrus .................................................. 23
15 Roeping .................................................. 24
16 Wys die Weg na Jesus .................................................. 25
17 Die Here ken my! .................................................. 26
18 Die Jakobsleer .................................................. 27
19 Heilige Huwelik .................................................. 28
20 Jesus se Moeder .................................................. 29
21 Huwelik gereinig .................................................. 30
22 Jesus gee die Beste .................................................. 31
23 Teken .................................................. 32
24 "Pasga van die Jode" .................................................. 33
25 Die Tempel van God .................................................. 34
26 Afgebreek en in drie dae opgebou .................................................. 35
27 Skyngeloof .................................................. 36
28 Fariseër buk laag .................................................. 37
29 In die Nag na die Lig .................................................. 38
30 Wedergeboorte .................................................. 39
31 Hoe kan dit? .................................................. 40

**Februarie .................................................. 41**

1 Water en Gees .................................................. 41
2 Gees en vlees .................................................. 42
3 'n Wonder van bo .................................................. 43
4 Geheimenis .................................................. 44
5 Vaste fondament van Woord .................................................. 45
6 Nuus uit die Hemel .................................................. 46
7 Christus en die Koperslang .................................................. 47
8 So Lief het God die Wêreld .................................................. 48
9 Elkeen wat in Hom glo .................................................. 49
10 Eerste koms van Christus en oordeel .................................................. 50
11 Kwaaddoeners haat die Lig .................................................. 51
12 Werkers van die waarheid het die Lig lief .................................................. 52
13 'n Redenasie .................................................. 53
14 Die ware dienskneg van die Here .................................................. 54
15 Dit is 'n "moet" .................................................. 55
16 Jesus vra om te kan gee .................................................. 56
17 Lewende Water .................................................. 57
18 Sonde Blootgelê .................................................. 58
19 Nou! .................................................. 59
20 Die transendente God .................................................. 60
21 Gekonfronteer met die Messias .................................................. 61
22 Weifel-Getuie .................................................. 62

23 Glo in die Woord ... 63
24 Ware Voedsel ... 64
25 Slaan die sekel in! ... 65
26 Getroue profeet ... 66
27 Siende die Onsienlike ... 67
28 Ek en my huis ... 68

**Maart ... 69**
1 "Geloofsgenesing" ... 69
2 Eensaam ... 70
3 'n God wat sien ... 71
4 Jesus Here van die Sabbat ... 72
5 Meer as gesond gemaak ... 73
6 Werk op die Rusdag ... 74
7 Verharding ... 75
8 Seun van God ... 76
9 Opgewek uit die Dood ... 77
10 Glo en Lewe ... 78
11 Oordeel ... 79
12 Lees Reg! ... 80
13 Die Wet van Moses ... 81
14 God sal voorsien ... 82
15 Die Here weet ... 83
16 "U maak u hand oop" ... 84
17 "En versadig al wat Lewe" ... 85
18 Geen verkwisting ... 86
19 Met geweld Koning maak ... 87
20 Alleen in die Stormnag ... 88
21 Die Here sien en kom te hulp ... 89
22 Emmanuel – God met ons ... 90
23 Geloofsoorgawe ... 91
24 Soek die Here! ... 92
25 Verganklike spyse ... 93
26 Werk of Glo? ... 94
27 "Sien is Glo" ... 95
28 God gee ware Brood ... 96
29 Die Brood van die Lewe ... 97
30 Uitverkiesing ... 98
31 Vyandskap ... 99

**April ... 100**
1 Deur God geleer ... 100
2 Glo en U Lewe ... 101
3 Glo in die Gekruisigde ... 102
4 Die Woord is hard ... 103
5 Kerklike tug ... 104
6 Geen toevlug buite Christus ... 105
7 Die Lewewekkende Woord ... 106
8 Die Belydenis van Petrus ... 107
9 Só naby en tog Verlore! ... 108
10 Ongeloof van Jesus se Broers ... 109
11 Koop die Tyd uit ... 110
12 Die Wêreld haat Jesus ... 111
13 Soek na Jesus ... 112
14 Herken sy Stem ... 113
15 Glo die wet ... 114
16 Die Jode ken God nie ... 115
17 Dors gelés ... 116
18 Fonteine ... 117
19 Die Stroom ... 118
20 Tweespalt ... 119

21 Die Mag van die Woord ........ 120
22 Geweld i.p.v. Die Woord ........ 121
23 Nikodémus na vore ........ 122
24 Werk terwyl dit dag is ........ 123
25 'n Valstrik ........ 124
26 Moses ingespan ........ 125
27 In die Stof geskryf ........ 126
28 Gewete geraak ........ 127
29 Verlos en nie Verlore ........ 128
30 Die Lig van die Wêreld ........ 129

**Mei ........ 130**

1 Lig en Duisternis ........ 130
2 Selfgetuienis van Jesus ........ 131
3 Verduisterde Oordeel ........ 132
4 Ongeloof ........ 133
5 Soek te laat ........ 134
6 Ek is wat Ek is ........ 135
7 Woord tot 'n Oordeel ........ 136
8 Jesus Verhoog ........ 137
9 Oordeelsprediking Bring ook tot Geloof ........ 138
10 Bly in die Woord ........ 139
11 Die Waarheid maak Vry ........ 140
12 Vrygekoopte Slawe ........ 141
13 Seun en Slaaf ........ 142
14 Oorspronklike Denkers ........ 143
15 Mensemoordenaar ........ 144
16 Sonder Sonde ........ 145
17 Stem van My Vader ........ 146
18 My Woord bewaar ........ 147
19 Abraham het hom Verheug ........ 148
20 Waarom! ........ 149
21 Waartoe? ........ 150
22 Werk! ........ 151
23 Geneesmiddele ........ 152
24 Geloofsgehoorsaamheid ........ 153
25 Werke van God bekendstel ........ 154
26 Wantroue ........ 155
27 Nasorg ........ 156
28 Siende Blind ........ 157
29 Die Here is my Herder ........ 158
30 Slegte Herders ........ 159
31 Die Dief ........ 160

**Junie ........ 161**

1 Op naam geken ........ 161
2 Ons Voorloper ........ 162
3 "Ja" en "Nee" ........ 163
4 Gaan in deur die nou poort ........ 164
5 Die Goeie Herder ........ 165
6 Wedersydse kennis ........ 166
7 Wêreldwyd één ........ 167
8 Die Keuse ........ 168
9 Ongeloof en Twyfel ........ 169
10 Ongeloof ........ 170
11 Luister en Volg ........ 171
12 Ons enigste troos ........ 172
13 Ewige Arms ........ 173
14 Jesus se Skrifbeskouing ........ 174
15 Preek ná sy dood ........ 175
16 Die Nood uitgespreek ........ 176

17 Wag op die Here ... 177
18 Vergesigte ... 178
19 Dood-Slaap ... 179
20 Martha en Maria ... 180
21 Jesus en Ons Dood ... 181
22 Jesus die Opstanding en Lewe ... 182
23 Ek Glo! ... 183
24 Ons wenende Middelaar ... 184
25 Lasarus Lewe! ... 185
26 Téén en vir Jesus ... 186
27 Kajafas onder die Profete ... 187
28 Die Paaslam na die Paasfees ... 188
29 Eet saam ... 189
30 Maria se Dankoffer ... 190

**Julie ... 191**

1 Judas – Armeversorger ... 191
2 Maria luister Gelowig ... 192
3 Jesus en die Armes ... 193
4 'n Lewende getuie ... 194
5 Hy kom! ... 195
6 Wees bly! ... 196
7 Here, gee Heil! ... 197
8 Die Hele Skrif! ... 198
9 Getrou aan sy Woord ... 199
10 Die Magtelose Bose ... 200
11 Sending-geleentheid ... 201
12 Nie só nie ... 202
13 Sterf om Nuwe Lewe te gee ... 203
14 Sterwe in jouself ... 204
15 Lewe in Christus ... 205
16 Slagskape ... 206
17 Genadeloon ... 207
18 Jesus in Angs ... 208
19 Die Stem uit die Hemel ... 209
20 Moenie oordeel nie ... 210
21 'n Oorwonne Vyand ... 211
22 Laat u Koninkryk kom! ... 212
23 Die Seun van die Mens ... 213
24 Wandel in die Lig ... 214
25 Christus laat Mense los ... 215
26 Doelgerig ... 216
27 Vername Mense ... 217
28 Die Dienskneg ... 218
29 U en my vuil voete! ... 219
30 Deel aan My ... 220
31 Rein Gewas ... 221

**Augustus ... 222**

1 Jesus ons Voorbeeld ... 222
2 Salig! ... 223
3 Jesus is nie uitoorlê nie ... 224
4 Is dit Ek? ... 225
5 Slaaf van die Bose ... 226
6 'n Mens Verheerlik ... 227
7 Tere Mededoë ... 228
8 Liefdesgebod ... 229
9 Waregeloof ... 230
10 Navolging van Jesus ... 231
11 Die Yweraar ... 232
12 Gewaarsku ... 233

13 Ons Nood ... 234
14 Ons Anker ... 235
15 God is Getrou ... 236
16 Glo in die Gekruisigde ... 237
17 Geen Bevolkingsontploffing ... 238
18 Ons Aanspraak op die Hemel ... 239
19 Ons Weet ... 240
20 Jesus die Weg ... 241
21 Die Waarheid ... 242
22 Die Lewe ... 243
23 God sien ... 244
24 Toon ons die Vader ... 245
25 Ons Werke ... 246
26 Gebedsverhoring ... 247
27 'n Ander Trooster ... 248
28 Die Gees van die Waarheid ... 249
29 Christus in ons deur die Heilige Gees ... 250
30 God woon in ons ... 251
31 Pasop vir vleeslike verwagtinge ... 252

**September ... 253**
1 Die Heilige Gees leer en herinner ... 253
2 Vrede ... 254
3 Slaggereed ... 255
4 Één met Christus ... 256
5 Verlore ... 257
6 Voortgaande stryd ... 258
7 Rein gewas ... 259
8 Bly in My ... 260
9 Oordeel ... 261
10 Genadige Bande ... 262
11 Ons Vader verheerlik ... 263
12 Bly in die Liefde ... 264
13 Gebooie en Liefde ... 265
14 Volkome blydskap ... 266
15 Selfopofferende Liefde ... 267
16 "Julle is my vriende" ... 268
17 Uitverkies ... 269
18 Haat ... 270
19 Wêreldgelykvormig ... 271
20 Wetend Verlore ... 272
21 Die Heilige Gees en die Verlosser ... 273
22 Julle moet ook getuig ... 274
23 Elke Christen 'n getuie ... 275
24 Struikel nie ... 276
25 Ongeloof is sonde ... 277
26 Geregtigheid ... 278
27 Satan geoordeel ... 279
28 Jesus begryp ... 280
29 Gelei deur die Heilige Gees ... 281
30 Onverliesbare Blydskap ... 282

**Oktober ... 283**
1 Om Christus ontwil ... 283
2 Gelykenisse ... 284
3 Jesus kom en gaan ... 285
4 Die Dissipels bely ... 286
5 Hou moed ... 287
6 Jesus bid ... 288
7 Alle mag ... 289
8 Ken God ... 290

9 Volbring ... 291
10 God die Seun ... 292
11 U Naam ... 293
12 Geloofskennis ... 294
13 Jesus bid vir my ... 295
14 Hoof van alles ... 296
15 Ons bewaarder ... 297
16 Een Kerk ... 298
17 Behoue! ... 299
18 Jesus se blydskap in ons ... 300
19 Jesus bewaar in die Wêreld ... 301
20 Heilige getuies ... 302
21 Mense glo deur Woord van Apostels ... 303
22 Eenheid met die Oog op die Wêreld ... 304
23 Eenheid en Waarheid ... 305
24 Aanskou sy Heerlikheid ... 306
25 Verlos deur reg ... 307
26 Sy naam bekend ... 308
27 Na Getsémané ... 309
28 Jesus gearresteer ... 310
29 Soek ... 311
30 Jesus tree na vore ... 312
31 Jesus tree in ... 313

**November ... 314**
1 Geweld! ... 314
2 Voorlopige ondersoek ... 315
3 Lei ons nie in versoeking nie ... 316
4 Ons is só swak ... 317
5 Een stap na die ander ... 318
6 Skynheiligheid ... 319
7 Jesus geen geheimleer ... 320
8 Waar is sy getuies? ... 321
9 Die Lam bly Profeet ... 322
10 Geskiedenis ... 323
11 Dwaalsterre ... 324
12 Fariseïsme ... 325
13 Sy Woord staan vas ... 326
14 Klagstaat ... 327
15 Waarheid? ... 328
16 Kies! ... 329
17 Gegésel ... 330
18 Die Mens! ... 331
19 Twee-gesprek ... 332
20 Stom voor sy Skeerders ... 333
21 Regspraak ... 334
22 Gábbata ... 335
23 Gekruisig! ... 336
24 Neergedaal na die Hel ... 337
25 Naak om ons te Klee ... 338
26 Jesus dink aan sy Moeder ... 339
27 Dors ... 340
28 Taak afgehandel ... 341
29 Dood! ... 342
30 U Woord is die Waarheid ... 343

**Desember ... 344**
1 Begrawe! ... 344
2 Die Dag van die Here ... 345
3 Maria ween by die Leë Graf ... 346
4 Waarom ween jy? ... 347

5 Jy is Myne!....348
6 Los My!....349
7 Broers....350
8 Vertel dit!....351
9 Sien en Glo....352
10 Jesus besoek ons....353
11 Liggaamlik opgestaan....354
12 Gesante....355
13 Amptelike salwing....356
14 Sleutelmag....357
15 Kom Kerk toe!....358
16 "Sien is Glo?"....359
17 By die Regte Plek....360
18 Bewyse!....361
19 Beoefen jou Geloof....362
20 Jesus Bely as God....363
21 Glo is Sien....364
22 Werk!....365
23 Vergeefse Moeite?....366
24 Wees gehoorsaam aan Sy Woord....367
25 Die Here op Kersdag....368
26 Vissers van Mense....369
27 Swakkeling!....370
28 Ontdekkende Vraag....371
29 Skaapwagter....372
30 Toekomsvrae....373
31 Goeie en Getroue Dienskneg....374

# Woord vooraf

'n Dagboek uit een Bybelboek! Ek self het nie kon dink dat in die één Evangelie só 'n verskeidenheid aan stof verskuil lê nie. Ek bied dit met vrymoedigheid aan en hoop dat die Evangelie van Johannes met elke leser sal praat.

Ek dank die Here vir die geleentheid om die boek te kon deurwerk. Dit het my geestelik goed gedoen en my insig in die Bybelse waarhede grootliks verdiep.

My vrou het my daartoe geïnspireer en aangespoor. Daarvoor dank ek die Here.

My hartlike dank ook aan prof. dr. L. Floor wat my baie aangemoedig het en die manuskrip krities deurgelees het. Sy opmerkinge en wenke het die manuskrip grootliks ten goede gekom.

Ek bid dat die Here die poging mag seën om die lig van sy Woord te laat skyn in die lewe van Sy kinders.

Pretoria

2 Februarie 1975

# Januarie

## 1 God Begin

Gen. 1:1-5; 26-31

*"In die begin . .."* (Joh. 1:1)

"In die begin..." Hierdie woorde staan in Joh. 1:1. Ons kon dit net so goed uit Gen. 1:1 geneem het. Daar staan presies dieselfde woorde: "In die begin..."

Niemand sal kan ontken dat Johannes hier sinspeel op die eerste woorde in die Bybel nie. Johannes dink aan dieselfde begin as Moses. Dit is die begin van die ontstaan van alle dinge. Albei die skrywers begin by die skepping van hemel en aarde. Daarna gaan hulle weë uiteen. Johannes gryp nog verder terug na die ewigheid, terwyl Moses in Genesis die geskiedenis van die skepping en die mensdom intree. Moses wil uitkom by Abraham, by die verbondsvolk en by die weg van verlossing. Eindelik kruis sy weg en die van Johannes weer in die Verlosser.

Daar is 'n "begin". Die begin van die jaar voer ons gedagtes terug na die begin van alle dinge. Die begin van die tyd en die heelal lê vir ons begrip in die onbekende newels van die oerverlede. Die wetenskap speur terug deur die newels heen en stel hulle voor wat miljarde jare gelede gebeur het, toe die tyd nog "zero" was. Daar is deur die eeue heen heelwat vernuftige gedagtespinsels voortgebring, maar dit is maar telkens weer as onbevredigend opsygeskuif. Dit bly per slot van sake maar teorieë wat as werksbasis dien vir die wetenskaplikes. Nooit sou kan bewys word dat enige teorie waar is nie... Die Satan kan hoogstens teorieë, soos die ewolusie van Darwin, gebruik om mense se geloof in God te ondermyn – maar niemand kan aanvoer dat dit 'n "bewese" saak is nie.

"In die begin" beteken vir ons dat ons en die aarde waarop ons leef en alle dinge nie van ewigheid af is nie. Dit het 'n begin daar waar die geskiedenis begin... Die begin lui alreeds die einde in. Om nou maar weer wetenskaplik te praat – die heelal is besig om af te loop of "uit te brand". Daar was net een begin vir alle dinge... Ook net een begin vir u en vir my ... En netso seker as wat ons gebore is, sal ons ook weer sterwe... Die einde is netso seker as die begin... Ook my einde en jou einde.

En dan stel dit u en my aan die begin van die jaar voor twee vrae: Is my lewensdae en my lewensjare gevul met sinryke vrugbare werk? En leef en werk ek met die oog op die ewigheid?

Dit is noodsaaklik om daaroor goed na te dink. Mense leef dikwels in die "hoop" dat die einde "salig" sal wees, sonder om elke dag hier op aarde die "saligheid" te belewe.

God het begin met die skepping. Daarmee het die skepping begin. God het met my begin. Ek is gebore. God het begin met die jaar. Die eerste dag van die jaar het aangebreek... En God se werk gaan voort. Dit spoed na die einde.

Gelukkig het God nie alleen begin met ons natuurlike lewe nie. Hy het ook begin met ons verlossing en die ewige lewe in ons hart geplant deur die geboorte uit die Gees. Ons het verkeerd begin – ons is in sonde ontvang en gebore. Ons het selfs verkeerd aangehou. Hoe kan dit ook anders – ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat? Hoe graag sou ons weer voor wou begin, maar dit kan nie. Wat verby is, is verby... Ons kan nie regstel wat ons verbrou het nie.

Maar Hy het ingegryp, ondanks onsself. Hy het die nuwe begin in ons harte geplant. Dit gaan worstelend en strydend op die pad – die pad van die ewige lewe – maar gelukkig sal God voltooi wat Hy begin het. Ook in my... En in u... Ja, in elkeen wat glo.

## 2 Skepper – Spreker

Spr. 8:22 -36

*"In die begin was die Woord ..."* (Joh. 1:1)

Johannes noem die Here Jesus die "Woord". Daarmee wil hy in die eerste plek benadruk dat God tot ons deur Hom spreek. Dit is onmoontlik om God te ken as Hy nie met ons praat nie. God is die Skepper en ons sou Hom nooit ken, indien Hy Homself nie aan ons openbaar nie. Ons belydenis sê dat ons God ken deur twee middele: sy skepping en sy Woord. Sy werke in die natuur verkondig Hom, die Skepper en Onderhouder van alle dinge, 'n Mens ken 'n man ook aan sy handewerk. Maar dit is van God nie genoeg nie. Hy moet ook met ons praat – eers dan ken ons Hom waarlik. Ons moet nie alleen weet dat daar 'n God is nie. Ons moet ook weet wie Hy is. "In die begin was die Woord," beteken vir ons dat God Homself in die begin sprekend bekend gemaak het. En die aanspraak van Johannes is nou dat God Homself duidelik aan ons bekend gemaak het in Jesus Christus. Dit is só duidelik dat Jesus self die "Woord" is. Vir 'n Jood soos Johannes het die "Woord" 'n besondere betekenis. Die Woord van God is vir hom Moses en die Profete. Die Woord in die Ou Testament het egter gespreek van Hom wat sou kom, wat die "spreker van God" in die ware sin van die woord sou wees. In Hom, Jesus Christus, spreek God finaal en voldoende van sy soekende liefde. In Hom het God duidelik gesê dat Hy ons liefhet met 'n ewige onbegryplike liefde. Hy het op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.

Die Griekse woord "Logos" wat ons met "Woord" vertaal beteken selfs meer as bloot dat God praat. Dit beteken met krag gelaaide wysheid. Hy, die Woord, is die wysheid wat spreek uit al God se werke, groot en klein. Lees 'n mens verder aan dan is dit duidelik dat Hy, die Woord, selfs die Skepper en Onderhouder van alle dinge is.

Hierdie Jesus van Nasaret, van wie Johannes 'n getuie is, is derhalwe God self. Hy is die soekende, sprekende, skeppende en liefhebbende God. En Hy is ons Middelaar – in Hom kom die Vader tot ons en deur Hom kom ons tot die Vader. In Hom weet ons dat God nooit anders as in liefde tot ons kom en spreek nie. Ook tot u en my, spreek Hy vandag in groot erbarming.

"Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun." (Hebr. 1:1). God spreek deur die Seun. Die woorde van die Seun noem Simon Petrus die "woorde van die ewige lewe". Paulus sê selfs dat die woord werk in elkeen wat glo... Hoe kan dit ook anders: Die woorde is die woorde van die vleesgeworde Woord. Deur sy Woord leef Hy in ons. Hy werk in ons deur sy Woord. So neem Hy besit van ons en regeer oor ons...

Só kan ons voortgaan met ons lewe. Ons lewe is die lewe uit die Woord. Dit beteken saligheid en krag en lig – lig op ons pad. Ons leef na die einde toe. En ons einde is die einde van die lewende Woord. Daarom is dit nie die dood nie, maar die lewe. Hy lewe en ons sal lewe.

## 3 Lewe

Joh. 3:1-8

*"In Hom was lewe .. ."* (Joh. 1:4)

Lewe is die kosbaarste besit op aarde... Wat sou 'n mens nie alles opoffer ter wille van jou lewe nie? En hier praat Johannes nou van die Woord – Jesus Christus – as die bron of *oorsprong van* die lewe. "In Hom was lewe" beteken dat lewe van ewigheid af in die Woord gesetel was. Hy was nie alleen self lewe nie, maar uit Hom was alle lewe. ..

Wat beteken die uitdrukking "lewe" wat Johannes hier gebruik? Beteken dit elke moontlike lewe, of gaan dit om 'n besondere soort lewe? Dit word dadelik duidelik as ons verder lees... "En die lewe was die lig van die mense". En dan vertel hy verder dat Johannes
die Doper getuig het van die "lig" wat terselfdertyd "lewe" genoem word Lig" word hier duidelik geestelik bedoel.

Die begrip lewe gebruik Johannes heel dikwels in sy evangelie en briewe... Dit is duidelik 'n begrip wat tot die geestelike terrein behoort. Dit gaan nie om natuurlike lewe nie – soms noem hy dit "ewige lewe". Wanneer 'n mens die lewe besit beleef jy intieme gemeenskap met God in Christus ... In hom het ons die lewe, omdat Hy ons verlos uit die dood. Dit is die dood van misdade en sondes waarvan Paulus praat in Ef. 2.

Die Woord kom in die vlees, in Jesus Christus. Hy neem ons menslike natuur aan. Daarmee kom die lewe in die dood om die dood te oorwin en aan mense wat dood is die lewe te gee. Elkeen wat in Hom glo, lewe – hy lewe al het hy ook gesterwe, sê Jesus later. Die lewe uit Hom is onverliesbaar en ewig. Dit beteken dat elkeen wat glo 'n nuwe, wedergebore mens, is. Hy lewe uit Christus in wie die lewe is.

Die lewe bly nie bokant ons hang as iets wat abstrak of swewend is nie. Dit is net so werklik as ons aardse natuurlike lewe. Dit beteken dat ek in en deur Christus leef. Ek word meer en meer aan Hom gelykvormig. Ek leef uit Hom – daarom word sy werke in my lewe gesien... Ek het navolger van Christus geword – in gedagtes, woord en werke...

En daarom kan dit by my dood nie verby wees met die lewe uit Christus nie. In 1 Kor. 15 verklaar Paulus: "Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees." Die eerste Adam het die lewe ontvang – hy het dit nie in homself gehad nie. Christus, die tweede Adam, het egter die lewe in Homself. Daarom kan hy lewend maak – Hy kan lewe gee.

Dit bring Paulus in verband met die opstanding van die vlees. Nie alleen ons siele leef tot in alle ewigheid nie, maar ook ons liggame sal in onverganklikheid opgewek word. Ons het immers deel aan die lewe in Christus, wat liggaamlik uit die dood opgestaan het. Wanneer Paulus dan praat van 'n "geestelike" liggaam wat opgewek word, bedoel hy dat dit die lewe uit Christus deelagtig word.

Waar eindig ons rykdomme? Glo in Christus en u het die ware lewe... Dit vloei noodwendig uit Hom oor in elkeen wat glo.

## 4 Lig

Jes. 60:1-11

*"En die lig skyn in die duisternis..."* (Joh. 1:5)

Dit is asof Johannes nog nie kan wegkom van die begin af nie. Ons lees immers van die duisternis op die wêreldvloed – daar aan die begin toe die aarde pas geskape is. En dan: "God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig." God bring lig in die duisternis.

Daar eindig die ooreenkoms egter. By Johannes gaan dit nie om die fisiese duisternis in die skepping, toe die aarde in wolke en donkerheid gehul was nie. By hom is dit ook nie te doene om die lig waarvan die son die oorsprong is nie. Nee, hy praat van "geestelike" duisternis. En by hom gaan dit om die "ongeskape" Lig. Dit gaan om Hom wat gesê het: "Ek is die lig van die wêreld." (Joh. 8:12.)

En dan staan ons met Johannes onmiddellik in die wêreld wat in die duisternis van sonde en ongeregtigheid gehul is. Die man wat God nie ken nie, is, volgens die Bybel, in duisternis. Ook die sg. "verligte mens" van ons verligte eeu, lewe in die nag van sondeverlorenheid. Die mens mag agter die skynliggie van sy eie verstand aanstrompel, maar hy kom nooit by die ware lig uit nie. In die wêreld is daar allerlei profete wat roep tot hulle lig, maar niemand anders kon nog ooit sê: "Ek is die lig van die wêreld nie." Dit is ook te begrype – Hy alleen kom uit die ewigheid. Hy kom van buite hierdie wêreld. Vandaar is Hy ook nie, soos alle mense, in die duisternis van sonde en ongeregtigheid gebore nie.

Hy, God uit God en Lig uit Lig, daal neer in ons duisternis. En Hy bring lig vir die volk wat in duisternis sit. Raak Hy 'n mens aan, dan kom daar lig in sy innerlike. In Hom is immers die vergewing van sonde en die nuwe lewe. Dit is die geweldige aanspraak van die evangelie van Jesus Christus. Hy hou nie bloot aan ons 'n stelsel van reëls en gebooie voor nie. Hy roep ons toe: "Kom na My toe..." En kom ons, dan is ons in die lig. Dan is ons kinders van die lig. Glo jy in die Here Jesus Christus, dan het jy die lig.

Helaas, die mensdom het die duisternis liewer as die lig. Mense tas in die donker rond en sink al dieper weg in die nag ... En dan word die nag eindelik 'n ewige nag. Die ewige nag noem die Bybel die "buitenste duisternis". Vreeslik is dit om vir ewig in die duisternis te wees, waar die hemelse Lig nimmer skyn nie.

Kom na die Lig! Wandel in die lig, soos kinders van die lig en van die dag. Oorstelpend is dit dat Jesus van sy dissipels sê: "Julle is die lig van die wêreld... Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."

Só lewe kinders van die lig. Ook ons word ligdraers. Ons mag die lig nie wegsteek onder die bed of onder die maatemmer nie.

## 5 Kinders van God

Joh. 3:1-12

*"Uit God gebore .. ."* (Joh. 1:13)

Die belangrikste vraag wat 'n mens kan vra, is: "Is ek 'n kind van God?" Dit beteken dat jy uit God gebore is. En wat dit só intens moeilik maak, is dat 'n kind van God dikwels nie soos 'n kind van God lyk nie. Hoe kan ek daarvan seker wees dat ek uit God gebore is? Daar is soveel wat teen my kindskap getuig. Hoeveel kinderlike gelowiges is daar nie wat terugdeins om hulle dit toe te eien nie. Hulle staan ook dikwels maar net ver weg soos die tollenaar en stamel: "O God, wees my sondaar genadig!"

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."

Die mens van alle eeue soek na belewenis. Hy wil nie alleen teoreties hoor Wie God is nie. Hy wil ook ondervind dat daar iets gebeur. En dan is dit dikwels 'n sensasionele ondervinding waarna gesoek word. Veral in ons tyd is aksie en sensasie in aanvraag. God word as 't ware uitgespeel teen die skouspelagtige en wonderbaarlike van menslike prestasies.

Selfs die Here Jesus het dit ondervind. Hy was in die ware sin van die woord 'n sensasie toe Hy begin optree en mense sy tekens en wonders sien en sy prediking hoor. Die menigtes het Hom egter gou verlaat en uiteindelik verwerp. Die "mag om kinders van God te word" en die geboorte uit God is nie in menslike sin skouspelagtig nie. En tog vind daar iets geweldigs plaas – dit is niks minder as 'n wonder nie. Dit is die geboorte van 'n nuwe lewe. Mense wat dood was in sonde en misdade word lewend gemaak. Hulle ontvang "mag" om te lewe.

Die mag om te lewe kom aan die lig deurdat hulle die Here Jesus aanneem en in sy Naam glo. Die boom word aan die vrugte geken. En die vrugte van die goeie boom is dat hulle antwoord op die roepstem van die Here: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is..." Elders stel Hy dit so: "My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My."

Aan die een kant moet ons onthou: Dit is 'n groot voorreg om uit verbondsouers gebore te word, maar dit is nie genoeg nie. Dit gaan nie om hulle wat "uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man" gebore is nie. Ons afkoms is belangrik – ons is immers in die verbond gebore – maar sonder wedergeboorte sal ons die koninkryk van God nie sien nie.

Aan die ander kant het ons die troos dat die wedergeboorte 'n geboorte uit God is. Hy het gegryp om nimmer los te laat nie. Hoe swak ons ook al is – ons nuwe lewe is nie uit onsself nie. God het dit gegee en dit bly ons onvervreembare besit.

# 6 God se Heerlikheid op Aarde

Luk. 1:26 – 38

*"Die Woord het vlees geword . .."* (Joh. 1:14)

"En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon..." Dit klink miskien vir u vreemd dat ons op 6 Januarie "adventstof" behandel. Kersfees is verby – dit is nie nou die tyd om te preek oor die geboorte van Christus nie. Dit is tog immers wat die vleeswording beteken.

Ek wil nie nou stilstaan by die herkoms van Kersfees nie. Dit is moontlik baie goed dat ons tog 'n bepaalde dag het waarop ons in besonder kan dink aan die geboorte van Christus. Dit wil egter nie sê dat ons nie op elke dag van die jaar daaraan kan en selfs moet dink nie. Die gebeurtenis is vir ons van soveel belang dat ons dit nooit mag vergeet nie. Dink gerus daaraan by die aanbreek van elke nuwe dag. My Heiland was ook hier – Hy het onder ons gewoon – Hy het ook, soos u en ek, die aanbreek van die dag belewe.

Dink daaraan wanneer u u pasgebore suigling in die arms neem en aan u hart druk. Só is ook die Kind van God onder ons gebore. Miskien is dit vandag u eie geboortedag. Só is ook Jesus gebore. Ja, sy moeder het gewoonweg geboorte gegee, soos elke ander vrou. Sy het ook gewag en uitgesien en gebid dat die blye dag moes aanbreek.

En tog wat sou ons geboorte gewees het, indien Hy nie ook gebore is nie? U kindjie onskuldig, laggend met grypende handjies, sou vir ewig in die dood bly, want hy is in die dood van sonde en misdade gebore. Daarom kan ons maar gerus elke dag die Here prys vir die Woord wat vlees geword het. Dit maak sy gewone geboorte anders, uitsonderlik. Sy geboorte is eintlik 'n geboorte in ons plek. Ook ons geboorte moes in syne reggestel word voor sy Vader.

"Die Woord het vlees geword..." U moenie vir my vra of ek dit begryp nie. Elke nuwe lewe is 'n wonder. Dit verkondig weer opnuut die "ewige krag en Goddelikheid" van ons Skepper. Hierdie nuwe lewe wat in die skoot van Maria begin het, is egter die wonder van alle wondere. Hy is ontvang van die Heilige Gees. God het in Hom Ons menslike natuur aangeneem. Hier buig ons ootmoedig en aanbid die grote God wat die wonder bewerk het om ons te behou.

Johannes voeg daarby: "Hy het onder ons gewoon..." Dit beteken dat God onder ons gewoon het. Sy Naam is "Immanuel" wat beteken "God met ons". En dan verdring die gedagtes mekaar in ons hart... "Ons het sy heerlikheid aanskou..." Waar? Wanneer? In sy woorde en werke. Het Hy dan nie sy goedertierenheid uitgestrooi waar Hy ook al gekom het nie? Blindes sien, dowes hoor, lammes huppel en dooies het opgestaan... Dit alles openbaar sy heerlikheid. Maar ons, sondaars, sien nêrens sy heerlikheid so ryk en oorvloedig nie as toe Hy aan die kruis kermend geroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat!" Daar sien u die heerlikheid van God – die hart van 'n barmhartige Vader – wat sy eniggebore Seun oorgee aan kruis en hellesmart, omdat Hy u liefhet.

## 7 Die Stem

Jes. 40:1-11

*"Die stem van een wat roep* ..." (Joh. 1:23)

"Die stem van een wat roep." So beskryf Johannes die Doper homself. Bloot 'n *stem* wat roep. Niks meer nie. Sonder sy mond, sonder sy tong sou Johannes niks wees nie. En dit sê Johannes wat 'n naam uit die hemel ontvang het. Toe sy geboorte aangekondig is deur die engel Gabriël het hy gesê: "Jy moet hom Johannes noem." En die Here Jesus sê van hom: "onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie." Wat 'n onderskeiding vir hierdie man!

Sy besondere naam het die Here self gegee met 'n bepaalde bedoeling. Johannes beteken: "God is genadig." So was sy naam alreeds 'n stem wat praat van God se genade. Maar hoe baie Johannesse is en was daar nie deur die eeue wat die naam bloot as 'n onderskeidingsteken gedra het nie. Hulle name was nie 'n "stem" wat gepraat het nie. Selfs die talle "heilige" Johannesse wat op die troon van die pous in Rome gesit het, het wel heelwat aan goud en luister vertoon en self veel aan verering ontvang, maar was hulle ook "stemme" uit die hemel?

Johannes se grootheid bestaan juis daarin dat hy sy naam waar gemaak het. Hy het gepraat – nie van homself nie – maar van die barmhartigheid van God. So is en was daar nog mense met ander name, wat Goddank, ook "stemme" was. Dit is in der waarheid wat elke Christen behoort te wees: "Die stem van een wat roep in die woestyn:Maak die pad van die Here reguit!" En lees ons Johannes se uitspraak I.v.m. die profesie van Jesaja, wat in hom vervul is, dan is dit duidelik dat die Here se pad reguit gemaak moet word, wat voor sy verloste volk uittrek.

God trek uit om sy volk te verlos. Op sy weg is struikelblokke. Dit mag, in die woorde van Jesaja, berge en heuwels wees of dit mag laagtes wees. Rotsblokke is in die pad en soms word vestings teen Hom opgerig. Agter sy teëstander, generaal Satan, is daar 'n magtige leër, wie se brandende begeerte is om die koms van God te verhinder... En die beeldspraak van Jesaja en Johannes die Doper beteken dat iemand voor Hom uitloop en roep: "Maak die pad van die Here reguit. Verwyder die struikelblokke; rol die klippe uit die pad en vul die slaggate op, want die Here kom!"

Wat 'n taak! En Johannes het bloot 'n stem. Agter sy stem is egter die met krag gelaaide stem van God. En die stem van God is kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard. Ag, wat sou ons kon vermag met 'n blote stem? Maar nou het ons – netsoos Johannes die Evangelie. Dit is volgens Paulus "'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo". Paulus gebruik die Griekse woord "dunamis" vir "krag". Dit is waar ons woord "dinamiet" vandaan kom. Roep maar met u stem. Dit is nie kragteloos nie. Dit is met die dinamiet van die Heilige Gees gelaai. Dit maak inderdaad die pad van die Here reguit na menseharte en hulle word verlos.

## 8 Die Lam van God

Openb. 5

*"Daar is die Lam van God ..."* (Joh. 1:29)

Johannes die Doper was die stem van een wat roep in die woestyn. Die Here trek op om sy volk te verlos en Johannes loop voor Hom uit om sy pad reg te maak ... En dan sien hy Hom self. Hy sien die Verlosser. Hy wys Hom aan met die aankondiging: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Dit was Johannes se voorreg om te sien hoe die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Jesus neerdaal en op Hom bly.

"Daar is die Lam van God..." Of Johannes as kind en jong man geweet het dat hierdie neef van hom Jesus die Seun van Maria, die Christus is, weet ons nie. Hy het hier egter 'n duidelike teken ontvang dat dit Hy is en toe nie gehuiwer om Hom aan te wys nie.

Hierdie Lam van God. Daarmee gryp Johannes terug na die Ou Testament. In Jes. 53 lees ons bv. van Hom wat "soos 'n lam na die slagplek gelei word..." Die slagplek van lammers was vir die gelowige Jood normaalweg die altaar. Op die altaar is derduisende lammers geslag. Dink aan die paaslam, wat op die aand voor die uittog uit Egipte deur elke Israelitiese gesinshoof geslag moes word. Sy bloed is aan die deurkosyne gesmeer. Daardie nag trek die "doodsengel" deur Egipte en tref elke eersgeborene. Die Jode se eersgeborenes is egter beskut deur die bloed van die paaslam aan die deurkosyne. So praat Paulus ook in 1 Kor. 5 van ons Paaslam wat vir ons geslag is.

Dit is vir ons duidelik waarom Hy juis aangedui word as 'n Lam. Johannes voeg daaraan toe dat Hy "die sonde van die wêreld wegneem". Al die lammers wat in die Ou Testament geslag is, se bloed het heengewys na sy bloed. Sy bloed beskerm ons teen die toorn van God. Ons kom nie in die oordeel nie, omdat Hy in die oordeel was. Hy is vir ons sondeskuld geslag .. .

En Hy kom weer. Opmerklik is die beskrywing van die Lam van God in Openbaring 5. Daar word Hy genoem die Leeu uit die stam van Juda wat oorwin het. Hy is waardig om God se raadsbesluit te laat afloop tot die einde toe. Hy kan ten oordeel kom. En dan sien Johannes Hom voor die troon van God staan: "'n Lam asof Hy geslag is..." In sy slagting het Hy oorwin. Daarom is Hy ook die Leeu uit die stam van Juda wat ten oordeel kom.

Wie skuil agter sy bloed word nie geoordeel nie. Maar wie sy soenbloed verag – vir hom is Hy die Leeu uit die stam van Juda wat hom sal verskeur. Laat ons voor Hom ootmoedig buig en in sy bloed die aangesig van die Vader soek.

## 9 Die Doop van Johannes

Luk. 3:7-20

*Die Lam van God en die waterdoop* (Joh. 1:31)

Johannes die Doper het pas die voorreg gehad om Jesus aan te dui as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. En dan gaan hy voort: ". . . dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop." Die doop van Johannes was vir Israel 'n middel waardeur die Here die koms van die Messias voorberei...

By die Jode was wel die sg. "proselietedoop" bekend. Heidene wat tot die geloof in die God van Israel gekom het, is gedoop om hulle in die verbond in te lyf. Deur die doop het hulle 'n reiniging ondergaan, volgens die reinigingsgebruike van die Jode. Die reiniging versinnebeeld die afwassing van sondes. Heidene moes eers hierdie reiniging ondergaan om met Israel te kon deel in die verbondsvoorregte. Vir Israel was hulle onrein omdat hulle buite die verbond was.

Johannes doop egter nie alleen heidene nie. Hy doop Jode – tollenaars en gewone mense en selfs die owerstes – voor die voet word almal opgeroep tot die "doop van bekering tot vergifnis van sondes". Waarom? Omdat die "koninkryk van die hemele naby is". Die Messias, of verwagte Koning van Israel is in aantog. Sy pad moet reggemaak word. Niemand kan voor Hom standhou of deel in sy koninkryk, indien hy nie gewas is nie.

Johannes se doop is 'n roepstem tot verootmoediging en bekering. Die Jode sou gewis vreemd opkyk dat hulle ook gedoop moes word. Hulle was immers die uitverkore volk van God. Hulle was nie onrein soos die heidense honde nie. Dit is die nuwe en ontstellende in die prediking van Johannes die Doper. Hy verklaar die Jode onrein. Hy sê selfs: "En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek." (Matt. 3:9).

Die Jode is gebore in die verbond en het die verbondsteken in die besnydenis ontvang. Ons is gebore in die verbond en het die verbondsteken in die kinderdoop ontvang, Vir die Jode was dit nie genoeg nie. Hulle word nog opgeroep tot bekering om vergifnis van sondes te ontvang. Ons doopsformulier vermaan ons ook: "Ten derde, aangesien daar in alle verbonde twee dele is, daarom word ons ook weer van Godsweë deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid, naamlik dat ons die enige God... moet aanhang, vertrou en liefhê met ons hele gemoed en met al ons kragte, dat ons die wêreld moet versaak, ons oue mens moet kruisig en in 'n godsalige lewe moet wandel."

Die doop roep ons tot bekering. Sonder die afwassing van sondes deur die bloed en Gees van Christus, het ons geen deel aan Hom nie. Die doop is vir ons 'n betekenisvolle daad van God. Dit moet egter waar gemaak word in ons lewe. 'n Gedoopte het deel aan Christus en al sy skatte en gawes en hy moet daaruit lewe. Ons het geen rede om te roem op ons doop nie. Ons kan alleen roem in Christus wat sy bloed gestort het om ons sondes af te was en dan aan Hom ons dank betaal deur 'n Godsalige Lewe.

# 10 Johannes getuig van die Seun van God

Matt. 11:1-11

*"Ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is."* (Joh. 1:34)

Hier het ons die hoogtepunt van die getuienis van Johannes die Doper: "Ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is." Dit is die eerste keer dat iemand dit openlik van Jesus sê. Daarmee het Johannes die Doper sy roeping vervul.

Ons het hier tog iets van 'n verleentheid. Waarom het dieselfde Johannes dan later getwyfel of Hy die Een is wat sou kom? (Matt. 11). Hier verklaar hy nadruklik: "ek het gesien en getuig" en hoe kan hy dan later weer twyfel aan sy eie getuienis?

Sy getuienis berus op "sien", op aanskoue. Ons moet egter in gedagte hou dat die waarheid van sy getuienis nie berus het op die feit dat hy met sy sinlike oë gesien het nie, maar op dit wat aan hom deur God geopenbaar is. Hy verklaar immers: "En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." (33) Sy getuienis berus derhalwe op dit wat God objektief, buite homself, aan hom geopenbaar het. Hy sien en sê dinge wat hyself heel moontlik nie begryp of kon verklaar nie. Toe Simon Petrus later dieselfde belydenis uitspreek, sê Jesus aan hom: ". . . vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is." (Matt. 16).

Dan is dit nie vreemd dat Johannes later twyfel nie. Dit is ook nie vreemd dat Petrus pas na sy belydenis bestraf is met die woorde: "Gaan weg agter My, Satan!... omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense." (Matt. 16). Die profeet Johannes was, soos Petrus en ons almal, 'n feilbare mens. Toe hy vasgekeer sit in die vesting van Magaerus as 'n gevangene van Herodus, het twyfelvrae in sy binneste hom begin moor. As Jesus die Christus is, waarom verlos Hy my nie? Waarom rig Hy nie sy koninkryk op nie?

Ons kan sê: Gelukkig vertel die Bybel ons ook van Johannes die Doper se twyfel. Dit kos geen volmaakte mens om te bely: "Ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is" nie. Hoe arm sou ons wees, indien hy uit vrees dat hy weer sou twyfel, geswyg het? En hoe arm sou die wêreld wees, indien sondige, struikelende mense dit nie in die wêreld bely het en nog bely nie: "Ek weet dat Jesus Christus die Seun van God is?" Ons soek immers ons saligheid buite onsself in Jesus Christus. Gelukkig het Hy ook nie vir Johannes losgelaat nie. Hy het hom verwys na die Bybel – kyk maar hoe die beloftes in die Bybel waar gemaak is in Jesus Christus.

"Ek het getuig dat Hy die Seun van God is." Daar staan dit kort en klaar. Jesus Christus is *die* Seun van God. Buite Hom is daar geen ander nie. Hy alleen is die enigste en ware Seun van God. Hy is die Middelaar tussen ons en ons hemelse Vader. In Hom het ons die ewige lewe.

## 11 Ons Enigste Hoëpriester

Hebr. 7:15-28

*"Die Seun van God... die Lam van God."* (Joh. 1:34,29)

Die evangelie van Johannes teken die werk van Johannes die Doper uit 'n ander gesigspunt as die ander drie evangelies. Ons hoor hier nie van die betekenis van die werk van die Doper vir die volk nie. Eintlik word hier alleen maar gesê wat hy van Jesus, die Middelaar, getuig het. En dan kan sy hele getuienis saamgevat word in die twee verklarings: *Hy is die Seun van God* en *Hy is die Lam van God.* Daarmee verklaar hy ondubbelsinnig Wie Jesus is en wat sy werk is.

Dit gaan vir die evangelieskrywer om die bewyse dat Jesus waarlik die verwagte Messias is. Hy toon ook later aan hoe Jesus in sy optrede en gesprekke met die Jode steeds dit na vore bring dat Hy die Seun van God is. In die evangelie van Johannes tref ons ook die uitsprake aan waarin Jesus sê: "Ek is..." Hy sê bv.: "Ek is die brood van die lewe..." (6:33); "Ek is die lig van die wêreld..." (8:12); "Ek is die opstanding en die lewe..." (11:25); "Ek is die weg, en die waarheid, en die lewe..." (14:6). Vandaar dat hy ook uit die getuienis van Johannes dit benadruk wat aantoon dat Jesus die Seun van God is.

Ongeveer die jaar 90 n.C. toe Johannes, die ou en afgeleefde apostel van Jesus, die evangelie geskryf het, was dit nodig om die feit opnuut te benadruk: *Jesus is die Seun van God.* Des te meer is dit nodig in ons laat 20ste eeu. God is nie dood nie en sy eniggebore Seun ook nie. Hy is nog steeds die lewende en buite Hom het geen mens die lewe nie. Die getuienis moet nog weerklink in 'n verloregaande wêreld.

En Hy is ook die *Lam van God.* Om die Lam van God te kon wees, moes Hy die Seun van God wees. Ons Kategismus stel die vraag: "Waarom moet Hy tegelykertyd waaragtig God wees?" Daarop, is die antwoord: "Om uit krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee."

Ja, die Lam van God is bestem om geslag te word. Hy word aanstonds na die slagplek gelei. Hy word geslag en op die altaar gelê. Hy is die offer vir die sondes van die mensdom. Die altaar waarop Hy geoffer is, was die kruis op Golgotha. Daar het Hy gebrand in die vuur van God se ewige toorn oor ons sondes. In Hom is vervul wat Jesaja van Hom gesê het: ". . . ons het Hom gehou vir een wat geplaag, *deur God geslaan* en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid, is Hy verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." (Jes. 53.)

Die Seun van God is ook die Lam van God. En Hy is ons enigste Middelaar. In Hom het ons vrede met God, omdat Hy op die regte tyd vir die goddelose gesterwe het. Kom met u sondes, hoe groot en hoe lelik ook al, na Hom toe. Daar is vergifnis in Hom. En sê dit duidelik vir die "goddelose" dat Hy ook vir hulle op die regte tyd gesterf het.

## 12 Hoor en volg

Joh. 10:22-33

*"En twee van sy dissipels het hom dit hoor sê en Jesus gevolg."* (Joh. 1:37)

Dit is die derde betekenisvolle dag in die optrede van Johannes die Doper en Jesus. By Johannes was nou twee van sy volgelinge. Hulle was twee vissers uit Galilea. Hulle name was Andreas, die broer van Simon Petrus en Johannes, die evangelieskrywer. Waarskynlik was hulle vir een of ander groot feesgeleentheid in Jerusalem en het weer by Johannes die Doper aangedoen op hulle terugreis. Hulle het immers graag na hom geluister en word selfs sy dissipels genoem. Vandag is daar nie 'n menigte by Johannes die Doper nie – waarskynlik net die twee manne.

Dan sien Johannes Jesus wandel. Hy het nie na Johannes toe gekom nie, maar daar êrens verbygestap. Toe Johannes Hom sien, sê hy vir die twee visservriende: "Dáár is die Lam van God!" Hier doen Johannes iets wat nie voor die menigte in die openbaar plaasvind nie. En tog is dit iets groots wat hier 'n aanvang neem. Jesus se werk moet begin. Mense moet na Hom toe kom. En die aanvang is twee enkelinge.

Deur die Paaslam vir die twee aan te wys, toon Johannes dat sy werk as voorloper vir hom groot erns is. Jesus is metterdaad die Lam van God. Dit sê hy nogeens. Daarmee sê hy egter ook aan sy twee dissipels waar hulle hoort. Hulle hoort nie by hom, Johannes, nie, maar by Jesus, die Lam van God. Hy beveel hulle nie daadwerklik dat hulle Jesus moet volg nie, maar hy stel dit só dat hulle dit uit eie keuse moes doen. Hulle moes deur die geloof daartoe kom om Jesus te volg. En die dissipels begryp Johannes se prediking en volg Jesus.

Sommige predikers meen dat 'n mens deur oorreding en 'n soort van geestelike dwingelandy mense tot oorgawe aan Jesus moet bring. Johannes en die Bybel stel ons egter telkens voor die sobere en eenvoudige aanwysing van die Middelaar en laat die keuse van mense rustig in die hand van die Here. Hy open mense se harte om te luister en te glo. Dit lees ons so eenvoudig toe Paulus in Filippi op 'n Sabbat vir 'n groepie vroue by 'n bidplek preek. "En 'n vrou met die naam van Lidia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatire, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is." (Hand. 16:14).

Die Lam van God is en word ook vir baie mense aangewys. Sommige hoor maar net van Hom, maar bly ongeroer in hulle harte. Hulle gehoorsaam nie.

En dat hulle gehoorsaam aan Johannes se aanwysing, blyk dan daaruit dat hulle begin wegloop van Johannes af en Jesus volg. Ook die woordjie "volg" wil in sy oorspronklike vorm aandui dat hulle voortaan Jesus se dissipels wou wees. Hulle bly by Hom as sy volgelinge. Hulle sou nog veel leer, maar hulle voete is nou op die pad. *Hoor en volg.' Dadelik!* Dit is die boodskap van die eenvoudige verhaal.

## 13 Soek, en julle sal vind

Matt. 13:44-52

*"Wat soek julle?"* (Joh. 1:39)

Die Here Jesus merk dat twee manne, Johannes en Andreas, agter Hom aanloop. 'n Mens kan wel aflei dat hulle verleë was. Johannes die Doper het gesê dat Hy die Lam van God is en hulle het impulsief gereageer en Hom gevolg. Hulle loop nou egter met die mond vol tande. Hulle weet nie hoe om Hom te benader nie. Maar dan draai Hy om en wend Hom tot hulle. Hy draai om en Hy sien hulle – Hy stel vas dat hulle Hom volg.

En dan volg Jesus se eerste evangelieprediking. Dit is die woorde: *"Wat soek julle?"* Die vraag van Jesus is immers die hand van die Middelaar wat na hulle uitgesteek word. Daarin lê die sondaarsoekende barmhartigheid van Jesus. Dat Hy omdraai en na hulle kyk, beteken alreeds dat Hy hulle aanvaar as volgelinge. En sy vraag: "Wat soek julle?" is dan die uitnodiging om hulle hartsbegeerte bloot te lê. Dit is nie bloot die bewys dat Jesus die soekende sondaar nie afwys nie. Dit is die bewys dat Hy hulle soek. Hy bied die geleentheid om hulle behoef te uit te spreek.

Dit is goed om te onthou dat die twee manne geluister het na die kneg van die Here, Johannes die Doper. Hy het Jesus vir hulle aangewys as die Lam van God. Dit het hulle laat koers kies agter Jesus aan. En dan sien Jesus hulle self en Hy aanvaar hulle. Met die Evangelie in die hand wys mense vir ons Jesus aan as die Lam van God. En dan begin ons soek na Hom en dikwels is dit vir ons 'n moeilike weg van worsteling. Maar ons vergeet dat Jesus lankal omgedraai het en ons gesien het. Hy ken immers die begeerte van ons harte. Hy sien ons aan en aanvaar ons. Hy sien met erbarming en spreek ons toe: "Wat soek julle?"

Skugter is die antwoord van die twee manne: "Rabbi, waar is u tuis?" Klink hier twyfel of onsekerheid uit die antwoord? Is hulle bevrees om te sê: "Ons soek U omdat U die Lam van God is." Heel moontlik het hulle gehuiwer uit twyfel. Miskien was hulle antwoord 'n openbaring van eerbied en skugterheid. Johannes, die gryse evangelieskrywer, herinner hom die gebeure so goed. Was sy hart ook nie die dag brandende in hom – die dag toe hy sy Heiland ontmoet het nie? Hulle was so verleë dat hulle eintlik nie geweet het wat om te sê nie.

En dan bring Jesus 'n einde aan die onsekerheid. "Kom kyk." "Hulle het gegaan en gesien waar Hy tuis was en die dag by Hom gebly." Verder niks. 'n Hele dag was hulle in sy geselskap, maar geen woord van hulle gesprekke, vertel Johannes oor nie. Dit is toegevou in die sluier van die vergetelheid. En tog, was dit nie van minder belang nie. Andreas was só oortuig dat Hy die Lam van God is, dat Hy dadelik sy eie broer Simon gaan opsoek het met die boodskap: "Ons het die Messias gevind... En hy het hom na Jesus gelei..."

So gaan dit deur die eeue heen. Mense ontmoet Jesus. Hulle is gegryp deur sy liefde. Sommige is uitgesproke oor intieme omgang met die Here. Andere is skugter en bewaar dit in hulle harte. Almal word egter wegwysers na Jesus toe. Mag ook u en ek dit altyd wees.

## 14 Petrus

Matt. 16:13-23

*"Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Cefas, wat vertaal word Petrus."* (Joh. 1:43)

Johannes en Andreas het 'n dag deurgebring by Jesus. Toe hulle van Hom af weggaan het albei aan Simon gedink. Simon, die broer van Andreas, was waarskynlik ook iemand wat sterk onder die indruk van die prediking van Johannes die Doper was. Hy was vurig van geaardheid en sou ook gloedvol praat oor die tyd van die Messias wat op hande is. 'n Mens kan begryp dat beide Andreas en Johannes nou soek na Simon om hom te vertel van hulle ontmoeting met Jesus. Andreas kry hom eerste en sê aan hom: "Ons het die Messias gevind." En hy lei hom klaarblyklik nog dieselfde aand na Jesus.

Andreas was die eerste sendeling vir Jesus, na die voorloper Johannes die Doper. Die woord vertaal met "lei" wil in die oorspronklike taal uitdruk dat 'n mens iemand bring om 'n volgeling of dissipel van Jesus te wees. En Simon ag Andreas se woord en entoesiasme genoegsaam om hom te laat lei. By Jesus aangekom, lees ons weer nadruklik dat Jesus hom aankyk. Hy kyk 'n mens nie alleen deur nie, maar Hy kyk hom ook aan met liefde, met aanvaarding. Dit blyk dan uit wat Hy aan Simon sê.

*"Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Cefas, wat vertaal word Petrus."* Daarmee toon die Here in die eerste plek dat Hy vir Simon ken. Hy kon presies aandui wie hy is, want Hy ken selfs die naam van sy vader. Maar dan verander Hy dadelik sy naam na Cefas of Petrus. En lees ons hierdie gebeure nou in die lig van Matt. 16, dan weet ons waarom Jesus sy naam verander het.

Cefas of Petrus beteken *"rots".* Dit is merkwaardig dat Jesus hom, nadat hy Hom verloën het, aanspreek as Simon en nie as Petrus nie. En tog moet ons nie te veel hiervan aflei nie. Simon Petrus het self dikwels gefaal. Hy het nie alleen die Here drie keer verloën nie, maar selfs Paulus moes hom later hard aanspreek oor sy vrees vir die sg. Judaïste (Gal. 2). Die naamsverandering beteken derhalwe nie dat Simon nou "superman" geword het nie.

Dit het beteken dat hy die eerste onder die gelykes was. Hy het die leier van die apostels geword. En dan het hy veral sy naam waar gemaak toe hy bely het: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Hierop het Jesus gesê: "Jy is Petrus en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt. 16). Dit beteken dat die belydende Petrus die rots is waarop die Here sy gemeente bou. En per slot van sake is dit dan Jesus Christus self waarop die gebou van sy kerk verrys. Die kerk kan immers nie op die mens Petrus gebou word nie, maar alleen op die Christus wat Petrus bely. Petrus se nuwe naam is alleen van betekenis omdat hy gebind is aan Christus, die Rots van die eeue . ..

En dit geld vir alle Christene. Ons vastigheid en betekenis is alleen daarin geleë, dat ons aan Jesus Christus behoort. Hy is die Rots wat nie wankel nie. Hoop en vertrou op Hom alleen. Elke swakke Christen is 'n Petrus – "rotsman" – omdat hy op Christus, die Rots, gebou is.

# 15 Roeping

Matt. 4:12-22

*"Volg My."* (Joh. 1:44)

Hier rig die Here Jesus Hom die eerste keer tot iemand met die woorde: "Volg My." Dit sou Hy nog dikwels hierna vir mense sê. Filippus, een van sy twaalf apostels, was so bevoorreg om die eerste hierdie woorde uit die mond van die Here te hoor.

Jesus was nog in die omgewing van die Jordaanrivier waar Johannes die Doper gepreek en gedoop het. Die vorige dag het reeds drie manne hulle by Hom gevoeg as sy volgelinge: Johannes, Andreas en Simon Petrus. Aldrie van hulle was uit Galilea. Jesus maak Hom gereed om terug te keer na Galilea. Dit was nie alleen sy tuiste nie, maar daar sou Hy Hom openbaar aan die volk en daar sou sy kragtigste dade plaasvind. Hy is gedoop, deur die duiwel versoek en nou moet sy *ampswerk* as Middelaar begin.

Filippus was ook 'n Galileër. Hy was hier om te luister na Johannes die Doper. Johannes se prediking het ook in sy hart die weg van die Here toeberei. En dan kom Jesus hom teë. Of Hy met hom 'n gesprek aangeknoop het, weet ons nie. Wat vir ons en vir hom van groot belang is, is dat Jesus vir hom gesê het: "Volg My." Daarmee kom Jesus openlik daarmee uit dat Hy begin om volgelinge te werf. Hy het begin om sy kerk te bou. Die wyse van *roeping* hou in dat hy by Jesus moet aansluit as sy leerling. Filippus, en ook sy ander dissipels, sou eers later die draagwydte van hierdie *roeping* ten volle besef. Dit het nie alleen ingehou dat hulle Jesus die volgende drie jaar sou vergesel, oral op sy reise, om getuie te wees van wat Hy doen en sê nie. Dit het ook beteken dat hulle Hom hulle lewe lank sou volg – nie alleen as geroepe ampsdraers nie, maar in die eerste plek as lewende Christene.

Wat sê die roeping van Filippus vir ons? Hoofsaaklik twee dinge.

Die Here roep tot 'n keuse, 'n beslissing. Sy Woord stel ons altyd voor die keuse: kies vir of teen Hom. "Volg My," kom dit deur die eeue heen tot elkeen wat die evangelie hoor. En dit bly nog steeds, soos by Filippus, die keuse om Jesus, die Middelaar, persoonlik te volg. Ons lewe, ons saligheid, is vasgebind aan die Persoon van die Lam van God.

Ten tweede verg die keuse om Jesus te volg bepaalde offers van ons. Later stel Hy dit só: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en my volg." Dit is gewis nie maklik nie. Gelukkig ontvang ons veel meer as wat ons prysgee. In Hom ontvang ons die ewige lewe. En die vreugde om aan Hom te behoort, is alreeds in hierdie lewe die grootste denkbare vreugde wat 'n mensekind kan besit. En agter Hom aan is ons nie op 'n doodlooppad nie. Hy het immers die weg vir ons berei deur dood en hellesmarte heen na die ewige heerlikheid.

"Volg My," sê die Here. En elkeen wat Hom volg, is salig.

## 16 Wys die Weg na Jesus

2Kor.2:14-3:6

*"Kom kyk!" Joh.* 1:47)

Filippus het die Messias gevind. Hy het geantwoord op sy roepstem: "Volg my." Daarop gaan Filippus dadelik soek na sy goeie vriend Natanael. En toe hy hom kry, sê hy vir hom: "Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Nasaret." Filippus het die Skrifte ondersoek en gelewe in die hoop dat die beloftes vervul sou word.

Filippus weet nog nie van die wonderlike ontvangenis en geboorte van Jesus nie. Hy noem Hom die seun van Josef van Nasaret, terwyl Josef nie sy vader was nie – Hy was immers die Seun van God. Dit sou hy eers later leer, maar hy is nou reeds oortuig daarvan dat Jesus die beloofde Messias is.

Die nugtere Natanael, wat die Skrifte goed ken, skok Filippus egter uit sy "droom": "Kan daar uit Nasaret iets goeds wees?" Dit wil nie sê dat Natanael, wat uit Kana 'n buurdorp van Nasaret afkomstig is, vir Nasaret verag nie. Hy ken egter sy Bybel en weet dat die Messias nie uit Nasaret nie, maar uit Betlehem afkomstig sou wees. Daarmee plaas hy die demper op Filippus se hooggespanne verwagtinge. As Bybelgelowige Jood was Filippus nou in groot verleentheid. Hy weet dat Natanael reg is. So sê die Bybel en dit is vir hom ook die einde van alle teëspraak.

Is ook ons nie dikwels in verleentheid, wanneer ons woorde en kennis en insigte ontbreek nie? Ons wil só graag iemand help, maar is nie opgewasse teen sy wetenskaplike insig en klinkklare bewyse nie. Wat nou gemaak?

Filippus is egter só oortuig van sy saak dat hy nie kan opgee nie. Hy wil sy vriend ook laat deel in sy vreugde. Al antwoord wat hy dan het, is: "Kom kyk!" "Kom oortuig jouself." En dan slaag "sendeling" Filippus. Hy kon nie met woorde oortuig nie, maar hy kon Jesus self vir Natanael gaan wys. Hy weet dat Jesus self vir Natanael sal oortuig. Wat ook gebeur het.

Hier lê die knoop by menigeen. Met woorde kan ons mense dikwels nie oortuig nie. Nooi egter u ongelowige buurman uit om te kom kyk na Jesus. Jesus sê self tot sy volgelinge: "Bly in My, soos Ek in julle." Hy bly in ons. Paulus sê weer: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." Jesus is te siene in sy kerk. Sy lewende kerk is sy liggaam. Wanneer 'n mens bv. luister na Richard Wurmbrand, die Christenmartelaar van agter die Ystergordyn, dan ervaar jy iets van hierdie waarheid. Jy sien Jesus werk en lewe. Daar ly en sterwe mense die marteldood vir Hom. Hy leef!

Kan u ook sê: "Kom kyk?" Sien mense hoe die lewende Christus in u lewe en werk?

## 17 Die Here ken my!

Ef. 1:3-14

*"Waarvandaan ken U my?"* (Joh. 1:49)

Op aansporing van Filippus is Natanael op pad na Jesus se verblyfplek. Hy is nuuskierig en moontlik ook baie skepties oor die "vonds" van sy goedgelowige vriend Filippus. Hy wil gaan vasstel wat steek daar in die gerug oor die Jesus van Nasaret. Terwyl die twee vriende aangestap kom, word die rolle ineens omgekeer. Natanael vind uit dat hy, wat Jesus wil gaan sien en beoordeel, reeds klaar deur Jesus gesien en beoordeel is.

Jesus sien Natanael na Hom toe kom en sê vir hom: "Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie." Van hoe weinig mense sou dit gesê kon word? En dit nogal deur Hom die alsiende Seun van God.' Wat 'n mooi getuienis! Jesus verwyt Natanael geensins omdat hy Filippus se getuienis nie wou aanvaar nie. Hy het immers na Jesus gekom om self vas te stel en dit is klaar 'n bewys van sy heilbegeerte. Jesus ken hom; Hy deurskou sy innerlike en prys hom vir sy opregtheid. Soos gewoonlik kom Jesus hom tegemoet en toon dat hy in werklikheid lankal gesien en gesoek is met liefde en erbarming.

Natanael is uit die veld geslaan. "Waarvandaan ken U my?" vra hy verwonderd. Hoeveel mense moes een of ander tyd verbaas toegee dat die Here hulle lankal ken – lank voordat hulle Hom geken het. Die Here is ons altyd voor. Hy het eerste gesien. Min weet Natanael dat Hy selfs vir Filippus *gestuur* het om hom van Jesus te vertel. "Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien." Natanael was immers 'n uitverkore werktuig vir die Here in sy koninkryk. Hy het hom lankal gesien en toeberei om gereed te wees vir die dag en die taak wat kom.

Natanael het niks meer nodig nie. Jesus het hom deurskou – ook onder die vyeboom. Wat hy daar gemaak het, word ons nie vertel nie. Verklaarders dink aan die moontlikheid dat hy daar onder die beskutting van die vyeboom gebid het. Daarom was hy so beïndruk deur Jesus se kennis. Niemand anders as God het hom daar gesien nie. Daarom volg die uitroep: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" Hoe is die bordjies verhang! Natanael wat Jesus wou gaan sien, is reeds lankal gesien. Maar omdat hy gesien en geken is, kom hy tot aanbidding, tot geloof.

Vir ons begrip is die belangrikste saak ter wêreld om Jesus te sien of om God te sien. Dit is egter vir ons veel meer werd dat Jesus ons sien. Wanneer Hy ons sien, dan sien God die Vader ons ook in Hom. Dit beteken nie alleen dat ons nie vir Hom kan wegkruip nie. (Hoe dikwels het ons nie rede om dit te doen nie?) Nee, dit beteken dat God ons sien as keurstene gedra op die hart van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus. En daartoe het Hy ons lankal gesien. Voordat ons dit verwag of gedink het... Die Bybel praat selfs van voor die grondlegging van die wêreld (Ef. 1). Die verbasing hieroor sal by ons steeds aangroei: Menigeen wat die saligheid beërwe sal oorstelp van verwondering uitroep: "Waarvandaan ken U my?"

## 18 Die Jakobsleer

Gen. 28:10 – 22

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens."* (Joh. 1:52)

Hier gebruik die Here Jesus vir die eerste keer die uitdrukking: "Voorwaar, voorwaar..." Dit is die vertaling van die Hebreeuse woord: "Amen." Jesus gebruik dit steeds in uitsprake wat met die voorafgaande in verband staan. Dit is 'n soort konklusie en druk 'n bevestiging uit van wat gesê is. Ons Kategismus sê dit beteken: "Dit sal waar en seker wees."

Natanael het diep onder die indruk gekom van die Goddelike vermoëns van Jesus. Jesus het hom alreeds gesien en selfs deursien toe hy nog nie daarvan gedroom het nie. Dan roep hy in verwondering uit: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel." Daarop kom die uitspraak: "Jy sal groter dinge sien as dit..." Natanael en die ander vier manne is alreeds op die eerste dag van hulle ontmoeting met Jesus vervul met verwondering. Hulle sien groot dinge, maar hulle sal groter dinge sien. Daarop volg dan die plegtige verklaring: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens."

Die uitspraak verwys duidelik na die droom van Jakob by Betel. Hy het in sy droom 'n leer gesien wat vanaf die aarde tot in die hemel reik. Daar bo aan het God gestaan en die engele het op en neer geklim. Dit beteken nie dat die dissipels letterlik so iets met hulle vleeslike oë sal sien nie. Nee, hierdie soort dinge sien 'n mens nie met die liggaamlike oog nie, maar met die geloofsoog. Geloof laat 'n mens waarlik sien. Jesus sê later aan Martha by die graf van haar broer Lasarus, wie se lyk al ruik: "Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?" In die geloof sien 'n mens die onsienlike (Hebr. 11:1).

Hierdie uitspraak van die Here beteken: Altyd wanneer die dissipels by die Here is, is die hemel oop. Jesus werk in voortdurende gemeenskap met sy Vader. In die droom van Jakob was dit die boodskap aan hom: "En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan..." (Gen. 28:15). Die Here gebruik hierdie Ou Testamentiese geskiedenis om dit ook tuis te bring aan sy dissipels. Die hemel is oop en die Vader is altyd met Hom – en in Hom ook met hulle. Die Here Jesus self het nie engele nodig om die Vader te bereik nie. Hy en die Vader is een. Die nadruk lê in die voortdurende verkeer, kontak, tussen Hom en sy Vader in die geopende hemel.

Elkeen wat in die Here Jesus *glo, sien* 'n geopende hemel. Vir hom is daar voortdurende kontak met sy Vader. Eintlik is Jesus self die leer wat ons met die hemel verbind. Hy het immers die brug geslaan, waar die sonde 'n breuk gebring het.

## 19 Heilige Huwelik

Ef. 5:22-33

*"Jesus en sy dissipels was ook na die bruilof genooi."* (Joh. 2:2)

Dit is goed om in ons oordenking van hierdie verhaal te onthou waartoe Jesus hier was en waarom Hy die teken gedoen het. Dit lees ons in vers 11: ". . . en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo." Daarom gaan dit en daarom het Jesus na hierdie bruilof gekom. Hier was die bruid nie die belangrikste nie, maar Jesus Christus wat sy heerlikheid gaan openbaar.

En tog was dit ook nie sonder betekenis vir die bruidspaar van Kana en alle gelowige bruidspare daarna, dat Jesus die uitnodiging aangeneem het om die bruilof by te woon nie. Hy en sy vyf dissipels het waarskynlik pas aangekom in Kana van af Judea, waar Hy hulle geroep het om Hom te volg. Kana was naby Nasaret en sy moeder was ook daar as genooide. Die mense was heel moontlik vriende of selfs familie. Die evangelieskrywer vertel nie meer nie – hy deel die paar sobere feite bloot mee om te kan vertel hoe Jesus sy heerlikheid geopenbaar het.

Maar dat Jesus nou by 'n bruilof is wil tog ook van die bruilof self iets sê. Hy aanvaar die huwelik as 'n instelling van God. Hy aanvaar die verbintenis tussen man en vrou en wil ook deel in hulle feesvreugde. Hy is bly met die wat bly is. Die Middelaar by die bruilof. Die bruilof is die begin van die verbondsgesin. God het sy verbond gesluit met Abraham en sy nageslag. Die Middelaar lê sy hand daarop. Hy begin hier met sy openbare ampswerk – hier by die bruilof. Dink maar gerus aan u huweliksdag as 'n belangrike gebeure ook in die oë van die Here.

En sy aanwesigheid maak van die huwelik iets besonders. Ook van u en my huwelik maak die Here Jesus 'n besondere geleentheid. *Hy heilig die fees deur sy teenwoordigheid.* Dit is ook nie vreemd nie. Hy die Heilige, is die Woord wat die wêreld geskape het. Hy het die huwelik ingestel – alreeds daarom is dit heilig. Maar dit is in besonder heilig omdat Hy as Middelaar weer sy hand daarop lê. Dit maak nie alleen van die huweliksfees 'n fees nie, maar van die hele huwelikslewe. As Jesus met ons meegaan – en Hy gaan mee indien ons in Hom bly.

Van net soveel belang is dit dat "heilige" kinders uit die "heilige" huwelik gebore word omdat Christus sy hand daarop gelê het. Hulle is heilig omdat hulle uit die hand van die Here kom, aan Hom behoort, vir Hom afgesonder is as verbondskinders.

Dank die Here dat Hy by u bruilof was en in u huis woon.

## 20 Jesus se Moeder

Luk. 1:26-38

*"Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom* nie." (Joh.2:4)

So verkondig Jesus die evangelie aan sy moeder, Maria. Dit klink na 'n afwysing, maar dit tel in Maria se guns dat sy dit anders verstaan het. Sy het geglo dat Hy iets gaan doen aan haar versoek. Sy sê immers byvoorbaat aan die dienaars: "Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen."

Die gaste merk dat daar vir die bruidegom verleentheid kom. Die wyn raak op en die bruilofsfees dreig om te misluk. Die feesvreugde gaan kortgeknip word. Maria weet dat Jesus 'n besondere mens is. Sy weet ook dat Hy sy medemens liefhet – sy ken Hom immers as haar kind wat in haar huis opgegroei het. Toe sy merk dat daar wyn *kortkom, gaan sy* na Jesus en sê *vir Hom:* "Hulle het *geen wyn nie."* Moontlik het sy dikwels met haar verleentheid so na Jesus gekom, toe Hy nog tuis was. Dit is egter wel moontlik dat sy nou selfs iets meer van Hom verwag het. Wie weet? Sy weet ook van sy wonderlike ontvangenis en geboorte.

Jesus se antwoord is: "Vrou wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie." Deur die eeue heen was daar mense wat verwonderd was oor hierdie antwoord van Jesus. Dit klink oneerbiedig en lyk na 'n teregwysing – eintlik 'n afwysing van haar goedbedoelde versoek. Dit is egter veeleer evangelieprediking. Jesus gaan openbaar wie Hy is. Daarom moet Maria afgewys word, al is sy honderdmaal sy moeder. Sy moet leer dat Jesus nou gaan optree as Middelaar – nie meer as haar liewe kind nie. Middelaarswerk mag nie neergetrek word in die aardse nie. Selfs Maria, sy moeder, mag dit nie doen nie. Daarom is sy vandag vir Hom "vrou" en nie "moeder" nie. Selfs die bande van bloed met sy moeder mag Hom nie verhinder in sy Middelaarswerk nie. Hy sê eintlik aan haar: "Wat is daar tegelyk vir u en vir my?" Hulle het in hul optrede geen gemeenskaplike belang of basis nie. Hy tree vrymagtig op, op sy "uur" of tyd. Daartoe mag geen mens Hom dwing nie.

Maria verwag wel iets, want sy sê aan die dienaars: "Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen." Wat sy verwag het, weet ons nie. Sy het self ook waarskynlik nie geweet nie. Sy het egter gedoen wat sy kon: Sy het die bruidegom se nood onder die aandag van Jesus gebring.

Dit kan ons gerus maar van Maria leer. Vertel die Here van u eie nood en van u medemens se nood. Doen dit gelowig en met 'n hart bewoë van erbarming vir die nood van u naaste. En lyk dit dan asof die Here nie antwoord nie – selfs asof Hy dit afwys deur allerlei skokkende en vreemde nood wat oor u of hulle kom – wag maar rustig. Of nog beter, tref rustig voorbereidings. Handel in die geloof dat die Here sal help, al weet u nie wanneer of hoe nie. Hy ken immers sy "uur" en Hy weet hoe om die beste te voorsien...

## 21 Huwelik gereinig

Matt. 15:10-20

*"Daar het volgens die reinigingsgebruike ses klipkanne gestaan*..." (Joh. 2:6)

Die Evangelie is altyd blye boodskap. Dit bly vol verrassende vreugdeflitse. Jesus gaan sy heerlikheid as Middelaar openbaar. Dit gaan mense bring tot geloof in Hom. Dit beteken vir hulle vergewing van sondes en die ewige lewe. En om dit te bewerk gebruik Hy ses klip waterkanne. Hoe die klipkanne daar uitgesien het, weet ons nie. Dit mag selfs onooglik en ru gewees het. Hulle inhoudsmaat word vermeld, maar ook daarby het ons weinig belang. Maar waarom sou Johannes spesiaal vermeld dat die kanne gebruik is met die oog op die "reiniging?"

Daar was water in om mee te was. Die gaste moes moontlik hulle hande of gesig of voete daarin was. Dit is selfs moontlik dat dit bedoel was om bepaalde gebruiksvoorwerpe af te spoel. Die groot saak is egter dat dit ingeskakel is in die seremoniële reinigingsgebruike van die Jode. Dan gaan ons gedagtes ver terug na die tyd van Moses en sy wette. Daarin is ook allerlei reinigingsbepalinge opgesluit. Dit was simboliese wassinge. Dit moes aandui dat die mense ook geestelik rein gewas is van hulle sondes. Ons vind iets van die betekenis van die Joodse reinigingsgebruike terug in die heilige Doop. Volgens ons Kategismus beteken die Doop die "afwassing van die sondes deur die bloed en Gees van Christus." Ook die reinigingsgebruike van die Jode het dit afgebeeld: Die bloed van die Lam van God sal ons reinig van alle sonde.

Nou kry hierdie moontlik onooglike klipkanne vir ons besondere betekenis. Jesus wend Hom na die dienaars en wys na die kanne met die opdrag: "Maak die kanne vol water." Hy lê sy Middelaarshand op die kanne. Hy begin sy ampswerk by 'n bruilof, maar Hy lê dadelik die verband met sy bloedstorting aan die kruis. En die water word wyn, omdat Hy gekruisig is.

Dit klink vreemd in u ore, maar dit is waar. Water word wyn, omdat Jesus gekruisig is. Die fees kan voortgaan. In die nood is voorsien en die lewe word gevul met feesvreugde, omdat Jesus gekruisig is. En of dit nou al ons huwelik is of enige ander terrein van ons aardse bestaan, die bron van al ons ware vreugde is die kruis van Christus. In die vergewing van ons sondes ter wille van sy bloed, is die oorsaak van ons honger en kommer en droefheid en rou weggeneem, opdat ons met die vreugde van die ewige lewe vervul sou word.

Ter wille van die kruis, kan huwelikspare sing en hulle verbly. Ter wille van die kruis kan gelowige kinders hulle verbly. Die kruis is vir ons 'n heerlike gebeurtenis, al was dit die bittere dood van die Seun van God. Ons is gewas, gereinig ... En hulle wat vergewing ontvang het, vergewe ook mekaar. Ook in die huwelikslewe moet ons mekaar elke dag vergewe – tot sewentig-maal-sewe toe – omdat Jesus gekruisig is.

## 22 Jesus gee die Beste

**Ps. 45**

*"U het die goeie wyn tot nou toe bewaar*..." (Joh. 2:10)

Die bruilofsfees is gered. Die wyn was gedaan, maar Jesus het voorsien deur water in wyn te verander. Waar ons met ons Middelaar te doene het, is dit nie nodig om die wonder te probeer verklaar nie. Die evangelieskrywer het duidelik geskrywe dat die dienaars water in die kanne gegooi het. Ons lees selfs: "Toe die hoofdienaar die water proe wat wyn geword het ..." Water het wyn geword – dit is duidelik en vir ons die einde van alle teëspraak. Dit verhaal die Woord van God aan ons.

Wat vir ons wel van belang is, is dat die Here genoeg wyn gemaak het – selfs oorvloedig. Só is Hy altyd. Hy gee mildelik sonder om te verwyt. Die fees kan voortgaan want die Here het voorsien. Ons kan dit altyd maar onthou. Jesus is die oorvloedige fontein van alles wat goed is. Uit Hom vloei strome van weldade. Wie kan dit omvat? Hy gee nie drupsgewyse nie, maar laat dit op ons stort. Ons moet alleen maar leer om op te let en ons seëninge tel. Sy rykdom is onuitputlik en voorsien in elke behoefte. "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle" (1 Petr. 5:7). Aan Hom behoort alle mag in hemel en op aarde en sou Hy dan nie in staat wees om te voorsien nie?

Ons spook en spartel om ook 'n bietjie wyn te fabriseer. Indien daar soms wel 'n paar druppels te voorskyn kom, is dit dikwels smaakloos en laat soms 'n bitter smaak in ons mond na. Die bruidegom het dit ook hier ondervind. Dit was die gebruik dat die bruidegom normaalweg van die wyn wat hyself gemaak het, by die bruilofsfees aanbied. Toe die seremoniemeester die nuwe wyn proe roep hy die bruidegom eenkant toe en sê vir hom: "Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar."

Ook dit ag Johannes van groot belang. Die wyn wat Jesus gemaak het, was beter as die mensgemaakte wyn. Dit word nadruklik aan ons gesê. Dit word gesê dat Jesus se bemoeienis die feesvreugde verinnig en vergroot het. Waar Hy die mens aanraak, kom daar beter dinge en groter vreugde. Dit geld in die eerste plek van hierdie huweliksfees te Kana. Die fees kon nie alleen voortgaan nie, maar met groter vreugde voortgesit word. Dit geld ook van elke christelike huweliksfees. Die Here gee oorvloediger vreugde, al sou daar selfs geen wyn beskikbaar wees nie. Die vreugde uit Hom het geen hulpmiddels nodig nie. Sy seën in elke huwelik beteken 'n onuitputlike bron van vreugde wat ons lewe lank voortduur.

Ja, die Here gun ons die vreugde van 'n gelukkige huwelik. Hy gun ons die blydskap van ons saamlewe as man en vrou binne die huwelik. Dit maak ons lewe sinryk en vreugdevol indien ons ons huweliksmaat ontvang uit die hand van die Here. Dank Hom elke dag vir u huweliksgeluk en bid van Hom af wat u nodig het om waarlik 'n hulp vir mekaar te wees. Watter ander band het ons werklik wat 'n lewe lank kan hou? Die hartstog brand uit en die liefde verkoel selfs, as dit nie deur sy hand verryk en verinnig word nie. Daarom moet ons maar voortdurend voor ons Heiland saam neerkniel en bid om meer en beter geluk en Hom dank vir wat Hy ons so mildelik gun...

## 23 Teken

Jes. 9:1-6

*"Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galilea gedoen; en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo."* (Joh. 2:11)

Eindelik kom die evangelieskrywer by die eintlike rede waarom hy hierdie verhaal, van die water wat in wyn verander is, aan ons vertel. Jesus het daarin sy heerlikheid geopenbaar, sodat sy nuutgevonde dissipels in Hom kon glo.

Johannes noem die wonder van Jesus 'n "teken". Die wonder by Kana was 'n teken, 'n Teken bedoel om iets anders aan te wys. Dit verkondig iets. Dit gaan eintlik nie om die teken self nie, maar om die doel van die teken. Hier was 'n wonder, 'n teken om iets te openbaar. Alle tekens hoef nie in die sin wonders te wees nie. Dink bv. aan die tekens van die brood en wyn in die Nagmaal of van die water by die Doop. Dit verkondig wel iets aan ons, terwyl dit tog normaalweg natuurlike brood en wyn en water bly. Johannes se Evangelie is vol van voorbeelde waar, die dade van Jesus, as tekens van sy heerlikheid gesien word.

Die doel van hierdie daad van die Here was om sy heerlikheid te openbaar. Hy openbaar wat Hy vermag en dat Hy sy mag wil gebruik tot seën van die mense. Hy openbaar dat Hy heerlikheid het as die Seun van God. Iets van die Goddelike heerlikheid straal hier deur voor die oë van sy dissipels.

"En sy dissipels het in Hom geglo." Daar aan die Jordaan by Johannes die Doper het hierdie manne alreeds in Jesus die Messias gesien. Natanael het bely dat Hy die Seun van God is. Nou word die geloof versterk, bekragtig. Twee dinge val hier op.

In die eerste plek word hier gesê dat alleen die dissipels in Hom geglo het. Wat van al die ander bruilofsgaste? Dit lyk asof die wonder op hulle geen indruk gemaak het nie. Die dissipels wat alreeds aan Hom gebind was, kom tot geloof. Lees ons verder in die Evangelies dan hoef ons ons hieroor nie te verwonder nie. In Joh. 12:37 word uitdruklik gesê dat die tekens mense nie tot geloof bring nie. Wat het geword van die menigtes wat Hom in Galilea gevolg het en sy tekens gesien het? Wanneer die kerk na Pinkster uitbrei lees ons bv. in Handelinge niks van gelowiges uit Galilea nie. So was dit en sal dit bly. Jesus beweeg met sy kerk die geskiedenis deur. Sy Woord word gehoor tot aan die uiterste van die aarde en sy tekens gesien. Alleen sy dissipels glo – hulle wat Hy ken en liefhet en roep.

Die tweede vraag is: Het die dissipels dan nie reeds geglo nie? Ja, maar die dissipels neem steeds toe in die geloof. Jesus begin – Hy doen die teken... Dit gebruik Hy om die mens tot die daad op te wek en te bekwaam. Hulle glo, Jesus vra altyd 'n antwoord op sy woorde en dade. En die antwoord is geloof. Hier het Jesus sy doel bereik met sy dissipels: Hulle glo in Hom. En dan staan ons maar weer voor die geheim: Dit is tog maar Hy wat hulle die genade gee om te glo. 'n Gelowige kan nooit in homself roem nie. Hy het egter altyd rede om die Here te prys.

## 24 "Pasga van die Jode"

Ex. 12:14-27

*"En die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem."* (Joh. 2:13)

Ons het klaarblyklik nie hier 'n verhaal wat direk volg op die voorgaande nie. Johannes het die verhaal hier ingevoeg om aan te toon dat die Joodse leiers nie in Jesus geglo het nie, teenoor die geloof van die dissipels waarvan hy pas geskrywe het.

Die Here Jesus het getrou opgegaan na die feeste. Die pasga of Paasfees was die groot fees vir Israel. Daarmee is die uittog uit Egipte in gedagtenis gehou. Vir Israel was dit die beginpunt van hulle geskiedenis as verloste volk, as volk van God. Vanweë die hongersnood het Jakob en sy seuns na Egipte verhuis. Die Here het hulle weg daarheen voorberei deur Josef. Die Egiptenaars het hulle ontvang en vir eeue selfs verdra. Hulle het afgesonderd in die land Goosen gewoon. Die volk het mettertyd klaarblyklik in Egipte tuis geraak. Hulle het waarskynlik selfs die Egiptiese afgode begin dien. Dit blyk ook daaruit dat hulle by Horeb 'n goue kalf maak, na die voorbeeld van die Egiptenaars.

Dan gryp die Here in. Daar kom 'n nuwe Farao aan bewind. Hy het Josef nie geken nie. Die volk sien hy as 'n bedreiging. Hy verdruk hulle deur slawearbeid. Hy probeer die "bevolkingsontploffing" onder Israel beheer, deur al die pasgebore seuntjies te laat vermoor. Die volk sug in hulle slawerny in Egipte. Die Here stuur Moses om hulle uit te lei. Na tien verskriklike plae, gee Farao uiteindelik toe en laat die volk trek. Op die aand voor die uittog uit Egipte is die pasga ingestel. Die bloed van die paaslam aan die deurkosyne het die nag die doodsengel weggehou van die huise van die Israeliete en alleen die eersgeborenes van die Egiptenaars het gesterwe.

Die Here Jesus gaan op na Jerusalem om saam met sy volk hierdie verlossingsfees te vier. Hy doen dit om die wet te vervul. Maar Hy doen dit ook omdat by die feeste baie mense is aan wie Hy sy evangelie bekend kan stel. Hy het immers die ware paasboodskap om te verkondig aan almal wat gebuk gaan onder die slawerny van die duiwel en die sonde en die dood.

Dit is opmerklik dat Johannes, wat self 'n Jood is, praat van die "pasga van die Jode". Hy en die ander Christene vir wie hy skrywe, ken ook 'n Paasfees. Dit is egter 'n ander Paasfees, waarvan die Joodse Paasfees maar 'n *skaduwee* of *Profesie* was. Dit is die Paasfees van "Goeie Vrydag" toe ons Paaslam geslag is op Golgotha, Ook toe het Jesus opgegaan na die Paasfees...

So is die Christelike Paasfees vir ons die ware verlossingsfees. Ons is vrygekoop, nie met silwer of goud nie, maar met die kosbare bloed van die Lam van God. Laat ons daaroor juig en bly wees.

## 25 Die Tempel van God

1 Kor. 5

*"Moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie..."* (Joh.2:16)

Jesus bevind Hom in die tempel – die huis van sy Vader. Die tempel is die plek waar die Here, die God van Israel, in die midde van sy volk 'n woning maak. Ook die tempel het in die lig van die koms van die Middelaar 'n skaduagtige betekenis. Uiteindelik is die kerk van die Here sy tempel of woning. "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en *die.* Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor. 3:*16).*

Jesus kom na die tempel; die huis van sy Vader. Daar in die voorhof was die mense besig om handel te dryf *met* skape en beeste en duiwe. Die diere is bedoel vir die offers in die tempel. Vanaf die uithoeke van die land het die pelgrims opgekom na die tempel. Elkeen kon nie sy skaap of bees meebring nie. Dit is veel makliker om dit hier te koop. Buitendien is hierdie offerdiere gekeur deur die priesters. 'n Offerdier moes sonder gebrek wees. (Die priesters het 'n leeue-aandeel gehad in die winste uit die offerdiere). Die geldwisselaars moes weer tempelmunt uitwissel teen Romeinse munte, sodat die volk die tempelbelasting met die regte geld kon betaal.

Moontlik sou so 'n "diens" aan die pelgrims op sigself nie verkeerd wees nie. Daar was egter allerlei wanpraktyke aan verbonde. Handelaars het luidkeels teen mekaar hulle ware aangeprys; onregmatige winste is gemaak. Die pelgrims is skandelik uitgebuit. Jesus, die kenner van die harte, kom die praktyke en motiewe nie in die huis van sy Vader duld nie. Hy dryf hulle met geweld uit. As iemand die tempel van God skend, sa.1 God hom skend.

Sommige verklaarders beskou hierdie optrede van die Here Jesus as onwaardig vir Hom, die Christus. Ons kan gerus maar onthou dat Jesus sy Vader liefhet. Sy Vader se eer beskerm Hy met heilige toorn. Te veel mense is geneig om Jesus bloot te ken as die matte, byna magtelose "liewe Jesus", wat Hom nie kan vertoorn nie. Só ken die Bybel Hom nie. Van die; skerpste teregwysinge en selfs oordeelsaankondiginge kom uit sy mond.

Hy kom na die tempel. Sy tempel is sy lewende kerk: elke gelowige. Ons behoort aan Hom na liggaam en siel. "As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig en dit is julle." Hier staan elke gelowige voor sy groot verantwoordelikheid. Ons liggame behoort nie aan onsself nie. God woon deur die Heilige Gees daarin. In ons werk en ontspanning; op straat en by die strand – oral en altyd is my liggaam 'n tempel van God. Hoe lyk dit, is die huis van God nie by u 'n handelshuis nie? Die huis van God kan op duisenderlei wyse geskend word. Waak oor u huis. Hou die tempel van God heilig want God is heilig.

## 26 Afgebreek en in drie dae opgebou

Ps. 69:1-12

*"Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig."* (Joh. 2:19)

Jesus dryf die handelaars en geldwisselaars en skape en beeste die tempel uit. Die dissipels aanskou die toorn van die Here en herinner mekaar aan wat in Ps. 69 staan: "Die ywer vir u huis het my verteer." Of die dissipels ook die verdere gedeelte van die Psalmvers in gedagte sou hê, is onwaarskynlik. Dit is: "en die smaadhede van die wat U smaad, was op my..." Hulle het immers nog nie die volle draagwydte van sy Middelaarswerk begryp nie. Sy ywer het Hom uiteindelik in die vuur gebring en Hy moes inderdaad smaadhede dra, omdat Hy die Seun van God is.

Eindelik kom die ontstoke Jode tot verhaal. Hulle merk nie eens dat Hy van die tempel as die "huis van my Vader" praat nie. Nee, hulle winste en verliese is nou aan die orde en of Hy nou "Godslastering" pleeg, omdat Hy hom self as die Seun van God beskou, is van minder belang. Watter reg het Hy om hulle op hulle regmatige terrein uit te daag? "Watter teken toon U aan ons dat U hierdie dinge doen?"

En dan antwoord die Here met 'n wonderlike teken. "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig." Vir die Jode is dit nog 'n groter raaisel. Dit het hulle wel later teen Hom as getuienis gebruik toe Hy voor die Joodse Raad verhoor is. Toe is dit as laster teen die tempel beskou. Hoe vreemd ook al, is Jesus hierin besig om aan die Jode die evangelie te verkondig. Hy gee geen direkte antwoord op hulle vraag nie, maar begeef Hom op 'n ander terrein en doen sy werk op sy wyse. Die wonderspreuk moet hulle tot nadenke stem. Daarin profeteer Hy van sy toekomstige werk. Hulle begryp dit nie en draai die rug op Hom. Die dissipels begryp dit ook nie en... hulle bly by Hom en wag totdat die raaisel opgeklaar word. Daarin kom die verskil tussen geloof en ongeloof aan die lig. Al begryp ons nie – ons hou vas aan onse Here en wag op Hom.

Eindelik kom die antwoord in 'n magtige teken. Die teken van die kruis van Golgota. Die tempel – sy liggaam – word afgebreek... Hy sterwe en verdwyn in die graf. Maar binne drie dae is die tempel weer opgerig. Die graf kon Hom nie vashou nie. Hy het die dood oorwin en uit die graf verrys... "En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het."

Eenmaal word by ons ook afgebreek. Dit word genoem ons aardse tentwoning. Maar dan ontvang ons – wonder bo wonder – 'n gebou van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig in die hemele. Wie ontvang die huis? Hulle wat onthou wat Jesus gesê het en die Skrif glo. En het ons nou 'n teken of pand? Ja, die verheerlikte liggaam van Jesus Christus wat in die ewige heerlikheid vir ons wag, is vir ons die teken van ons salige opstanding.

## 27 Skyngeloof

Matt. 13:1-9

"... *het baie in sy Naam geglo... Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie* ..." (Joh. 2:23, 24)

"En toe Hy in Jerusalem was op die pasga gedurende die fees, het baie in sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy gedoen het." Mooi! Die menigtes begin in Jesus se Naam "glo". En dit selfs in Jerusalem.

Maar dan huiwer ons tog. Is hierdie geloof 'n ware geloof? Is dit gebind aan die persoon van Jesus as die Middelaar? Johannes sê dit nie. Luister: Hulle het geglo, "omdat hulle die tekens gesien het wat Hy gedoen het." Daar haper iets aan die geloof. Maar het die dissipels dan nie ook by Kana op die bruilof die teken gesien en geglo nie? By die dissipels was dit egter anders. Hulle het nie aan die teken bly hang nie, soos ons Nagmaalsformulier sê, maar die "heerlikheid van Jesus is geopenbaar" en dit het hulle gesien en geglo. Eintlik het hulle alreeds geglo, maar hulle geloof *is* gesterk en bekragtig deur die teken.

Hier is dit egter bloot 'n geloof wat bly hang aan die "tekens" wat Jesus gedoen het. Dit is wat ons kan noem "skyngeloof". Ons kan dit nader aandui as "wondergeloof". Dit beteken dat 'n mens glo dat 'n wonder kan gebeur, selfs deur jou of aan jou persoonlik, sonder dat jy waarlik gebind is met die lewende geloof aan die lewende Saligmaker, Jesus Christus. Baie van hierdie tekengloërs het later geskreeu: "Weg met Hom! Kruisig Hom!" 'n Mens dink onwillekeurig aan Judas Iskariot wat vir drie jaar lank gesien het hoe Jesus tekens en wonders doen. Hy het moontlik self wondere gedoen. Hy was immers een van die twaalf wat Jesus uitgestuur het; wat teruggekeer het met die blye tyding dat selfs die duiwels hulle aan hul onderwerp. Ernstig was die Here Jesus se antwoord daarop. Hulle moet hul nie verheug oor duiwels wat aan hulle onderworpe is nie, maar dat hulle name in die boek van die lewe opgeskryf is. En Judas, die wondergloër en moontlik ook wonderdoener, is later genoem die "seun van die verderf!"

Ja, Jesus weet wat in die mens is. Hy beproef die hart en niere. Hy weet hoe hart en sinne, staan daarbinne. Hy ken almal wat aan die uitwendige tekens bly hang. Hy vertrou Hom nie aan hulle toe nie, sê Johannes. Dit beteken dat Hy vir sy taak, vir sy plek, vir sy erkenning in die wêreld nie op hulle reken nie. Hulle hosanna's en getuienis kan hulle maar vir hulleself hou. Hy het dit nie nodig nie. Hy het veel meer aan die belydenis van kindertjies en tollenaars en sondaars, wat Hom van harte aanroep. Hulle glo nie omdat Hy tekens doen nie, maar omdat Hy sagmoedig en nederig van hart is en die sware sondelas van hulle skouers gelig het.

Wat dink u van Jesus? Is Hy meer as 'n "wonderdoener"? Dit is lewensbelangrik vir elkeen om dit uit te maak.

Netso belangrik is: Wat dink Jesus van u? Kan u dit waag om u klein en swak en struikelende geloof voor sy alsiende oë te stel? Gelukkig kan ons, solank die klein geloof maar 'n ware geloof is.

## 28 Fariseër buk laag

Matt. 19:16-26

*"En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode."* (Joh. 3:1)

'n Fariseër was, by al sy foute, normaalweg 'n yweraar vir die koninkryk van God. Dit het by hulle nie alleen gegaan om die kennis van die wet nie, maar ook om die onderhouding daarvan. Hulle het hul beywer om die volk te bring tot kennis en uitlewing van die wet.

Dat 'n Fariseër na Jesus toe kom is normaalweg 'n besondere gebeurtenis. Moontlik moet ons hierdie gesprek ook redelik laat in die bedieningstyd van Jesus plaas, toe Hy en sy leer al bekend was. Dit sou ook beteken dat die haat teen Jesus al sterk deurgewerk het in die kringe van die Fariseërs. Dit moes vir Nikodémus heelwat kos, om sy eie vooroordeel en die van sy mede-Fariseërs te oorkom, en na Jesus te gaan. Ons weet ook dat Jesus se skerpste teregwysinge en selfs oordele, uitgespreek is teen die Fariseërs. Dit was derhalwe in elke opsig baie moeilik vir hierdie man om eerlik en openhartig by Jesus te gaan lig soek.

So is daar altyd nog bepaalde samelewingskringe wat dit moeilik vind om nederig en eerlik die weg na Jesus te soek. Die duiwel gebruik bv. geleerdheid en rykdom en kunstenaarstalente om mense tot 'n houding van selfhandhawing te bring. Die ryk man praat met 'n dik stem. Hy steun op die gesag van sy besittings. Die geleerde man het weer te doene met die aroma van die geleerdheid wat hom omgewe. Die Here Jesus sê self dat dit moeilik is vir 'n ryk man om in die koninkryk van die hemele te kom. Gelukkig kwalifiseer Hy dit self, dat die moeilikheid is dat die mens op sy goed vertrou.

Die Fariseër het vertrou op sy Skrifkennis en wetsonderhouding. Dit was die steiers waarop hy gestaan het en vanwaar hy kon neersien op die "vervloekte skare wat geen kennis het nie". Om van só 'n hoogte af te klim en voor Jesus te buig kos genade. Nikodémus was nie alleen 'n Fariseër nie, maar ook 'n "owerste van die Jode". Daarmee plaas die skrywer hom in 'n nog meer onaantasbare posisie. Hy was dus ook 'n lid van die Joodse Raad of Sanhédrin. Sy status en gesagsposisie was in gevaar, indien sy mede-raadslede hom in die geselskap van Jesus sien.

By Nikodémus was daar gewis 'n sterk aandrang om Jesus te ontmoet. En Johannes noem hom ook nie verniet by die naam nie. Ook later ontmoet ons hom weer. Toe kom hy openlik en bring speserye om die liggaam van Jesus te salf. Ons kan dus wel aflei dat Nikodémus later 'n bekende Christen was. Hy het hom verneder en by Jesus veel meer gevind as wat hy gehad het in sy Skrifkennis en wetsonderhouding en magsposisie. By Jesus kry 'n mens immers die wysheid van God en die krag van God en die ware rykdom – die skat in die hemel. As ons rykes en magtiges en geleerdes dit tog maar besef!

Gelukkig is en was daar altyd Nikodémusse wat na Jesus gevra en gesoek het. Hulle het kinderlik gebly ondanks rykdom en eer en geleerdheid.

## 29 In die Nag na die Lig

Joh. 8:12-19 (veral vers 12)

*"Hy het in die nag na Jesus gekom ..."* (Joh. 3:2)

So begin Nikodémus se daglewe. Sy dag begin in die nag.

Ons weet waarom hy in die nag gekom het. Hy het rede gehad om nie in die openbaar na Jesus te kom nie. Hy sou nie alleen bespot en verag word nie, maar selfs uit die sinagoge verban kon word en van sy pos as raadslid onthef word. Hy kies derhalwe die veilige weg. Hy kom na Jesus; maar in die nag.

Dat hy heimlik in die nag na Jesus kom, tel teen Nikodémus se moed en die krag van sy oortuiging. Dit is egter geen rede om hom as 'n skyngelowige of swakkeling te beskou nie. In die kommunistiese lande is daar in ons tyd bv. die "ondergrondse kerk". Hulle is in die ware *sm* van die woord, *mense wat* die *lig in* die *nag* soek. Hulle eredienste word op geheime plekke en gewoonlik in die nag gehou. Daar is wagte op strategiese plekke geplaas wat moet waarsku wanneer iets verdags opgemerk word.

Is dit nie vreemd dat volgelinge van die Lig van die wêreld Hom heimlik en in die nag moet opsoek nie? Hy het na sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Sy eie maaksel – mense geskape na sy beeld en gelykenis – is sy felste vyande. Hy self is deur sy eie mense uitgewerp en gekruisig. Sy volgelinge het deur die eeue heen dikwels moes vergader onder die sluier van die nag. Duisende het as sy bloedgetuie gesterwe.

En tog, kom maar na Hom toe; al is dit in die nag. "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie" (Joh. 10:37). Dit maak nie saak wanneer of selfs hoe 'n mens na Jesus toe kom nie. Die groot saak is dát jy kom. Nikodémus het gekom en hy is nie uitgewerp nie. Hy het die evangelie gehoor en hy het aan Jesus vasgehou. Dit weet ons uit sy latere geskiedenis.

Gewoonlik kom mense nie in die nag na Jesus toe nie. Die nag is die tyd vir kwaaddoen. Dan is die dief en die rower besig met sy duistere beroep. Onder die sluier van die nag, slaan die satan sy slagoffers neer. Hy trek hulle vas in hul eie hartstogte en hulle sink al meer en meer weg in die donker van die geestelike nag. Die naglewe van die moderne mens is gewis nie 'n weg na die lig nie. Dit is die terrein waar die Satan lustig slagoffers maak.

Kom veel liewer na Jesus selfs in die nag; al is dit huiwerend en selfs bewend. Hy werp nooit uit nie – selfs nie hulle wat in die nag na Hom toe kom nie. Daarvan is die Fariseër, Nikodémus, 'n ligtende voorbeeld.

Kom u na Jesus, selfs in die nag, maak Hy van u 'n kind van die lig en van die dag. En dan laat u u lig só skyn voor die mense dat hulle u goeie werke kan sien en u Vader wat in die hemele is, verheerlik.

## 30 Wedergeboorte

Joh. 3:1-10

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* (Joh. 3:3)

So slaan Jesus die geleerde Fariseër, Nikodémus, se voete onder hom uit. Hy het die Here eerbiedig aangespreek: "Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat u doen as God nie met hom is nie." Ons merk hier meer as eerbied. Hier is selfs aarselende geloof aan die woord. En Jesus weet tog ook wat dit Nikodémus gekos het om na Hom toe te kom. Hy sou ook weet waarom hy onder die sluier van die nag gekom het. Só 'n mens moet jy met takt en liefde benader, sou die moderne "geestelike werker" se raad wees.

Kort vantevore in Joh. 2:25, lees ons dat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie, "want Hy het self geweet wat in die mens is". As ons tog maar in ons optrede altyd die kennis gehad het wat Jesus besit! Hy deurskou die innerlike van die mens. Ons moet probeer om die innerlike, wat vir ons weggesteek word, te peil. Gelukkig is hy wat sy sielkunde by die Here Jesus geleer het.

Ja, Jesus ken vir Nikodémus. Só ken Hy alle leraars en voorgangers van die volk. Hy ken hulle wat die wet en die profete ken en vir die mense die weg wil wys. Hy hoor ook hulle eerbiedige gebede. Hy merk selfs dat hulle wys op tekens en wonders. En hoeveel van hulle mis die een ding wat nodig is? "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

Soos dit altyd met Jesus is, ons hoogste Profeet en Leraar, is hierdie uitspraak nie 'n harde woord nie, maar louter blye boodskap. Dit is juis die regte antwoord op die diepste behoefte van hierdie geleerde man, wat voor hom staan. Hy verwerp nie Nikodémus se toenadering nie. Hy verag ook nie die eerbiedige wyse waarop hy Hom aanspreek nie. Hy bring alleen die saak op 'n ander vlak. "Jy moet verder gaan, Nikodémus. Jou geleerdheid en jou wetsvervulling bring jou nie naby die koninkryk van die hemele nie. Jy is nog maar "Skrifgeleerde". Met jou "leer" alleen kom jy egter nie in die koninkryk van die hemele nie.

Die "leer" is belangrik. Ons mag die oorgelewerde leer van die vaders nie oorboord gooi nie. Mense het vir hierdie leer gesterwe omdat die hoofinhoud van die leer Jesus Christus was. Hulle kon veral sterwe *omdat hulle waarlik geleef het.* Hulle was die wedergeboorte deelagtig; hulle het die lewe uit die Gees besit.

Nikodémus noem Jesus "'n leraar wat van God gekom het". Hy moet nou erns maak met die "leer" van Jesus. Dit is die leer dat selfs die Skrifgeleerde, Nikodémus, dood is in misdade en sondes. Hy moet weer gebore word; hy moet 'n nuwe mens word. Dit geld onverbiddelik van elke mens wat die koninkryk van God wil beërwe.

## 31 Hoe kan dit?

Joh. 6:60-71

*"Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word?"* (Joh. 3:4)

Dit sê veel vir die kaalgestroopte geleerde Nikodémus dat hy nie verontwaardig omdraai en wegstap, na die vorige uitspraak van die Here nie. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Daarmee trek die Here 'n streep deur Nikodémus se leer en sy ywer – ja selfs deur sy lewe. AI sy ideale en toewyding aan die saak, wat vir hom sy lewe was, lê aan skerwe. As Fariseër sou sy vanselfsprekende reaksie kon wees: "U is van die duiwel besete!"

Maar hy doen dit nie. Hy bly by Jesus. Dit is Nikodémus se redding, sy saligheid; hy bly. Hy sit die gesprek voort. Hy wil graag leer en hom laat leer. Só kom die lig in die man se lewe.

Hier het die goeie Herder 'n ryk man se armoede blootgelê. Hy het hom platgeslaan om hom te behou, omdat Hy hom liefhet. Hy sou die rug op Hom kon draai, soos só baie ander, onder dieselfde omstandighede sou doen. Hy het egter nie, omdat Jesus hom liefhet en vashou... So gebeur dit nog dat sommige weggaan en ander bly. Sommige dank die Here dat hulle ontmasker is; andere haat Hom as gevolg daarvan.

Daarop volg Nikodémus se vraag: "Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word?" Hierdie man het in volle erns na Jesus gekom. Hy soek na lig. Vir sy verstand is dit onmoontlik om te begryp dat 'n ou mens weer gebore kan word. Hy sien die onmoontlike en spreek dit uit. Hy kom met sy vrae in alle opregtheid na vore. Die mens wat meer wil weet, soek lig en hy ontvang dit ook. Soms gebruik die Here selfs 'n eenvoudige gelowige om aan 'n geleerde die antwoord op sy vraag te gee.

Hier is egter 'n kortsluiting tussen Jesus en Nikodémus. Nikodémus dink aards en vleeslik, terwyl dit by die Here om geestelike sake gaan. Dit is die misverstand van die ongeloof. In ons tyd oefen veral die denkmetode van die natuurwetenskap 'n groot invloed uit. Wat nie met aardse sintuie en natuurkundige metodes bewys kan word nie, bestaan volgens hulle nie of is nie waar nie. Daarom word die ewige God verwerp – Hy kan nie waargeneem word nie. Die wondere in die Bybel is in stryd met die natuurwette – daarom glo die moderne geleerde nie daarin nie.

Tot Nikodémus se redding het hy sy vraag oor die *menslik onmoontlik wedergeboorte* aan Jesus Christus gestel. En Jesus het erns gemaak met die vraag. Hy doen dit trouens altyd. Ook vandag nog doen Hy dit. Nikodémus sou, selfs na die antwoord van die Here, nog nie alles kon begryp nie. Ook ons sal nooit alles begryp nie. Dit is ook nie nodig nie. Wat wel nodig is, is dat ons weer gebore is.

# Februarie

## 1 Water en Gees

Kol. 2:4-15

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die koninkryk van God nie ingaan nie.* (Joh. 3:5)

Die Here Jesus spreek weer 'n sentrale waarheid uit. Hy is nog in gesprek met Nikodémus oor die wedergeboorte. Hier bring Hy die wedergeboorte in verband met die doopwater en die Heilige Gees.

Beteken dit dat die doopwater die wedergeboorte bewerk? Of ontvang ons die wedergeboorte deur die doophandeling waar die doopwater by te pas kom? Dit lyk dan of die Roomse kerk reg is, wanneer hulle leer dat die doop self genade meedeel. Daarom word 'n pasgebore kindjie selfs deur 'n dokter of verpleegster gedoop, indien dit lyk of hy gaan sterwe – anders het hy geen deel aan die genade nie en gaan verlore.

Dit sou gewis 'n maklike weg wees, indien dit waar sou wees. Dan sou niemand wat gedoop is, nooit verlore kan gaan nie. Dit maak die doop meganies-uitwendig. Dit kan Jesus gewis nie bedoel nie. Dit sou ook in stryd wees met die sterk nadruk wat die Evangelie op die geloof alleen lê.

Johannes die Doper verklaar in Matt. 4:11: "Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom... sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur." Nikodémus sou wel weet van die doop van Johannes. Hy sou ook kennis dra van Johannes se prediking. Hy sal ook weet dat Johannes die doop sien as die teken van bekering en vergewing van sondes.

Jesus wil nou benadruk dat die doopwater die wedergeboorte aandui – nie dat dit self die wedergeboorte bewerk nie. Dit gee die Heilige Gees alleen. Johannes het erken dat Hy wel met water kan doop, maar hy kan die Heilige Gees nie gee nie. Dit kan Jesus alleen doen. Hy sê later dat Hy die Trooster, die Heilige Gees, van die Vader sal stuur.

Die doopwater beeld af wat die Heilige Gees doen. Die Heilige Gees vernuut 'n mens só dat jy 'n nuwe mens is, wie se sondes afgewas is.

Gebore uit water en Gees dui op 'n intieme verbinding tussen die doop en die Heilige Gees. Net so seker as wat die dopeling deur die water gewas word, of daaruit gebore word, net so seker word hy gebore uit die Heilige Gees. Waar die doop bedien word, is die Heilige Gees aanwesig. Die uitwendige reiniging verseker die reiniging deur die Gees.

Dit maak van die doop meer as bloot 'n teken. Daarom noem ons belydenis dit 'n "teken en seël". Ons kan ons voor die Here beroep op ons doop, solank ons maar net nie aan die "uitwendige teken" van die water bly hang nie. Ons moet die lewe uit die Gees besit - en dit is die wedergeboorte.

## 2 Gees en vlees

Rom. 8:1-17

*"Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."* (Joh. 3:6)

Dit is baie belangrik waaruit of uit wie iemand gebore is. Jou ouers of vleeslike afkoms bepaal dikwels jou geaardheid en liggaamsbou. Jy kan selfs bepaalde karaktereienskappe, goed of sleg, van jou ouers erf. Ons geboorte uit die vlees hou vir onsself alleen maar die dood in sy volle omvang in. Dink aan die klag van Dawid: "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps. 51).

"Wat uit die vlees gebore is, is vlees ..." Dit beteken nie bloot dat 'n mens uit vlees en bloed bestaan nie. Dit beteken ook dat jy as natuurlike mens met sonde bevlek is. Dit is die ellende van elke kind wat gebore word – hy of sy word gebore in sonde en misdade. Hierdie geestelike dood waarin ons gebore is en lewe, word nog veel erger wanneer 'n mens dit sien in die lig van die opvatting van ons tyd. Die sondeval en sonde as sodanig is 'n mite. Sonde bestaan nie – dit gaan maar net om natuurlike drange of drifte. Die sielkundige Freud sien bv. die "doodsdrif" en "seksdrif" as die oerdrifte. Dit is bloot "natuurlike" drifte wat 'n mens, volgens sy volgelinge, nie moet onderdruk nie. In die greep van die opvatting word die mens in werklikheid verdierlik. Eintlik is die "verdierlikte" mens erger as wat enige dier ooit kan wees in die uitbarsting van onbeteuelde drifte.

In ons tyd van "verdierliking" sien ons ten duidelikste hoe die geboorte uit die vlees, vir ons alleen die dood in sy mees afgryslike gedaante beteken. Hieruit kom 'n mens op geen ander wyse as deur 'n wonder van Bo nie. God moet ingryp. Hy moet die natuurlike geboorte regstel, anders sink ons weg in die modder van die ewige dood.

Hierdie regstelling van God, is die geboorte uit die Gees. Dit is so radikaal dat dit 'n geboorte genoem word. En soos die natuurlike geboorte bepaal dit 'n mens se wese of karakter. Dit is 'n heilige geboorte, want dit kom uit God. Daarom is die wedergebore mens 'n heilige kind van God. "Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus... Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Ef. 2).

Elkeen wat uit die Gees gebore is, wandel deur die Gees en bring die vrugte van die Gees voort. "Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing... Die wat aan Christus behoort het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig" (Gal. 5). Die Gees staan lynreg teenoor die vlees. In Hom word hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

## 3 'n Wonder van bo

Rom. 11:33-12:3

*"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie."* (Joh. 3:7)

Die Here Jesus sien dat Nikodemus hom verbaas. Daar is onbegrip, verwondering in sy hart. Hy het alreeds gevra: "Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word?" Later sou hy nog vra: "Hoe kan hierdie dinge gebeur?"

Nikodemus die Fariseër het van kindsbeen af geleer dat 'n mens die wet moet nalewe om in die koninkryk van God te kom. Nou hoor hy dat dit vergeefse moeite is. Geen mens kan die koninkryk van die hemele sien, indien hy nie weer gebore word nie. Dit is sy eerste verbasing en ontnugtering. Ondanks al sy inspanning en stryd en nougesette wetsbetragting is hy nog verlore in sonde en misdade. En al sou hy nog kan insien dat die mens onbekwaam is tot enige goed en geneig is tot alle kwaad, groei sy verwondering aan. Dit wat Jesus aan hom vertel is só nuut en anders: 'n nuwe geboorte, 'n nuwe lewe – ja, 'n nuwe mens.

Wie homself en sy medemens met verligte oë sien, moenie verbaas wees dat hy die wedergeboorte nodig het nie. Hy sien sy eie verlorenheid. Hy besef hyself kan niks en het niks wat as verdienste by God aangemerk kan word nie. "Wie het eers iets aan Hom gegee dat dit hom vergeld moet word?" vra Paulus tereg. En dit is wat Jesus hier bedoel met sy teregwysing: "Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie." Kyk maar goed na jouself en kyk na die mensdom, dan sal jy wel sien dat niks minder as 'n nuwe geboorte vir jou nodig is nie.

Dit kos genade om dit raak te sien. 'n Mens is in die opsig ook maar soos die spreekwoordelike volstruis. Hy steek sy kop in die sand weg met die gedagte dat God en sy medemens ook nie sy gebreke sien, wanneer hy dit self nie wil sien nie. Die mees ongewilde mens op aarde is die boetprediker. Dink aan die arme wenende Jeremia wie se taak dit was om sy volk tot berou en bekering te roep.

So gaan dit nog. Veral die "mondige" en "verligte" mens van ons eeu wil nie meer hoor van sonde nie. Hy kyk jou vreemd en verbaas aan wanneer jy 'n bepaalde leefwyse as "sondig" brandmerk. Hy is verwonderd om nog só 'n fossiel soos jy in ons verligte eeu aan te tref.

Die Skrifgelowige is nie verwonderd daaroor dat mense geen vredesparadys op aarde kan bewerk nie. Hy weet immers van die natuurlike boosheid wat in alle mense woon. Hy weet die wêreld is moeilik en die tye swaar omdat die mense liefhebbers van hulleself is. Daarom bereik die idealiste met al hulle goeie bedoelinge niks nie.

Daar is maar één weg: Buig in verwondering voor die hoë God wat die wonder van die wedergeboorte aan mense gee. Wedergeboorte beteken eintlik dat ons reddeloos verlore is, indien God dit nie doen nie. Daaroor kan ons ons gerus verwonder: dat God só goed en só genadig is om dit aan ons te gee. Hier pas verwondering gepaard met aanbidding. Bid Hom om sy genade en sy Heilige Gees. Dit is ons enigste hoop.

# 4 Geheimenis

Joh. 5:11-21

*"Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is."* (Joh. 3:8)

'n Mens kan Nikodémus nie kwalik neem nie dat hy na hierdie uitspraak van die Here, wat 'n verduideliking op sy vorige vraag is, maar weer vra: "Hoe kan hierdie dinge gebeur?" In ons teks het Jesus eintlik maar net aan Nikodémus gesê dat 'n mens die werking van die Heilige Gees in die wedergeboorte nie kan verstaan nie.

"Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie..." Nikodémus sou natuurlik nie kon weet van koue en warm lug en van hoë en laedrukstelsels nie. Hy kon dus nie weet waar die wind, wat hy hoor waai, "vandaan kom" nie. Die ontstaan van die wind is vir hom 'n geheimsinnige verborgenheid. Net so sou hy ook nie kon vasstel waar die wind ophou om te waai nie. Wat hy wel met sy sintuie en sy begrip kon vasstel is *dat* die wind waai. Hy hoor die suising van die wind in die bome en hy weet die wind waai. Die gevolge van die waaiende winde is vir hom waarneembaar, maar die wind self kan hy nie sien nie en sy oorsprong en bestemming is vir hom 'n geheimsinnige raaisel.. .

Dit is wat die Here Jesus nou wil vergelyk met die werking van die Heilige Gees in die hart van 'n mens. Die werk van die Gees word nie nader omskryf nie. Dit is te wonderbaar vir ons begrip. 'n Mens kan die Gees nie omvat of gryp of ontleed nie. Dit gaan ons begrip altyd te bowe. Met jou sintuie kan jy Hom self nie waarneem nie. Selfs by Pinkster, met die uitstorting van die Heilige Gees, is die Gees self nie gesien nie. Alleen maar tekens om aan te dui dat Hy daar is, is gehoor en gesien. Toe is ook 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind gehoor. Die wind is derhalwe 'n daadwerklike "teken" om iets aan te dui van die werk van die Heilige Gees. In die oorspronklike taal is "wind" en "Gees" selfs dieselfde woord.

Hierdie beeld van die wind sê vir ons iets van die werking van die Gees by die wedergeboorte van 'n mens, maar nie alles nie. Een ding is egter duidelik: Die wind waai en hy waai waar hy wil. Geen mens kan die windrigting beheer nie. Hy gaan vrymagtig sy gang. Só werk die Gees by *elkeen* wat uit God gebore is. Daar is geen uitsondering nie. Niemand kan sê: "Ek is wedergebore uit my eie wil toe ek dit verkies het" nie. Hier het ons *met* die werk van God self te doene. En dan moet ons maar vergeet van ons eie sintuie en ons helder verligte wetenskaplike verstand kruisig. Hier rig ons eksperimente en waarneming en bewyse niks uit nie . ..

En tog ... En tog hoor ons die geluid van die wind. Die wind waai – die winde van die Gees van God... Mense word anders – hoe weet hulleself nie... Hulle hoor die stem van God in sy Woord. Hulle sien sy werke in hulleself en in die wêreld. Hulle antwoord op sy stem. Hulle volg Hom in gehoorsaamheid aan sy heilige wil. Waarom? Alleen maar omdat die wind van die Gees van God hulle harte en lewe deurwaai... Nuwe mense is gebore. Hulle is weer gebore nie uit die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God.

Loof Hom! Prys sy heilige Naam!

## 5 Vaste fondament van Woord

2Tim. 3:10-17

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig wat ons gesien het."* (Joh. 3:11)

Nikodémus se laaste vraag was: "Hoe kan hierdie dinge gebeur? "

Jesus antwoord met 'n vermaning: "Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?" Die Here het immers reeds in die Ou Testament oor die geboorte uit die Gees gespreek. Dink aan Eseg. 36:26-27. Só is daar meer uitsprake soos bv. die van die "besnydenis van die hart". Alreeds in die Ou Testament was daar geen ander weg om die koninkryk van God te beërwe nie, as deur die wedergeboorte.

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het..." Waarom praat die Here nou van "ons"? Wie bedoel Hy almal daarmee? Volgens die verband meen ons dat Hy hier ook op Johannes die Doper doel. Johannes, as voorloper en Hy as Koning van die koninkryk van die hemele, verkondig dieselfde waarheid. Dit sien egter ook op almal wat, soos Hy, die koninkryk van God verkondig, teenoor die leraars van Israel, wat hierdie dinge nie weet nie.

Nikodémus spreek namens 'n kring of groep, die Fariseërs. Hulle kom met 'n wetenskap wat die resultaat is van menslike nadenke en ondersoek. Só sien die Fariseërs dit self. Hulle is derhalwe verteenwoordigers van 'n menslike denksisteem. Hulle verstand en insigte is vir hulle die einde van alle teëspraak. Daarmee het hulle 'n vernuftige sisteem van reëls en gebooie opgebou, wat kan dien as grondwet vir die koninkryk van die hemele.

Jesus en die syne kom egter met kennis wat hulle nie self uitgedink het nie, maar ontvang het. "Ons getuig van wat ons gesien het" sê Hy. Jesus self sê herhaaldelik dat Hy by die Vader gesien het. Hy preek wat Hy gesien het. Johannes die Doper en die apostels verkondig en getuig van wat aan hulle geopenbaar is. Dit is nie voortspinsels van hulle eie verstand nie, maar dit is aan hulle gegee of getoon.

Die Fariseërs was dus eintlik nie meer teoloë nie, maar filosowe. Daarom neem hulle die getuienis van Jesus nie aan nie. Dit rym nie met hulle eie denksisteem nie. Sulke leraars is vandag nog volop te vinde. Dit is selfs die grondoorsaak van die ongeloof van mense in die algemeen. Die openbaring van God bots met hulle eie vooringenome standpunt. Daarom kan Jesus sê: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matt. 11). Salig is die wat kinderlik glo.

# 6 Nuus uit die Hemel

Hebr. 1:1-14

*"En niemand het opgevaar in die hemele nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het...*" (Joh. 3:13)

Die Here Jesus praat nie hier van sy hemelvaart wat later sou plaasvind nie. Dit gaan ook nie hier om Henog en Elia wat lewend in die hemel opgeneem is nie.

Om te begryp wat die Here bedoel, moet ons ook let op die voorafgaande vers: "As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?" Om van die hemelse dinge te kan vertel, moet 'n mens 'n ooggetuie wees van wat in die hemel gebeur. En wie anders kan 'n ooggetuie wees "as die Seun van die mens"? Wanneer die Here Jesus Homself die Seun van die mens noem, wil Hy duidelik tuisbring dat Hy die Middelaar is wat in die Ou Testament belowe is. In Dan. 7:13, 14 word die "Seun van die mens" geteken as die Messias.

Dit is duidelik: Hier het ons Iemand wat ons kan vertel van die hemelse dinge. Hy is die Middelaar en daarmee ook die "Openbaringsmiddelaar". As Hy die "Woord" genoem word, wil dit ook sê dat ons in Hom die "sprekende" God het. In en deur die Middelaar praat God van Homself. Hy vertel ons van die hemelse dinge. Hy en Hy alleen kan dit waarlik doen, want Hy alleen het uit die hemel neergedaal.

Ons sou nooit van die hemelse dinge geweet het, indien God dit nie self aan ons geopenbaar het nie. Hy moet ons self van die hemelse dinge vertel. Die mens weet baie in ons tyd. Hy weet egter só min van die hemelse dinge dat hy selfs vertel dat God dood is. Vir die mens se verstand is dit onmoontlik om op te klim vanuit die geskapene na die ongeskape hemel waar God woon. Hy kan nie die grens van die "immanente" oorskry en die "transendente" met sy middele, hetsy verstand, gevoel, intuïsie of wat ook al, bereik nie. Van ons kant af is dit onmoontlik *om* die hemelse dinge te ken.

Die Kennis gee God egter aan ons wat glo. Hierdie dinge, die hemelse dinge, is verberg vir wyse en verstandige mense en aan kindertjies geopenbaar (Matt. 11). Wat moet God meer doen om mense tot geloof te bring? "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun..." (Hebr. 1:1). God het gespreek en Hy spreek nog. Hy vertel ons van die hemelse dinge. Niemand, wat die hemel bereik het, het nog teruggekom om ons daarvan te vertel nie. Jesus sê selfs dat al sou iemand uit die dode opstaan, sal hulle nog nie glo nie, indien hulle Moses en die profete (die Bybel) nie glo nie.

Daarom: "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie." Sy skape wat na sy stem luister, ontvang die ewige lewe; hulle gaan nooit verlore tot in ewigheid nie en niemand sal hulle uit sy hand ruk nie (Joh. 10).

## 7 Christus en die Koperslang

Num. 21:1-10

*"En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, só moet die Seun van die mens verhoog word*..." (Joh. 3:14)

In die Bybel is die slang die mees tipiese beeld van die duiwel. Só het die duiwel in die Paradys die slang gebruik om die mens tot sonde te verlei. Hy word ook inderdaad die "ou Slang" genoem. Christus was tog in alles die teendeel van wat 'n slang simboliseer. 'n Mens kan wel sê dat die mens van ons tyd, wat niks wat heilig is ontsien nie, Christus tot 'n denkbeeldige slang kan maak. Hy word neergetrek tot die vlak van die menslike opstand en rewolusie teen die gesag van God en elke menslike gesag op aarde. Die Naam van Christus word ingespan deur die rewolusionêre mens voor die karretjie van die "Slang" in sy strewe na chaos en verwarring op aarde.

Dit het Jesus self waarlik nooit bedoel nie. Hy was geen "rewolusionêr" nie. Dan sou Hy Homself nie soos 'n lam na die slagplek laat lei het nie. Sy stryd was juis teen die "slang" en Hy het Hom in die stryd nooit laat verlei om 'n politieke agitator of 'n sosiale hervormer te wees nie. Sy stryd gaan nie teen menslike stelsels nie, maar teen die sonde in die hart van elke mens, wie hy ook al is. Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore was. Om sondaars salig te maak is vandag nog sy taak.

Hy vereenselwig Homself nie met die slang nie, maar die vergelyking bestaan daarin dat Hy, netsoos die koperslang in die woestyn, verhoog is. Hy verwys hier na die geskiedenis van Israel in die woestyn. Die volk was in opstand teen die weg van die Here. Daarop stuur die Here giftige slange in die laer wat begin om links en regs te byt. Spoedig was dit 'n kermende en wenende volk. Hulle pleit by Moses om tot die Here te bid om die slange weg te neem. Dan kom die opdrag aan Moses om 'n koperslang te maak en dit aan 'n paal vas te heg. Die paal is opgerig met die slang daar boaan. As iemand dan deur 'n slang gebyt is en hy kyk op na die koperslang, sal hy nie doodgaan nie. God neem nie die slange weg nie, maar die sonde. En dan eis Hy geloof – kyk na die slang aan die paal!

Ons leef in 'n wêreld wat krioel van dodelike slange. Hulle byt is giftig. Dit is die soort slange waarvan ons alreeds een in die Paradys aangetref het. Sy byt in die hart van Eva, met sy gladde vriendelike tong, was dodelik. Hulle is nog daar – die bose geeste in die lug. Hulle byt u en my en ons kinders en ons volk – waar op aarde is hulle nie besig met hulle doodswerk nie?

Daar is egter redding. Nie vir almal wat gebyt is nie, maar vir almal wat opkyk na die "verhoogde" Christus. Hy is *verhoog* aan die kruis. In die Bybelse sin was sy "kruisdood" nie vir Hom 'n verhoging nie, maar die allerdiepste vernedering. Een ding is egter seker dat Hy in daardie vernedering aan die kruis die Oorwinnaar oor die Slang was. Daar is die Slang se heerskappy verbreek.

Ons moet opkyk na Hom. Ons wat dodelik gewond en verkneg is deur die Slang, moet gelowig opkyk.

Die boodskap van die verhoging van die slang is: "Glo in Jesus Christus, die Gekruisigde, en jy sal gered word!"

# 8 So Lief het God die Wêreld

Joh. 4:7-21

*"Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het...*" (Joh. 3:16)

Min uitsprake van Jesus is só bekend en só bemind as ons teks. Tereg sê iemand: "Vers 16 is 'n beroemde, sentrale uitspraak in Jesus se prediking. Daarom juis is dit moeilik om uit te lê, want dit spreek ons toe soos dit daar staan ..." Wat kan 'n mens eintlik sê om dit duideliker te maak?

"Want só lief het God..." sê Jesus. God het lief. Johannes sê elders: "God is liefde." Dan staan ons voor die geheimenis van die wese van God. Hy kan nie anders wees as om lief te hê nie. Dadelik dink 'n mens aan die vraag wat ons so dikwels hoor: "As God 'n God van liefde is, waarom is daar soveel ellende en nood op aarde? Waarom die lyding van soveel onskuldige kindertjies?"

Die nood en die ellende en die verwarring op aarde is egter nie vreemd nie. Dit is nog verstaanbaar. Selfs as gelowige, wedergebore mense, moet ons onsself gedurig skaam vir ons liefdeloosheid, ons self sug en struikeling. Ons kan waarlik in onsself geen rede vind, waarom God ons liefhet nie. Dit is nie die toorn van God wat onbegryplik is nie. Dit verdien ons immers. Sy liefde bly egter onbegryplik. Sy liefde vir 'n sondaar, wat Hom nie wil ken of liefhê nie. En hierdie onbegryplike liefde van God is die hart van die Evangelie. Roep dit uit op die dakke: "God het die wêreld lief!"

Jesus praat van God se liefde vir die wêreld, so ruim moontlik. God laat die wêreld, wat deur Hom geskape is, nie los nie. Hy het Hom verlustig in sy skepping – ja, in besonder in die skepping van die mens – daarom gaan die liefde van sy hart nog uit tot die wêreld. Uit die verband is dit duidelik dat Jesus hier die mensewêreld in die oog het. Al wyk die mensewêreld van Hom af en al vlug die mensdom van Hom af weg – nogtans strek Hy sy hand van liefde tot die wêreld uit.

Ons weet dat die mensdom nie hoof vir hoof gered word nie. Ons weet ook van die uitverkiesing en geloof en wedergeboorte, maar dit neem nie weg dat niemand in die wêreld God van "liefdeloosheid" kan beskuldig nie. Sy liefde is wêreldomvattend. Niemand, ook hulle wat verlore gaan, sal ooit kan sê: "In God se liefhebbende hart was daar nie plek vir my nie." Hy het sy eniggebore Seun gegee, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Dat mense verlore gaan is nie te wyte aan God se gebrek aan liefde nie, maar omdat hulle nie in Christus glo nie .. .

Hierdie geheimenis van God se sondaarliefde is onbegryplik... Maar dit is heerlik. God is goed. Hy het my lief. Dit kan elke sondaar van harte sê.

## 9 Elkeen wat in Hom glo

Hand. 16:25-33

*"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."* (Joh. 3:16)

So verkondig die eniggebore Seun van God self die hart van sy evangelie. So openbaar Hy die hart van God Drie-enig. Die God wat liefhet; wat die wêreld liefhet. En die liefde van God is nie bloot 'n abstrakte begrip nie. Dit is 'n werklikheid. Dit het in die geskiedenis van die mensdom in hierdie wêreld vlees en bloed geword in die eniggebore Seun van God.

God het Hom, sy eniggebore Seun, gegee omdat Hy die wêreld liefhet. Hy het Homself ontledig deur die gestalte van 'n mens en 'n dienskneg aan te neem. Hy het ons in elke opsig gelyk geword uitgenome die sonde. Hy het onder ons gewoon. God het Hom selfs gegee tot in die dood; die dood aan die kruis, omdat Hy die wêreld liefhet. Dat Hy Hom gegee het en só gegee het, is 'n geskiedkundige feit. Daarvan getuig Johannes die evangelieskrywer. Daarvan getuig al die apostels wat getuies was van sy lewe en lyde en verheerliking.

Dit baat nie om in 'n idee of inbeelding of fantasie te glo nie. Elkeen wat in *Hom* glo, sal nie verlore gaan nie. Ons lewe, die ewige lewe, is gebind aan Hom en Hom alleen.

Hierdie selfde hoofstuk vertel van die Here se onderrig aan Nikodémus oor die wedergeboorte. Hy het Nikodémus toe in geen opsig vermaan om wedergebore te word nie. Hy het alleen maar benadruk dat dit 'n vrymagtige daad van God is, waarsonder geen mens die koninkryk van God sal sien nie. Hier is dit egter anders: "Elkeen wat glo" hou indirek 'n vermaning in om tot geloof te kom. Die geloof is 'n gawe van God, lees ons in Ef. 2. Die geloof is egter ook 'n bewuste daad van die mens... Die mens word dringend opgeroep tot die geloof: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word!" (Hand. 16:31).

Mense kan hulleself hiervan probeer afmaak met die verontskuldiging: "Ek kan nie glo as God my die geloof nie gee nie." Sulke mense werp hulle verantwoordelikheid op God. Hulle maak hulleself net meer skuldig. God roep op tot geloof – in alle erns. En dan mag geen mens wag op Hom om die geloof aan jou te gee nie. As jy die stem van God hoor, moet jy glo. Jy moet Hom op sy Woord neem.

Elkeen wat nie glo nie, gaan verlore. Daarteenoor het elkeen wat glo die ewige lewe. Die verdelende maatstaf tussen die ewige lewe en ewige verlorenheid is die geloof.

Die Middelaar, Jesus Christus, verkondig hier die blye tyding van God se onbegryplike liefde vir die wêreld aan alle mense. In Hom ontspring die fontein van die ewige lewe. Hy kan Hom daarin verbly dat mense die ewige lewe ontvang, omdat hulle glo. Hy het egter ook geween oor die ongeloof van sy eie mense wat nie in Hom wou glo nie. Soek u nog na 'n bewys van die erns van hierdie uitspraak?

## 10 Eerste koms van Christus en oordeel

Rom. 4:21-31

*"Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."* (Joh. 3:17)

God toon sy liefde tot die wêreld in die koms van sy Seun. Dit kon anders gewees het. Hy kon Hom gestuur het om die wêreld te veroordeel, want Hy het 'n saak teen die skuldige wêreld. Die wêreld verdien sy oordeel.

God het egter sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, hoewel die wêreld dit verdien. Dit is juis die onbegryplike in die liefde van God. Alle mense lê onder die oordeel van God. Die normale verwagte optrede van God sou dus wees dat Hy sy oordeel in toorn oor die mensdom uitgiet. Hy doen dit egter nie.

Die koms van sy Seun bring wel iets aan die lig by die mense in die wêreld. Dit is asof almal onder die oordeel deurgaan. Die Here gebruik die woord "veroordeel" hier eintlik in die sin van "skif" of "beoordeel". Die koms van die Seun van God in die wêreld stel elke mens voor 'n keuse. Hy staan onafwendbaar voor die keuse om vir of téén Christus te kies. Teenoor Hom is niemand neutraal nie. Bly jy soos jy is en maak jy asof Christus nie gekom het of nie bestaan nie, dan bly God se oordeel op jou. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel, omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."

So is Christus se koms om die wêreld te red dus ook vir die ongelowige mens tot 'n oordeel. Christus is vir hom 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling. Hy wat die liefde van God in Christus verwerp, kom deur sy eie skuld onder die oordeel – hy bly onder die oordeel. Hy vertrap die bloed van Christus. Hy slaan die reddende hand van liefde opsy. Daarom sink só 'n mens weg in die oordeel. Die redding in Christus gaan by hom verby ...

Aan die ander kant: "Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie..." Die geloof word hom tot geregtigheid gereken. Dit is só eenvoudig en tog só geweldig. Voor die vierskaar van ons eie gewete word ons aangekla. Die duiwel wys op ons sondes en laat ons soms krimp onder sy beskimping. Ons durf die oë nie opslaan na die hemel nie. Ons staan vér weg en roep: "O God, wees my sondaar genadig!" En tog hoor ons uit die Woord van God: "Jy is onskuldig, want jy glo in die Seun van God." Wie in die Seun glo, staan op hierdie oomblik nie meer onder die oordeel van God nie. Hy is klaar verhef bo die oordeel uit – die skifting of beoordeling is verby. Hy is uit die wêreld gered en bly nie in die oordeel nie. Die toorn van God rus nie meer op hom nie.

Hierdie skifting of beoordeling word eenmaal bekragtig by die eindoordeel, wanneer Christus weer kom. Dan kom Hy as Regter. Hy kan dan kom – Hy het immers sy barmhartigheid bewys – om te oordeel. Die onderskeiding bly dieselfde: geloof en ongeloof.

## 11 Kwaaddoeners haat die Lig

1 Joh. 1

*"Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig..."* (Joh. 3:20)

"En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos." Jesus noem Homself die lig van die wêreld. In ruimer sin is die hele Woord van God die lig wat in die wêreld gekom het. Een ding is duidelik dat God, die God van die lig, Homself nie onbetuig gelaat het nie. Hy het ons nie in die duister gelaat nie. Wie maar wil oplet kan die lig sien. Mense wat ligsku is en die duisternis van die boosheid liefhet, is onder die oordeel. Alreeds in hierdie lewe toon hulle dit deur hulle duistere werke.

Die kenmerk van die boosdoener is dat hy gereeld kwaad doen. Dit is sy praktyk of lewensbeginsel. Hy volhard in die kwaad. Die gelowige doen ook sonde. Dit is egter die sonde van struikeling, van val en opstaan. Hy stry teen die sonde. Dit is die eerste wyse van skifting tussen die boosdoener en die gelowige.

Maar dan noem die Here nog 'n verdere kenmerk van die kwaaddoener. "Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie." Ons het die ervaring met baie, baie mense wat selfs aan die kerk behoort, wat hulle werke toedek en nie tot openlike erkentnis of belydenis van die sonde wil kom nie. Ek het ook ervaring van werk onder gevangenes. Hoewel hulle oortredinge hulle in die tronk laat beland het, bly hulle besig met die soort blufspel om as onskuldig te poseer. Hulle kan baie sondebokke opnoem wie se skuld dit is dat hulle in die gevangenis sit, behalwe hulleself.

Ons moet dit baie goed begryp. Almal is sondaars. "Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie" (Rom. 3). Dit is ons almal se ellende. Ons doen nie alleen sonde nie, maar ons is van nature een stuk sonde. Ons is onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad. Dit kan ons nie genoegsaam benadruk nie. In ons tyd word die kwaad al te dikwels vergoelik. Voor God het geen mens in homself iets wat goed is nie, tensy God dit aan hom gee.

Na só 'n wêreld het Christus gekom om te soek en te red die wat verlore was. Of, soos Paulus dit stel: "Christus het op die regte tyd vir die goddelose gesterwe." Die mees afskuwelike sonde kan in sy bloed bedek word. Aan die redding is egter een voorwaarde verbonde: Jy moet jou nagwerke in die daglig voor die aangesig van God erken en bely. Jy moet dit nie bedek hou nie. "O God, wees my sondaar genadig!" was die belydenis van 'n tollenaar. En hy het geregverdig na sy huis gegaan, sê die Here.

Bly 'n mens vaskleef aan die boosheid en hou jy dit altyd bedek, dan bly die oordeel van God op jou. "Want elkeen wat kwaad doen, kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie." Dit is die oordeel dat die mense die duisternis liewer het as die lig. Hoe dwaas is sulke mense tog! Eendag sal al hulle werke tog aan die lig kom, maar dan is dit te laat.

## 12 Werkers van die waarheid het die Lig lief

1 Thess. 5:1-11

*"Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is."*

My kindjie was pas hier by my. Sy het vir my iets kom wys wat sy geteken het. Sy het dit aan my kom wys om my genoeë en goedkeuring te smaak. In haar oë is dit mooi en die moeite werd om te kom wys. Anders sou sy dit miskien weggesteek of opgeskeur het. Sy sou haar werk nie openbaar het nie, maar liewer verborge wou laat bly. Dat sy dit kom wys toon dat sy nie daarvoor skaam is nie. Dit kan die toets van die lig deurstaan.

Só, sê die Here, is hulle wat die waarheid doen. Hulle kom na die lig. Hulle het niks om weg te steek nie. Dit kan maar gesien word, want dit is in God gedoen. Ons mag nie hieruit aflei dat ons in geestelike sin op ons werke roem nie. Dit gaan vir die Here Jesus nie om die "verdienstelikheid" van die werke nie. Dit gaan alleen daarom dat dit in die lig gedoen kan word, omdat hulle in die waarheid gegrond is.

Die woord "waarheid" word hier in godsdienstige betekenis gebruik. Dit wil aandui dat ons aan Christus gebind is, wat Homself die Waarheid noem. Om die waarheid te doen, beteken hier dat ons dit doen wat ons kenmerkend aan Christus verbind. Elkeen wat die waarheid doen, doen die werke van Christus. Sy werk is om die wil van sy Vader te doen. En ons ken die wil van die Vader uit sy wet.

Glo dit maar gerus. Indien u in Christus, die Waarheid bly, dan doen u die waarheid. Dan kom u na die lig. En dit beteken nie alleen dat ons werke dan die lig van die dag kan trotseer nie. Mense kan dit maar sien. Ons skaam ons nie daarvoor nie. Dit beteken ook dat ons na die Lig van die wêreld kom. Dit is Jesus Christus, ons Middelaar, self. Sy lig skyn oor ons werke. Hy sien dit en die wêreld sien dit as werke van die waarheid.

En wat 'n ryke getuienis gaan dan uit tot die wêreld! Die waarheidsgegronde werke van die gelowige openbaar "dat hulle in God gedoen is". Ons Kategismus noem goeie werke alleen die wat uit die geloof, volgens die wet van God en tot sy eer gedoen word. Dit is wat die Here die werke van die waarheid noem.

Dat ons werke "in God gedoen" is, beteken ook dat dit gedoen is waar God die krag daartoe gee. Dit word gedoen deur sy krag. Daarom kan dit nie anders as in die lig gedoen word nie. God staan agter die dade van elkeen wat die waarheid doen. Hy staan agter elkeen wat begeer dat die lig daaroor val. Die werke wat voor die voete van die Lig van die wêreld neergelê word, kan nie anders as uit God wees nie.

So is die wisselwerking van die werke van die waarheid in die koninkryk van God. En ons word daarin betrek. Geruk as brandhoute uit die vuur kom ons in die gloed van die ligtende Waarheid. En ons leef – uit God! Daar sien ons dit! Daar sien die wêreld dit! Daar sien God dit met welgevalle in die hemelse lig! Ons werke? Nee, sy werke in ons!

## 13 'n Redenasie

1 Tim. 6:3-21

*"Daar het 'n redenasie met die Jode ontstaan oor die reiniging."* (Joh. 3:25)

Die Joodse Skrifgeleerdes het groot waarde aan debatte of redenasies geheg. Argumente vir en teen 'n saak word gestel en oorweeg om tot die "waarheid" te kom. Hier was dit egter nie 'n blote debat of redenasie in die goeie sin van die woord nie, maar volgens die oorspronklike Griekse woord, 'n redenasie met 'n angel. Dit was eintlik 'n twisgesprek met kwaaie bedoelinge.

'n Normale redenasie of debat het wel sy waarde. Ons moet alleen maar onthou dat 'n mens nooit langs die weg werklik tot die "waarheid" kan kom nie. Die waarheid ontdek ons nie met ons verstand nie. Dit word aan ons geopenbaar in Christus. 'n Mens moet die gebrek van jou verstand as skepsel en, daarby as sondaar, in gedagte hou. Jy moet bereid wees om, selfs in beraad met die wyse en verstandiges van hierdie wêreld, jou verstand te kruisig en kinderlik te glo in die geopenbaarde dinge.

Hierdie twisgesprek ontstaan tussen dissipels van Johannes die Doper en sekere Jode. Dit gaan oor die "reiniging". En waar hier nou sprake is van die Here Jesus wat preek en doop en Johannes wat preek en doop, is dit voor-die-hand-liggend dat die "doop" hierby betrek is. Waar op aarde kry 'n mens 'n lekkerder onderwerp vir 'n "twisgesprek" as juis die doop? Waarskynlik het hierdie Jode gewys op die oorbodigheid van die doop van Jesus en Johannes. Hulle was immers kinders van Abraham wat besny is en daarby het hulle die gewone reinigingsvoorskrifte van Moses wat hulle getrou onderhou. In sommige opsigte is hulle selfs meer nougeset as Moses. Hulle eet nooit sonder om hulle hande te was nie. Hulle het geen beswaar teen die sg. "proselietedoop" nie – dit is die doop wat bedien word aan heidene wat tot geloof in die God van Israel kom. Maar hulle as Jode is rein. Hulle onderhou die wet – alleen die heidense honde is onrein.

Waar kom Johannes die Doper en ook Jesus aan die reg om te doop? Dink daaraan, om aan kinders van Abraham te verkondig die "doop van bekering tot vergifnis van sondes"? Só asof hulle onrein en verlore is!

Dit is ook so tipies van die soort twisgesprekke dat die bepaalde Jode nie vir Jesus of Johannes self aandurf nie. Hulle slaan toe op hulle volgelinge. Om die eenvoudiges in verwarring te bring, is gewoonlik die beleid van die twissoeker. Hier was hulle beleid klaarblyklik om 'n wig in te dryf tussen Johannes en Jesus self. Dit blyk daaruit dat die dissipels na die twisgesprek na Johannes kom en vir hom sê: "Rabbi, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was, van wie u getuig het, kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe."

Daar het u die uitslag van byna elke twisgesprek. Dit bring mense nie tot ootmoed en verbryseling nie. Dit bring nie by Jesus nie, maar skei van Hom. Hoe dikwels maak ons ons hieraan skuldig? Ons taak is immers nie om mense van Jesus te vervreem nie, maar hulle by Hom te bring en aan Hom te bind.

## 14 Die ware dienskneg van die Here

1 Kor. 1:1-16

*"Hy moet meer word, maar ek minder."* (Joh. 3:30)

Die duiwel wou Johannes die Doper se dissipels gebruik om verwydering te bring tussen hom en Jesus. Johannes, hulle geliefde prediker, se invloed neem af. Jesus se invloed groei aan. Johannes maak geen dissipels meer nie. Na Jesus stroom die menigtes.

Johannes laat hom egter nie verlei nie. Hy bly getrou aan sy roeping. Jesus ontvang wat Hom toekom. Hy ontvang dit uit die hemel. "Julle is self my getuies dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat ek voor Hom uitgestuur is." Hoe beskamend vir sy dissipels dat hulle dit vergeet het. Hulle erken dat Johannes oorkant die Jordaan van Hom getuig het dat Hy die Christus is. Maar die verdere stap wil hulle nie neem nie. Hulle wil nie self erken dat Jesus die Christus is nie. Hulle hang die boodskapper van Christus aan, maar die Christus self wil hulle nie aanhang nie.

Mense is soms só verblind deur die glans van 'n besondere prediker dat die inhoud van sy evangelie by hulle verbygaan. Paulus het in die gemeente van Korinthe met dieselfde sonde te doene gehad. Sommige het gesê dat hulle aan Paulus behoort; andere aan Sefas; andere aan Apollos en andere aan Christus. Dit is moeilik vir elke evangeliedienaar om nie daarna te strewe om mense aan hom persoonlik te bind nie. Dit is ook moeilik vir 'n gemeente om onbevange te luister na die evangelie en die prediker maar net te sien as 'n mondstuk van die Here.

Hierin is Johannes groot. Nie verniet het die Here Jesus van hom gesê dat niemand wat uit vroue gebore is, groter as Johannes die Doper is nie. Hoe anders sien hy sy werk en verhouding tot Jesus as sy dissipels!

Die bruid, die gemeente, behoort aan die Bruidegom, Christus. Hy is die vriend van die Bruidegom. Hy hoor hoe die Bruidegom in liefde tot sy bruid spreek. En dit verbly hom. Vanselfsprekend is hy ook bly dat die gemeente luister na haar Bruidegom. Hy as vriend het hulle bymekaar gebring. Dit was sy taak en nou vervul dankbare blydskap sy hart. Watter ware herder ken groter blydskap as dit dat mense luister na die stem van Christus? Buig hulle voor Hom en dien en eer Hom, dan loop só 'n herder se beker oor.

"Hy moet meer word, maar ek minder." In hierdie paar woorde vat Johannes die kern van die hele saak saam.

Christus moet meer word. Dit is 'n moet – 'n Goddelike moet. Só is dit bepaal. "Meer word" beteken eintlik in die oorspronklike taal dat iets uitgroei, soos saad wat ontkiem. Dit groei en word groter en kom tot wasdom.

Johannes die Doper self moet egter minder word. Hy moet kleiner word, verskrompel. Soos Jesus se werk meer en meer uitbrei, só word Johannes se werk al meer en meer oorbodig. Daarom mag, ja moet, Jesus die doop oorneem. Hy moet ook die mense oorneem. Hy moet groei in eer en aansien. Dit is die normale, Godgewilde gang van sake.

## 15 Dit is 'n "moet"

Hand. 16:1-14

"*En Hy moes deur Samaria gaan.*" (Joh. 4:4)

Dit was nie nodig vir Jesus om deur Samaria te reis om in Galilea te kom nie. Gewoonlik het die pelgrims heen en weer vanaf Galilea na Jerusalem gereis, deur oor die Jordaan te gaan en Oos van die Jordaan te bly tot by Jerigo. So het hulle Samaria vermy. Die aanraking met die Samaritane sou hulle godsdienstig verontreinig. Daarom is die Samaritaanse vrou in hierdie geskiedenis só verbaas dat Jesus met haar praat. "Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie" (Vers 9).

Maar Jesus *moes* deur Samaria gaan. God beskik dit só. Dit is 'n Goddelike moet. Hy kon hierdie keer nie die aanraking met die Samaritane vermy nie. Hy het in Samaria werk gehad. Vanselfsprekend wil Hy dit ook doen. Daarom gaan Hy deur Samaria, ondanks die vooroordele van die Jode en selfs van sy dissipels. Sy dissipels was verwonder toe hulle Hom later in gesprek met 'n Samaritaanse vrou aantref. Só iets is buitengewoon vir 'n Jood.

Waarom moes Jesus deur Samaria gaan? Hy moes sy heerlikheid ook daar openbaar. In Judea het die vyandskap aangegroei. In Galilea het Hy ook moontlik al heelwat gewerk. Johannes, die evangelie-skrywer, vind dit nie nodig om alles te herhaal wat die ander evangelies reeds vermeld nie. Hy moes egter nog in Samaria kom. Ook daar moet sy Messiasskap bely word.

Samaria was 'n deel van die Joodse land, hoewel die Samaritane self 'n gemengde volk met 'n gemengde godsdiens was. Hulle het egter self ook die Christus verwag. Die Samaritaanse vrou wat Jesus op sy weg deur Samaria moes ontmoet, sê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat Christus genoem word." Hy is selfs dáár verwag – daarom moes Hy daarheen.

Die uitgeworpe Samaria en die veragte Samaritane kom ook binne die gesigsveld van God. Ook hulle moes die heerlikheid van die Christus sien. Jesus sê dit ook in sy sending-opdrag later aan sy apostels: "Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en *Samaria* en tot aan die uiterste van die aarde." Gelukkig het die Here nie opgehou by Samaria nie, maar sy oog laat gaan tot aan die *uiterste van die aarde. Hy moes ook na ons toe kom – na ons land en* na ons volk. Hy *moes* ook gaan na elke volk en taal en nasie – geen volk gaan Hy verby nie. Sy heerlikheid moet skyn tot aan die uiterste van die aarde.

"En Hy *moes* deur Samaria gaan." Dit *moes* Hy nie alleen omdat Hy daar sy heerlikheid moes openbaar nie, maar ook omdat sy Messiashart Hom daarheen dryf. Hy ken en sien die nood van Samaria – al was dit alleen maar die nood van één mens. Hy sien dit met 'n bewoë hart en Hy kon nie anders nie – Hy moes deur Samaria gaan.

Hy *moes* ook vandag by u langs kom.

## 16 Jesus vra om te kan gee

Joh. 4:1-14

*"Gee vir my water om te drink -".* (Joh. 4:7)

Jesus, ons Middelaar, sit as moeë reisiger by die Jakobsbron, aan die buitewyke van die dorpie Sigar in Samaria. Dit was ongeveer twaalf uur in die middag. Hy sit en wag vir sy dissipels wat in die dorpie iets te ete gaan koop het. Toe kom daar 'n Samaritaanse vrou aan wat kom water haal by die put van vader Jakob. Jesus sê vir haar: "Gee vir my water om te drink .. ."

Dat Jesus sit en rus en dat Hy dors het, bewys vir ons dat Hy ons in alle opsigte gelyk geword het. Vermoeidheid en dors het Hy ook geken. Dit moes Hy ondergaan om ons vermoeidheid en dors op Hom te kan neem. Ons lees egter by weinig geleenthede dat Jesus van iemand iets vra. Hy deel mildelik uit. Dit is sy werk waartoe die Vader Hom gestuur het. Dit kan ons ook hier gerus in gedagte hou. Jesus was nie in die eerste plek daarop uit om sy eie behoefte te vervul nie. Hy vra om te kan gee. Hy knoop 'n gesprek aan met hierdie vrou om by haar behoefte te kom. Dan verdwyn sy eie behoefte op die agtergrond. Selfs toe Hy later aan die kruis uitgeroep het: "Ek het dors!" het Hy dit met die doel gedoen. Hy het krag nodig gehad om vir laas met 'n groot stem uit te roep: "Dit is volbring!"

U tref Jesus aan op u lewenspad. Vandag klop Hy miskien aan u deur of sit langs die pad en vra: "Gee vir My iets om te eet..." Of: "Gee vir My water om te drink..." Hyself het gesê: "Ek het dors gehad en julle het My te drinke gegee..." "Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit ook aan My gedoen" (Matt. 25). So werk die Here in sy koninkryk. Hy kom ons teë in die gestalte van een van hierdie geringstes. U ken hulle ook. Hulle is dikwels die lastiges en die veragtelikes – die soort wat ons altyd by ons sal hê om ons lewe te verontrief – die afhanklikes, die armes, die bedelaars... Selfs 'n beker koue water in sy Naam sien Hy en is aan Homself gegee.

Jesus vra water vir die Samaritaanse vrou. Hy vra dit in die eerste plek nie om sy eie dors te les nie, maar om haar geestelike dors te les. 'n Mens voel goed wanneer jy iets van jou besittings of tyd of kragte aan die Here gegee het. Dit voel asof jyself meer ontvang as wat jy gegee het. Dit is ook waar. Dit is saliger om te gee as om te ontvang. Die Here waarsku egter: "Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie..." (Matt. 6).

Gelukkig vir die Samaritaanse vrou het sy nie só gevoel nie. Sy was in die eerste plek verbaas dat die Here met haar praat. Die Jode meng nie met die Samaritane nie. Maar Hy het ook baie gou haar eie dors blootgelê. Hier lê die geheim van die geseënde wyse waarop ons aan die Here kan gee. Gee aan die Here water, maar gee dit onder die besef van u eie dors! Wanneer die arme en ellendige uit my hand iets ontvang, staan ek as arme naas hom... Ek ontvang immers altyd alles wat ek het uit die hand van my Vader. Dan sal ek ook geen behoefte hê om basuine voor my te blaas, sodat die mense kan sien hoe goed ek is nie. Ek leef dan onder die indruk van my eie armoede in myself ... En my rykdom in Christus!

## 17 Lewende Water

Jes. 49:8-13

*"Hy sou vir jou lewende water gegee het*..." (Joh. 4:10)

Hier is Iemand wat vir 'n sondaarvrou lewende water kan gee. Dit is die soort water wat vir altyd die knaende innerlike dors wegneem.

Die vrou het haar dors probeer les deur met die een na die ander man saam te leef. Sy het in haar wellus gegryp na mans. Sy moes egter uitvind dat dit die dors, wat haar jaag, nie wegneem nie maar al groter en dodeliker maak. Die smagting in haar innerlike groei aan en mettertyd bly daar net 'n sinlose, niksseggende leegte oor. Vir só 'n mens is uiteindelik niks in die lewe meer mooi of aantreklik nie.

En nou het die Vreemdeling haar hier by die put van Jakob ontmoet. Sy is verbaas dat Hy, wat 'n Jood is, met 'n Samaritaanse vrou praat. Sy het selfs moontlik 'n bietjie sarkasties teenoor Hom opgetree. "Hoe is dit dat U, wat 'n Jood is, vir my water vra? (Die Jode sien neer op ons Samaritane!)" Min besef sy dat sy binne bereik van die water van die lewe is... Hier sit Jesus, die Christus, die Fontein van die lewende water, by haar en sy weet dit nie. 'n Mens kan dikwels in jou blinde sondeverlorenheid onwetend en selfs sarkasties die water van die lewe, wat aan jou in die Naam van die Here aangebied word, opsy klap.

Gelukkig het die Here Jesus haar nie aan haar lot oorgelaat nie. Geduldig is Hy besig om haar meer en meer tot insig te bring. Hy laat haar eers tot die ontdekking kom wat haar ware nood is, voordat Hy duidelik Homself as die Middelaar aan haar bekend stel. Sy dwaal elke keer weer weg op syweë in die gesprek. Sy bly vaskleef aan uitwendige water en struikel oor menslike verhoudinge. Sy kan nie vergeet dat die Samaritane gebuk gaan onder die veragting van die hooghartige Jode nie. Byna spottend kom dit oor haar lippe: "U het nie eens 'n skepding nie en die put is diep... Waar sou U die lewende water vandaan kry?"

Die Here Jesus stap oor die menslike en kerklike verhoudinge heen. Dit is vir Hom bykomstige sake, wanneer dit gaan om die redding van 'n mens. Die hoofsaak is dat sy en elke mens, van watter volk of taal of ras ook al, in Hom die Verlosser sien. Hy is die Fontein van die lewende water. Om die dorstiges by Hom te bring is die taak van die kerk van alle eeue . ..

"As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het..."

"As jy geweet het... sou jy gevra het..." Die soort onkunde is baie mense se ellende... Hulle weet nie – daarom vra hulle nie. En dit is ons taak om vir hulle te sê, sodat hulle kan weet en vra... en in oorvloed ontvang.

# 18 Sonde Blootgelê

Ps. 32

*"Gaan roep jou man en kom hier."* (Joh. 4:16)

Die Here Jesus is nog in gesprek met die Samaritaanse vrou by die Jakobsbron buite Sigar. Hy het vir haar water gevra. Die gesprek loop daarop uit dat Jesus vir haar "lewende water" aanbied. Die vrou is verras en antwoord: "Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie."

Dan volg die vreemde antwoord van die Here: "Gaan roep jou man en kotn hier." Eintlik sê die Here aan haar: "Gaan haal jou sonde en kom hier." Die man is haar sonde. Dit is haar ellende. Dit is die oorsaak van haar dors. Dit word duidelik as ons verder na die gesprek luister.

Die vrou antwoord: "Ek het nie 'n man nie." Hierop is die reaksie van Jesus: "Jy het reg gesê... want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê." Jesus noem sonde nog sonde. Watter mededoë daar ook al in sy hart lewe vir hierdie "verlore" vrou, Hy bring haar eers te staan voor haar werklike nood. "Die man met wie jy leef is nie jou man nie."

Hy verstoot hierdie mens met 'n verspeelde lewe nie. Hy moes selfs deur Samaria reis om haar op te soek. Die ontmoeting is nie toevallig nie. Hy het haar kom soek en haar ingewag by die Jakobsbron. En dan bied Hy vir haar die lewende water aan.

"Gaan roep jou man en kom hier." Gaan haal jou sonde en lê dit aan sy voete neer. Hy vergeef menigvuldiglik. Al was jou sonde soos skarlaken, jy sal wit word soos wol, – gewas in die bloed van die Lam.

So verkondig Jesus sy evangelie aan 'n verlore vrou. Hy verkondig dit ook aan 'n verlore wêreld. Gaan haal jou sonde en bring dit hier! Ons is tog so versigtig om mense nie seer te maak nie en dan swyg ons dikwels oor hulle sonde. Hulle grootste nood bring ons nie aan hulle tuis nie. Ons praat oor koeitjies en kalfies; oor brood en water, terwyl ons weet dat ons met 'n mens te doene het, wat beswyk van geestelike dors. Mense word voor ons oë doodgewurg deur die duiwel en die sonde en wat doen ons daaraan?

En tog is hierdie vrou nog nie waar sy moet wees nie. Sy stuur al weer die gesprek in 'n ander rigting. Sy het nog nie begryp dat dit by die Here gaan om haar redding as sondaar nie. Dit lyk selfs asof sy maar só gou moontlik wou wegkom van die bespreking van haar eie sondige bestaan. Sy redeneer oor 'n "saak" om die Here weg te hou van haar hart af.

Dikwels sluit die mens sy oë vir sy eie sonde. Hy wil nie daarmee na die "lig" kom nie. Ja, 'n mens vind die sonde soms só aangenaam dat jy nie daarvan verlos *wil* wees nie. Dan praat jy gou oor ander dinge.

## 19 Nou!

Joh. 4:15-30

*"Daar kom 'n uur en dit is nou ..."* (Joh. 4:23)

Die gesprek met die Samaritaanse vrou gaan nog voort. Die Here Jesus het doelbewus gepraat oor die lewende water en oor die lewensgedrag van die vrou. Dit het klaarblyklik by haar nie die gewenste uitwerking gehad nie. Sy kom nie waarlik by die lewende water nie omdat sy nie tot sondebelydenis kom nie. Sy kom wel onder die indruk dat Jesus 'n besondere mens is: "Here, ek sien dat U 'n profeet is", sê sy. En dan stel sy 'n vraag waaroor selfs sy, die vervalle mens, belangstelling het: "Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is."

Haar doel was miskien om weg te kom van die bespreking van haar eie lewe. En tog het Jesus haar in die hart getref. Daarom bereik die Here mettertyd sy doel met haar. Sy kom nou op die geestelik terrein. Haar vraag gee aan die Here geleentheid om tuis te bring dat Hy die Christus is. Sy is nou ryp om te luister na Hom, wat sy ten minste as 'n profeet beskou. Nou gaan sy 'n openbaring van sy heerlikheid ontvang. Dit beteken vir haar genade en redding uit die sondenood waarin sy lewe.

Dat sy die vraag stel, bewys dat sy vertroue in Jesus het. Hoe sou sy anders van 'n Jood kon verwag dat hy die Samaritane gelyk sou gee in die strydvraag? Sy is in haar vertroue nie teleurgestel nie.

In sy antwoord slaan Jesus in die eerste plek haar voete as Samaritaan onder haar uit. Hy is 'n ware profeet. Hy mag die waarheid nie verloën nie. Maar Hy lei haar ook bo die geskilpunt uit: "Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode." So plaas hy haar op die regte vlak om sy prediking te begryp.

Die Christus is na sy vleeslike afkoms uit Israel, maar Hy is gelukkig nie alleen vir Israel nie. Jerusalem se tyd as plek van aanbidding sal verbygaan. Christus se koms uit Israel beteken die saligheid vir almal wat in Hom glo. Op daardie oomblik gaan die Jode nog op na Jerusalem om te aanbid. Die diens in Jerusalem, wat 'n skaduwee is van die dinge wat kom, gaan nog voort. Maar in dieselfde asem sê Hy aan haar: Die uur het nou aangebreek dat die skaduwees verbygaan. Die vervulling van die beloftes aan die Jode het nou gekom.

*"Die uur is nou..."* Die saligheid is hier, ook vir jou. Dan val alle redenasies weg. Dan staan sy in die volle lig voor Hom, "die saligheid uit die Jode". Dit is waar Hy haar wou hê: nou – voor Hom die Saligmaker. So vloei verlede en toekoms saam in Hom. Daar kom 'n uur en die uur het aangebreek. Dit is die uur vir die redding van Jode en Samaritane en heidene. Elkeen wat sy Naam aanroep sal gered word. Die uur is nou – ook vir u en vir my.

## 20 Die transendente God

Jes. 40:12-26

*"God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet Hom in gees en waarheid aanbid."* (Joh. 4:24)

Ons het hier nie alleen te doene met 'n gewigtige uitspraak tot die Samaritaanse vrou nie, maar 'n sentrale uitspraak in die Evangelie. Hier gaan mense se weë uiteen. Dit beteken dat God anders is as enige skepsel en elke afgod. Laat ons hierdie uitspraak los, dan het ons geen God meer nie. In teologiese taal beteken dit dat ons hier die belydenis het van die "transendente" God, wat anders is as die sienlike dinge. Dit is ons anker te midde van alles wat wissel en vergaan. Dit is ons saligheid. Sonder hierdie belydenis sou God geen Redder kon wees nie. Hoe sou Hy kon red en in die ewige lewe bewaar, indien Hy bloot "immanent", binne hierdie sienlike skepping, sou bestaan? Dan verkrummel elke vastigheid onder ons voete.

Die gesprek handel in ons gedeelte oor "aanbidding". Eintlik kan ons dit breër stel: dit gaan om die erediens, die kultus. Die karakter van die erediens moet in verband staan met die karakter van Hom wat vereer word. Dit moet beheers word deur sy wese. Verering in die erediens beteken immers absolute onderwerping aan Hom – anders kan dit geen erediens wees nie. Hy wat hom aan God onderwerp vra nie, "hoe wil ek dit graag doen?" nie, maar; "hoe gebied Hy dat Hy vereer word?"

"God is Gees." Eintlik wil die Here sê: "God is 'n Gees." Dit kan ook só vertaal word uit die oorspronklike taal. Alle nadruk lê nie alleen op sy wese nie, maar ook op sy persoonlike bestaan as God. Op hierdie grondslag open ons belydenis in artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige *geestelike* wese is wat ons God noem..." Dit bely ons op grond van die Heilige Skrif; anders sou ons dit nie kon doen nie. In watter ander Godsdiens op aarde kry ons hierdie belydenis?

Hier stel Jesus ons voor die wesensvraag waaroor die stryd in hedendaagse teologiese kringe gaan. Sommige sê dat God dood is en die "mens, Jesus van Nasaret" bloot voortlewe in die gedagte van sy volgelinge. Godsdiens gaan op in die sogenaamde "medemenslikheid" – sonder die aanbidding van die transendente God. Die mense staan gewis nie meer op die grondslag van die Bybel nie. Hulle bely nie meer wat Jesus aan ons geleer het nie.

"God is Gees", sê Jesus. Daarby staan en val die Christelike belydenis. "En die wat Hom aanbid moet Hom in gees en waarheid aanbid." Ons tree met Hom in verbinding op geestelike vlak en nie op sinlike vlak nie. Ons benader Hom in die geloof – só alleen ken ons Hom. Ons weet dat ons vér te kort skiet – die gees is gewillig, maar die vlees is swak – maar gelukkig weet ons ook dat die Heilige Gees in ons woon. Hy leer ons om in gees en waarheid te bid.

Dit beteken dat ons gelowig bid tot die enige ware God wat Hom aan ons in die Heilige Skrif bekendgemaak het. En Hy is nie "plekgebonde" nie. Ons hoef nie na Jerusalem te reis of kerk toe te gaan om Hom te aanbid nie. 'n Sug na die hemel van agter ons werkstafel bereik Hom ook. Vanselfsprekend mag ons die gemeenskaplike gebed nie verwaarloos nie... Ons moet alleen maar onthou dat ons gebede buite die kerk nie mag verstom nie.

## 21 Gekonfronteer met die Messias

Hand. 3:12-26

*"Dit is Ek wat met jou spreek."* (Joh. 2:26)

Dit is 'n merkwaardige gesprek hierdie tussen Jesus en die Samaritaanse vrou. Gaandeweg het Jesus die vrou nadergetrek. Sy is as 't ware vasgepen deur die Heiland binne die ware lewensterrein – sy is nou op sy gebied. Ons kan gerus hierin ook die leiding van die Heilige Gees sien. Hy lei haar en maak haar ontvanklik. Haar nuuskierigheid gaan gaandeweg oor in heilbegeerte. Vir 'n vergooide lewe op 'n doodlooppad gaan weer vergesigte oop.

Jesus het gepraat van 'n uur wat kom. Dan dink die Jood onmiddellik aan die tyd van die Messias of Christus. Maar hoe kom sy as Samaritaan daarby? Ook by die Samaritane het die "Messias-verwagting" geleef. Hulle het selfs 'n besondere woord gehad wat Hom, die komende Messias, aandui. Sy Naam is vir hulle "Taheb". Sy gryp die geleentheid aan om oor Hom te praat met hierdie "profeet".

Sy sê: "Ek weet dat die Messias kom, (Hy wat die Christus genoem word). Wanneer Hy kom sal Hy ons alles verkondig." Aangesien "Messias" 'n Hebreeuse woord is, voeg die skrywer van die Evangelie by dat Hy die Christus genoem word, om sy lesers wat die taal nie ken nie, te help.

Die vrou sien tog maar in die Messias nog net 'n profeet. Eintlik is haar gedagte bloot dat Hy die geskilpunt oor die plek en wyse van aanbidding sal opklaar. Hy sal die volle lig bring oor hoe en waar die Here aanbid moet word. Die Here sluit ook daarby aan en bring aan haar die volle lig. Die verskil is alleen dat die volle lig dan val op veel meer as wat sy vra. Ken ons dit nie ook só nie? Soek ons lig oor een of ander saak, dan kom ons hele lewe in sy volle omvang te staan onder die beligting van die volle Evangelie. Dit is waarlik nie alleen sommige Christene wat die "Volle Evangelie" het nie – elke kinderlike gelowige het dit.

En die volle lig is: "Dit is Ek wat met jou praat."

"Dit is Ek..." In die Grieks staan daar: "Ego eimi". Dit is kenmerkend van die Evangelie van Johannes dat hierdie uitspraak van Jesus só dikwels voorkom. Dit het Johannes, die skrywer, altyd aangegryp. Hy kon dit nie vergeet nie. Jesus self skroom nie om Homself te openbaar as die Christus nie. Hy skroom nie om ons hele verlossing aan Hom as Persoon te bind nie.

"Dit is Ek ... Jy hoef nie meer te wag nie. Ek, die Messias, is alreeds hier." Sy bely die Messiasverwagting en sy ontvang die Messias self. Verwagting is alreeds werklikheid. Só openbaar Jesus sy heerlikheid aan die vrou.

"Dit is Ek wat met jou spreek." Só sê Hy nie alleen vir die Samaritaanse vrou in haar sondeverlorenheid nie. Só sê Hy vir elkeen wat sy Woord lees en na die prediking daarvan luister. Sy Woord is die lewende Woord; daarmee kom Hy werklik tot ons. Hy spreek ons aan. Hy staan lewend voor ons en roep elkeen toe: "Dit is Ek wat met jou spreek." Waarom dan nog wag? Antwoord op sy Woord en kom na Hom toe met al u moeite en laste!

## 22 Weifel-Getuie

Mark. 4:21-29

*"Is Hy nie miskien die Christus nie."* (Joh. 4:29)

Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put is ten einde. Dit is ineens beëindig. Eintlik laat dit ons verleë. Dit is soos 'n verhaal sonder 'n gepaste afsluiting. Op die kritieke oomblik, toe Jesus sy Messiasverklaring uitspreek, kom daar steurnis. Sy dissipels daag op uit die dorp met die middagete. Die vrou is hals-oorkop weg. Het sy die verwondering en selfs afkeurende verbasing by die dissipels – gestrenge Jode – gesien, omdat hulle Meester in gesprek was met 'n Samaritaanse vrou? Die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie. Sy is só ylings weg dat sy haar waterkan by die put laat staan...

En tog lyk dit nie asof sy onthuts was oor die aankoms van die dissipels nie. Sy is deur iets anders gejaag. Sy is in haar hart gegryp deur 'n gedagte byna te groot om uit te spreek. Sy het nie die geleentheid gehad om haarself verder op hoogte te stel nie, maar daar is wel 'n vlam in haar hart ontsteek.

Jesus het verklaar: "Dit is Ek..." Hy is die Christus ... By haar aankoms in die dorp waag sy nie om dit uit te spreek nie. Sy self het die getuienis van Jesus geglo. Vandaar dat sy so haastig gaan om dit te vertel. 'n Mens sien haar geloof in haar vlugge voetstap, ylings op weg na haar mense. Sy durf dit egter nie uitspreek nie. Miskien sal die ander mense haar uitlag. Hulle ken haar immers. Hulle weet van haar losse lewe en nou hou sy haar nog daarby besig met los praatjies ook! Hoe sou sy hierdie skat kon aanbied en aan die mense blootlê? Praat moet sy, maar hoe?

"Kom kyk, 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?"

Sy sê só min en tog so baie. "Kom kyk!" As sy tog maar net die mense by Hom kan kry! Indien hulle Homself net kan sien en na sy woorde luister! Soos sy in haar hart oortuig is, sal ook hulle oortuig word!

Die lewe het my geleer dat slim redenasies en 'n breë insig en oorvloedige argumente, nie naastenby soveel oortuigingskrag het as die egtheid van die eie geloofslewe nie. 'n Mens sien die waaragtige van die bestaan van die Here in sy volgelinge. Dit is juis daarom dat Hy mense gebruik as sy getuies.

Dit is die allergrootste aanklag teen die "kerkmens" van ons tyd, dat sy belydenis glansloos geword het. Hy kom skep Sondag nog miskien sy kruikie water by die put van Jakob, maar dit is "dooie" water. Lewende water stroom en breek deur in borrelende lewe wat iedereen verkwik wat op jou weg kom. Dit is die mooi getuienis van hierdie onbekende Samaritaanse vrou.

As ons tog maar net in ons lewe en woorde sê: "Kom kyk!" Ons wat lewe uit die ware Bron, het tog soveel om te wys en te vertel.

# 23 Glo in die Woord

Rom. 10:1-15

*"En baie meer het op grond van sy woord geglo."* (Joh. 4:41)

Jesus is nog by Sigar in Samaria. Die vrou wat Hy by die put ontmoet het, het haastig van Hom gaan vertel in die dorp. Die inwoners van die dorp het kom kyk en by Hom aangedring om by hulle te bly. Daarop het Hy vir twee dae daar gebly. "En baie meer van hulle het op grond van sy woord geglo." So kom ons aan die einde van die verhaal. Wat verder van hierdie eerste "Christene" in Samaria geword het, word nie aan ons gesê nie. Ons lees later in Hand. 8 weer van die evangelie-verkondiging in Samaria. As gevolg van die vervolging van die gemeente in Jerusalem het die gelowiges gevlug en "is verstrooi oor die streke van Judea en Samaria". Samaria word toe 'n "toevlug" vir die vervolgde Christene. So versprei die Evangelie weer na Samaria, waar dit veral deur die diaken Filippus verkondig is. En baie het tot geloof gekom. Só het die lig na Samaria gekom om te bly.

Ons lees in ons verhaal dat baie "in Hom geglo het oor die woord van die vrou wat getuig het: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het". Hulle glo op grond van die wonder van Jesus se profetiese woord. Hulle wou graag meer hoor en weet. Dink ons daaraan dat Jesus pas uit Judea moes vertrek oor die groeiende ongeloof en vyandskap van die Jode, dan stel dit die inwoners van hierdie dorp in 'n besonder simpatieke lig. Hulle staan digter by die Evangelie as die Jode.

En die vrou? Sy het van Jesus "getuig". Dit stel haar op dieselfde vlak as al die "getuies" van Jesus. Al was haar getuienis bloot om haar verbasing uit te spreek oor die wonderwoord van Jesus, wat haar lewe deursien het, het mense daardeur na Jesus gekom. Só het sy, wel in swakheid, haar roeping vervul. Die gevolg daarvan was die versoek dat Jesus by hulle moes bly. Dit kon die saligheid vir vele beteken. En dit bring weer blydskap in die hemel, want daar is blydskap in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer.

Jesus se verblyf in Sigar dra dan die vrug dat baie meer op grond van sy woord glo. Toe hulle Jesus as prediker hoor, is hulle harte geopen. Sy woord het hulle tot belydenis van hulle geloof gebring. Jesus het dikwels sy woord deur wonders en tekens bekragtig en tog het sy woordverkondiging die wesenlike gebly. Dit werk die ware geloof. So bly dit. Op die vraag: "Waar kom die geloof vandaan?" antwoord ons Kategismus: "Van die Heilige Gees, wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige Evangelie." Daarom is dit so lewensbelangrik om die prediking van die Evangelie te hoor. Ons geloof is daaraan gebind en dit bly die middel wat die Here gebruik om mense tot verlossing te lei. Ons en ons gesinne, ons vriende en afgedwaaldes, ongelowiges en heidene – vir almal is daar alleen die een weg: Luister na die Woord van die Here.

Eindelik draai die mense dan om na die vrou en sê vir haar dankie. Hulle dankie kom in die vorm van 'n belydenis: "Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is." Wat 'n hartroerende "blyke van waardering aan hierdie predikster!" Sy kon haar met reg verbly in die vrug van haar getuienis. Só bly die vrug op die belydenis van elke Christen vandag nog 'n ryke vreugde.

## 24 Ware Voedsel

Matt. 4:1-11

*"My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het* ..."(Joh.4:34)

Ons keer terug na die Jakobsbron buite Sigar in Samaria. Die dissipels was na die dorp om voedsel te koop. Intussen was Jesus in gesprek met die Samaritaanse vrou. Toe die dissipels terugkeer het sy haastig vertrek na die dorp om van Jesus te vertel. Nadat sy weg is, dring die dissipels by Hom aan en sê: "Rabbi, eet."

Daarop volg die vreemde antwoord van Jesus: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie." By die Samaritaanse vrou het Hy sy gesprek begin deur water te vra. Hier praat Hy van voedsel om te eet ook om 'n gesprek aan te knoop. Hy begin by die stoflike om by die geestelike uit te kom.

Die Here Jesus is honger en tog eet Hy nie. Waarom nie? Miskien was Hy in sy gedagtes nog besig met die Samaritaanse vrou en haar nood. Hy kon selfs met sy hemelse Vader in verbinding gewees het in gebed. En tog bly dit merkwaardig dat Hy nie sy behoefte om te eet vervul nie. Hy het immers by die put gesit en wag dat sy dissipels moet terugkeer met die eetware. Hy was honger en tog eet Hy nie.

Sy doel was om iets anders aan sy dissipels tuis te bring. Hy is besig met die dinge van sy Vader. Die dinge van die koninkryk van God is veel belangriker as selfs die natuurlike behoeftes van 'n mens se liggaam. Só beoefen Hy wat Hy self gepreek het: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Die dissipels vra verbaas vir mekaar: "Het iemand dan vir Hom ete gebring?" 'n Mens kan hieruit aflei dat sy dissipels se gedagtes moeilik van die stoflike na die geestelike terrein verplaas kon word.

Daarop verklaar die Here wat Hy bedoel: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring." Daar is 'n ooreenkoms tussen spyse en die wil van God doen en wel in die opsig, dat beide 'n mens versadig. Dit word 'n deel van ons lewe. Voedsel word in ons bloedstroom opgeneem en bou ons liggaam. So is dit ook met die diens van die Here: dit verkwik en bou 'n mens na die innerlike.

Dit wat geld vir Christus, geld ook vir hulle wat deur Hom verlos is. Dit was vir Hom noodsaaklik om te eet, deurdat hy die menslike natuur aangeneem het. Om die wil van sy Vader te doen, is vir Hom egter noodsaakliker as om te eet. Dit wou Hy aan sy dissipels van alle tye tuisbring. Om die wil van die Here te doen, het selfs 'n invloed op ons tydelike bestaan. Dit leer ons dat ons, ook op die aarde in die stoflike lewe, elke dag gevoed word uit die hand van die Here. "Welgeluksalig is elkeen wat die HERE vrees... Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet" (Ps. 128).

## 25 Slaan die sekel in!

Matt. 25:14-30

"... *aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes."* (Joh. 4:35)

Die Here Jesus tref hier 'n vergelyking. Sê julle nie: "Dit is nog vier maande dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes."

"Mense het die gebruik om te skat. Die bedoeling is nie dat dit juis nou op hierdie besondere tydstip vier maande voor die oes is nie. Nee, dit is 'n spreekwyse van mense. U ken dit: "Die oes is nog só en só vér." Ons mense in die algemeen weet om tydperke te bepaal. Ons het ons manier van bereken en skat. Ons weet ook dat die één wind droogte bring en 'n ander wind reën.

Maar is ons bepaling van die geestelike tyd en klimaat ook so raak? Jesus is besig met die hemelse dinge – die dinge van sy Vader. Daarom sien Hy sake anders as ons.

Hoe anders dit in werklikheid is, blyk daaruit dat die oes in geestelike sin nie oor vier maande is nie, maar "aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes". En die "lande" wat die Here sien is nie die koringlande in die dale en langs die heuwels van Palestina nie. Dit is die "wêreldakker". Die mensdom is ryp vir die oes. Die oes moet ingesamel word.

Ons moet die vergelyking nie al te vér deurtrek nie. In die Bybel sien die begrip "oes" gewoonlik op die eindoordeel. Dan word die oes ingesamel. Dit gaan hier nie daarom nie, maar sien op iets anders. Ons kan dit só stel: Oestyd beteken hier alleen dat die tyd om 'n bepaalde ding te doen "ryp" is. Dit het dieselfde betekenis as die uitspraak van Paulus in die sendbrief aan die Galasiërs: "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur..." Die tyd was ryp vir sy koms, toe kom Hy.

Die oes is gereed. Die tyd is ryp. Wanneer? Nou! Nie oor vier maande of vier jaar of veertig jaar eers nie. Die tyd is nou ryp om die sekel in die oes te slaan. Die "wêreldakker" is wit vir die oes.

Vir die dissipels het dit ook die besondere betekenis gehad: Christus se werk op aarde snel na sy einde. En hulle moet dit sien. Hulle oë moet oop wees vir sy werk. Die werk van Christus is aan die gang. Dit gaan deur. Wie daarvoor 'n oog het, sien dat God weldra die oes sal inhaal.

Daar is Christene wat sê die oes is nog vér. Daar is andere wat mymer en bereken wanneer kom die einde...? Die groot saak is egter dat ons almal nou die sekel moet inslaan en oes. Nou is die tyd vir sendingwerk. Nooit was geleenthede en uitdaginge só groot as juis nou nie. Wie sit en wag en mymer het geen oog vir die werklikheid nie. Hulle wat Christus die graagste op die wolke van die hemel sien kom, werk die hardste aan die insameling van die oes.

Werk met die talente aan u toevertrou!

## 26 Getroue profeet

2 Tim. 4:6-18

*"Want Jesus het self getuig dat 'n profeet in sy eie vaderland geen eer ontvang nie."* (Joh. 4:44)

By sy eerste optrede in Galilea het Jesus ook na Nasaret, waar Hy opgegroei het, gegaan. Al die inwoners van die dorp het Hom geken. Toe Hy in die sinagoge optree het hulle gesê: "Is Hy nie die seun van Josef nie?" Hierop het Hy geantwoord: "Voorwaar Ek sê vir julle, geen profeet is aangenaam in sy vaderland nie."

Dit is waarna Johannes hier verwys. In die algemeen is dit so dat mense, wat 'n beroemde persoon in sy jeug geken het en van al sy omstandighede op hoogte is, moeilik daartoe kom om eerbied aan hom te betoon. Sy bekendes uit sy jeug kan moeilik opsien na hom. Dit het die Here Jesus geweet en tog gaan Hy nou weer na sy vaderland, Galilea. Hy vertrek nou vanaf Sigar in Samaria na Galilea.

Jesus weet wat op Hom wag. Tog gaan Hy. Waarom? Ondanks die probleme wat wag, gaan Hy omdat Hy daar sy "getuienis" moet gaan lewer. Hy het "getuig" dat dit só is en Hy gaan ook die inhoud van sy "getuienis" maak. Hy het 'n roeping en dit is om te getuig van sy Vader. Hy moet die werk van sy Vader doen en dan beteken dit nie dat Hy alleen op die gebaande weë bly nie. Hy werk teen teenstand en veragting en selfs vervolging in. Hy volbring sy taak en draai vir geen beswaar uit sy koers nie, al sien Hy dit self ook al hoe duidelik. Hy lewer selfs sy getuienis, al verwerp die mense dit. Hulle moet dit hoor.

Ons woord "getuienis" is 'n vertaling van die Griekse woord "marturia". Daar kom die woord "martelaar" vandaan. En 'n martelaar is in Christelike sin iemand wat vervolg word en ly en selfs sterwe vir die Naam en saak van Christus. Ons Middelaar het nie teruggedeins vir sy roeping nie. Ons is sy getuies en dit hou in dat ons selfs "martelare" in ons roeping moet wees.

Die Here Jesus se voorbeeld in hierdie gedeelte roep ons toe: Wees nie mooiweer-Christene nie, maar getuies! Struikelblokke en teëstand wag op ons weg. Ons mag egter nie terugdeins nie. Al verwag ons haat en vervolging, tog moet ons getrou bly. Al glo die mense nie in die Evangelie wat ons verkondig nie, nogtans mag ons nie swyg nie. Dit is ons verantwoordelikheid teenoor die Here! Selfs onder ons "eie mense" wat ons ken en moontlik op ons neersien, mag ons nie stilbly nie.

Getuies van Jesus Christus weet dat hulle weg dorings mag inhou, maar dit is ook die pad van vrede, omdat Hy vir ons versoening gedoen het. Op die weg is ons selfs veilig, omdat ons in sy hand is en niemand ons uit sy hand kan ruk nie. Wat maak dit saak indien ons elke dag "doodgemaak word" soos Paulus sê. Ook die dood skei ons nie van Hom nie (Rom. 8).

## 27 Siende die Onsienlike

Luk. 7:1-10

*"En die man het die woord geglo ..."* (Joh. 4:50)

Die man van wie hier sprake is, is 'n koninklike beampte van Kapérnaüm. Kapérnaüm was 'n redelike groot stad aan die groot pad tussen Sirië en Egipte. Daar was baie amptenare. Ook hierdie man was in diens van die koning, Herodes, en was klaarblyklik 'n hoë amptenaar. Dit kan ons ook aflei uit sy houding.

Hy het van Jesus gehoor. Waarskynlik was hy self op die fees in Jerusalem en het van die tekens, wat Jesus daar gedoen het, verneem.

Die gerug, dat Jesus terug is in Galilea, het vinnig versprei. Galilea was in Jerusalem nie hoog aangeskrewe nie. Die snobistiese Jode in Jerusalem het neergesien op die agterlike Galileërs. Nou was hier één Galileër wat vir Jerusalem gewys het dat uit Galilea ook iets besonders kan kom. As ons in vers 45 lees dat die Galileërs Hom "ontvang" het, beteken dit eintlik dat hulle Hom met vreugde of entoesiasme ontvang het. Hy kry feitlik 'n heldeontvangs omdat Hy in Jerusalem glans en aansien verwerf het vir sy tuisland. Die eerbetoning was, helaas, van korte duur.

Die hoë amptenaar se kind, waarskynlik sy enigste, was ten dode siek. Toe hy van Jesus se aankoms in Kana verneem, val hy in die pad en reis daarheen. Sy nood dryf hom. Sy siek, ja sterwende kind, moet gehelp word. Sy nood is só groot dat hy persoonlik gaan en nie bloot 'n boodskap stuur nie. Kom hy by Jesus aan, dan skemer iets van sy outoriteit as hoë amptenaar deur. "Hy vra Hom om af te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê." Hoe anders tree hy op as die Romeinse offisier wat vir Jesus laat weet het: "Ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie ... Sê dit maar met 'n woord . .."

Hierdie hoë amptenaar wil wel gehelp wees, maar dan op sy manier. 'n Mens kry soms die indruk dat mense die grote God as hulle diensbode beskou. Hulle wil Hom op 'n bepaalde weg dwing. Dit is goed dat die Here ons geleer het om te bid: "Laat U wil geskied..." Geloof beteken dat ons ons onderwerp aan die wil van God en gewillig op sy weg gaan. Selfverloëning is die eerste kenteken van die ware gelowige. Dit moes hierdie hoë amptenaar nog leer. By Jesus gee 'n mens nie bevele nie – jy ontvang dit.

Die Here Jesus wys dan vir hom en al die ander omstanders hoe maer hulle geloof werklik is. "As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie." Ons kan gerus onthou dat die geloof in tekens en wonders ons nie salig maak nie, maar alleen die geloof in die lewende Woord van God.

Dit is asof die koninklike beampte wil sê: "Ag Here hou tog op om te praat... Kom af voordat my kind sterwe." En die Here Jesus, wat vir hom alreeds die weg gewys het, luister nou na sy versoek, maar anders as wat hy dit self wou hê of verwag het. Hy sê eenvoudig: "Gaan, jou seun lewe!" Jesus doen die teken nie alleen op sy wyse nie, maar Hy doen dit eers nadat Hy sy Woord verkondig het.

"En die man het die woord geglo wat Jesus vir hom gesê het en hy het gegaan." Eindelik is hy waar hy moes wees. Hy glo en gaan gehoorsaam langs die weg wat Jesus aanwys. En sy seun het gesond geword op daardie oomblik.

## 28 Ek en my huis

Jos. 24:1-16

*"En hy het self geglo en sy hele huis."* (Joh. 4:53)

"En hy het self geglo en sy hele huis." Dit sê die Bybel van die onbekende koninklike beampte van Kapérnaüm. Sy sterwende kind is genees, bloot op die woord van Jesus: "Gaan, jou seun lewe." "En die man het die woord geglo wat Jesus vir hom gesê het, en gegaan."

Op weg huistoe kom van sy diensknegte hom teë met die boodskap dat sy seun gesond is. Hy doen daarop noukeurig navraag oor die tydstip waarop die kind beter geword het. Hulle antwoord: "Gister, die sewende uur, het die koors hom verlaat." Dit is, volgens ons spreekwyse, teen een uur in die middag. Die man merk toe dat die tyd presies ooreenkom met die tyd waarop die Here vir hom gesê het: "Gaan, jou seun lewe." En nou lees ons vir die tweede keer: "Hy het geglo..."

Hier het ons nie 'n navraag in ongeloof nie, maar in geloof. Hy doen nie navraag na die tyd, om vas te stel dat dit nie op Jesus se woord gebeur het nie, maar alleen om sy eie geloof te bekragtig: Jesus het dit wel gedoen. En waar hier nou vir die tweede keer staan: "En hy het self geglo..." beteken dit dat sy geloof bekragtig is; dit het gegroei, dit is gesterk.

Neem ons die Here op sy woord en gaan ons in gehoorsaamheid op sy weg, dan bekragtig Hy ons geloof ook deur tekens. Dit mag nie só skouspelagtig lyk soos hierdie wonder nie, maar dit is net só werklik. Beproef maar die raad van Dawid in Ps. 37:5: "Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer." Hy doen tekens ons ten goede – soms selfs in klein en nietige dinge.

Wat só aangrypend mooi in hierdie geskiedenis is, is dat hier verder staan: "Hy het self geglo en *sy hele huis,"* Dit is tipies van die Bybel: 'n man word gesien saam met sy huisgesin. Die Here lê beslag op 'n man, nie omdat Hy alleen die man wil red nie, maar omdat Hy sy huis – sy geslag – wil behou. In die Bybel praat 'n man nog namens sy huis: "Maar ek en my huis, ons sal die HERE dien" het Josua na die intog in Kanaän vir sy volk gesê. Ook veral in die boek Handelinge kry ons só dikwels te doene met die uitdrukking: "Hy en sy huis..." Dink aan Lidia die purperverkoopster en die tronkbewaarder van Filippi. Hulle "huis" of "huisgesin" is by hulle verlossing betrokke.

God lê sy hand op 'n huisgesin. Ons kan dit selfs breër stel: Met "huis" word in die Bybel ook die personeel: diensknegte en slawe inbegryp. Almal word betrek by die wonder van genade wat in só 'n huis kom. God het belang by almal in die huis waar sy lig skyn.

Dit val op almal – op ons bediendes en ander werknemers. Bring ook aan hulle die lig.

Die vader en ook die moeder van die gesin of huishouding, het nie hulle skat bloot vir hulleself gehou nie. Dit is vanselfsprekend oorgedra. In só 'n skat moet almal onder my dak deel.

# Maart

## 1 "Geloofsgenesing"

Rom. 5:1-11

"*En 'n sekere man was daar, wat agt-en-dertig jaar aan sy siekte gely het*." (Joh. 5:5)

By die Skaappoort in Jerusalem is die bad Betésda of "Betzata" waar 'n menigte siekes lê. Op bepaalde tye was daar 'n roering in die water, wat deur 'n engel veroorsaak is. Die sieke of siekes wat dan eerste ná die roering in die water gaan, word gesond. Dit is te begrype dat mense van heinde en vér na die bad kom en lê en wag op die roering van die water. Dan beweeg elkeen só vinnig moontlik om in die water te kom. Ons kwale dryf ons na die helende waters by warmbaddens of na dokters se spreekkamers, waar ons geduldig sit en wag op die "geleentheid" om genees te word. Vir ons geestelike nood en die genesing wat die Here bied, het ons veelal nie soveel geduld om te wag op die Here nie.

"En 'n sekere man was daar, wat agt-en-dertig jaar aan sy siekte gely het." 'n Paar dinge tref 'n mens dadelik.

Jesus gaan sy heerlikheid openbaar. En dan kies hy een mens uit 'n menigte om te genees. Hy roep hulle nie almal op tot geloof met die voorwaarde nie: "Elkeen wat glo sal gesond word." Dit kan die sg. "geloofsgenesers" gerus ook raaksien. Die Here handel vrymagtig. Hy kan mense wonderlik herstel – ook vandag nog – maar dit hang nie bloot van 'n mens se geloof af nie. Dit hang in die eerste plek af van sy wil. Soms wil Hy dat mense siek moet bly, al is hulle geloof ook al hoe groot. Dan openbaar Hy sy heerlikheid ook op die siekbed. Die gelowige wat geduldig en blymoedig kan ly openbaar ook die heerlikheid van Christus.

Die man van Betésda word nie by die naam genoem nie. Hy bly 'n onbekende. Dit gaan nie in die eerste plek om hom as mens vir Johannes die skrywer nie. Dit gaan om Jesus en sy heerlikheid. Gelukkig vir die onbekende man, was hy daarby betrokke. Jesus strek sy hand uit tot hom en dit is vir hom genade, behoud. Dit bly steeds 'n onbegryplike wonder – die genade van Christus. Menigtes leef en lê letterlik in die wêreld in die grootste nood na siel en liggaam. En dan kom die Here in sy genade tot u en my, wat tog nie beter as al die ander is nie. Waarom? Dit weet Hy alleen. Daarvoor moet ons Hom alleen dank.

En dan word verder van die man gesê dat hy agt-en-dertig jaar lank siek was. Het Jesus hom juis daarom uitgekies? Het hy swaarder as al die ander siekes gely? Dit word nie aan ons vertel nie. Dit gaan ook nie daarom nie.

Nee, die Here se bedoeling is om sy heerlikheid te openbaar. Hy gebruik die siek man daartoe. Na alle menslike berekeninge ly hy aan 'n ongeneeslike siekte. Selfs by Betésda kon hy nie gehelp word nie. Hy is reeds só lank siek. Die genesing sou wel as 'n besondere teken aangemerk word. En dan gaan die Here dit gebruik om 'n paar lewensbelangrike sake aan die Jode tuis te bring. Vir 'n sondige mens is dit waarlik nie te veel om agt-en-dertig jaar te wag vir só 'n geleentheid nie. Die naamlose mens, het 'n sinryke taak te verrig, tot eer van sy Here. Hy het nie verniet gely en gewag nie.

Dink daaraan op u krankbed en wag op die Here.

## 2 Eensaam

2Tim. 3:1-11

"*Here, ek het niemand*..." (Joh. 5:7)

Gelukkig is die kranke wat nog omring is deur sy dierbares. By een of ander ernstige siekte is daar gewoonlik baie belangstelling van familie en vriende. Almal wat hom ken verneem na hom en soek hom op en staan hom by. Sommige toon hulle belangstelling deur kaartjies en blomme te stuur. Wat 'n verkwikking vir die sieke om te weet: Andere dink aan my!

Die weg word egter gewoonlik steeds eensamer. Dit kan selfs gebeur dat 'n mens, na 'n langdurige krankbed, jou naasbestaandes oorleef. Dit kan gebeur dat hulle van jou vervreem, omdat aan hulle liefde al te hoë eise gestel word. 'n Sieke is nie altyd 'n maklike mens om te hanteer nie. En 'n gesonde mens kan hom moeilik voortdurend inleef in die toestand van 'n sieke, wat kronies siek is, en soms selfs neuroties en moeilik kan raak.

Hoe dit gekom het dat hierdie man niemand het nie, weet ons nie. 'n Mens kan jou sy magteloosheid voorstel. Hier lê hy teenaan die genesende water. Elke dag is hy getuie van mense wat kom en gaan. Hy sien die roering van die water. Hy sien hoe andere voor hom ingaan en gesond vertrek. Só gaan die jare verby. Agt-en-dertig jaar is hy siek. Hoeveel van die tyd hy hier by Betésda deurgebring het, word nie gesê nie. Sy nood was in elk geval veel meer as sy siekte. Hy het ook die liefdeloosheid van sy medemens in oorvloedige mate ondervind. Kon al die mindere siekes dan nie maar ooreengekom het om aan hom één keer die geleentheid te gee om eerste in te gaan nie? Niemand dink egter daaraan nie. Elkeen ken alleen sy eie behoefte en gryp gulsig wanneer die geleentheid daar is.

Is dit nie maar 'n normale menslike samelewing nie? Die apostel waarsku dat ons mekaar nie moet byt en opeet nie. Selfs onder die Christene word soms weinig van die ware selfverloëning en Christelike liefde gesien. In ons stede en selfs op die platteland, tref ons meer en meer die "naamloses" aan. Ons skuur by hulle verby en kyk liewer maar weg. Só het die priester en die Leviet in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan ook gemaak. En die naamlose eensames groei aan in getalle in ons tyd waarin ons dink in terme van die "massa". Ons dink ook aan die "massa-mens". Dit is die mens wat sy persoonlikheid ingeboet het. Hy het niemand nie. Hy behoort aan niemand nie. Hy is bloot 'n nommer in die samelewing of 'n rat in 'n koue metaalagtige hartlose masjien.

Paulus waarsku: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees..." (2 Tim. 3). Waar die liefde vir mekaar verdwyn, tree die swaarste van alle swaar tye in. Die atmosfeer word verstikkend. Die mens kan nie meer asem kry nie. Hy sterwe die dood van die eensames. Dit laat 'n mens dink aan toestande in kommunistiese Oos-Duitsland, soos deur reisigers oorvertel. Niemand lag nie. Almal is stil en wantrouig.

Naamloos is die nood van die eensames.

## 3 'n God wat sien

Gen. 16

"*Neem jou bed op en loop*." (Joh. 5:8)

Die siek man van Betésda sou belangeloos die verbygangers gadeslaan. Niemand stel in hom belang nie. Hy lê hier tussen die menigte as 'n naamlose "nommer". Die knaende pyn sou hom gedurig bewustelik daaraan herinner dat hy nog bestaan – anders sou dit tog vir niemand saak maak nie.

Hy het egter nie rekening gehou met "Iemand" nie. Daar is Iemand wat hom sien en weet van sy nood. "Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?"

Dit is Jesus ons Middelaar. Daarom is Hy ons Middelaar. Omdat Hy sien en weet. Hy sien waar die mens nie sien nie. Hy sien wanneer die medemens verby kyk of selfs wegtrap. En hy weet alles van al die jare en swaarkry en eensaamheid.

Hagar, die slavin van Saraï, was swanger. Dan verhef sy haar in trots teenoor haar kinderlose meesteres, Uiteindelik vlug sy weg van die tent van haar meesteres, omdat Saraï met toestemming van Abram, haar weer laat voel het dat sy maar net 'n slavin is. Die Engel van die HERE tref haar aan by 'n fontein in die woestyn op pad na Sur. "Hagar, slavin van Saraï, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?" vra die Engel haar. "Ek vlug weg van my meesteres Saraï af," is haar antwoord... Hy stuur haar terug na die slawerny en tog neem sy 'n kosbare skat mee. Dit bely sy in die naam wat sy aan die put gee: "Lagai-Roi". Dit verklaar sy só: "U is 'n God wat sien." Dit ondervind die siek man nou ook.

Wanneer Hy sien en ken, dan bly Hy ook nie afsydig nie. Hy kyk nie weer weg nie. "Wil jy gesond word?" Vanselfsprekend wil hy gesond word. Jesus stel egter die vraag om van hom 'n erkentenis te ontlok. Hy moes sy eie magteloosheid bely. Hy wil gesond word, maar hy kan nie. Ons ken die magteloosheid. Soms is dit onsself wat wil maar nie kan nie. Soms is dit dierbares wat sug onder die slawebande en verlang na vryheid, maar nie kan nie. Dink aan die alkoholis en die dwelmslaaf. Ons dink ook aan al die magtelose siekes!

Na die belydenis kom die magswoord van Bo: "Staan op, neem jou bed op en loop!" Kort en kragtig is die bevel. Hier is geen sprake van gestadige beterskap en uiteindelik genesing nie. Die Here verlos volkome en onmiddellik. Hy word nie weggehelp of gelei nie. Hy het selfs nie hulp nodig om sy bed te dra nie – hy doen dit self. Só werk ons Heiland. Hy doen dit volkome. Hy verlos geheel-en-al van ons nood!

Ons moet egter byvoeg dat die man gehoorsaam was aan die bevel van die Here. Hy het dadelik opgestaan en sy bed opgeneem. Hy kon Jesus uitlag en sê dit is onmoontlik. Hy kon maak asof hy Hom nie hoor nie. Is dit nie die fout van baie ellendiges nie? Hulle reageer nie op Jesus se bevele nie en hulle bly in hulle namelose ellende. Met hierdie man was dit anders. Dit is geloof.

## 4 Jesus Here van die Sabbat

Matt. 12:1-8

"*En daardie dag was dit sabbat*." (Joh. 5:8)

Die genesing was meer as 'n wonder. Dit was 'n teken dat Hy die Christus is, die eniggebore Seun van God. Daartoe moes die genesing van die siek man dien. Dit moes egter selfs tot meer as dit diens doen. Dit moes ook 'n teken wees dat Jesus die Here van die sabbat is. 'n Mens kan byna sê: As Jesus liewer nie vir hom gesê het nie: "Neem jou bed op en loop." Dan sou Hy nie 'n dispuut met die Joodse leiers veroorsaak het nie. Die genesing sou hulle moontlik nog kon verdra – hoewel hulle ook in die opsig hulle bedenkinge gehad het. Hulle het Hom by 'n ander geleentheid self s in die oog gehou, of Hy 'n man met 'n verdorde hand op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aankla (Mark. 3).

Hier gee die Here nou doelbewus 'n stok in hulle hande. Hy sê uitdruklik aan die man: "Neem jou bed op en loop." Daarmee laat Hy die man toe om 'n gebod van die Jode te oortree. Dit is een van die "sabbatsgebooie" dat 'n mens nie op die sabbat 'n las mag dra nie. Daarom is daar dadelik verset van die Jode. Hulle sê vir die man:"Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie."

Die man se antwoord is: "Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: Neem jou bed op en loop." Dat 'n man op die sabbat by Betésda in die roerende water gaan en deur God genees is, was blykbaar nie verkeerd in hulle oë nie. Om sy bed te dra, wat feitlik bloot 'n slaapmat was, was egter 'n skending van die sabbat. En dit was vir die Jode 'n sware sonde. Die geneesde man beroep hom egter sonder meer op Jesus, wat hy nie eens by die naam ken nie. Dit is vir hom voldoende gesag. Iemand wat hom van sy vreeslike kwaal kon genees, moet ook wel weet wat Hy doen, wanneer Hy hom beveel om sy bed op te neem.

Nou soek die Jode die opdraggewer. Toe die man eindelik uitvind dat dit Jesus is, gaan vertel hy aan die Jode wie aan hom die opdrag gegee het. Hulle reaksie is: "En hieroor het die Jode Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die sabbat gedoen het." Dit wil die evangelieskrywer aan ons tuisbring: Die genesing op die sabbat was aanleiding tot die vervolging van Jesus. Jesus het met opset die man op die sabbat genees en hom met opset beveel om sy bed te dra; die gevolg is dat die wrewel van die Jode gewek is. Hy val die Jode aan in hulle sabbatsbeskouing. Hy doen dit omdat hulle sabbatsgebooie verkeerd is. Dit gaan ook nie in die eerste plek om die eer van God nie, maar om die handhawing van hulle eie gesag oor die volk. Dit is "hulle" insettinge en nie die bevel van "God" wat in gedrang is nie.

Hier moet ons leer om te onderskei. Tereg word ons rusdag beskou as "die dag van die Here". Hy is Here ook van die sabbat. Ons moet egter daarteen waak om menslike reëls en gebooie te onderhou, sonder om God waarlik te eer. Ons rusdag moet gevul wees met werke van die Gees. Ons moet positief besig wees om God te dien.

## 5 Meer as gesond gemaak

Joh. 5:1-14

"*Moenie weer sondig nie*." (Joh. 5:14)

Hierdie woorde van die Here is gerig tot die man wat Hy by die bad van Betésda genees het. Hy het nie geweet wie Jesus was nie. Toe kry die Here hom later in die tempel en sê vir hom: "Kyk, jy het gesond geword, moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie." Só voeg die Here die allerbelangrikste by hierdie man se genesing. Hy voeg sy woord by. Hy preek vir hom. Siekes gaan hospitaal toe vir 'n ernstige of minder ernstige siekte. Hulle onthou hulle slaapklere en selfs tydskrifte en boeke en 'n radio om die vervelige tyd mee te verwyl. Hulle vergeet egter dikwels die belangrikste: Hulle Bybel. Jesus het ook iets te sê tot siekes. Anders kan hulle moontlik iets ergers oorkom.

By hierdie wonder was die man met sy geestelike behoefte – sy geloof en bekering – tot dusver nie ter sprake nie. En tog het hy persoonlik baie ontvang. Hoewel hy dit nie gesoek of daarna gevra het nie, is hy betrek binne die kring van die genade. Hy het 'n hemelse gawe ontvang. Daarom moes hy persoonlik nog twee dinge weet.

Hy moes in die eerste plek weet Wie hom genees het. Die dokter stuur sy rekening wat ons betaal en ons gaan bedank hom dikwels persoonlik. Gelukkig is daar nog dokters wat sê: "U moet my nie bedank nie. Ek was maar 'n instrument. Sonder die seën van die Here kan ek niks doen nie." Maar, al sou die dokter dit nie weet nie, weet ons dit tog. "Loof, die HERE, o my siel, wat al jou krankhede genees!" (Ps. 103). Die mens het skouspelagtige vordering gemaak op die gebied van die mediese wetenskap. Daar sit baie aan studie en navorsing en inspanning agter. Die wonderlikste is egter die hand van die Here daar agter. Hy het in die eerste plek aan die mens die insig en verstand gegee – Hy die Skepper het ons wonderbaarlik gemaak. Om te dink dat ons met ons, deur die sonde verduisterde verstand, tot sulke hoogtes in staat is!

Maar selfs met al die kennis en middele kan geen dokter help, as die Here nie seën nie. Daarom bly dit steeds: "Loof, die HERE, o my siel, wat al jou krankhede genees!"

En die tweede ding wat die man moes leer? "Moenie meer sondig nie." Jy was siek. Jou siekte is genees. Daarin is die heerlikheid van Christus geopenbaar. In jou siekte het God egter ook met jou gepraat. Het jy daaroor nagedink toe jy agt-en-dertig jaar lank magteloos was? Jy was moontlik, heel begryplik, bitter en opstandig. Jy het God miskien verwyt van onreg en hardheid. Job en Asaf in Ps. 73 het dit ook gedoen. Gelukkig vir Job en Asaf het hulle die roepende stem van God gehoor, terwyl hulle nog siek was. Hulle het uitgevind dat hulle aan 'n veel erger kwaal ly as die siekte wat hulle liggame verteer. Die kwaal was hulle sonde. Het God ook só met jou gepraat op jou krankbed?

Met Job en Asaf en met jou en my het God in ons krankheid ook van sy genade en liefde gepraat. Dit is immers anders met die mens wat aan die Here behoort – al is hy siek. Hy besit die vrede van God, wat veel meer as gesondheid en vryheid van beweging beteken. En ons – nou is ons genees. Sê dan dankie aan die Here. Hoe? "Sondig nie meer nie."

## 6 Werk op die Rusdag

Joh. 5:16-24

"*My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook*." (Joh. 5:17)

Die Here Jesus ondervind die vyandskap van die Jode. Hy laat dit egter nie onbeantwoord nie. Hy bestry die vyandskap, maar op sy besondere wyse. Hy stel sy woord teenoor die vyandskap van die Jode. Hy preek vir hulle. En dan toon Hy aan dat Hy nie anders kon optree as wat Hy gedoen het nie. Hy werk kragtens sy Goddelike roeping. Omdat sy Vader werk, wérk Hy en soos die Vader werk, wérk Hy en solánk die Vader werk, wérk Hy ook.

Ons het hier te doen met die sabbatsopvatting van Christus. Die Jode het Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy 'n man op die sabbat genees het. Die brandende vraag vir ons is of Jesus die sabbatsgebod as sodanig afgeskaf het, in hierdie uitspraak. Verwant hieraan is Matt. 12:8 waar Hy Homself Here van die sabbat noem. Ons kan 'n hele reeks verklaarders aanhaal wat sê dat Jesus Hom gehou het aan die wet wat God vir Israel gegee het. Ook die sabbatsgebod het Hy nie oortree nie. Sy hele optrede was gerig teen die Joodse vertolking van die sabbatsgebod. As "Here van die sabbat" weet Hy beter as die Jode hoe die sabbat gevier moet word. As Here van die sabbat bepaal Hy die inhoud daarvan. Indien Hy Here van die sabbat is, kan die dag tog nie afgeskaf word nie. Hy kan wel bepaal hoe en wanneer dit gevier moet word. Deur die opstanding op die eerste dag van die week, het Hy dit vir sy kerk aangedui.

"My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook." Die Jode het aanmerking gemaak op die wyse waarop Jesus sy Middelaarswerk doen. Hy sou dan die sabbatsgebod oortree het. Sy Middelaarswerk gaan egter voort – ook op die sabbat. Sy Vader werk tot nou toe. Hy onderhou en regeer die skepping en Hy werk in die verlossing van mense. Hy berei die saligheid vir sy volk. Net só werk Jesus. Hy kan nie anders optree nie. Hy werk elke dag.

Christus se werk bly binne die perke van die wet van sy Vader. Dit mag egter nie ingeperk word deur die wette van mense nie. Sondaars en ellendiges moes gered word – ook op die sabbat – en geen mensewet mag dit verhinder nie.

Sien ons die sabbat, wat vir ons die rusdag is, só dan sou ons dit alleen tot eer van God en tot 'n seën vir ons medemens maak. Verhinder ons die redding van mense deur ons "wettiesistiese" onderhouding van die rusdag, dan oortree ons. Aan die ander kant kan ons deur die nalating van die rusdag, ook struikelblokke wees vir sondaars. Ook dit kan hulle weghou van die Vader af. So staan ons Christus se Middelaarswerk in die weg. Werk op die rusdag volgens die wil van God en werk na God toe, dan kan u gerus werk. In so 'n werk rus 'n mens ook van jou eie "bose werke".

## 7 Verharding

Hebr. 6:1-10

"*Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak* ..." (Joh. 5:18)

Hier sien ons duidelik die krag van die dwaling. Dit kom aan die lig in die verset teen Jesus en die verwerping van sy woord. Die Jode wil hulle nie bekeer op sy woord nie. Hulle is só verblind deur die krag van die dwaling dat hulle volhard. Hulle weg gaan van kwaad tot erger. "Hulle het nog meer probeer om Hom dood te maak.'"'

Hierdie optrede van die Jode is nie 'n uitsondering nie, maar die reël by die onbekeerlike mens. Die Prediker roep die jong mense toe: "Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie ..." In die jeug is 'n mens meer vatbaar vir die Evangelie. Buig 'n boompie solank hy jonk is. Groei 'n boom skeef, dan kan hy nie meer reg gebuig word, wanneer sy stam dik en hard geword het nie. Só is dit ook met 'n mens. Groei hy vas aan die verkeerde, dan word die pad terug al moeiliker. Die Woord bring nie bekering nie, maar al meer en meer verharding en weerstand. Uiteindelik word dit haat en vyandskap teen Christus en sy Woord.

Ek dink aan 'n ou ongelowige man wat ek in die hospitaal aangetref het. Ons gesprekke was klaarblyklik vrugbaar, maar toe hy voor Christus en die bekering gestel is, was sy reaksie: "Ek het in die dinge geen behae nie..." Dit is opmerklik dat hy presies die woorde van die Prediker gebruik het: "Ek het daar geen behae in nie."

'n Mens moet altyd in gedagte hou dat jy met God self te doene het, wanneer sy Woord aan jou verkondig word. 'n Preek of bloot 'n oproep of vermaning in die Naam van die Here, is geen kleinigheid nie. Dit is bemoeienis uit die hemel. Hierdie Jode het die Here Jesus se woord verwerp, en dieselfde mense het later geskreeu: "Kruisig, kruisig Hom!" Tereg het die Here Jesus aan hulle gesê: "Julle het die duiwel as vader."

Aan die een kant leer ons hieruit dat ons dit nie as vreemd moet beskou as ons prediking weerstand en haat by die mense ten gevolge het nie. Ons Here het dit self ondervind.

Aan die ander kant is dit 'n ernstige waarskuwing aan ons, wat die voorreg het dat die Here nog tot ons spreek. 'n Mens moet dit as genade sien en daarop antwoord. Vandag as julle sy roepstem hoor, verhard julle hart nie.

Die volkere in Rusland en agter die ystergordyn is te bejammer. Hulle het egter die woorde van die Here gehoor en daar nie die nodige erns mee gemaak nie. Dit maak ons bang vir ons toekoms. Ons in die sg. "Vrye Weste" is ook besig om meer en meer die Evangelie van genade te minag en te verwerp. God laat egter nie met sy Woord speel nie. Die vyandskap teen ons eie land en volk is ook 'n roepstem van God tot ons: "Bekeer julle!"

# 8 Seun van God

Luk. 2:41-52

"*My vader ... en Ek*..." (Joh. 5:17)

Ons het hier die eerste geleentheid in die Evangelie van Johannes waar die Here Jesus die uitdrukking gebruik: "My Vader..." Die Here het volgens die ander Evangelies dit egter al eerder gedoen. Selfs in die eerste woorde, wat van Hom as kind opgeteken is, kom die uitdrukking voor. Dit was by die geleentheid toe Hy as twaalf jarige kind in die tempel agtergebly het. Sy moeder en Josef het na Hom gesoek en kry Hom die derde dag in die tempel, in gesprek met die Skrifgeleerdes. Sy sê vir Hom: "Kind, waarom het jy só met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek." Sy antwoord is: "Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?" Dit is opmerklik dat dit ook sy laaste woorde aan die kruis was: "Vader in u hande gee Ek my gees oor." Tot sy dissipels praat Hy van "My Vader" en "julle Vader" en nêrens van "ons Vader" nie. Daarin onderskei Hy duidelik tussen sy verhouding tot die Vader en ons, gelowiges, se verhouding tot God, as ons Vader. Ons Kategismus sê hiervan: "Hy is die enige natuurlike Seun van God, terwyl ons om sy ontwil tot kinders van God aangeneem word."

Hierdie uitspraak van die Here, wat dikwels in die Evangelies voorkom, is van die allergrootste belang. Daarby staan of val ons geloof. Óf Hy is die enige Seun van God, óf Hy is 'n bedrieër. Teenoor Hom kan geen mens neutraal staan nie. Indien Hy nie die Seun van God is nie, kan ons Hom selfs nie beskou as 'n profeet nie. Dan is Hy deur en deur 'n leuenaar en, soos die Jode dit vertolk, 'n Godslasteraar. Dit verkondig Hy immers duidelik en onomwonde: Hy is die eniggebore Seun van God. Hiervan hang ons saligheid af.

Die apostel Johannes skryf in sy eerste brief: "Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die antichris..." (1 Joh. 4). Dit gaan hier nie om menslike opinies nie, maar om die openbaring van God in Christus. Dit moet ons glo en bely, anders is ons nog in ons sonde en daarmee vir ewig verlore.

Dit is die belydenis; Christus is God uit God en Lig uit Lig. Hy is en bly van ewigheid af God, maar het die menslike natuur aangeneem uit die vlees en bloed van die maagd Maria.

Waarom is dit van soveel belang?

Hierop gee die Heidelbergse Kategismus die antwoord: "Om uit krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee." Daarom gaan dit. God stuur sy eie Seun om ons te behou. "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?" (Rom. 8).

Só word ons aangeneem tot kinders van God – elkeen wat glo in sy eniggebore Seun.

## 9 Opgewek uit die Dood

Joh. 11:19-28

"*Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil.*" (Joh. 5:21)

Die Here Jesus is nog besig om te praat oor sy verhouding met die Vader. Hy en die Vader is één. Dit blyk uit die genesing van 'n man wat agt-en-dertig jaar siek was. Daarin openbaar Hy die werke van sy Vader. Hy doen dieselfde as die Vader. "En groter werke as hierdie sal Hy Hom (die Seun) toon, sodat julle verwonderd kan wees. Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil." Mense sal nie alleen gesond gemaak word nie, maar selfs uit die dood opgewek word.

Die Jode glo in God wat dode opgewek het. In die Ou Testament is daar voorbeelde van. Dit sal die Seun ook doen. Dit weet ons, het Hy ook gedoen. Hy het die dogtertjie van Jaïrus, die seun van die weduwee van Naïn en Lasarus, die broer van Martha en Maria, uit die dood opgewek. Soos niks anders nie het dit tog duidelik getoon dat Hy en die Vader één is.

Maar hierdie uitspraak hou meer in as bloot die opwekking van mense wat die liggaamlike dood gesterwe het. Dit gaan ook selfs nie alleen om die opwekking van die dode in die laaste dag, wanneer Hy ten oordeel kom nie. Nee, volgens die verband is "dode" en "opwekking" hier in ruimer sin bedoel. Met "dode" word hier bedoel almal wat onder die mag of in die greep van die dood is. Dit beteken nie alleen liggaamlike dood nie, maar ook geestelike dood. Paulus noem dit 'n dood in "misdade en sondes". Hier gaan dit om almal wat lê onder die oordeel van God. Hulle is geestelik dood en die gevolg daarvan is die ewige dood, indien God hulle nie opwek uit die dood nie. Die dood word hier gesien in sy volle omvang as van God geskeie te wees – as geestelike en liggaamlike dood.

Ook dat God dooies opwek en lewend maak moet ons so ruim moontlik sien. Die liggaamlike opwekking gaan voorop. Dit moet immers gesien word as teken van die eenheid van Christus en sy Vader. Die Vader maak dood en lewend – só ook die Seun. En die Seun maak lewend wie Hy wil.

Vrymagtig is Hy in sy uitverkiesing. 'n Dooie kan nie vanself opstaan nie. Hy moet lewendig gemaak word. Netso kan iemand wat dood is, in sonde en misdade, nie vanself opstaan uit die dood nie. Hy word ondanks homself opgewek. Dit hang alleen van die wil van die Here af. Hy maak lewend wie Hy wil. Dit is en bly altyd die onbegryplike wonder van God se genade. Hy maak lewendig en Hy maak lewendig wie Hy wil.

Hier staan ons verstand stil. Dit is te hoog – ons kan nie daarby nie. Ons kan alleen onse God prys vir die onbegryplike dat ons nie meer dood is nie, maar lewe.

"O, Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë? Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

Of wie het eers iets aan Hom gegee dat dit hom vergeld moet word?

Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen" (Rom. 11).

## 10 Glo en Lewe

Ef. 2:1-10

"*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe*." (Joh. 5:24)

Nadat ons Kategismus die hele geloofsbelydenis behandel het, vra hy: "Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?" Ons glo alles van God die Vader en ons skepping; God die Seun en ons verlossing en God die Heilige Gees en ons heiligmaking. En dit beteken vir ons iets. Wat baat dit ons? "Dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe." Soos Jesus sê: "Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie..." Hy wat glo het die ewige lewe en is regverdig voor God.

Kosbaar is hierdie uitspraak. Hy wat die woord van Jesus hoor en glo het die ewige lewe. Hy hoor – hy glo – hy lewe! Baie mense hoor die woord, maar verwerp dit. Hulle bly in die dood en onder die oordeel. Andere hoor en glo en gaan oor uit die dood tot die lewe en kom nie onder die oordeel nie. Wanneer hulle hoor, is daar die begin van die begrip en van gehoorsaamheid en dit is klaar 'n teken dat die mense oorgegaan het uit die dood in die lewe. 'n Dooie mens kan nie waarlik hoor nie.

Eintlik staan hier in die oorspronklike taal: "Wie my woord hoor en Hom hoor wat My gestuur het..." Ons vertaal dit met "glo" maar in die Grieks word "hoor" herhaal. Dit kom daarop neer: Wie die stem van die Seun hoor en in sy stem die stem van die Vader hoor, het die ewige lewe. Wanneer Jesus praat, praat die Vader. Wanneer sy Woord praat, praat God. Hoor ons die stem van God in die Woord, dan het ons die ewige lewe. Die kind hoor die stem van sy Vader en dit is genoeg: hy lewe.

En só 'n mens kom nie in die oordeel nie. Hy is geregverdig deur die geloof. Treffend word hierdie waarheid gesien in die gesig van die profeet Sagaria. In Sag. 4 sien hy vir Josua, die hoëpriester van sy volk, in die hemel voor die troon van God staan. Aan sy regterhand staan die aanklaer – niemand minder as die Satan self nie. Josua dra die tekens van sy skuld aan sy klere – hy het vuil klere aan. Toe kom die uitspraak van die hemelse Regter. Hy bestraf die Satan, maar Hy verklaar Josua onskuldig. Daarop word sy vuil klere uitgetrek en hy ontvang 'n feeskleed.

Wie van ons se klere is skoon? En tog is ons beklee met feesklere, omdat ons beklee is met die geregtigheid van Christus. Ons glo in Hom en dit word ons tot geregtigheid gereken. Daarom kom ons nie in die oordeel nie. "Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, kom nie in die oordeel nie ..." Hy het klaar oorgegaan uit die dood in die lewe.

## 11 Oordeel

Openb. 20:11-15

"...*daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor*." (Joh. 5:28)

Die Here Jesus is nog besig om met die Jode te praat oor sy verhouding met sy Vader. Soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee." Dit is 'n oordeel wat al hier in die lewe begin. Hy het dit alreeds vroeër in die gesprek met Nikodémus verklaar: "Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."

Hy wat glo is alreeds in hierdie lewe vrygemaak van die sonde. Sy sondes is vergewe. Die toorn van God rus nie meer op hom nie. Die vryspraak bring die vrede met God en die beginsel van die vreugde van die ewige lewe. Die hemel is oop bo ons. Ons Vader sien ons met welgevalle aan en ons kan kinderlik na Hom gaan – ook met die oorblywende swakhede waarteen ons elke dag stry. Daar is niks op aarde wat die groot vreugde aan 'n mensekind gee, wat die gelowige besit nie. Die toornige hemelse Regter het ons liefdevolle Vader geword.

En dan praat die Here van die eindoordeel. Alreeds hier op aarde sien ons iets van die oordeel; die toorn van God wat op die ongelowige mense rus. Hulle mag drink en dans en vrolik wees – in alles is daar die spreekwoordelike druppel gal. By menigeen lei dit tot 'n grenslose jag na 'n ontwykende vreugde wat uitloop op die swart skaduland van die wanhoop. Ons hoor hierdie leë wanhoop in die skreiende skreeu van die jeug na vryheid en liefde. Die leegheid van die lewe van die "blommekinders" wek deernis by 'n mens. Só leeg en niksseggend is die lewe. Die ontvlugting wat die bedwelming van drank en ander "trips" bied, is 'n bose kringloop wat net dieper aftrek in die dojiker bodemlose put van sinloosheid en grenslose eensaamheid. Oordeel beteken dat 'n mens van God geskei en verlate is. Hoe vreeslik is dit al in hierdie lewe... So gaan die leë lewe verby en dan kom die uur van die dood en uiteindelik die einde van alle dinge.

Ja, daar kom 'n uur. God is nie dood nie. Hy lewe. Christus is nie bloot die matte "liewe-Jesus-gestalte" nie. Die uur kom – sy uur. En dan kom Hy op die wolke van die hemel. Die basuine weerklink. Sy stem is op aarde gehoor. Mense het gemaak of hulle dit nie hoor nie. Dit was die stem van genade: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee!" Die horende dowes kan die stem nou nie meer ontwyk nie. Dit dring deur tot die grafte. "Almal wat in die grafte is, sal sy stem hoor en sal uitgaan..." Só verrys hulle – die miljoene der miljoene wat deur die eeue heen op die aarde gewoon het. Hulle het onder Gods son geleef, maar hulle het Hom nie erken nie. Nou kan hulle sy stem nie ontwyk nie. Dwingend is sy stem. Hulle staan op ...

"En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openb. 20).

## 12 Lees Reg!

Joh. 5:30-40

"*Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig*." (Joh. 5:39)

Die Jode het die Bybel. Ons noem dit die Ou Testament. Hulle het normaalweg gepraat van die "Skrifte" of "Moses en die Profete". Veral die Skrifgeleerdes het gedurig die Skrifte bestudeer. Hulle het gemeen – en tereg ook – dat hulle daarin die ewige lewe het. Die Ou Testament is immers die Woord van God. Deur in die Woord te glo het jy die ewige lewe. So het die Ou Testamentiese gelowiges die ewige lewe ontvang. Abraham word selfs deur Paulus die vader van die gelowiges genoem. Hy het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken.

Maar wat was dan die fout van die Jode in die tyd van die Here Jesus? Hulle fout was dat hulle die Skrifte nie goed gelees het nie.

Daar lê, soos Paulus sê, 'n sluier op hulle hart by die lees van die Skrif. Daarom sien hulle nie dat Jesus van Nasaret die beloofde Messias is nie. Hulle staan skuldig, nie omdat hulle nie lees nie, maar omdat hulle nie goed lees nie.

Wat is die bewys dat die Jode die Skrif nie goed lees nie? Die Skrif getuig van die Messias. Dit glo die Jode. Hulle glo egter nie dat Jesus die Messias is nie. Dit is die bewys dat hulle nie goed lees nie. Hulle ingebeelde voorstelling van die Messias kom nie ooreen met die werklikheid wat in die Ou Testament geteken word nie. Daarom herken hulle Hom nie toe Hy verskyn nie.

Die verkeerde siening van die Jode was dat hulle 'n eensydige voorstelling van die Messias opgebou het. En dit is menslik dat hulle die aangename trekke, in sy tekening in die Ou Testament, graag geglo het. Hy kom as Koning. Hy sal Israel verlos van sy aardse vyande en maak tot eerste onder die volke. Aan die voorstelling van 'n Messias in majesteit en eer, beantwoord Jesus nie in hulle oë nie. Hy beantwoord eerder aan die beeld van 'n nederige dienskneg.

En tog het Jesus ook sy heerlikheid geopenbaar. Sy dissipels was ook Jode met verkeerde voorstellinge. Hulle het ook aardse heerlikheid verwag, maar hulle het Hom nogtans erken. In sy woorde en werke het hulle sy Messiasskap gesien. Hulle was selfs ongeduldig en het gestrewe na ereposisies in sy koninkryk. Hieroor het Hy hulle herhaaldelik skerp tereggewys. Ja, selfs sy dissipels wou graag glo in sy heerlikheid, maar was traag om te glo in sy vernedering. Toe Hy gevange geneem en veroordeel en gekruisig is, het hulle ideale en verwagtinge in duie gestort. Maar hulle het tog aan Hom vasgehou.

En ons? Glo ook ons nie liewer in die aangename, in aardse sin, as in die lewe uit die Gees nie? Wanneer ons geloof nie 'n geloof is wat ook die kruis, in sy naakte vreeslikheid in ons eie lewe insluit nie, dan weet ons nog nie waarlik wat dit beteken om te glo nie. Juis wanneer dit stikdonker nag is, kom die egtheid van ons geloof en die ewige lewe in ons aan die lig.

## 13 Die Wet van Moses

Joh. 5:37-47

"*Daar is één wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehoop het*" (Joh. 5:45)

Jesus is nog steeds besig om die Jode te verwyt dat hulle Hom verwerp. En Hy is die Messias wat deur die Skrifte aangekondig is. Hy het vroeër vir die Jode gesê: "maar Ek sê dit, dat julle gered kan word."

Daarom sê Hy nou: "Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehoop het." Hy self het gekom om te soek en te red die wat verlore was. Hy het gekom om salig te maak en nie om te veroordeel nie. Daarom sal Hy nie as aanklaer, van die Jode by die Vader optree nie. Die ironie is dat Hy juis daarom nie deur hulle as die Messias gesien word nie. Hy is nie aanklaer nie, maar Redder. Hy gaan om met sondaars en tollenaars, om só die verlorenes te red. Dit kon hulle van Hom nie verdra nie. En tog sou Hy hulle, sy vyande, met Messiaanse barmhartigheid verdra.

Selfs nou verkondig Hy nog die Evangelie van genade aan hulle wat Hom haat en vervolg. Hoewel hulle dit ontken, preek Hy nog dat Hy een met die Vader is. Ook wanneer Hy verklaar dat Hy nie hulle aanklaer is nie, wyk Hy nie af van die Evangelie van die waarheid nie. Hy is die Seun van God.

Só is ons Middelaar. Hy bly wat Hy is, al ontken mense sy Messiasskap. 'n Blinde kan ontken dat die son bestaan omdat hy dit nie sien nie. Dit maak egter aan die bestaan van die son geen verskil nie. Mense kan ontken dat God bestaan of dat Christus lewe. Dit kan die bestaan van God nie wegneem nie. En wat nog wonderliker is: dit kan sy barmhartigheid in Christus oor alle mense, ook hulle wat Hom deursteek het, nie ongedaan maak nie. Hy is nog altyd daarop uit om te soek en te red die wat verlore is – al wil die verlorenes dit nie erken nie.

Maar daar is tog 'n aanklaer. "Daar is één wat julle beskuldig – Moses op wie juïïe gehoop het." Met "Moses" bedoel die Here hier duidelik die "Wet van Moses". Dit is waarop die Jode hoop en bou. Die Wet is hulle hoop en verwagting. Lewe volgens die Wet en jy het die ewige lewe. Dit glo hulle. Hou die Wet in ere; vervul die Wet en verdien daardeur die ewige lewe.

Ag as die Jode dit tog maar net begryp het! Die Wet van Moses is nie die leer waarlangs 'n mens opklim na die hemel nie. Die Wet is aanklaer, beskuldiger – nie alleen van die Jode nie, maar ook van ons. In die heldere lig van die Wet van God staan ons almal skuldig – nie alleen die Jode nie. Niemand kan langs die weg van wetsvervulling die Here behaag nie. Ons allerbeste werke is met sonde bevlek en soos 'n verwerplike kleed. Die Jode lees ook die Wet verkeerd. Die Wet verkondig by uitnemendheid die Messias. Die Wet is 'n tugmeester na Christus toe. As hulle dit tog maar begryp het! Dan sou hulle redding by Hom gesoek het.

Maar wanneer die Wet ons nie na Christus toe dryf om vergewing van ons sondes te soek nie, dan bly die Wet beskuldiger of aanklaer. Só sal Moses in sy Wetsgestalte voor die Jode en elke mens staan, wat nie sy redding in Christus gesoek het nie.

## 14 God sal voorsien

Joh. 6:1-15

"*Waarvandaan sal ons brood koop*...?" (Joh. 6:5)

Die Here Jesus is weer met sy dissipels in Galilea. Menigtes het Hom gevolg. Om een of ander rede vaar Hy met sy dissipels oor die see van Galilea na die Oostekant. 'n Groot menigte volg Hom te voet rondom die meer, "omdat hulle die tekens gesien het wat Hy aan siekes gedoen het". En Jesus het op die berg geklim en daar met sy dissipels gaan sit. Jesus slaan sy oë op en sien hoe die mense aankom. Hulle is aangedryf deur die drang om by Hom te wees. Met hulle oë het hulle die gang van die skuit oor die meer gevolg om vas te stel waar hulle Hom sou kry. In hulle gretigheid om by Hom te kom het die meeste nie gedink aan ete nie.

"Toe Jesus dan sy oë opslaan en sien dat 'n groot menigte na Hom kom, sê Hy vir Filippus: Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?"

Filippus bereken dadelik die koste. Twee honderd pennings sal nie genoeg wees vir hulle, sodat elkeen 'n stukkie kan kry nie. Waarom twee honderd pennings? Moontlik was dit al wat die kassier, Judas, by hom gehad het. En dit sou vér te kort skiet. Ons kon nog daarby voeg dat Filippus nie eens gedink het aan die afstand nie. Hoe sou 'n mens vanaf hierdie verlate plek gou kos kon laat haal in 'n dorp – wie weet hoe vér!

En tog hou die vraag ook in dat ons verantwoordelik is vir die mense. Die mense is hier ter wille van die Here. Daarom het hulle aanspraak op sy versorging. Ons kan hulle tog nie honger wegstuur nie. Hulle is hier ter wille van die Brood van die lewe, maar hulle is nog mense met liggaamlike behoeftes.

Die vraag stel Filippus se geloof op die proef. Aan die een kant word hy gestel voor 'n eis wat menslik onmoontlik is. Aan die ander kant word die verantwoordelikheid vir sy medemens aan hom tuisgebring. Abraham, die vader van die gelowiges, is ook by geleentheid op die proef gestel. God het hom beveel om sy enigste kind wat hy liefhet, Isak, te neem en te gaan offer. Toe hy en sy seun die bergpad opgaan na die offerplek, was Isak se vraag: "Waar is die lam vir 'n brandoffer?" Daarop is Abraham se eenvoudige antwoord: "God sal vir Homself die Lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun."

"Waarvandaan sal ons brood koop...?" Waar kry ons kos en klere? Waarvandaan kom die middele om die werk in die koninkryk van God te doen? Die lande is wit vir die oes en die arbeiders is min. Allerweë skreeu die vraag ons toe in die wêreld waarin ons lewe. Daar moet geld wees om te koop. Daar moet finansies wees om sendingwerk te doen; om Bybels te versprei; om werkers te bekostig – dit is nie alleen sendelinge nie, maar selfs dokters en verpleegsters en skole. Daar moet lektuur gedruk word en boeke vertaal word. Waarvandaan kom die geld vir al die nood?

Die eenvoudige antwoord is: God sal voorsien, solank ons maar doen wat Hy vra. Ons moet bereid wees om, soos Abraham, ons allerdierbaarste te offer. Dan word geloof omgesit in rande en sente.

## 15 Die Here weet

Ps. 102:1-14

"*Hy het self geweet wat Hy wou doen*..." (Joh. 6:6)

Die Here Jesus en sy dissipels is nog êrens Oos van die see van Galilea. 'n Menigte mense het vér geloop – rondom die meer – om by Hom te kom. Hy dink daaraan dat hulle honger het. Hy vra aan Filippus: "Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?" Daarmee stel Hy Filippus en sy dissipels voor 'n onmoontlike taak. Hulle kan nie voorsien in die behoefte van minstens vyf duisend mense nie. Hy stel die vraag om Filippus op die proef te stel, "want Hy het self geweet wat Hy wou doen".

Hyself was nie in verleentheid nie. Sy vraag is nie om die rede gestel nie. Dit was nie nodig dat Filippus Hom voorlig of uit sy verknorsing help nie. Hy het vooraf geweet van die omstandighede en Hy het ook die mag om te doen wat Hy wou.

Ons is dikwels in verleentheid. Jou eie nood dryf jou in 'n hoek. Dit kan soms met ons wees soos iemand wat teen 'n muur vasloop. Jy is in jou hart ontstel oor tydelike en geestelike nood en vrae. Wat nou? Vanwaar kom die redding?

Gelukkig het ons 'n Middelaar wat weet wat Hy wil doen – ook in ons lewe. Ons glo immers in 'n God wat almagtig en alomteenwoordig is. Hy onderhou die groot heelal en al die skepsele is só in sy hand dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom.

"Hy het geweet..." Hy het geweet van die menigte mense. Hy het ook geweet van hulle behoefte. Hy het doelbewus die see oor gevaar en hulle as 't ware agter Hom aangelei na die verlate plek weg van die naaste dorp. Hy het ook geweet dat sy dissipels maar net twee honderd pennings bymekaar sou kon skraap en wat is dit om in die groot behoefte te voorsien? Hy weet ook van ons nood en behoefte. Hy weet lankal wat op ons wag, want Hy lei ons deur sy raad. Hy weet ook van ons slordige lewe. Hy weet dat ons dikwels deur eie skuld in nood beland .. . Ja, Hy weet.

Hy het egter nie alleen geweet nie. Ons weet dikwels van ons eie en ons medemens se nood en kan daar niks aan doen nie. So is ons Middelaar nie. Hy kan ook doen en Hy wil ook doen. Sy arm is nie te kort om te help nie. Filippus kon maar net sy onmag bely. Ons kan dit ook gerus maar doen. Ons kan en moet ons nood voor Hom bely – alle nood. In Ps. 102 het ons selfs die "gebed van 'n ellendige as hy beswyk en sy klagte uitstort voor die aangesig van die Here ..." In dieselfde gebed hoor ons ook hierdie belydenis: "U sal opstaan, U oor Sion ontferm; want dit is tyd om hom genadig te wees, want die bestemde tyd het gekom."

Wag op die Here. Hy ken u behoefte en Hy kan help. En Hy help op sy bestemde tyd. Ja, ook op sy besondere wyse.

## 16 "U maak u hand oop"

Ps. 104:14-24

"*Laat die mense gaan sit*." (Joh. 6:10)

Jesus en sy dissipels is nog steeds in gesprek oor hoe voorsien sou kon word in die behoefte van die menigte wat Hom gevolg het. Hulle moet eet en waar kom dit vandaan? Filippus weet geen raad. Andreas werp sy stuiwer in die armbeurs: "Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar wat is dit vir só baie mense?" Opmerklik is die klein besonderhede wat die evangelieskrywer hier beklemtoon. Die gebeure het op hom 'n groot indruk gemaak en hy onthou die verloop daarvan só goed. By ons is daar ook gebeurtenisse wat ons in klein besonderhede onthou – veral wanneer ons duidelik die hand van die Here daarin sien. Die hand van die Here maak kleinighede tot uitstaande bakens in ons lewe. Só openbaar Hy sy heerlikheid op aarde. Die Here het nou vasgestel dat die apostels geen raad weet nie. Op die gewone menslike wyse is daar geen moontlike hulp nie. Dan begin Hy sy werk. Daardeur kom duidelik aan die lig dat hier 'n wonder gebeur en Hy sy heerlikheid openbaar. En Hy doen dit ook op sy besondere wyse.

En Jesus sê: "Laat die mense gaan sit." Eintlik staan hier in die oorspronklike taal: "Laat die mense aanlê." Dit was immers die gewoonte om aan te lê aan die tafel wanneer 'n mens gaan eet. Dadelik kom die gedagte by die dissipels en die skare na vore: "Ons gaan nou eet." Die Here Jesus berei sy tafel daar teen die berghang. Sy gaste word genooi om te kom aansit. Hy kies selfs 'n terrein waar hulle nie op die blote rotse hoef te sit nie, maar op die gras, want ons lees: "En daar was baie gras op die plek." Ook dit is 'n blyke van sy erbarming. Hy is die hemelse Gasheer wat sy gaste feestelik trakteer.

En dan gebeur daar iets opmerkliks. Calvyn vestig die aandag daarop. Die dissipels gehoorsaam. Hulle gaan rond as bodes en gee die bevel van die Here deur. En die menigte gehoorsaam ook. Hulle weet nie wat gaan gebeur – selfs óf daar iets gaan gebeur nie. En tog neem hulle plaas, op bevel van Jesus.

Ons sou dit seker nie geloofsgehoorsaamheid kan noem nie. Moontlik het hulle een of ander uitsonderlike gebeure verwag. Hulle het Hom immers hierheen gevolg omdat hulle sy tekens en wonders gesien het. Moontlik was daar afwagting oor wat Hy nou gaan doen.

En dan maak die Here gebruik van wat voor hande is: die vyf broodjies en twee vissies van die seuntjie. Die klein seuntjie sou nie begryp hoe belangrik sy padkos ineens geword het nie. Weer is dit wonderlik wanneer die lig van die Here skyn oor kleinighede. Ons garsbroodjies en vissies word 'n feesmaaltyd wanneer die Here sy hand daarop gelê het. Kom ons doen dit elke dag: Lê u een of twee of vyf broodjies in sy almagtige hand en vra dat Hy dit moet uitdeel aan die hongerige miljoene in die wêreld. En die wonder sal homself herhaal.

Ons dink aan die klein Engelse dogtertjie wat 'n Bybel wou besit; die geld swaar verdien het en myle te voet afgelê het om dit te bekom. Dit lei dan daartoe dat 'n predikant op die gedagte kom om 'n Bybelgenootskap te stig – Die skamele broodjie van die dogtertjie het aangegroei en word nou, na soveel jare, daagliks uitgedeel aan miljoene hongeriges. Bring maar u garsbroodjies!

## 17 "En versadig al wat Lewe"

Mark. 6:30-44

"*En Jesus het die brode geneem, en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit*.. ." (Joh. 6:11)

Eindelik vertel Johannes ons van die werklike wonder van die vermeerdering van die brood. Vyf garsbroodjies en twee vissies word in Jesus se hande genoeg om minstens vyf duisend mense te voed, sodat daar selfs twaalf mandjies vol oorbly. Hoe die brode presies meer geword het, word nie vertel nie. Dit is vir ons nie van belang nie. Die dinge wat van belang is, word wel vertel.

"Jesus het die brode geneem." Hy neem wat voor hande is. Hy skep nie iets uit niks nie. Dit staan in verband met die karakter van sy werk. Hy is die Middelaar wat gekom het om te herstel, wat deur die Satan en die sonde verwoes is. "Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek" (1 Joh. 3:8). Hier openbaar Hy die heerlikheid wat God in sy skepping gelê het. Die moontlikhede van God se skepping tree aan die lig. Eenmaal wanneer die skepping volmaak vernuut is, sal daar geen gebrek wees nie. Hy gee aan die syne die ewige lewe, waar daar geen honger meer sal wees nie.

God laat ook die koringkorrel ontkiem en groei en vrug voortbring. Ook dit is en bly voortdurend 'n wonder. Die buitengewone is hier dat Jesus brood uit brood vermeerder. Ons moet egter ook let op die wondere in die natuur dag vir dag. In die skepping is alle skepsele, groot en klein, die letters wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid.

Hy deel die brood eers uit nadat Hy gedank het. Dit sien op die seënspreuk wat die Jode gewoonlik uitgespreek het, wanneer hulle gaan eet en waarin hulle God dank vir die gawe van die brood. Vir die Jood was dit 'n gebed. In die mond van Jesus as Middelaar het dit 'n besondere betekenis. Hy dank die Vader dat Hy Hom altyd verhoor – ook wanneer Hy 'n wonder in die Naam van die Vader doen – sodat Hy nou uit die paar brode duisende mense kan voed. So werk Hy as Middelaar.

Geseënd is die mens wat sy brood uit die hand van Jesus ontvang en Hom daarvoor dank. Hy eet en drink nie maar soos 'n dier nie, maar sien op tot sy Here om Hom te bid en te dank – selfs by 'n oorvloedige maaltyd. Sonder die seën van die Here, beteken selfs ons rykdomme vir ons niks nie.

En dan deel Hy self die brood uit. Ook dit is sy werk as Middelaar – om uit te deel. Hy maak sy hand oop en versadig alles wat lewe met sy welbehae. Hier teen die berghang sit sy gaste – ry aan ry – en Hy deel maar uit. Hy hou aan tot almal versadig is. As ons aan ons tafel sit en ons ete nuttig, dan deel Hy ook aan ons uit. Hy gee en gee en hou aan met gee – ons hele lewe lank. Só sorg Hy ook vir ons daaglikse brood. Dit is die antwoord op die gebed wat Hy self ons geleer het: "Gee ons vandag ons daaglikse brood."

# 18 Geen verkwisting

2 Kor. 8

"*Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het*..." (Joh. 6:12)

Hoe anders is dit by die eettafel van die Here as by die van die mense? Van ons tafels gaan oorskietkos na die vullisblik. By 'n feesgeleentheid lê oral onooglike stukke afval waaroor die gasheer en gaste hulle hoegenaamd nie kwel nie. Ons het klaar geëet en is versadig en die oorskiet is nie ons kommer nie.

Só openbaar die hemelse Gasheer egter nie sy heerlikheid nie. Hy beveel nadruklik: "Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het." Hy sien toe dat niks van die goeie gawes van God verlore gaan nie. Hy het oorvloed gegee om sy heerlikheid te openbaar, maar die oorvloed mag nie vermors word nie. Hy gee aan ons niks om te verkwis nie. Dit hou selfs in dat ons nie daarop mag reken dat Hy voortdurend op wonderbare wyse brood sal gee nie. Buitendien kan die kos wat oorbly gebruik word vir die armes of sy dissipels self. Daar is soveel nood in die wêreld en in die koninkryk van God op aarde, dat ons nie kan bekostig om iets te verkwis nie.

Die agste gebod eis: "Jy mag nie steel nie." Dit is die gebod wat handel oor ons en ons medemens se besittings. 'n Mens kan nie alleen van jou medemens steel nie – jy kan ook van God steel. Die gebod stel ons steeds voor die vraag: Hoe verwerf ek my besittings. Uit my oogpunt gesien gaan dit dan om eerlike getroue arbeid. Ek moet werk voor die aangesig van die Here. Dit beteken nie dat ek moet jaag na skatte om rykdomme op rykdomme te stapel nie. Ek moet getrou wees, maar altyd in afhanklikheid van die Here lewe. Sonder die seën van die Here, beteken al my ywer en gesloof niks nie. Ek moet glo dat ek ontvang wat ek nodig het en daarmee vergenoegd wees.

Die agste gebod stel ons ook voor die eis dat ons ons besittings op 'n verantwoordelike wyse moet besit. Ons besit wat ons besit deur die genade van die Here. Maak ons asof dit ons eie is, word dit maklik vir ons 'n afgod. Mammon is gewis 'n harde meester en die geldgierige is 'n slaaf van sy goed – nee, van die gawes wat die Here aan hom toevertrou het. Ons mag gerus ons besittings aanwend vir lewensonderhoud, maar, sê Jesus: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Leef ons uit die besef dat ek aan die Here behoort, dan kan ek nie gierig wees nie. Jesus deel mildelik uit en ook ek moet dit na my vermoë doen.

Maar as rentmeester van die Here, wat Hy oor sy goed aangestel het, mag ons ook nie sy gawes verkwis nie. Ook spandabelheid is 'n sonde in die oë van die Here. Maak tog die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het. Dit wat ons onnodig uitgee, kan nuttig gebruik word, indien ons oë maar oop is.

Die gelowige het 'n skat in die hemel. Dit blyk ook uit sy verhouding tot die aardse besittings: Hy ontvang dankbaar; hy besit met verantwoordelikheid en hy gee met blymoedigheid. Só 'n mens het God lief.

# 19 Met geweld Koning maak

Luk. 9:51-56

". . . *hulle wou kom en Hom met geweld neem om Hom koning te maak*..." (Joh. 6:15)

Jesus het so pas 'n teken gedoen wat die menigte aangegryp het. Die teken moes daartoe dien om Hom te openbaar as die ware Messias. Tot 'n sekere hoogte kom die volk tot belydenis, hoewel hulle Hom nog maar sien as "die profeet wat in die wêreld sou kom". Hulle verwondering bring hulle wel so stadigaan op die regte pad. Hulle vereenselwig egter die profeet nog nie met die Messias nie. Dit tel darem in hulle guns dat hulle Hom al sien as "die profeet wat in die wêreld" sou kom, soos Moses gesê het (Deut. 18:15).

En tog... Die volk se geloof is nog maar oppervlakkig. Dit is bloot gebind aan die uitwendige tekens. Veral die smaak van die brood het hulle geesdrif vir Jesus gewek. Hy hoor hulle gesprekke en moontlike toejuiging. Hy is ook die Kenner van die harte en weet hoe dit met die volk gesteld is. Hulle is so aangegryp deur geesdrif dat hulle Hom met geweld wil koning maak.

Hier het ons 'n tipiese voorbeeld van "eiewillige godsdiens". Mense wil die Here dwing om aan hulle wense te voldoen. Hy is wel vir hulle die verwagte profeet, maar hulle laat hulle nie deur Hom lei nie. Hulle wil Hom op hulle eie weg dwing. Hulle wil Hom met geweld koning maak. Hulle wil hulle eie Messiaanse opvattinge in Jesus vervul sien. Hulle het nie alleen in die genesing van siekes sy mag gesien nie, maar dit ook ondervind in die versadiging met die brood wat Hy vermenigvuldig het. 'n Man wat weet hoe om brood aan hulle te gee, is die regte man om koning oor hulle te wees. Onder sy regering sal hulle dit goed hê. Dink daaraan! Hulle hoef nooit te vrees vir broodsgebrek nie.

'n Mens kan jou afvra: Klink dit nie 'n bietjie verspot dat 5 000 eenvoudige Galileërs die gedagte kan koester om Jesus uit te roep as hulle koning nie? Die Romeine sou dit gewis nie met lede oë aanskou nie. Afgesien daarvan dat mense in hulle geesdrif nie verstandig kan dink nie, sou hulle seker daarop kon antwoord: "Hy wat vyf duisend mense met vyf brode en twee vissies voed, sou ook wel in staat wees om die Romeine te oorwin deur sy wondermag."

Maar dan onttrek Jesus Hom aan hulle. Hy laat Hom nie op hulle weg dwing nie. Hy gaan na die berg, Hy alleen. Heel waarskynlik was Hy in gesprek met sy Vader.

Hier kom die kruispunt van sy werk in Galilea. Reeds die volgende dag hoor ons hoe baie van sy dissipels Hom verlaat. Hulle is teleurgesteld in hulle verwagtinge. Hier is ook die skeidsmuur tussen Jesus en sogenaamde hedendaagse Christene en Skrifgeleerdes. Hy is hoegenaamd nie 'n wêreldse koning nie. Dit is 'n vervalsing van sy werk en daarvan onttrek Hy Hom. Hy doen sy werk in sy weg en volgens sy wil.

Mense wat in ons tyd die wêreld op sosiale en politieke gebied in die Naam van Jesus met geweld wil regmaak, is nie meer op sy spoor nie. Hyself was geen rewolusionêr of terroris nie. Hy ken geen geweld of dwingelandy nie, maar roep mense tot geloof en bekering. Dien Hom elke dag en Hy is u Koning.

## 20 Alleen in die Stormnag

Ps. 22:1-20

"... *en dit was al donker, en Jesus het nog nie by hulle gekom nie*."(Joh. 6:17)

Johannes wat hom gewoonweg in sy Evangelie nie aan die tydsorde van gebeurtenisse steur nie, het hier klaarblyklik 'n gebeurtenis vertel wat volg op die voorgaande. Na die vermeerdering van die brode is Jesus na die berg – alleen. Matthéüs sê dat hy vooraf sy dissipels gedwing het om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant. Hy het dit doelbewus gedoen om weereens aan hulle sy heerlikheid as Middelaar te openbaar.

Só vind ons die dissipels alleen op die see toe dit donker word. Die nag steek daar 'n sterk wind op. Die see word onstuimig en Jesus is nie by hulle nie. Uit ons teks spreek iets beklemmends. Die dissipels is in die donker nag op die onstuimige see "en Jesus het nog nie by hulle gekom nie" Johannes onthou dit – ook die ander evangeliste vertel van die donker nag alleen op die stormagtige see. Wat sou in hulle gemoed gelewe het? Daar sou gewis onsekerheid en vrees wees. Jesus het Hom vreemd gedra. Die menigte se geesdrif, om Hom met geweld koning te maak, en Jesus se optrede deur alleen na die berg te gaan, sou in hulle harte vrae gelaat het. Wat sou sy verdere planne wees? En nou is dit asof Hy hulle ook in die steek laat.

Hierdie beklemming ken al sy volgelinge. Deur die eeue heen was daar christene alleen in die nag op een of ander onstuimige see. Die Evangelie het ook in die oog om dit aan ons tuis te bring. Die Here stuur ons die nag in. Hy rig ons weë deur bruisende waters heen. Hy dwing ons as 't ware op die weg. Ons weet ook van die angs wat ons in sy naakte vreeslikheid bekruip. Solank ons nog weet dat die Here met ons is, is dit nie so erg nie. Ons nood is egter onnoembaar groot wanneer die Here wegbly. Hy daag nie op nie. Hy laat ons alleen in die donker en die storms . 'n Mens bid, maar dit is asof jou gebede teen jou kamermure vasslaan. Die ervaring ken ons almal. Ons Kategismus praat tereg van benoudheid en helse aanvegtinge.

Die volk Israel klae in die Babiloniese ballingskap: "Die HERE het my verlaat, en die HERE het my vergeet" (Jes. 49). Dink aan die klag van Dawid in Ps. 22: "My God, my God, waarom het TJ my verlaat, vér van my hulp, van die woorde van my gebrul? My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie; en snags en ek kan nie swyg nie." Daar is tye dat die Here sy aangesig vir ons verberg. Hy kan soms só ver weg wees en ons... só eensaam in die stormnagte.

Gelukkig is die mens wat in sulke tye aanhou om te roep tot Hom die God van ons lewe. Ja, gelukkig kan ons ook dit onthou: Jesus, ons Middelaar, het Dawid se woorde in Ps. 22 aan die kruis sy eie gemaak, toe Hy geroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat!" Hy was van God verlate, opdat ons nimmer van Hom verlaat sou word nie. Hy is maar skynbaar die swyende veraf God omdat Hy die goeie met ons voor het. Hy wil ons leer om waarlik na Hom te soek en Hom van harte aan te roep.

## 21 Die Here sien en kom te hulp

Gen. 28

"... *sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit hom*..." (Joh.6:19)

Die dissipels is alleen in die donker nag op die onstuimige see. Jesus het aan die strand agtergebly. Hy is na die berg. In hulle angs sien hulle iemand aankom al wandelende op die water. Ons lees elders dat hulle gedink het dat Hy 'n spook is. Hoe kon dit ook anders? Hulle sien in die donker iemand oor die water aankom. Hulle sou gewis nie verwag dat hulle Here só na hulle toe sou kom nie.

Hulle was al vyf of ses kilometer weg van die strand af. Ook dit noem Johannes weer om aan te toon dat die gevaar groot was. Maar ook die wonder was groot. Jesus het alreeds vir vyf of ses kilometers op die water geloop. Hoe dit moontlik was, word nie gesê nie. Dit is ook nie nodig nie. Die Skrif wil duidelik aantoon dat ons hier met 'n wonder te doene het. Jesus is immers die Woord wat vlees geword het en Hy heers ook oor die natuur.

Hier in die middel van die onstuimige see in die donker van die nag het die dissipels die Here nie verwag nie en veral nie op so 'n wyse nie. Daarom sien hulle Hom selfs aan vir 'n spook. 'n Mens dink onwillekeurig aan die woorde van Jakob by Betel. Hy het gevlug vir sy broer Esau en was op pad na Haran na sy oom Laban. Die bepaalde nag slaap hy by Betel in die veld. Dan verskyn die Here in sy droom aan Hom. Die volgende môre toe hy wakker word, sê hy: "Waarlik, die HERE is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie." Só was dit met die dissipels. Dit was die laaste wat hulle sou verwag – dat die Here só hier in die middel van die see na hulle sou kom.

Sien ons ook nie dikwels die Here na ons toe aankom op 'n vreemde en selfs vreesaanjagende wyse nie? Hy kom tot ons in 'n ander gestalte as wat ons Hom verwag of graag wil sien en dan skrik ons vir Hom. Ons liefdevolle Meester is vir ons 'n spook. Dink aan die spook van siekte en nood en angs. Ons kry 'n hartaanval of die dokter verklaar dat ons kanker het. Dit is ware spoke waarvoor ons onsself yskoud skrik. Ek dink onwillekeurig aan die ervaring met 'n jong man wat weens moord ter dood veroordeel is. Vreeslik is dit: soos 'n afskrikwekkende spook. En tog het die Here tot die jong man – en talle andere – in die dodesel gekom.

'n Mens vra jouself net af waarom die Here in só 'n gedaante na ons hoef te kom? Die eenvoudige antwoord is: Hy doen dit ons ten goede. Hy laat ons vir Hom skrik om ons te behou. Al herken ons Hom nie, Hy kom. Hy laat Hom nie keer deur die bruisende seë en loeiende winde nie. Ook die stikdonker nag kan Hom nie verhinder om ons te bereik nie.

Hy kom anders as wat ons verwag, maar Hy kom gewis. Hy is "Immanuel" wat beteken: "God met ons." Ons sou baie aan onnodige angs en kommer gespaar bly, indien ons leer om Hom nie aan te sien as 'n spook, wanneer ons alleen worstel in ons stormnagte op die eindelose seë nie.

## 22 Emmanuel – God met ons

Ps. 121

"*Dit is Ek, moenie vrees nie*." Joh. 6:20)

Dit is die allermooiste woord wat 'n Christenmens kan hoor uit die mond van die Here: "Dit is Ek, moenie vrees nie."

Die dissipels vrees vir die donker nag en die uitgestrekte onstuimige see en die loeiende winde. En dan sien hulle die Here na hulle aankom al wandelende op die water... Dan word die skrik nog groter... Hulle meen dat hulle 'n spook sien... Daarop kom die stem van hulle eie gelief de Meester tot hulle oor die water: "Dit is Ek, moenie vrees nie."

Jesus stel sy dissipels gerus deur sy woord. "Dit is Ek!" roep Hy hulle toe. So openbaar Hy Homself aan hulle. Hierdie woorde: "Dit is Ek, moenie vrees nie", is die saamgeperste boodskap van die ganse Bybel.

Waar Hy 'n mens toespreek in sy Woord, is dit nie bloot die bekendmaking van 'n onbekende "iemand" nie. Dit lê onmiddellik 'n band. Sê Hy: "Dit is Ek," dan weet sy dissipels nie alleen Wie Hy is nie, maar ook dat hulle aan Hom behoort. Bloot die eenvoudige wete dat my Here my persoonlik toespreek in sy Woord is vir 'n mens genoeg. Dan word die duisternis klaar verander in lig, al bly die uitwendige omstandighede dieselfde. En dit is die hele inhoud van die Bybel. "Dit is Ek!" roep Hy ons toe vanaf Genesis tot Openbaring. In sy Woord kom Hyself tot ons. Dit is geen leë, ydele woordespel nie. Dit is die lewende Woord van God.

Hy kom tot sy dissipels in hulle nood. Só openbaar Hy sy barmhartigheid. As hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Sy barmhartigheid spreek nêrens tot ons só duidelik nie, as toe Hy vir ons sondeskuld kruis en hellesmart ondergaan het. Is u bang vir die dood? Vrees u die hel? "Dit is Ek, moenie vrees nie!" kom die stem van die Gekruisigde tot ons. Hy het die hellestraf gedra en die dood ingegaan om ons van die vloek van God te verlos. Moenie vrees nie.

Hier openbaar Hy homself aan sy dissipels in sy heerlikheid. Hy wandel op die water. Hulle moes Hom beter leer ken. Hulle moes sien Wie Hy is en wat Hy kan doen. Die volgende dag alreeds sou hulle dit moes onthou. Die menigtes wat Hom koning wou maak, het toe onder mekaar van sy Woord gesê: "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?" En baie verlaat Hom. Dan vra Hy vir die twaalf: "Wil julle nie ook weggaan nie?" Simon Petrus se antwoord is: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe." Om só 'n belydenis te kan uitspreek moes hulle weet Wie Hy is en wat Hy kan doen.

Kyk noukeurig terug op u lewenspad. Het die Here al sy heerlikheid aan u geopenbaar? Het u ook al gesien Wie Hy is en wat Hy kan doen? Een ding weet ek gewis: Indien Hy my nie vasgehou het nie, het ek lankal verval in sonde en ongeloof. Hy het sy genade aan my betoon in my lewe; Hy betoon dit in lyding en nood... Wat ook al wag – sy genade is genoeg – selfs in die sterwe.

Vir ons wag die doodsdal, diep en donker! Wonderlik sal dit wees om ons oë in die ewige heerlikheid oop te maak en te hoor: "Dit is Ek, moenie vrees nie!"

## 23 Geloofsoorgawe

Joh. 6:16-21

"*Toe was hulle gewillig om Hom in die skuit te neem.*.." (Joh. 6:21)

Die groepie dissipels was in nood in die nag op die onstuimige waters van die see van Galilea. Hulle sien Jesus na hulle aankom oor die water. En hulle het bang geword. Dan hoor hulle sy stem: "Dit is Ek, moenie vrees nie." Toe was hulle gewillig om Hom in die skuit te neem, en dadelik het die skuit by die land aangekom waar hulle na toe gegaan het.

Voordat hulle sy gerusstellende stem gehoor het, sou die groepie manne alles in hulle vermoë gedoen het om weg te kom van die naderende gedaante wat oor die water aankom. Hulle was onwillig om Hom toe te laat om naby hulle te kom – hoe sou hulle nog gewillig wees om Hom in hulle bootjie te neem? Dan hoor hulle sy stem wat hulle gerusstel: "Dit is Ek, moenie vrees nie..." Daarop kom die oorgawe. Hulle probeer nie meer van Hom af wegkom nie, maar nooi Hom binne.

Daarop gebeur 'n tweede wonder: "En dadelik het die skuit by die land aangekom waar hulle na toe gegaan het." Eensklaps het die storm bedaar en die land is in sig en spoedig stap hulle aan wal. Hulle bereik ook nie maar die strand soos 'n groep drenkelinge op enige plek nie, maar op die plek waarheen hulle op reis was. Hulle kom by hulle bestemming aan.

Die dissipels het Jesus se stem herken en Hom geglo. Hulle het Jesus in sy heerlikheid gesien en hulle geloof tree aan die lig. Hulle is gewillig om Hom in die skuit te neem. Waar Jesus se heerlikheid aanvaar word, is die saak terstond in orde. En dit geld van enige noodtoestand, Herken ons Jesus, glo ons dat Hy regeer en bewaar, dan verdwyn ons nood. Ja, selfs al vergaan ons uiterlike mens ook al, word die innerlike mens dag na dag vernuwe.

Ek weerhou my daarvan om die uitdrukking te gebruik, dat 'n mens Jesus "moet toelaat" om binne te kom. Ons weet dat Jesus self binnekom waar Hy wil. Aan die ander kant is dit egter wel sy behae om gevra te word. Sy dissipels se agterdog en vrees is oorwin en hulle nooi Hom binne. Die vrees en wantroue teen Jesus verdwyn en 'n mens kom tot oorgawe. "Kom Here Jesus, neem oor! Lank genoeg het ek teen die prikkels geskop. Ek was die baas van my lewe en die stuurman van my skip. Ek stuur egter op 'n afgrond aan. Ek laat nou my weg aan U oor en vertrou op U en weet dat U dit uitvoer."

Die vreemde ervaring van die dissipels, wat hulle koers seker byster geraak het, is dat hulle juis uitkom waar hulle graag wou wees. Só bring Hy ons by ons bestemming en gee ons die begeertes van ons hart... Heel dikwels gee Hy veel meer as wat ons kon dink of verwag. Hy lei ons in elk geval uiteindelik na ons ewige bestemming.

## 24 Soek die Here!

Joh. 6 :22-27

"... *het hulle... na Kapérnaüm gegaan om Jesus te soek*." (Joh. 6:24)

Die menigte is oorkant die see van Galilea gevoed deur die vermeerdering van die brode. Toe Jesus merk dat hulle Hom met geweld koning wou maak, het Hy Hom onttrek en alleen na 'n berg gegaan. Die skare het gesien hoe Jesus se dissipels per boot vertrek. Hulle het ook gemerk dat Hy nie saam met hulle weg is nie. Waarskynlik het die meeste van hulle daar rond getalm met die hoop om Hom aan te tref. Hulle het in elk geval die nag in die veld deurgebring. Die volgende dag het hulle ook maar oor die see, met bootjies wat intussen aangekom het, na Kapérnaüm gegaan.

En dan lees ons die mooi getuienis van die menigte: hulle het na Kapérnaüm gegaan om Jesus te soek. Pragtig! Jesus Christus het gekom om te soek en te red die wat verlore was. Nou word Hy gesoek deur die volk. Die verlore volk soek na hulle Redder! Sou u vir uself iets mooiers kon voorstel! Het Jesaja dan nie alreeds gesê nie? "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is." En hier doen die menigte dit.

En tog sou ons later wel merk dat alles met hierdie soekery nie pluis was nie. Hulle het weliswaar nie gesoek soos die owerstes en Fariseërs nie. Hulle het Hom ook by geleentheid gesoek om Hom gevange te neem en dood te maak. Dit is darem nie die motief van die volk nie. Hulle sou Hom graag wou koning maak. Hulle soek Hom vir 'n ander doel. Maar selfs hulle soektog word gelei deur 'n verkeerde motief.

Toe hulle Hom kry, sê Jesus vir hulle: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het." Dit is die droewige antwoord van die Here op hulle soektog.

Sulke "soekers" na die Here Jesus is volop in die wêreld. Hulle is soos 'n ontroue vrou. Sy leef in owerspel met 'n ander man, maar sy soek haar eie man nog op en wil graag onder sy dak bly. Waarom? Nie terwille van hom nie, maar terwille van sy sorg. Al wat sy van hom verwag is kos en klere. Die liefde van haar hart het sy aan 'n ander gegee, maar sy wil nog graag van die brood eet en versadig word, wat haar wettige man bied.

Die poort is nou en die pad smal wat na die lewe lei. Soek ons die Here ter wille van sy gawes of soek ons Hom ter wille van Homself? Kán ons sonder Hom klaarkom, solank dit voorspoedig gaan, maar in tye van nood en ellende – droogte en oorloë – dan soek ons Hom in groot ontroerende bidstonde? Die Here walg van offers en gebede, wanneer dit nie gaan om Hom en sy eer nie.

Hierdie mense het Hom gesoek ter wille van die brood wat hulle geëet het. Hy gee aan ons brood en selfs baie meer as brood alleen, maar Hysèlf sê: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Indien u na Hom soek: Soek vergewing van u sondes! Pleit om sy genade! Laat die sondaar sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes... Dan vind u Hom en al sy gawes.

## 25 Verganklike spyse

Jes. 55

"*Moenie werk om die spys wat vergaan nie*'' (Joh. 6:27)

"Soekers" na die Here Jesus loop hulle dikwels vas teen Hom. Hy skroom nie om hulle motiewe bloot te lê en hulle skynheiligheid aan die lig te bring nie. Hy het só pas die menigte wat Hom oor die see gevolg en gesoek het, vermaan: "Julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het."

Die vermeerdering van die brode was 'n "teken" van sy heerlikheid as Messias. Dit was 'n teken wat vanaf die aardse gewys het na die hemelse. Die verganklike spyse moes hulle gedagtes ophef na die onverganklike spyse. Hulle moes nie in die eerste plek die spyse raaksien nie, maar die Gewer van die spyse. Die spyse moes hulle bring tot aanbidding, wat nie gebeur het nie. Dit was hulle sonde. En dit bring Hy onverbloemd aan hulle tuis.

Kerkgangers word dikwels deur die wêreld bestempel as skynheilig – mense wat dink hulle is goed. Hulle besef egter nie dat geen ander mense ooit so dikwels hoor hoe sleg hulle is, as juis kerkgangers nie. "Soekers" van die Here word tot die been kaalgestroop. Ewigheidslig val in hulle binneste. Dit help waarlik nie om voor die Here te verskyn met 'n vroom gesig of 'n vroomheidsuniform aan nie. Hy is die Kenner van die harte. En waar die Woord van God waarlik verkondig word, bly dit nie uit nie. Hulle sonde word blootgelê.

Dit word ook nie daarby gelaat nie. Die Here sê nie alleen hoe sleg hulle is nie. Hy wys ook die weg. Hy vermaan hulle en vertel hulle wat om te doen om die ware lewe te vind: "Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe." Op die ontdekking van die sonde volg die vermaning.

Dit is opmerklik dat Jesus vir hulle sê: "werk!" Hulle loop nou agter Hom aan – hulle soek Hom – om tydelike weldade te ontvang. In die koninkryk van die hemele sit mense nie hande oormekaar en wag dat die Here sy gawes uitgiet nie. Daar is werk. Selfs vir jou daaglikse brood moet 'n mens werk. Daar is geen bestaansmoontlikheid vir die luiaard nie. Dit is egter nie die belangrikste nie. Van veel groter belang is die spyse wat bly tot in ewigheid. Dit is spys wat nie verteer word nie – dit vergaan nooit nie. Dit is die spyse wat die ewige lewe voed.

Ons moet onthou dat die ewige lewe alreeds hier op aarde ons deel is. Dit word aan ons gegee deur die wedergeboorte en groei steeds aan. Ons word meer en meer gelykvormig aan ons Hoof, Christus. En soos mense hulle inspan vir tydelike gewin só, en selfs baie yweriger, moet 'n mens jou inspan vir die geestelike voedsel, "wat die Seun van die mens julle sal gee..." En dan voeg Hy nog daarby: "want Hom het God, die Vader, verseël." Op Hom en wat Hy gee, rus die seël van God. Dit is onvervreembaar en vas. Niemand kan dit van 'n mens ontneem nie.

Só verkondig Jesus sy Evangelie aan "soekers". Soek en jy sal vind! Klop en vir jou sal oopgemaak word! Bid en vir jou sal gegee word!

## 26 Werk of Glo?

Ef. 2:1-10

"*Wat moet ons doen om die werke van God te volbring*." (Joh.6:28)

Die Here Jesus het so pas gepraat van werk. "Werk om die spys wat bly tot in die ewige lewe." Die volk begryp dat dit hier nie gaan om kos en klere nie. Hulle besef hier gaan dit om die lewe uit God. Dit gaan ook om die werke van God. Dit is as 't ware asof die Here nou die taal van die Skrifgeleerdes praat. Hulle is van kleins af geleer om te werk om die koninkryk van God te beërwe. Daartoe het die Skrifgeleerdes reël op reël en gebod op gebod gemaak. Dit is aan die volk voorgehou om te volbring. "Doen dit en julle doen die werke van God," is die opdrag van die Joodse Skrifgeleerdes.

En terwyl die Here nou praat van werk, volg bloot natuurlik die vraag: "Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?" Só kom hulle ware natuur aan die lig. By hulle gaan alles om "doen". Hulle het geen behoefte aan genade nie. Dit gaan by hulle om verdienste. Brood om die liggaam te voed, ontvang hulle graag verniet, maar om geestelike brood verniet uit die hand van Jesus te ontvang – daaraan dink hulle nie. Hulle vasgewortelde oortuiging is: Van God ontvang 'n mens nie genadebrood nie. Voor God moet jy die wet vervul – dit is die werke van God.

Daarop volg die verrassende antwoord van die Evangelie. "Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het." Dit is al. Ja, Jesus stel Homself op die grondslag van die Jode wat die vraag stel. Hulle vra na die werke van God en dan noem Hy 'n bepaalde werk van God.

En dan hou Jesus eers aan hulle die werk wat God doen, voor oë. God het Hom gestuur. Dit is die sentrale werk van God dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het. Hy het Hom vir ons oorgegee. In Hom sien ons die werk van God by uitnemendheid.

En van die kant van die mens besien, is dit dan die werk van God: Glo in Hom wat God gestuur het. Ons weet uit die res van die Bybel – selfs uit hierdie selfde hoofstuk – dat niemand na Jesus kan kom as die Vader hom nie trek nie (Vers 65). Ons weet ook dat die geloof 'n gawe van God is (Ef. 2). Die Here Jesus se bedoeling is gewis nie dat geloof 'n werk van ons kant is, wat bepaalde verdienstes inhou nie.

Maar hier het ons een van die duidelikste uitsprake in die Skrif dat die geloof die enigste juiste antwoord op die prediking van die Evangelie is. Wanneer en waar die Evangelie van Jesus Christus, die Gekruisigde, verkondig word, moet die mens antwoord. En die antwoord is dat hy glo in Hom wat God gestuur het. Dit is al. Dit word 'n werk genoem, omdat gevra is na werke, maar in werklikheid is dit hoegenaamd geen werk nie. Dan staan jy klaar in die kring van die genade. Dan leef jy uit Christus, wat die werke van God waarlik volbring het, en daarom doen jy ook die werke van God. Eintlik werk God in jou om te doen en te werk tot sy verheerliking.

## 27 "Sien is Glo"

Jes. 7:1-14

"*Watter teken doen U, sodat ons kan sien en U glo*" (Joh. 6:30)

Wat wil jy nog meer? Hierdie mense het die vorige dag 'n teken uit die hemel gesien. Hulle het self gesien hoe Jesus vyf brode en twee vissies neem, die Here dank en dit breek. Daarna het hulle almal daarvan geëet en versadig geword. Hulle het die "teken" gesien – dit selfs met die hande getas en geproe en ondervind dat dit voedsaam is. En tog vra hulle nog 'n teken!

Netsoos die broodeters van Kapérnaüm hulle oë moedswillig gesluit het, só sluit mense vandag nog hulle oë vir die waarheid van Gods Woord. Mense wil nie glo nie, daarom sien hulle nie. Selfs God se werke in die natuur word verduister om mense tot ongeloof te bring. Die onbewese ewolusieleer is 'n handige sogenaamde wetenskaplike basis vir die ongeloof.

Hierdie mense vra na 'n teken. "Watter teken doen U, sodat ons kan sien en glo?" Wat verwag hulle? Dat Jesus 'n teken doen wat aan hulle vereistes voldoen? Hulle vergelyk selfs sy teken, wat hulle klaarblyklik as 'n kleinigheid beskou, met die brood wat hulle vaders in die woestyn ontvang het, toe manna uit die hemel gereën het. Moses is in hulle oë groter as Jesus, want hy het aan hulle vaders brood uit die hemel gegee...

Jesus weet dat geen teken hulle sou tevrede stel nie. Hy doen geen teken op aanvraag of volgens hulle voorskrif nie. Hy is nie iets aan hulle verskuldig nie en hoef geen verantwoording aan hulle te doen nie. Hy het baie tekens gedoen om kleingelowige en hulpbehoewende mense tot geloof te bring of in hulle geloof te sterk. Dan oordeel Hyself dit egter noodsaaklik en is sy beweegrede om sy heerlikheid te openbaar en om aan mense barmhartigheid te betoon. Dink aan die vermetelheid om aan Hom, die Seun van God, voor te skryf, hoe Hy Homself moet bewys...

Dit is en bly waar: Hulle sal nie glo nie, al sou iemand uit die dode opstaan, indien hulle nie in die Woord van die Here glo nie. Die vreeslike konsekwensie van hierdie houding is dat hulle uiteindelik, wanneer Christus op die wolke van die hemel verskyn, tot die berge en rotse sal sê: "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" (Openb. 6).

Vreeslik is dit wanneer die sondaar met blindheid geslaan is. Ontsettend is die verharding van 'n mens wat alles aan die Here te danke het. 'n Mens kan selfs die bloed van die Lam van God onder sy sondige voete vertrap...

## 28 God gee ware Brood

Amos 8

"*My Vader gee julle die ware brood uit die hemel* ..." (Joh. 6:32)

Die Jode het Jesus vergelyk met Moses. Hy het brood vermeerder. Moses het brood uit die hemel gegee. Moses was derhalwe groter as Hy. Sy "teken" is nog geen teken dat Hy die Christus is nie. Wat 'n worsteling om hulle tot geloof te bring? Eintlik gaan die worsteling daarom om hulle los te maak van die aardse beskouing. Hulle sien alles uit die vleeslike oogpunt, terwyl Jesus hulle die dieper betekenis wil laat sien agter die uitwendige gebeure.

Ons is só vasgegroei aan die stof en die verganklike dat dit onmoontlik is om oor te skakel na die geestelike. Daartoe is die wonder van die wedergeboorte nodig. In die gawe van die geloof gebruik die Heilige Gees egter die Woord. Daarom gryp die Here ook hier vas aan die Woord, die Ou Testament, om hierdie verblinde Jode tot die lig te lei.

Dit is nie Moses nie, maar God self wat aan hulle vaders die brood in die woestyn gegee het. Op pad na Sinaï het die volk Israel begin klae omdat hulle geen vleis en brood het nie. Daarop sê die HERE aan Moses: "Spreek met hulle en sê: Teen die aand sal julle vleis eet en in die môre met brood versadig word ... En in die aand het daar kwartels opgekom en die laer oordek..." En in die môre het daar iets oor die woestyn gelê wat fyn en korrelrig was... Moses sê toe aan hulle: "Dit is die brood wat die HERE julle gee om te eet." Moses het maar opgetree as mondstuk van God. God alleen is altyd die ware gewer. Só het God vir Petrus en Paulus en soveel andere gebruik as sy mondstuk. Hyself was en is egter altyd alleen die Gewer. Ook ons daaglikse brood kom van die goeie Gewer.

En tog was die manna nog nie die ware brood nie. Die manna het mense liggaamlik gevoed en versadig. Hulle honger is gestil en hulle kon vir veertig jaar in die woestyn leef, sonder sorge. God het waarlik voorsien. Dit was egter 'n voorbeeld van iets wat heel anders en oneindig ryker is. Alreeds in die Ou Testament het mense die ware lewe ontvang en geëet van die ware brood. Dit is hulle wat waarlik geglo het. Die manna in die woestyn het die volk toe alreeds opgeroep om uit die geloof alleen te lewe, soos hulle vader Abraham. Hulle moes nie teen die manna vaskyk nie, maar hulle hart ophef tot die Gewer.

Die manna in die woestyn was egter in besonder 'n profesie van die "ware brood uit die hemel" wat sou kom. Die ware brood uit die hemel, stil nie alleen ons honger nie, maar gee die ware lewe.

Wat maak ons met die brood uit die Woord van God? Sien ons nie alreeds hoe ons mooi jong dogters en sterk jong manne beswyk van honger, omdat hulle die ware brood uit die hemel verag? (Amos 8:13).

## 29 Die Brood van die Lewe

Joh. 6:26-35

"*Ek is die brood van die lewe*." (Joh. 6:35)

Eindelik kom die gesprek van Jesus en die Jode tot 'n hoogtepunt. Hy het gepraat van die ware brood wat God alleen gee. Onpersoonlik stel Hy dit nog: "Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee." Tipies van die misverstand en ongeloof van die Jode, dink hulle nog maar aan iets soos die manna. As Jesus dan weet van sulke brood, wat sommer so uit die hemel neerdaal, dan sou hulle dit graag wou ontvang, want dan hoef hulle nie meer te werk nie. Vandaar die gretige vraag: "Here, gee ons altyd hierdie brood." Dit sou voorwaar 'n paradys op aarde wees...

Dan volg vir hulle die vreemde en skokkende antwoord: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."

Wie van Hom af wegbly, bly honger. Wie nie in Hom glo nie, versmag van dors. Eintlik stel ons dit nog nie sterk genoeg nie. Hy sê immers: "Ek is die brood van die lewe." Dit beteken dat elkeen wat van Hom af wegbly, die lewe nie het nie. Hy wat in Hom nie glo nie, bly in die dood . ..

Honger en dors moet ons hier in geestelike sin verstaan. En dan sien ons die smagtende, soekende, hunkerende mensdom... 'n Mensdom gedryf deur 'n honger wat maar aanhou knaag en waarvan hy op geen wyse ontslae kan raak nie. Mense probeer die hongerpyne stil deur te swelg in plesier; deur te jaag na rykdomme en besittings; deur te swoeg in eindelose arbeid of te soek na kennis. Soms word selfs gegryp na dwelmmiddels om die pynigende geknaag in die innerlike – die sinlose leegheid – te ontvlug... Die uiteinde is egter dat die honger net aangroei...

"Ek is die brood van die lewe." Hy alleen neem die honger weg. Die oorsaak van ons honger is immers dat ons geskei is van ons hemelse Vader wat ons die ware lewe gee. Ons is geskei van God, omdat ons sondaars is. Daar is die oorsaak van ons knaende, nimmereindigende honger. Dit kan Hy alleen wegneem, omdat Hy weer versoening bewerk tussen God en ons. Hy het die straf vir ons gedra.

"Ek is die brood van die lewe." Dit beteken vir ons dat Hy aan ons die lewe gee. Die ware lewe, die ewige lewe, is 'n gawe uit sy hand. Hy wek ons op uit die dood van sonde en misdade en gee ons die lewe. Ons is nie meer dood nie, maar lewe! Waarom? Omdat ons glo in Hom, die brood van die lewe.

Maar dit beteken ook dat Hy die lewe wat Hy gegee het, onderhou. Hy voed ons elke dag. "Wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie." Leef ons van dag tot dag in gemeenskap met Hom, dan ken ons geen honger nie. Ons leef uit die ewige Bron.

"Bly in My, soos Ek in julle."

## 30 Uitverkiesing

Ps. 33

"*Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie*.'' (Joh. 6:37)

Jesus ken ook die Middelaarsvreugde. Elders sê Hy: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matt. 11). Hier is dit ook sy blydskap: "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." En gelukkig is sy Middelaarsvreugde ons saligheid.

Só 'n rykdom ontvang ons.

Die Jode het Hom gesien en tog het hulle nie geglo nie. En dit beteken dat hulle vir ewig verlore is. Dit is alleen hulle eie skuld – hulle ongeloof – dat hulle verlore gaan. Hulle sou die Here nooit daarvoor kon verwyt nie. Hy het soveel lankmoedigheid aan hulle betoon. Hy het alle moeite gedoen om aan hulle die weg van die lewe te openbaar. Hulle bly egter halsstarrig ongelowig.

En ons wat glo? Ons sou ook maar ongelowig gebly het, indien die Vader ons nie aan Hom gegee het nie. Dink aan Rom. 9: "Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is." Hier het ons die onbegryplike geheimenis van God se uitverkiesing. Hy gee mense aan die Seun. Watter mense? Hulle wat Hy in sy ewige raad uitverkies het.

Die Vader gee mense aan Hom, die Middelaar. Dit kom dan aan die lig. Hoe? Hulle kom na Hom toe. Dit beteken eenvoudig: hulle glo in Jesus as hulle Saligmaker. So kom die uitverkiesing aan die lig. En nou hoef ons ons nie te kwel oor die geheimnisvolle raad van die Gewer nie. Ons moet luister na sy Woord en kom. Dit is ons kwelling. Luister ons en glo ons in Hom, dan het ons die ewige lewe. Bly ons in ongeloof en verwerp ons Hom as Middelaar, dan bly God se oordeel op ons.

Let daarop hoe ons Heiland dit sê: "en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." Dit is opmerklik dat Hy nie sê: "Al wat die Vader My gee, sal Ek nie uitwerp nie." Vanselfsprekend is ook dit waar. Tot ons troos en bemoediging knoop Hy egter ons geloof, ons koms na Hom toe, vas aan sy ewige bewaring. Ons beleefde en bewuste troos kom aan die lig in wat in ons eie lewe plaasvind. Ons glo en dit is genoeg. Ons is tot in alle ewigheid behoue. Hy sal ons nooit uitwerp nie.

# 31 Vyandskap

Joh. 6:35-51

"*Toe murmureer die Jode oor Hom* ..." (Joh. 6:41)

Dit is gewoonlik die mens wat geen saak het nie, wat murmureer. By onduidelikheid of verskil van mening, kan 'n mens altyd nog openhartig en beleefd inligting vra en kry. Hier is dit egter 'n onderlangse gemompel. Hier gaan dit nie meer bloot om ongeloof nie. Hier is ook vyandskap en haat aan die woord.

Dit is verder vir hulle duidelik: Jesus self verkondig dat Hy die Christus, die Seun van God is. Dit kan hulle 'nie aanvaar of selfs verdra nie. Hulle smeulende vyandskap kom tot uiting. Onderlangs vra hulle: "Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?" Die Jode besef dat Jesus hiermee te kenne gee dat Hy nie gewoonweg soos elke ander mens in die wêreld gekom het nie. Opmerklik is dat die Here Jesus dit ook nie ontken nie. Hy weet van sy ontvangenis en geboorte uit die jonkvrou Maria. Hy weet dat Hy geen aardse vader het nie.

Skimpend mompel hulle onder mekaar. Sy aanspraak is buitensporig en selfs verspot. Dit grens aan Godslastering. Later is Hy inderdaad van Godslastering beskuldig.

Hoewel ons die Jode nie kan verskoon nie, kan ons hulle ongeloof selfs begryp. En dit onderstreep ook weer aan watter groot eise 'n mens se geloof onderhewig is. Jesus is en Hy die Onbegryplike. Dink ons aan sy ontvangenis en geboorte, dan kan ons alleen bely: Dit is te wonderbaar. Ons kan nie daarby nie. Dink ons aan sy Goddelike en menslike natuur in een persoon verenig, dan stamel ons weer: Ons verstaan dit nie. Hy is en bly die Onbegryplike en ons geloof in Hom is 'n wondergawe uit die hand van ons Vader.

Dit is opmerklik dat Jesus nou nie ingaan op wat hulle murmurerend en skimpend van Hom te sê het nie. Hy sê alleen waarom hulle nie in Hom glo nie. "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie..." Weer staan ons voor die geheimenis: God laat die mense in hulle blinde ongeloof. Ander "trek" Hy. En hier beteken dit nie bloot dat die Vader uitnooi en lok nie, maar dit beteken dat Hy 'n mens na Christus toe dwing. Wanneer God trek, kan geen mens dit weerstaan nie.

'n Mens verwonder jou oor die groot genade van die Vader dat Hy mense trek. Soms trek Hy ons deur skade en skande heen na die Verlosser toe, omdat Hy ons wil behou. Ons het alle rede om Hom vir ewig te dank.

# April

## 1 Deur God geleer

Jes. 54:11-17

*"En hulle sal almal deur God geleer wees."* (Joh. 6:45)

Die Here Jesus het só pas in sy gesprek met die Joodse leiers gesê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie." Wanneer die Vader trek, beteken dit dat Hy onweerstaanbaar trek. Selfs die mees verharde en weerspannige is nie bestand teen sy almagtige trekkrag nie.

Soms dwing die Here 'n mens na sy Woord deur die dood van 'n dierbare. Soms slaan Hy onsself neer deur 'n hartaanval of ongeneeslike siekte. Andere keer Hy vas deur finansiële rampe en armoede. Hy werk met ons. Hy dwing ons met sy onweerstaanbare trekkrag na Jesus toe. En tog kom ons nie anders by Jesus as deur sy Woord nie.

Hy gebruik ten slotte alleen sy Woord om ons na Jesus toe te trek. Die wat Hy na Jesus toe trek, "sal almal deur God geleer wees". Hier verwys die Here na 'n uitspraak van die profeet Jesaja: "En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees" (Jes. 54:13). In die gedeelte verkondig Jesaja die koms van die verlossing deur die verwagte Messias óf, soos Hy in Jesaja genoem word: die Kneg van die HERE. Hierdie profesie van Jesaja is in Hom vervul. Wat God leer deur sy Woord, is in Jesus werklikheid. Hulle wat deur God geleer is, erken dat Hy die verwagte Messias is.

Maar Hy wil meer as dit aan hulle tuisbring. Die wat God na Hom toe trek, is deur God geleer. Selfs andersom is dit waar: die wat deur God geleer word, word na Hom toe getrek. Hierby is Jesus en sy prediking betrokke. God gebruik Hom om sy kinders te leer en op die wyse trek die Vader hulle na Hom toe. Na sy groot bergpredikasie lees ons: "En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie" (Matt. 7:29).

Waar Jesus mense leer, leer die Vader hulle. Hy en die Vader is één. Hy is die Woord – in Hom het ons die sprekende God self aan die woord. Hy het die woorde van die ewige lewe (Vers 68). Dit maak sy Woord as die Woord van God, tot 'n kragtige lewende werktuig. Waar die Woord verkondig word, is God self besig om sy volk te leer.

God trek onweerstaanbaar. En hulle wat Hy trek, laat hulle deur God leer. Hulle kom daadwerklik na Jesus toe. Hier sien ons iets van God se uitverkiesing en ons eie verantwoordelikheid. Ons kan u maar net toeroep: Vandag as u die stem van God hoor, verhard u hart nie! Laat u deur Hom leer! Dan sal u nie verlore gaan nie, maar u Here sal u opwek in die laaste dag.

## 2 Glo en U Lewe

Ef. 2:1-10

"*Wie in My glo, het die ewige lewe."* (Joh. 6:47)

Hierdie uitspraak is baie ernstig, maar ook baie genadig. Wie wil nie graag lewe nie? En hoevele is daar wat hulleself mislei – wat die dood meer liefhet as die lewe, omdat hulle die ware lewe verag en verwerp?

Die woord "lewe" word dikwels in die Skrif in tweërlei betekenis gebruik. Die Here Jesus sê in Matt. 16: "Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind." Wie sy lewe wil behou en daarmee die Naam van Jesus verloën, sal die ware lewe, die saligheid, verloor. Hierdie ware lewe is die ewige lewe. Dit is die lewe uit God.

Hierdie lewe word die ewige lewe genoem, nie omdat dit eers ná ons dood 'n aanvang neem nie. Ons besit dit reeds op aarde. Dit eindig egter nie met ons dood nie. Het 'n mens eenmaal die ware, ewige lewe, dan besit jy dit vir ewig. Die Here Jesus sê van sy skape: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie..."

"Wie in My glo, het die ewige lewe," sê Jesus. Glo, geloof? Wat hou dit in?

Volgens die Bybel is daar niks wat vaster en sekerder is as die geloof nie. Om te glo is om te ken en te sien en te weet. Deur te glo het jy 'n anker wat deur geen mag op aarde aan jou ontneem kan word nie.

Waarom is die geloof so vas en seker? Hierop gee Paulus in Ef. 2 'n pragtige antwoord: *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God."* Die geloof is die gawe van God. Hy gee dit aan ons. Dit is maar die oog wat God ons gee om in Christus die Middelaar te sien. In sy diepste betekenis is geloof nie dat ons aan God vashou nie, maar dat Hy ons vashou.

"Wie in My glo, het die ewige lewe." Dit is die kern van die Evangelie. Ons glo in Iemand. Ons geloof is gebind aan Jesus Christus as ons Saligmaker. Die ware geloof is op Hom gerig. Ons moet nooit in onsself glo nie. Ons moet selfs nie in ons geloof glo nie. Ons moet glo in Jesus Christus alleen. Dit is goed en reg om jouself te beproef of jy in die geloof staan. Die beproefde geloof beteken egter nie geloof in jouself of vertroue op jouself nie. Dit is en bly altyd geloof in Christus, jou Verlosser en Bewaarder. Ons sekerheid is buite onsself in Christus geleë.

## 3 Glo in die Gekruisigde

1 Kor. 11:23-29

*"Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe."* (Joh. 6:54)

Ons vorige oordenking het gegaan oor die uitspraak: "Wie in My glo, het die ewige lewe." Hier is dit nou weer: "Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe." Ons sou kon sê dat "Hy wat my vlees eet en my bloed drink" ook maar beteken: "Hy wat in My glo..." Dit is ook so. Hier wil die Here alleen aantoon op watter wyse Hy vir ons die ewige lewe verwerf het. Hier dui Hy die geloof in Hom nader aan: "Glo in My as die Gekruisigde."

Dit het Jesus trouens pas vantevore gesê: "En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee ..." Hy stel dit ook só: "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie." Vir die Jode sou Hy nou in raaisels praat. Dit sou hulle gewis ook skok, selfs indien hulle sou verstaan dat Hy beeldspraak gebruik. Indien Hy dit sien i.v.m. die offers, dan is dit boonop verbode om selfs 'n dier se bloed te drink of te eet: "'n Ewige insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke: geen vet en geen bloed mag julle eet nie" (Lev. 3:17). Die Skrif beskou die bloed, in onderskeiding met die vleis, die draer van die lewenskrag – die siel is in die bloed. Daarom mag dit nie geëet word nie.

Dan begryp ons hulle reaksie: "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?" Vir ons is dit egter die "woorde van die ewige lewe". Juis omdat hierdie beeldspraak in 'n bepaalde opsig letterlik waar gemaak is; Hy is letterlik soos 'n offerlam na die slagplek gelei. Sy liggaam is geslag en sy bloed het gevloei aan die kruis. Ons het geen lewe in onsself, indien ons nie sy vlees eet en sy bloed drink nie. Sonder die geloof dat Hy vir ons sondeskuld geslag is, is ons nog in die dood van misdade en sondes. Deur die geloof het ons deel aan sy gekruisigde liggaam en vergote bloed. Dit gee aan ons die ware, die ewige lewe. Dit onderhou ook die lewe.

Later by die instelling van die heilige Nagmaal, bring Hy dieselfde waarheid tot uitdrukking. Die brood is sy liggaam wat vir ons verbreek is en die wyn is sy bloed wat vir ons uitgestort is. Ons ontvang die ware lewe deur sy soenlyde aan die kruis, maar ons behou dit ook alleen deur met Hom in gemeenskap te lewe.

Ons hoef nie soos die Roomse die Here Jesus liggaamlik uit die hemel te haal, met die gedagte dat die brood en wyn wesenlik verander in die liggaam en bloed van Jesus nie. Ons hoef nie voor 'n stukkie brood, as die sg. "heilige liggaam van Christus", neer te kniel nie.

Ons eet sy liggaam en drink sy bloed, *omdat ons glo* dat sy liggaam vir ons gebreek en sy bloed vir ons vergiet is, net só seker as wat ons die brood in die Nagmaal eet en die wyn drink.

## 4 Die Woord is hard

Hebr.4:6-13

*"Hierdie woord is hard..."* (Joh. 6:60)

Dit is nie die eerste keer dat die Jode die woorde van die Here as hard beskou nie. Hulle het die profete van die Here doodgemaak wat sy Woord aan hulle verkondig het. Dink aan Jeremia, die profeet. Ons lees van hom: "En die priesters en die profete het met die vorste en die hele volk gespreek en gesê: Hierdie man verdien die dood, want hy het geprofeteer teen hierdie stad, soos julle met jul ore gehoor het" (Jer. 26:11). Dit sou ook nie die laaste keer wees nie. Paulus skrywe: "maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke" (1 Kor. 1:23).

En só is dit vandag nog. Die Woord van die Here is 'n harde woord vir die sogenaamde mondige mens van ons tyd. Ons verligte eeu beskou die Bybel as 'n mite. Teoloë verkondig dit. Met hulle "verligte" verstand, wat in werklikheid verduister is deur die sonde, al is hulle ook al hoe geleerd en beskaafd, wil hulle die Bybel "ontmitologiseer". Een van die mites wat uit die Bybel verwyder moet word, omdat dit aanstoot gee, is die versoening van die sondes deur die kruisdood van Christus. Die mens het te goed en te verstandig geword om nog te glo dat hy 'n verlore sondaar is, wat alleen deur die geloof in Christus, die Gekruisigde, die ware lewe het.

Vir die Jode is "hierdie woord hard". Die skokkende is dat dit gesê word van "baie van sy dissipels". Dissipels is volgelinge of leerlinge van Jesus. Hier het ons in werklikheid 'n groot sifting van volgelinge,

'n Mens vra jouself af hoe dit in ons tyd staan met baie "dissipels" van Jesus. Ons het alreeds verwys na die "verligte" volgelinge. Hoe staan dit met die "ortodokse" volgelinge? Hulle is getroue "belydenishandhawers" – maar baie dikwels bloot om hulleself te handhaaf. Dit is die soort letterknegte wat die Woord na die letter handhaaf, maar hulle geloof is 'n geraamte sonder vlees en bloed – en veral sonder hart. Hulle ken die kuns goed om die woord te handhaaf soos dit hulleself pas. "En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kan versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie."

Dit kos genade – altyd maar weer genade – om te buig voor die Woord. Wie nie buig voor die Woord en homself en sy verstand kruisig nie, word uiteindelik deur dieselfde Woord verpletter. Maar dan is dit vir ewig te laat!

## 5 Kerklike tug

1 Kor. 5

*"Wil julle nie ook weggaan nie?"* (Joh. 6:67)

Baie van Jesus se dissipels het gesê: "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?" En dan verlaat hulle Hom. Hoeveel oorgebly het, word nie aan ons gesê nie. Dit lyk asof alleen die twaalf op die bepaalde dag by Hom gebly het. Dit is in elk geval duidelik dat die getal van sy getroue volgelinge baie gekrimp het. Die sensasie van sy tekens en wonders wat hulle geboei het, se glans het verdwyn. 'n Wonderdoener kan hulle nog uitstaan en selfs toejuig, maar 'n prediker tref te diep en eis te veel.

Selfs die twaalf word voor 'n keuse gestel. "Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?" Daar is nog geleentheid om te kies. Gaan gerus ook maar saam met die menigte,

Waarom stel Hy die vraag? Is Hy dan nie bang dat hulle Hom ook sou verlaat nie? Sommige kerke glo byvoorbeeld aan die Woordverkondiging en selfs aan vermaninge, maar die kerklike tug is vir hulle te verregaande. Hulle sê dat die taak van die kerk nie is om te verstrooi nie, maar om te vergader. Hou tog maar liewer die mense by die kerk en onder die bearbeiding van die kerk – al is hulle nog bloot in naam lidmate en al leef hulle soos ongelowige heidene. Die mense wil barmhartiger wees as Jesus. In werklikheid is hulle wreed, om mense in valse gerustheid te laat voortlewe.

Die Here Jesus laat die menigte rustig gaan. Wanneer hulle sy woord hard noem, probeer Hy hulle nie paai of pamperlang nie. Hy gaan voort om sy Evangelie onvervals te verkondig. En dan stel Hy selfs die twaalf voor die keuse om ook maar weg te gaan.

Hy kan dit rustig doen, nie omdat Hy weet dat die twaalf sulke uitnemende en getroue volgelinge is nie, maar omdat Hy weet dat die Gees lewend maak. Daarom is dit onmoontlik vir die mense om weg te gaan. Hy weet dat niemand na Hom toe kan kom as dit hom nie deur sy Vader gegee is nie. Hy weet wie waarlik glo en wie nie. En hulle wat waarlik glo, kan gerus maar voor die keuse gestel word. God hou hulle immers vas en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie.

Só is ons Middelaar. Hy ken sy eie en Hy beproef hulle. Hulle staan dag vir dag voor 'n keuse om vir of teen Hom te kies. Hulle het elke dag die geleentheid om weg te gaan. Hy maak dit selfs vir hulle moeilik om by Hom te bly. Hoe klink dit byvoorbeeld? "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg" (Matt. 16).

Dit is die keuse wat Hy aan elke mens stel. Is u daartoe bereid? Ook vandag?

# 6 Geen toevlug buite Christus

Job 28:20-28

*"Here, na wie toe sal ons gaan?"* (Joh. 6:68)

"Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie? En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan?"

Dit is goed dat die Evangelie ons nie alleen voor Jesus se vraag stel nie, maar ook voor Simon Petrus s'n: "Here, na wie toe sal ons gaan?"

Kom ons maak nou maar soos die geleerdes en die wetenskaplikes. Kom ons deursoek die heelal en beproef die lewende wesens en stoflike dinge. Kom ons deurskou ons eie harte en ontleed ons eie behoeftes. Ons raadpleeg die sielkundiges en die wyses van die wêreld. Ons gaan soek die dokters en spesialiste op. Daar is mediese deskundiges en tegniese deskundiges en godsdienstige deskundiges en wysgere en digters en skrywers en dromers. Hulle almal het hulle dissipels. Mense stroom na hulle met hulle honger na kennis en rus. Psigiaters se spreekkamers is vol en senuweeklinieke is te min en te klein. Filosowe stig hulle skole en tel hulle volgelinge by miljoene. Filosofiese denkrigtings spring op soos paddastoele en verdwyn ook net so vinnig. Die sonstrale van die werklikheid brand dit tot stof en dit verdwyn in die vergetelheid... Die sterrekykers en waarsêers is ook in ons tyd in besondere aanvraag...

Kom ons gaan met ons diepste hartenood na hulle toe. Ons noem dit frustrasie. Die Bybel praat liewer van honger en dors na die innerlike mens. Terapie of ontvlugting of wat u dit ook al wil noem, kan soms welkome verligting bring. Verdowing en bedwelming skep hallusinasies en sinsbedrog... Ons kom egter nie uit die ellendige kringloop nie.

"Na wie toe sal ons gaan?" Die volkere van die ou wêreld het skimme aanbid in hulle afgode. Die moderne mense doen nog presies dieselfde. Hulle bou hulle hoop en ideale op hersenskimme... Die haat en selfsug en agterdog en eieliefde bly... Dit groei aan tot 'n afskuwelike monster wat die mensdom wil verteer.

Só gaan dit met die mens wat die rug op God gedraai het... "Here, na wie toe sal ons gaan?" Sien u miskien êrens iets of iemand wat Hom kan vervang?

In ons eeu sien ons duidelik dat die mens buite God op 'n doodlooppad is. Ten spyte van tegniese hoogvlugte en eeue van kultuurbou bly die mens eensaam en gejaagd – alleen met die vraag sonder antwoord in die hart. Troosteloos is die uitsig vir hierdie lewe. Afgryslik is die verwagting vir die lewe ná die dood.

Na wie toe sal ons gaan? Jesus alleen het die ewige lewe, omdat Hy die dood oorwin het.

## 7 Die Lewewekkende Woord

Eseg. 37:1-10

*"U het die woorde van die ewige lewe."* (Joh. 6:68)

Daar het u die enigste antwoord op die nood van die mens van alle eeue – ook die mondige mens van die laat twintigste eeu. Het ons die antwoord op die dood, dan het ons geen nood meer nie. En Jesus het die antwoord, sê Petrus. En waar anders kry ons dit? Ondanks al die mediese wonders, staan die dood nog voor elke mens, soos 'n afskuwelike spook... een of ander tyd haal hy jou in. Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?

En dit is selfs nie die ergste nie. Indien die dood, wat ons dood noem, tog maar rus en vergetelheid bring... Die mense wat in die selfbedrog lewe, dat met die dood alles verby is, word egter wreed ontnugter. "En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie..." (Openb. 14). Vir die mense is die rus van die dood geen rus nie – hulle sterwe vir ewig sonder om ooit klaar te kry...

"Na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe." Daar het ons die enigste antwoord op alle mense se diepste nood.

Hy, Jesus, vertel van die ewige lewe. Hy preek dit. Maar Hy doen veel meer as dit. Hy gee dit. Hy gee dit selfs deur te spreek. Sy woorde is lewewekkend. Dit laat mense opstaan uit die dood van sonde en misdade.

Die krag van die gepredikte Woord blyk duidelik uit 'n visioen wat die profeet Esegiël sien. Hy sien 'n dal vol dor en bleekgebrande doodsbeendere. Dan kry hy die opdrag om vir hulle te preek. "En sodra ek geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk – 'n beroering! En die bene het nadergekom, elke been na sy been ..." Die uiteinde was dat die volk van die Here lewend voor Esegiël staan... Daarmee illustreer die Here die krag van sy Woord ... Sy Woord wek lewe in dooie harte. Mense kom tot 'n nuwe lewe – die ewige lewe.

Daarom kan Paulus later roem: "Ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo" (Rom. 1:16). Die Evangelie is 'n krag wat werk in elkeen wat glo. Soos 'n mens voedsel inneem en daardeur lewe, só is die Woord van Jesus Christus vii ons spyse vir ons siel.

Deur sy Woord kom Jesus tot ons en maak woning in ons en ons het die ewige lewe. Mense wat dood was in die misdade en die sondes, staan op in 'n nuwe lewe. Hy het gesê dat ons moet lewe en kyk, ons leef tot in alle ewigheid. Deur sy Woord, bevestig deur die Heilige Gees, werk Hy die lewe in ons. Waar sy Woord verkondig word, is sy Gees ook aanwesig, want die Woord is die swaard van die Heilige Gees.

Moet tog nooit die verkondiging van sy Woord ligskat nie. Maak erns daarmee, want dit beteken vir ons die ewige lewe.

## 8 Die Belydenis van Petrus

Matt. 16:13-19

*"Ons het geglo en erken dat u die Christus is, die Seun van die lewende God."* (Joh. 6:69)

Hierdie uitspraak word gewoonlik "die belydenis van Petrus" genoem. Die ander evangelieskrywers verhaal ook van 'n belydenis van Petrus. Dit was waarskynlik later. Hier is Jesus en sy dissipels nog in Kapérnaüm. Hierna het Hy uit Kapérnaüm vertrek na die Noorde – die streke van Caesarea-Filippi. Toe die menigte Hom verwerp en verlaat, trek Hy Hom met sy dissipels terug na die afgeleë dele om hulle in besonder te onderrig. Daar in die eensaamheid het Hy hulle gevra: "Wie dink julle is Ek?" Daarop het Petrus weer geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Die twee uitsprake kom duidelik ooreen.

Teenoor die andere wat die Here Jesus in ongeloof verwerp het, het ons hier die antwoord van Petrus en die ander dissipels op Jesus se prediking. "Ons het geglo en erken" sê Petrus. Die optrede van Jesus en die skare het hulle duidelik laat besin oor wat hulle van Jesus moet dink. Toe Jesus vra of hulle nie ook wil weggaan nie, is hulle gedwing om standpunt te neem. En dit is nou hulle standpunt. Dit druk hulle uit in 'n belydenis of verklaring.

Dit is die gewone weg van Jesus met sy dissipels deur die eeue heen. Hulle moet besin en verklaar of bely wat hulle van Hom dink. Ook Paulus knoop die geloof en belydenis aan mekaar vas. "Met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding" sê hy. Guido du Brès, die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis begin ook só: "Ons glo met die hart en bely met die mond..."

Die inhoud van Petrus se belydenis is die allerkosbaarste wat ons besit: "Ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God." Hierdie belydenis is die antwoord van die dissipels op wat Jesus van Homself geleer het. Hy is die beloofde Messias wat sou kom. In Hom is ons hele behoud. Hy is ook die Seun van God – die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.

In Matt. 16 word by die soortgelyke belydenis nog verhaal dat Jesus daarop vir Petrus gesê het: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is." Johannes skrywe later: "Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore" (1 Joh. 5).

By monde van Simon Petrus bely die dissipels hulle geloof. En die belydenis kring uit na alle belyders van Christus van alle plekke en alle tye... Almal wat nie uit die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is, kom daartoe om Hom só te bely (Joh. 1).

Ons bely, omdat ons glo... Ons glo omdat vlees en bloed dit nie aan ons geopenbaar het nie, maar onse Vader in die hemele. En ons lewe by die geloof . .. Na wie anders sal ons gaan?

## 9 Só naby en tog Verlore!

Matt.7:21-29

*"Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel."* (Joh. 6:70)

Hier het ons 'n baie moeilike uitspraak. "Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel." Het die Here dan 'n fout gemaak in sy "uitverkiesing"?

Om enigsins lig daarop te werp moet ons daaraan dink waartoe die Here Jesus die twaalf uitverkies het. Dit gaan hier nie om die "uitverkiesing" in die gewone betekenis nie. Gewoonlik verkies die Here uit tot die ewige lewe. Hier het ons egter die uitverkiesing tot dissipels – dit is leerlinge of volgelinge. Hulle is uitverkies om sy getuies te wees. Uiteindelik sou hulle dien in die besondere amp as apostels. Hulle sou, soos ons dit uitdruk, in die "besondere amp" staan. Die besondere ampte is by ons: ouderlinge, diakens en leraars. Indien 'n mens "uitverkies" is tot die besondere amp, beteken dit geensins dat jy die ware lewe uit God besit nie. Daar is baie wolwe in skaapsklere.

Jesus ken die harte. Hy weet dat een van sy dissipels skynheilig is. Hy bely saam, maar dit kom nie uit 'n opregte hart nie. Hierdie ernstige uitspraak moes al die dissipels tot dringende selfondersoek dwing. Later, toe die Here dit weer sê, by die laaste pasga, was almal onseker van hulleself en het angstig gevra: "Is dit miskien ek, Here?"

Ons kan die "uitverkiesing" nooit aanwend as 'n voorwendsel om in valse gerustheid te lewe nie. God het dit só beskik dat ons aan 'n kerk behoort. Ons is gedoop en het belydenis afgelê. Die vraag is egter of ons ware lidmate van die lewende kerk van Christus is. In ons lewende lidmate van sy liggaam?

Watter vrae daar in verband met hierdie uitspraak ook al onbeantwoord bly, een ding is seker: Judas Iskariot sou nooit kon sê dat hy nie gewaarsku is nie. Hy het met oop oë en moedswillige ongehoorsaamheid op die weg van sonde volhard. Hy het deur eie skuld verlore gegaan. Vreeslik is dit om 'n "duiwel" te wees in die kleed van 'n dissipel. Hy was só naby die Here en tog só vér – vir ewig van Hom geskei.

Hierdie waarskuwing roep ons tot selfondersoek en tot groot nederigheid. Judas se naam het 'n spreekwoord geword. 'n "Judas" is 'n gemene mens. Hy is vertrou – het selfs die beurs gedra – en het die Here verraai.

"Is dit miskien ek, Here?"

Ons kan hulle nie aanwys nie, maar daar is verseker nog steeds duiwels" in ampsgewaad onder ons. As die wete ons tog maar in die eerste plek na onsself laat kyk en ons dit nie by ons naaste soek nie.

## 10 Ongeloof van Jesus se Broers

Luk. 12:49-53

*"Want ook sy broers het nie in Hom geglo nie."* (Joh. 7:5)

Jesus is nog in Galilea. Sowat ses maande kon al verloop het sedert die gebeure waaroor Johannes in die vorige hoofstuk gehandel het. Jesus het Hom in die tyd teruggetrek van die volk. Groot menigtes het Hom nie meer gevolg nie. Na Judea wou Hy nie nou gaan nie, omdat die Jode Hom wou doodmaak. Die Loofhuttefees is egter in vooruitsig. Hyself het die feeste in Jerusalem gereeld besoek. Toe Hy talm om na Jerusalem te vertrek vir die fees, sê sy broers vir Hom: "Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat U dissipels ook u werke kan sien wat U doen. Want niemand doen iets in die geheim nie en soek tegelykertyd om in iedereen se mond te wees nie. As U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld."

Hier voeg Johannes nou ter verklaring by: "Want ook sy broers het nie in Hom geglo nie." Ons moet dus aanneem dat dit vir sy broers nie daarom gegaan het om te bewys dat Hy die Messias is nie. Hulle glo dit in elk geval nie. Hy doen wonderlike tekens – dit kan hulle nie ontken nie. En dit het gelyk of Hy die volk se simpatie sou wen vir sy saak. Hulle wou Hom selfs met geweld koning maak. En toe – ineens – trek Hy Homself terug. Hy word nog weinig in die openbaar gesien.

As Hy nou maar weer in die publiek sou optree! Veral in Jerusalem met só 'n feesgeleentheid, sou Hy weer die aandag kon trek. Daar sou ook baie van sy volgelinge wees wat dan sy werke kon sien. Moontlik wou sy broers, soos die Joodse leiers, Hom hier uitdaag tot openbare optrede as 'n teken van sy aansprake. Hy het immers nou reeds herhaaldelik verklaar dat Hy die Seun van God en die Middelaar is.

Indien 'n mens met jou verstand binne die perke van jou bestaan, Jesus se doen en late wil beoordeel, sal jy dikwels teen 'n absurde muur vasloop. Dit is egter bloot ongeloof. "Hulle het nie in Hom geglo nie." Sy dissipels wat naby Hom geleef het, het Hom ook nie werklik verstaan nie. Hulle het egter by Hom gebly en hulle deur Hom laat lei en leer, omdat hulle in Hom geglo het. Dit is die verskil.

En dit is nog altyd só. Dat die Here se weë onbegryplik is, is hoegenaamd nie erg nie, solank ons in Hom glo. Dan het ons krag. Ons leef uit die geloof. Ons het selfs meer as krag – ons het ook 'n uitsig. Ons sien deur die geloof die onsienlike dinge.

Ons het altyd rede om te waak teen die neiging om Jesus uit te daag tot 'n demonstrasie – asof Hy Homself vir ons moet bewys. Hy bewys Homself wel, maar eers wanneer ons in die regte gestalte voor Hom staan. En hoe is dit? Ons buig in diepe ootmoed voor Hom met die belydenis: "Ek glo Here...", al moet ons ook daarby voeg: "kom my ongeloof tot hulp!"

## 11 Koop die Tyd uit

Pred. 3:1-8

*"My tyd is nog nie daar nie. Maar julle tyd is altyd daar."* (Joh. 7:6)

Jesus se broers wou Hom oorreed om na Jerusalem na die Loofhuttefees te gaan. Volgens hulle insig was dit die regte tyd en geleentheid om sy aanspraak, dat Hy die Messias is, deur tekens en wonders te openbaar. Dan kan sy dissipels sy werke sien en Hy Homself aan die wêreld toon. Die Here Jesus se antwoord is egter: "My tyd is nog nie daar nie .. ."

Hiermee wou Hy dit aan hulle tuisbring: Die werk van die Seun van God word nie volgens menslike maatstawwe bepaal of beoordeel nie. Hy werk volgens die wil van sy Vader. Hy tree op op die tyd deur God bepaal. Hy is geen diplomaat wat noukeurig die tydsomstandighede en menslike gesindhede bestudeer en dan op die mees geleë oomblik handel nie. By Hom geld nie menslike diplomasie nie, maar die raad en wil van God. Hy laat Hom nie deur mense van die weg van God afdwing nie. Selfs toe sy eie moeder by die bruilof te Kana Hom na vore wou dwing, was sy antwoord: "Vrou wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie."

Die Here Jesus wou nie die kruis en dood ontwyk nie... God se tyd was egter in die besondere geval nie die Loofhuttefees nie, maar die Paasfees. Hy moes, volgens Goddelike besluit, op die Paasfees sterf as ons Paaslam wat vir ons sondeskuld geslag is. Daarom ontwyk Hy nou die moorddadige Jode. Hy bly die beheerser van die situasie, selfs wat sy eie dood aanbetref. Hy wag rustig op God se tyd. Wanneer sy uur aanbreek, is Hy daar en is Hy ook gereed om te doen wat Hy moet doen tot verlossing van die wêreld.

En wat is die toepassing op sy broers en op ons? "Julle tyd is altyd daar," sê Hy. Julle hoef nie te wag nie, maar moet doen wat voor die handliggend gedoen moet word. Moenie uitstel nie – doen dit dadelik. Werk solank dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Hier is dit in besonder hulle "tyd" om op te gaan na die fees. Hulle moet gaan – anders gaan die fees verby.

U en my tyd is altyd daar. Elke dag moet ons ons lig laat skyn in die wêreld.

Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen..." (Gal. 6) Die geleentheid het ons altyd – elke dag. Ons moet egter in besonder die "fees" bywoon. Die fees van die Here is vir ons die erediens – elke Sondag. Trek op na die fees! "Julle tyd is altyd daar."

## 12 Die Wêreld haat Jesus

Rom. 3:9-20

*"Die wêreld kan julle nie haat nie, maar My haat hy..."* (Joh.7:7)

Jesus se broers moedig Hom aan om na Jerusalem op te gaan na die Loofhuttefees. Een van hulle argumente is: "As U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld."

Hulle gedagte was klaarblyklik dat die wêreld beïndruk sou word deur die dinge wat Hy doen. Hy sou in die guns van die wêreld kom en hulle hart verower vir sy saak. Hiermee stel sy broers hulle aan die kant van die wêreld. Hulle pleit vir die wêreld. Op sigself is dit nie verkeerd nie. Jesus het gekom om die wêreld te red – Hy sê in Joh. 3: "Want so lief het God die *wêreld* gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen "wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Sy broers sien die wêreld egter anders as Hy. Hulle sien die wêreld nie in sy verlorenheid nie. Hulle staan as 't ware op die standpunt van die hedendaagse humanis. Jy moet die wêreld in sy nood help, maar dit is bloot 'n tydelike nood. Dit gaan om gebrek aan kos en klere of 'n gebrek aan "menseregte", maar hulle sien nie dat die nood van die wêreld juis is, dat sy werke boos is nie. "Wanneer U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld." Maak siekes gesond en vermeerder brode onder die oë van die groot wêreld in Jerusalem en nie hier in die afgeleë Galilea nie! Dan sal die wêreld U erken as iets besonders...

Hierop is Jesus se antwoord: "Die wêreld kan julle nie haat nie; maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is." Die wêreld haat Hom, omdat die mensdom nie wil erken dat hulle werke boos is nie. En dit is Jesus se eerste taak om dit aan die wêreld tuis te bring. Dit is die moeilikste kennis om by enige mens tuis te bring – dat sy werke boos is.

Die mens wat die wêreld na die mond praat, is in die wêreld geliefd. Sodra jou woorde en dade egter ingaan teen die "wêreldmening" is jy 'n gehate wese. In ons tyd word die "wêreldmening" byna as die wil van God aan ons voorgehou. En tog moet ons met groot krag aan die wêreld sê dat sy werke boos is. Hoe kan enige wêreldmening of volkswil uit sigself goed wees? Buite Christus is elkeen afsonderlik en almal gesamentlik in die greep van die owerste van hierdie wêreld ... En sy naam is die "Bose" – daarom is die werke van die wêreld boos .. .

As die wêreldmens dit tog maar wil erken! As hy tog maar wil bely: "Ek het gesondig teen die Here!" Dan wyk die Bose en die boosheid en neem die Lewende Christus oor en die ewige lewe word só 'n mens se deel. En wat 'n bevryding is dit nie!

## 13 Soek na Jesus

Jes. 55:1-7

*"Waar is Hy?" Joh.* 7:11)

"En die Jode het Hom op die fees gesoek en gesê: Waar is Hy?" 'n Mens moet ook maar hier nie te veel waarde heg aan die begeerte van die Jode om Jesus te sien nie. Ons sou dit gewis nie "heilbegeerte" kon noem nie. Dit was aan die een kant blote nuuskierigheid. Dit kan selfs wees dat hulle Hom kwalik neem dat Hy nie na die fees gekom het, volgens die voorskrif van Moses nie. Hulle het Hom by die fees verwag. Hulle het ook verwag dat Hy tekens sou doen. Hulle kon selfs verwag dat Hy en die Joodse leiers in Jerusalem uiteindelik tot 'n finale botsing sou kom. En wat 'n opwinding sou dit nie wees nie?

Só is die mens tog maar altyd. Hy soek na opwinding.

Jesus het Hom losgemaak van die menigtes in Galilea. Ook sy eie broers het sonder Hom na die fees vertrek. Hy kon Hom nie met hulle sienswyse vereenselwig nie. Daarna vertrek Hy self egter ook na die fees. Hy doen dit nie openlik nie, maar in die geheim. Hy het moontlik selfs snags gereis met die twaalf alleen. Ook die gewone paaie na Jerusalem vermy. Hy wou die Joodse leiers hoegenaamd geen kans bied om hulle voor te berei op sy koms nie. Hy gaan Homself nie moedswillig in gevaar stel nie. Sy tyd was nog nie daar nie.

'n Mens dink onwillekeurig aan sy uitspraak dat sy volgelinge so versigtig soos die slange en so opreg soos die duiwe moet wees. Ons moet bereid wees om ter wille van sy Naam in die wêreld te ly, maar ons moet dit nie moedswillig soek nie. Ons mag God nie versoek deur onsself onnodig in gevaar te stel nie.

"En die Jode het Hom op die fees gesoek en gesê: Waar is hy?" Hulle hou selfs aan om Hom te soek. Elke dag vra hulle na Hom en wonder waar Hy dan is. Dit is vir hulleself nog nie duidelik wat hulle van Hom moet dink nie. Sommige sê: "Hy is goed." Andere sê weer: "Hy mislei die skare."

En tog was daar nog hoop vir die volk. Hulle soek nog na Jesus. Selfs blote nuuskierigheid of sensasiebegeerte bring hulle tog nog naby Jesus. Hulle sou egter mettertyd tot 'n keuse moes kom. Hoeveel van hierdie "soekers" Hom waarlik gevind het, weet ons nie. Ons weet wel verseker dat baie van hulle Hom verwerp het.

Daar is mense wat Jesus, die Verlosser van die wêreld, in hulle diepe sondeverlorenheid soek. Hulle is salig, omdat Jesus hulle reeds lankal soek.

Daar is ook andere wat Hom met bymotiewe soek. Baie van hulle sit Sondag na Sondag in die kerk, sonder dat hulle Jesus Christus self waarlik vind. Helaas!

## 14 Herken sy Stem

Joh. 3:22-36

*"As iemand gewillig is om sy wil te doen... sal hy weet of dit uit God is . ..*" (Joh. 7:17)

Teen die middel van die Loofhuttefees verskyn Jesus in die tempel en begin preek vir die Jode. Hy het hulle geleer – onderrig gegee. Hy volg waarskynlik die metode van die Skrifgeleerdes. Sy optrede bring die Jode in verwondering. "Hoe kom Hy aan die geleerdheid terwyl Hy geen onderwys ontvang het nie?" Sy antwoord is: "My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het." Hy put uit die skat van sy Vader.

Sommige rigtinge verwyt vandag nog die kerk dat leraars opgelei moet word. Hulle meen dat leraars soos Jesus geleerdheid moet besit, sonder om onderwys te ontvang. Die Here werk egter nie so nie. Hy verwag van ons ook inspanning en nougesette studie om sy Woord na behore te ken en te verkondig. Die mense vergeet dat Jesus se dissipels drie jaar lank van Hom persoonlik onderrig ontvang het, voordat hulle apostels geword het. Hulle is deur Homself opgelei. Hulle was selfs soms nie baie ontvanklik vir sy opleiding nie. Hy het dikwels moeite met hulle gehad.

In die koninkryk van God gaan dit uiteindelik nie om verstand of insig of menslike wysheid, om te kan onderskei tussen die ware en valse leer nie. Hulle wat gewillig is om die wil van God te doen, sal kan onderskei. Hulle weet watter leer is uit God en watter nie. Dit hang af van die begeerte – is jou begeerte om die wil van God te doen, dan onderken jy die ware leer van God. Die begeerte om die wil van God te doen is vrug van die wedergeboorte en geloof. God self gee ons die oor om sy leer te hoor en die hart om dit te verstaan.

Die Here Jesus verkondig die wil van sy Vader. Daarom kan sy prediking alleen onderken word deur hulle wat die wil van die Vader wil doen. Dit vind aanklank by hulle. Hulle hoor die woord en weet: "Dit is uit God. God spreek daarin tot my. Ek hoor in hierdie leer die stem van my hemelse Vader wie se wil ek begeer om te doen."

Ons belydenis stel dit só: "Insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is."

Só bring Jesus se leer mense nie alleen tot verwondering oor sy geleerdheid nie. Dit bring mense tot geloof omdat hulle in sy leer die stem van God hoor. Dit bring hulle by Hom die Middelaar wat van God gestuur is. En dit is hulle saligheid. Dit gee aan hulle die ewige lewe.

So staan ons weer voor die wonder; die wonder dat God tot ons spreek en ons onderken sy stem. Hy praat met ons – ons wat Hy wederbaar het om gewillig te wees om aan Hom gehoorsaam te wees.

## 15 Glo die wet

Gen. 49:1-12

"... *niemand van julle hou die wet nie."* (Joh. 7:19)

Die wet, wat Moses gegee het, getuig van Hom as die Christus. En die Jode verwerp Hom. Teen die agtergrond sê Jesus: "Het Moses julle nie die wet gegee nie? En niemand van julle hou die wet nie. Waarom wil julle My om die lewe bring?"

"Niemand van julle hou die wet nie." Ons sou dit kan sien in die lig van Rom. 2 en 3 waar Paulus ook te doene het met die Jode en hulle sogenaamde geregtigheid deur die vervulling van die wet. Daar kom Paulus tot die slotsom: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie... Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie." En dan kan ons dit ook op onsself toepas. Niemand van ons hou die wet nie. Ons staan almal skuldig. Jesus het vroeër ook alreeds vir die Jode gesê: "Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehoop het." Die wet van Moses, wat niemand van julle hou nie, beskuldig julle. Hy is die aanklaer by God. Só is dit ook met ons.

En tog het die Here Jesus dit hier nie só algemeen bedoel nie. Hier wil Jesus dit tuisbring: Moses het ook van Hom getuig. Dit is 'n deel van die wet van Moses. En om in Hom te glo is ook 'n deel van die wet. Wanneer die Jode praat van die "wet en die profete" of van "Moses en die profete" bedoel hulle die hele Ou Testament. Die eerste vyf boeke van die Bybel is vir hulle "Moses" of die "Wet van Moses". Die Paradysverhaal en die geskiedenis van die aartsvaders, is ook 'n deel van die "Wet van Moses". Dat Abraham in God geglo het, was ook onderhouding van die wet. Dit wil die Here aan hulle tuisbring: "Niemand van julle hou die wet nie, omdat julle My as die Messias verwerp..." En om dit verder te staaf voeg Hy daarby: "Waarom wil julle My om die lewe bring?"

Skokkend is die aanklag teen die Jode. Hulle, die letterknegte van die wet; hulle wat gedurig die wet ondersoek en bestudeer en reël op reël en gebod op gebod daaruit voorttower – niemand van hulle hou in werklikheid die wet nie. Hulle glo die wet in der waarheid nie – anders sou hulle ook geglo het in Hom van wie die wet getuig: Jesus Christus, die Seun van God.

Hier het ons die kernbenadering tot die wet. Die wet is 'n deel van die evangelie van Jesus Christus. Probeer 'n mens om volgens die letter van die wet die wil van God te doen en Hom op die wyse te behaag, dan verwerp jy in der waarheid die wesenlike inhoud van die wet. Jy verwerp die Christus van wie die wet getuig. En dan hou jy ook nie die wet wat vir jou só 'n groot erns is nie. Bring die wet ons nie by Jesus Christus nie, dan staan ons tot in ewigheid skuldig voor die wet.

## 16 Die Jode ken God nie

Rom. 9:1-13

*"maar Hy wat My gestuur het, is waaragtig, vir Wie julle nie ken nie."* (Joh. 7:28)

Verskriklik is hierdie uitspraak oor die "uitverkore" volk van God. Hulle beroem hulle op Moses en die profete; hulle meen dat hulle die enigste volk is met die kennis van die God wat waaragtig God is; hulle beroep hulle op die God van Abraham, Isak en Jakob as hulle God – hulle is kinders van Abraham – en tog sê Jesus: Julle ken die waaragtige God nie. Hier het ons ook 'n antwoord op die bespiegeling en dromery oor die toekoms van Israel deur sommige Christene. Ons ken die verborge wil van God nie – "die hele Israel", soos Paulus sê, sal gered word. Dit kan beteken dat die kern van die volk, soos hulle uitwendig bestaan, tot bekering kom en in Christus glo. Dit kán ook beteken dat Paulus met die uitdrukking die geestelike Israel bedoel. Dan beteken dit al die ware gelowiges, afgesien van hulle volksverband – uit Israel en die heidene. Een ding is egter duidelik dat Israel – of die Jode – buite Christus die waaragtige God nie ken nie, al roem hulle in Hom as die God van hulle vaders.

En wat vir hulle geld, geld vir alle mense. Buite die geloof in die Christus van die Skrifte is daar geen diens van die ware God van die Skrifte nie. Dit is hoogstens afgodediens. Sulke mense is op die weg van Hofni en Pineas, die twee seuns van die ou hoëpriester Eli. Van hulle lees ons: "Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie" (1 Sam. 2:12). Hulle het wel voorgegee dat hulle Hom erken – hulle was selfs priesters in sy heiligdom. In werklikheid het hulle Hom egter nie geken nie. Jesaja sê alreeds van die Jode: "'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie."

Israel meen dat hulle God ken. Hulle het egter vir hulleself 'n beeld van God gevorm wat nie sy waaragtige beeld is nie, daarom herken hulle sy eniggebore Seun nie. Jesus is nie alleen gestuur nie, maar Hy is bowendien gestuur deur Hom wat die waarheid in persoon is. Daarom dra al sy werk die stempel van waaragtigheid. Dat Jesus deur só Iemand gestuur is, waarborg sy egtheid of waaragtigheid.

"Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar" (Matt. 11). Die ware kennis van God is alleen deur Christus. Daarom wie Christus verwerp, ken God nie. En wie God nie ken nie, ken Christus ook nie.

Ons buig in aanbidding voor Jesus Christus, die Gekruisigde. In en deur Hom alleen sien en ken ons die Vader. En wat 'n voorreg! In Hom sien ons die vriendelike aangesig van God. Ek kan en mag nie roem op die geloof van my vaders nie. Ek kan alleen roem in die waaragtige God van die Skrifte wat my, verlore sondaar, liefhet in sy Seun.

## 17 Dors gelés

Jes. 55:1-9

*"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink."* (Joh. 7:37)

Die Loofhuttefees bereik eindelik sy hoogtepunt. Gedurende die fees moes die volk in "hutte", wat van takke gemaak is, woon. Dit beeld die reis deur die woestyn af, toe die volk vir veertig jaar in tente gewoon het. Die sewende dag was die groot dag van die fees. Dan was daar ook 'n seremonie waarby water uitgegiet is, om die wonder van die water uit die rots in die woestyn af te beeld. Jesus sluit waarskynlik hierby aan. En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!"

Hier is iets dringends in Jesus se optrede. Maar ook iets wat baie droewig stem. Dink daaraan dat die Seun van God met alle krag moet roep. Dringend, oorredend roep Hy: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" Hy bied die water van die lewe aan, verniet, en die dorstiges hou hulle doof. Hy roep só dat almal op die fees kan hoor. Sy roepstem weerklink tot aan die einde van die aarde. En die aarde word bewoon deur mense wat beswyk van dors. Hulle jaag na lugspieëlinge, maar hulle weier om na die lewende water te kom.

"As iemand dors het..." Is daar dan mense wat die dors nie ken nie? Die ellende van ons ellende is dat almal dors het, maar die meeste die aard van die dors nie onderskei nie. Hulle probeer hulle innerlike dors les deur skynwater en dit groei aan tot 'n smagtende ewige dors. Só smeek die gestorwe ryk man in die verderf: "Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam" (Luk. 16:24). Die ryk man het sy dors deur sy rykdomme probeer wegdrink en nou – in sy ewige dors – smeek hy om 'n druppel water!

Dors is vir die inwoners van Palestina nie vreemd nie. Die land self het woestynagtige dele en word omring deur 'n dorsland. Vir die Bybel is dors menigmaal die beeld van die ellende waarin die sondaar in homself verkeer en waaruit hy self nie kan kom nie. God alleen kan hom daaruit verlos. Sy ellende is selfs só groot dat hy sy ware dors nie ken, indien God nie sy oë daarvoor open nie. Mense praat hulle sonde goed en lag dit weg. Hulle sê, soos 'n ander ryk man gesê het: "Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons." Vir God is sonde geen grap nie. Dieselfde nag eis Hy sy siel op.

Jesus roep, dringend, pleitend, oorredend: "Kom na My toe en drink!" Hy alleen kan waarlik ons dors les. Hy neem ons sonde, die oorsaak van ons dors, weg. Dan is ons dors gelés – hier in beginsel – eendag volkome: "Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet" (Openb. 21:6).

## 18 Fonteine

Matt. 5:13-16

"... *strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."* (Joh. 7:38)

Jesus het só pas dringend uitgenooi: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" Hy het alreeds vir die Samaritaanse vrou gesê: "Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein wat opspring tot in die ewige lewe." Hier spreek Hy dieselfde gedagte uit: "Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."

Wie is "hy wat in My glo?" Dit is elkeen wat na Hom toe gekom het en by Hom die lewende water ontvang het. Dit is egter nie alleen 'n kom en drink nie – dit is om te lewe uit Hom. Die regverdige lewe uit die geloof. Hy wat glo, beteken: die mens glo altyd, voortdurend. Dit beteken nooit: hy het geglo en nou opgehou om te glo nie. Die teenswoordige tyd in die oorspronklike taal wil dit aandui – die mens lewe voortdurend uit die geloof. Dit sê dieselfde as wanneer Jesus sê: "Bly in My, soos Ek in julle."

Wat beteken die "strome van lewende water wat uit sy binneste vloei?" In die eerste plek is in die binneste, van elkeen wat glo, 'n fontein. Dit droog nimmer op nie. Die bron is onuitputlik. En die oorsprong daarvan is nie in onsself nie – dit is die Heilige Gees (vers 39). Die Heilige Gees is in werklikheid self die fontein van lewende water in ons binneste.

Die water vloei uit die mens se binneste. Dit is die aard van 'n fontein – dit vloei. Uit die innerlike – die diepste wese of hart van die gelowige – is daar 'n oorvloed van seëninge wat na buite stroom.

Die Here Jesus maak deur die Heilige Gees van mense fonteine. Hy is geïnteresseerd in mense. Hy soek mense, verlos mense, maak dooie mense lewendig. In sy verlossing en soeke na mense gebruik Hy ook mense. Hy werk deur middel van mense. Hy toon sy liefde aan die wêreld deur mense. Hy verkondig sy genade aan die verlorenes deur mense. Mense is sy werkterrein en sy gereedskap waarmee Hy werk. Deur middel van mense verower Hy die wêreld vir Hom.

Daarom maak Hy van mense fonteine – nie alleen dat hulleself uit Hom die fontein van die lewende water kan drink nie – maar dat ook hulle medemense gelaaf mag word.

Ken u ook sulke mense? Mense rondom wie andere saamdrom en aan hulle lippe hang? Uit hulle hart kom daar 'n skat. Hulle strooi uit waar hulle kom. Hulle lewe is heilig. 'n Mens sien in hulle die innerlike lewe en tintel van die krag van God. En dit stroom uit hulle in oorvloed tot lafenis vir verlorenes en strydendes en smagtendes en struikelendes en worstelendes. Só kan ons almal wees indien ons in die Here bly en Hy in ons.

## 19 Die Stroom

Eseg. 47

*"En dit het Hy gesê van die Gees wat die sou ontvang wat in Hom glo..."* (Joh. 7:39)

"Hy wat in My glo... strome van lewende water sal uit sy binneste vloei..." In die gelowige se innerlike ontstaan 'n bron of fontein van lewende water wat homself en sy medemens verkwik. Die Bron sê Johannes, is die Heilige Gees.

Dit word alreeds in die Ou Testament van die Heilige Gees gesê: "Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge" (Jes. 44:3). Hoewel dit nie só nadruklik gesê word nie, tref ons dieselfde gedagte aan in Eseg. 47. Daar sien die profeet 'n gesig van die tempel, wat Nuwe Testamenties gesien, maar die kerk van die Here is. Daar stroom waters onder die drumpel uit na die ooste toe. Hoe verder dit vloei hoe dieper word die stroom. En dit het ook die besondere kenmerk dat dit bome van allerlei soorte laat opspring – oral waar die stroom kom, kom lewe. Selfs waar dit uitmond in die Dooie See, word die dooie waters lewend en kan daar weer visse en waterdiere in lewe...

So sien die Skrif vooruit na die uitstorting van die Heilige Gees. Vanselfsprekend bestaan die Heilige Gees van ewigheid af. Ook in die ou bedeling het die Gees gewerk. Die geloof van Abraham en Moses en Dawid en alle gelowiges is gewek deur die Gees. Dit was egter nog nie die "bedeling van die Gees" soos na Pinkster nie. "Want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie." Jesus sê self dat Hy die Gees van die Vader sal stuur. Hy sê dat dit selfs voordelig is dat Hy weggaan sodat die Trooster, die Heilige Gees, kan kom. En wanneer die Gees uitgestort word dan breek die stroom oor sy walle. Dit vloei oor die grense van Israel na alle volke en tale en nasies. Dit vloei uit mense in wie die Gees woon. Die Heilige Gees maak immers woning in ons. Hy skenk ons die wedergeboorte en die nuwe lewe. Hy gee ons krag en insig om getuies van Jesus te wees. En waar Hy kom, kom nuwe lewe. En dit groei aan tot 'n onkeerbare stroom deur die wêreldgeskiedenis heen.

Ons leef in die bedeling van die Gees. Elke ware kerk is 'n Pinksterkerk – nie alleen die wat só genoem word nie. Ons moet dit egter vashou – en dit is een verskil tussen ons en die sommige sg. Pinksterkerke – dat die Gees nie alleen mense gebruik om deur te vloei nie, maar dat Hy en die lewende Woord nooit los van mekaar staan nie. God gebruik mense wat die lewendmakende Gees ontvang het en met die Woord in die hart en in die hand die wêreld intrek... Só kom mense tot die ware lewe... So ontspring in steeds meer en meer mense die lewende fontein, gewerk deur God die Heilige Gees ...

## 20 Tweespalt

Matt. 21:33-46

*"Daar het toe verdeeldheid gekom oor Hom."* (Joh. 7:43)

Iets het die menigte geraak uit die woorde van Jesus. Waarskynlik het dit tot hulle deurgedring dat Jesus genade verkondig teenoor die leer van die Fariseërs, wat die onderhouding van die wet geleer het. Jesus eis nie werke nie – bloot die geloof in Hom. Baie van die skare was nog nie so afgestomp dat hulle dit nie bemerk het nie. Hulle sug onder die juk van die leer van die Fariseërs. Sommige sê: "Hy is waarlik die profeet." Andere sê, miskien nie hardop nie: "Hy is die Christus." Die beterweters sê egter: "Kom die Christus dan uit Galilea? Het die Skrif nie gesê dat die Christus uit die geslag van Dawid kom en uit Bethlehem, die dorp waar Dawid was nie?" Só kom daar verdeeldheid onder die skare oor Hom.

Dit is tipies van Jesus dat Hy verdeeldheid in die wêreld bring. Dit is ook vanselfsprekend. Hy dwing mense tot 'n keuse: vir of téén Hom. En dan maak Hy dit ook nie maklik om vir Hom te kies nie. Die mense wat beswaar het op grond daarvan dat Hy uit Galilea en nie uit Bethlehem kom nie, doen dit op sterk Bybelse gronde. Dit is inderdaad wat die Bybel leer. Hulle sou egter wel tot insig kon kom, indien hulle maar die moeite sou doen om Hom self daarna te vra. Dan sou hulle wel uitgevind het dat Hy in Bethlehem gebore is.

Hierdie verdeeldheid was klaarblyklik 'n skerp verdeeldheid. Die Jode kón redetwis en dit het nou allerweë losgebreek. Daar is groot opgewondenheid – dit word selfs so erg dat sommige van hulle wou optree as polisiemanne: "En sommige van hulle wou Hom gevange neem..." Dit is waarlik nie alleen die Wêreldraad van Kerke wat terrorisme ondersteun en geweld en rewolusie verkondig nie. Sommige Jode wou Hom ook nou sommer gryp en na die gevangenis toe sleep.

Jesus het gekom om te soek en te red die wat verlore was. En dit bring nou verdeeldheid tussen mens en mens. Daarmee tree aan die lig die vyandskap wat sedert die paradys bestaan. Dit gaan om geloof teen ongeloof. Dit gaan om die Satan teen God in Christus. In Openb. 12 lees ons bv. meer hiervan. Die Satan of Draak het gereed gestaan om Jesus by sy geboorte te verslind. Hy is egter weggeruk na God en sy troon. Dan wend hy hom met groot woede tot die vrou – die kerk

- en haar nakomelinge. Sy moes selfs na die woestyn vlug vir die vervolgsug van die Draak. Ons moet net onthou dat die Draak ook mense

- sy dissipels – gebruik om die kerk te vervolg. Só staan mens teen mens in die stryd tussen Christus en die duiwel.

En die verdeeldheid kom selfs binne die kring van sy dissipels en die kerk van die eeue. Die verdeeldheid is 'n groot aanklag teen die kerk van Jesus, wat tog één behoort te wees, soos hulle in Christus één is. Die sonde en die verdoeseling van die waarheid, bring die verskeurdheid.

Kies ons kant vir Christus en sy waarheid, dan sal ons gehaat wees in die wêreld, maar Hy sal ons vashou in sy waarheid.

# 21 Die Mag van die Woord

Hebr. 4:1-13

*"Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie mens nie."* (Joh. 7:46)

Alreeds in vers 32 lees ons: "Die Fariseërs het gehoor dat die skare dit van Hom mompel, en die Fariseërs en die owerpriesters het dienaars gestuur om Hom gevange te neem." Die owerstes het bemerk dat Jesus se prediking die volk beïndruk. Waarskynlik het hulle inderhaas die Sanhedrin of Joodse Raad byeengeroep en besluit om nou dadelik toe te slaan. Die Joodse Raad het egter twee dinge uit die oog verloor. Die eerste ding wat hulle vergeet het, is dat "sy uur nog nie gekom het nie". God laat Hom nie onverhoeds oorval nie. Hy ken sy tyd en wag rustig op "sy uur" (vers 30). Verder het hulle met Jesus self en die krag van sy woorde nie rekening gehou nie. Die dienaars, waarskynlik van die sg. tempelpolisie, is inderhaas gestuur. Dit was nie nodig vir hulle om na Jesus te soek nie. Hulle kry Hom terwyl Hy besig is om vir die menigte te preek. Hy het sekerlik veel meer gesê as wat Johannes aan ons oorvertel in sy evangelie. Die eenvoudige ongeletterde tempelpolisie hoor hoe Hy praat. Hulle huiwer om in te gryp. Daar is iets aan sy persoon en in sy woorde, wat hulle aangryp. Hulle sien in Hom iets besonders. Sy woorde het by hulle ook die uitwerking gehad waarvan ons in Matt. 7 lees: "En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie."

Agter sy woorde is die gesag van God, sy Sender. Dit maak dit anders. In plaas dat hulle Hom arresteer, neem sy woorde hulle gevange. Dit maak hulle magteloos om die hande aan Hom te slaan.

By geleentheid het 'n vooraanstaande persoon aan my gesê: "Moet my net nie platslaan met 'n Bybelteks nie." Daarmee het hy inderwaarheid sy magteloosheid teenoor die Woord van God bely. Ons maak gans te min gebruik van die oorredingskrag van die Woord van God, waaragter sy gesag staan. Ons meen dat ons menslike redenasies en "sielkundige" benadering meer effektief mag wees. Dan beroof ons onsself van die "krag van God". Paulus sê dit in Rom. 1: "Die evangelie is 'n krag van God tot redding .. ."

Die tempelpolisie is só beïndruk deur sy woorde dat hulle sonder Hom terugkeer na die Joodse Raad. Beskuldigend is die vraag van die Raad tot hulle: "Waarom het julle Hom nie gebring nie?" Hierop is die antwoord: "Nooit het 'n mens só gespreek soos hierdie mens nie." 'n Mens moet hierdie manne bewonder wat ongehoorsaam was aan die bevel van die owerheid – so was hulle beïndruk deur Jesus se woorde.

Later het die twee apostels: Petrus en Johannes aan dieselfde Joodse Raad gesê: "Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Hand. 4).

Leef ons met die Woord in die hand en in die hart, dan het ons die krag van God waarteen geen mens bestand is nie. Beoefen dit elke dag!

# 22 Geweld i.p.v. Die Woord

Matt. 23:29-39

*"Het iemand uit die owerstes in Hom geglo, of uit die Fariseërs?"* (Joh. 7:48)

Die tempelpolisie, wat opgedra is om Jesus gevange te neem, kom by die Sanhedrin aan sonder Hom. Op die vraag: "Waarom het julle Hom nie gebring nie?" is hulle antwoord: "Nooit het 'n mens só gespreek soos hierdie mens nie." Hierop antwoord die Fariseërs: "Julle is tog nie ook mislei nie? Het iemand uit die owerstes in Hom geglo, of uit die Fariseërs? Maar hierdie skare wat die wet nie ken nie, is vervloek."

Hier het ons 'n merkwaardige reaksie van teoloë. Dit is opmerklik dat die Sadduseërs en ander leiers in die Raad swyg. Hulle laat die woord aan die Fariseërs. Die Fariseërs is die kenners van die wet. Hulle bestudeer die Skrif en is die erkende godsdienstige leiers van die volk. In hulle is die leiers van die offisiële kerk aan die woord. Hulle behoort "woord teen woord" te stel. Jesus se woorde het só 'n indruk op die dienaars gemaak, dat hulle nie in staat was om Hom te arresteer nie. Dit is voor-die-hand-liggend dat die Skrifgeleerdes hulle nou met 'n Skrifwoord sou antwoord. Hulle doen dit egter nie, omdat hulle duidelik in verleentheid is. Daarom raak hulle persoonlik. Julle is mislei. Die skare – eintlik beteken dit hier: die volk van die land; by ons sou hulle sê die "backvelders" – ken die wet nie en is vervloek. Dat hulle mislei word, is begryplik. "Het iemand uit die owerstes in Hom geglo, of uit die Fariseërs?"

'n Mens dink onwillekeurig aan die leiers en teoloë in ons tyd. Die leiers in die Wêreldraad van Kerke, sê dat hulle praat namens miljoene Christene. En dan verkondig hulle die evangelie van rewolusie en geweld. Hulle heul met kommuniste, terwyl eenvoudige gelowiges onverhoord veroordeel word. In die eerste plek is die vraag of die mense werklik praat namens miljoene Christene. Hulle kerke loop leeg. Hulle prediking van sosiale rewolusie vind wel byval by linkse agitators en terroriste, wat van God en sy gebod niks weet nie. Die eenvoudige kerkvolk word miskien wel mislei, maar die ware gelowiges hoor by hulle niks van die ware evangelie van Jesus Christus as die Gekruisigde nie.

Dit is tipies van die mens in verleentheid met die waarheid van die evangelie, dat hy hom beroep op mense van invloed en gesag. Mense van aansien in godsdienstige kringe en wetenskaplikes en politieke leiers is hulle norm en nie die norme wat Jesus Christus in sy Woord gestel het nie. In werklikheid probeer hulle om hulle eie swakheid te bedek, omdat hulle nie waarlik bereid is om Jesus se woorde aan die Bybel te toets nie.

En dan skroom hulle nie om 'n oordeel – selfs 'n vloek – uit te spreek oor die volk wat Jesus as die Messias sien en bely nie. Hier moet ons waaksaam wees. Daar is baie strominge in ons tyd wat ten regte of ten onregte in die Naam van Jesus aangebied word. Hy word voor die karretjie van baie dwaalgeeste gespan. Ons mag hulle nie veroordeel nie, maar moet hulle teregwys met die Woord van die Here in die hand. Dit is ons enigste norm: die Waarheid van Gods Woord. As die Fariseërs tog maar die Woord biddend ondersoek het! Dan kon ook hulle die verlossing in Christus leer ken en ontvang het.

## 23 Nikodémus na vore

Joh. 3:1-12

*"Nikodémus sê vir hulle: Oordeel ons wet die mens sonder om hom eers te hoor en te weet wat hy doen?"* (Joh. 7:50)

Die Joodse Raad vergader. Daar is beroering in die Raad. Die oorsaak daarvan is Jesus van Nasaret. Om bepaalde redes was Jesus vir hulle meer as 'n aanstoot. Hy was 'n gehate en gevaarlike vyand. Hulle gesag en aansien is in gevaar. Daarom besluit hulle om Hom gevange te neem. Die poging misluk egter, want hier kom die polisie rapporteer dat hulle Hom nie kon arresteer nie. Hulle kon dit nie regkry nie, omdat sy prediking hulle gevange geneem het. Die Raadslede is woedend. Verbeel jou dat selfs ons polisiedienaars só mislei word dat hulle hul bevele nie uitvoer nie!

Dan kom aan die lig dat daar iemand in die Raad self is, wat vir Jesus in die bresse tree. Dit is die Fariseër Nikodémus. Nikodémus het dit gewaag om Jesus self op te soek. Hy was wel bevrees vir sy aansien en bedug vir die gevaar dat sy posisie in die Raad in gedrang sou kom. Daarom het Hy Jesus alleen in die nag gaan sien. Hiervan lees ons in Johannes 3. Hy het in die nag gekom en in die nag verdwyn.

Nikodémus kon egter van Jesus nie loskom nie. Hy kon nie onder die sluier van die nag voortlewe nie. Die saadjie wat Jesus in sy hart geplant het, is besig om te ontkiem. Hy stel nou bloot 'n redelike vraag – dit is die soort vraag wat enige wetgeleerde in enige saak behoort te stel: "Oordeel ons wet die mens sonder om hom eers te hoor en te weet wat hy doen?"

Dit hoef hoegenaamd nie te beteken dat Nikodémus self vir Jesus as Messias kant kies nie. Sou daar egter nie in sy hart die begeerte geleef het, dat die Raad Jesus moes aanhoor nie? Sou hulle nie moontlik anders oordeel indien hulle Hom self gehoor het nie? Hy het Jesus gehoor en hy het iets van sy heerlikheid gesien. Hy is self deur Jesus deursien en by hom leef daar 'n weifelende geloof.

Sy vraag lei tot groter verwarring en verleentheid. Die Here het hom gebruik. Nikodémus self sou dit nie besef nie, maar hy was klaar 'n getuie van Christus. Hy het nie geswyg toe hy moes praat nie – al het hy maar net 'n tegniese regsvraag gestel. Hy het die moed gehad om sy oortuiging uit te spreek. Op die agtergrond hoor ons die stem van die Koning van die konings: "Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor weinig was jy getrou; oor veel sal ek jou aanstel."

Raadslede, owerhede en magte moenie bedug wees op eie voordeel nie, maar reg en geregtigheid doen.

Let 'n mens op die reaksie van die Raadslede, dan is dit duidelik dat Nikodémus hulle in hul gewete geraak het.

Hierdie Nikodémus word later deur Jesus se sterwe gedwing om na die volle lig te kom.

## 24 Werk terwyl dit dag is

Spr. 8:1-21

*"En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan..."* (Joh. 8:2)

Na die vorige stormagtige dag, toe die tempelpolisie Jesus gevange wou neem, het almal huiswaarts gegaan. Die Here Jesus self het by die Olyfberg oornag.

Vroeg die volgende môre, teen dagbreek, was Hy alweer in die tempel. Die fees is haas ten einde en die mense gaan dieselfde, of die volgende dag, reeds na hulle verskillende tuisdorpe. Die Here Jesus maak gebruik van die geleentheid om nog aan die feesgangers sy evangelie te preek. Sy uur was nog nie daar nie, maar Hy was wel bewus daarvan dat dit vinnig nader. Daarom maak Hy gebruik van die geleentheid. Dat Hy só vroeg al besig is om die mense te leer, getuig daarvan dat Hy dit as dringend beskou. Voor sy kruisdood moet soveel moontlik mense sy Woord hoor.

Hoeveel te meer beskou Hy dit as dringend om sy Woord te verkondig aan alle mense voor die uur van sy wederkoms. Die geleentheid is nog daar om die evangelie van genade aan die mense tuis te bring, maar het Hy eenmaal gekom, is dit vir ewig verby. En wie maar wil oplet hoor sy voetstappe. Hy is besig om te kom. Die wêreld word al haastiger, soos 'n reisiger wat sy tuiste op die gesigseinder sien. Hy het vér en lank gereis en die einde is in sig. Sy pas versnel, sy asem hyg – hy haas om tuis te kom. Hóór sy voetstappe en haas u om dit uit te roep in die wêreld: "Hier is julle God!"

Jesus was geen laatslaper nie. Hulle wat hulleself omrol in die bed en dink: nog 'n bietjie slaap; nog 'n bietjie sluimer, kom voor 'n toe deur te staan. Dink aan die dwase jong meisies wat geen ekstra olie in hulle kanne saamgeneem het nie. Middernag, toe die Bruidegom kom, gaan hulle lampe uit. Hulle kry wel nog êrens olie te koop, maar toe hulle by die bruilofsaal kom is die deur gesluit. Op hulle geklop en geroep en gesoebat, kom die onverbiddelike antwoord: "Ek ken julle nie .. ." Vir ewig te laat!

Jesus was vroeg in die tempel met sy Woord. Die merkwaardige verskynsel is dat die gehoor ook daar was. "En al die mense het na Hom gekom en Hy het gaan sit en hulle geleer." Die vorige dae was die mense verbaas oor sy groot kennis, hoewel Hy geen geleerdheid ontvang het nie. Sy gesag en insig het hulle aangegryp – só aangegryp dat hulle reeds vroeg in die môre daar was om tog nie iets van die kosbare leer mis te loop nie. Dit is asof die luisteraars ook besef dat hulle gebruik moet maak van die geleentheid om Hom te hoor. Hy het immers alreeds aan hulle gesê: "Nog 'n klein tydjie is Ek by julle... Julle sal My soek en nie vind nie..." (Joh. 7:33,34).

Maak gebruik van die tyd – die klein tydjie wat u nog op aarde sal wees. Onthou veral die een ding wat nodig is, is om te luister na die Woord van God. Weeg maar die uur in die kerk en die minute om die Bybel op teen die ure wat nutteloos deur ons vingers gly.

# 25 'n Valstrik

Luk. 11:43-54

*"En die Skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring."* (Joh. 8:3)

Oor hierdie gedeelte bestaan daar groot twyfel by geleerdes of dit oorspronklik tot die Evangelie van Johannes behoort het. By die oudste en mees betroubare manuskripte van die evangelie ontbreek dit. Dit is egter nog nooit verklaar hoe die verhaal van geskiedkundige aard, sommer só hier ingelas kon word deur een of ander oorskrywer nie. Die kerkvader Augustinus noem selfs 'n rede waarom die gedeelte uit baie ou manuskripte weggelaat is. Hy vertel dat sommige Christene bang was dat vroue hulle huweliksontrou hieruit sou kon verdedig. Selfs in ons tyd sou bepaalde "Christene" liewer nie wou lees dat Jesus vir 'n owerspeelster sê: "Ek veroordeel jou ook nie ..." Jesus is rustig besig om die volk te leer. Ineens kom daar 'n onderbreking. Daar kom 'n groep Fariseërs aan met 'n vrou wat in egbreuk betrap is. Of die vrou op las van die Sanhedrin gevange geneem is, word nie vertel nie. Sy was 'n getroude vrou en het klaarblyklik by die Loofhuttefees, met die samedromming van mense, die geleentheid gehad om 'n man, of selfs meer mans, te verlei.

Die Fariseërs was die vorige dag in groot verleentheid oor Jesus se prediking. Sy woorde het so 'n indruk gemaak dat die dienaars selfs nie daarin kon slaag om Hom gevange te neem nie. Hulle kan ook duidelik sien dat Hy meer en meer indruk maak op die volk. Hier is selfs nou nie sprake van wonders wat as tekens moes dien om sy heerlikheid te openbaar nie. Sy prediking as sodanig is genoeg. Die mense hang aan sy lippe – hulle drink sy woorde in. Dit stem die Fariseërs onrustig. Dit maak hulle selfs paniekerig. Hulle moes Hom op een of ander manier skuldig stel voor die wet of in sy eie woorde verstrik voor die menigte.

Daartoe dien hierdie "geval": 'n vrou op 'n daad van egbreuk betrap. Sy word as handige voorwendsel gebruik om as toetssaak voor Jesus te dien.

As hulle Hom tog maar met verligte oë gesien het, dan sou hulle haar ook na Hom toe gebring het, maar met ander motiewe! 'n Mens moet sondaars na Jesus toe bring. Sulke mense, wat deur hulle eie sondige begeertes voortgedryf word, kan gerus by Jesus uitkom. Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore was. Die merkwaardige verloop van hierdie geskiedenis is juis dat hierdie verlore mens deur die vyande van Jesus na Hom toe gesleep word, opdat sy gered kon word. Selfs op só 'n wyse trek die Vader mense na Jesus toe. Die Fariseërs met hulle duistere motiewe, was hier die instrument van die Vader om 'n verlore mens by die Verlosser te bring.

## 26 Moses ingespan

Lev. 20:10-18

*"Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?"* (Joh. 8:5)

Die Fariseërs kom hier met 'n vraag na die Here – 'n vraag waarin 'n redelike probleem aan Hom voorgelê word. "Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?"

Eerbiedig spreek die Fariseërs Hom aan as "Meester". Daarmee stel hulle Hom as leermeester gelyk aan hulleself. Al dadelik wek dit ons agterdog. Ons sou dit vleitaal kon noem. Hulle wil Hom in 'n strik lei en kom nou kwansuis eerbiedig om Hom te raadpleeg.

Die saak stel hulle duidelik aan die Here. Voor al die omstanders word die vrou se skandelike daad omslagtig en duidelik oopgevlek. Hy moet sy beslissing neem op grond van 'n duidelike saak. Sy is betrap op 'n daad van egbreuk. Die wet van Moses bepaal: "En as iemand owerspel doen met 'n man se vrou... moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word" (Lev. 20:10). Hieraan word Jesus ook noukeurig herinner en die naam van Moses word uitdruklik genoem.

Hier is die wet van Moses in geding. Dit gaan om die gesag van die Woord van God. Vir Jesus self was die Skrif die einde van alle teëspraak. Dit was vir Hom gesagvol. Wanneer Hy sê: "Daar is geskrywe..." het niemand daarteen enige verweer nie. Dit is waarvoor Hy nou gestel word.

'n Mens sien as 't ware die tinteling van afwagting in die oë van die Fariseërs. Nou is Hy in 'n hoek gedryf. Hy leer immers baie dinge wat, volgens hulle mening, in stryd met die wet van Moses is. Hulle verwag by voorbaat dat Hy die dinge anders sien en sy antwoord aan hulle die geleentheid sou gee om Hom vas te trek. Die skrywer sê dit ook: "En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig..."

Dit is duidelik: Dit gaan vir die Fariseërs hier nie om die waarheid van die Woord van God nie. Dit gaan ook nie om die nood van 'n gevalle sondaarmens nie. Dit is selfs nie 'n eerlike vraag om die onbevange mening van Jesus nie. Dit gaan bloot daarom: Jesus moet dood. Hy moet vasgetrek word... Gods Woord en die vrou is maar middele tot 'n bose doel. Só diep kan 'n mens in die naam van God en sy diens daal.

Kom ons toets eerlik ons eie regsinnigheid en sg. Bybelse standpunt in ons optrede aan hierdie Fariseërs. Mense wat Bybeltekste gebruik bloot om hulleself te beskerm en andere in verleentheid te stel, moet liewer hulle vuil hande van die Bybel afhou.

## 27 In die Stof geskryf

Jer. 17:12-18

"... *maar Jesus het neergebuk en met sy vinger op die grond geskrywe."* (Joh. 8:6)

Jesus se trou aan die wet van Moses word deur die Fariseërs op die proef gestel. Hier staan hulle by Hom. Tussen hulle staan 'n vrou met neergeslane oë. Sy is op 'n daad van egbreuk betrap. Moses het beveel dat sulke vroue gestenig word. "Wat is U mening, Meester?" Dit is hoe die situasie daar uitwendig uitsien. Dit is 'n duidelike saak waarin 'n duidelik antwoord verwag word.

En dan tree Jesus vreemd op. Hy buk neer en begin met sy vinger op die grond skrywe. Waarom buk Hy neer? Miskien sou Hy graag wou wegloop, maar die menigte rondom Hom verhinder Hom om dit te doen. Die Fariseërs en die volk sou waarskynlik aflei dat Hy nou in verleentheid is. Hy is in 'n hoek. Hy wil nie antwoord nie.

Wat het Hy op die grond geskrywe? Graag sou 'n mens dit wil weet. Sommige verklaarders meen dat Hy iets geskryf het wat alleen die Fariseërs kon lees. Hulle het immers naby Hom gestaan. Sou dit dan in verband staan met wat Hy later aan hulle gesê het? Dit word in elk geval nie aan ons gesê wat Hy geskryf het of dat die Fariseërs dit kon lees nie. Dit wat Hy geskryf het, was nie bedoel vir ons of vir die skare nie...

En tog moes die daad van Jesus om neer te buk en op die grond te skrywe, iets aan die Fariseërs sê. Hy het daarmee wel iets sinryks bedoel. Hy sal as regter uitspraak moet lewer en 'n regter spreek nie alleen sy vonnis uit nie, hy skryf dit ook neer. Toe die Fariseërs aandring dat Hy Hom moes uitspreek, kon hulle selfs ook in gedagte hê dat Hy moes sê wat Hy geskryf het...

Sy handeling hou egter vir die Fariseërs 'n tweërlei waarskuwing in. Eerstens kan die oordeel die aanklaers tref. In Sag. 3 lees ons hoe die Here die Satan, wat Josua, die hoëpriester aangekla het, bestraf en vir Josua vryspreek. Dit kan só maklik ook hier gebeur. Eintlik is dit vir elke aanklaer 'n waagstuk om mense by God aan te kla. Die oordeel kan homself tref. God laat Hom nie bespot nie.

Nog ernstiger is dit indien Jesus nou optree ooreenkomstig Jer. 17:13: .....wie van My afwyk, sal op die aarde geskryf word."

Hulle name word op die aarde geskryf en deur mensevoete vertrap of deur die wind toegewaai en... hulle is vir ewig vergete. Hulle gedagtenis is voor God uitgewis.

So sal dit wees met elke huigelaar, al beklee hy ook al watter ereposisie in die kerk of die samelewing. Sy naam sterf saam met hom en sy plek sal in die ewige heerlikheid ook nie gevind word nie.

## 28 Gewete geraak

Hand. 24:22-27

*"Laat die één van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi."* (Joh. 8:7)

Die Fariseërs met hulle vraag oor die vrou wat in egbreuk betrap *is,* laat die Here neerbuk en op die grond skrywe. Hulle hou egter aan om te vra: "Moses sê dat só 'n vrou gestenig moet word; maar U, wat sê U?" Eindelik rig Jesus Hom op en sê hardop, sodat almal dit kan hoor: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi."

Vir Jesus gaan dit nie om 'n akademiese vraag nie. Dit gaan om 'n mens in sondenood. Selfs die Fariseërs hoor in hierdie beskamende antwoord van Jesus, nog die evangelie. Ook hulle is mense met harte. Hulle het ook te kampe met hulle eie sondenood – al is dit van 'n ander aard as die van die vrou. Jesus ruk die sluier weg wat hulle oë bedek om hulleself duidelik te sien. Hy toon daarmee dat Hy ook weet waarom dit by hulle gaan. Hulle kom en sleep die vrou na Hom toe, met bose bedoelinge in hulle eie innerlike. Hulle wou Hom versoek en tot struikeling bring. Afgesien daarvan dat hulle in die algemeen sondig is, is hulle opset in hierdie saak deur en deur boos.

Daarop buk die Here weer neer en skryf met sy vinger op die grond.

Die Fariseërs is in hulle harte getref. "En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe..." Hulle harte is geraak. Hulle gewete bestraf hulleself. Dit sê oneindig baie vir 'n Fariseër. Dit is alleen God se genade wat 'n mens waarlik daartoe bring om jou eie sondigheid raak te sien.

Dit is egter om oor te ween. Hierdie manne wat deur hulle eie gewete bestraf word, kom nie op die knieë nie. Hulle maak die rug styf en met maskeragtige gesigte beweeg hulle een-een weg van Jesus af... Weg van Jesus af... En dit met harte wat geraak is. Mense wat hulle eie verdorwenheid – al was dit net hierdie een keer – raakgesien het, gaan weg... Die geleentheid – die geleentheid van hulle lewe – gaan verby. Hulle verdwyn een-een om die draai in die suilegange... Weg is hulle... Kerkmense kom tot sondebesef. Leiers van die kerk staan by die fontein van sondevergewing. Hulle het egter die sonde meer lief as die vergewing. As hulle tog maar gebly het!

Só staan baie mense by die kruispunt. Goewerneur Felix sit jare later en luister na die gevangene Paulus... Paulus vertel Hom van Jesus Christus ... Hy praat van selfbeheersing en geregtigheid en oordeel. Skrik omklem die hart van die trotse Romein. Hy is in sy gewete geraak, maar dan stuur hy Paulus weg: "Gaan vir hierdie keer heen..." So gaan die kans van sy lewe verby... Só was dit ook met die Fariseërs en hoeveel andere?

## 29 Verlos en nie Verlore

Sag. 3

*"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie."* (Joh. 8:11)

Die mens tot wie die Here die woorde rig, is na Hom toe gebring deur die Fariseërs. Sy het owerspel gepleeg. Volgens die wet van Moses verdien sy die doodstraf. Die Fariseërs wou Jesus in versoeking lei deur Hom uit te speel teen Moses. Eindelik sê hy: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." Hy tref hulle in hulle gewete. Nie een het die durf om 'n klip op te tel nie. Hulle gaan een-een weg en die vrou bly alleen agter.

Jesus buk intussen neer en skrywe weer op die grond. Hy gee doelbewus aan die vrou die skoonste geleentheid om ook weg te sluip. Haar skande is voor die menigte blootgelê. Waarom vlug sy nie haastig noudat die Fariseërs, wat haar gevange geneem het, weg is nie? Waarom bly sy staan met haar skaamte en haar verleentheid? Haar beweegredes word nie aan ons vertel nie. Ons weet egter dat sy bly staan het tot haar saligheid. Sy kon nie wegkom nie, omdat God haar hier gebring het en haar vasgegryp het. 'n Onsigbare hand hou haar vas. Sy kan nie wegkom van Jesus af nie.

Hy sê vir haar: "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?" Sy antwoord: "Niemand nie, Here."

Dit is opmerklik dat die vrou Jesus aanspreek as: "Here." Daar het tog iets tot haar deurgedring. Moontlik onbewus hou sy aan Hom vas. Sy het immers ook gewag dat Hy nog iets vir haar moes sê... Sy kon nie sommer wegloop nie... Hy is vir haar: "Here."

Daarop kom die verlossingswoord van Jesus: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." Hoe kan 'n verlore sondares op Jesus se weg kom, sonder dat sy vryspraak ontvang? Sy is verlos van die oordeel wat op haar rus as owerspeelster. Só behou die Verlosser van die wêreld sy eiendom.

Maar dit kan daarby nie bly nie. 'n Mens word verlos om te dien. Daarom: "gaan heen en sondig nie meer nie." Sonde bly sonde en Jesus is die laaste een wat sonde sou goedpraat. Hy het nie verniet die helse smarte gedra om ons van sonde te verlos nie. En 'n verloste sondig nie goedkoop nie. Op verlossing volg bekering. Dit kos stryd en inspanning en volharding teen ons doodsvyande .. .

Salig is elkeen wat die verlossingswoord gehoor het: "Ek veroordeel jou nie . .. Gaan heen en sondig nie meer nie."

# 30 Die Lig van die Wêreld

Joh. 1:1-14

*"Ek is die lig van die wêreld."* (Joh. 8:12)

Jesus is nog by die Loofhuttefees. Volgens voorskrif van die Talmud moes daar elke aand in die voorhof van die vroue helder ligte aangesteek word. Dit is genoem "die vreugde van die fees". Dit word verklaar as die Jode se hoop en verwagting op die koms van die Messias, wanneer die vreugde oor die hele aarde sal weerklink. Só het ou Simeon in die tempel die Kindjie Jesus in sy arms geneem en gesê: "Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het, wat u berei het voor die oë van al die volke – 'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel" (Luk. 2).

Wanneer Jesus Homself die lig van die wêreld noem, dink 'n mens ook aan die lig wat op die eerste skeppingsdag geskape is. "En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed... En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig."

Sonder lig sou geen lewende wese op aarde kon bestaan nie. Die aarde sou koud en dood – of woes en leeg – gebly het... God gee egter lig om die natuurlike lewe in aansyn te kon roep en in stand te kon hou. Uiteindelik is die son die bron van die voortbestaan van alle lewe op aarde. God het die son geskape nie alleen om te heers oor die dag nie, maar om alles wat lewe van energie te voorsien. Die son is die lig van die aarde. Daarsonder sou geen mens of dier, of selfs die allerkleinste plantjie, kon bestaan nie.

"Ek is die lig van die wêreld..." sê Jesus. Hoor u dit! Hy sê nie: "Ek is die lig van die Jode" of "Ek is die lig van die Christene" nie, maar "Ek is die lig van die wêreld". Die Here Jesus se blik is alomvattend. Hy sien die hele wêreld – almal sit in duisternis en skaduwee van die dood ... Sy genade en die liefde van sy hart gaan uit tot die hele wêreld. Ons beperkinge en menslike grense geld nie vir Hom nie. Kerklike en volksgrense verdwyn voor sy alsiende oog. Hy het gekom om die wêreld te verlos. Dit beteken vir ons dat ons nie alleen na die Lig van die wêreld moet kom nie, maar die wêreld – elkeen wat ons enigsins kan bereik – binne die ligkring betrek.

"Ek is die Lig van die wêreld..." sê Jesus. Daarmee verklaar Hy dat Hy die enigste Bron van die ware lig is. Buite Hom is allerweë alleen die stikduister van die nag van sondeverlorenheid. Daar is nie buite Hom nog 'n Mohammedaanse lig en 'n Boeddhistiese lig en 'n Hinduïstiese lig wat almal maar ewe goed is nie. Buite Hom is alles nag – ook die verligte mense van die verligte eeu sit buite Christus in duisternis en skaduwee van die dood.

Indien die son aan die hemel sou ophou om te skyn, dan sou ons aardetjie met alle lewe daarop wegsink in 'n ewige nag. Net so seker sink die mensdom weg in die nag van die ewige dood, sonder Christus.

# Mei

## 1 Lig en Duisternis

Ex. 14:19-31

*"Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."* (Joh. 8:12)

"Ek is die lig van die wêreld ..." het Jesus pas gesê.

Ons dink aan die geskiedenis van die volk Israel. Die volk trek uit Egipteland – verlos uit die slawehuis. Bokant hulle verskyn 'n wolkkolom wat voor hulle uittrek. Toe dit donker word, skyn daar lig uit *die* wolkkolom en hulle trek in die nag in die helder lig. Solank hulle die verligte wolkkolom volg, wandel hulle nie in duisternis nie, maar in die lig. Sou die volk egter 'n ander koers wou volg as wat die wolkkolom aanwys, dan sou hulle in die duisternis moes trek.

"Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie..." "Wie My volg" beteken bloot "wie in My glo..." Om die Here Jesus te volg, beteken om volgens sy wil te lewe. Jy word sy dissipel wat by Hom aansluit en by Hom bly en luister na sy stem en doen wat Hy vra. Gaan 'n mens agter Hom aan beteken dit dat jy jouself verloën, jou kruis opneem en Hom volg. Hiervoor deins mense terug. Die eise van Christus is vir hulle te swaar. 'n Mens dink maar weer aan Israel wat uit Egipteland verlos is. Hulle het sommer binne 'n klein rukkie begin murmureer en terugverlang na die vleispotte van Egipte. Al beteken sonde slawerny, is dit dikwels aanloklik en bekoorlik en die diens van die Here is soms soos 'n sware worstelpad deur die woestyn.

En tog is daar die groot verskil. Die lewe in sonde, al geniet mense dit in hulle dwaasheid, is 'n lewe in duisternis. Dit is 'n regte naglewe. Uiteindelik beteken dit die ewige nag in die buitenste duisternis. Toe Israel uit Egipte trek, lei die wolkkolom hulle nie reguit na die beloofde land nie, maar op pad na die Rooi See. Farao besluit om hulle agterna te jaag met sy leërmag. Voor Israel is die see; agter hulle kom die aanstormende Egiptenaars en – die nag is op hande. Die Ligtende Vuurkolom skuif egter tussen hulle en die Egiptenaars in. Hulle pad is helder verlig. Die Egiptenaars is in stikdonker. Hulle pad word gebaan deur die Rooi See. Die Egiptenaars verdrink in dieselfde see.

Die weg agter Jesus aan beteken selfverloëning en dikwels skande en smaad en vernedering en selfs 'n marteldood. Dit is egter 'n pad in die lig. Sulke mense het die lig van die lewe. Hulle deel in die ware lewe, wat Jesus vir hulle verwerf het. Die lewe kan hulle nooit verloor nie. Die lig behou hulle tot in alle ewigheid. Selfs die doodsdal, diep en donker, word vir hulle soos die verligte pad van Israel deur die Rooi See. Hulle verdrink nie in die dood nie, maar dit is alleen die afsterwing van die sonde en die deurgang tot die ewige heerlikheid.

Buite Christus mag mense hulle tyd verwyl onder die skynligte van die moderne naglewe. Hulle mag hulle verlustig in drank en die uitlewing van hulle drifte. Dit is en bly 'n hopelose naglewe. Bid vir die mense! Wys aan hulle deur u ligtende voorbeeld en u dringende prediking die weg na die lig!

## 2 Selfgetuienis van Jesus

Jes. 45:9-16

*"U getuig van Uself; U getuienis is nie waar nie."* (Joh. 8:13)

Hier raak die Fariseërs in hulle aanval op Jesus 'n saak aan, wat vir ons ook van besondere belang is. Dit is die selfgetuienis van Christus. Hy verklaar herhaaldelik: "Ek is..." Só het Hy pas verklaar: "Ek is die lig van die wêreld." Hy getuig van Homself.

Die Fariseërs soek objektiewe bewyse buite Homself dat sy getuienis waar is. Anders aanvaar hulle dit nie. Dit wil egter nie sê dat sy selfgetuienis nie waar is nie. Hy antwoord dan ook op die aanklag: "Al getuig Ek ook van Mysélf, my getuienis is waar, omdat Ek weet vanwaar Ek gekom het en waarheen Ek gaan."

Die praktiese probleem waarvoor ons hier staan, kan ek soos volg verduidelik. Ek besoek bv. 'n jong man wat geloofsprobleme het. Ek sê vir hom dat waar ek hom in die Naam van die Here opsoek en met sy Woord na hom toe kom, hy al 'n bewys het dat die Here hom soek en nie loslaat nie. Sy antwoord is: "Hoe kan ek dit verifieer?" Hy wil dit bewys hê – objektief – afgesien van my getuienis en die getuienis van die Woord van God. Dit gee die Here egter nie. Verwerp ons sy selfgetuienis, dan openbaar ons bloot dat ons nie glo nie. Aanvaar ons sy selfgetuienis, dan is dit vir ons 'n bewys van sy waaragtigheid. Ons glo in Hom en neem Hom op sy woord. "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11:1).

Daarom sê Hy later vir die Jode: "Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie." Daarom gaan dit per slot van sake. Die gelowige het baie bewyse: Hy het die Woord van God, hy het die skepping en onderhouding van alle dinge waaruit die ewige krag en Goddelikheid van die Here skyn... Die gelowige het ook die getuienis van die Heilige Gees ... In sy ganse lewe – in talle kleinighede – sien Hy die hand van die Here. Hy ervaar die rus van die sondevergewing en besit in beginsel die vreugde van die ewige lewe. Om dit alles egter te kan sien, moet hy eers glo.

Daarom is die selfgetuienis van Jesus vir ons geen struikelblok nie. Ons weet immers dat ons God nooit sou ken as Hy Hom nie aan ons geopenbaar het nie. Dit is sy selfgetuienis. Ons verwyt Hom egter nie daaroor dat Hy nie kom met sg. objektiewe bewyse wat ons met ons sintuie kan beoordeel nie. Nee, ons dank Hom dat Hy ons die geloof gegee het – dit is immers 'n gawe van God – en dat ons Hom daarom ken en kan aanbid. Wat 'n onuitspreeklike genade! En dan beleef ons dit ook dat Hy wel spreek en wonders doen in ons lewe.

As die lig van die wêreld kan en moet Hy van Homself getuig. Anders sou ons Hom nie ken nie.

# 3 Verduisterde Oordeel

Matt. 11:20-30

*"Julle oordeel volgens die vlees."* (Joh. 8:15)

'n Mens staan elke dag voor die probleem dat jy iemand of 'n saak of 'n toestand moet beoordeel. Jy moet besluite neem op grond van jou oordeel. Dit mag van groot belang wees vir jou en vir jou medemens, tot watter beslissing jy kom. As 'n mens 'n betroubare maatstaf het, waarvolgens jy kan oordeel, is dit nie moeilik nie. Die moeilikheid is egter onoorkomelik wanneer jou maatstaf onbetroubaar is.

En waar 'n mens staan voor Christus, hoe gaan jy beoordeel of sy getuienis aangaande Homself waar is? Watter maatstaf kan jy aanlê? Die Jode, en alle mense se maatstaf is vleeslik. "Julle oordeel volgens die vlees", sê Jesus. Dit beteken in die eerste plek dat hulle skepsele is. Alreeds daarom is hulle beperk in hulle verstand en insig en vermoëns. Christus, daarenteen, is God uit God. Hy weet vanwaar Hy gekom het en waarheen Hy gaan. Hy kom van die Vader en Hy gaan langs die weg van vernedering en kruis en dood en graf en opstanding weer terug na die heerlikheid, wat Hy by sy Vader gehad het voor die grondlegging van die wêreld.

'n Blote skepsel kan sy waaragtigheid nie beoordeel nie – al het hy ook al 'n byna bomenslike verstand. 'n Mens kan, wanneer jy met God te doene het, bloot by spekulasies bly. Jy het geen onfeilbare maatstaf om te beoordeel nie.

"Julle oordeel volgens die vlees" beteken nog daarby dat die Jode en ons en alle mense sondaars is. Die woord "vlees" word hier in die bepaalde betekenis gebruik. Dit maak die maatstaf wat ons sou hê nog slegter – nog baie meer onbetroubaar. Sonde maak 'n mens dom en blind en kortsigtig en selfsugtig. Jy beoordeel alles volgens jou eie selfsugtige motiewe en insigte. Die sondaarmens is hardkoppig eie-wys – hy laat hom nie oortuig nie.

Indien 'n mens Jesus nie op sy woord neem nie, sal jy vir altyd buite in die donker bly. Dit is die donker van sondenood en onkunde. Die geheim is en bly maar altyd: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, só was dit u welbehae..." (Matt. 11). Die "wyse en verstandige mens" is die eiewyse mens wat God en sy Woord met sy menslike maatstaf – of "volgens die vlees" – wil beoordeel. Hoe dom en vermetel is die mens tog...

Geseënd is die kindertjies wat sy getuienis in volle oorgawe en vertroue ontvang. Hulle wat hulle laat leer deur hulle hemelse Vader, is salig.

# 4 Ongeloof

Ps. 42

*"Waar is u Vader?"* (Joh. 8:19)

Hier het ons die kenmerkende vraag van 'n ongelowige mens. "Waar is u Vader?" Ons ken dit in die vraag: "Waar is jou God? Wys Hom vir my en ek sal glo!" In Ps. 42 klae die digter alreeds: "Met 'n doodsteek in my gebeente smaad my teëstanders my as hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?" Uit die vraag spreek die felste vyandskap. Veral wanneer die gelowige in groot stryd en diepe aanvegtinge is, kom die Satan dikwels by monde van vyandige mense tot só 'n mens: "Waar is jou God? Jou God op wie jy hoop!"

Jesus beroep Hom op sy Vader wat Hom gestuur het. Hulle verwerp sy getuienis van Homself. Nou verwerp hulle ook die getuienis van sy Vader. Dit is nie vreemd nie. Die Jode het vroeër die getuienis van die profete, wat God gestuur het, ook verwerp. Dit is die krag van die ongeloof wat die Goddelike openbaring verwerp. "Waar is u Vader? Ons merk niks van Hom nie. Ons weet van geen getuienis van u Vader aangaande U nie."

As hulle tog maar gevra het: "Wie is u Vader!" Dan was die moontlikheid nog daar dat die Vader aangaande Hom kon getuig. Dan kon Hy die heilige Woord van God laat spreek het. Hulle weet egter goed wie Jesus sy Vader noem. Vandaar hierdie veragtelike vraag. Die vraag is des te erger omdat Jesus nou al só dikwels en by herhaling vertel het van sy verhouding met sy Vader. Dit alles het by hulle verbygegaan omdat hulle nie wou hoor nie.

Ons moet onthou dat ons hier te doene het met kerklike leiers. Dit maak die saak vir ons só dringend en ernstig. Kerkmense loop ook dikwels met 'n vooringenome standpunt. Hulle laat hulle nie oortuig nie – selfs nie deur die getuienis van Jesus Christus en sy Vader nie. Dit kos groot genade om waarlik te buig voor die getuienis van Christus – veral wanneer 'n mens vasgegroei is aan 'n bepaalde vorm-godsdiens.

Jesus se antwoord? Hy is nie verslae nie. Hy sê alleen aan hulle waarom hulle die getuienis van sy Vader verwerp. "Julle ken My nie en ook nie my Vader nie; as julle My geken het, sou julle ook my Vader geken het." En daarmee is die gesprek afgesluit. Hulle kokende vyandskap blyk daaruit dat ons lees: "En niemand het Hom gevange geneem nie, omdat sy uur nog nie gekom het nie." Hoe graag sou hulle 'n einde aan sy lewe wou maak! Hulle was egter magteloos teen die raad van God.

Dit is ook die genade aan ons. Sy getuies is in die hand van hulle Meester. Ook ons tye is in sy hande. Al ken ons vyande Hom nie – ons ken Hom, omdat Hy ons as brandhoute uit die vuur geruk het. Al smaad hulle ons met 'n doodsteek in die gebeente met die vraag: "Waar is jou God?" weet ons dat niemand ons uit sy hand kan ruk en niks ons van sy liefde kan skei nie.

## 5 Soek te laat

Luk. 16:19-31

*"Ek gaan weg, en julle sal My soek en in julle sonde sterwe."* (Joh. 8:21)

Jesus begin opnuut om met die Jode te praat. Waar die vorige gesprek met die Joodse leiers alleen was, rig Hy Hom nou weer tot meer lede van die gewone volk.

"Ek gaan weg." Dit het Hy al vantevore gesê. Wat Hy bedoel begryp die Jode nie. Hyself doel op sy kruisdood. Dat Hy dan daarby voeg: "en julle sal My soek" klink egter vreemd. Die Jode sou immers weet dat Hy dood is. Waarom sal hulle dan na Hom soek? Die antwoord daarop is dat hulle in hulle sonde sal sterwe. Dit is ontsettend wanneer 'n mens die Verlosser van sondaars te laat soek en in jou sonde sterwe.

"Ek gaan weg." Die Joodse owerheid is steeds besig met hulle moordplanne. Hulle gaan verder daarmee. Jesus sê egter vir hulle en sy dissipels: "Moenie besorgd wees nie. Ek gaan weg." Hy gaan wél weg langs die weg van kruisdood en hellesmart. Hy gaan egter weg uit vrye wil. Dit is die weg wat Hy wil en moet gaan. Dit is sy Middelaarspad. Hy bly Koning ook in sy dood.

"En julle sal My soek..." Julle sal My graag by julle wil hê. Julle sal graag my woorde wil hoor, maar julle sal My nie vind nie. Hulle sou wel weet dat Hy gesterf het. Hulle sou egter in radeloosheid terugverlang na die tyd toe Hy nog by hulle was. Jesus sou hulle nie met rus laat nie. Hy is die fontein van die lewende water; Hy is die brood van die lewe; Hy is die lig van die wêreld; Hy is die weg en die waarheid en die lewe... Daarom sou hulle nie sonder Hom kan bly nie. Hulle sal Hom soek.

Dink aan die radeloosheid van die Joodse Raad na sy opstanding. Dink aan die kragtige prediking van sy apostels waarteen die Raad in woede uitbars. Hulle sou Hom soek om Hom weer te dood, maar dit is onmoontlik. Uiteindelik kom die dag waarop God Hom sou wreek op die Jode wat sy eniggebore Seun verwerp het. Die Romeinse generaal Titus het in die jaar 70 Jerusalem ingeneem en hulle het in hul sonde gesterwe...

"Julle sal in julle sonde sterwe." Dit is nie alleen die vooruitsig van die Jode nie. Dit is die deel van almal wat Hom verwerp. Verwerp Jesus en jy sterf in jou sonde. Glo in Hom en jy is verlos van jou sonde. Wanneer Hy sê: "julle sal My soek" hou dit iets van radeloosheid en wanhoop in... Dit is die vrugtelose soeke van die mens wat die tyd van genade laat verbygaan het.

Salig is die mens wat Hom soek terwyl Hy nog te vinde is en Hom aanroep terwyl Hy naby is. Selfs in hierdie lewe kan die tyd intree dat Hy sê: "Ek ken jou nie ..." God laat 'n mens uiteindelik los wat sy genade voortdurend verwerp. Die verharde mens loop op 'n donker afgrond aan. Hy soek om nooit te vind nie.

# 6 Ek is wat Ek is

Ex. 3:13-22

*"As julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in julle sonde sterwe."* (Joh. 8:24)

Hier het ons die hoogste selfopenbaring wat Jesus tot dusver van Homself gegee het. In die nuwe proefvertaling van die Evangelie van Johannes lees dit soos volg: "As julle nie glo *dat Ek is wat Ek is nie...*" Só gesien dink ons dadelik aan Ex. 3. Daar vra Moses na die Naam van die HERE. "En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS.

Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur." God sê aan Moses "EK IS het my na julle gestuur." "Jesus sê vir die Jode: "As julle nie glo dat EK IS nie, sal julle in julle sonde sterwe." Nou is dit nie meer: "Ek is die brood van die lewe ... Ek is die lig van die wêreld ... ens" nie. Nou is dit alleen: "EK IS .. ."

Hier ken Jesus aan Homself die onomskryfbare eienskap toe wat nie nader aangedui kan word nie: "EK IS..." en niks meer nie. Hy deel in die onbegryplike wese van God... Hy is God uit God en Lig uit Lig. Hier getuig Hy van Homself dat Hy die mees oorspronklike en onafhanklike Wese is wat is. Van Hom geld dieselfde wat Moses bely in Ps. 90: "Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God."

Glo in "EK IS" of sterwe in julle sonde. Doen dit omdat Hy in volle erns verklaar dat Hy een is met die Vader. Teenoor die Jode het Hy geen hoër openbaring van Homself gegee nie. Hier het ons die laaste prediking tot die Jode. Juis op hierdie punt kom die krisis – die uiteindelike breuk tussen Hom en die Jode. Hulle sterwe in hulle sonde omdat hulle Hom verwerp.

Hier openbaar Jesus die diepste grond waarom 'n mens in Hom moet glo. Geloof is alleen geloof as dit gerig is op God. Geloof wat nie gerig is op die God van die Skrifte nie, beteken vir ons niks nie. Abraham het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. 'n Mens mag nie glo in jouself nie – jy mag selfs nie in jou geloof glo nie – jy moet alleen in God glo.

Wanneer God Homself in Ex. 3 openbaar as "EK IS WAT EK IS", wil dit in besonder aan Moses en sy volk tuisbring dat Hy die God van die genadeverbond is. Hy het sy volk lief – sy verdrukte volk in die slawehuis van Egipte ... En wanneer Jesus Homself "EK IS" noem, sê dit aan ons dieselfde. In Hom het ons die hoogste openbaring van God as die God van die liefde. Die sondaarsliefde sien ons in sy lyding aan die kruis.

Die selfopenbaring van Jesus as God is vir ons van die allergrootste belang. Daarby staan en val ons verlossing. Daarom is die Getuies van Jehowa, wat dit verwerp, só gevaarlik.

## 7 Woord tot 'n Oordeel

Jes. 6

*"Toe sê hulle vir Hom: Wie is U?"* (Joh. 8:25)

Jesus het Homself so pas genoem: "EK IS..." Sien ons op die voorgrond die Joodse leiers, die Skrifgeleerdes en Fariseërs, dan weet hulle wat Hy bedoel het. Hulle ken die Bybel. Hulle weet waarna Hy met sy uitspraak verwys het. Hulle besef dat Hy nou verklaar het dat Hy eenswesens met die Vader is. Hy is "EK IS" omdat Hy God is, God het aan Moses gesê: "EK IS."

Wanneer hulle nou vra: "Wie is U?", beteken dit eintlik: "Wie dink u dat U is? Watter reg het U om U aan God gelyk te stel?" In die vraag is iets veragteliks opgesluit. Wat verbeel hierdie Jesus van Nasaret Hom miskien dat Hy Homself aan God gelykstel? Dit maak nie meer indruk op hulle nie.

Jesus se antwoord is ontsettend. "Net dit wat Ek vir julle sê." Ons meen dat die nuwe proefvertaling sy bedoeling beter weergee: "Waarom praat Ek eintlik nog met julle?" Oor die vertolking van hierdie uitspraak het deur die eeue heen groot verskil van mening bestaan. Ons nuwe proefvertaling stel hom op die standpunt wat die ou Griekse kerkvaders alreeds ingeneem het. Dit kom daarop neer: "Dat Ek selfs nog met julle praat, is 'n wonder van genade. Dit sou 'n mens selfs nie meer gedoen het nie. Verwonder julle daaroor."

Dink 'n mens aan ons tyd van toenemende ongeloof, dan kry hierdie uitspraak ook vir ons 'n besondere betekenis. Kerklike leiers preek selfs dat God dood is. Die miljoene keer spottend die rug op Hom. Spotliedjies en lasterlike operas word oor Hom gemaak. Kunstenaars hou die gruwelikste spotbeelde van Hom aan ons voor in beeldhouwerke en skilderye. Skrywers en digters doop letterlik hulle pen in die gal wanneer hulle Hom in die oog het. Hulle maak geen geheim daarvan dat Hy bespotlik en veragtelik is nie.

En tog praat Hy nog met hulle. Sy Woord swyg nog nie. As die verloregaande mensdom hulle tog maar daaroor verwonder!

Maar dan vind ons hier 'n oorgang in sy prediking. "Ek het baie dinge om van julle te sê en julle te oordeel..." Hy praat nog, maar Hy praat eintlik nie meer *met* hulle nie. Hy praat *van* hulle. Hy vertel eintlik nog maar net vir sy dissipels en sy kerk hoe boos sy teëstanders is. Vir hulle is sy woorde nie meer genadeprediking nie, maar oordeelsprediking.

Vreeslik is dit wanneer die Lam van God nie meer met ons praat nie! Hy swyg nie en Hy sal ook nie swyg nie. Tot die voleinding van die wêreld sal Hy praat. Vir vele is sy prediking egter nie meer 'n genadewoord nie, maar 'n oordeelswoord (Ps. 2).

# 8 Jesus Verhoog

Ps. 110

*"Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp dat Ek is wat Ek is."* (Joh. 8:38 Nuwe Proefvertaling)

Waarop sien hierdie uitspraak van Jesus? Beteken dit dat die Jode Hom aan die kruis sal ophang en so "verhoog"? Dan hang Hy bokant die hoofde van die omstanders wat na Hom moet opkyk. Dit was in elk geval hulle bydrae tot sy verhoging, al was dit vir Hom sy allerdiepste vernedering, toe Hy die helse smarte moes dra. Ons glo van hierdie gebeurtenis dat Hy neergedaal het na die hel. Tog was Hy alreeds aan die kruis op sy weg van oorwinning. Sy uur het gekom en aanstonds verrys Hy uit die graf. Na sy opstanding en hemelvaart, wat sy eintlike verhoging is, kom die Jode te staan teen sy heerlike regering vanuit die hemel. Hulle begryp iets van sy mag en heerlikheid wanneer sy apostels wonders en tekens doen en onbevrees sy Evangelie verkondig. Hulle is selfs bereid om vir Hom te sterwe. En in sy kruisiging het die Jode hieraan meegewerk. Hulle het Hom verhoog.

Só gesien word sy verhoging voortgesit in die wêreld deur sy vyande. Sy heerlikheid word openbaar in mense. Selfs sy haters sien, in martelare en getuies wat getrou is, sy heerlikheid op aarde. Sy vervolgers dra by tot sy verhoging. Só is daar agter die kommunistiese ystergordyn nog miljoene wat getrou bly, ondanks die felste antichristelike propaganda van die afgelope vyftig jaar en selfs ondanks wreedaardige en bloedige vervolging (Luk. 2:34).

Dit sal vanselfsprekend steeds erger word. Dit sê die Here immers self. In die vuur en onder die grootste druk bly die wonder voortbestaan dat mense in Christus glo en aan Hom vashou en bereid is om vir Hom te sterwe. Selfs die mees verblinde vyande van Jesus begryp daar iets van dat hulle hier nie bloot met 'n menslike verskynsel te doene het nie. Hier is Hy wat Homself noem "EK IS WAT EK IS" werksaam. Soms breek dit selfs tot hulle verblinde besef deur: dit kan alleen die bonatuurlike hand van God wees. So is sy vyande nog steeds besig om Hom te verhoog, selfs in die vernedering van sy volgelinge.

Uiteindelik sal hulle, sy haters, egter ten volle sien Wie Hy is. Hy kom op die wolke van die hemel, beklee met majesteit en heerlikheid. Dan sal elke knie voor Hom buig. Dan sal hulle eers waarlik begryp dat Hy Homself nie verniet "EK IS" genoem het nie. By sy haters sal die volle begrip deurdring: "Dit is Hy! ons wou Hom verneder, maar het Hom in werklikheid verhoog." Die erkenning is dan egter te laat...

Hoe anders word Hy verhoog in hulle wat nederig voor Hom buig? Hulle bely: "Ons het u Naam ontheilig en vanweë ons sondes is u verneder tot in die diepte van die hel. Ons verhoog U omdat ons minder moet word en U meer. Ons leef nie meer nie, maar U leef in ons."

# 9 Oordeelsprediking Bring ook tot Geloof

Luk. 2:25-35

*"Toe Hy dit gesê het, het baie in Hom geglo."* (Joh. 8:30)

Jesus het in die voorafgaande woorde min of meer afskeid geneem van die Joodse leiers. Op die wyse sou Hy nie meer tot die Jode preek nie. Hy het aan hulle die hoogste openbaring van Homself as "EK IS WAT EK IS" gegee. Hy preek nie meer tot hulle nie, maar van hulle. Voortaan is sy prediking vir hulle nie meer tot redding nie, maar tot 'n oordeel. Hulle hoor wel wat Hy van hulle sê, maar hulle sal in hulle sonde sterwe, omdat hulle Hom verwerp het.

En tog lees ons dat juis as gevolg van hierdie dinge wat Hy gesê het, baie in Hom geglo het. Wat die Joodse leiers en heel waarskynlik die meeste Jode, te laat sou begryp, het andere alreeds ingesien. Hulle het geglo in Hom wat sê: "EK IS WAT EK IS." Sy heerlikheid het tot hulle gespreek deur sy woorde. Vir hulle was dit die woorde van die ewige lewe.

Die ou Simeon het, by sy besnydenis in die tempel, die kindjie Jesus in sy arms geneem en vir sy moeder gesê: "Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word" – (Luk. 2).

Hier sien ons dit. Daar is baie wat val. Hulle struikel oor Hom. Hulle verwerp Hom en haat Hom met 'n verbete haat. Andere staan op. Hulle staan op uit die dood van sonde en misdade, omdat hulle in Hom glo. En die merkwaardige verskynsel is dat juis die woorde van Hom, wat sommige in blinde woede die vuiste laat bal, andere tot die belydenis van hulle geloof in Hom bring. Selfs toe Hy as 't ware sy prediking tot die Jode afsluit en maar net vertel dat hulle verblind in hulle sonde sal sterwe, kom daar nog mense tot bekering en geloof. Toe Hy hulle oënskynlik loslaat, laat hulle Hom nie los nie. Hulle gryp Hom vas.

Dit kos soms harde oordeelsprediking om mense tot stilstand te ruk om te gryp na die Verlosser, Uit ons beperkte menslike oogpunt besien, kan ons nooit sê dat die tyd van genade vir enige sondaar verby is nie. Selfs wanneer die Here alleen nog in toorn en oordeel besig is om die wêreld af te maai, mag daar sommige wees wat gryp na Hom as die Verlosser. Hier het ons die treffende voorbeeld dat mense tot geloof kom, toe Jesus eintlik nie meer tot hulle wou spreek nie.

Laat ons dit in gedagte hou wanneer ons worstel met 'n kind of familielid of vriend wat in verharde blindheid voortgaan op die weg van ewige ondergang. God verwerp – nie ons nie. God gee genade – nie ons nie. Ons taak is om tot bekering te roep solank ons asem het en om vir die verlorenes te bid.

## 10 Bly in die Woord

Joh. 15:1-10

*"As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels."* (Joh. 8:31).

Die "wondergloërs" het van Jesus afskeid geneem. Hulle het gesê: "Hierdie woord is hard; wie kan daarna luister?" Die Joodse leiers, aangevuur deur die Skrifgeleerdes en Fariseërs, haat Hom met 'n verbete haat. Hy preek nie meer vir hulle nie – Hy antwoord wel nog op hulle vrae – maar sy prediking word nou steeds meer en meer 'n getuienis teen hulle.

Ware gelowiges kom nou egter na vore. Hulle glo in sy getuienis: "EK IS WAT EK IS." Dieselfde proses is later na Pinkster herhaal. Nadat Stéfanus in Jerusalem gestenig is, preek die apostels nie meer tot die Jode in Jerusalem. nie. Die Evangelie gaan uit tot die verspreid-wonende Jode en die Samaritane en eindelik ook tot die heidene.

En nou rig Jesus Hom tot hierdie gelowiges: "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels." 'n Mens vra jou af: Indien 'n mens waarlik glo, dan is jy tog waarlik 'n dissipel van Jesus. Waarom rig Jesus Hom nog "voorwaardelik" tot die mense: Skort daar dan nog iets aan hulle geloof?

Hier moet ons, ook soos Jesus, dringend praat met Christene. "Jy glo in My", sê Jesus. "Waaruit blyk dit dat jy waarlik glo? Dit blyk daaruit dat jy in my woord bly." Dit beteken: Jy moet die band met die Woord van God bewaar. "Hieraan sal jy weet dat jy my dissipel is", sê Jesus. "Wil jy my woord graag hoor, wil jy graag daarna lewe, dan beteken dit dat jy waarlik my dissipel is."

Ons wil die aandag sterk vestig op die woordjie "in". "As julle in my woord bly." Elders sê Hy: "Bly in My, soos Ek in julle." Bly jy in sy Woord, dan bly jy ook in Christus self.

Die Here Jesus wil mense se ontluikende geloof hier versterk. "Bly maar net in my woord en julle is waarlik my dissipels." Dit geld vir al sy volgelinge. Dit beteken nie dat alleen ampsdraers – veral predikante – in sy woord moet bly nie en "gewone mense" bloot moet luister na sy prediking en uitleg nie. Nee, uself moet in sy Woord bly. Lees dit; lees dit saam met ander gelowiges; bespreek dit; pas dit toe op u lewe. En, bo alles, doen dit. Wees 'n dader van die Woord, soos Jakobus sê. Dan is u eers pas waarlik 'n dissipel of volgeling van Jesus...

As 'n mens in die woord van Jesus bly, sal jy ook nooit in verleentheid wees in die wêreld nie. Almal sal weet dat jy sy dissipel is en jy sal altyd 'n "woord op sy tyd" kan spreek. Só laat Jesus sy lig skyn in die wêreld.

## 11 Die Waarheid maak Vry

Gal. 4:1-19

*"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."* (Joh. 8:32)

Hier het ons te doene met 'n sentrale uitspraak. Dit gaan hier om die verhouding tot Hom, wat Homself die waarheid noem. (Joh. 14). Dit gaan egter ook om alles wat ons in Hom ontvang.

Hier gaan dit om, wat ons kan noem, "saligmakende Kennis". Jesus sê bv. later in sy hoëpriesterlike gebed in Joh. 17: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." Ons Kategismus antwoord op die vraag: "Wat is 'n waregeloof?" "Dit is 'n gewisse kennis ..."

"Julle sal die waarheid ken... Julle sal God ken. Julle sal My, die Middelaar tussen God en die mense ken. Julle sal weet dat EK – IS – WAT – EK – IS. Julle sal julleself ken – in julle eie sondeverlorenheid, maar ook in die vreugde van die verlossing uit die mag van die sonde. Julle sal die mensewêreld ken en alle dinge deursien soos hulle is." Dit beteken hoegenaamd nie dat die mense wat in Jesus Christus glo alles volkome ken nie. Hulle sal egter alles sien deur die bril van die Woord van God en dan sien en ken 'n mens waarlik.

Bly ons in die woord van Christus, dan is ons verlos van die mag van die leuen. Die vader van die leuen is die duiwel en hy is magtig en uitgeslape. Hy laat mense rustig voortlewe onder die waan dat hulle waarlik lewe, terwyl hulle dood is in sonde en misdade. "Leuen is dit dat die sterwe die einde is. Dit is die begin en die dood is die geboorte van 'n lewe daarbo of daaronder. Leuen is dit dat die verskyningsvorme wesenlik, waaragtig is en die gees slegs inbeelding en dat die mens God sou uitgevind het. Ag! Waar is die rots waarop ons, arme, deur die stroom van die tydgees meegesleurdes, ons voet kan neersit? Om die magtige weefsels van die leuens, gespan deur die vader van die leuen, wat al ons sintuie gevange hou, te verskeur, moes God, wat eens alles geskape het, op hierdie aarde neerdaal en ons die weg wys ("As julle in my woord bly..." (F. Bettex)).

"Die waarheid sal julle vrymaak." Waarom maak die waarheid 'n mens vry? U weet wat dit beteken om onder waandenkbeelde te lewe. So lewe die sondaar onder die wanindruk dat hy goed is. Hy lewe soos 'n mens wat geblinddoek is. Deur sy woord neem Christus die blinddoek weg. Jy sien deur Christus en jy is vrygemaak van die leuen.

## 12 Vrygekoopte Slawe

1 Petr. 1:13-25

*"Ons is die geslag van Abraham... Hoe sê U dan: Julle sal vry word?" (Joh.* 8:33)

Ons het hier nie die vraag van die vyandige Jode nie. Nee, Jesus is nou besig om te praat met mense wat in Hom glo. Van hulle lees ons in vers 30: "Toe Hy dit gesê het, het baie in Hom geglo." Hy is besig om hulle geloof op te bou. Geloof het altyd nodig om opgebou te word. Jou geloof moet gedurig deur kennis toegerus en deur vertroue gevoed word. Om hoog en helder te brand het die vlam van die geloof olie nodig. Dit gee die Here deur die Heilige Gees, maar die Gees werk deur die Woord. Hulle word onderrig om hulle ontluikende geloof langs vaste bane te lei en te voed.

En dan sê die Here vir hulle: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak." Hierop is hulle reaksie: "Ons is die geslag van Abraham en het nog nooit vir iemand slawediens verrig nie; hoe sê U dan: Julle sal vry word?"

"Ons is die geslag van Abraham. Ons behoort aan die verbond van God. Ons dra die besnydenis in ons vlees. Ons ondersoek die Skrifte en leef volgens die wet. . . ens., ens..."

Hoor u ook hierin die stem van die huidige geslag van Abraham? En dan praat ek nie van die Jode nie – ek praat van getroue en nougesette "kerkmense". Ja, daar is talle en talle mense wat aan die kerk behoort – uit die geslag van vrome voorvaders – wat in der waarheid nog slawe is. Hulle ken nie die vryheid wat Christus gebring het nie. Die geslag van Abraham kan inderdaad slawe wees, indien hulle nie leef in die vryheid waarin Abraham self geleef het nie.

Wat is dan die vryheid? Daarop antwoord Jesus self: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is." Tereg vertaal ons nuwe proefvertaling dit soos volg: "Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde." Hy is letterlik 'n slaaf. Die sonde het hom só in besit geneem dat hy soos 'n gevange slaaf die sonde slaafs doen en slaafs daarin volhard. Hy kan nie daarvan los kom nie. Hy bly 'n slaaf en word al meer verslaaf totdat hy eindelik wegsink in die ewige slawerny.

Uit hierdie slawerny kan net één ons vrymaak. Dit is die Lam van God. Hy het op die slawemark gekom en mense losgekoop, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed. En dan is hulle waarlik vry. Ons skuld is betaal; ons sonde is versoen en ons roem in Hom ons Verlosser. Daar is nog die sonde van struikeling en swakheid – ons is immers nog nie in die hemel nie – maar die sonde heers oor ons nie meer nie. Ons is nie meer slawe van die sonde nie.

## 13 Seun en Slaaf

Gal. 4:20-31

*"As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."* (Joh. 8:36)

In die Evangelie van Johannes word weinig gelykenisse van die Here aan ons oorvertel. Hier het ons 'n kort gelykenis wat in ons teks weer uitloop op die werklikheid.

Die gelykenis vertel Jesus in die volgende woorde: "'n Slaaf bly nie vir altyd in die huis nie; 'n seun bly vir altyd..." Hoe moet ons hierdie gelykenis verklaar?

Ons sien hier in ons gedagte 'n huis. In 'n huis woon 'n gesin. In die ou dae was in die huis gewoonlik ook slawe. In ons tyd sou dit bediendes wees. Die verskil tussen 'n gehuurde bediende en 'n slaaf is, dat 'n gehuurde bediende uit eie vrye wil die huis kan verlaat. Hy kan sy diens opsê. Die slaaf kan dit egter nie doen nie. Hy is nie vry om te kom en te gaan soos hy wil nie. Hy is gebonde. Alleen sy eienaar of besitter kan hom vrymaak – in die geval die seun wat in die huis vry is – hy is sy eie baas.

Ons moet nou net oppas dat ons nie hier meer in lees as wat die Here bedoel nie. Hy maak vry – dit is waar. Hy alleen kan ook vry maak. Hy is egter nie die slawe-eienaar nie. Die mense is nie sy slawe nie. Hulle is slawe van die sonde en van die duiwel.

Met 'n gelykenis is dit altyd maar so. Daar is 'n "punt van vergelyking" en 'n mens kan dit nie in alle besonderhede in geestelike sin toepas nie. Só is dit ook hier. Die sondaars word vrygemaak deur die Seun. Hulleself kan hulle nie verlos nie. Hy alleen kan, omdat Hy die slaweband met die duiwel en die sonde verbreek.

Vertel die Here dit nou aan die ongelowige Jode of aan die mense wat in Hom glo? Hy is nog altyd hier in gesprek met gelowiges. Hy wil hulle leer om te begryp uit watter groot nood tot watter heerlike verlossing hulle gelei is. Dit is ook goed en nodig dat hulle dit behoorlik begryp. Hulle moet die blydskap van die vryheid in Christus ken en uitlewe.

Ons is nie meer slawe nie, maar kinders van die huisgesin. Ons is vrygemaak deur die Seun en om sy ontwil aangeneem tot kinders.

## 14 Oorspronklike Denkers

1 Kor. 1:17-24

*"Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by julle vader gesien het."* (Joh. 8:38)

'n Mens kry soms die benydenswaardige geleentheid om 'n "groot gees" in die wêreld teë te kom. Dit mag 'n groot denker wees – só iemand soos Immanuel Kant of die ou Griekse wysgeer Aristoteles. Soms sit 'n mens aan die voete van 'n beroemde leermeester – een uit 'n duisend. Jy kan jou ook met skugterheid en eerbied koester in die aroma wat 'n groot digter of dramaturg of skrywer versprei. Die soort mense is in die omgang bekend as "oorspronklike denkers" en mense wat selfstandig kan optree. Hulle het 'n kennis en insig en selfbeheersing; die vermoë om ons kleintjies en minder ingeligtes en huiwerendes se selfvertroue met 'n enkele woord tot stof te laat verkrummel.

Terwyl Jesus nou besig is om 'n groep "kleintjies" in die geloof te onderrig, gryp 'n paar van hierdie leiersgeeste uit Israel in. Hoewel dit nie aan ons uitdruklik gesê word nie, is dit duidelik dat hulle, sy haters, nou ook weer in die gesprek inmeng. Hulle kon dit nie verdra dat hy vir "kinders van Abraham" – al is dit dan ook al mense uit die volk sonder kennis – sê dat hulle slawe is nie. Wat hulle presies gesê het, weet ons nie. Hulle is vry van slawerny en daarby skrifgeleerdes en selfstandige denkers, wat hulle nie só maklik as die skare laat mislei nie.

Hierop sê die Here Jesus dan: "Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by julle vader gesien het." Selfs ons Middelaar, Jesus, Christus, erken dat Hy dinge sê wat Hy by sy Vader gesien het. Hoe ons dit van Hom moet begryp, is onverklaarbaar. Hy praat hier vanuit sy vernederde staat as mens - vandaar sy "afhanklikheid" van sy Vader wat sy kennis betref. Meer kan ek nie sê nie.

Indien Hy sy afhanklikheid van sy Vader bely, hoeveel te meer is die "groot geeste" – wat per slot van sake sondaars met 'n beperkte insig en vermoë is – afhanklik in hulle insigte van iemand of iets buite hulleself. Niemand op aarde kan iets sê of doen wat hy nie ontvang het nie. Alle gawes en talente kom van die Here. Die probleem is egter dat die gawes van die Here misbruik word deur die vader van die leuen. Hy gebruik denkers se verstand en kunstenaars se vermoëns om die volkere van die wêreld te mislei.

Dit is só werklik dat Jesus sê: "Julle doen wat julle by julle vader gesien het." Julle vader – die duiwel – wys julle bepaalde dinge en julle sien dit. Hy het ook sy openbaringsmetodes. Hy is slimmer as enige mens en kan ook meer doen as enige mens. Mense "sien" dinge sogenaamd self in, terwyl dit in werklikheid vir hulle ingefluister word. Hulle word voorgesê en verkondig dit dan as hulle eie wysheid.

Stel die geeste op die proef.

## 15 Mensemoordenaar

Gen. 3:1-9

*"Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af..."* (Joh. 8:44)

Hier praat die Here Jesus van die duiwel. As iemand die duiwel sou ken, dan is dit Jesus.

In ons tyd verkondig mense dat God dood is. Van die duiwel word nie eens meer gepraat nie. Menigeen dink nie meer aan hom nie. Dit is sy allergrootste oorwinning. Wanneer 'n mens nie bewus is van jou vyand nie, kan hy ongestoord voortgaan om mense op groot skaal te vermoor. Hy doen dit op só 'n wyse dat hulle dit nie eens agterkom nie. Die moderne sielkunde het die mens verlos van baie spoke en allerlei vrese. Ongelukkig het die sielkunde baie mense ook verlos van die vrees vir hierdie mensemoordenaar. En hy het weinig moeite om hulle met sy leuen te verlei tot die lewe in die dood. Hulle verkeer onder die waan dat hulle lewe en in werklikheid is hulle dood...

Leef 'n mens volgens die voorskrifte van die vader van die leuen dan is jy dood, al dink jy dat jy leef. Ons allergrootste nood is dat ons die leuen glo en dit geniet. Die dood het só deurgedring tot die mens dat hy geneig is om God en sy naaste te haat. Hy is só verdorwe dat hy heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad. En dit alles kom van die mensemoordenaar.

Die Satan is die vader van die leuen. Hy was 'n mensemoordenaar, van die begin af. En nou sê Jesus vir die Jode: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen." Hulle neem die begeertes van die duiwel *oor* en maak dit hulle eie. Dit is so één met hulle dat hulle vanself, outomaties, doen wat die duiwel begeer. Hulle lewe is satanies – hulle wil en strewe is dieselfde as die van die duiwel.

Vreeslik is dit dat die Here dit van kerkmense kan sê. En tog is dit waar. Hier sê Jesus dat 'n mens volkome satanies kan wees. Hy is só beheers deur die duiwel dat hy volkome die duiwel se sin volvoer...

En die ergste is dat dit gesê word van mense wat beweer: "Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik God." Hulle beweer dat hulle kinders van God is en Jesus sê dat hulle kinders van die duiwel is. Hoe gevaarlik is dit om op uitwendige afkoms te vertrou? Die mense het gebou op die geloof dat hulle die nageslag van Abraham en daarom kinders van God is. Dit het die duiwel hulle laat glo.

Ons het die groot voorreg dat ons uit gelowige ouers gebore is en in die kerk opgegroei het. Ons mag egter nie daarop vertrou nie. Pasop vir die vader van die leuen. Ons enigste redding is die band met die Verlosser, Jesus Christus. Kerkmense kan ook kinders van die duiwel wees!

## 16 Sonder Sonde

Filip. 2:1-18

*"Wie van julle oortuig My van sonde?"* (Joh. 8:46)

Hier is die sondelose Lam van God aan die woord. "Wie van julle oortuig My van sonde?" Hy bring die waarheid. Hy kan en durf sy vyande vra, nie alleen of hulle by Hom 'n leuen aangetref het nie, maar selfs of hulle Hom in die algemeen van enige sonde kan beskuldig.

Toe Hy aan die Fariseërs, wat die owerspelige vrou na Hom gebring het, gesê het: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi", is hulle almal deur hulle eie gewete bestraf. Teen die uitdaging was niemand bestand nie. Selfs die mees eiegeregtige Fariseër moes in sy hart erken dat hy nie sonder sonde is nie. Jesus roep egter enige getuie na vore – enigeen wat maar wil kom. Kom, al is dit net 'n enkele getuie; kom en wys maar net een enkele sonde aan! Niemand kan 'n sonde noem waaraan Hy Hom skuldig gemaak het nie.

Hy vrees selfs nie dat hulle Hom sou kon beskuldig van die oortreding van die Sabbatsgebod nie. Hulle kon Hom ook nie beskuldig van Godslastering, omdat Hy Homself die Seun van God genoem het nie. Die aanklagte het Hy op só 'n wyse weerlê dat die Jode daarteen nie bestand was nie.

Hy, die Seun van God, het Hom diep verneder. Hy het die gestalte van 'n mens en 'n dienskneg aangeneem. Hy het ons in alle opsigte gelyk geword – uitgenome die sonde. Hy was honger en dors; Hy het pyn en smart verduur, maar sonde het Hy nooit gedoen nie. Hy het die ware menslike natuur aangeneem, maar Hy kon vir die mensdom versoening doen – Hy alleen – omdat Hy alleen nie sy eie skuld daagliks meer gemaak het, soos ons nie. Ons sink al dieper weg in die sondeskuld. Indien ons self vir ons sonde sou moes betaal, sou ons in der ewigheid nie klaarkry nie. Omdat Hy sonder sonde is, kon Hy egter die las van ons sonde op Hom neem.

Daarom kan Hy eis dat mense in Hom glo. As Hy nie sonde doen nie, dan spreek Hy altyd die waarheid. Dan het Hy aanspraak daarop dat mense sy woord glo. "En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?" Hy voeg selfs daaraan toe: "Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie."

Aan die ander kant: "Die wat uit God is, luister na die woorde van God." Hulle luister na die woorde van waarheid, wat Hy verkondig; Hy kan nie lieg nie. Hy kan geen sonde doen nie. Daarom is sy woorde die woorde van die ewige lewe. Daarom het ons, wat in Hom glo, die ewige lewe. Hy het ons sonde op Hom geneem, om ons van die toorn van God te verlos.

## 17 Stem van My Vader

Hebr. 1

*"Die wat uit God is, luister na die woorde van God."* (Joh. 8:47)

Hier maak die Here Jesus 'n algemene stelling. "Die wat uit God is, luister na die woorde van God." Die Jode het God hulle Vader genoem. Hulle beweer dat hulle uit God is. Hulle is uit God gebore, want hulle sê dat hulle kinders van God is. 'n Wedergebore mens openbaar dit in sy lewe. Hy luister na die woorde van God. Hy hoor graag die stem van sy Vader en hy luister daarna – Hy is gehoorsaam aan sy Vader soos 'n geliefde kind.

Die saak hier in geding is of Jesus die woorde van God spreek of nie. Die Jode sê dat Hy dit nie doen nie. Hulle verklaar selfs: "Sê ons nie met reg dat U 'n Samaritaan is en van die duiwel besete is nie?" Elders het hulle verklaar: "Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie" (Matt. 12). Hulle verwerp Jesus se woorde en werke as uit die duiwel en nie as uit God nie.

Die uitspraak van Jesus is vir ons en alle mense van die allergrootste belang. Hy sê dat God die Vader deur Hom spreek. Die skrywer van die Hebreërbrief stel dit só: "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun..." God spreek deur die Seun.

U hoor byvoorbeeld u vader se stem oor die telefoon of oor die radio, sonder dat u hom sien. U herken onmiddellik sy stem. U sal sy stem herken uit miljoene, al sien u hom nie. So is dit met elke kind van die Here. Elkeen wat uit God is, luister na die stem van God." Die beeld van die herkenning van die stem van ons aardse vader is nog maar 'n swak vergelyking met dit wat ons, wat uit God is, in die stem van ons Vader het. Dit word onoortreflik bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis in art. 5: "En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin (die Bybelboeke) vervat is; en dit nie juis omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is..."

Die Heilige Gees wat in ons woon en ook in God is, lê die kontak tussen Hom en ons. Dit is die band van Vader-en-kind. Daarom herken ons die stem van ons Vader in die Bybel. Ons herken sy stem in die woorde van Jesus.

Een ding is en bly duidelik uit wat Jesus leer. Teenoor Hom kan niemand neutraal bly nie. Hy is God uit God óf Hy is 'n aartsbedrieër wat Homself met God vereenselwig.

## 18 My Woord bewaar

Openb. 3:7-13

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie."* (Joh. 8:51)

Wat beteken dit wanneer Jesus sê: "as iemand my woord bewaar?" Dit beteken dat die prediking van Jesus geloof van 'n mens vra. Hier gebruik Hy die Griekse woord: "logos." Dit is die woord wat sy prediking in geheel bedoel. Dit gaan om alles wat Hy verkondig. Dit is die hele evangelie.

Hy stel die uitspraak voorwaardelik: "as iemand my woord bewaar..." Dit is onbepaald en onbeperk gerig tot almal wat sy woord hoor. Elkeen moet by homself uitmaak of hy die voorregte geniet waarvan die Here praat. Die woord kom voorwaardelik tot ons om ons wakker te hou. Selfs die gelowige mag nooit vanselfsprekend aanvaar dat hy op die regte pad is nie. Hy moet homself gedurig ondersoek en beproef in die lig van God se Woord.

"As iemand my woord bewaar..." Bewaar die woord van Jesus! Bewaar dit soos die allerkosbaarste skat wat u besit! Die Here Jesus skryf aan die gemeente van Smirna: "Ek ken jou werke en verdrukking en armoede – maar jy is ryk." Ons is arm en tog ryk. Na wêreldse maatstawwe gemeet is ons dikwels behoeftig en in onsself is ons geestelik arm en tog is ons ryk. Ons het die skat van die Woord van God.

Om die woord van Jesus te bewaar beteken ook nie dat 'n mens dit wegbêre soos jou kosbare porseleingoed en alleen met spesiale geleenthede uithaal en gebruik nie... Bewaar Jesus se woord, beteken om elke dag daaruit te put en daarvolgens te lewe. Dit is die één skat waarsonder jy geen oomblik kan lewe nie.

"As iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie." 'n Mens sien die dood, wanneer jy dit ondervind. Wie kan waarlik van die dood praat as hy nie eers in die dood was nie? Maar hoe moet ons dit dan begryp? Almal sal tog eendag die dood sien. Ja, maar dit is nie die ewige dood nie. Ons liggaamlike dood is in werklikheid geen dood meer nie. 'n Mens ontslaap alleen om in die ewige môre te ontwaak. Wat 'n verrassing wag daar vir elkeen wat die woord van Jesus bewaar? Die dood kom nader – afgryslik, koud, ontsettend – en tog blyk dit agterna dat dit bloot 'n poort was tot die ewige heerlikheid ... Jy gaan deur die poort sonder om die ware dood, waarvoor jy vooraf gesidder het, te sien.

## 19 Abraham het hom Verheug

Gen. 12:1-8

*"Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag* sou *sien; en hy het dit gesien en het hom verbly..."* (Joh. 8:56)

Hier het ons 'n baie belangrike uitspraak om te begryp hoe die verhouding tussen die Ou Testamentiese gelowige en Christus was. "Abraham het hom verheug dat hy my dag sou sien..." sê Jesus. Van Abraham lees ons in Gen. 15: "En Hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken." En dan dink ons aan die uitspraak van Paulus waar hy Abraham in Rom. 4 aan ons voorhou as die "vader van die gelowiges" op grond van dieselfde uitspraak. Ons geloof is gebind aan die Christus wat reeds gekom het. Abraham se geloof was gerig op die belofte van die Christus wat nog sou kom. Hy self het alreeds die belofte ontvang: "en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12). Netsoos ons het Abraham die beginsel van die ewige vreugde besit, omdat hy uit die geloof gelewe het – die geloof in die verlossing deur Christus wat sou kom. Daarom het hy hom op aarde alreeds verheug in die vooruitsig. Só verheug ons ons in die vooruitsig op die volmaakte heerlikheid wat vir ons wag.

Jesus verklaar hier dat Abraham Hom sou herken, indien Hy geleef het toe Jesus op aarde was. Hy het begeer om die dag te sien en sou Hom daarin verbly om dit te belewe. Die Jode, nageslag van Abraham, bly derhalwe nie in die geloof van Abraham nie. Hulle verwerp die Messias na wie se koms Abraham uitgesien het.

Maar dan verklaar die Here verder: "en hy het dit gesien en hom verbly." Beteken dit dat Abraham Hom nog tydens sy lewe op aarde gesien het? Wat dan van wat Hy elders sê: "Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien, en dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie" (Matt. 13:17).

Nee, die gestorwe Abraham is opgeneem in die hemelse heerlikheid. Daar het hy terstond die volle heil in Christus belewe en hom daarin verbly. Abraham weet van Christus – hy smaak alreeds die heerlikheid. Hy verheug hom in die dag van Christus wat hy gesien het. Sonder Christus sou Abraham en Moses en Dawid en al die Ou Testamentiese gelowiges in hulle sonde gesterf het, netsoos almal wat nie in Christus glo nie.

Ons kan ons saam met Abraham en die gelowiges uit die Ou Testament verheug. Ons het sy dag gesien en ook vir ons wag die salige dag wanneer ons Hom in sy majesteit en heerlikheid sal aanskou.

## 20 Waarom!

Ps. 73

*"Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?"* (Joh. 9:3)

Iemand sit êrens in Jerusalem langs 'n straat en bedel. Waarskynlik roep hy die verbygangers toe. Hy sou min of meer kon sê: "Wie het 'n paar sente vir 'n arme blindgebore man om 'n stukkie brood mee te koop?". Hy hoor mense aankom. 'n Blinde is sensitief en kan goed hoor en duideliker as ons onderskei wat hy hoor.

"Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?" Die blinde man sou dadelik die ene ore wees. Die gesprek gaan oor hom. Dit gaan om 'n vraag waaroor hyself seker ook al baie gedink het. Wie sou nie in sy ellende nadink oor die "waarom" daarvan nie?

Hy sou die tweede gebod ken: "Want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat. . ." Hy, die blinde man, het nooit die son gesien nie. Van lig en kleurspel weet hy niks nie. Hy kan sy eie brood nie verdien nie. In die oë van die samelewing is hy 'n oorlas. Mense loop draaie of kyk weg wanneer hulle hom opmerk, of sy smeekstem hoor. Só gaan sy donker eensame lewe verby. Waarvoor leef hy eintlik? En daarby die tergende vraag: "Waarom?"

Aan ons word nie vertel of sy ouers hom geleer het om te bid of om te vloek nie. Ons weet wel dat menige blindgebore mens vroom en godvresende ouers het. Hulle sou met graagte hulle eie oë uitgrawe en aan die ongelukkige kind gee, indien dit moontlik sou wees.

Die tergende "waarom"? dra die mensdom deur die eeue met hom mee. Jesus se dissipels het opgegroei in die atmosfeer van die wettiese leer van die Joodse Rabbi's. Hulle het menslike reken-sommetjies gemaak. Hulle het oorsaak en gevolge bereken... Elke ernstige gebrek of nood of siekte is die gevolg van een of ander ernstige sonde.

Wat hierdie vraag so tergend maak is: Gaan dit oor sy eie sonde, waarom is hy dan al sedert sy geboorte gestraf? Het sy ouers die sonde gedoen, waarom word hy dan gestraf en nie hulle self nie? Dat die blindheid van die man die straf op persoonlike sonde is, is vir hulle 'n uitgemaakte saak.

'n Mens kan die vraag nie altyd ontwyk nie. Eén saak is seker: 'n Ouer se sonde dra vrugte ook in die lewe van sy kind. Wat 'n vreeslike invloed het die sondige voorbeeld van 'n ouer nie op sy kind nie!

Die Here gebruik ook siekte en lyding om 'n mens oor jou sonde te laat dink. En dan vra ons nie: "Waarom kry ek so swaar nie?" maar: "Waarom is die Here nog só goed vir my? Ek verdien dit nie."

## 21 Waartoe?

Job 39:34-38; 42:1-6

*"Dis nie sy sonde nie, en ook nie sy ouers s'n nie, maar die werke van God moet in hom bekend gestel word."* (Joh. 9:3) (Nuwe Proefvertaling).

Die dissipels wou weet waarom 'n man blind gebore is. Is hy gestraf vir een of ander groot sonde van sy ouers of word hy gestraf vir sy eie sonde? Op die vraag gee die Here 'n antwoord wat nie alleen vir hulle bedoel was nie, maar ook vir die blinde man en vir ons. Dit werp ook sinvolle lig oor alle lyding en rampe en nood wat oor gelowiges in die wêreld kom.

Die gelowige mag nooit vra: *"Waarom* kry ek so swaar nie?" Hy moet vra: "Wat het die Here met my voor? *Waartoe* wil hy my gebruik? Wat verwag Hy van my in my nood en ellende?" Of, in die woorde van Jesus: "Hoe kan ek onder die omstandighede die werke van God bekendstel?"

Só bring Jesus, soos Hy telkens doen, die saak op hoër vlak. Daar is baie meer moontlikhede as wat die dissipels veronderstel. Ons wil só graag sommetjies maak – ook op geestelike terrein – en dit werk nie uit nie.

Dit is nie so dat groot lyding die gevolg is van 'n bepaalde sonde nie. Dit sluit nie uit dat bepaalde sondes ook natuurlike gevolge kan hê nie. Daar is bepaalde sondes teen die liggaam, wat ook 'n mens se liggaam aftakel. Oormatige gebruik van drank lei tot verslawing aan drank, wat 'n kroniese liggaamlike siektetoestand word. Alkoholisme word in ons tyd 'n siekte genoem, maar dit is 'n gevolg van sonde.

Ons weet ook dat alle siekte en lyding en dood 'n gevolg is van die sonde van Adam en Eva. Dit bring egter nie mee dat hierdie man se blindheid 'n gevolg is van 'n bepaalde groot sonde nie. Beide sy ouers en hyself was wel sondaars. Indien God met ons in die gerig sou tree vanweë ons sondes, sou egter niemand voor Hom kon bestaan nie. Hy stel die werklike straf op die sonde nog uit, hoewel die sondelewe hier op aarde, veral in geestelike sin, reeds bittere en wrange vrugte dra in ons eie lewe en die van ons kinders.

"Dit is nie sy sonde nie en ook nie sy ouers s'n nie, maar die werke van God moet in hom bekend gestel word." Hier sou dit bepaald sien op die werk wat Christus nou gaan doen. Die Here praat egter nie alleen van die een werk nie, maar van die "werke" van God. God werk deur Christus tot sy verheerliking in alle gelowiges te alle tye. Ons is altyd in sy diens. As gelowiges is ons nooit met verlof nie. Dit geld in voorspoed en teëspoed.

Dit leer Jesus in besonder tot ons almal. Ook die rampe wat ons tref dien tot verheerliking van God. 'n Genesingswonder dien tot sy eer. Nie minder nie dien 'n geduldige en blymoedige aanvaarding van lyding en nood tot sy verheerliking. Altyd moet ons sy werke openbaar of bekendstel.

## 22 Werk!

Pred. 11:1-8

*"Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie."* (Joh.9:4)

Ons moet hierdie uitspraak van die Here Jesus sien teen die agtergrond van die blindgebore man wat op sy weg gekom het. God gaan die blinde man gebruik om sy werke bekend te stel. Daartoe word nie alleen die blinde man gebruik nie, maar Jesus self moet ook die werke van God openbaar. Hy moet dit doen terwyl dit dag is. As Hy byvoeg: "die nag kom wanneer niemand kan werk nie", bedoel Hy nie dat sy werk afgehandel sal wees wanneer Hy nie meer op aarde is nie. Hy sit immers sy werk voort vanuit die hemel. Hy regeer oor alle dinge en Hy tree vir ons in met sy voorbidding by die Vader.

Vir wat die Here Jesus se eie werk betref is dit duidelik. Hy het gekom in die tyd. Hy was hier op aarde gedurende 'n bepaalde afgeslote tydperk. En in die bepaalde tyd het Hy 'n bepaalde werk gehad om te doen. "Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is..." Meer kan ons hieruit nie aflei nie.

Die Here pas egter die uitspraak op alle mense toe, wanneer Hy byvoeg: "die nag kom wanneer niemand kan werk nie." Waarskynlik was dit 'n bekende spreekwoord in sy tyd. Hy rig dit egter as 'n waarskuwing tot ons almal.

Ons vertoef almal 'n bepaalde tyd hier op aarde om 'n bepaalde werk af te handel. Die Here alleen weet wanneer ons tyd verby sal wees. Hy alleen weet wanneer die nag vir ons aanbreek. Ons weet nou dat dit nog dag is – dit is nog werktyd en nie rustyd nie. Ons staan nog elke dag hier op aarde in diens van ons Vader. Ons is nog elke oomblik geroepe om sy werke bekend te stel. Die geleenthede gaan verby – die nag kom wanneer niemand kan werk nie.

Werk terwyl dit dag is! Die nag kom... Die skemer sak oor ons toe voordat ons dit besef... Ons lewe is verby soos 'n gedagte... En dan kyk 'n mens terug en sien met verwondering hoe min jy waarlik gedoen het. Jy moes elke dag die werke van God bekendstel. Jy moes vir andere die weg wys. Jy moes die sout van die aarde en die lig van die wêreld wees. En jou gewete kla jou aan dat jy só traag en lusteloos was. Jy het só dikwels versuim. Jy het gepraat toe jy moes swyg en geswyg toe jy moes praat.

Sien die mense elke dag in u lewe die werke van God? God werk met ons en deur ons. Hy skakel ons in sy werkprogram in. Werk terwyl dit dag is... Die nag kom wanneer niemand kan werk nie.

## 23 Geneesmiddele

2 Kon. 20:1-11

*"En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man."* (Joh. 9:6)

Die Here Jesus het verklaar dat hierdie blinde man die werke God moet bekendstel. Dit gaan nou gebeur – allereers in die wonder van sy genesing. Die blinde man is nog steeds passief. Hy het self nog geen woord gesê nie. Hy het nie gevra om genesing nie. Daar is selfs tot dusver geen sprake van sy geloof wat werksaam is by die genesing nie. Die Here gebruik hom ondanks homself.

En tog verklaar Jesus dat hy werk het. Hy moet die werke van God bekendstel. So gebruik die Here ons ook dikwels sonder dat ons dit self weet of bewus daaraan meedoen, om sy werke te openbaar, 'n Mens staan agterna verwonderd daaroor – "God het my gebruik en ek het dit nie geweet nie. Ek het selfs nie daarna gesoek of gevra nie." Die Here kies vrymagtig sy instrumente om sy werk te doen. Sy werk gaan voort ondanks ons, wat soms so traag is.

In die geval gebruik die Here 'n reeks van middele om die wonder te bewerk. 'n Mens vra jou af waarom Hy nie, soos gewoonlik, maar net 'n magswoord uitgespreek het nie. Hy spuug op die grond en maak klei van die spuug en smeer dit aan die oë van die blinde man. Waarom? Seker nie omdat die klei geneeskrag besit nie. Dit kan enige mens probeer en jy sal niks daarmee bereik nie. Hier moet by die middel iets bykom. Die werk van God moet aan die lig kom. Dit is geen mensewerk nie.

Ons kan en mag middele gebruik om siekes te genees. Ons mag die Here ook nie versoek deur klaarblyklike geneesmiddels van die hand te wys, wanneer dit op ons weg kom nie. Ons weet egter dat die allerbeste middel en die bekwaamste geneesheer niks kan vermag, indien die Here sy seën daaraan onthou nie. Die gelowige weet dat alles per slot van sake afhang van die Here wat die hand of middel gebruik om te genees. Sy werke word nog steeds bekend gestel by die genesing van mense ook in ons verligte tyd.

Dit is die genade wat die gelowige ondervind. Hy weet ook van die onsigbare hand wat oor sy siek liggaam gaan. Sy aanraking bring vertroue en krag. Hy gee die genade om jou in jou siekte op die Here te verlaat en op Hom te vertrou en te weet dat Hy met jou werk. Só sien ons elke dag die werke van God in die hospitale en by die siekbeddens. Ons sien dit in die stille krag van oorgawe by mense, wat soms dodelik en gevaarlik siek is, of vir wie 'n gevaarlike operasie wag.

## 24 Geloofsgehoorsaamheid

Matt. 8:5-13

*"en (Jesus) sê vir hom: Gaan was jou in die badwater Siloam."*

Jesus is besig om 'n blinde man se oë te open. Die blindgeborene moet die werke van God openbaar. Hy het werk in die koninkryk van God. En om te weet wat sy werk is, moet hy 'n opdrag ontvang. Dit moet vir hom gesê word. Hier ontvang hy die opdrag: "Gaan was jou in die badwater Siloam."

Jesus het op die grond gespuug en klei gemaak en dit aan sy oë gesmeer. Miskien het die blinde man Jesus se daad nie aangenaam gevind nie. Hy het dit ook nie begryp nie. Daar sou by hom selfs iets van weersin of opstand teen die daad van die Here kon ontstaan. En tog laat hy Jesus begaan. Ons sou dit nie vreemd gevind het, indien hy die modder van sy oë met een opgeduldige gebaar sou afvee nie. Dat hy dit nie doen nie, bewys dat hy tog iets van ontsag het vir die vreemdeling en uitsien na wat gaan gebeur. Hy staan daar afwagtend voor die Here – wat nou?

Soms gebruik die Here vreemde middele en vreemde omstandighede in ons lewe, wat ook selfs ons weersin en opstand ten gevolge kan hê. Die Here se weg met 'n mens is dikwels vreemd. Hoe sou ons dit ooit kon begryp, indien Hy nie deur sy Woord aan ons sê wat Hy van ons verwag nie? Indien 'n mens maar in onderworpenheid en geduld wag op die Woord van die Here, sal Hy ons egter altyd uit die duister lei na sy lig – soos hierdie man.

"Gaan was jou in die badwater Siloam." Ook die bevel sou vir hom onbegryplik wees. Wat beteken dit? Wat verwag die Rabbi van hom? Hy het wel die voorafgaande gesprek gehoor. Hy sou wel kon aflei dat die Hy hom wil gebruik om die werke van God bekend te stel. Hoe weet hy egter nie?

Hoe anders is sy reaksie egter as die van Naaman die Siriër in die dae van Elisa, die profeet? Elisa se opdrag aan hom was om sewe maal te gaan baai in die Jordaanrivier. Hy vind dit belaglik en wou liewer huis toe gaan. Gelukkig het sy diensknegte hom oorreed om te luister en hy is genees van sy melaatsheid. Hierdie blinde man gehoorsaam dadelik. Hy gaan op die bevel van die Here.

Só is en bly dit altyd. Dit is wonderlik dat mense, soms onbegryplike en uitsiglose bevele van die Here, gehoorsaam. Doen ons dit egter, dan ontvang ons steeds verrassinge – soos hierdie man. "En hy het gegaan en hom gewas; en hy het siende teruggekom." Wanneer die Here sê: "Gaan!" doen dit gerus. Die uitslag is 'n wonder van Gods genade.

## 25 Werke van God bekendstel

Joh. 9:1-11

*"Die man wat Jesus genoem Word, het klei gemaak en op my oë gesmeer en vir my gesê: Gaan na die badwater Siloam en was jou. En ek het gegaan en my gewas en ek sien."* (Joh. 9:11)

Hier vertel 'n mens kort en kragtig wat met hom gebeur het. Hy was blind en hy is genees. Hy noem Jesus, die geneesheer, by die naam. Hier het ons nog geen geloofsbelydenis in Jesus as die Middelaar of die Seun van God nie. Die man vertel alleen die verloop van sy genesing en hy sê wie dit gedoen het. Vir hom was Jesus 'n man, 'n mens, by name bekend.

Die blinde bedelaar was 'n bekende figuur in die strate van Jerusalem. Toe die mense hom aantref as 'n mens wat nou kan sien en kan kom en gaan soos hy wil, was hulle verwonderd. Sommige meen dat dit iemand anders kan wees, wat soos hy lyk. Hy verklaar egter self: "Dit is ek." Hy is die man wat blind was. Dan word hy omring deur nuuskieriges wat vra: "Hoe is jou oë geopen?"

'n Mens kan jou die vreugde van die man voorstel. 'n Wonderwêreld het vir hom oopgegaan. Nooit kon hy hom voorstel wat kleure is en hoe die wonderbare skepping van God lyk nie. Nou sien hy dit met sy oë. Wat 'n vreugde! Hy is só ryk en sou só innig dankbaar wees vir die voorreg om te kan sien. Dit is 'n voorreg wat al die siende mense as vanselfsprekend aanvaar.

Die wonder waarvoor die mens staan en wat hy uitspreek is: Dit kom presies uit soos Jesus gesê het. Dit kan hy getuig en dit sê hy ook onomwonde – al ken hy Jesus nog nie eens as die Christus nie. Dit lyk alles so vanselfsprekend en tog is die man in sy getuienis reeds aktief besig om sy roeping as gelowige te vervul. Hy praat en kan nie swyg nie. Hy is op pad om 'n kragtige belyder van die Naam van Jesus te word. Hyself word steeds meer en meer iemand wat die werke van God bekendstel – ook al vertel hy maar net van die vreemde wonder wat met hom gebeur het. Daarmee vertel hy die waarheid – al begryp hy nie al die konsekwensies daarvan nie.

Ook ons staan elke dag voor die wondere in ons lewe en in God se heerlike skepping. Ons het oë ontvang om te sien. Ons moet dit gebruik. Ons het 'n mond ontvang om te praat. Ons moet ook vertel van die dinge – klein en groot – en só die werke van God bekendstel. Selfs mediese wondere, waarby een of ander beroemde geneesheer betrokke is, is 'n bewys van die wonderbare werke van God. Die geneesheer met sy vernuf en verstand is 'n skepsel van die grote God. Die geneesmiddele het Hy voorsien van geneeskrag.

Vertel wat met u gebeur het en gee aan God die eer. Só openbaar ook ons die werke van God.

## 26 Wantroue

Joh. 9:13-31

*Hy het my oë geopen,* (Joh. 9:30)

Iets wonderliks het met 'n blinde man gebeur: hy is blind gebore en nou sien hy. Dit is om oor te jubel. Sou al sy bekendes hulle nie saam met hom verbly nie! En die "herders" van die skape – die Fariseërs en Skrifgeleerdes – sou ook rede hê om aan God die eer te gee. Hier is 'n skaap van hulle kudde wat blind was en hy kan nou sien. Wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween!

Hulle deel egter nie in sy vreugde nie. Hulle maak daarvan 'n wantrouige geregsondersoek. Hulle glo hom nie. Hulle roep selfs sy ouers as getuie. Uiteindelik staan hulle voor die kern van die saak: hulle moet erken dat hier 'n wonder gebeur het. Die wonder is gedoen deur Jesus – die gehate Jesus van Nasaret – en Hy mag nie die eer daarvoor ontvang nie. Hulle gryp die geleentheid aan dat Hy die genesing op die sabbat gedoen het, om te verklaar dat Hy 'n sondaar is. Die werke wat Hy doen, kan nie uit God wees nie.

Wat kan die blinde man daarop antwoord? "Of Hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien. En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, die verhoor hy." Wat 'n bevryding en selfvertroue openbaar die bekende bedelaar nou! Hoe dikwels moes hy hoor dat sy ellende die straf op sy sonde is. "Jy is heeltemal in sondes gebore!" snou die Fariseërs hom toe. Dit het hy dikwels gehoor. Dat hy blind gebore is, beteken dat hy heeltemal in sondes gebore is. Hoe moes hy nie al die jare gebuk gaan, nie alleen onder sy liggaamlike blindheid nie, maar ook onder die smaad van sy landgenote wat in sy blindheid sy sondeverlorenheid sien?

Ek het by geleentheid 'n sg. "geneesbidder" vir 'n sieke hoor bid. Agterna het ek vir hom gesê: "Dit is die mees troostelose gebed wat ek in my lewe gehoor het. Jou gebed kom daarop neer, dat die vrou ongelowig is, indien sy nie gesond word nie. Is dit dan nie die wil van die Here dat mense soms siek bly nie?" Die soort gesindheid help geen mens in sy ellende nie, maar dra oneindig baie by tot hulle lyding en geestelike nood. God verhoor gebede en genees mense op die gebed, maar ons moet altyd onthou dat ook siekte vir ons ten goede gebruik kan word. Ons Vader weet wat vir ons goed is. As Hy dit vir ons goed ag om siek te wees, dan ontvang ons dit as 'n gawe uit sy hand.

Nie alleen sy blindheid nie, maar ook die ban van sondevloek wat mense aan hom toegedig het, is deur Jesus verwyder. Dit is sy deel – hy is in sy menswaardigheid herstel – al het hy nog nie eens daartoe gekom om Jesus werklik te ken en as die Messias te bely nie. Sy genesing is vir hom alreeds 'n teken van verlossing van sy sondes.

"Hy het my oë geopen." Aanstonds word sy oë in geestelike opsig ook geopen.

## 27 Nasorg

Luk. 15:1-10

*"Ek glo Here."* (Joh. 9:38)

Dit is die laaste wat ons van die blinde man hoor. Só kom hy eindelik self daartoe om die werke van God duidelik te openbaar. Teenoor die wêreld en die duiwel en ons eie sonde, is dit die één groot bewys dat God lewe en werk. Sondaars kom tot geloof en bely dit. Hulle glo in Jesus Christus die Seun van God.

Jesus het die man nie vergeet nie. Hy het hom ook nie gelaat in sy voorlopige geluk nie. Hy wil hom veel meer gee. Daarom het Hy hom "gekry". Dit was nie toevallig nie. Hy het hom gesoek, want ons lees: "Jesus het gehoor dat hulle hom uitgeban het; en toe Hy hom kry, sê Hy vir hom: Glo jy in die Seun van God?"

Met 'n oop gemoed en vol verwagting sê die man: "Wie is Hy, Here, dat ek in Hom kan glo?" Die genesing en verlossing uit die ban van vernedering onder die Joodse leer, het hom ontvanklik gemaak. Moontlik het daar in sy hart alreeds die verwagting geleef dat Jesus, wat hom genees het, wel die Messias kon wees.

Dan trek Jesus die sluier weg. "Jy het Hom gesien; en Hy wat met jou spreek, dit is Hy." Die volle lig breek eindelik deur vir hierdie ellendige. Verkwikkend is die stille ootmoed van die man na die geredekawel van die Jode. Hy buig voor Jesus neer: Hy bely en aanbid Hom. Nou eers sien die blinde man waarlik. Hy het die Here gevind. In werklikheid het die Here hom gevind. Hy het hom gesien toe hy as blinde bedelaar, langs die straat gesit het. Hy het klei gemaak en aan sy oë gesmeer met die opdrag om hom in die badwater Siloam te gaan was. Nou het Hy hom weer gesoek en gekry om nasorg aan hom te bestee. Elke verlore skaap het immers nasorg nodig, indien hy tot geloof kom. Hierin is Jesus vir ons die toonbeeld van die goeie herder. Hy vergeet nie maar die "evangelisasiegeval" nie, maar soek na hom om hom verder op die pad van die lewe te lei en te skraag. Hy vang hom op in sy herdersarms.

Ons het alle rede om bedroef te wees oor ons gebrek aan bewoënheid oor die verlorenes en afgedwaaldes. Daar is gelukkig nog mense wat die verlorenes soek en die weg van die lewe aan hulle wys – die weg na Jesus toe. Trek sulke mense dan weg of word hulle as lidmate van die kerk opgeneem, word dikwels egter weinig gesien van liefdevolle "nasorg". Die mense word aan hulleself oorgelaat en word vreemdelinge binne die "gemeenskap van die heiliges". Jesus het hom egter gesoek en gekry. Dit laat ons so dikwels koud.

Wat kan ons van hierdie dinge sê? Laat die Here Jesus self daarop antwoord: "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13).

## 28 Siende Blind

Joh. 9:29-41

*"As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde."* (Joh. 9:41)

Jesus het tot 'n oordeel of 'n krisis in hierdie wêreld gekom. Eintlik beteken dit dat Hy gekom het om mense te skif of te sorteer. Deur sy koms word die werke van God openbaar. Dit blyk daaruit dat die wese van mense aan die lig tree. Voor Hom word elke mens se innerlike ontbloot. Blinde mense word siende. Siende mense is blind.

Mense wat nog altyd gemeen het hulle kan sien en die werke van God verstaan, word nou as blindes aan die kaak gestel. Hulle vernuftige sisteem van sonde en sondevergelding stort in duie, waar Jesus verskyn. Die insigte van die Joodse leiers blyk in werklikheid blindheid te wees. Die blindelingse domheid van 'n armsalige bedelaar, word met insig en klaarheid begenadig. Hy sien homself en sy medemens in die ware Lig van die wêreld. Hy sien sonde en vergelding in die lig van die genade wat Christus bring. En dan kan Hy jubel: my sonde is waarlik weggeneem deur die Lam van God.

Maar dit is die allerlaaste wat 'n Fariseër kan erken. Daarom hulle verbaasde vraag: "Is ons dan ook blind?" Hulle, die wegwysers vir blindes, kan tog nie blind wees nie! Hulle leef immers by die lig van Moses en die profete! Selfversekerd bewandel hulle die pad van die wet en met vertroue wys hulle die pad vir die blinde volk. Nee, Jesus maak 'n fout, hulle is nie blind nie.

Dit is moeilik om vir skrifgeleerdes en Fariseërs te preek. Dit het nie alleen die Here Jesus ondervind nie – ook ons weet dit. Die Fariseër dra die kleed van vroomheid oor 'n onbewoë hart. Harteloos kan hulle die puntjies van die "i" op hulle Gereformeerdheid plaas. Gewoonlik verstaan hulle die kuns goed om die Woord, veral die wet, toe te pas op andere se sondes, maar hulle eie verskanste harte bly ongeraak. As hulle tog maar werklik blind was! As hulle tog maar tastend, hulpbehoewend, afhanklik, verwagtend gesoek het na die Lig van die wêreld! As hulle tog maar geleef het onder die besef van hulle eie diepe nood, dan was hulle toeganklik vir sy hulp .. .

"As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien!" Eintlik staan hier: "As julle blind was, sou julle nie verkeerd staan nie..." Dat hulle sondaars is, is immers 'n feit. Hulle houding teenoor die sonde is egter verkeerd. Hulle sê: "Ons sien." Daarom is die moontlikheid om uit die sonde verlos te word, uitgesluit. Hulle sonde bly. En die sonde maak 'n mens stokblind.

Dit is skrikwekkend hoe blind 'n sondaar kan wees. Hy is blind en berekend en wreed. Hy laat hom nie waarsku nie. Hy volhard in die blindheid, asof hy gegryp is in die ysere greep van natuurnoodwendigheid. En dit geld dikwels veral van die "kerklike" sondaar, wat soos die Fariseër sê: "Ek sien!" Hy laat hom nie red nie omdat hy nie gered wil wees nie.

## 29 Die Here is my Herder

Ps. 23

*Die HERE is my Herder.* (Ps. 23:1)

Voordat ons Joh. 10 behandel neem ons eers 'n terugblik na die Ou Testament.

Die gedagte dat God 'n herder is, vind ons eintlik dwarsdeur die Bybel. Dit spreek tot elke mens, wat enigsins 'n begrip het van die verhouding tussen 'n skaapwagter en sy kudde. Dit is opvallend dat die Bybel dikwels by die uitdrukking van die mees innige en tere verhouding van die gelowige tot God, gryp na 'n beeld uit die dierelewe. Die dier is vir die mens 'n stille prediker van aanhanklikheid en argelose vertroue. Dink aan die beeld in Ps. 84: "Selfs vind die mossie 'n huis en die swaweltjie 'n nes vir haar..." Só verlang die digter ook na die rus in God se woning.

Dit is geen wonder dat Dawid sing van die herder en sy skape nie. Hy was self 'n skaapwagter. Hy het die vertroue gesien waarmee die skape na hom opsien. Hy het gesien hoe hulle hul deur hom laat lei, hulle aan sy sorg toevertrou en dit het hom aangegryp. Die dier is 'n beskamende voorbeeld vir die mens.

Daarop kom die vraag in Dawid se hart op: Op wie verlaat ek my, soos hierdie skape hulle op my verlaat? Aan wie is ek gehoorsaam, soos hulle? Het ek ook iemand wat my lei en beskerm en voed?

Hoe kon Dawid, die man na Gods hart, anders as om die HERE te ken as sy Herder? Daarom sing Hy: "Die HERE is my Herder... niks sal my ontbreek nie... Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen ..." Dit is die beeld van rus en verkwikking wat ons alleen in die vrede met God het. Selfs in die dal van doodskaduwee, word die rus van ons nie weggeneem nie, want "u stok en u staf, die vertroos my." Eintlik moet ons hier dink aan 'n knopkierie en 'n staf. Met die knopkierie word die wilde diere en rowers verdryf en met die staf word die skape, wat wil afdwaal, teruggekeer. So beskerm die HERE ons van gevare van buite en Hy weerhou ons ook van die dwaalneiginge wat ons van binne wil verlei.

Die HERE is my herder... Só sing ons vanaf kindsbeen tot in ons ouderdom... Ons lewe in die rus van God. Die waarheid word in sy werklikheid ons deel deur die geloof in Jesus Christus, die goeie Herder, wat sy lewe vir die skape aflê. "Ek gee hulle (my skape) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 10:29).

U het 'n goeie Herder. Is u 'n gehoorsame en volgsame skaap?

## 30 Slegte Herders

Eseg. 34:1-17

*"Soos 'n herder vir sy trop skape sorg... só sal Ek vir my skape sorg."* (Eseg. 34:23)

Voordat ons by die gelykenis van die "Goeie Herder" in Joh. 10 kom, is dit goed om nog 'n terugblik te neem na die Ou Testament. In Eseg. 34 val die idilliese beeld van die rustige trop skape met hulle getroue herder weg. Die menslike herders in die dae van Esegiël vervul nie hulle roeping nie. Daar was herders wat hulle nie as herders gedra het nie. Ook Jeremia klae oor sulke herders (Jer. 23). Dit is die ontroue herders wat die skape ombring en verstrooi – wat aan hulleself weiding verskaf. In plaas dat hulle die skape van die Here oppas en voed, slag hulle die vettes en beklee hulleself met die wol. Hulle versterk die swakke nie; die sieke genees hulle nie; die verlorene soek hulle nie, maar hulle heers oor hulle met hardvogtige strengheid.

Ons as herders is ook sondaars. Ons het ook ons menslike swakhede. Mense verwag dikwels van herders bomenslike eienskappe en sien hulle foute deur 'n vergrootglas. Hulle foute en struikelinge word tot in lengte van dae onthou en handig aangewend wanneer die herder in sy herderstrou geroep is om hulle te vermaan. Ons moet onthou dat die Here hulle oor ons gestel het en dat ons ook met hulle swakhede en gebreke geduld moet hê.

Die herders self moet egter onthou dat hulle 'n hoë en heilige roeping moet vervul. Die getroue herder leef onder die besef van die oneindige sondaarsliefde van Christus. Hy is herder in die Naam van die goeie Herder en moet sy skape deur die oë van Jesus sien. Dan hou hy hom nie doof vir die geblêr van die sieke en die swakke en die struikelende nie. Dan soek hy die verlorene met ywer en 'n biddende hart. Die Here eis die bloed van elke skaap van die herder. O, 'n mens skrik as herder vir die geweldige verantwoordelikheid! Die ontroue herder – trouens elke herder – het geen rede om gerus te slaap nie. Hy mag sy kudde nie buite in die koue laat en homself die weelde van rus en genot veroorloof nie.

Dan gryp die Here self in. "Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie... en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat hulle nie as voedsel sal dien nie. Want só sê die Here HERE: Kyk, hier is Ek en Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg. Soos 'n herder vir sy trop skape sorg... so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid ..."

Wee die ontroue herders... Maar gelukkig is daar ook die getroue Herder, wat sy lewe vir sy skape aflê.

## 31 Die Dief

Joh. 10:1-10

"... *hy is 'n dief en rower."* (Joh. 10:1)

Ons begin met die gelykenis van die goeie Herder. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower." Vreemd is die begin van hierdie gelykenis, wat in werklikheid meer as 'n gelykenis is. Dit is 'n allegorie. In 'n gelykenis is gewoonlik een punt van vergelyking. By 'n allegorie gaan dit ook om die onderdele. Ons moet egter versigtig wees. Die allegorie beeld geen geskiedenis uit nie. Dit verduidelik alleen wie die herder is en wat Hy vir sy skape doen.

Om die vergelyking te begryp, moet ons ons die skaapkraal in die tyd voorstel. Dit was in werklikheid geen stal nie, maar bloot 'n kraal êrens in veld. Die skape gaan in en uit deur die hek of deur. Hulle word saans in die kraal gejaag om hulle te beskerm. Dan neem 'n deurwagter oor van die herder of herders. Teen die môre word die deurwagter afgelos. Die herders kom om hulle skape uit te lei. Elkeen roep syne by die naam en hulle gaan onder sy hand of staf deur. Hy gaan dan voor hulle uit en hulle volg hom na die veld.

Die vergelyking begin nie by die herder self nie, maar by die inklimmer, die dief of moordenaar. Hy durf nie die deur nader nie, want die deurwagter sou hom onderken. Hy probeer om oor die muur te klim, sonder dat die deurwagter hom sien.

'n Deur dien 'n tweërlei doel. Dit stel iemand in staat om in te gaan en uit te gaan. Dit hou ook in dat ongeoorloofde mense afgeweer of buite gehou word. Daartoe dien die deurwagter ook – hy moet waak teen indringers. Jesus begin dus om te praat van die volk van God – die verbondsvolk – wat bewaar en bewaak moet word. Hulle behoort aan die Herder en word in sy kraal bewaak en beskerm teen diewe en rowers.

'n Mens dink onwillekeurig aan Paulus se waarskuwing tot die ouderlinge van die gemeente van Efese in Hand. 20: "Want ek weet dit dat ná my vertrek, wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie." Die Here Jesus praat ook van die diewe en rowers wat voor Hom gekom het. Hy sou seker daarmee die Fariseërs en Skrifgeleerdes in die oog hê.

Een ding is seker: diewe en rowers is altyd besig. Hulle aanvoerder, die duiwel slaap nie. Hy gaan rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hulle kom ongeoorloof – soms selfs in die Naam van die goeie Herder – maar hulle is sku vir die deur en die deurwagter. Hulle klim sommer oor die muur en doen dit liefs in die nag, wanneer die herder rus.

# Junie

## 1 Op naam geken

Jes. 42:1-8

"... *hy roep sy eie skape by hulle naam."* (Joh. 10:3)

"Maar hy wat by die deur ingaan, is die herder van die skape. Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; en hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit."

Na die gevaarlike nag kom die herder. Hy gaan na die deur van die kraal toe. Dit is die regte weg. Die deurwagter maak vir hom oop. Wat 'n ontroerende tekening vind ons hier van die dierelewe! Die stug en dom skape – ons ken die uitdrukking: "jou onnosele skaap" – herken die stem van hulle herder. Waarom? Omdat hulle hom ken wat met hulle omgaan. Elke dag is hy saam met hulle in die veld. Hy het aan elkeen 'n naam gegee. En hy roep hulle een vir een en hulle kom vertrouensvol en rustig aangestap na die deur toe. Hulle gaan kalm na buite onder die troue hoede van hulle herder. Dat hy hulle name gee en hulle op die naam roep is die bewys dat daar tussen hom en sy skape 'n intieme persoonlike band van vertroue bestaan.

Só gaan God met mense om. Sy eie skape ken Hy by die naam. "Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne" (Jes. 43). Ons ken die uitdrukking in die volksmond dat 'n kindjie by die doop "sy naam ontvang." In 'n sekere sin is dit waar. Die kindertjies word in elk geval by die doop op hulle name genoem. En God ken hulle by die naam. Hy ken hulle vir ewig omdat hulle syne is. En eenmaal ontvang hulle 'n nuwe naam. "En Ek sal hom gee 'n wit keursteen en op die keursteen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang" (Openb. 2:17).

Eensaamheid beteken dat 'n mens aan niemand behoort nie. Die skaap van die Here se enigste troos in lewe en in sterwe is dat hy nie aan homself behoort nie, maar aan sy getroue Saligmaker Jesus Christus. Hy ken ons by die naam, omdat ons aan Hom behoort en Hy ons liefhet. Om dit te weet bied aan die gelowige 'n anker en 'n vertroue wat nêrens elders op aarde te vinde is nie. En dan kan ons maar kerm: "Ek is behoeftig en ellendig..." ons voeg rustig daarby: "die Here dink aan my." Ek is immers sy eiendom.

Daarom gaan die Here voort in die profesie van Jesaja: "As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie..." Waarom nie? Omdat Hy gesê het: "Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne."

Sou ons nie baie meer aan vreugde en troos besit nie indien ons lewe uit die wete: Ek behoort aan die Here? Hy ken my by die naam!

## 2 Ons Voorloper

Jes. 49:8-13

"... *loop hy voor hulle uit.*. ." (Joh. 10:4)

Ons het nog te doene met die herder en sy skape. In die vroeë oggend kom die herder na die skaapkraal om sy eie skape uit te lei. Hy roep hulle by die naam en een vir een kom hulle. "En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom omdat hulle sy stem ken."

"Bring die mense na Jesus toe! Bring hulle na die kraal toe! Bring hulle kerk-toe!" Dit is stemme wat ons goed ken. Ons is geneig om alleen te sê dat Jesus die skape in die stal bring. Hier staan dit andersom: Hy bring hulle na buite. Ons lê die nadruk daarop dat ons veilig in Jesus se hoede is; ons word in Hom beveilig en onttrek aan gevare.

O ja, die skape is snags binne die veilige beskerming van die kraalmure met 'n wag by die hek. Maar dan kom die herder en hy roep hulle na buite. Hy trek met hulle na die veld om weiding te vind. Daar is groen weivelde en waters waar rus is, maar daar is ook rowerbendes en wilde diere. Hy lei hulle juis na buite – die gevare tegemoet.

Ons moet die wêreld in. Ons moet die arbeid in die koninkryk van God tegemoet tree. Waar ons hier lees: "En wanneer hy sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit," staan eintlik dat hy hulle uitdryf of selfs uitwerp. Hier staan in Grieks dieselfde woord, wat gebruik is toe die Jode die blindgebore man "uitgewerp" of "uitgeban" het. So werp Jesus sy skape as 't ware uit in die wêreld.

Ons christenskap is nie 'n gemaklike rustige baantjie nie. Dit is 'n weg van selfverloëning en kruisdra. Dit is 'n pad van dorings en struikelblokke. *Ons* staan *in* die *stryd teen ons doodsvyande en dit is* 'n stryd ten bloede toe.

Maar gelukkig gaan Hy, die goeie Herder, voor sy skape uit. Christus loop langs die paaie van die wêreld sy toekoms tegemoet. Hy is die baanbreker, die opvanger van die slae en aanvalle. Soos Hy vervolging en nood moes verduur – só ons ook. Soos Hy gehaat is, só ons ook. En tog is daar die een wesenlike verskil. Hy was van God verlate, opdat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie.

Ook die herders van sy skape – die herders van alle eeue – moet voorlopers wees. Dit is gewis nie maklik nie, maar dit is heerlik om die weg te kan baan vir jou kudde. Dit is genade om vir jou kudde te kan instaan – vir hulle in die bresse te tree en selfs vir hulle jou lewe feil te hê.

## 3 "Ja" en "Nee"

Ef. 4:17-32

*"Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie."* (Joh. 10:5)

Die skaap ken die stem van sy herder. Ons ken die stem van ons Herder uit sy Woord. Op sy stem wat roep sê ons: "Ja, ek kom Here Jesus!" Ons volg Hom omdat ons sy stem ken. Dit is die allerdierbaarste stem. Die skaap vlug weg van die vreemde. Die stomme skaap kan duidelik onderskei, wanneer sy Herder aan die woord is. Na Hom luister hy en sê in woord en daad: "Ja!"

Die volgeling van Jesus Christus kan ook sê: "Nee!" Hy moet ook kan sê: "Nee!" Hy kan ook hoor: dit is nie die stem van my Herder nie. Hier is gevaar – doodsgevaar – en hy slaan op die vlug. Teenoor die "ja" aan sy Herder is daar ook die innerlike "nee". Die positiewe gehoorsaamheid aan die goeie Herder bring ook mee die negatiewe ongehoorsaamheid aan die verleier. Dit is in der waarheid so dat alleen hy wat waarlik "Ja" gesê het vir die goeie Herder waarlik in staat is om vir die vreemde "Nee" te sê. Die neutrale of weifelende of halfhartige kan nie werklik "Nee" sê, wanneer die verleiding op sy weg kom nie. Hy voeg hom na omstandighede en soek altyd die weg van die minste weerstand.

Hierdie dinge is vir ons van groot waarde in die praktyk van ons lewe. Ons word meer en meer wysgemaak dat daar geen bindende beginsels of norme is nie. Ons moet veral oppas vir "negativisme", word gesê. Voed jou kind positief op en moet nooit sê "Nee!" of "Jy mag nie!" Wees maar net openhartig en verdraagsaam en hou jou kind of medemens se vertroue. Dit is egter, helaas, 'n groot waarheid dat geen kind of mens enige vertroue het in die man of vrou wat nooit die durf het om te sê: "Nee, dit mag nie!"

Dit is moeilik vir 'n christenmens om te lewe en koers te hou in die tyd, waarin die sg. "permissiwiteit" die septer swaai. Norme en tradisies en "taboe's" lei dan sogenaamd net tot frustrasie. Elke mens het die reg om hom uit te lewe soos hy wil. Die enigste "sonde" is om mense se "vryhede", om te doen net wat hulle op aarde wil, aan bande te lê.

Dit is gewis nie die stem van ons Herder nie. Dit is die stemme van diewe en rowers. Dit is 'n vreemde taal wat nie sy klankbodem uit die Woord van die goeie Herder ontleen nie, maar dit kom uit die werkplaas van die vader van die leuen. En hy was 'n mensemoordenaar van die begin af. Deur hierdie gees vermoor hy sy miljoene in ons tyd. Pasop vir die verleidende stem wat sê: "Almal doen dit!" "Almal" is nie ons norm nie. Die stem van ons Herder is ons beginsel.

## 4 Gaan in deur die nou poort

Luk. 13:22-30

*"Ek is die deur. .."*

"Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind."

Ons moet hier dink aan 'n skaapkraal. Geen skaap kan daar inkom of uitgaan, indien hy nie van die deur gebruik maak nie. En nou sê Jesus: "Ek is die deur..." Tot nog toe het Jesus in die vergelyking gepraat in die derde persoon. Só langsamerhand word die "Ek" -spreuk nou gevorm. Die beeld van die herder en sy skape in hulle kraal is soos 'n diamant met allerlei fasette, wat meer en meer aan die lig kom soos die gelykenis gaandeweg ontvou word. Hier vind ons vir die eerste keer die uitdrukking "Ek".

'n Mens sou verwag dat Jesus sou sê: "Ek is die Herder". Dit is immers die mees voor-die-handliggende aansluiting by die beeld uit die Ou Testament, waar die Here die Herder is en sy volk die skape. Nou is dit egter: "Ek is die deur..." Jesus is die deur omdat Hy Homself stel tussen die onveiligheid buite die skaapkraal en die veiligheid daarbinne. Die paniekbevange skape, wat buite blootgestel is aan die gevare van wilde diere en diewe en rowers, wat daarop uit is om te steel, te slag en te verskeur, haas hulle om by die deur van die skaapkraal te kom. Gaan hulle in dan ... is hulle veilig. Jesus is die deur; geen dief of moordenaar kan hulle nou bereik nie.

Het 'n mens eenmaal deur die deur ingegaan, dan kom daar egter 'n verandering wat blywend is. "As iemand deur My ingaan sal hy gered word..." Hy is gered; hy is salig; hy ontvang die ewige lewe. Die geloof in Jesus bied ons die toegang tot die kudde van God. Sonder Hom kom geen mens daar nie. "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie," sê Petrus in Hand. 4. Almal wat in Jesus glo, as die Christus, die Seun van die lewende God, is gered.

En is die verlore skaap eenmaal gered, dan gebeur daar iets wonderlik: "As iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind." By die skaap is dit vanselfsprekend. Hy skuil in die nag in die kraal, maar bedags moet hy weer uit om weiding te vind. Wanneer Jesus sê dat hy sal "uitgaan", beteken dit nie dat hy weer "uit sy geredde toestand" gaan nie. Hy is gered en bly gered, maar hy trek weer rustig na buite as "nuwe mens" om sy taak in die wêreld te vervul. Hy vind weiding onder die hoede van die getroue Herder. Hy het immers nie alleen die skaapkraal binnegegaan nie, maar hy leef nou "in die Here". "Bly in My, soos Ek in julle," sê Jesus elders.

'n Verloste sondaar is 'n geankerde mens. Hy behoort aan die Here. "Ek gee aan hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Vers. 28). Dit is die voorreg van 'n skaap van Jesus Christus. Die groot vraag is maar of 'n mens ingegaan het deur die deur van die skaapstal.

# 5 Die Goeie Herder

Luk. 23:33-46

*"Ek is die goeie Herder."* (Joh. 10:11)

Eindelik kom die gedagtegang tot rus: "Ek is die goeie Herder." "EK IS." Nou is ons by Ps. 23: "Die HERE is my Herder..." En by Jes. 40: "Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei." En by Eseg. 34: "Soos 'n herder vir sy trop skape sorg... so sal Ek vir my skape sorg... en Ek sal hulle red ..." Die naam HERE beteken "EK IS WAT EK IS" en hier is Hy nou in die "EK IS." van Jesus. "Ek is die goeie Herder."

En dan tree ook aan die lig waarom Hy die goeie Herder is. "Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape." Só sterk staan dit nie in Ps. 23 en Jesaja 40 en Eseg. 34 nie. Daar is wel sprake van "groen weivelde en waters waar rus is en dat Hy my lei in die spore van geregtigheid..." Daar is wel sprake in Jes. 40 en Eseg. 34 van redding en bewaring en liefderyke sorg. Hier kom egter 'n nuwe faset van die kosbare diamant aan die lig: die herder lê sy lewe af vir die skape. Die teëstelling tussen die goeie herder en die ontroue herders tree veel skerper aan die lig. Hy is bereid om vir sy skape te sterwe, terwyl die ontroue huurling die rower of die ondier sien kom en op die vlug slaan.

"Ek is die goeie Herder." Die woord "goed" het in ons spraakgebruik 'n byna kleurlose betekenis gekry. Dit sê eintlik vir ons nog weinig. Om die oorspronklike betekenis van die Griekse woord weer te gee, moet 'n mens dit eintlik omskrywe. "Ek is die moedige Herder." Die moedige herder slaan nie op die vlug nie, maar sit sy lewe op die spel vir sy skape. Ook: "Ek is die ware Herder", of "die eie Herder", in teëstelling met die huurling, aan wie die skape nie behoort nie, wat in hulle alleen die eiendom van iemand anders sien en wat as die wolf kom, hom aan die kudde onttrek en op die vlug slaan.

Ons weet uit ervaring dat 'n mens meer oor het vir jou "eie goed" as vir die van iemand anders. Watter huurling sal sy lewe op die spel plaas vir die skape van 'n ander? As Herder van sy kudde ken die Here sy lammers van kleins af – eintlik van ewigheid af (Ef. 1) – en Hy het hulle grootgemaak. In die diepste sin behoort hulle aan Hom. Hy is nie bloot toevallig oor hulle gestel nie. Die huurling hou toesig, maar hy het geen insig nie. Hy ken hulle nie persoonlik van binne nie. Hulle diepste nood en behoefte gaan by hom verby. Sonder om te blik of te bloos gee die huurling aan die skape klippe vir brood.

Nêrens kom die innige band tussen die herder en sy kudde só duidelik aan die lig nie, as dat ons goeie Herder sy lewe vir ons afgelê het. "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee", sê Hy in Joh. 15. Dan besef ons dat die beeld van die herder en sy skape vir ons 'n dierbare betekenis het. Ons sien Hom, bloeiend aan die kruis, waar Hy sy lewe vir ons gee om ons te red uit die dood van sonde en ongeregtigheid en vir ons die lewe te gee.

Bly onder die troue hoede van u enigste goeie Herder!

## 6 Wedersydse kennis

Ps. 45

*"Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape."* (Joh. 10:15)

Hier gaan dit nog om die Herder en sy skape. Jesus vergelyk die kennis waarmee Hy en die Vader mekaar ken, met die kennis waarmee Hy en sy skape mekaar ken. Hy ken ons volmaak. Ons kan Hom nimmer volmaak ken nie en tog ken ons Hom op 'n besondere wyse. Ons ken Hom op 'n ander wyse as wat ons enigiemand anders ken. Kyk ons weer na Matt. 11 dan begryp ons dit beter: "ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en *elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar."* Die kennis wat ons van Hom en die Vader het, is *geopenbaarde* kennis. Dit is kennis van bo. Dit gaan bo ons sintuie uit. Dit is van hemelse oorsprong. Dit is wel 'n kennis ten dele (1 Kor. 13), maar dit is 'n ware en onwankelbare kennis.

Dit is die wesenlikste van God dat Hy geken word deur die Seun. Sy wese spieël Hom af in die Seun. Elke liefdesband, wat 'n swakke beeld is van die goddelike liefde, kaats terug. Dit is wederkerend. Dit is 'n heen-en-weerkaatsing tussen persoon en persoon. Liefde is nooit swewend of onpersoonlik nie. Dit is nie gestalteloos nie, maar kry omtrek en gestalte in die geliefde. Ook die aardse liefde bestaan in die diepe kennis van mekaar. Daarin bloei by die mens sy eintlike lewe.

Ons eintlike eensaamheid is dat ons nie geken word, soos ons werklik is nie. Onder die eensaamheid van die miskenning ly baie mense. Daaronder het Jesus self bitter gely. Selfs sy dissipels het Hom in sy bitterste oomblikke nie geken of begryp nie.

"Ek ken my eie en word deur my eie geken" word soms bitter geloënstraf in sy dissipels se lewe. Só het die twaalf – die mees intieme kring waarin Hy Hom op aarde beweeg het – soms vér van Hom gestaan. Hulle het Hom nie waarlik geken nie. En tog het hulle Hom nog geken en erken as hulle goeie Herder. Hulle kon van Hom nie loskom nie, al het hulle Hom nie waarlik geken nie. Selfs toe Hy in die graf gelê het, kon hulle nog nie van Hom wegkom nie. Al verstaan hulle nie, Hy is nog hulle Herder.

Wat vir ons van groot belang is, is dat Hy ons ken omdat Hy ons liefhet, sodat Hy selfs sy lewe vir ons gegee het. Calvyn waarsku dat ons moet oppas vir allerlei spekulasies en aan die een ding moet vashou: Christus kan ons net so min vergeet as wat die Vader die Seun kan verwerp of verwaarloos.

En dan weerkaats hierdie liefdeskennis. Sy hart gaan uit tot ons en ons antwoord met ons liefde – al is dit gebrekkig en onvolmaak. Ons ken Hom, ons Herder. Ons soek Hom. Ons volg Hom. Ons lewe is om naby Hom te wees. Só sien ook die wêreld dat ons leef uit 'n kennis wat hulle nie het nie. Dit is die kennis van God in Christus, wat ons liefhet met 'n onbegryplike ewige liefde.

## 7 Wêreldwyd één

Ef. 2:11-22

*"Een kudde, een Herder ..."* (Joh. 10:16)

Die goeie Herder is nog aan die woord. Die aandstemming tree nou in. Die Herder is besig om sy kudde te versamel. Hy moet hulle bymekaar maak en teruglei na die kraal. Hy bekyk die kudde wat rustig op pad is na die kraal. Dan merk Hy dat dit nie al sy skape is nie. Daar word skape uit sy kudde gemis. "Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie."

Voor Jesus, die goeie Herder, staan of sit sy dissipels. Hy ken hulle almal by die naam. Sy blik kring verder uit. Ja, hier is hulle almal... En tog is daar nog 'n leemte. Hulle is almal Jode. Hulle behoort aan hierdie stal... Daar buite in die veld swerf nog ander skape rond. Wie weet waar... Later, voor sy hemelvaart, word dit duidelik wat Hy bedoel. Hy stuur sy apostels die wêreld in om in sy Naam sy kudde te versamel.

Ruim en wyd is die blik van die Herder. Hy speur en soek na sy skape... Nie alleen uit Israel nie, maar ook uit Asië en Europa en Amerika en... donker Afrika... Ook ons behoort aan sy kudde .. . Ons gekleurde broeders en susters uit swart Afrika is ook onder sy kudde ... Sy herdersoë sien hulle en sy herdersliefde ruk hulle uit die kloue van afgodediens en bygeloof... Hulle kom kraal toe – na sy kraal toe en sy eienaarsblik gaan liefdevol oor hulle... "My skape..." sê die goeie Herder.

"En dit sal wees: een kudde, een Herder." Kan dit? Wat dan van die verskeurdheid en verskille en stryd en rusie en onderlinge afguns tussen gelowiges en kerke? Ja, wat van al die kerke en kerkies en strominge en enkelinge, wat selfs van 'n kerkverband nie wil hoor nie? Wat van al die volke en stamme en tale en nasies? Uit almal is daar wél skape van Jesus, maar is ons nie dikwels meer "volksgebonde" as "Jesus-gebonde" nie?

"Eenheid!" is die kreet en strewe van die mensdom van ons tyd. En saam met die kerk van die eeue moet ons bely: Die verskeurdheid is die gevolg van ons sonde. Dit kom nie van die Here nie. Die goeie Herder wil dit nie so hê nie.

Ek sê dit egter met die volle besef van my verantwoordelikheid teenoor Hom wat my geroep het: ek is bang vir die eenheidskreet van ons tyd. Ek is bang dat ons "een kudde" mag word, maar dan sonder die goeie Herder gaan sit. En aan 'n kudde sonder die Herder kan en mag ek nie my kudde en my nageslag toevertrou nie. Sonder die Herder is ons verlore ... al is ons één kudde uitwendig.

Bid en stry en werk vir eenheid! Doen dit in alle erns deur die krag van die Heilige Gees! Maar moet in hemelsnaam nie die Herder se stem verdring deur die stem van Babel nie!

## 8 Die Keuse

1 Kor. 2:1-16

*"Hy is van die duiwel besete en is kranksinnig."* (Joh. 10:19)

Daar onstaan verdeeldheid onder die Jode oor Jesus. Dit gaan om wat Hy gesê het. Uit die twisgesprekke van die Jode is dit duidelik dat 'n mens voor een keuse gestel word: òf Jesus is besete òf Hy is die Christus. Daar is alleen die twee moontlikhede. Sy woorde is die spraak van 'n kranksinnige óf dit is die waarheid. Sy tydgenote het voor die keuse gestaan en dit duidelik ingesien.

Vandag wil mense voorgee dat dit nie meer die keuse is nie. Dit word vertel dat Jesus 'n besonder voorbeeldige en wyse rabbi was. Hy was sedelik 'n hoogstaande mens en dit is die moeite werd om sy voorbeeld na te strewe. In sy sedeleer was Hy sy tyd vér vooruit. Die leer van die Christelike kerk, dat Hy die Seun van God is, is egter 'n idealisering van sy beeld deur die ou Christelike kerk. Selfs sy opstanding beteken maar net dat sy gedagtenis voortlewe onder sy volgelinge ... So is die trant van die redenasie min of meer .. .

Hierdie opvatting is egter in stryd met die hele evangelie. Johannes die evangelieskrywer verklaar self: "Hierdie dinge is beskrywe *dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God;* en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (Joh. 20). Sy tydgenote het Jesus nie aangesien vir 'n goeie mens of 'n wyse leraar nie. Nee, die botsing tussen die Jode en die ergernis teen Jesus lê daarin dat Hy voorgegee het dat Hy die Seun van God is. Dit was die struikelblok vir die Jode. Dit was in hulle oë kranksinnigheid. Hy is van die duiwel besete om so-iets te leer.

Die sogenaamde waardering van Jesus deur moderne mense wat in Hom 'n goeie en gawe sedeleraar of voorbeeld sien en niks meer nie, is nie die waardering van die Christus van die Skrifte nie. Só het Hy Homself nie aangedien nie en so 'n beeld het die geskiedenis ook nie van Hom geteken nie. Dit is 'n spotbeeld van die geskiedkundige Jesus. Tereg verklaar Albert Schweitzer: "Die liberale Jesus-figuur is 'n gestalte, deur die rasionalisme ontwerp, deur die liberalisme van lewe voorsien en deur die moderne teologie in 'n historiese gewaad geklee."

Nee, die keuse is nog vandag: was Jesus kranksinnig of het Hy die waarheid gepraat? Was Hy 'n grenslose hoogmoedige wese wat Homself die eniggebore Seun van God genoem het, of is Hy wat Hy gesê het dat Hy is? Moenie dink dat enige mens voor Hom neutraal kan staan en voorgee dat jy waardering vir Hom het, al glo jy nie in Hom as die Seun van God nie. Geen redelike mens wat sy aansprake noukeurig nagaan, kan dit as normaal beskou as jy dit nie wil glo nie. Verwerp Hom of buig voor Hom; verag Hom of aanbid Hom – dit is die keuse. Anders is jy besig om jouself en jou medemens en God te "bluf" – en Hy laat Hom nie "bluf" nie.

Elke mens moet bereid wees om te kies en dit radikaal te doen. Daar is alleen twee weë: vir of téén Hom. Wys Hom af – radikaal as 'n bedrieër – of buig eerbiedig voor Hom neer en aanbid Hom as die Christus, die Seun van die lewende God.

## 9 Ongeloof en Twyfel

Matt. 11:1-6

*"Hoelank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit."* (Joh. 10:24)

Tydens die fees van die tempelwyding is Jesus weer met sy dissipels in Jerusalem. Ondanks die vyandskap van die Jode bly Hy nie weg nie. Terwyl Hy wandel in die pilaargang van Salomo omring die vyandige Jode Hom met die vraag: "Hoelank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit."

Op die oog af is dit geen onredelike vraag nie. Die gesindheid agter die vraag is egter verkeerd. Hulle het reeds op allerlei maniere probeer om Jesus in sy woorde te verstrik. Hulle weet baie goed dat Hy Homself as die Christus beskou. Ons kan derhalwe die vraag nie anders sien nie as dat hulle 'n poging aanwend om só 'n duidelike verklaring van Jesus te kry dat hulle teen Hom kon optree. Wat Hy tot dusver gesê het kon nog nie duidelik genoeg gebruik word as getuienis teen Hom nie.

Hulle wil nou 'n bepaalde Messiasverklaring uit sy mond hoor. Die Messias was vir die Jode ook die verwagte aardse vors, wat hulle van hulle aardse vyande sou verlos. Verklaar Hy nou openlik dat Hy die verwagte Messias is, sou hulle Hom ook van oproer teen die Romeinse owerheid kon aanklae. Daarom dring hulle aan: "U gee voor dat U die Messias is, maar U sê dit nie ronduit nie. Wees nou duidelik openhartig en sê aan ons eens en vir altyd of U die verwagte Christus is of nie."

Johannes die Doper het ook min of meer dieselfde vraag aan Jesus gestel by monde van twee van sy dissipels: "Is U die één wat sou kom of moet ons 'n ander een verwag?" (Matt. 11). En tog is daar 'n hemelsbreë verskil tussen die vraag van die Jode en van Johannes. Johannes wou sy twyfel uit die weg ruim. Die Jode wou 'n verklaring uit sy mond hê om Hom te kan veroordeel. Johannes twyfel en tog vra hy gelowig by Jesus self om helderheid. Hy staan op die geloofstandpunt en die Jode nie. Johannes wou van sy twyfel ontslae raak. Die Jode wou van Jesus ontslae raak.

Hier het ons 'n tipiese maatstaf om te onderskei tussen twyfel en ongeloof. Die twyfelaar wil van sy twyfel ontslae raak en soek daarom lig by die Here in sy Woord, in die kerk en in die gebed. Die ongelowige wil met sy vrae bewys dat God nie bestaan nie of dat Jesus nie die Christus is nie, om van Hom ontslae te raak. Hy wil die Here ten alle koste van sy lyf af weghou. God is vir hom 'n vyand wat hy wegredeneer, omdat hy Hom uit sy lewe wil uithou.

## 10 Ongeloof

Jes. 40:12-26

*"Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie.''* (Joh. 10:25)

Die Jode verwyt die Here Jesus: "Hoelank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit." Daarop antwoord Jesus: "Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie."

'n Mens vra jouself af waarom hulle nog vra na 'n uitspraak van Homself. Hulle het vroeër alreeds gesê: "U getuig van Uself, u getuienis is nie waar nie" (8:13). Waarom vra hulle nog na sy selfgetuienis, as hulle dit tog nie van gewig beskou nie? Dit is duidelik dat agter die vraag 'n bepaalde verskuilde motief lê. En Jesus, wat hulle harte ken, antwoord dan: "Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie."

Jesus het genoeg gesê vir elkeen om te weet Wie Hy is. Daaroor hoef die Jode waarlik nie meer te twyfel nie.

En soos met Jesus self, só is dit ook met sy Woord. Hy het aan ons genoeg in sy Woord bekend gemaak. "Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word" (Ned. Gel. Bel. Art. 7). Hy het sy Woord gegee – meer het ons nie nodig nie.

Waarom wil die Jode meer weet? Waarom soek die sogenaamde wyse en verstandige mens na meer getuienis as wat ons in die Bybel het? Die antwoord is altyd: "... julle glo nie..." Dit is die grondoorsaak van die soort vrae. "Julle glo nie. Julle het klaar standpunt ingeneem. Julle is klaar in julle harte oortuig van julle ongeloofstandpunt. Julle glo nie in Jesus Christus nie. Julle glo nie in God die Skepper nie. Julle glo in die toevallige ontstaan en ontwikkeling van alle dinge. Daarom is die Bybel vir julle nie genoegsaam nie..."

Jesus het selfs meer gegee as bloot sy selfgetuienis in sy woorde. Hy sê voorts: "Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, die getuig van My." Selfs sy tekens en wonders kon hulle nie oortuig nie. Waarom sou Hy dan nog by sy woorde 'n ekstra verklaring voeg?

Dit geld ook vir die ongeloofstandpunt van die huidige geslag. Ons tyd van kernwetenskap en ruimtereise openbaar meer as ooit tevore die werke van God in die natuur. As iemand maar net wil kyk, dan sien hy nou hoe wonderlik die werke van God is. Waarom sien hulle dit dan nie? "Julle glo nie . .." is die antwoord.

Die Here het genoeg gegee. Hy gee nog altyd oorvloediglik vir elkeen wat oë het om te sien. Slaan net julle oë op en kyk! (Jes. 40). En aanbid Hom die Skepper in Jesus Christus onse Here!

## 11 Luister en Volg

Jes. 62

*"My skape luister na my stem... en hulle volg My."* (Joh. 10:27)

In sy gesprek met die ongelowige Jode sê Jesus vir hulle; "Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie..." Die ongeloof is blind en doof. 'n Skaap ken die stem van sy herder – hy luister en volg Hom.

Só kom ons dan weer by die Herder en sy skape. Dit is 'n beeld wat Jesus waarskynlik meer as een keer gebruik het. Dat Hy die Herder van sy skape is, is 'n sentrale gedagte in sy prediking. Dit is asof Hy nie daarvan kan wegkom nie. Dit druk immers op 'n sprekende wyse die verhouding tussen Hom en sy volgelinge uit.

Teenoor die ongelowige Jode wat nie van sy skape is nie, stel Hy nou die gesindheid en optrede van die gelowiges: "My skape luister na my stem ... en hulle volg My." Hier kom twee kentekens van die ware geloof aan die lig: *luister en volg.*

"My skape luister na my stem:". "Luister" is meer as om bloot te "hoor". 'n Mens kan hoor sonder om te luister. Jy kan hoor sonder om in te neem en te reageer. Dink aan Lidia die purperverkoopster. "En 'n vrou met die naam van Lidia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatire, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is" (Hand. 16). Daar het ons ook die geheim waarom mense na die stem van Jesus luister. Hy open hulle harte. Hy gee hulle die geloof. Hulle glo, daarom luister hulle. Hy maak hulle tot sy skape – daarom luister hulle. Hulle ken Hom, omdat Hy hulle geskape het tot sy eer.

Vanselfsprekend volg op die "luister" "en hulle volg My". Dit beteken bloot: "hulle gehoorsaam aan my Woord." 'n Christen luister na die stem van Jesus in sy Woord. Hy herken daarin die stem van sy Here en Meester, soos die skaap die stem van sy herder. En dan is Hy gehoorsaam aan sy Here, soos die skaap al agter sy Herder aanloop. Hy is nie alleen 'n hoorder van die Woord nie, maar ook 'n dader van die Woord.

So sien ons sy skape Sondag in die kerk. Hulle hoor sy Woord. Hulle luister daarna. Hulle neem dit in. Die vertroostinge en bemoediginge verkwik hulle, soos die skape op die groen weivelde verkwik word. Word hulle bestraf en vermaan dan aanvaar hulle dit – hulle laat hulle teregwys. Hulle Herder het immers ook 'n staf om die weerbarstiges weg te keer van die afgronde af.

En dan sien ons hulle van Maandag tot Saterdag. Hulle lewensvraag bly: "Wat wil U hê dat ek moet doen?" En dan doen hulle dit. Hulle beoefen die godsaligheid in die praktyk. "Vertrou op die HERE en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart..." (Ps. 37).

## 12 Ons enigste troos

Matt. 5:1-12

*"En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."* (Joh. 10:28)

Hoe meer 'n mens oor hierdie uitspraak nadink, hoe dierbaarder word dit. Hier kom aan die lig ons enigste troos in lewe en in sterwe. Dit is dat ons in lewe en in sterwe nie aan onsself toebehoort nie, maar aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus... Wat het 'n christenmens meer nodig om te weet as dit?" *En Ek gee hulle (my skape) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie* ..."

"Ek ken hulle... En Ek gee hulle..." Hy gee oorvloediglik... Hy gee aan hulle wat Hy ken... van ewigheid af ken Hy die syne . . Hy gee Homself oor in die dood om aan ons die lewe te kan gee... Hy gee Homself vir ons en Hy is die ewig Lewende... Hy is self die lewe... "Ek is die weg en die waarheid en die lewe..." (Joh. 14). En dan deel Hy die lewe uit... Hy gee dit aan sy skape ... En dit is die ewige lewe... Dit is die ware lewe, waarteen die dood niks vermag nie ... Die ewige lewe – die ware lewe – lê 'n mens nie af wanneer jy sterwe nie ... Jy tree alleen vanuit die verganklike tot die onverganklike ... Jy sluit jou oë om dit oop te maak in die ewige lig... Jou lewe kan nie uitgedoof word nie, want dit is die ewige lewe.

Sy skape besit alreeds op aarde die ewige lewe. Hulle is wedergebore. Hulle besit die ewigheidsbeginsel. Hulle leef in vrede met God en onder 'n geopende hemel. Hulle deel elke dag in die gawes wat hulle hemelse Vader in oorvloedige liefde op hulle uitstort. Dit is 'n onverliesbare besit. Tot in alle ewigheid behou hulle hierdie ewige lewe. Waar dit nou onvolmaak – selfs net 'n klein beginsel is – sal dit hierna in die ewige heerlikheid in volmaaktheid bloei voor Hom die verheerlikte Herder. Nooit, tot in alle ewigheid verloor ons dit wat Hy ons gegee het nie...

"Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

Moet dan nie bang wees nie, klein kuddetjie! Julle word vasgehou deur 'n ewige hand. Die duiwel gaan rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. "Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het" (Openb. 12). Die wêreld ruk aan ons in tye van ellende en nood en vervolging... Hy ruk selfs veel gevaarliker in voorspoed en weelde en singenot wat gedurig wink en lok. En onsself is so swak... Die bose begeertes ontspring en groei soms onrusbarend tot 'n bruisende stroom wat ons willens en wetens wil meevoer...

En tog... Ons het alle rede om te roem. Ons roem nie in onsself nie. Ons ken onsself te goed. Ons roem in Hom wat Homself vir ons gegee het en aan ons die ewige lewe gegee het. Ons roem in Hom wat ons vashou ondanks die duiwel, die wêreld en onsself ...

## 13 Ewige Arms

Deut. 33:24-29

*"My Vader wat hulle aan My gegee het..."* (Joh. 10:29)

Jesus se skape is veilig. Hulle is onaantasbaar veilig. "Niemand kan hulle uit my hand ruk nie..." Geen mag in hemel of op aarde kan hulle van Hom roof nie. Uiterlike magte dreun op hulle aan. Innerlike twyfel wil hulle hul ankers ontneem. Hulle is egter veilig vir tyd en ewigheid. Veilig is Jesus se hand.

Om dit nog sterker te bevestig beroep Hy Hom op sy Vader. Dit is asof ons Middelaar opkyk na die hemel. Daar waar sy Vader woon. Die ewige onwankelbare God. Hy is God almagtig. Niemand kan roer of beweeg sonder sy wil nie. Jesus kan en mag spreek soos Hy gedoen het. Hy kan Hom beroep op sy Vader wat Hom gestuur het. Hy het sy volmag en waarborg van sy Vader.

Sy Vader het Hom nie alleen gestuur na die verlore skape nie. Sy Vader het hulle ook aan Hom gegee. Hulle is sy erfdeel wat Hy ontvang uit die hand van sy Vader. In sy kudde sien Hy 'n gawe van sy Vader. In hulle ontvang Hy 'n waarborg of pand van sy Vader wat alles te bowe gaan. Heerlik is die wisselwerking tussen Hom en sy Vader en tussen sy kudde en Hom en sy Vader. Dit is 'n onvervreembare wisselwerking en onlosmaaklike band.

Op aarde is daar vir Hom niks kosbaarders as hierdie gawe uit die hand van sy Vader nie. Vir hulle, sy kudde, het Hy blymoediglik sy lewe afgelê. Hulle, sy kudde, is swak, wankelmoedig en tog só wondbaar. En tog is hulle vir Hom die waarborg van die onwankelbare trou en liefde van sy Vader. Hulle is die oogappel van sy Vader. Hy het hulle lief van voor die grondlegging van die wêreld af. Hy ken hulle met erbarming en grote lankmoedigheid. Hulle is die volk van God in die wêreld. Ook u en ek tel onder hulle.

En, soos niemand hulle uit die hand van Jesus kan ruk nie, só kan ook niemand hulle uit die hand van sy Vader ruk nie. Dit sê Hy vir die Jode wat Hom haat en wil doodmaak. "Julle mag miskien dink dat julle my kudde gaan verstrooi en aan die wolwe ten prooi gee, indien julle My om die lewe bring. Hulle het egter niks te vrese nie. My Vader, die almagtige Heerser oor die hele skepping, het hulle aan My gegee en niemand kan hulle uit sy hand ruk nie."

Dit is ons heerlikheid en ons eenheid. "Een kudde – een Herder." Ons behoort aan Hom. Ons is in die almagtige hand van God. Die wêreld mag onder die heerskappy van die Bose lê, ons is in die hand van ons Vader deur Jesus Christus, onse Here. Só is die gemeente van Jesus seker van sy lot. Agter Jesus staan sy Vader, God almagtig en wie is teen Hom bestand?

# 14 Jesus se Skrifbeskouing

Ps. 19:8-15

"... *en die Skrif nie gebreek kan word nie..."* (Joh. 10:35)

Die Jode beskuldig Jesus van Godslastering omdat Hy gesê het: "Ek en die Vader is een." Hierop antwoord Hy: "Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit hulle gode noem tot wie die woord van God gekom het, *en die Skrif nie gebreek kan word nie,* sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik – omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?"

Die Here Jesus haal hier aan uit Ps. 82:6: "Ek self het gesê: Julle is gode en julle is almal seuns van die Allerhoogste..." Dit sê die digter in die psalm van die regters of regeerders van sy volk. Hulle word gode genoem, nie omdat hulle deel het in die natuur van God nie, maar omdat hulle draers van die reg en gesag in die Naam van God is.

Jesus haal hierdie Skrifwoord nie aan om daarmee te bewys dat ook Hy, soos hulle 'n seun van God is nie. Dit gaan alleen daarom dat hulle Hom nie mag verwyt van godslastering nie, want dan het ook die digter in Ps. 82 godslastering gepleeg. Die Skrif kan immers nie gebreek of opgelos word nie.

Uit sy aanhalinge uit en verwysinge na die Ou Testament kry ons uit die Evangelies 'n duidelike insig in Jesus se Skrifbeskouing. Hier sê Hy: die Skrif kan nie gebreek word nie. In Matt. 5 verklaar Hy: "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie één jota of één titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie." Ook in Joh. 7 verwys Hy na die Ou Testament: "As 'n mens die besnydenis op die sabbat ontvang, sodat die wet van Moses nie verbreek mag word nie, is julle kwaad vir My, omdat Ek 'n mens op die sabbat heeltemal gesond gemaak het?"

Een ding is duidelik: Vir Jesus is die Ou Testament die gesagvolle en onbreekbare Woord van God. Dit is die einde van alle teëspraak. As dit in die Skrif só of só staan, moet 'n mens jou daaraan onderwerp. Dan het God self gespreek en 'n mens mag dit nie verander of verbreek nie.

Sommige mense is nog gewillig om die Nuwe Testament as die Woord van God te beskou, maar die Ou Testament is uitgedien, meen hulle. Sulke mense moet onthou dat hulle daarmee ook die Nuwe Testament verwerp. Die Nuwe Testament leer dit baie duidelik dat die Ou Testament die Woord van God is. Verwerp ons die Ou Testament dan maak ons ook die Nuwe Testament tot leuenaar. Dan het ons geen Bybel meer nie.

Laat ons maar op die voetspoor van Jesus bely: Die Skrif kan nie gebreek word nie. Dan het ons vaste grond onder ons voete.

## 15 Preek ná sy dood

Hebr. 13:1-9 (veral vers 7)

"... *wat Johannes van Hom gesê het, was waar."* (Joh. 10:41)

Johannes die Doper preek nog nadat hy gesterf het. Dit getuig die Jode wat tot geloof kom. Jesus het naamlik weer uit Jerusalem vertrek. Sy uur het nog nie gekom nie. Daarom ontwyk Hy die vyandige Jode. Hy onttrek Hom na die Jordaanstreek en bevind Hom nou op dieselfde plek waar Johannes vroeër gepreek en gedoop het.

"En baie het na Hom gekom en gesê: Johannes het wel geen teken gedoen nie, maar alles wat Johannes van Hom gesê het, was waar."

Hierdie deel van die land was yl bewoon, maar tog naby die grootpad tussen Jerusalem en Galilea. Daarom was Jesus hier verseker van 'n bestendige toeloop van mense tot wie Hy die evangelie kon verkondig. Hy maak gebruik van die geleentheid. Hy moet werk solank dit dag is. Die mense hoor sy woord en sien sy tekens en kom tot geloof in Hom as die Messias. En dan dink hulle aan Johannes wat 'n jaar of twee, drie gelede ook hier gestaan en prefek het. "Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom ..." En dan bedien hy die doop van bekering tot vergifnis van sondes , . . Hy is die wegbereider wat heenwys na Hom wat na "my kom", sê hy.

Eindelik het Johannes die voorreg gesmaak om Hom aan te wys: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" En nou, na Johannes se dood, staan Jesus self hier en preek. Hy, die Lam, het nou al getoon en vertel dat Hy ook die Herder is. Hy wat Homself as Herder geopenbaar het, is nou op die plek waar Hy as Lam aangespreek is. Herder en Lam; Priester en Offer – dit is Hy tegelyk. Dit is die twee sye van Christus se wese en arbeid as ons enigste Hoëpriester. Die Herder het sy lewe afgelê vir sy skape en daarmee word Hy die skaap wat na die slagplek gelei word. Só vloei Johannes se prediking ineen met sy eie woorde en werk. Johannes het die waarheid van Hom gesê.

Dit is pateties om te sien hoe mense soms monumente vir hulleself bou om hulle naam en gedagtenis te laat voortlewe. Hulle is baie bang dat hulle vergeet sal word na hulle dood. Vir Johannes die Doper was dit nie van gewig nie. Hy het self verklaar van Jesus: "Hy moet meer word, maar ek minder." Solank Jesus se Naam en majesteit maar skitter, is dit vir hom genoeg. Hulle kan Johannes die Doper gerus maar vergeet, solank hulle Jesus Christus onthou en bely dat Hy waarlik die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem.

En dan beskik die Here dit juis só dat Johannes onthou word. Hy word nie onthou omdat hy in eie oë vernaam was of doelbewus probeer het om sy gedagtenis te laat voortlewe nie, maar juis omdat hy homself gering geag het en baie van Jesus gedink het. As dit tog maar van elke prediker gesê kan word: Hy het wel geen teken gedoen nie, maar alles wat hy van Jesus gesê het, was waar...

## 16 Die Nood uitgespreek

Joh. 11:1-14

*"Here, hy vir wie U lief het, is siek."* (Joh. 11:3)

Waarskynlik was Jesus oorkant die Jordaan, waar Johannes vroeër gedoop en gepreek het. Eendag kom daar 'n boodskapper by Hom aan uit Betanië, 'n dorpie naby Jerusalem. Die boodskapper is gestuur deur twee susters: Martha en Maria. Hulle albei is goed bekend uit die Evangelies. Die boodskap is bloot: "Here, hy vir wie U liefhet, is siek." Dit is alleen 'n berig en geen versoek nie. En tog sê dit só baie.

Die man wat siek is, is Lasarus, die broer van Martha en Maria. Klaarblyklik het hulle drie alleen saam gewoon.

Van Lasarus weet ons niks meer as wat hier van hom vertel word nie. Hy was siek en het gesterwe en is uit die dood opgewek deur Jesus. En nog dit: Jesus het hom liefgehad.

'n Mens sou jouself kon afvra: Het Jesus dan nie al sy skape ewe lief nie? Almal word tog opgevang deur sy groot priesterhart. Die geringste en mees veragte onder hulle het Hy só lief dat Hy sy kosbare bloed vir hom uitgegiet het.

En tog weet die susters dat Jesus in besonder geheg was aan hulle broer. Moontlik was dit omdat hy 'n trou en gelowige dissipel was. Die Griekse woord wat hier gebruik word wil iets meer – 'n sekere voorkeur – aandui, teenoor sy liefde vir alle ander gelowiges.

Waarom dan die boodskap? Was hulle gedagte bloot om die Here in kennis te stel van die siekte dat Hy dit ook weet? Sou Hy hulle later miskien kon verwyt dat hulle Hom nie laat weet het nie?

Nee, hier het ons 'n gelowige boodskap. Hier word die nood van Lasarus en sy susters onder die aandag van die Here gebring met die verwagting dat Hy kan help. Die tyding is genoeg. Dit is nie nodig om te vra om hulp nie. Hulle ken Hom só goed dat hulle weet: Hy kan en sal help. Hy moes alleen maar die tyding kry. Daarom is dit voldoende: "Here, hy vir wie U liefhet, is siek." Die Here weet dit nou en dit is in sy hande. Hy moet nou optree volgens sy welbehae.

Die susters weet dat Hy kan help. Hulle sê ook later, een na die ander: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie."

Ontroerend kom die geloof van die twee susters aan die lig in hierdie boodskap aan die Here Jesus. Weet 'n mens dat die Here jou en jou dierbares liefhet, dan is niks meer as dit nodig nie. Dan is ons met al ons nood in sy almagtige en liefdevolle hand. Sê dit vir Hom en wag op Hom. Hy weet hoe en wanneer om te help. En, soos by Lasarus en sy susters, is die Here se ingrype vir ons altyd verrassend. Hy weet wat vir ons die beste is en Hy gee dit.

## 17 Wag op die Here

Jes. 64 (veral vers 1)

*"En toe Hy hoor dat hy siek is, het Hy twee dae vertoef in die plek waar Hy was."* (Joh. 11:6)

Die Here Jesus het berig ontvang van Lasarus se ernstige siekte. Sy susters, Martha en Maria, het die boodskap aan Hom gestuur. Die boodskapper het waarskynlik reeds teruggekom. Hy kon vertel van Jesus se reaksie. "En toe Jesus dit hoor, sê Hy: Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die heerlikheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

Die susters wag en sien angstig hoe Lasarus steeds agteruitgaan. Eindelik sterwe hy. En die Here daag nie op nie. En Lasarus is dood, hoewel Jesus gesê het: "Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie..." Lasarus word begrawe te midde van groot belangstelling van familie en vriende en rouklaers wat hom beween. Die susters sit en treur oor hulle gestorwe broer, met die "waaroms?" wat hulle nie kon beantwoord nie. Waarom het Jesus nie opgedaag nie?

En Jesus self? "En toe Hy hoor dat hy siek is, het Hy twee dae vertoef in die plek waar Hy was." Waarom vertoef Hy? Is Hy bevrees om na Betanië te gaan omdat die Jode Hom wil doodmaak en dit nog nie sy uur is nie?

Nee, Hy het vertoef omdat Hy geweet het wat Hy wil doen. Lasarus se siekte en dood moes dien tot die heerlikheid van God. Daardeur moes die Seun van God verheerlik word. Daarom wag Hy rustig. Lasarus kan maar wegteer. Hy kan maar die asem uitblaas. Hy kan maar begrawe word.

Martha en Maria sou tot die gevolgtrekking kon kom: "Ons gebed is nie verhoor nie. Ons broer is klaar dood." Hulle het daarmee egter nie rekening gehou met Jesus nie. Hulle het nie onthou Wie Hy is nie. Hulle het ook vergeet waarom Hy in die wêreld is.

Hy is die Seun van God vir Wie niks onmoontlik is nie. En Hy is op die aarde om sy heerlikheid as Seun van God bekend te stel.

En wanneer die tyd aanbreek, dat sy doel die beste gedien kan word, dan kom Hy. Ja, dan vertoef Hy nie.

Dit geld ook vir ons met ons nood en ons gebede. Daniël moes drie volle weke wag om te verneem dat God sy gebed verhoor het. Soms wag 'n mens nie alleen vir weke nie, maar vir jare, voordat die Here antwoord. Soms kan dit só bitter moeilik wees. Dit is asof die hemel van koper is en ons gebede teen ons kamermure vasslaan. Onse Here swyg en is stil – Hy verberg sy aangesig vir ons.

Dit is swaar om te wag ... En tog moet ons leer om te wag – te wag op die Here. Hy ken sy tyd – sy bestemde tyd – en dan kom Hy tot ons hulp. Maar Hy gee selfs die belofte aan ons: "Die wat op die HERE wag, kry nuwe krag ..."

## 18 Vergesigte

Jes. 42:1 -7 (veral vers 6)

*"Laat ons weer na Judea gaan."* (Joh. 11:7)

Jesus het verneem van Lasarus se ernstige siekte. Hy bly egter nog vir twee dae waar Hy is. Hy wag en laat Martha en Maria wag om te sien hoe Lasarus sterwe en begrawe word. Daarna sê Hy eers aan sy dissipels: "Laat ons weer na Judea gaan."

Judea is die plek waar die vyandige Jode op Hom wag. Betanië is ook in Judea en Lasarus lê daar begrawe. Waarom sê die Here Jesus nie dat Hy na Betanië gaan of na Lasarus en sy susters toe nie? Waarom is dit bloot Judea?

Die dissipels probeer hom selfs verhinder om te gaan. "Rabbi, die Jode het onlangs probeer om U te stenig, en gaan U weer daarnatoe?" Later voeg die pessimistiese Thomas selfs daaraan toe: "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe."

"Laat ons na Judea gaan." Judea is sy mikpunt – Judea en sy inwoners. Ook die vyandige Jode is sy doelwit. Lasarus en sy susters is ook betrek by hierdie reis na Judea, maar hulle is nie die hoofdoel nie. Hy gaan wel om op te tree in belang van die gesinnetjie, maar daar eindig sy werk nie. Hy het veel meer in die oog. Sy gesigsveld is baie breër. Hy gaan om die heerlikheid van God in Judea te openbaar. Hy gaan na Judea "sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word". Daartoe sou sy werk in Betanië by Lasarus en sy susters grootliks bydra, maar dit is bloot die instrument om die inwoners van Judea te bereik.

Ons gesigsveld eindig dikwels by ons eie gesin of ons eie kerk of kerkie of ons eie volk. Só is Jesus nie. Doen Hy werk by Lasarus en sy susters, dan is sy oog gerig op die hele Judea. En dit kring selfs veel wyer uit... Sy blik gaan oor lands- en volksgrense heen. Dit omspan die hele wêreld. Wat Hy in die kleine Betanië doen, werk tot aan die uiterste van die aarde. Hy het gekom as die Verlosser van die wêreld. "Want só lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het ..." Die liefde vir die wêreld dryf Hom na Lasarus en sy susters en na Judea en Getsémané en Gabbatta en Golgota.

Só moet ook ons wyd en vér sien. Die grens van ons werkterrein is waar Jesus se blik eindig.

Op die vrees en teëkanting van sy dissipels, is sy antwoord: "Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag wandel, stamp hy hom nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien. Maar as iemand in die nag wandel, stamp hy hom, omdat die lig nie in hom is nie." Hiermee wil Hy aan hulle tuisbring dat dit vir Hom, die Middelaar nog dag is. Sy dag is nog nie verby nie, Hy het werk te doene in Judea terwyl dit nog dag is. Daar is nog geen gevaar dat Hy sy voet sal stamp teen die vyandskap van die Jode nie.

Hoe dikwels stamp ons nie ons voete teen klippies en struikelblokkies, terwyl daar waarlik geen rede voor bestaan nie?

## 19 Dood-Slaap

1 Thess. 4:13-18

*"Lasarus, ons vriend, slaap..."* (Joh. 11:11)

Lasarus is dood en Jesus weet dit. En tog sê Hy: "Lasarus, ons vriend, slaap..." *Dit is die groot geheim van Jesus dat Hy die dood sien as 'n slaap.*

Iemand skryf soos volg oor die slaap: "As 'n mens slaap, is hy van die wêreld afgesny. Daar is tussen hom en sy omgewing 'n muur. Die bewussyn is van die omgewing afgesluit. Maar ons kan die skerm van buite af, om so te sê, elke oomblik oopmaak. Die gevoel kry ons as ons by 'n slapende kom. Dit is asof dit moeilik, steurend, is om 'n slapende wakker te maak – veral 'n kind. Dit voel oneerbiedig. Ons versteur die innerlike lewe wat in die slaap deurgaan. Ons kán egter die skerm van die slaap deurbreek..." 'n Mens doen dit as dit tyd is vir iemand om wakker te word of as gevaar dreig.

As die muur van die dood egter tussen ons en ons medemens staan, kan ons dit nie deurbreek nie. Ons kan 'n gestorwene nie wakker maak of terugroep na die lewe nie. En dit is die wonder dat Jesus die muur van die dood deurbreek soos ons die muur van die slaap. By Hom is die weerstand van die gestorwene nie onoorkombaar nie.

Ook Paulus gebruik die uitdrukking "ontslaap" wanneer hy van die dood praat (1 Thess. 4). Volgelinge van Jesus kan Hom dit gerus nasê: "My vader en moeder slaap..." Ons Heiland het nie alleen by Lasarus die muur van skeiding tussen dood en lewe deurbreek nie, maar almal wat in Hom sterwe het bloot ontslaap.

Daarom voeg die Here daarby: "Ek moet gaan om hom wakker te maak ..." Uit hierdie slaap kan alleen sy almagtige hand wakker maak. Daarom moet Jesus nou gaan. En hoe gaan Hy nie sy heerlikheid openbaar nie, wanneer Lasarus uit die "slaap" wakker word!

Sy dissipels begryp Hom nie. Ook hulle is begaan oor die dierbare vriend wat ernstig siek is. Daarom is hulle reaksie: "Here, as hy slaap, sal hy gesond word." Hoe moeilik is dit vir hulle om die taal van die Here te begryp!

Is dit egter vir ons veel makliker om te begryp wanneer ons by die sterfbed of die graf van 'n dierbare staan? Bly ons eie dood nie vir ons 'n koue en grimmige vyand aan wie ons selfs nie wil dink nie? En ons besit en weet soveel meer as hulle! Ons sien immers die gebeure van agter. Ons weet Wie onse Here is en wat Hy vermag. "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15).

Jesus praat van die dood eenvoudig as van 'n slaap. Vir Hom is dit net so maklik om 'n dooie op te wek as vir ons om 'n slapende wakker te maak. En Hy is Onse Here. Net so min as wat ons bang is om te gaan slaap, hoef ons te vrees vir die dood.

## 20 Martha en Maria

Luk. 10:38-42

*"En toe Martha hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan. Maar Maria het in die huis bly sit."* (Matt. 11:20)

Jesus is op pad na Betanië waar Lasarus gesterf het. Dit gaan by Hom om Lasarus en om sy susters Martha en Maria. Hy kom om aan hulle vreugde te besorg soos hulle nooit kon dink of verwag nie. Dit gaan egter ook om die baie ander besoekers by Martha en Maria.

Jesus is in aantog. Waarskynlik het Hy min of meer heimlik gereis. Iemand kom sê aan Martha dat Hy op pad is. "En toe Martha hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan. Maar Maria het in die huis bly sit." Ons kan aanneem dat Maria ook gehoor het dat Jesus naby is. Vanselfsprekend sou dit ook aan haar gesê word.

So kom Jesus tot die twee susters en só ontvang hulle Hom. Hier tree die verskil in geaardheid van die twee aan die lig. Martha is impulsief en reageer vinnig. Sy is altyd bedrywig en leef na buite. Sy het selfs nie geskroom om haar suster by Jesus aan te klae nie. Dit was toe die Here op 'n bepaalde geleentheid by hulle geëet het. Martha was ywerig besig om die ete te berei. Sy werskaf met potte en panne en eetgerei. Intussen sit Maria rustig aan die voete van Jesus en luister na sy woorde. Eindelik kon Martha dit nie meer uithou nie. "Sy kom toe daar staan en sê: Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help. Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie" (Luk. 10).

Ook nou merk ons die spontane optrede van Martha. Sy gaan Jesus tegemoet. Maria, daarenteen, bly in die huis sit. Sy is tevrede dat Martha die Here ontvang. Sy wag geduldig haar tyd af. Maria is 'n beskeie teruggetrokke mens. Sy het graag na die Here geluister en selfs kosbare salf op Hom uitgegiet, maar sy deins daarvoor terug om op die voorgrond te tree. Sy wil dit nie vir Jesus lastig maak nie. Moontlik wil sy nie in die openbaar aan haar groot droefheid uiting gee nie. Daarom bly sy rustig in die huis sit... Moontlik sou die stille Maria alreeds innerlik tot rus gekom het. Sy aanvaar die wil van die Here en berus in sy weg – daarom bly sy rustig...

Nadat Martha die Here ontmoet het, kom sy terug en gaan roep Maria stilletjies en sê: "Die Meester is hier en Hy roep jou." Kosbaar is die begrip en liefde van Martha. Sy begryp Maria só goed. Sy weet dat Maria ook die troos van die Here nodig het. Aan die ander kant weet sy dat Maria te beskeie is om self te gaan – om haar op te dring. Daarom kom roep sy haar stilletjies. Daarop staan ook Maria vinnig op en gaan uit... Die Here het self sy hand uitgesteek en dan gryp Maria dit.

Die Here het mense verskillend geskape. Gelukkig gaan dit daarom dat hy elkeen met sy besondere aard liefhet. Hy benader selfs elke mens, soos hy Hom die beste kan ontvang. Dit is vir ons almal 'n verkwikking om dit te weet. Wat ook al ons geaardheid is – Jesus het ons lief en kom na ons toe in ons nood.

## 21 Jesus en Ons Dood

Dan. 3:13-26

*"Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie."* (Joh. 11:21)

Hierdie oënskynlike klag en halwe verwyt kom uit die mond van Martha, nadat haar broer Lasarus gesterf het. Dit is die eerste wat sy uiter toe sy Jesus teëkom: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie."

En tog het die Here Jesus nie alle sterwendes, in die tyd van sy verblyf op aarde, van die dood weerhou nie. Mense het maar soos gewoonlik gesterwe. Hy het alleen drie van die gestorwenes opgewek.

Dit is allermins die bedoeling van Jesus en die Bybel in die algemeen dat sy teenwoordigheid, of geloof in Hom, ons vrywaar van die aanslag van die liggaamlike dood of enige ander aardse nood. Ons gaan deur water en vuur. Ons sterf soms selfs die marteldood om sy ontwil. Droogtes en honger en siekte en ellende bly ook nie uit nie. Onsself wat die eerstelinge van die Gees het, sug selfs in onsself in afwagting van die aanneming tot 'kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam (Rom. 8). Ons is maar te bewus daarvan dat hierdie gebroke aardse bedeling verby moet gaan. Die tyd sal wel aanbreek dat die dood nie meer daar sal wees nie (Openb. 21).

Gelukkig is Jesus self by ons in ons dood. Die gelowige sterwe in sy teenwoordigheid.

En tog weet Martha – en elke gelowige – dat Jesus by magte is om die dood af te weer. Hy is sterker as die dood. Dit gee juis aan ons rus. Selfs in die dood laat Hy ons nie aan onsself oor nie. Soos Hy genade gee om te lewe, gee Hy ook genade om te sterwe.

Martha se klag is eintlik 'n geloofsbelydenis: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie." Maar, selfs nou dat Jesus gekom het, al is dit te laat, het sy nog die verwagting op iets wonderliks. "Maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God U sal gee." Dit hoef nie te beteken dat sy glo dat Jesus haar broer sal opwek nie. Ondanks haar teleurstelling is haar geloof in Jesus nog nie geskok nie. Sy vertrou nog op Hom. Sy verwag alles van Hom, want sy weet dat God Hom in alles verhoor.

Dit is die mooie en ryke in die geloof van 'n Christen. Ons dink aan die drie manne in die vuuroond in Babel. Nebukadnéser wou hulle nog 'n geleentheid gee om die dood in die vuuroond te ontvlug, indien hulle bereid sou wees om voor sy beeld te kniel. Daarop volg die belydenis: "As onse God, wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het nie sal aanbid nie" (Dan. 3). Al sou ons sterwe, nogtans vertrou ons.

## 22 Jesus die Opstanding en Lewe

2Kor.4:16-5:10

*"Ek is die opstanding en die lewe* ..." (Joh. 11:25)

Jesus is hier in gesprek met Martha, die suster van Lasarus wat dood is. Jesus sê vir haar: "Jou broer sal opstaan." Martha se antwoord is: "Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag..." Gelukkig het die gelowige die vooruitsig. Op die laaste dag sal die grafte geopen word en al die dooies sal opstaan – sommige tot die ewige lewe en andere tot ewige ondergang, vir ewig afgryslik.

Hierop antwoord Jesus dan met 'n algemene uitspraak. Daarmee rig Hy Hom nie alleen tot Martha nie, maar tot al die omstanders. Ja, Hy verkondig dit aan alle sterwelinge: *"Ek is die opstanding en die lewe;* wie in My glo, sal lewe al het Hy ook gesterwe..." Hierdie algemene waarheid gaan nou in die geval van Lasarus toegepas word. Aan die ander kant gaan die opwekking van Lasarus ook openbaar wie Hy is. Die gebeure gaan getuig dat Jesus waarlik die opstanding en die lewe is, soos Hy gesê het.

Ons het hier weer een van die uitsprake waarin Jesus sê: *"Ek is..."* Dit kom daarop neer: "Juis Ek – Ek alleen – is die opstanding en die lewe." Hy is die opstanding en die lewe in persoon. Hy self staan nie maar op en lewe soos Hy inderdaad op die derde dag uit die dode opgestaan het nie. Hy laat ook nie alleen ander mense opstaan uit die dode om te lewe nie, maar die opstanding en die lewe het in Hom hulle grond of eintlike bestaan. Sonder Hom sou geen opstanding moontlik wees nie en sou alle mense vir ewig in die dood gebly het.

Het iemand opgestaan beteken dit dat die dood oorwin is. Calvyn wys daarop dat die opstanding altyd aan die lewe voorafgaan. Jesus, wat die opstanding en die lewe is, kom in 'n dooie wêreld. Hy kom in die wêreld waaroor 'n magtige doodskleed gesprei is – dit is die dood in sonde en misdade, die stoflike dood waarheen ons almal op pad is en die ewige dood in die verdoemenis ... Hy kom tot só 'n mensdom en waar Hy kom en mense aanraak staan hulle op en lewe... Hulle ontvang die ware, ewige lewe; die lewe uit Hom... Die lewe uit Hom is die eintlike lewe. Ons staan op uit die dood van misdade en sondes. Ons word wedergebore en lewe 'n nuwe lewe – die lewe uit Hom. En dit bly onvervreem ons deel... Ons sterwe is geen dood nie, maar alleen 'n deurgang tot die ewige lewe. Wanneer ons die laaste asem uitblaas laat ons die dood van sonde en misdade vir ewig agter. Die dood binne ons – waarteen ons ons lewe lank moes stry – is dan vir ewig dood.

"Wie in My glo, sal lewe al het hy gesterwe..." Dat ons in Hom glo is die bewys dat Hy ons klaar opgewek het uit die dood en dat ons lewe, waarlik lewe.

## 23 Ek Glo!

Matt. 16:13-23

*"Ja, Here, Ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."* (Joh. 11:27)

Hierdie belydenis van Martha is een van die mooiste belydenisse in die Nuwe Testament. Dit is 'n belydenis wat ons naas die van Petrus kan stel in Matt. 16: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." As ons dink aan die bedrywige Martha by die kospotte van wie ons in Luk. 10 lees, dan is dit asof so 'n diepsinnige belydenis nie uit haar mond kan kom nie. Daar sien ons haar nie alleen hard besig om 'n smaaklike ete voor te berei, terwyl haar suster Maria, rustig aan die voete van Jesus sit en na sy woorde luister nie, maar selfs as die ongeduldige en verwytende mens, wat dit nie kan aansien dat haar suster luister na Jesus, terwyl sy alleen bedien nie.

Dit lyk gewis nie of Martha só 'n belydenis kan aflê nie. 'n Mens sou dit eerder van die diepsinnige en stil peinsende Maria verwag. Martha maak op sy minste 'n onsimpatieke indruk en kom selfs oppervlakkig voor. 'n Mens moet egter versigtig wees in die beoordeling van mense. Wat in die harte woon weet die Here alleen werklik.

Die Here Jesus praat met Martha na die dood van haar broer. Hy troos haar met die woorde: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe." Dit is ons troos gebind aan Hom, die Vors van die lewe. Dit is ons enigste troos wanneer die dood ook op ons weg kom.

Hierdie troos is egter gebind aan die geloof. Daarom vra die Here aan haar: "Glo jy dit?"

"Ja Here, ek glo..." Met nadruk staan dit voorop... "Ék, ook ék, behoort tot die kring wat glo." Dit is goed om te weet ook andere glo – dan is ons nie alleen in die wêreld nie. Glo is egter 'n intieme persoonlike saak. In sy geloof staan elkeen van ons alléén voor God. Andere se geloof kan my nie salig maak nie – alleen my eie, persoonlike geloof. Daarom moet ook u kan sê, van harte sê: "Ek glo... Ja, ook ék glo . .."

"Ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom ..." Martha se geloof is sentraal gerig op Jesus Christus, die Seun van God, die beloofde Messias wat volgens die Skrifte in die wêreld sou kom.

Ons word nie moeg om dit te benadruk nie: Ons saligheid is gebind aan die persoon van Jesus Christus. Dit hang nie af van 'n swewende idee of 'n stel reèls of 'n morele kode nie. Ek as persoon is gebind aan die persoon van Jesus Christus deur die band van die geloof – daarom het ek die ewige lewe ...

## 24 Ons wenende Middelaar

Rom. 12:9-21

*"Jesus het geween."* (Joh. 11:35)

Martha het Maria haar suster stilletjies gaan roep: "Die Meester is hier en Hy roep jou." Daarop het Maria vinnig opgestaan om na Hom te gaan. Toe sy by Hom kom val sy voor sy voete neer met dieselfde klag as Martha: "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie." Jesus reageer egter anders by Maria as by Martha. Hy antwoord nie op haar klag nie, "maar Hy het geweldig bewoë geword in sy gees en Hom ontstel." En dan vra Hy alleen: "Waar het julle Hom neergelê?" Daarop lees ons dan: "Jesus het geween."

"Jesus het geween." Hy ween saam met die wat ween. By Martha het Hy anders opgetree. Hy het met haar gepraat oor die opstanding en die ewige lewe. Dit het by haar die mooi belydenis ten gevolge: "Ja, Here, ek glo dat U die Christus is..." Met Maria, wat wenend aan sy voete lê, weet Hy dat woorde nie baat nie. Hy is egter nie vér van haar in haar smart nie – Hy is in Homself bewoë en ween saam met haar. Dit was 'n groot welbewuste bewoënheid. Maria en die Jode se droefheid gryp ook Hom aan... Ook Hy is ontroerd deur Lasarus se dood.

Wat Jesus hier ondergaan is eintlik nie alleen droefheid nie, maar ons kan byna sê dat dit toorn is. Hier het ons iets van heilige toorn of verset van Jesus teen die mag van die dood. Hy is hier om die dood te oorwin en kom in verset teen die verwoesting van die dood. Hy is besig met 'n geveg teen die dood. Hy het sy dissipels meer lief as iemand hom kan voorstel. Hy het gekom om hulle vas te hou, om aan hulle die ware lewe te gee en Hy is nou getuie daarvan hoe die dood die bande tussen hierdie drie dierbares van Hom verskeur. Die dood vernietig en ontbind wat God saamgevoeg het. God het die lewe geskape en Hy bewaar en beskerm dit ook. Daarom kom Jesus in toorn in verset teen die dood. Hy weet beter as enigeen van ons wat die dood werklik is en watter verwoesting deur hierdie vyand van die mens aangerig word.

"Jesus het geween." Sy trane is ook 'n bewys van sy liefde vir Lasarus. Dit openbaar ook sy meelewing met Maria in haar groot smart. Hy ween egter as Middelaar wat staan in sy eie stryd – sy stryd teen die dood in sy volle konsekwensie. Hy durf die dood aan en dit kos vir Hom smart en lyding en doodsangs as Middelaar. Ons sien iets van sy borgtogtelike smart wat Hy om ons ontwil gedra het.

Volg sy voorbeeld na: Ween met die wat ween. Dit is soms meer werd as 'n stortvloed van woorde. Gelukkig kan ons die bedroefde, wat ween by die graf van 'n dierbare, ook wys op sy dood en opstanding. Die vloek van die dood is in Hom verwyder.

## 25 Lasarus Lewe!

1 Kor. 15:13-26

*"Lasarus, kom uit!"* (Joh. 11:43)

Lasarus lê begrawe buite die dorpie Betanië naby Jerusalem. Sy suster Martha het só pas vir Jesus gesê: "Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood..." Só is dit met ons almal. Waar ons ook al begrawe sal lê. Teen die vierde dag sal ons gewis 'n lyklug versprei.

By die graf is Jesus, *"die opstanding en die lewe".* Voor Hom hou geen dood stand nie. Aan die pas gestorwe dogtertjie van Jaïrus het Hy gesê: "Talita kumi – dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op." Die seun van die weduwee van Naïn het Hy op weg na die graf teëgekom. Ook hy het uit die dood ontwaak op sy magswoord. En nou lê 'n lyk in die graf wat reeds besig is om te ontbind. Die verrotting van die liggaam het begin intree – dit is 'n lyk wat besig *is* om tot stof te vergaan.

Ondanks Martha se protes word die steen voor die grafspelonk weggerol op Jesus se bevel. Die beroemde skilder Rembrandt het 'n ets gemaak waarop hy die opwekking van Lasarus voorstel. Daarop dui hy aan hoe 'n paar mense hulle koppe wegdraai met die hand voor die neus. Dit sou 'n mens kon verwag – toe die steen weggerol word, slaan die doodswalm in die gesigte van die omstanders.

En Jesus? Hy slaan sy oë op na die hemel en sê: "Vader Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar terwille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het."

Hierdie dooie is vir Hom 'n rede om sy Vader te dank. Nou gaan die omstanders duidelik sien dat Hy die Seun van God is.

En dan roep Hy hardop sodat almal dit kan hoor. Hy sê dit nie met 'n groot stem om die dooie Lasarus te bereik nie – dit was nie nodig nie. Dit is egter vir Hom as 't ware 'n openbare proklamasie – almal moet dit hoor. Hulle moet dit hoor en sien omdat Hy sy heerlikheid as die Vors van die lewe gaan openbaar. Hy roep: "Lasarus, kom uit!"

Die menigte sou mekaar ongelowig aanstaar. Wat bedoel Hy? Hulle hoef egter nie lank te wag nie. "En die oorledene het uitgekom, aan hande en voete met grafdoeke gebind, en sy gesig was toegedraai met 'n doek. Jesus sê vir hulle: Maak hom los en laat hom gaan."

Graag sou ons vir Lasarus nog 'n bietjie wou vashou. Ons sou hom wou uitvra oor wat hy as gestorwene ondervind het. Ons sou ook wou weet wat verder van hom geword het. Die Here se wil is egter dat hy moet gaan. Hy het sy taak in die koninkryk van God volbring. Hy het opgestaan op die magswoord van Jesus.

## 26 Téén en vir Jesus

Joh. 6:60-71

*"En baie van die Jode... het in Hom geglo. Maar sommige van hulle het na die Fariseërs gegaan* ..." (Joh. 11:45)

Die Here Jesus het 'n magtige daad verrig. Hy het 'n lyk, wat al geruik het, opgewek. Baie Jode was getuie daarvan. Deur hulle eie sintuie kon hulle vasstel dat die toestand van ontbinding by Lasarus se liggaam reeds ingetree het. Hulle het gehoor hoe Jesus voor almal hardop uitgeroep het: "Lasarus, kom uit!"

Só 'n gebeure kon nie anders as om 'n uitwerking op mense te hê nie. Hulle is aangegryp deur wat hulle gehoor en gesien het. Dit is geen wonder dat baie van hulle nou openlik bely dat hulle in Jesus glo as die Messias, die Seun van God nie. Hierdie mense het waarskynlik lankal van Jesus gehoor en só op die rand van geloof gehuiwer. Nou kon hulle nie anders nie. Hulle kies vir Hom en kom daarmee uit dat ook hulle nou glo. Hulle behoort ook nou tot die kring van sy volgelinge...

Ander getuies van die gebeure haas hulle na die Fariseërs. Dit is te erg! So kan dit nie voortgaan nie! Die man se tekens mislei die volk op 'n groot skaal! Hiervan moet die kerkleiers weet!

Die magtige daad van Jesus werk na twee kante toe. Die uitwerking het dit destyds gehad en vandag is dit nog net só. Jesus se woorde en dade werk altyd na twee kante toe. Dit wek geloof of dit wek verset. Ook hierdie daad van Jesus het dieselfde uitwerking as sy hele verskyning – toe en nou. Dit werk tot 'n seën of tot 'n vloek. Dit dien tot 'n vryspraak voor die gerig van God of dit word tot 'n oordeel.

So bly Hyself en sy woorde en dade deur die geskiedenis heen.

Sommige glo en bely dat Hy die Christus is; andere kom in verset en haat Hom met 'n verbete haat. Daar is die sg. neutrales wat voorgee dat hulle nie kant kies nie. In hulle hart is daar egter die onverbiddelike verset teen Hom.

Hulle gaan vertel aan die Fariseërs wat Jesus gedoen het. Dit is en was nog altyd gevaarlik om iets te doen waarmee die amptelike "kerkleiers" nie saamstem nie. Dink maar aan die tyd van die groot Kerk-hervorming in die sestiende eeu.

Ook ons moet versigtig wees. 'n Mens hoor dikwels oor een of ander gebeure: "Wat is ons kerk se standpunt?" Ek dink ons moet liewer maar altyd teruggaan agter die kerk en vra: "Wat is die standpunt van die Bybel? Wat verwag God van ons of wat sê Hy in sy Woord oor 'n bepaalde optrede of leer?" Kerklike vooroordeel en kerklike haat kan soms so fél en Godonterend wees!

Die offisiële "kerk" van sy tyd het Jesus gekruisig.

## 27 Kajafas onder die Profete

Num. 24:14 – 25 (veral vers 17)

(Kajafas, die hoëpriester sê vir hulle): *"Julle dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat één man vir die volk sterwe...* nie?..."(Joh. 11:49,50)

Die opwekking van Lasarus was die laaste strooi. Die Jode het duidelik besef dat Jesus se optrede nou gevaarlik word. Dit kan lei tot openlike opstand. Die "Messiasaansprake" van Jesus en sy wondertekens kan daartoe lei dat die Romeine op die landjie afstorm met hulle leërs. Die Messias, soos die Jode dit verstaan, is immers 'n aardse heerser wat hulle van aardse vyande sou verlos. Daarom is die Joodse Raad opreg bang: "As ons Hom só laat begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem."

Dit is goed dat volksvaders bekommerd is oor hulle land en hulle nasie. Hulle moet egter oppas dat hulle nie naderhand sonder God sit nie, want dan is hulle land en nasie buitendien verlore. Ons volkie het te kampe met baie haat en vyandskap in die wêreld. Ons moet veg vir ons voortbestaan. Ons leiers moet te alle tye waak oor land en nasie. Mag ons tog net altyd in die eerste plek Christene wees en ten tweede nasionaliste. Alles wat in ons oë vir ons nasie goed is, is nie altyd christelik nie. Daarom moet ons duidelik vra: "Wat wil U hê, Here, moet ons doen?" Die Jode het Christus verwerp en in die jaar 70 n.C. het hulle buitendien hulle land en hulle nasie verloor.

Dit moet elke volk onthou – sonder Christus is daar vir ons geen toekoms nie.

Dit moes seker benoud gegaan het in die Joodse Raad. Die geagte raadslede is sonder raad. "Wat sal ons doen?" is die een vraag waarvoor niemand 'n antwoord het nie. Eindelik praat die voorsitter, Kajafas, die hoëpriester. Hy draai nie doekies om dat hy weinig respek het vir die verstand van die raadslede nie. "Julle weet niks nie en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat één man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie." Wat is die dood van één mens wanneer dit opgeweeg word teen die voortbestaan van die volk? Wanneer iemand die voortbestaan van die volk bedreig is dit die beste dat hy uit die weg geruim word. Laat liewer één man sterwe as die hele volk.

"Kajafas, jy is bloot 'n "marionet" van God. 'n Profeet in ware sin van die woord, is jy eintlik nie. En tog gebruik God jou, soos Hy die besweerder Bileam gebruik het. Jy begryp nie wat jy sê nie en tog sê jy wat God wil hê dat jy moet sê. Dit is waar: één mens moet vir die volk sterwe. Jy kies ook die regte man. Jesus is bestem om vir die volk te sterwe. Jy praat nou die taal van die ware profeet en die ware hoëpriester. Dit is asof jy nou "ex cathedra" praat. Jy praat nie persoonlik nie maar amptelik, as geroepene van God."

Gelukkig het Kajafas die waarheid gepraat. Jesus het vir die volk gesterwe. "En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg."

## 28 Die Paaslam na die Paasfees

Ex. 12:1-11

*"En Jesus het ses dae voor die pasga na Betanië gekom."* (Joh. 12:1)

Vir die Joodse Raad staan dit nou vas dat Jesus moet sterwe. Vir Jesus self staan dit ook vas dat Hy sal sterwe. So werk God in die verlossing van sondaars. Beide die goddeloosheid van die goddelose mense en die bereidheid van Jesus Christus dien tot ons verlossing. Satan mag in sy vuis lag, wanneer Jesus gevange geneem word, uiteindelik sal siddering sy bose lag verstil, wanneer Jesus aan die kruis uitroep: "Dit is volbring!" Sy goddelose opset het nie geslaag nie.

Die pasga van die Jode was naby. Van heinde en verre kom die pelgrims na Jerusalem. Jesus vertoef êrens in die gebied van Judea in die omstreke van die dorpie Efraim. Jerusalem word vol mense. Baie van hulle soek na Jesus. Volgelinge vanuit Galilea en die platteland van Judea, soek verlangend, heilbegerig. Andere soek nuuskierig en sommige soek met haat in hulle harte na Hom. Ook die lede van die Joodse Raad is op die uitkyk. Hulle het selfs 'n bevel uitgevaardig dat "as iemand wis waar Hy was, hy dit moes bekend maak, sodat hulle Hom gevange kon neem".

En Jesus?

Hy kom te voorskyn uit sy skuilplek. Dit is asof Hy nog 'n bepaalde versigtigheid aan die dag lê. Hy gaan nie reguit na Jerusalem toe nie. Hy gaan na Betanië. Hy is egter nou vlak by Jerusalem en die vyandige Jode... Maar dit is begryplik. Dit is ses dae voor die pasga. En met hierdie paasfees moet Hy sterwe. Die hoogtepunt van sy stryd met die Jode en Romeine is op hande. Gelukkig is dit selfs veel meer as dit: dit is die hoogtepunt van sy stryd teen die duiwel en die sonde en die dood.

Die paasfees roep Hom. Hy het na die besondere paasfees toe gelewe. Hy sê ook later vir sy dissipels: "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly" (Luk. 22). Ja, Hy het daarna uitgesien. Jesus het nie alleen die kruisdood lydelik ondergaan nie. Hy is wel na die slagplek gelei soos 'n lam, wat stom was voor sy skeerders, maar Hy het dit gewilliglik gedoen. Hy het selfs koninklik die stryd aangebind. Hy het immers daarvoor na die wêreld gekom en Hy sien uit na die finale kragmeting. Sy uur het gekom en Hy ontwyk nie verder die vyandige Jode nie. Op die bestemde tyd is Hy daar om geslag te word as offer vir ons sondeskuld.

En soos Hy die besondere krisisuur nie ontwyk het nie, só is Hy altyd op sy pos. Dit moet ons weet: wat Hy eenmaal begin het, voltooi Hy. Só bly dit tot die einde van hierdie wêreld. In elke krisisuur is Hy met sy kerk – ook met u en my. Niks oorval Hom onverhoeds nie. Sy kerk se krisistye is ook syne. U hoef nooit te dink dat Hy u in die steek sal laat nie.

## 29 Eet saam

Gen. 18:1-10

*"Hulle het toe vir Hom daar 'n maaltyd berei*..." (Joh. 12:2)

Die Here Jesus het in Betanië aangekom. Hy is nou vlak by Jerusalem en kort by Golgotha, waar die kruisdood vir Hom wag. 'n Groepie dissipels neem die geleentheid te baat om vir Hom 'n ete aan te bied. Dit kon nog op die dag van sy aankoms plaasvind of miskien die volgende dag. Die vernaamste ete is by die Jode in die aand genuttig - daarom was dit waarskynlik teen die aand.

Behalwe Jesus en sy dissipels word nog vier persone by name genoem. Mattheus vertel dat die ete plaasvind aan die huis van Simon, die melaatse. Hy was waarskynlik een van die talle melaatses wat deur Jesus genees is. Volgens die wet van Moses was 'n melaatse nie alleen siek nie, maar is beskou as onrein in geestelike sin. Die man het derhalwe 'n besondere rede gehad om baie dankbaar te wees teenoor Jesus. Toe hy hoor dat Jesus in die dorp is, het hy Hom genooi om by Hom te kom eet, saam met 'n groepie goeie vriende.

By só 'n ete doen alleen die mans mee. Die vroue het nie saam met mans aan tafel gegaan nie. Uit die gesin van Lasarus en sy twee susters, Martha en Maria, was net Lasarus aan tafel. Martha het bedien en Maria was stil op die agtergrond. Ons weet al van Lasarus se dood en opwekking en kan begryp dat ook hy en sy susters groot stof tot dankbaarheid teenoor die Here het. Heel moontlik was hierdie ete in die huis van Simon die melaatse 'n gesamentlike gebaar van die paar vriende, om aan Jesus te toon hoe welkom Hy in hulle midde is.

Hierdie ete in Betanië is gegee sonder bybedoelinge. Dit was die opregte uiting van dankbare harte. Simon, die melaatse, en Lasarus wat uit die dood opgewek is, wou van harte aan Hom hulle dank betuig. Op tasbare wyse toon hulle nie alleen hulle formele dank nie, maar gee ook uiting aan hulle liefde vir Hom. Hulle wou graag by Hom wees, met Hom omgaan en saam met Hom eet.

Aan die ander kant ontvang die Here hierdie blyk van liefde met welwillendheid. Hy aanvaar dit en doen graag mee. Dit is vir Hom, op weg na die kruis, waar Hy van God en mens verlate sou wees, 'n verkwikking. In die Bybel word die maaltyd gesien as 'n vorm van gemeenskapsoefening.

Kom ons volg die voorbeeld van hierdie groepie vriende van Jesus. Kom ons toon op tasbare wyse ons liefde vir Hom en bewys só ook hoe dankbaar ons is. Hoe meer 'n mens leef onder die indruk van sy oneindige liefde tot ons, hoe meer antwoord jy in woord en daad met wederliefde. Doen dit ook maar aan één van hierdie geringste broeders van Hom. Nooi die armes en verminktes en veragtes, van wie u niks terug kan verwag nie, en u loon sal groot wees in die hemele.

## 30 Maria se Dankoffer

Rom. 11:33-12:3

*"En Maria het 'n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare." Joh.* 12:3)

Maria, die suster van Lasarus, is by die ete op die agtergrond. Martha bedien die gaste. By só 'n ete bly vroue op die agtergrond. Dan meteens breek Maria 'n albastefles met kosbare nardussalf en giet die inhoud daarvan oor Jesus uit. Volgens Markus en Mattheus het sy dit op sy hoof uitgegiet en volgens Johannes op sy voete. Daar is geen teëspraak tussen die skrywers nie – nee, dit bedoel alleen maar dat sy sy hele liggaam met die salf oorgiet het. Normaalweg word die salf op die hoof uitgegiet, maar Maria se gawe was só oorvloedig dat sy ook selfs sy voete kon salf. Dat sy dit op Jesus se hoof uitgiet, tref vir Mattheus en Markus. Dat die salf tot by sy voete afloop, tref weer vir Johannes.

By Maria was daar 'n sterk aandrang om die dinge te doen. Sy moes die Oosterse reëls van wellewendheid ignoreer en deurdring tot die kring van manne, waar sy as vrou nie hoort nie. Dit is asof sy meegevoer is deur haar emosie. Dan maak sy haar hare los, wat ook nie as goeie maniere beskou is vir 'n vrou in die geselskap van mans nie, en droog Jesus se voete daarmee af. Dit doen sy nadat sy die laaste druppel van die pond kosbare salf op Jesus uitgegiet het. Daarop word die huis van Simon vervul met die reuk van die salf, soos 'n tasbare dankgebed van 'n mens wie se hart oorloop van liefde.

Hierdie offerdaad van Maria is soos 'n lied sonder woorde, maar met 'n byna hemelse melodie. 'n Mens weet nie wat jy die meeste moet bewonder nie: die onkeerbare bruising van haar eerbetoon of die oorvloed van milddadigheid van haar offer nie. Maria het soveel van Jesus ontvang. Sy kon nie anders as om die allerkosbaarste aan Hom te bestee nie.

Stil en teruggetrokke was sy. Sy het weinig gevra en weinig gepraat. Sy het liefs aan Jesus se voete gesit en na sy woorde geluister.

Dink ons daarby daaraan dat Jesus haar geliefde broer, Lasarus, kort vantevore uit die dood opgewek het, dan begryp ons dat ons hier 'n hart het wat oorloop van dankbaarheid.

In die gebroke albastefles; in die salf wat neergestort is, sien ons Maria self. Só gee sy haarself as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer. "Ek breek my vir U, Here, en ek offer hiermee my hart aan U." Hy is dit werd dat ons nie alleen die allerbeste van ons besittings aan Hom offer nie, maar dat ons onsself aan Hom met dankbare harte toewy. Die dankbare gelowige wat enigsins 'n begrip het van sy wonderbare liefde vir ons, kan nie rus voordat alles wat hy is en het, aan die voete van Jesus uitgegiet word nie, as 'n kosbare dankoffer wat opstyg soos 'n lieflike geur tot sy eer.

# Julie

## 1 Judas – Armeversorger

Joh. 2:7-11

*"Waarom is hierdie salf nie vir drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee nie?"* (Joh. 12:5)

Judas Iskariot is aan die woord. Hy is een van die twaalf dissipels van Jesus, Hy beklee 'n vertrouensposisie – hy is die kassier. Hy dra die beurs. Dit is duidelik dat hy altyd aan geld dink. Toe Maria die albastefles te voorskyn haal, was hy klaar besig om te bereken hoeveel dit werd is. Ten minste drie honderd pennings. Dit is 'n groot som geld. Daarmee kon 'n mens 'n arbeider vir drie honderd dae huur.

Dit is groot geld en dit word sommer só hier uitgegooi en is ineens daarmee heen! Of Maria dit nou al kan bekostig of nie, dit is duidelik geldmors. Só speel 'n mens nie met geld nie. Hoeveel beter sou dit gewees het as Maria haar salf verkoop het en die drie honderd pennings gegee het aan... wie? "Wel, aan Jesus en die twaalf onder die sorg van Judas die kassier..." Dit sou hy waarskynlik dink, maar dit kon hy nie sê nie. Daarom sê hy in werklikheid: "en die geld aan die armes gee..."

Die sluwe Judas praat so oortuigend en oorredend dat van die ander dissipels saamstem. Sommige word selfs warm onder die boordjie daaroor (Matt. 26).

En Maria wat haarself moes opdring aan hierdie mannegeselskap, omdat sy gedryf is deur die liefde van haar hart, staan bedremmeld en rondkyk na al die toornige gesigte. Sy merk die afkeur en misnoeë oor die uiting van haar groot dankbaarheid.

So is dit maar in die wêreld. Die blom van die suiwer liefde kom nie ongestoord tot bloei en wasdom nie. Die storms ruk daaraan. Yskoue winde uit menseharte skroei dit tot 'n vroegtydige dood.

'n Oproep om geldelike bydraes vir die sending word soms só begroet: "Waarom kan die geld nie aangewend word om die verlore skape onder ons eie volk te bearbei nie?" Gewoonlik is die soort mens nie eerlik en moedig genoeg om sy eie gebrek aan offervaardigheid en selfs onverbloemde gierigheid te toon nie, maar stel dan in vrome woorde 'n "nuttiger" bron vir die aanwending van die offers voor. In werklikheid kom uit só 'n kritiese hart en hand gewoonlik geen krummel vir watter goeie doel ook al nie. Só 'n mens toon in die reël maar net sy liefde vir sy eie sente.

Die Here Jesus het elders van hierdie selfde vrou gesê: "Maria het die goeie deel uitgekies." Sy het geluister na sy woord. Die vrug daarop is hierdie suiwer offer uit 'n liefdevolle hart. Dit moet ons leer. Luister met brandende harte na die Woord van God. Dan sal die onkeerbare stroom van die ware liefde weer oor die oewers van ons kerklike formalisme breek en lewe bring waar die koue, vrome "nuttigheidsdood" heers.

## 2 Maria luister Gelowig

Luk. 10:38-42

*"Toe sê Jesus: Laat haar staan; sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis."* (Joh. 12:7)

Maria het 'n kosbare albastefles met nardussalf gebring en die Here Jesus daarmee gesalf. Judas Iskariot was dadelik gereed om haar daad af te keur. Dit is geldmors. Sy kon eerder die salf verkoop het en die opbrengs aan die armes gegee het. Toe sy in haar verleentheid verslae staan en sien hoe ook die ander dissipels die offerdaad afkeur, tree Jesus self vir haar in: "Laat haar staan; sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis."

Hier het ons 'n offer wat deurtrek is van die geur van die suiwere liefde. Sy gee in oorvloed en innigheid, maar ook met oorleg. Sy het moontlik gespaar en gewag en uitgesien na die geleentheid. Dit moes op die regte oomblik gedoen word. Jesus alleen het begryp dat sy dit gedoen het met die opregte innerlike aandrang en op die regte oomblik ... Sy het dit bewaar vir die dag van sy begrafnis.

Maria het geweet wat sy doen. Sy het geweet dat Jesus binnekort deur sy vyande doodgemaak sou word. Hy het dit al dikwels self gesê, hoewel sy dissipels dit nie geglo het nie. "Maria was miskien die beste luisteraar wat Jesus ooit gehad het. Die persoon wat nou die Here se voete salf, is dieselfde persoon wat vroeër aan sy voete gesit het. (William Hendriksen)" (Luk. 10). Toe het sy na sy woorde geluister. Sy het geluister en geglo – ook geglo toe Hy vertel het van sy dood en opstanding. Ook die gebeure na die opwekking van haar broer Lasarus – die groeiende vyandskap van die Jode – het haar laat besef dat sy nie meer moet uitstel, indien sy nog iets vir Hom wil doen voordat Hy sterwe nie.

Maria was nie "te laat" nie. Sy het die uitsprake van Jesus geglo. Sy het ook die tekens van die tyd reg gelees. Sy het gebruik gemaak van die geleentheid toe dit "nog dag was". Die kans sou verbygaan en dan is dit vir altyd te laat. 'n Gawe moet op die regte tyd gegee word, anders gaan die kosbare geleentheid verlore. Die waarde van haar geskenk lê nie in die hoë koste daarvan nie, maar in wat dit beteken vir die gewer en die ontvanger. Maria gee in die gawe haar hart. Nee, haar hart is alreeds die besit van die Here en die gawe is die uitdrukking daarvan.

Is dit 'n wonder dat die Here hier byvoeg, volgens Mattheus en Markus? "Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar" (Matt. 26).

## 3 Jesus en die Armes

Mark. 10:17-27

*"Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie."* (Joh. 12:8)

Dit is merkwaardig dat Jesus in sy antwoord op Judas, hom nie ontmasker as 'n skynheilige dief nie, maar Hom as 't ware op Judas se standpunt stel. Judas het Maria kwalik geneem dat sy soveel geld "mors" vir haar gawe aan die Here. Sy kon liewer aan die armes gedink het. "Ja, dit is goed om aan die armes te dink, maar daartoe sal julle nog baie geleentheid hê, wanneer Ek nie meer liggaamlik by julle is nie. Nou, terwyl Ek hier is, kom die offer My toe." Dr. K. Schilder sê hieroor: "Jesus spreek hier as koning, want konings sê: eers ek, dan jy."

Jesus lê sy hand van beskerming oor die daad van Maria. Hy verdedig haar nie met 'n skerpsinnige betoog nie. Hy ontken ook nie dat die armes sorg nodig het nie. *Die* dissipels en die kerk van alle eeue sal nooit klaarkry met die versorging van die armes nie. Maar Hy stel Maria se daad afsonderlik. Dit val buite die nuttigheidsreëls. Só 'n daad bloei in sy eie onaantasbare heerlikheid. Dit is 'n huldigende gebed. Dit is 'n stille lofsang; 'n lied sonder woorde, wat deurklink by elke evangelieverkondiging. Die diepste sin van die evangelie van Jesus Christus klink deur in hierdie daad: die liefde wat sigself offer en uitstort.

Hierdie daad van Maria kan 'n mens nie uitspeel teen die armesorg nie. Eintlik het armesorg geen betekenis as dit nie 'n offer aan Christus is nie. Indien die gawe aan my medemens nie in die eerste plek 'n gawe aan Christus is nie, is dit 'n klinkende metaal of luidende simbaal. Alleen binne die sfeer van die liefde van Hom wat Homself vir ons oorgegee het, kry ons gawes die nardusgeur van die hemelse offer. Laat ons Hom los, dan vervloei ook ons gawes aan die armes tot blote niksseggende "medemenslikheid".

Só verdedig Jesus nie alleen Maria se offerdaad nie, maar Hy plaas ook ons armesorg in perspektief. "Die armes het julle altyd by julle", hou ook in dat ons altyd na hulle moet omsien.

Dit is tog opmerklik dat die Here nie sê: "Èk is meer as die armes" nie. Nee. Hy benadruk alleen die tydsfaktor. Hy het hulle self geleer om vir die armes te sorg en Hy sal Hom nimmer aan die armes onttrek nie. Die verpligting bly – altyd. So gee Hy aan sy kerk van alle tye onderrig.

## 4 'n Lewende getuie

Matt. 12:33-37

*"Baie het deur hom .. .in Jesus geglo."* (Joh. 12:11)

Die mense het gehoor dat Jesus in Betanië is. Hulle stroom vanuit die nabygeleë Jerusalem daarheen om Jesus te sien. Hulle het egter gekom, "nie alleen terwille van Jesus nie, maar ook om Lasarus te sien, wat Hy uit die dode opgewek het". Ons kan ons voorstel hoe mense Lasarus vir mekaar uitwys en bekyk. "Paar staan hy – die man wat al vier dae dood was! Sy liggaam het al 'n lyklug versprei. En kyk dáár, hy is springlewendig!"

Van Lasarus self lees ons nie dat hy 'n woord met die mense gepraat het nie. Van wat hy gesien en ondervind het, terwyl hy dood was, word niks vertel nie. Dit lyk asof hy bloot 'n stille getuie was van die mag van Jesus oor die dood. Hy was tevrede om homself te koester in die glans en heerlikheid van sy Meester. En tog is hy 'n lewende getuie van Jesus Christus. Bloot sy aanwesigheid verkondig die werke van God in onverbloemde taal. Hy leef – hy het opgestaan uit die dood – en daarom praat hy as 'n lewende getuie.

Dit is opmerklik dat die mense nie gekom het om Lasarus te hoor nie, maar om hom te sien. By hom was woorde nie nodig nie. Dit is nie nodig dat hy moes vertel van die wonder nie. Die wonder was bekend en hy, die lewende Lasarus, die bewys daarvan.

Die stille Lasarus; die lewende getuie van Jesus Christus, praat 'n duidelike taal. Baie van die Jode het deur hom weggegaan en in Jesus geglo, vertel die evangelieskrywer. Die verwondering oor Lasarus, was vir hulle nie bloot sensasie nie. Dit het heengewys na Jesus Christus. Lasarus was alleen wat hy was deur Jesus. Die nederige en stille Lasarus, bring mense aan die voete van Jesus. Só vervul hy sy roeping.

'n Mens hoef vanselfsprekend nie eers uit die liggaamlike dood opgewek te wees om 'n lewende getuie van Jesus te wees nie. Die opwekking uit die dood van misdade en sondes is net só 'n groot of groter wonder. En die wêreld staan telkens verstom wanneer een van die getuies maar net leef soos hy behoort te leef.

# 5 Hy kom!

Ps. 2

"... *toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom* ..." (Joh. 12:12)

Die voorbereiding tot die grootste fees van die Jode het begin. 'n Menigte pelgrims van oor die hele land is in Jerusalem.

Sondagmôre breek aan. Dit lui die feesweek in. Dan versprei die gerug onder die Jode in Jerusalem dat Jesus uit Betanië vertrek het en op pad is.

Hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom. Hy kom in 'n feestelike optog. Hy kom by wyse van 'n openbare demonstrasie. Dit teken 'n opmerklike kentering in Jesus se optrede. Dit toon duidelik dat Hy gekom het om uit eie vrye wil sy lewe af te lê. Hy neem sake in sy eie hande. Hy is sy vyande voor. Hy weet dat die geesdrif van die menigte die owerstes se toorn gaande sou maak. Hulle sou nie anders kon as om op te tree nie.

Hiermee verplig Jesus die Sanhedrin om hulle tydtafel te verander. Hulle was nie van plan om Hom op die fees gevange te neem nie, uit vrees vir 'n opstand onder die volk. Dit sou hulle eie posisie in gevaar stel, want die Romeinse owerheid kon ingryp. Jesus verplig hulle egter om in te val met sy planne en te handel volgens die raadsplan van sy Vader. Hy moes op die paasfees sterf. Hier tree die waarheid aan die lig: die mens wik, maar God beskik.

So word menslike planne en intriges met een almagtige handveeg van God vernietig. Hy skryf die geskiedenis. "Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke" (Ps. 33). Die grotes van die wêreld voer allerlei planne in die skild. Hulle stapel wapens op. Hulle beraam aanslae teen die volk van sy kerk.

Hierdie vyandskap sal aangroei en die nood van die kerk sal ontsettend groot word. En tog weet ons dat onse Here regeer. Hy stuur ons wel soos skape onder die wolwe in, maar op sy bestemde tyd sal die mensdom hoor: "Hy kom!" En dan word alle menslike ontwikkelingsprogramme vernietig. Ja, al is Hy oënskynlik op die agtergrond; Hy is nie dood nie. Hy is lewend werksaam en sy raadsplan voer Hy ten einde. Daarin kan geen mag of geweld of menslike intriges Hom verhinder nie.

So kom Jesus op die tyd deur God bestem in Jerusalem aan om te ly en te sterwe. Só kom Hy ook op die bestemde tyd op die wolke van die hemel om te oordeel die lewende en die dode.

# 6 Wees bly!

Ps. 118:1-9

*(hulle het) "palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet."* (Joh. 12:13)

'n Groot menigte feesgangers in Jerusalem is aangegryp deur die boodskap dat Jesus in aantog is na die stad. Saam met Hom kom 'n groep mense vanaf Betanië. Uit die Oostelike stadspoort stroom hulle die optog tegemoet. Langs die pad pluk hulle palmtakke af en begin Hom juigend toewuif toe Hy hulle nader op die rug van 'n eselsvul.

Die palmboom het vir Israel 'n besondere betekenis gehad. Volgens voorskrif moet die volk tydens die Loofhuttefees "palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers (neem) en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE, julle God, vrolik wees" (Lev. 23). Daarom gryp die geesdriftige skare ook nou na palmtakke om uiting te gee aan hulle vreugde en die verwagte oorwinning van die Messias oor al hul vyande. Indien Jesus by magte is om 'n man na vier dae uit die graf terug te roep, dan sal niemand Hom kan stuit nie. Onder só 'n leier was dit kinderspel om die knellende juk van die Romeine af te werp.

Eindelik het Jesus die hart van die volk verower!

Ag ja, so lyk dit. In werklikheid is hierdie juigende hulde van korte duur. Hoewel Jesus dit aanvaar, omdat dit só moes gebeur, het die geesdrif gou verwelk, toe Jesus toon dat Hy geen Messias na hulle smaak wou wees nie. Hulle wuif die palmtakke van vreugde en oorwinning oor Rome en sy soldate... Jesus kom wel om te oorwin, maar sy stryd gaan nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug (Ef. 6). Dit is veel moeiliker om daarvoor geesdriftig palmtakke te swaai. Plaas 'n mens jou voet op die weg van die oorlog van Jesus Christus, dan kos dit trane en bloed. Dan begin jy by jouself en jou "eie ek" kom onder skoot. Hy moet dood, opdat Christus in jou kan lewe. En dan juig 'n mens gewoonlik nie, want dit kos gebed en worsteling om in jouself te sterwe.

En tog is die aardse tranedal nie geheel vreugdeloos nie. Jesus het immers gekom as 'n oorwinnaar en om te oorwin. Ons is bevry en ons leef waarlik. Ons het die ewige lewe. Dit beteken ware vreugde en rus selfs in nood en ellende en vervolging.

Hef op u palmtak van vreugde en oorwinning! Jesus het gekom en Hy het oorwin! Sing dan juigend blye skare! En Hy kom weer om finaal sy triomf te voltooi!

## 7 Here, gee Heil!

Ps. 118:19-29

*"Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here..."* (Joh. 12:13)

Die volk wuif met palmtakke. En dan gaan die roep op – die roep gelaai met Messiasverwagtinge: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel."

"Hosanna!" Hierdie uitroep is 'n dringende gebed. Dit is só dringend dat dit staan in die vorm van 'n bevel. Dit beteken eintlik: "Verlos nou!" Dit is die roep van 'n geknelde en verdrukte na die hemel. "Moenie uitstel nie! Verlos dadelik!" Dit dra in sigself egter alreeds die klank van oorwinning. Die verlossing is in sig, daarom kom dit uit die hart van 'n juigende ellendige. Hy is seker: die verlossing het gekom. Die bestemde tyd is daar. Deurdronge van die besef van die vreugde van die verlossing wat voor die deur is, kom die dringende gebed oor die lippe: "Here, moenie langer die belofte van die verwagte verlossing vertraag nie!"

Dit is gegryp uit Ps. 118: "Ag, HERE, gee tog heil! Ag, HERE, gee tog voorspoed!" En dan gaan hulle voort met Ps. 118: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE!"

Ps. 118 is een van die ses psalms waaruit die meeste in die Nuwe Testament aangehaal word. Dit is 'n duidelike Messiaanse psalm. Dink aan die uitspraak: "Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Dit het van die HERE gekom; dit is wonderbaar in ons oë." In die lig van die Nuwe Testament is dit duidelik: Hy wat kom in die Naam van die Here, is die Christus. Dit het ook die volk by hierdie geleentheid begryp. Dit spreek hulle altans uit. En al is hulle Messiasverwagtinge aardsgebonde, is dit nogtans waar. God gebruik hulle, die onkundige volk, om te verkondig dat sy beloftes nou in vervulling gaan. Jesus sê selfs elders dat die klippe dit sal uitroep, indien die volk swyg.

Die "Hosanna!" van die volk was nie 'n vergeefse uitroep nie. Dit het in vervulling gegaan. Die verlossing van die ellendiges was voor die deur. Die losprys is gebring. Die skuld is betaal, voordat 'n verdere week verloop het. Die Lam van God is na die slagplek gelei. Sing in die nag! Hef aan: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!"

## 8 Die Hele Skrif!

Hebr. 1

"... *soos geskrywe is..."* (Joh. 12:14)

U steek u hand uit en vat u Bybel. U slaan dit oop en lees. Die eenvoudige handeling het 'n geweldige betekenis. U lees in 'n boek. Die boek word genoem: die Skrif of Heilige Skrif. Dit staan ook bekend as die Woord van God. In die omgangstaal praat ons selfs van "Boeke vat", wanneer ons saam lees uit die besondere Boek.

Die Bybel bestaan uit twee dele. Sommige mense meen dat die Ou Testament minderwaardig is. Die Nuwe Testament is meer hoogstaande. Volgens sommige verkondig die Ou Testament die God van toorn en wraak en bloeddorstigheid. Dit staan só vér van ons af en het vir ons niks meer te sê nie. Die Nuwe Testament met die boodskap van Jesus Christus – die "liewe Jesus" – is veel meer na ons smaak...

En tog is en bly die een net soos die ander die onfeilbare Woord van God. "Daar is geskrywe", sê Jesus en dan is dit die einde van alle teëspraak. En dan verwys Hy spesifiek na die Ou Testament. Dit is selfs opmerklik hoe dikwels die evangelieskrywers sê dat iets gebeur, sodat die Skrif – en daarmee die Ou Testament – vervul sou word. Die Skrif het nie alleen vir sy tyd en die mense van die tyd gepraat nie, maar het bepaalde profesieë wat heenwys na die toekoms.

Die oortuiging leef by die Bybelgelowige dat die Skrif in vervulling gaan. Hy is gerig op ons, maar hy openbaar ook die toekoms. Daarom het ons in die Bybel die allerbelangrikste bron van inligting wat 'n mens op aarde kan besit. Daaruit ken ons God. Daaruit leer ons ook wat ons diepste nood is – ons is dood in misdade en sondes – "soos geskrywe is." Ons weet van die Middelaar en verlossing uit ons sondenood – "soos geskrywe is..." Maar "soos geskrywe is..." gaan die geskiedenis ook in vervulling. Soos ons belydenis dit stel: "die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is."

Ons is Jesus se volgelinge. Ons leef uit die lig van die Skrif. "SOOS GESKRYWE IS..." staan ook oor ons lewe – ons woorde en dade. Dit is die bron van lig en krag. Dit is ook die norm waarop ons lewe gebaseer word ... En die beloftes in die Skrif is ook ons troos vir die toekoms.

# 9 Getrou aan sy Woord

Sag. 9:9-17

*"Kyk, jou Koning kom en Hy sit op die vul van 'n esel."* (Joh. 12:15)

So, skryf Johannes, is die Woord van God vervul. Johannes dink hier aan die uitspraak van die profeet Sagaria: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."

Hierdie duidelike Messiaanse profesie is in Jesus se intog in Jerusalem letterlik vervul. Dit het die dissipels later begryp, nadat Jesus verheerlik is. Tans was hulle harte te veel vervul met die geesdrif van die volk wat na 'n ander profesie gegryp het – die uit Ps. 118.

"Hosanna! Verlos nou! Verlos dadelik! Die verlossing is hier want hier is ons Koning *i*"

Later, veel later, besef sy dissipels eers waarom dit werklik gegaan het. Die hosannas is vervul, maar só anders as wat hulle verwag het. En gelukkig ook soveel beter as wat die menslike inbeeldinge hulle wysgemaak het ... In hulle hosanna-geroep het hulle die eselsvul misgekyk en vergeet wat die profeet Sagaria gesê het: Hy praat van die Koning as regverdig en 'n oorwinnaar, maar hy sê ook dat Hy nederig is en op 'n esel ry .. .

Só plaas Johannes twee Messiaanse uitsprake naas mekaar. "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here" ... en "Jou Koning kom en Hy sit op die vul van 'n esel." "Twee Messiaanse woorde, één wat die skare misbruik en één wat Jesus vervul." (Grosheide). Só verdwyn die verwagte aardse heerlikheid van die Messias, wat die volk koester, teenoor die glans van die egte, waaragtige hemelse heerlikheid. Jesus gaan sit op die vul van 'n esel en vervul só die profesie. Daardeur vertoon Hy sy ware heerlikheid, al is dit in die gewaad van die nederigheid.

Sou ons ooit begryp hoe die hemelse heerlikheid op aarde vervul is in Hom, die Gekruisigde? Hy verneder Homself as 't ware tot 'n spotkoning in die oë van die wêreld, maar Hy bly gehoorsaam aan sy opdrag. Hy ry op sy eseltjie die stad Jerusalem binne omdat só van Hom geprofeteer is. Hy is en bly getrou aan die Woord van God. Hy kan nie ontrou wees aan sy eie Woord nie.

Hy kom weer en, dan ry Hy nie op 'n eselsvul nie, maar op die wolke van die hemel, beklee met majesteit en heerlikheid... Dan is daar nie meer tyd om agterna by te val Wie Hy is nie. Hy bly getrou aan sy Woord!

# 10 Die Magtelose Bose

Openb. 20:1-6

*"Sien julle dat julle niks vorder nie*..." (Joh. 12:19)

By die triomfantlike intog van Jesus in Jerusalem hoor ons verskillende stemme. Die skare roep: "Hosanna!" Ook die Fariseërs en Skrifgeleerdes is getuie daarvan. Die geroep dring by hulle deur murg en been. Hulle kan dit nie uitstaan nie. In hulle magtelose woede bestorm hulle Jesus self: "Meester, bestraf u dissipels!" (Luk. 19:39). Kalm is die antwoord: "Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep."

"Skrifgeleerdes" met hulle "Skrifverklarings" en al stuit teen die waarheid van die lewende Woord. Teoloë en ander mensies mag die woord van die "mite" van Jesus Christus die eniggebore Seun van God, "suiwer", maar hulle kan dit nie keer nie. Hy leef en Hy werk en Hy kom op sy tyd volgens die Woord en die raadsbesluit van God...

Pateties klink hulle onderlinge verwyt: "En die Fariseërs het vir mekaar gesê: Sien julle dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan!" Onder die Fariseërs is daar die vuurvreters en gematigdes. Sommige wou Hom al lankal gryp en uit die weg ruim. Andere stem saam dat Hy 'n gevaar is, maar maan tot versigtigheid. Die voorstanders van vinnige en drastiese optrede slinger nou die verwyt tot die ander: "Sien julle dat julle niks vorder nie..."

Hierdie verdeeldheid onder die Fariseërs het die Here ook gebruik om sy doel te dien. Ook die weifelaars sou uiteindelik tot 'n besliste standpunt gedwing word. Dit sou egter alleen gebeur toe sy uur gekom het. Intussen vorder hulle niks nie... Hy is rustig besig om sy weg te gaan en sy roeping te vervul.

Hierdie rustige leefwyse en werkswyse is ook die deel van sy volgelinge. Solank ons Hom volg, kan ons maar rustig ons weg in sy hand oorlaat. Hy voer dit uit. Ondanks al sy helse pogings vorder die duiwel niks nie. Ook sy instrumente se menslike berekeninge en intriges word in die war gestuur. Hulle vorder niks nie, al lyk dit dikwels so. Selfs die antichris sou niks kan vorder, indien God hom nie toelaat nie. Van hom lees ons in Openb. 13: "Dit is aan hom *gegee* om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin..." Hy sou niks kon doen as dit hom nie gegee is nie.

## 11 Sending-geleentheid

Hand. 1:1-9

*"Meneer, ons wil Jesus graagsien."* (Joh. 12:21)

'n Mens kan hierdie versoek van die Grieke: "Meneer, ons wil Jesus graag sien", net so in die mond van die moderne soekende mens lê. En staan dan as Christen in die plek van die dissipel Filippus tot wie die versoek hier kom. En antwoord daarop en wys Jesus aan: uit die Skrif en in u lewe... Helaas, menigeen draai om sonder om 'n antwoord te kry. Die deursnee-"Christen" is nie by magte om Jesus aan te wys nie – nie in die Bybel nie en ook nie in sy eie lewe nie. Hoe ellendig arm het ons geword! In plaas van Jesus self bied ons idees en kerkbegrippe aan waaragter Jesus self skuil gaan ... En ons lewe is só dikwels geen wegwysers na Jesus toe nie, maar struikelblokke vir die buitestaander...

"En daar was sommige Grieke onder die wat opgekom het om op die fees te aanbid; en hulle het na Filippus gegaan ... en hom gevra en gesê: Meneer, ons wil Jesus graag sien."

Dit is opmerklik dat hierdie gebeure vertel word pas na die uitspraak van die Fariseërs: "Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan." Hierdie vreemdelinge, van wie weet waar afkomstig, het van Hom gehoor. Almal praat van Hom, veral na die intog. Ook die opwekking van Lasarus is alombekend en op elkeen se lippe. Hier is inderdaad die begin van 'n "wêreldbeweging"... Nie alleen die Jode wil Hom graag sien en hoor nie, maar sy roem het nou die volksgrens oorskry en ook mense van ander nasies soek kontak met Hom.

Hier word nie gepraat van heilbegeerte en of die Grieke enige blywende band met Jesus soek nie. Hulle vra nie na sy prediking nie. Hulle wil Hom alleen sien. En tog spreek hieruit ernstige belangstelling in Jesus. As hulle bloot sou wou sien hoe Hy lyk, kon hulle wel 'n ander plan maak. Daarom kan ons wel aflei dat hulle graag met Hom wou praat. Hulle verlang 'n gesprek met Hom.

Filippus wys die weg na Jesus. En u?

## 12 Nie só nie

1 Kor. 2:1-10

*"Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word..."* (Joh. 12:23)

Filippus en Andreas, twee van Jesus se dissipels, het pas by Hom gekom en die versoek van sekere Grieke om Hom te sien, onder sy aandag gebring. Daarop volg die antwoord: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word..."

Kan ons hieruit aflei dat Jesus glad nie die Grieke te woord gestaan het nie? Sou Hy, wat by 'n ander geleentheid aan die Siro-Feneciese vrou 'n antwoord gegee het, hoegenaamd geen antwoord aan die Grieke hê nie? Ek glo nie dat ons die afleiding kan maak nie. Jesus het waarskynlik wél met die Grieke gepraat, maar Johannes het dit nie nodig gevind om die gesprek aan ons oor te lewer nie. Vir die skrywer gaan dit om die lyde en heerlikheid van Christus en hy vermeld bloot die feit van die Grieke wat Hom wou sien, omdat ook dit dien tot sy verheerliking. Selfs hierdie vreemdelinge is getref deur sy heerlikheid in die opwekking van Lasarus en die intog in Jerusalem...

Maar waarom praat Johannes dan hoegenaamd van die Grieke? Sou hy dan nie net so goed maar van hulle kon geswyg het nie? Ons moet dit sien in verband met die voorafgaande gebeure. By die maaltyd in Betanië het Maria Hom gesalf met die oog op sy begrafnis. Sy het aan Hom hulde betoon en Hy aanvaar dit, maar alleen met die oog op sy lyde en dood. By sy intog in Jerusalem het die skare, verteenwoordigers van Jerusalem, Hom juigend begroet. Ook dit aanvaar Hy, hoewel Hy terselfdertyd oor Jerusalem ween, wat na Hom nie wou luister nie. Nou kom die Grieke na Hom toe. Hulle eer Hom daarmee as verteenwoordigers van die volkere buite Israel. Op sigself kon Hy ook dit aanvaar met die voorbehoud, dat dit in verband gebring moet word met die uur wat op hande is: sy dood en opstanding.

Dit is goed om te onthou dat daar vir alle mense geen ander weg is om Jesus te vereer nie, as die weg waarlangs sy heerlikheid geopenbaar is. In die kruis en die graf en opstanding en hemelvaart word Hy geken en geëer. Maar ons moet dan ook nie skrik as die kruis en die dood en die graf op ons weg kom nie. Dit is die dinge wat die latere Grieke in die tyd van Paulus as 'n dwaasheid beskou het. Dit is ook 'n dwaasheid vir elkeen wat nie weet van die kruis van Christus in sy lewe nie. Vir ons wat glo, is dit egter die krag en die wysheid van God.

## 13 Sterf om Nuwe Lewe te gee

Rom. 6:1-9

*"As die koringkorrel sterf, dra dit veel vrug."* (Joh. 12:24)

Ons weet nou al dat Jesus 'n sentrale uitspraak in gedagte het wanneer Hy begin met: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle..." Ja, wat nou volg is van die allergrootste gewig. Dit is die sentrum, die hart, van die Evangelie. "As die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

Hy het só pas gepraat van sy heerlikheid. "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word." Hy sal egter nie op aardse wyse tot heerlikheid kom nie, maar op 'n uitsonderlike wyse. Hy sien Homself as 'n koringkorrel. Die koringkorrel moet in die grond gegooi word. Daar ontkiem dit en groei tot 'n plant wat baie korrels dra. Die oorspronklike koringkorrel het in die proses gesterwe om die lewe van baie voort te bring. "As dit sterf, dra dit veel vrug."

Ook Jesus sou alleen bly, indien Hy sou weier om te sterf. Hy sou alleen terugkeer na die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het voor die grondlegging van die wêreld. Gaan Hy egter langs die weg van lyde en dood na die heerlikheid, dan bly Hy nie alleen nie. Die één word baié. Dan vervul Hy sy roeping as koringkorrel. Hy sterf om andere tot lewe te bring. Só spreek die lewenswet in die natuur - sterf en word baie – ook van die roeping en werk van Jesus. Hy sterwe en neem baie mee na die heerlikheid.

Dit kan ons dan bring in verband met die Grieke wat Hom wou sien. Na sy sterwe kom nie alleen mense uit Israel tot lewe nie, Hy bring wêreldwyd mense tot lewe. Sy ondergang is en bly smartlik, maar bring tog uiteindelik nie smart nie, maar lewe. Só is die bittere lyde van Jesus Christus vir ons 'n heerlike gebeurtenis. By die koringkorrel kan moeder en kind nie tegelyk lewe nie. Die moeder offer haar vir haar kind. In die teken staan die werk van Christus.

Dit is die hart van die Evangelie. Jesus het op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Graanlande bedek die aarde. Tot aan die verste uithoeke sien Hy die vrug van sy sterwe. Ja, die een koringkorrel het miljoene voortgebring. Oral waar sy Naam bely word en mense uit Hom lewe, is die vrug van die gestorwe koringkorrel op Golgota sigbaar. Dit is ook u deel, indien u met Jesus gekruisig is en met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe.

## 14 Sterwe in jouself

Matt. 16:24-28

*"Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor*..." (Joh. 12:25)

Die Here Jesus het sy eie roeping só pas aan ons voorgehou. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug..."

Dadelik pas Hy nou hierdie selfde "wet" op alle mense toe. Die "natuurwet" om te sterf en só tot nuwe lewe te kom, geld van alle mense. As die koringkorrel homself sou liefhê en weier om te sterwe, bly hy alleen. Vir ons beteken dit egter nie bloot dat ons alleen bly nie, maar ook dat ons in die dood bly. Paulus stel dit só in Ef. 2: "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld..."

Maar hoe kan ons dan sterf as ons reeds in die dood is? Dit spreek die Here uit in ons teks. Ons het van nature die lewe in die dood lief. "Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor." Dit beteken dat ons hierdie sondige lewe – die lewe van die misdade en die sonde – nie graag wil verloor nie. Só diep sit die verdorwenheid in ons natuur, dat ons dit graag as normaal – ja, as die ware lewe wil aanvaar. Soms smeer ons so hier en daar 'n bietjie vernis aan deur ons sg. "goeie werke" om die doodskleur te verberg, maar om jouself, jou eie lewe, los te laat, is te veel gevra vir die meeste mense.

Hier het ons te doene met die allereerste kenteken van die ware gelowige. Lees dit maar in die woorde van die Here Jesus self in Matt. 16: "As iemand agter My aan wil kom, moet Hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." "Selfverloëning" beteken dat jyself in jou eie oë nie tel nie. Jy is dan van jouself "verlos". Is die "eie ek" nie ons allermagtigste vyand nie? Eers wanneer ek van myself verlos is, is ek waarlik vry.

Hierdie selfverloëning noem die Skrif ook die afsterwing van die ou mens. Op die vraag: "Wat is die afsterwing van die oue mens?" antwoord ons kategismus: "Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug."

Eintlik kom dit daarop neer dat ons onsself of ons eie lewe nie moet liefhê nie, maar haat. Só nou is die poort waardeur ons ingaan in die koninkryk van die hemele.

Hierdie selfverloëning of sterwe in onsself bevat drie elemente: Sondedroefheid, sondehaat en sondevlug.

## 15 Lewe in Christus

Ef. 4: 20-32

"... *maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe."* (Joh. 12:25)

Ons vorige oordenking het op 'n donker noot geëindig. Hier betree ons die lighoogtes. Die Here stel aan ons bomenslike eise. Saam met sy eis gee Hy egter ook die genade. En wanneer Hy wegneem, ontvang ons veel meer terug. Ons verloor onsself – en watter gelowige weet nie wat dit kos nie? Ons wins is egter onberekenbaar groter: "omdat ons nie let op die sigbare ding nie, maar die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig" (2 Kor. 4).

Word 'n mens se oë geopen deur die Woord en Gees van die Here. dan skrik jy vir jouself. My sonde is verweef in my wese. Kom ek daartoe om my eie sonde te haat, dan kan ek nie anders as om my eie lewe te haat nie. En dit gaan nie alleen om die lelike karaktereienskappe of veragtelike gebreke wat aan myself kleef nie, maar om alles wat uit myself is. Ek is lelik en verfoeilik voor God. "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" (Rom. 7).

Gelukkig voeg Paulus by die diepe klag: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" En die Here Jesus self sê: "wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe."

Wat is ons lewe tog in "hierdie wêreld"? Hierdie wêreld staan onder die heerskappy van die duiwel. Daarom veroordeel die Here elke strewe na die behoud van jou lewe in hierdie wêreld. Dit beteken alle begeertes wat gerig is op dit wat in hierdie sondige lewe bestaan. Dit moet ons haat, afstaan, ontvlug. Dan bewaar ons die ware lewe of die "ewige lewe".

Hier gaan die reël in vervulling: Die dood bring die lewe voort. Sterwe in jouself en jy staan op in die ewige lewe. Dit noem die Skrif ook die opstanding van die nuwe mens. Kom ons kyk na ons Kategismus se verklaring. Die opstanding van die nuwe mens "is 'n hartlike vreugde in God deur Christus, en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe..."

Teenoor die sondedroefheid, staan die vreugde in God deur Christus. Dit is 'n vreugde wat alle verstand te bowe gaan. Die Here gee wat Hy belowe: die beginsel van die ewige vreugde alreeds hier op aarde. Ons is verlos van die bande van die lewe in die dood en smaak die vreugde van die vryheid om kinders van ons hemelse Vader te wees.

## 16 Slagskape

Rom. 8:31-39

*"As iemand My dien, laat hom My volg*..." (Joh. 12:26)

'n Mens hoor soms die uitspraak: "Ek dien die Here soos ek wil..." Dit word "eiewillige godsdiens" genoem. Dit is 'n godsdiens na jou eie smaak en insigte. In werklikheid is dit egter geen "godsdiens" nie, maar "selfdiens". Geen mens kan die Here dien, soos hy verkies nie. By die diens van die Here geld net een norm: dien jy Hom, dan volg jy Hom. Dit geld in die wydste sin van die woord dat jy dan moet lewe volgens sy wil, soos in sy Woord vervat. Wie is ek om aan die Hoë God voor te skryf hoe ek Hom wil dien?

Hierdie uitspraak het egter 'n besondere klank. Dit staan i.v.m. die lyde van Jesus. Sy pad is die pad van die sterwende koringkorrel. Op sy weg staan veroordeling en die kruis en die dood en die graf. En dit is ook die pad vir elkeen wat Hom dien. "As iemand agter My aan wil kom, moet Hy homself verloën en *sy kruis opneem en my volg"* (Matt. 16). Ons sien die kruisdood van Christus tereg as 'n geskiedkundige gebeurtenis. Dit het eenmaal plaasgevind in die geskiedenis. Dit is 'n afgehandelde saak. Christus het klaar en voldoende gely...

En tog... Die kruis gaan ook met die kerk van Christus die geskiedenis in. Ons is die kerk onder die kruis. Die kruis kom in ons lewe. Ons volg onse Here ook op die kruispad. Dit is wat Hy hier wil tuisbring.

Wat beteken dit vir ons?

By geleentheid het die moeder van Johannes en Jakobus na Jesus gekom met die versoek dat haar twee seuns aan sy regter- en linkerhand mag sit in sy koninkryk. Jesus se antwoord was: "Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" Daarop antwoord hulle: "Ons kan." En dan volg die vreemde uitspraak van Jesus: "Dis waar, my beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word..." Jakobus en Johannes sou ook sy beker drink en met sy doop gedoop word. Hulle sou ook soos Hy gesmaad en vervolg word en selfs doodgemaak word, omdat hulle in Hom glo... Hulle sou Hom ook volg op die pad van lyde omdat hulle Hom dien...

Maar wie is daartoe in staat? In eie krag niemand nie... Maar deur sy krag kan ons nie anders nie... Niemand kan ons uit sy hand ruk of van sy liefde skei nie... Volg Hom maar net elke dag in die klein dingetjies en u word geoefen en gestaal vir die groot dinge wat ook op u weg mag kom . .. Wie weet...?

## 17 Genadeloon

Rom. 11:33-12:2

"... *as iemand My dien, sal die Vader hom eer."* (Joh. 12:26)

Wat bedoel Jesus met hierdie uitspraak: "As iemand My dien, sal die Vader hom eer?" Spreek hieruit nie die gedagte van loon of beloning vir diens nie? Wat dan van die verdienste van Christus – Hy het tog alles vir ons verdien en ons ontvang alles uit genade uit die hand van die Here? Ons allerbeste werke is soos 'n wegwerplike kleed. Dit kan tog nie stand hou voor die heilige God met sy volkome eise nie.

En tog is die Skrif vol van beloftes van beloning. Dink maar aan só 'n uitspraak: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel" (Matt. 25:21).

Die Heidelbergse kategismus hou hom ook besig met die vraag. "Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon?" Hierop is die sobere antwoord: "Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade." Genadeloon; dit is al. Niks meer of minder nie. Beloning is daar, maar daar is geen verdienste nie. Ons is geen huurlinge van ons Vader nie. Ons is sy kinders, 'n Kind werk vir sy vader, nie ter wille van die loon nie, maar omdát hy sy vader liefhet.

Indien ons die Here sou dien met die bedoeling om sy guns te wen en, "in die hemel te kom", dan leef ons al klaar buite Christus. Dan sal ons in elk geval nooit die hemel bereik nie. By Christus kom ons nimmer met ons goeie werke nie. Die saak staan presies andersom. Het ons die genade in Christus ontvang, dan kan dit nie anders nie: ons dien Hom. Dit doen ons uit dankbaarheid.

En dan volg vanselfsprekend dat die Vader só 'n mens eer. Hy deel in die eer wat Christus toekom. Christus se verdienste word hom toegereken. Dit is wat Jesus in hierdie uitspraak wil tuisbring: "Waar Ek is, sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer." Jesus se dienaar volg Hom op die weg van smaad en vernedering. Daarom volg hy Hom ook na die heerlikheid. Daarom bid Hy in die hoëpriesterlike gebed: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My heerlikheid sal aanskou wat U My gegee het..."

Ons Vader onthou en beloon ons – al verdien ons dit nie – omdat ons Hom dien. En dan moet ons nog altyd bely dat ons diens, ook maar weer sy werke in ons is. Wonderlik is die genade van die Here in Christus Jesus. Ondeurgrondelik is sy weë... Wie het eers iets aan Hom gegee dat dit Hom vergeld moet word ... En tog wag Hy ons in en bekroon ons met eer en heerlikheid... Prys sy Naam!

## 18 Jesus in Angs

Filipp. 2:1-11

*"Nou is my siel ontsteld*..." (Joh. 12:27)

Kan dit waar wees? Is dit Jesus Christus wat hier aan die woord is? Is dit Hy wat aan sy dissipels gesê het: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My?" En nou? Hoe kan 'n mens in Hom glo wat self ontsteld is? Is die Franse sielkundige reg wat veragtend verwys na Christus se angste – hier en in Getsémané – en Hom "die bang Jesus, seun van Josef", noem? Volgens hom het Jesus niks gemeen met die Here van die leërskare nie. Hy kan ook nie begryp hoe helde uit die menslike geslag in Hom kan glo nie..."

Tereg merk prof. Schilder daaroor op: "Ons kan sonder geloof in Hom sy angste nie eers nader bepaal nie. Wis die angssweet weg van die gesig van die Man van Smarte, stryk die trekke van benoudheid weg van die beeld van sy verwronge gelaat, laat die waters van sy siel stil en kalm word, – maar dan is Hy, wat die naam dra, ons Heiland nie meer nie. Ons kan Hom nie volg, nie glo, nie eens sien, behalwe in hierdie namelose pyn nie.

"Glo ook in My" bly ook hier ons rigsnoer... Eers moet ons glo en dan kyk na sy siele-ontsteltenis... Dan kan sy volgelinge selfs "kalmer" as Hy hulle marteldood tegemoetsien. Daarmee het hulle bely dat dit die grootheid van Christus was wat hulle in staat gestel het om regop te bly staan. Juis sy angste en helse kwellinge het hulle die krag gegee om vir sy Naam te ly – omdat Hy in hulle angste en helse kwellinge naas hulle gestaan het. "Juis omdat Christus 'n wurm was en geen man nie, kon hulle weer in beginsel die beeld vertoon van 'n man en geen wurm nie" (Schilder).

"Nou is my siel ontsteld..." Daarmee sê Jesus: "Ek is in my diepste innerlike ontroer. Ek het te doene met my eie lyding wat nou voor die deur is. Ek sien daarteen op. Wat sal Ek sê: Vader red My uit hierdie uur!" Sy sterwe, wat ophande is, is vir Hom 'n las – 'n helse las! Sy heerlikheid en ons heerlikheid, waarvan Hy pas vantevore gepraat het, kan nie kom tensy Hy sterwe nie.

Dit is die Evangelie van Jesus Christus. Die één blye boodskap van alle tye. 'n Heugliker tyding het ons as sondaarmense nêrens in die heelal ooit gehoor nie.

## 19 Die Stem uit die Hemel

Rom. 1:16-23

*"Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom."* (Joh. 12:28)

Sy Vader ag dit nodig om by bepaalde geleenthede hoorbaar uit die hemel tot Jesus te spreek.

Dit gebeur by sy doop deur Johannes die Doper. "En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het" (Matt. 3). Later by die verheerliking op die berg hoor sy dissipels weer die stem: "Dit is my geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" (Matt. 17). En nou hoor ons hier weer die stem van die Vader uit die hemele. Dit kom as 'n antwoord op die gebed van Jesus in sy sielsbenoudheid: "Nou is my siel ontsteld en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur! Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom. Vader, verheerlik u Naam!"

Daarop kom die *stem uit die hemel* "Ek het *dit verheerlik, en* Ek sal dit weer verheerlik!" Waartoe hierdie stem? Jesus verklaar dit self in vers 30: "Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie, maar om julle ontwil."

Die evangelieskrywer, Johannes, kon hoor en verstaan wat die stem sê. Andere kon dit nie verstaan nie. Hulle het gesê dat dit 'n donderslag is of 'n engel wat met Hom gepraat het. Dit is nie vreemd nie. Mense soek allerlei "natuurlike" verklaringe vir die onverklaarbare openbaring van God. Oor baie mense se harte is daar 'n sluier, sodat hulle nie kan hoor en sien en hulle bekeer nie.

En tog kom die stem van God tot die mens op aarde. Dit kom deur sy Woord. Dit kom deur die profete. Hy spreek deur sy Seun. Selfs in die geskiedenis sien ons hoe Hy die wêreld regeer volgens sy raad. In die natuur sien ons sy werke en hoor sy stille voetstap. In reën en droogte; in voorspoed en teëspoed; in gesondheid en siekte – ja, in alles wat ons wedervaar – praat Hy met ons.

Sommige hoor sy stem. Hulle bely: "Die dinge gebeur om ons ontwil. Laat ons ons voor Hom verneder!" Of: "Laat ons aan Hom ons dank bewys."

Andere sê: "Dit is inbeelding. Dit is blote natuurfratse. Dit is die sameloop van omstandighede. Ons sien daar niks "bonatuurliks" in nie..."

Vandag, as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.

## 20 Moenie oordeel nie

Openb. 6:12-17

*"Nou is die oordeel van hierdie wêreld*..." (Joh. 12:31)

"Nou is die oordeel..." sê Jesus. Dit sê Hy aan die vooraand van sy lyde. Is dit dan nie Hy wat aanstons veroordeel en doodgemaak sal word nie? Dink aan die triomfantlike uitroep van die Joodse Raad: "Watter getuienis het ons nog nodig? Hy het self erken! Julle het sy godslastering uit sy eie mond gehoor!" Ja, Hy is veroordeel en gekruisig as 'n veragte, uitgeworpe misdadiger...

Hoe kan Hy dan sê: "Nou is die oordeel van hierdie wêreld?" En met "hierdie wêreld" bedoel Hy niemand anders as die mense wat teen Hom saamspan nie... Hy sien sy verraaier, Judas Iskariot, die Fariseërs en Skrifgeleerdes, Pontius Pilatus en Herodes, die skreeuende volk en die Romeinse soldate... Hulle is 'n deel van "hierdie wêreld"... Hulle verwerp Hom en sy Vader... Daarom is hulle die wêreld – die mense wat vyandig staan teenoor God en sy diens. Hierdie mense, gedryf deur die bose haat teen Hom, is die wêreld wie se oordeel op hande is... "Nou...!"

Ons kan "hierdie wêreld" soos dit gebruik word in die evangelie van Johannes selfs nog uitbrei. Dit beteken alle mense wat vervreemd is van die lewe uit God – met sonde belaai lê hulle onder die oordeel. Die wêreld staan bloot aan God se oordeel en het behoefte aan verlossing. En dit geld vir alle mense van alle volke en tale en nasies. Die wêreld word meer en meer 'n bose mag wat openlik in opstand is teen God en Hom en sy Christus en sy kerk haat...

Die wêreld leef onder 'n vreeslike misverstand. Hulle meen dat hulle op die regterstoel sit en besig is om te beoordeel en veroordeel. "God is dood... Christus is 'n mite... Godsdiens is die opium van die volk..." Hier sien ons 'n paar van die oordelende uitsprake van die wêreld... Só het Christus se tydgenote ook geoordeel: "Hy is 'n godslasteraar..." En hulle verwerp Hom, die Verlosser van die wêreld... Hulle meen dat hulle Hom veroordeel en in werklikheid tref die oordeel van God hulle.

Min besef die wêreld dat hulle in die verwerping van Christus hulleself veroordeel. Daarmee stel hulle die godsoordeel oor hulleself in werking.

Laat ons leer om Hom te ken. Laat ons voor Hom buig, wat in ons plek veroordeel is... Dan val ons nie onder sy oordeel nie.

## 21 'n Oorwonne Vyand

Openb. 12:1-12

*"Nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word."* (Joh. 12:31)

"Nou..." Dit is ophande... Nou, in hierdie lydensdae van Jesus, vind dit plaas... Wanneer Hy as uitgeworpene buite die mure van Jerusalem gekruisig word, word die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf.

Wie is die "owerste van hierdie wêreld?"

Ons lees van hom in Luk. 4: "Toe bring die duiwel Hom (Jesus) op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil..." In 2 Kor. 4:4 word die duiwel selfs "die god van hierdie wêreld" genoem. In Ef. 6 is hy weer die "owerste van die mag van die lug".

Dit is duidelik wie Jesus in gedagte het wanneer hy praat van die "owerste van hierdie wêreld". Dit is niemand anders as die duiwel nie. Wanneer Jesus deur sy volk uitgedryf word buitentoe en as 'n uitgeworpe vervloekte aan die vloekhout hang, lag die duiwel nie in oorwinnaarsvreugde nie, maar word hy uitgedryf buitentoe.

Daarvan lees ons ook elders in die Bybel. "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val" sê Jesus in Luk. 10. In Openb. 12 word vertel van 'n oorlog in die hemel: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde..." In Openb. 20 lees ons weer van sy binding: "En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank..."

Wat beteken dit vir die duiwel?

Sy mag is gebreek. Sy heerskappy op aarde is in beginsel beëindig. Hy is 'n verslane vyand. Dit wil hoegenaamd nie sê dat hy nie nog steeds vir ons 'n magtige vyand is nie. Selfs in Openb. 12, waar ons lees dat hy neergewerp is uit die hemel, volg die waarskuwing: "Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het."

Waak en bid! Vlug vir die Bose! Vlug na die vleuels van die Almagtige!

# 22 Laat u Koninkryk kom!

Openb. 6:1-8

*"En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toetrek."* (Joh. 12:32)

Jesus het pas gesê: "... nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word..." Satan is oorwin, verslaan, buitentoe gedryf. Hy is nie meer die owerste van hierdie wêreld nie. Waarom nie? Omdat Jesus gekruisig is en in sy kruisdood die oorwinning oor Satan behaal is.

Hierop volg dan die uitspraak: "En Ek, as Ek van die aarde verhoog is, sal almal na My toe trek ..."

Jesus verlaat ook die wêreld. Hy word egter nie buitentoe gedryf, soos sy teëstander, die duiwel nie. Hy word verhoog. Hy betree die heerlikheid wat Hy by sy Vader gehad het, voordat die wêreld daar was. Daarmee bestyg Hy sy troon as "owerste van hierdie wêreld". Hy het die duiwel as owerste van hierdie wêreld onttroon en proklameer nou sy reg oor die hele wêreld. Die wêreld is sy ryksgebied.

Sedert sy hemelvaart is Hy steeds besig om almal na Hom toe te trek. Hy kan dit doen en het die mag daartoe: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde..." (Matt. 28). Hulle is nie meer onder die heerskappy van die duiwel nie. Die Satan is nog besig met stuiptrekkings waardeur menigeen seergemaak en selfs verblind word, maar sy alleenheerskappy is ten einde. Hy weet dat hy min tyd het. Jesus regeer!

En hy trek almal na Hom toe.

Hy is nie alleen die Redder van die Jode nie, maar ook van die Samaritane en van die hele wêreld.

Só het Hy Jode na Hom getrek... Grieke en Romeine het na Hom gekom... Hy het ook ons voorvaders getrek, wat dooie afgode gedien het. Tot Europa en Asië en Afrika en Amerika – ja tot die uiterste van die aarde – roep Hy dringend: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee!" (Matt. 11).

En ons moet die roepstem verder dra, met sy evangelie in die hand. Só trek Hy almal na Hom toe.

# 23 Die Seun van die Mens

Dan. 7:1-14

*"Wie is hierdie Seun van die mens?"* (Joh. 12:34)

Hier het ons weer die ongelowige Jode aan die woord. Dit is weer een van hulle "ongeloofsvrae" waarvoor Jesus telkens te staan kom.

Dit is duidelik dat vir beide die vyandige Jode en Jesus die term "Seun van die mens" die Christus beteken. Hulle sê vir Jesus: "Ons het uit die wet gehoor dat die Christus tot in ewigheid bly; en hoe sê U dat die Seun van die mens moet verhoog word?" Die wet – in die geval bedoel as die hele Ou Testament – praat van die Christus wat vir ewig bly. Dit kan hulle tereg sê.

Die Jode se fout is dat hulle hierdie uitsprake vleeslik vertolk. Hulle meen dat die Messias liggaamlik vir ewig op aarde sal bly as die koning van die Jode. Jesus, daarenteen, leer dat Hy verhoog word en vanuit die hemel sy volk regeer. Daaroor is die Jode verbaas. Dit is in stryd met die leer van die Bybel, sê hulle.

Die begrip "Seun van die mens" kom uit die Ou Testament. Ons hoor van Hom uit Dan. 7:13, 14 "... en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie..."

As die Jode hierdie uitspraak reg gelees het, sou hulle begryp dat die Seun van die mens beklee moet word met hemelse heerlikheid. Daniël sien duidelik hoe Hy in die hemel die heerlikheid ontvang. Hy kom op die wolke van die hemel. Dit verkondig Jesus self aan die Joodse Raad toe hulle Hom later verhoor: "Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God, en kom op die wolke van die hemel" (Matt. 26).

So verkondig die Here Jesus Homself en sy heerlikheid en sy ewige koninkryk. Hy is nie alleen die koning van Israel nie, maar die Koning van die konings. Hy staan in verband met die hele menslike geslag as die Seun van die mens. Hy is nie *'n* seun van die mens nie, maar *die* Seun van die mens. Hy is die tweede Adam, wat vir en namens die hele menslike geslag optree en intree voor God.

Daarom is Hy ons Koning en ons Here. Hy regeer nie alleen oor ons nie, maar ons is sy eiendom, wat Hy losgekoop het met sy kosbare bloed. Omdat Hy die Seun van die mens geword het, word ons kinders van God.

## 24 Wandel in die Lig

1 Thess. 5:1-11

*"Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie."* (Joh. 12:35)

Die Jode begryp nie dat Jesus die Christus of die Seun van die mens kan wees nie. Hulle toon duidelik dat hulle nie sy woorde gelowig aanvaar nie. Hulle verwerp die lig van sy evangelie... Daarom stel Hy hulle nou voor hul groot verantwoordelikheid. Hy is nog by hulle en hulle moet gebruik maak van die geleentheid. Dit gaan nie om wat hulle so pas gevra het nie: "Wie is hierdie Seun van die mens?" Dit gaan om die gees waarin hulle dit gevra het. Min besef hulle hul groot verantwoordelikheid. By Jesus en sy Woord gaan dit om lig en duisternis; om waarheid en leuen; om ewige behoud of ewige verlorenheid. Daarom is dit so uiters belangrik om die lig te ken en daarin te wandel. Indien die duisternis 'n mens oorval, is dit vir ewig te laat.

"Nog 'n klein tydjie is die lig by julle." Dit is vir hulle nog 'n saak van ure – uiters nog vanaf Dinsdagmiddag tot Donderdagaand. Sy uur is nou voor die deur... Dan gaan Hy weg. Vir die Joodse volk beteken dit voortdurende duisternis... Hulle het Hom verwerp en daarmee getoon dat hulle die duisternis liewer het as die lig. Vanselfsprekend is sommige uit die Joodse volk gered, maar die volk as sodanig tas vandag nog in duisternis rond.

Daarom die dringende vermaning: "Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie..." Die son skyn nog aan die hemel. Dan is die geleentheid om te loop. Wanneer die nag oor die aarde toesak, is die geleentheid om te reis verby.

Daar is, helaas, baie mense wat die evangelie hoor, maar nie in die lig wandel nie. Hulle daelikse lewe toon dat hulle nie die werke van die dag doen nie, maar die werke van die nag. Soos die Jode keer hulle die rug op Hom, die Lig van die wêreld, omdat hulle die duisternis liewer het as die lig.

En dan? "Wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie." Hierdie soort reisigers is volop in ons tyd – reisigers na nêrens. Hulle ken Plato en Aristoteles en Spinosa en Kant en Hegel en soveel ander "groot denkers", maar hulle ken God nie. Hulle mag hulleself beskou as geleerd en beskaafd en verlig, en tog weet hulle nie waarheen hulle gaan nie. Hulle is geheel in die donker, sonder lig of kompas . .. Ag, as hulle maar geweet het!

Daarom is ons gepaste afsluiting: "So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan wees."

## 25 Christus laat Mense los

Hebr. 6:1-10

*"Dit het Jesus gespreek, en Hy het weggegaan en Hom vir hulle verberg."* (Joh. 12:36)

Dit is die droewige einde vir die Jode. Jesus sluit sy prediking af. Hier gaan dit nie alleen om sy woorde vir hierdie geleentheid nie. Dit gaan om sy hele openbare optrede. Hierna rig Hy Hom nie meer in die openbaar tot die volk nie. Vanaf vers 44-50 kry ons nog vir laas 'n samevatting van sy prediking tot die volk, maar hier lees ons van die finale afsluiting.

Só ingrypend finaal is die werke van Jesus Christus. Hy het klaar gepraat. Wat het Hy nie alles gedoen om hulle tot geloof te bring nie? Hy het nie alleen die woorde van die ewige lewe aan hulle verkondig nie. Hier by die afsluiting sê Johannes: "En alhoewel Hy so baie tekens *voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie* ..." Ons weet dat enkele tekens wel indruk gemaak het. By die vermeerdering van die brode wou die geesdriftige menigte Hom selfs koning maak. Lasarus se opwekking het ook tydelik 'n groot roering veroorsaak. By die intog in Jerusalem het die Hosannas oor die heuwels gegolf... Uiteindelik het die geesdrif egter verdwyn, want Hy het nie aan hulle volksverwagtinge voldoen nie...

En dan voeg Johannes hierby wat Jesaja gesê het: "Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar? Daarom kon hulle ook nie glo nie, omdat Jesaja ook gesê het: Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie."

Só is God se Woord vervul. 'n Mens sondig nooit goedkoop nie. 'n Mens kan spottend lag oor hierdie uitspraak, dat God self 'n mens horende doof en siende blind maak, totdat jy in jou sonde sterwe. Jy kan vloekend die ewige God belaster vir sy sg. "harde onregverdigheid". Één ding bly staan soos 'n paal bo water: jou eie verantwoordelikheid kan jy nie afskud nie. Elke verharde ongelowige mens gaan deur sy eie skuld verlore. Hy kan nie sê dat hy nie gehoor en gesien het nie. Vir drie jaar lank het Jesus gepreek. Hy het sy prediking bekragtig deur wonders en tekens... En tog het sy eie volk Hom verwerp.

Droewig is dit wanneer 'n mens horende doof en siende blind is.

## 26 Doelgerig

1 Joh. 4:11-21

"... *omdat Hy wis dat sy uur gekom het... en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het..."* (Joh. 13:1)

Johannes gaan nou vertel van Jesus se lydensweg. Joh. 13:1 moet gesien word as 'n inleiding op alles wat volg.

"En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad het tot die einde toe."

Jesus se optrede word bepaal deur twee dinge: "omdat Hy geweet het" en "omdat Hy liefgehad het..."

Hy het geweet van waar Hy kom en waarheen Hy gaan. Hy kom van die Vader en Hy keer terug na die Vader. Maar Hy het ook geweet wanneer en hoe Hy sou terugkeer na die Vader. "Voor die fees van die pasga" het Hy geweet dat Hy op hierdie pasga as die Paaslam geslag sou word. Hy het geweet van die smadelike vernedering en smartvolle lyding wat kom. Dit het Hy geweet van die begin af. Hy het daartoe in die wêreld gekom. Met die volle kennis en versekering van wat wag, gaan Hy die pasga tegemoet. Hy gaan gewapen met die kennis doelbewus op die weg deur sy Vader bepaal.

Dit is Jesus, ons Koning, wat weet en nie terugdeins nie. Hy doen dit omdat Hy weet dat Hy op die weg van sy Vader is. Hy kom van sy Vader en Hy gaan na sy Vader. Daarom skrik Hy nie terug vir lyde en vernedering nie...

Maar daar is nog 'n tweede rede waarom Hy nie terugdeins nie. "Omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe..."

In Joh. 1:11 lees ons: "Hy het na sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." Daar gaan dit in besonder oor die verbondsvolk, Israel, wat Hom verwerp het. Waar Hy hier praat van sy eie mense, sien dit op sy dissipels. Só bedoel Hy dit ook in Joh. 17:4: "Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het... Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My uit die wêreld gegee het..."

Hierdie mense het Hy lief tot die uiterste toe. "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee" (Joh. 15:13).

Soek u na bewyse dat Jesus u liefhet? Kyk dan na wat Hy vir u gedoen het.

## 27 Vername Mense

Luk. 14:7-14

*"En gedurende die maaltyd... het Jesus... van die maaltyd opgestaan."* (Joh. 13:2-4)

Jesus en sy dissipels het vanaf Betanië na Jerusalem gereis. Die reis was te voet en hulle het bloot sandale aan hulle voete gehad. Onder sulke omstandighede is dit verstaanbaar dat die Jode die gebruik het om hul voete te was voor 'n maaltyd. Normaalweg sou die gasheer self nie die nederige diens verrig om sy gaste se voete te was nie. Daarvoor sou 'n dienskneg of slaaf sorg.

Hier was geen slaaf aanwesig nie. Die vraag is nou: Wie gaan dit doen? Dit is 'n nederige werkie. Johannes die Doper wou sy onwaardigheid teenoor Jesus uitdruk toe hy gesê het: "Dit is Hy wat ná my kom, wat voor my geword het, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie." Daarmee wou hy sê dat hy selfs nie waardig is om sy skoen los te maak en sy voete te was nie. Só nederig is Johannes die Doper.

Hier aan die tafel is 'n groep mense. Kort vantevore het hulle nog onder mekaar getwis oor wie van hulle die grootste is (Luk. 22:24). Nou sou hulle die één na die ander kyk: "Wie gaan die voete was?" Elkeen sou by homself sê: "Nie ek nie." En die ete is op die tafel. Die maaltyd moet begin...

Maar dan noem Johannes nog 'n feit. Dit is waarvan Jesus alleen weet en... Judas sy verraaier. "Die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai."

Niemand roer nie. Die een wag op die ander. En onder hulle was daar die man – Judas.

Teen die agtergrond plaas die evangelie Jesus se nederige taak om sy dissipels se voete te was .. .

Tot ons skande is dit nog altyd só. Ons word warm teenoor mekaar wanneer ons aansien op die spel is. Ons is gou in ons eie eer gekrenk. Die nederigste takies is nie vir ons nie. Ons "laat dit doen" – liefs teen betaling. Dan skitter ons nog beter voor die mense. Ons kan betaal en andere laat werk!

En is Judas nie ook onder ons nie? Hy is selfs in ons eie harte.

Gelukkig het Jesus self gedurende die maaltyd opgestaan.

## 28 Die Dienskneg

Jes. 42:1-7

"... *het Jesus van die maaltyd opgestaan en sy boklere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak* ..." (Joh. 13:3,4)

Jesus het lank gewag. Hy het gewag om seker te maak of iemand uit die kring van sy dissipels gewillig sou wees om die noodsaaklike en nederige werk, om die ander se voete te was, op hom sou neem. Hy het hulle alle geleentheid gegee ... Hy wag egter tevergeefs.

Dan staan Hy op om dit te doen. En wie is Hy?

"Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan." Waarom voeg Johannes dit hier in? Het hy daar iets besonders mee in gedagte?

Johannes die evangelieskrywer sou met skaamte terugdink aan hierdie gebeure. Hy spaar homself egter nie. Hy was een van die twaalf wat nie wou neerbuk voor die ander dissipels nie. Hy is een van die manne wat nie eens sy Meester se voete wou was nie. En dan voeg hy nadruklik daarby wie Jesus is: die Vader het alles in sy hande gegee... Hy het van God uitgegaan en na God heengegaan...

Jesus is God uit God en Lig uit Lig. Hy is van ewigheid af God. En alles is in sy hande – alle mag in hemel en op aarde... So word sy hoogheid tuisgebring. Hy het geen rede om te dien nie. Ons het maar net rede om Hom te dien – altyd met al ons kragte. Nog minder lê op Hom enige verpligting om só diep neer te buig en Hom te verneder voor sy dissipels.

En Hy staan op en trek sy boklere uit en slaan 'n doek om sy heupe... Daar staan Hy toe, ontdaan van sy majesteit en eer en heerlikheid, in die gestalte van 'n mens en 'n dienskneg.

En dan doen Hy die nederige werkie. "Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het." Só staan dit daar tot die beskaming van sy dissipels en van ons. Hierdie daad van Jesus sou, soos geen woorde kon nie, sy dissipels kaalstroop van hul eiewaan. 'n Mens kan jou voorstel dat daar nou één begeerte in almal se harte sou brand: "As ek dit liewer gedoen het! Nou is dit egter te laat – die geleentheid is deur die Here self uit my hande geneem."

Is dit nie dikwels ook ons selfverwyt nie?

## 29 U en my vuil voete!

Jes. 6:1-7

*"Here, gaan U my voete was?"* (Joh. 13 :6)

Die Here Jesus is besig om sy dissipels se voete te was. Ons kan ons die verleentheid van die "groot" manne voorstel. Nou dink elkeen nie meer in sy hart hoe groot hy is nie, maar hy voel asof hy in die aarde kan kruip. Rooi van skaamte sit hulle daar en sien en ervaar hoe Jesus rustig die skoene begin losmaak en hulle voete was. Nadat Hy gewas het droog Hy dit af met die doek om sy heupe.

Op Johannes het dit 'n onuitwisbare indruk gemaak. Hy vertel die besonderhede...

Eindelik kom Jesus by Petrus. Hoeveel se voete toe reeds klaar gewas is, word nie verhaal nie. Die ander se reaksie word nie vertel nie. Verward en beskaamd laat hulle Hom begaan. Petrus kon dit egter nie aansien nie. Hy sien in dat dit nie so hoort nie. Hy sê vir Hom: "Here, gaan U my voete was?" Aan die een kant die Here van die heerlikheid en aan die ander kant my vuil voete. Dit pas nie! Dit kan nie! Dit is onmoontlik!

In die oorspronklike taal staan *U* en *my* naas mekaar. Só is dit trouens in Afrikaans weergegee. Die kontras tref ons.

Daar is oomblikke wanneer die groot teëstelling: "U – my" ons diep raak. Die heerlike en heilige Christus en ek met my vuil voete of my vuil hart en my besoedelde liggaam! Dit hoort nie bymekaar nie. Ons kan dit net nie in verband met mekaar sien nie. Die Here by my? My liggaam 'n tempel van die Heilige Gees? Kyk hoe lyk ek?

Simon Petrus is die impulsiewe mens. Hy reageer vinnig en kan nie help om sy gedagtes uit te spreek nie. Hier sien ons hom weer soos by die wonderlike visvangs waarvan Lukas vertel. Daar aan die begin van Jesus se ampswerk, toe hulle Hom nog nie so goed geken het nie, het hulle volgens sy opdrag die visnette laat sak. Dit het hulle gedoen ondanks 'n nag van harde werk sonder enige visse in die net. Toe hulle op die woord van Jesus handel en die nette intrek, het hulle 'n menigte visse gevang. Daarop val Petrus voor Hom neer met die uitroep: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man! U en ek pas nie bymekaar nie!"

Ons skrik vir die gedagte: "U en my!" Ons juig egter ook daaroor want nie ons nie, maar Hy het ons bymekaargebring. Daarom word ons gewas in sy bloed.

## 30 Deel aan My

Rom. 3:21-28

*"As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie."* (Joh. 13:8)

Die voortvarende Simon Petrus kon dit net nie aansien dat sy Here voor hom neerkniel en sy voete was nie. "Here, gaan U my voete was?" Jesus antwoord hom: "Wat ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan." Hierop is Petrus se reaksie: "U sal my voete in der ewigheid nie was nie!" Dit is die besliste "rotsman", Petrus, wat aan die woord is!

Rustig antwoord Jesus: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie."

Vir Petrus is die vernedering van sy Here te veel. Hy begryp nie dat die voetwassing maar die begin van sy vernedering is nie. Dit is maar 'n klein deeltjie van wat vir Hom wag. Soos só dikwels gebeur, het Petrus ook hier nie begryp wat hy sê nie. Geeneen van die twaalf sou dit trouens verstaan nie. Hulle sou nog veel meer ontstel word oor wat kom.

"Jy verstaan nie, Petrus. As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie."

Jesus sien die voetwassing nie maar as 'n geïsoleerde gebeurtenis nie. Hy het voortdurend in gedagte sy algehele vernedering. Dit moet ook ons in gedagte hou, anders sal ons die gesprek tussen Jesus en Petrus nie begryp nie. Anders ruk ons ook miskien ons vuil voete en harte weg van die hand van die Here, wat liefdevol uitgestrek is om dit te was.

"As ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie." Begryp u dit? "Tensy dat Ek jou deur My versoeningswerk, wat algehele vernedering beteken, reinig van jou sonde, het jy geen deel aan My nie."

Soek u 'n bewys dat u deel aan Jesus het? Hy is die eniggebore Seun van God. Hy is die ware "Erfgenaam". Deur sy vernedering tot aan die kruis het Hy verdien om alles te beërwe vir Homself. Maar wat Hy het, deel Hy met hulle wat aan Hom behoort. Daarom is ons "erfgename van God en mede-erfgename van Christus..." (Rom. 8:7). Om dit te weet, is vir ons genoeg... Ons het deel aan Hom.

## 31 Rein Gewas

Openb. 7:9-17

"... *en julle is rein, maar nie almal nie..."* (Joh. 13:10)

Dit sê Jesus vir sy twaalf dissipels. "Julle is rein, maar nie almal nie."

Simon Petrus wou nie hê dat die Here sy voete was nie. Daarop sê Hy: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie." As dit dan só is, is Petrus nie tevrede dat alleen sy voete gewas word nie: "Here, nie net die voete nie, maar ook die hande en die hoof!" roep hy uit. Hierop is Jesus se antwoord: "Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; *en julle is rein, maar nie almal nie."*

Ons begryp wel dat dit nie hier gaan om die uitwendige liggaamlike bad en voete-was nie. Dit gaan nie daarom dat iemand wat gebad het en 'n entjie gaan stap het, nie nodig het om weer te bad nie – hy kan maar net sy voete was. Die Here het hier iets anders in gedagte. Wat wil die Here dan hiermee sê?

"Hy wat deur My bloed gewas of gereinig is van sy sonde, is heeltemal rein. Hy is geregverdig, sy sondeskuld is afgewas. So 'n mens het nog wel behoefte aan heiligmaking. In beginsel is hy rein, maar die sondesmet – die stof van elke dag – moet nog afgewas word." Hierdie selfde waarheid word treffend uitgedruk deur ons kategismus in die verklaring van die doop. Die mens wie se sondes afgewas is deur die bloed van Christus, word ook deur die Heilige Gees vernuut en geheilig tot 'n lid van Christus, sodat hy hoe langer hoe meer die sonde afsterwe en in 'n Godsalig onberispelike lewe wandel (Sondag 26).

"Julle is rein, maar nie almal nie..."

"Julle is rein. Julle glo immers in My. Deur die geloof is julle geregverdig in my bloed." Maar dan word hier droewig bygevoeg deur die Here: "maar nie almal nie..." Dit is droewig vir Hom en vir ons. Judas Iskariot sit ook daar. Sy voete is ook gewas, maar in sy hart leef die donker verraad.

Só begin die kerk van Jesus Christus. Sy kerk is almal wat glo in die afwassing van die sondes deur sy bloed.

Maar Judas was daar van die begin af en bly tot die einde toe. Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat van die "huigelaars wat onder die goeies" in die kerk vermeng is. Jesus self praat van die onkruid wat deur 'n vyandige mens tussen die goeie saad gesaai is.

Jesus het Hom egter teenoor Judas nie onbetuig gelaat nie. Hy het hom herhaaldelik gewaarsku. En dit is ook ons taak.

Eendag kom die finale skifting. Jesus kom om te oordeel die lewende en die dode. Dan gaan Judas en al sy trawante na die ewige verdoemenis en alle gelowiges betree die onverganklike heerlikheid.

# Augustus

## 1 Jesus ons Voorbeeld

Filipp. 3:12-21

*"Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen."* (Joh. 13:15)

Só pas die Here die voetwassing van sy dissipels toe. Dit is opmerklik dat Hy nou nie sê dat dit ook sien op die afwassing van die sondes deur sy bloed nie. 'n Mens sou kon sê dat Hy dit alreeds gesê het: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie." Ons sou eerder wil sê dat Hy dit nie verder toepas nie, omdat sy dissipels dit nie sou begryp nie. Hy het ook vir Petrus gesê: "Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan."

Nie alleen sy dissipels sou eers later sy kruisdood verstaan nie, maar ook ons verstaan gewoonlik eers agterna die nood van die kruis in ons eie lewe. Kyk maar terug op u lewensweg en u sal toestem dat dit waar is.

Wat hulle egter wel kan begryp, pas Jesus nou toe. "Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was, Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen."

"Julle sê tereg dat Ek Here en Meester is. Ek is dit. Ek en die Vader is een." So het Hy Homself verkondig as die Here. Hy eis vir Homself goddelike eer op. "As Ek dan die Here en Meester is, moet julle My gehoorsaam. Julle is verplig om My voorbeeld na te volg." Indien die Here van die heerlikheid Homself omgord soos 'n slaaf en sy dissipels se voete was, behoort dit maklik te wees vir sy dissipels om mekaar se voete te was.

"Ek het julle 'n voorbeeld gegee..." Is die mense nou reg wat beweer dat Jesus vir ons alleen 'n voorbeeld is? Hy is die voorbeeld van wat 'n mens behoort te wees. Hulle is *reg,* maar ongelukkig eensydig. Jesus is 'n voorbeeld, maar ook baie meer as 'n voorbeeld. Ons kan Hom nie navolg as Middelaar nie. Dit kon Hy alleen vir ons doen. Hy het in ons plek gely en gesterwe en het vir ons sondes volkome versoening gedoen. Daarin is Hy nie vir ons 'n voorbeeld nie, maar ons Verlosser.

As "verloste mense" is ons sy navolgers. "Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê, net soos Ek julle liefgehad het" (Joh. 15:21). Hy leef in ons. Ons word meer en meer gelykvormig aan sy beeld. Volg ons sy voorbeeld, deur mekaar in nederigheid te dien en lief te hê, dan vertoon ons sy beeld in ons. Dit is ook die bewys dat Hy in ons leef en werk. Elke Christen kan Paulus dit nasê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

## 2 Salig!

Matt. 5:1-12

*"As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen."* (Joh. 13:17)

"As julle hierdie dinge weet..." sê Jesus. Watter dinge weet sy dissipels of behoort hulle te weet?

In die eerste plek weet hulle dat Hy, die Here en Meester, bereid is om Homself te verneder. Hy verneder Hom so diep dat Hy gewillig is om hulle voete te was.

Hulle weet verder dat hulle, wat deur Hom gedien is, ook bereid moet wees om teenoor mekaar die minste te wees. Hulle moet ook mekaar in ootmoed en nederigheid dien.

"As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen."

Hierdie uitspraak is geen bevel nie. Dit is 'n liefdevolle en tere verklaring. Dit kom ooreen met die saligsprekinge in die Bergpredikasie waarvan ons in Matt. 5 lees: "Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele ..." So is dit hier: "Salig is elkeen wat hierdie dinge weet en doen."

Die woordjie "salig" is 'n tipiese Bybelse woord, wat in ons tyd in 'n verwronge sin misbruik word. Dit word selfs neergetrek in die modder van die swelgende en verdierlikte welluste van die permissiewe mens. Só word die woord van sy ryke inhoud ontdaan en platvloers ingespan in die werkplek van die duiwel self.

"Salig" beteken "gelukkig". Dit hou egter verband met die seën van die Here. Sonder die seën van Hom, van Wie die goeie gawes en volmaakte gif te neerdaal, kan geluk geen saligheid wees nie.

Daarom beteken saligheid nie dat mense deur andere as gelukkig beskou word nie. Dit beteken selfs nie, in die eerste plek, dat mense self weet dat hulle gelukkig of geseënd is nie. In die diepste sin beteken salig, dat 'n mens die voorwerp is van God se liefde en guns. God sien jou aan in Sy Seun Jesus Christus – daarom is jy salig.

Dit wil egter nie sê dat ons nooit iets van die saligheid ondervind nie. Wanneer nederige diensbetoning 'n deel van ons karakter geword het, deur God se genade, word dit weerspieël in ons hart. Die vrede van God leef in ons; die rus vir ons siele is ons deel.

## 3 Jesus is nie uitoorlê nie

Ps. 41

*"Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat dit Ek is."* (Joh. 13:19)

Hier praat die Here van sy verraaier, Judas Iskariot. Nie alleen die dissipels sou probleme ondervind om Judas se insluiting in hulle kring te begryp nie, maar ook ons kan dit nie verstaan nie. Vir hulle sou dit die skok van hulle lewe wees. Hulle vertrou Judas. Hy bewaar die skyn van getrouheid tot die einde toe. Selfs toe die Here hom van die maaltyd af wegstuur, begryp hulle nog nie wat Jesus bedoel met die woorde: "Wat jy doen, doen dit haastig" nie. Toe Judas Jesus in Getsémané nader en met 'n soen verraai, was dit vir hulle soos 'n donderslag uit die blou lug.

Vir die dissipels sou die tergende vraag wees of Judas die Here uitoorlê het. Het Jesus onwetend in hierdie strik geloop? Indien dit die geval sou wees, kon hulle Hom voortaan nie vertrou nie. Hoe kon hulle glo in 'n Christus wat nie geweet het van Judas se huigelary nie? Hoe kon hulle hul verlaat op Hom, indien Hy self deur Judas uitoorlê is?

Daarom verklaar die Here hier: Ek sê dit aan julle voordat dit gebeur, sodat julle kan weet dat dit Ek is. Wanneer dit gebeur, weet julle dat Ek dit vooraf verwag en gesê het. Daarom het julle geen rede om in julle geloof te wankel nie. Ek bly "Ek is" – onveranderlik in my trou.

Maar daar is nog 'n vraag wat hulle sou pla. Die vraag kwel ons ook. Waarom moes dit juis só gebeur? Waarom een uit die twaalf dissipels? Dit kon mos maar op 'n ander manier gebeur het. Dit lyk so verskriklik en ongerymd dat een uit die binnekring juis moes dien as die instrument in die hand van die duiwel? 'n Dissipel van Jesus is die seun van die verderf!

Ook hierop gee Jesus 'n antwoord – vooruit. Dit moes so gebeur dat die Skrif vervul sou word: "Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig." Hier haal Hy aan uit Ps. 41:9.

Judas se verraad bewys die waaragtigheid van die Bybel. Die Woord gaan in vervulling. En om die waaragtigheid van die Woord te bevestig, sê Jesus dit nou ook vooruit aan sy dissipels.

## 4 Is dit Ek?

Rom. 2:1-11

*"En die dissipels het na mekaar begin kyk, in twyfel omtrent die een van wie Hy dit sê."* (Joh. 13:22)

*"Is dit miskien ek, Here?"* (Matt. 26:22)

Nadat Jesus sy dissipels daarop voorberei het, sê Hy nou openlik aan hulle: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai." Dit sê Hy selfs met groot ontsteltenis. Die verraad van Judas was ook vir Hom 'n bitter kelk. Hy is in sy innerlike daardeur aangegryp. Daardeur is sy smart en lyding as Middelaar duidelik verskerp. Een wat deur Hom gekies en gekoester is, breek weg om Hom te verraai.

Die aankondiging van Jesus gryp ook sy dissipels aan. Dit tref hulle soos 'n donderslag. Hulle kyk na mekaar, asof hulle in die oë of gesigsuitdrukking wil vasstel wie dit is. Ons kan ons die verwarring voorstel in die kring van vertrouelinge. Elkeen wantrou sy buurman. Wie kan dit wees?

Hulle twyfel egter nie alleen in mekaar nie, hulle twyfel ook elkeen in homself. Angstig kom die vraag oor elkeen se lippe: "Is dit miskien ek, Here?" Vir die dissipels was dit 'n skokkende en bitter ervaring.

Johannes die skrywer van die evangelie was self daar. Hy het die dramatiese gebeure nooit vergeet nie. Soos hy die ander dissipels gesien het, het hulle hom ook gesien. Hulle kyk mekaar aan met twyfel in hulle harte.

"Is dit miskien ek, Here?" vra die dissipels. Daaruit spreek wantroue in hulleself. Hulle kan hulself nie vertrou nie. Hulle weet elkeen dat hy self swak is en tot só 'n gruweldaad in staat is. Dit is die gevolg van selfondersoek – eintlik die bede: "Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg" (Ps. 139).

Hoe lyk dit met u? Is dit ook u ontstellende vraag as u dink aan 'n toets vir u geloofstrou? Gelukkig staan u en ek hierby naas die dissipels van Jesus, indien ons onsself waarlik ken.

## 5 Slaaf van die Bose

Openb. 14: 6-13

*"En dit was nag."* (Joh. 13:30)

Johannes gaan voort met die verhaal. Jesus se aankondiging: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai!" het groot ontsteltenis onder die dissipels veroorsaak. Elkeen vra: "Is dit ek, Here?" Hulle kyk in twyfel en wantroue ook na mekaar. "Een van sy dissipels, hy vir wie Jesus liefgehad het, het aan tafel teen die bors van Jesus gelê. Simon Petrus knik toe vir hom dat hy moet vra wie dit kon wees van wie Hy spreek." Hierdie dissipel, wat volgens die oorlewering Johannes die evangelieskrywer self was, sê vir die Here: "Here, wie is dit?" Jesus antwoord: "Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee as Ek dit ingedoop het." Daarop gee Hy die stukkie brood aan Judas Iskariot.

En nadat hy die stukkie geneem het, het *die* Satan in hom ingevaar.

Judas het klaar met die owerstes onderhandel, maar daar was menslik gesproke nog geleentheid vir hom om om te draai. Selfs nou nog kon hy afsien van die plan. Toe hy egter die stukkie brood van die Here aanneem, tree die onversetlike verharding by hom in. Die Satan neem geheel van hom besit. Dit is nou onmoontlik om terug te draai. Só speel mense in die hand van Satan. Gee 'n mens toe aan die verleiding en jy kom nie tot inkeer nie, tree uiteindelik die stadium van verharding in. Dan is dit verby – dit is die begin van die hel vir so 'n mens. Hy word 'n marionet van Satan wat met hom maak net wat hy wil. Vreeslik!

Daarop sê Jesus vir Judas: "Wat jy doen, doen dit haastig." Eintlik sê die Here: "Wat jy doen, doen dit haastiger." Gestreng word Judas hiermee deur die Here ontslaan as dissipel. Dit kom daarop neer dat Hy vir hom sê: "Loop en gaan doen jou duiwelse werk so gou moontlik!" Daarmee toon die Here ook dat Hy nog die situasie beheers. Judas, en daarmee ook Satan, voer sy bevele uit. Sy plan moet in die fynste besonderhede uitgevoer word – selfs deur Judas...

"Toe hy dan die stukkie geneem het, het hy dadelik uitgegaan. En dit was nag."

Judas se meester, die duiwel, dryf hom die nag in... Hy gaan sy nagwerk doen. Die donker vou oor hom toe. "En dit was nag", skryf Johannes daarby ... En wat 'n nag in die lewe van hierdie verlore mens! En hy was só naby die lig!

## 6 'n Mens Verheerlik

Gen. 3:1-15

*"Nou is die Seun van die mens verheerlik en God is in Hom verheerlik."* (Joh. 13:31)

Om te begryp wat Jesus met hierdie woorde bedoel, moet ons in gedagte hou wat pas gebeur het. Die Here het Judas Iskariot, sy verraaier, ontmasker en weggestuur met die woorde: "Wat jy doen, doen dit haastig." Daarop het Judas van die tafel opgestaan en in die donker nag verdwyn. Hy is nou op pad om sy duiwelswerk te gaan doen. En toe Judas buite was, sê Jesus: "Nou is die Seun van die mens verheerlik . .."

*"Nou..."* Ja, nou op hierdie oomblik is Hy verheerlik. Hy het nou 'n beslissende stap gedoen en dit het Hom verheerlik. Met die stap om Judas aan die kaak te stel en weg te stuur na die owerpriesters, het Hy getoon dat sy voet beslissend geplaas is op die weg van God. Daarmee toon Hy doelbewus sy bereidwilligheid om die donker waters van die nag van die ewige dood in te gaan, ter wille van hulle wat aan Hom behoort.

Judas is weg. Hy gaan nou die owerstes inlig oor waar hulle Jesus gevange kan neem... Nou, in hierdie nag sal dit gebeur. En Jesus het dit geweet. In die volle besef van wat dit vir Hom inhou, het hy Judas haastig gemaak om sy duistere taak af te handel. Dit bewys dat die Seun van die mens begeer om die weg van God af te loop. Met bewuste oorgawe gaan Hy na die kruis.

Dit is opmerklik dat Jesus hier konsekwent praat van "die Seun van die mens" en "God". Hy noem God nou nie "my Vader" nie. God het teen die mens 'n regsgeding. Die mens het gesondig. Die mens staan skuldig voor hom. Die mens verdien sy ewige toorn ... En hier kom nou "'n mens" – "die Seun van die mens" – na vore om God te ontmoet. Hy tree in om die toorn van God te dra.

Deur een mens, Adam, het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood en die dood het tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het (Rom. 5). Veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die één mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword.

Daar tree nou 'n mens na vore wat gewillig is om God te verheerlik – die mens Christus Jesus, onse Here. Hy kies die weg van gehoorsaamheid.

Eindelik sien God met welgevalle neer op 'n mens – "die Seun van die mens" ... En die Satan en die helse magte sidder... God word verheerlik in Jesus Christus, onse Here! Elkeen wat by Hom skuil, is beskut teen die toorn van God.

## 7 Tere Mededoë

Ps. 103

*"My kinders..."* (Joh. 13:33)

Dit is uitsonderlik om dit van Jesus te hoor. Hy spreek sy dissipels aan as "my kinders..." Dit is die enigste keer dat ons hierdie uitdrukking uit sy mond verneem. In die oorspronklike teks lees ons egter nie "my kinders" nie, maar bloot "kinders" of eintlik "kindertjies". Die bedoeling is duidelik: Hulle staan nie tot Hom in die verhouding van kind tot Vader nie. In ons spraakgebruik kom dit ook voor dat iemand 'n groep jonger mense aanspreek as "kinders" of "my kinders", al sou daar hoegenaamd geen familieband tussen hulle bestaan nie. Dit openbaar 'n verhouding van innige teerheid en onderlinge vertroue.

Dit is asof Jesus neerbuig en só na as moontlik aan sy dissipels wil kom. Soos ons sou neerbuk en vertroulik met 'n kind praat. Dit is 'n intieme gesprek. Jy buk om die kind in die oë te kyk en van naby aan hom iets te sê wat hom in besonder raak. Veral wanneer dit iets is wat seermaak of vir 'n kind onbegryplik is, is hierdie teerheid vanselfsprekend. Die gesprek is persoonlik, innig, want die dissipels lê na aan sy hart en hulle sou, soos kinders, nie begryp waarom dit gaan nie.

"My kinders, nog 'n klein tydjie is Ek by julle. Julle sal My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het: Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie – só sê Ek nou ook vir julle."

Jesus het vooraf geweet dat dit sal seermaak. Dit laat vrae in die harte van sy dissipels – vandaar die tere en intieme wyse waarop Hy hulle aanspreek.

Hier pas die Here Hom aan by sy dissipels se omstandighede en behoeftes. Hulle behoort vanweë die tyd leraars te wees, maar in hulle eie onkunde en gebrek aan begrip, is hulle kinders. Daarom benader Hy hulle soos kinders.

Jesus veroordeel of vermaan hulle egter nie. Hy onderrig hulle liefdevol, soos 'n vader sy kinders. Later, na sy opstanding, sou Hy die tugroede opneem. "O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!"

Hoor hoe Jesus u toespreek: "Kind ... jy begryp nie... Jy soek My... Waar Ek heengegaan het, kan jy nie kom nie... Later sal jy verstaan... Wees nou maar 'n kindjie... Hierdie dinge het my Vader immers nie aan wyse en verstandige mense geopenbaar nie, maar aan kindertjies... 'n Kindjie vertrou, al sien hy nie en al weet hy nie hoe en waarom nie... Toe maar, Ek is by jou, al besef jy dit nie .. ."

## 8 Liefdesgebod

1 Kor. 13

*"'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê..."* (Joh. 13:34)

Dit klink vreemd in ons ore dat Jesus sê: "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê ..." Die liefdesgebod is so oud soos die mensdom.

Toe 'n wetgeleerde Jesus in versoeking wou lei met die vraag: "Meester, wat is die groot gebod in die wet?" was sy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:37-39). Dit haal Jesus uit die Ou Testament.

Die liefdesgebod is derhalwe nie nuut nie. "Julle moet mekaar liefhê" is alreeds die eis van die Ou Testament.

Die gebod of voorskrif is nuut in 'n ander sin. Soos alle gebooie van die Here is dit geen koue, hardvogtige reè'1 nie. "'n Nuwe gebod gee Ek julle..." En Hy gee dit met die oog daarop dat Hy weggaan. Hy kan dit gee omdat Hy bewys het dat Hy hulle liefhet met 'n onbegryplike liefde. Die lyde en sterwe van Jesus is die grootste tasbare bewys dat Hy ons liefhet. Die gebod kom nou uit sy liefdevolle hart. Dit kom tot ons as 'n vervulde gebod. Hy het sy eie immers liefgehad tot die einde toe. Met die liefde vir ons voor oë het Hy sy beker tot die laaste druppel geledig ...

Daarom skitter die liefdesgebod nou vars en nuut soos die aanbreek van die nuwe dag. Dit is geheel-en-al begeerlik. En dan sê die Here ook waarom die gebod, om mekaar lief te hê, nou nuut is. "Soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." M.a.w.: "My liefde is die bron en die voorbeeld van julle liefde vir mekaar."

Die liefdesgebod kom as gelouterd uit die vuur. En dit word deur die vuur van die Heilige Gees in ons harte ingebrand. Soos sy hart vervul was met liefde vir ons, só leef in ons innerlike liefde vir mekaar. Dit vloei oor uit Hom en neem van ons besit.

Dit maak die gebod nuut en vars soos die doudruppels van die vroeë dag. 'n Nuwe môrestond het vir ons aangebreek – die dag van die nuwe liefde!

## 9 Waregeloof

Jak. 1:19-27

*"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."* (Joh. 13:35)

Mense kan allerhande kentekens aan jou voorhou dat hulle dissipels van Jesus is. Jesus self sê van sommige: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My julle wat die ongeregtigheid werk!" (Matt. 7:22, 23).

In 1 Kor. 12 het Paulus te doene met die mense wat profeteer en in tale spreek. Hy sê egter dat hy vir hulle 'n nog uitnemender weg wil wys: "Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of luidende simbaal geword. En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie..." (1 Kor. 13).

Hier sê ons Here Jesus dit ook. Tale en kennis en profesieë en kragte en duiwels uitdryf kan uitnemende gawes wees ... Dit kan egter die produkte van skyngeloof wees... Dit kan selfs werke van die duiwel wees... Hy doen homself soms selfs voor as 'n engel van die lig.

Maar hoe weet ek dan dat ek 'n dissipel van Jesus of 'n kind van die Here is? Hoe kan ek uitmaak of my geloof 'n ware geloof of skyngeloof is?

Hier het ons die antwoord: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het." Toets dit aan wat Paulus sê van die liefde: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles .. ." (1 Kor. 13).

Daar het u die kenteken van die ware geloof. Hieraan sal almal weet dat u 'n dissipel van Jesus Christus is... Ook uself sal dit weet want u eie geloof word verseker deur die vrugte daarvan. En die vrugte van die geloof is dat ons mekaar liefhet.

# 10 Navolging van Jesus

Matt. 8:18-27

*"Here, waar gaan U heen?"* (Joh. 13:36)

Die Here Jesus het pas vantevore twee dinge gesê wat 'n diep indruk op sy dissipels moes maak. In die eerste plek het Hy gesê dat Hy weggaan. Dit sou wel in hulle harte vraagtekens laat ontstaan. Waar gaan Hy heen en waarom kan hulle Hom nie volg nie?

Daarop gee Hy aan hulle die nuwe gebod om mekaar lief te hê. Ook dit moes op hulle 'n indruk gemaak het. Dit lyk egter asof dit half by hulle verbygaan.

Intussen bly iets in Petrus se gedagte hang. Toe die geleentheid kom, vra hy daarna. "Here waar gaan U heen?"

Dit is 'n vraag van kleingeloof. Indien hy sou vra: "Waarom kan ons U tans nie volg nie? Ons is tog U dissipels en wil by U wees en aan U verbonde bly!" Dan sou die saak heeltemal anders gestaan het. Daarmee sou hy sy geloof in die Here en sy liefde vir Hom uitgespreek het.

"Here, waar gaan U heen?" Dit kom eintlik daarop neer: "Laat ons maar eers hoor waar U heengaan. Dan sal ons self kan uitmaak of ons kan saamgaan of nie." Só is Simon Petrus, die méns vol vertroue, aan die woord. Hyself sal beslis of Hy die Here sal kan volg of nie. Laat my maar eers hoor waarheen Jesus gaan ...

Die "navolging" van Jesus bly maar 'n uiters moeilike weg vir ons vleeslike mense. Om Jesus te volg beteken ook om jou gelowig aan sy Woord te onderwerp. Dit beteken dat Petrus die Here op sy woord moes neem: "Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie". Aanvaar dit en weet dat dit die waarheid is – dit kom uit die mond van Jesus. Dan is jy "sy dissipel" en dan "bly jy by Hom" en dan "volg jy Hom", al kan jy Hom nou nie volg nie.

Daarmee het nie alleen Petrus en die ander dissipels te doene nie, maar elke volgeling van Jesus. Om die Here te volg beteken dat ons "blindelings" aan sy Woord gehoorsaam is. Al sien ons nie en al begryp ons nie, moet ons nogtans luister en aanvaar. "Want soos die hemel hoër is as die aarde, só is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes..." Dit leer ons swaar en moeisaam op ons lewenspad. Ons dien die Here vrolik solank sy weg en ons weg saamloop. Word ons pad egter deur syne afgesny, dan kom die kleingelowige vraag: "Here, waar gaar U heen?" Dit is asof ek eers wil weet waarop die pad sal uitloop, voordat ek verder volg... Die beslissing om te volg al dan nie, bly dan in my hande... Dit is ongelowig...

## 11 Die Yweraar

Luk. 22:31-34

*"Ek sal my lewe vir U aflê."* (Joh. 6:37)

"Simon Petrus besef jy wat jy sê? Besef jy waaraan jy dink? Begryp jy wat Jesus aan jou wou tuisbring?"

Die oormoedige Simon speel in die hande van Satan. "Ek sal my lewe vir U gee." Eintlik is hy darem nie meer só baie selfversekerd nie. Jesus het gesê dat hy Hom later sou volg – nie nou nie. Dan volg sy vraag: "Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U gee."

Simon Petrus dink aan Jesus se dood. Hy dink aan 'n moontlike konfrontasie met die Jode. In die stryd is hy bereid om te sterwe. Hy het ook later die daad by die woord gevoeg. Toe Judas en sy bende opdaag om Jesus gevange te neem, was hy die eerste om sy swaard te trek. Toe die "ellendige slaaf", Malgus, sy hand uitsteek om Jesus te gryp, was hy gereed om sy kop oop te kap. "Ongelukkig" het alleen Malgus se oor in die slag gebly...

Maar toe loop dit vir die "held" Petrus verkeerd. Rustig is Jesus se bevel: "Hou op, dit is genoeg!" En Hy het sy oor aangeraak en hom gesond gemaak...

"Ek sal my lewe vir U gee!" Petrus het getoon dat hy bereid daartoe was. Dit moes egter op sy terrein gebeur. In Getsémané, toe die lae Judas daar aankom saam met die tempelpolisie en diensknegte en slawe met stokke en swaarde gewapen, was die omstandighede en die terrein so reg na Petrus se hart. Hier is die geleentheid om te veg en te wys wat hy vir sy Here oorhet. Hy, wat Petrus is, sal hulle wys! Hulle sal nie aan sy Meester raak nie!

Wat is Petrus se fout? Dieselfde fout van so baie welmenende Christene? U ken hulle ook. Dit is die yweraars vir Jesus wat verklarings uitreik en slagspreuke aanhef. Hulle is elke oomblik gereed om te sterwe!

Petrus, het jy al in jouself gesterwe? Jyself moet eers dood, voordat jy vir Jesus kan sterwe – anders gee jy jou lewe maar vir jouself. Selfverloëning is nie so maklik nie. Dan steek jy gewillig jou swaard in sy skede en volg jou Here verder op die "kruisweg".

## 12 Gewaarsku

1 Kor. 10:1-13

*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My driemaal verloën het nie."* (Joh. 13:38)

Die vaste aarde wankel onder die dissipels. Jesus sê vir Petrus: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My driemaal verloën het nie."

Jesus sien Petrus daar. Hy ken ook Petrus se vyande, waarvan Petrus self die vernaamste is. Ons moet altyd versigtig wees wanneer onsself of iemand anders met te veel nadruk "Ek!" kan sê.

Met stomme verbasing hoor Petrus en die ander dissipels hierdie waarskuwing aan. Soos gebruiklik wanneer Hy 'n ernstige uitspraak doen, begin Jesus met "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou..." Ja, dit staan vas. Die Here maak hom nie maar skrik nie. Dit is nie bloot 'n grappie nie. Daarby hou dit vir Jesus self ook bittere smart in. Dit is 'n deel van sy lydensbeker dat selfs sy eie dissipels Hom verlaat... Hy is verraai deur een van hulle... Simon Petrus die "rotsman" gaan Hom verloën – tot driemaal toe. En die ander? Hulle sal van Hom wegvlug. Hy staan in sy lyde alleen. Hy alleen moes die pak dra. Hy alleen moes die toorn van God ondergaan in ons plek.

Gelukkig sien ons ook hoe ons Middelaar sy beker opneem. Hy weet vooruit van die ontrou van sy dissipels. Hy weet dat sy getrouste volgelinge Hom sou verlaat en tog het Hy hulle só lief dat Hy Homself vir hulle offer. Hy is bereid om vir die goddelose te sterwe (Rom. 5).

En Petrus? Met 'n handveeg skuif hy die waarskuwing opsy. "Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die dissipels gesê."

As Petrus tog maar geluister het!

'n Mens hoor die smartlike verwyt van 'n ouer: "My kind as jy tog maar geluister het! Ek het jou só nadruklik gewaarsku..."

En almal van ons weet van Petrus. Sy waarskuwende voorbeeld is vir ons in die Woord van God opgeteken. En wat veel erger is; ons almal weet uit ervaring dat Petrus ons bloedbroer is. Ons het dikwels ondanks die waarskuwinge, vroeg en laat, dieselfde paadjie gevolg.

Die haan gaan kraai. Dit is so seker as wat die son môre vroeg opkom . .. Net so seker sal jy My verloën ... Is dit miskien ek, Here?

## 13 Ons Nood

Openb. 13:1-10

*"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo...*" (Joh. 14:1)

Waarom sou die dissipels ontsteld wees? Dink aan wat verby is. 'n Verraaier in hulle kring... Jesus self sê dat Hy weggaan... Simon Petrus sou Hom driemaal verloën voordat die haan kraai...

'n Mens sien die skrik en ontsteltenis op hulle gesigte. Hulle eie swakheid is aan die kaak gestel. Hulle rustige samesyn met hul Meester is versteur... Hy gaan weg... Hulle sal na Hom soek en Hom nie kry nie. En hulle het alles verlaat en Hom gevolg... Daar is vir hulle geen teruggang moontlik nie... Wat wag? Wat is hulle vooruitsigte... Terug na die owerpriesters en Fariseërs...? Terug na die sinagoge en Joodse wette en voorskrifte? Dit is onmoontlik ... En sonder hulle Meester? Nooit!

En as Petrus Hom sou verloën, wat dan van die ander? Hulle sien op na Petrus. Hy is onder hulle die leidende persoon en... die sterk man.

Ja, alle vastigheid is onder hulle voete uitgeslaan. Hulle hart – hulle diepste innerlike – is ontsteld. Dit is uit sy voeë geruk... Voor hulle is nie meer die ligtende en lokkende uitsig van die Messiasryk nie... Hulle sit nie meer op trone saam met hulle Meester om oor die stamme van Israel te regeer nie... Hulle ideale lê in skerwe... Hulle lugkastele het in die niet verdwyn...

En ons? Ons is in die wêreld. Ons sien hoe die kerk van die Here afgetakel word. Ons het al gewoon geraak aan die idee dat daar nie meer groei nie, maar verval is. Uit ons eie kring, in ons eie familie – soms ons eie kinders en kleinkinders – het die juk van die Here afgewerp... Ja, ons sien hoe die Satan mensekinders in die modder werp... Ons kan nie meer lag en spottend verwys na hippies en dwelmslawe en terroriste en kommuniste nie... Die dreiging lê aan ons eie deure . ..

En wie is onsself altemit? Ons eie lafheid en ontrou het grootliks daartoe bygedra dat doodsheid en verval allerweë insluip. Ons eie kringetjie is besig om te krimp...

Die kerk staan in die branding... Rook en puin lê op die pad van die rewolusie van die twintigste eeu... Die vyand lag... Die kommunis spog!

Het ons op al hierdie ontstellende omstandighede 'n antwoord?

Die enigste antwoord is: "Glo!" Dit is die een ding wat ons vyande nooit begryp nie... Ook ons staan voor die wonder dat ons nog glo, al kan ons nie sien nie. Ons glo nog, al loop ons teen 'n muur vas. Waarom? Omdat God ons die geloof gee. Hy hou ons vas.

## 14 Ons Anker

Hebr. 11:1-13

*"Glo!" (Joh.* 14:1)

"Laat julle harte nie ontsteld word nie; glo..."

Die antwoord op die ontsteltenis van die dissipels is: "Glo..." Ons kan self s sê dat hulle ontsteld is, omdat hulle nie reg glo nie.

Ons is gelowiges. Ons glo. Dit is vir ons die een antwoord op alles wat ons harte kan ontstel. Waarom is die geloof dan so besonders? Hou die geloof nie 'n element van onsekerheid in nie? Wanneer 'n mens bv. sê: "Ek glo dat dit gaan reën", dan is dit duidelik dat jy nie seker daarvan is nie. Mense maak selfs die stelling: "In die wetenskap weet 'n mens, maar in die kerk glo 'n mens." Hulle wil daarmee te kenne gee dat die wetenskap sekerder van sy saak is as die kerk.

Hoe kan die Here dan vir ons as antwoord op ons diepste nood alleen maar sê: "Glo"? Dit moet ons van harte erken dat 'n mens die dinge wat jy glo i.v.m. God en Christus nooit met jou sintuie kan bewys nie. Dit wil egter hoegenaamd nie sê dat die dinge wat jy met jou sintuie kan waarneem en proefondervindelik kan bewys, alleen seker en vas is nie.

"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11:1). Só omskryf die Bybel die woordjie: "glo". Dit is 'n vaste vertroue en 'n bewys van die onsienlike dinge. Dit is selfs sekerder as enigiets op aarde. Die mens is beperk van vermoë en insig. Sy eie sintuie kan hom bedrieg. Vanweë die sonde is hy selfs verduister in sy verstand. Ondanks al sy tegniese prestasies, mis hy nog die wesenlike – naamlik die wysheid – om in vrede en geluk op aarde te woon. Met die wetenskap is dit selfs so dat elke nuwe ontdekking ons weer stel voor duisend vrae wat om beantwoording roep.

Waarom is die geloof so seker?

Luister hoe stel die apostel Paulus dit: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit is nie uit julleself nie: dit is die gawe van God" (Ef. 2). Geloof is die gawe van God. Waar kan jy iets kry wat sekerder as dit is? Hy gee die geloof deur die werking van die Heilige Gees. Daarmee gryp Hy ons vas in sy almagtige hand. In sy diepste wese beteken "glo" dat God my vashou en nie dat ek aan Hom vashou nie.

## 15 God is Getrou

Hebr. 11:17-27

*"Glo in God .. ."* (Joh. 14:1)

Ons is nog steeds besig met die uitspraak van Jesus: "Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God; glo ook in My."

Ons het alreeds aangetoon dat dit hier gaan om alles wat ons harte op aarde kan ontstel. Daarop is die een afdoende antwoord: "Glo..." Dit is opmerklik dat die Here Jesus hier sê: "Glo in God; glo ook in My." Hy stel Homself naas God. 'n Mens vra jou af hoe dit moontlik is. Hy is self God. Hy is die tweede persoon in die Drie-eenheid, hoe kan Hy dan onderskei tussen Hom en God? Dit sou meer logies wees indien Hy sou sê: "Glo in my Vader; glo ook in My." Waarom dan "God" en nie "my Vader" nie?

Hiermee het Jesus bepaald iets besonders in gedagte. Die dissipels ken God. Hulle ken Hom uit sy Woord, die Ou Testament, en weet van Hom ook uit hulle eie lewe. Dit wil die Here benadruk. Hy wil hulle harte vasknoop aan die God van die Ou Testament.

"Glo in God" wil sê: Glo in die God van die Skrifte. Glo in Hom wat Israel uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het. Glo in Hom wat sy volk droogvoets deur die Rooi see gelei het. Hy is nog dieselfde God wat Jerigo se mure laat intuimel het. Hy is die God wat die drie manne in Babel in die vuuroond bewaar het. Hy het Daniël uit die leeukuil gered... Glo in Hom.

Vir ons beteken dit dieselfde. Glo in die God van die Skrif. Hy is van ewigheid tot ewigheid dieselfde God. Hy het nie verander nie. Sy kragtige arm is ook nog met ons. Hy is die God wat getrou is en sy beloftes altyd waar maak. Hy kan Homself nie verloën nie. By Hom is geen omkeer of skaduwee van verandering nie.

Ons het selfs nog meer getuienisse van sy trou. Ons ken Hom ook uit die geskiedenis van sy kerk na Pinkster. Hy het sy kerk deur die eeue heen bewaar en bewaak. En Hy sal met ons bly tot aan die voleinding van die eeue. Teenoor die aanslae van al ons vyande het Hy altyd sy volk in sy almagtige hand vasgehou.

Ons ken Hom selfs uit die geskiedenis van ons volk. Nooit het Hy ons in die steek gelaat wanneer ons op Hom vertrou nie. Dink maar aan Bloedrivier en soveel ander bewyse dat Hy met ons is.

Kyk terug en wees sterk. Wanneer ontsteltenis en aanvegtinge en namelose nood jou deel is, kyk terug en onthou dat onse God onveranderlik is in sy trou.

## 16 Glo in die Gekruisigde

Mark. 9:14-29

*"Glo ook in My."* (Joh. 14:1)

Joh. 14:1 is soos 'n kosbare juweel met allerlei fasette. 'n Mens kan nie gou daarvan wegkom nie. Jy draai dit om en om en bekyk dit van alle kante. Dit is ook vir ons so dierbaar omdat dit hier gaan om ons enigste troos in lewe en in sterwe. Ons harte is tog so dikwels ontsteld. Ons doodsvyande is ook altyd op en wakker – hulle hou nie op om ons aan te val nie. Daarom gryp ons hierdie kosbare uitspraak vas en bêre dit ook in ons harte. Dit hoort daar in ons diepste innerlike, waar ons ankers dreig om los te ruk.

"Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God; glo ook in My." Ja, Jesus roep op tot geloof ook in Hom.

Maar die dissipels glo mos in Hom! Dink aan die belydenis van Petrus: "En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God" (Joh. 6:69). Daar is egter twee redes waarom Jesus nou weer met nadruk moet sê: "Glo ook in My."

In die eerste plek het hulle altyd nodig om weer en weer daaraan herinner te word. Hulle is swak en hulle vyande magtig. Dit is normaalweg nodig om altyd weer te hoor: "Glo ook in My..." Ook ons het gedurig daaraan behoefte. Daarom het ons sy Woord om aanhoudend te ondersoek en te bepeins. Daarom ook word sy Woord altyd weer aan ons verkondig. Die mens wat die gewoonte het om weg te bly van die kerk af, waar die oproep tot geloof in Christus gedurig weerklink, kan nooit roem op 'n kragtige geloof nie. Die reën val en die waterstrome kom en die winde waai en die man se "geloofshuisie" stort in duie. Dit het geen fondament nie.

Daar is egter 'n tweede rede waarom Jesus juis nou vir sy dissipels sê: "Glo ook in My." Hulle het Hom die afgelope drie jaar leer ken. En tog ken hulle Hom nog nie. Hy gaan anders word – onherkenbaar anders. Hy gaan na die kruis. Hulle geloof gaan daarmee in die smeltkroes. Hulle sal Hom nie meer sien, soos hulle Hom leer ken het nie. Daarom is dit nie alleen nodig nie, maar ook oneindig genadig dat die Here nou sê: "Glo ook in My ..." Ook dit sê Hy vooruit aan hulle, sodat hulle dit kan onthou in die donker ure wat kom...

Kan u dit vat? Ons kan roem in die kruis, maar kan ons iets begryp van die groot geloofspanning by die dissipels in die donker ure? Hy word ook vir ons dikwels "anders"... Ons staan ook alleen op ons kruisweg sonder enige uitsig of hoop... Glo dan in Hom ... Hy was van God verlate opdat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie.

## 17 Geen Bevolkingsontploffing

Openb. 7:9-17

*"In die huis van my Vader is daar baie wonings..."* (Joh. 14:2)

Só pas het Jesus gesê: "Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God; glo ook in My." Innerlik geskud sit die dissipels daar. Die ontwrigting sou nog baie vererger met die smadelike dood en begrafnis van Jesus ... Wat hou die wêreld nog vir hulle in?

Dan vestig Jesus hulle aandag op die toekoms. Hy wys hemelwaarts. Hy rig hulle uitsig op die "huis van sy Vader." Hulle kan opkyk na die hemel. Op aarde slaan deure voor ons toe. Paaie loop dood. Mure verrys voor ons. Gevangenisdeure word selfs agter ons dig geslaan... En tog het ons altyd die uitsig na die hemel.

"In die huis van my Vader is daar baie wonings."

"Die HERE kyk van die hemel af; Hy sien al die mensekinders" (Ps. 33). "Kyk van die hemel neer en aanskou uit u heilige en heerlike woning!" (Jes. 63). So beskryf die Bybel die woning van God. Dit is die hemel van die heerlikheid, waar die heilige God troon.

Op aarde het die mens allerweë te kampe met beperkinge. Hy word ingekerker. Leiers van ons tyd is baie begaan oor die sg. bevolkingsontploffing. Alle pogings word aangewend om die aanwas van die wêreldbevolking te beperk, omdat die vrees bestaan dat die aarde met sy beperkte bronne uiteindelik die groeiende wêreldbevolking nie sal kan dra nie. Die ironie is dat die mens eintlik self verantwoordelik is vir die toestand omdat, deur mediese vordering en tegniese vooruitgang, die mens byna onbeperk aanwas.

"In die huis van my Vader is daar baie wonings..." Ons hoef nie te dink aan 'n aardse dorp of stad waar baie woonhuise en woonstelle tot beskikking van alle mense sal wees nie. Die Here Jesus bedoel bloot dat daar genoeg woonplek sal wees vir elkeen. Almal word gehuisves – die een sal die ander nie verdring of vertrap nie. Die Here het 'n tuiste vir almal wat Hom liefhet. Ons hoef waarlik nie meer as dit hieruit af te lei nie. Dit is vir ons genoeg om te weet. Laat die verborge dinge maar rustig in die hand van ons alwyse Vader.

"In die huis van my Vader is daar plek vir My en vir jou en vir almal wat Ek liefhet..." Daar is dit waarlik "Réhobot" – die Here het vir ons ruimte gemaak.

## 18 Ons Aanspraak op die Hemel

Openb. 5

*"Ek gaan om vir julle plek te berei..."* (Joh. 14:2)

Jesus sê: "Ek gaan..." Hy gaan huis toe. Sy bestemming is die Vaderhuis met sy baie woonplek ... So het Hy pas gesê: "In die huis van my Vader is daar baie wonings."

Maar waarom gaan Hy nog plek berei, indien daar baie plek is? Die hemel het genoeg "ruimte" om elkeen te ontvang wat dit enigsins kan bereik. Dat Jesus gaan om plek te berei beteken derhalwe nie dat daar nie genoeg plek is nie.

Laat ons hierdie uitspraak teen sy agtergrond sien. Jesus is in gesprek met sy dissipels op die vooraand van sy lyde en dood. Hy gaan na sy Vaderhuis langs die bepaalde weg: gevangeneming, veroordeling, kruisiging, begrafnis, opstanding, hemelvaart... Dit is sy pad na die Vaderhuis. Deur die pad af te loop is Hy besig om plek te berei vir sy dissipels. Sonder hierdie vernederende weg van Godverlatenheid sou daar vir geen mens enige plek in die hemel te vinde wees nie.

Ons hoef ons nie in die eerste plek daaroor te kwel hoe die plek in die hemel daar sal uitsien nie. Die groot vraag is maar of ons glo in die Lam van God wat vir ons sondeskuld geslag is. Dan is ons plek klaar berei. Só sing die hemelbewoners Hom toe:

"U 't van die hemelhoog op aarde neer wou daal,  
en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,  
waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede,  
om God te dien en eer in eindelose ewighede"  
(Openb. 5 berym deur Totius.)

Hy het die pad na die huis van sy Vader vir ons berei. Dit lê oop voor ons – ons wat in Hom glo. En ons weet dat sy Woord só waaragtig is as Hyself. Daarom kwel ons ons hoegenaamd nie oor hoe ons plek in die heerlikheid daar sal uitsien nie...

En tog lê in hierdie uitspraak iets innigs en liefdevol opgesluit. Hy reis vooruit na die Vaderhuis om vir sy bruid – sy kerk – haar plek reg te maak. Soos die bruidegom wat met liefde en toewyding sy huis gereed maak om alles na die aard en smaak van sy geliefde in te rig, só maak Hy ook sy huis gereed vir sy beminde. Elke gelowige wat die hemelse heerlikheid ingaan, sal oorstelp wees van verwondering oor wat Hy vir ons berei het. Elkeen sal ontvang wat by sy aard en aanleg pas. Niemand sal die ander beny nie. Elkeen sal volkome ontvang na die maat van sy behoeftes.

## 19 Ons Weet

Luk. 13:22-30

*"En waar Ek heengaan weet julle en die weg ken julle..."* (Joh. 14:4)

Ons kan hierdie uitspraak van die Here anders vertaal: "En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan." Hyself bereik die hemel langs 'n bepaalde weg en daar is ook 'n bepaalde weg vir ons om daar te kom. Dit weet sy dissipels nou al na drie jaar. Hulle ken die pad na die heerlikheid. Jesus gaan weg, maar Hy laat sy dissipels nie in die duister agter nie. Hy het hulle die weg geleer.

Christus is egter nie 'n stomme en dooie padwyser nie. In die volksmond word die padwysers op die kruispaaie dikwels "predikante" genoem, met die pittige verklaring daarby: "Hulle wys die pad maar loop dit nie." Sulke predikante is daar gewis. Jesus het egter nie alleen die pad gewys nie – Hy het dit ook afgeloop. Dit weet sy dissipels. Hy loop voor op die pad. Hy baan die weg en wys dit aan.

Maar dat dit nie al is nie, blyk uit die vervolg van die gesprek. Thomas spreek uit wat in die harte van die dissipels leef. "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?" Dit is waar: ken 'n mens nie die bestemming van 'n reisiger nie, dan kan jy ook nie die pad daarheen ken nie. Hulle wil eers weet waarheen Jesus gaan en dan sal hulle uitmaak of hulle die weg ken ...

Agter hierdie vraag lê kleingeloof, misverstand, maar tog ook iets van die angs en onrus van die liefde. Jesus het duidelik gesê dat Hy na die huis van sy Vader gaan om vir hulle plek te berei. Hy het ook vir die afgelope drie jaar duidelik die weg aangedui. Dit kom maar net daarop neer: "Wie in My glo, het die ewige lewe." Hulle behoort die weg te ken.

Jesus het nou pas aan hulle die allerheerlikste beloftes gegee... Die Vaderhuis met sy baie woninge... Die plek wat vir hulle berei word ... En tog wil hulle maar net een ding: hulle wil Hom liggaamlik by hulle hou.

Ja, ons ken ook die weg en tog kerm ons dat die weë van die Here vir ons onbegryplik is... Ons kla dat Hy weg is en ons nie weet waar om Hom te vind nie. Waarom nie? Omdat ons Hom nie op sy Woord neem nie. "Glo in God, glo ook in My..." Dit is die weg. Dit is ook ons krag.

## 20 Jesus die Weg

Matt. 11:25-30

*"Ek is die weg en die waarheid en die lewe..."* (Joh. 14:6) "EK IS DIE WEG..."

Dit is weer een van die "EK IS..." uitsprake in die Evangelie van Johannes. "Ek is die weg ... Ek is die waarheid ... Ek is die lewe ..." Soek u na die pad of die waarheid of die ware lewe? Dit kry u alleen by Jesus. Nêrens anders is dit te vinde nie.

"EK IS DIE WEG..." Jesus is nie alleen die betroubare padwyser nie. Hy is self die pad. Hy wys ook wel aan ons die pad. "U leer die weg van God in waarheid" (Mark. 12:14). Hy lei ons ook op die weg. "Om ons voete na die pad van vrede te rig" (Luk. 1:79). Maar dit is alles alleen moontlik omdat Hy self die weg is. "Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie . .."

Christus is God. God is gelyk aan elkeen van sy deugde of eienskappe. Hy besit elke eienskap in volmaakte oneindige maat. So kan ons sê: God het lief. By Hom is dit egter geheel anders as by ons, sy skepsele. Hy het nie alleen liefde nie, maar Hy is liefde. Hy is geheel liefde. Só is Hy geregtigheid, heiligheid, ens. So is Christus die weg... In elke daad, woord of gedagte is Hy die Middelaar tussen God en die mense.

Ons moet vashou aan die woordjie "Ek". *"Ek* is die weg." Jesus wys aan ons die pad. Sy pad is nie 'n stel reëls of beginsels nie. Ons word ook nie gered deur 'n krag nie, maar deur *'n Persoon.* Die opvatting dat ons lewe op aarde 'n reis is, word dwarsdeur die Bybel aangetref. Israel se weg deur die woestyn is 'n pelgrimsreis na die beloofde land. Dit is die skaduwee van ons reis na die rus in die ewige sabbat wat vir ons berei is. Eindelik kom ons tuis, dan is die pad ten einde.

Wat beteken dit vir ons? Dit sê Paulus in Rom. 1:5: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan..." Deur Christus kry die gelowige toegang tot die genade. Hy het vrede met God. En dit loop uit op die ewige heerlikheid. Hy is die weg.

Die Here Jesus is die weg in tweërlei opsig. Hy is die weg vanaf God na die mens en ook die weg vanaf die mens na God. Hy is die deur van die skape. "As iemand deur My ingaan, sal Hy gered word." Hy sê ook: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Kom na Hom toe! Buite Hom is u van die pad af.

## 21 Die Waarheid

Job 28

*"Ek is die Waarheid ...*" (Joh. 14:6)

By al sy dwaasheid het Pontius Pilatus die een sinryke vraag aan Jesus gestel: "Wat is waarheid?" Ja, wat is dit en waar is dit te vinde? Mense kry hier en daar iets van die waarheid beet en hou dit dan gewoonlik aan ons voor as die hele waarheid. Kunstenaars – skrywers en digters en skilders en beeldhouers – hou hulle onophoudelik besig met die vraag: "Wat is waarheid?" Hulle hou aan ons 'n gebroke en wanstaltige beeld, vermink en afgetakel deur die sonde, voor as die waarheid. En dan sien hulle selfs die inbeeldinge van hulle eie hart as die waarheid. En dan verlei hulle die menigtes om agter die *skreeu-vraag-sonder-antwoord* aan te loop as die waarheid. Só lei hulle uiteindelik die mensdom op die pad van die LEUEN. Hulle uiteinde is net waar die vader van die leuen hulle graag wil hê: sonder die waarheid, sonder Christus, sonder hoop en vir ewig verlore.. .

"Ek is die waarheid..." sê Jesus. Hy is die beliggaming van die waarheid. Hy is die waarheid in persoon. Buite Hom lê alles en almal onder die mag van die leuen, Hy is die Eniggeborene wat van die Vader kom, vol van genade en *waarheid* (Joh. 1:14). In Hom is werklikheid wat deur die skaduwee in die Ou Testament afgebeeld is. Alles het alleen maar vooruitgewys na Hom. Hy is die vervulling van al die profesieë – daarom is Hy die waarheid.

Hier gaan dit veral daarom dat Hy die waarheid is teenoor die leuen. Hy is die waarheid omdat Hy die betroubare bron van die waarheid is. Hy alleen bring aan ons die volle openbaring van die weg van die saligheid. Daarom wys Hy, en Hy alleen, die ware weg aan. Hy openbaar die Vader wat waaragtig is.

Hierdie waarheid is die lewende waarheid. Dit is aktief, werksaam. Dit neem van 'n mens besit. Jy staan in die waarheid wanneer jy in Hom bly en Hy in jou. Die Waarheid heilig ons, Hy lei ons, Hy maak ons vry... Bevry van die leuen leef ons in die Waarheid: Christus...

Op Pontius Pilatus se vraag: "Wat is waarheid?" is daar net een antwoord: "Jesus Christus, die Seun van God, is die waarheid." Die blinde leiers en verleiers, kan alleen praat van waarheid wanneer hulle voor Hom buig. Buite Hom lê hulle onder die mag van die Vader van die leuen, verslaaf en verblind.

Hy wil ook dit aan ons tuisbring. Hy praat die waarheid. Jy kan jou op sy woord verlaat. Jy kan Hom vertrou. Hy kan nie terugkom op sy Woord nie.

## 22 Die Lewe

1 Kor. 15:51-58

*"Ek is die lewe."* (Joh. 14:6)

Ons is nog besig om na te dink oor die uitspraak van Jesus. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe." Die "weg", die "waarheid" en die "lewe" staan selfstandig naas mekaar. Hy is al drie in die volle werklike betekenis. Hy is volkome die ware en enigste weg na die lewe. Hy is ook die volkome en lewende weg na die waarheid. Buite Hom lê die duisternis van die leuen. Maar Hy is ook volkome in onbeperkte sin die weg en die waarheid en die lewe.

In die uitspraak: "Ek is die lewe" sê Jesus: Hy is die lewe teenoor die dood. Hy staan teenoor die dood in sy volle en vreeslike omvang. Ons het te doene met die *geestelike dood.* Dit beteken dat ons dood is in misdade en sondes. Ons lewe wel, maar leef in die dood, omdat ons van God geskei is. Hierdie dood het op Jesus geen vat nie, want Hy is geen sondaar nie. Teenoor hierdie geestelike dood is Hy die "geestelike" lewe. En uit Hom vloei dit oor in almal wat in Hom glo. Ons staan op uit die dood en lewe waarlik, omdat ons weer vrede met God het.

En wanneer ons liggaam sterwe, dan is dit in werklikheid geen sterwe meer nie. Hy het immers ook die dood ingegaan en weer opgestaan. "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11). Teenoor die *liggaamlike dood* is Hy ook die lewe.

Maar ook die *ewige dood* het Hy oorwin. Ons belydenis verklaar tereg dat Hy neergedaal het na die hel. Hy het waarlik die helse smarte en pyne aan die kruis gedra. Hy het die ewige dood ingegaan en dit oorwin. En as die oorwinnaar deel Hy die lewe uit. Elkeen wat in Hom glo sal nie verlore gaan tot in ewigheid nie.

So het ons in Hom alles. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Hy is die weg omdat Hy die waarheid en die lewe is. Daarom kan ons ons Kategismus dit nasê: "By niemand anders is enige saligheid te soek of te vinde nie." Hy alleen is die bron van alle heil. Aanbid Hom!

## 23 God sien

Ex. 32:1-6

*"As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het."* (Joh. 14:7)

Thomas het pas vir Jesus gesê: "Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?" Hiermee is Thomas die mondstuk van al die dissipels. Hy praat eintlik ook maar vir ons. "Ons weet nie .. ." Wie van ons kan sê dat hy altyd geweet het? Wie van ons kan sê dat hy altyd die "gewisse kennis" besit het, wat volgens ons belydenis 'n onlosmaaklike bestanddeel van die "ware geloof" is? So staan ons ook maar, veral in krisistye, verslae en eensaam met die vraag in die hart: "Waarheen gaan U, Here? Waarheen lei u my? Ek weet nie meer nie..."

Jesus antwoord op hierdie vraag van Thomas: "As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het."

Waarom ken hulle Hom dan nog nie? Om een rede. Hulle het nie genoeg aandag aan sy woorde gegee nie. Selfs sy dade het hulle verkeerd vertolk. Dit is hulle groot misverstand. Hulle het met 'n halwe oor geluister en met verduisterde oë gekyk.

Thomas se vraag is die openbaring van die tipiese fout wat ons almal maak. "Ons weet nie" sê ons. Waarom nie? Omdat ons nie behoorlik luister nie en ook nie met geopende oë oplet nie.

Luister na Hom. Bepeins sy Woord. Spieël u lewe dag na dag aan wat Hy in sy Woord vir u sê. Baie, baie vrese en nood en onkunde se oorsaak lê daarby dat mense Jesus nie waarlik op sy Woord neem nie. Jy aanvaar dit so min of meer. Die dinge wat vir jou aanloklik en aangenaam is, eien jy vir jouself toe. Kom dit egter aan op die waaragtige konsekwensies van selfverloëning en sterwe in jouself, dan skrik jy in vrese en bewing terug. Staan jy voor die werklikheid dat jou eie volk en kultuur en ideale in vlamme opgaan, dan bly daar dikwels alleen maar die uitgebrande as van jou eertydse vlammende geloofsywer oor.

Hoe ken ons die Vader en waar het ons Hom gesien? In die eerste plek in Jesus se woorde. Hy het Homself as die weg en die waarheid en die lewe verkondig. Ons het nou geen verontskuldiging meer nie. Ons weet nou en kan nie meer sê: "Ons weet nie."

"Van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien", slaan egter ook op wat van nou af met Hom gebeur. In sy kruis en opstanding sien ons die heerlikheid van die Vader. In die kruisdood sien en ken ons die Vader van Jesus Christus soos uit niks anders nie. Ons sien sy hart, sy liefde, vir die verloregaande wêreld – ook vir jou en my.

## 24 Toon ons die Vader

Ex. 24:9-18

*"Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg."* (Joh. 6:8)

Filippus kom nou aan die woord. Hy was een van die eerste dissipels van Jesus. Vanaf die begin het Hy Hom gevolg. As daar iemand is wat Jesus en sy evangelie moes begryp, dan is dit hy. Hy vra nou: "Here, toon ons die Vader..."

Soos Thomas staan ook Filippus naas ons. Ook ons sou instemmend knik. "Ja, asseblief tog, Here! Laat ons eenmaal die Vader sien! Dit sal vir ons genoeg wees! *Nooit* weer sal ons geloof wankel nie. Ons het dan immers gesien en .. . sien is glo."

Filippus het gedink aan 'n verskyning soos aan Moses. Ons lees daarvan in Ex. 24.

Ag, Filippus begryp nie dat hy 'n veel groter voorreg geniet as Moses nie. Moses het daarna uitgesien om die dag te sien wat die dissipels van Jesus belewe.

Daarom antwoord Jesus: "Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Die een ding wat Jesus vroeg en laat in sy prediking na vore gebring het was dit: Hy is die eniggebore Seun van die Vader; Hy en die Vader is een.

Ons het in ons tyd baie strominge wat die belewing van die werklikheid van God wil ervaar. Dit gaan vir die mense om ervaring – "experience". Hulle keer die rug op die kerk omdat hulle in die kerk so weinig van hierdie ervaring *sien.* Dit gaan vir hulle om die sintuiglike belewing van God se teenwoordigheid. Hier het ons iets van die gesindheid van Filippus. Hulle is nie tevrede om God in Christus in sy Woord te sien nie, maar wil Hom aftrek in 'n soort ekstatiese ervaring.

"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien", sê Jesus. Meer het ons nie nodig nie. Dit is genoeg om ons oor te verwonder. En dan ervaar ons wel in ons lewe dat God goed en groot en genadig is. Ons sien waartoe Hy ons in staat stel en wat sy Woord en Gees vir ons beteken. Ons sien hoe Hy werk in die verlossing en bewaring van sy kerk. Ons merk die krag van sy Gees in die verbryseling en wedergeboorte van sondaars. Dit alles sien ons, indien ons waarlik in sy Woord gesien het Wie Hy is in Jesus Christus onse Here.

## 25 Ons Werke

Hand. 11:1-18

*"en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."* (Joh. 14:12)

Hier sê Jesus iets geweldigs. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."

Sy dissipels, sê Hy, sal groter werke doen as Hy. En dan gee Hy 'n rede daarvoor: "omdat Ek na my Vader gaan." Daarmee verwys Hy na sy hemelvaart. Daarna is die Heilige Gees uitgestort. Dan begin die dissipels in die krag van die Gees optree. Hulle doen ook wonders en tekens soos Hy. Mense word in sy Naam gesond gemaak en selfs uit die dode opgewek. Maar dit is tog nie groter werke as wat Hy gedoen het nie!

Wat het die apostels dan anders gedoen? Hulle het die evangelie van Jesus Christus verkondig onder die Jode. Ook nog maar soos Hy. Maar dan breek die stroom oor die grense van Israel en hulle werke keer die ou heidendom met hulle leërskare van afgode onderstebo. Dit is groter werke, sê Jesus. Sy werke was beperk tot die Jode. Die werke van sy dissipels, om die heidendom tot bekering te bring, sien Jesus egter groter as sy eie werke onder die Jode.

Ons weet goed dat selfs hierdie werke, nog maar sy werke is. Ons strooi die saad van die Woord uit. Ons kan die wasdom nie gee nie. Hy alleen kan die saad laat ontkiem en tot groei bring. Dit is ook nog maar sy werke... En tog skryf Hy dit aan ons toe – ons wat glo. So skryf Jakobus ook: "laat hy weet dat iemand wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek" (Jak. 5:20).

'n Mens word klein by die gedagte. Hoe genadig is ons Heiland nie? Hy skryf nie alleen die werke wat in sy Naam gedoen word aan ons toe nie, maar Hy reken ons dit ook toe. In Openb. 14 sê 'n stem uit die hemel: "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, *en hulle werke volg met hulle.*" Selfs in die ewige heerlikheid skitter die werke, wat eintlik die Here se werke is, agter ons naam.

Nog verbasender is dat Hy dit as groter as sy eie werke beskou... Werk in sy Naam! Werk solank dit dag is!

## 26 Gebedsverhoring

Matt. 6:5-15

*"As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."* (Joh. 14:14)

Jesus het so pas vertel watter groot werke sy dissipels sal doen na sy hemelvaart. Die dissipels sou hulleself afvra: "Hoe sal ons dit regkry?" Die Here Jesus weet van ons vrese en swakhede. Hy ken ons kleingeloof. Hy weet dat ons terugdeins vir die werke waartoe ons geroepe is. Daarom wys Hy die bron van krag aan waaruit ons kan put, sodat ons ons roeping in die wêreld kan vervul.

"En wat julle ook al in my Naam mag vra, sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."

Vra enigiets... Bid om alle behoeftes... Bid gelowig en met vertroue . .. *Bid in die Naam van Jesus Christus.* Hy is die Middelaar wat ons gebede opvang en heilig. Hy is die weg waarlangs ons gebede die troon van ons Vader bereik.

*Gebede in die Naam van Jesus Christus...* Sulke gebede kan nie selfsugtig wees nie. Dit kan alleen in belang van sy koninkryk wees. Bid ek om gesondheid om die gesonde kragte in diens van die Bose te verspil, is dit geen gebed wat sy Naam eer aandoen nie. Dan kan ons waarlik nie verwag dat Hy dit sal verhoor nie.

*Gebede in die Naam van Jesus Christus . ..* Sulke gebede is gelowig. Dit is ooreenkomstig die wil van God. Dit hou altyd in dat "nie ons wil nie, maar u heilige wil mag geskied ..." Die gelowige gebed is nooit afdreigend nie. Dit kommandeer nie die hoë God nie, maar soek na sy wil en eer. Daarom onderwerp die bidder hom aan sy hemelse Vader.

*'n Gebed in die Naam van Christus* is in harmonie met wat Hy aan ons geleer het. Sy Naam is sy selfopenbaring in sy werke – en dan in besonder in sy werke van verlossing. Bid ons in sy Naam dan gaan dit om ons verlossing, en die verlossing van die wêreld ... En sulke gebede verhoor Hy altyd.

Die bidder vra niks en verwag niks wat Christus nie self goedkeur nie. So alleen word die Vader in die Seun verheerlik. Jesus self het immers gekom en, in alles wat Hy gedoen het, sy Vader verheerlik. Sou Hy dan nie antwoord op die gebede wanneer dit ook vir ons gaan om sy eer en heerlikheid nie?

## 27 'n Ander Trooster

Hand. 2:1-13

*"En Ek sal die Vader bid en Hy sal julle 'n ander Trooster gee ..."* (Joh. 14:16)

Jesus is nog altyd besig om met sy dissipels te praat oor sy aanstaande vertrek. Hulle bly agter. Hy laat hulle egter nie as wese agter nie. Omdat Hy hulle liefhet sal Hy aan sy Vader 'n versoek rig om aan hulle 'n ander Trooster te stuur. Solank Hy by hulle was, was Hy hulle Trooster – daarom praat Hy van 'n "ander Trooster".

Die benaming "Trooster" hou iets innigs en teer in. Dit beklemtoon dat hulle veilig sal wees. Hy, die Trooster, is hulle Helper wat hulle onderskraag en sterk. Hy is ook hulle Advokaat of pleitbesorger wat hulle saak by God behartig. Hy pleit vir hulle by God en by die mense en by hulleself... Hulle eie gewete sal hulle immers voortdurend aanklae.

Hierdie Trooster is netsoos die Vader en die Seun 'n persoon. Hy is 'n ander Trooster en geen andersoortige Trooster nie. Jesus sê eintlik: "Hy sal julle 'n ander Trooster stuur, soos Ek self is. Hy sal My plek inneem en my werk doen." Hy is nie 'n "iets" of 'n "krag" nie, maar 'n Persoon.

In die volgende vers noem Hy dan die Trooster, "die Gees van die Waarheid". Hy het die Heilige Gees in die oog.

En die Trooster wat van die Vader en die Seun kom, sê Jesus, sal by ons bly tot in ewigheid. Nooit word ons as sy dissipels op aarde aan onsself oorgelaat nie. Die Heilige Gees is altyd by ons – Hy woon selfs in ons. Ons liggame is tempels van die Heilige Gees, skryf Paulus later.

In Hom het ons 'n ware Trooster. Hy is in God, ja Hy is God self, maar Hy woon ook in ons. Hy ken ons van binne en van buite. In Hom maak die Vader en die Seun woning by ons. Aan die een kant maak Hy huis skoon. Hy ruim in ons op. Hy is gedurig besig om ons oë meer en meer oop te maak vir die onreine en onheilige in ons lewe en Hy vernuut ons, sodat ons meer en meer gelykvormig word aan die beeld van ons Heiland en Meester.

Aan die ander kant beskerm en bewaar Hy ons teen ons doodsvyande. Ons sou nie een oomblik staande kon bly, indien Hy van ons wyk nie. Hy hou ons geloof in stand – die geloof wat Hyself in ons gewerk het – en Hy bring dit meer en meer tot wasdom.

Hy bly by ons tot in ewigheid. Dit is ons anker te midde van alles wat wissel en vergaan. Ons is in veilige hoede want die Heilige Gees sal van ons nie wyk nie.

## 28 Die Gees van die Waarheid

1 Joh. 4:1-6

*"Die Gees van die waarheid... wat die wêreld nie ken nie ... maar julle ken Hom."* (Joh. 14:17)

Die Here Jesus is nog besig om te praat van die "ander Trooster" wat die Vader op sy versoek sal stuur. Om die Trooster nader aan te dui sê Hy: Hy is "die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees".

Die Heilige Gees is die Gees van die waarheid. Hy is die waarheid in persoon, netsoos die Vader en die Seun. Hy lei sy volk in die volle waarheid wat beliggaam is in Christus en sy verlossing. Christus self is die weg en die waarheid en die lewe. In die weg lei die Heilige Gees ons, aan die lewe laat Hy ons deel en deur sy leiding staan ons in die volle waarheid.

Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie. Met "die wêreld" bedoel Jesus hier die mensdom, verlore in sonde. Dit is die mense wat die Satan, die vader van die leuen, gehoorsaam en vyande van God en sy diens is. Hulle het geen sintuig om die Gees te sien en te ken nie. Daarom kan hulle Hom nie ontvang nie. "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" (1 Kor. 2:14).

Die wêreld is blind vir die werke van die Gees. Só het die Fariseërs van die werke van Christus, wat Hy deur die Heilige Gees gedoen het, gesê: "Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie" (Matt. 12).

Daarom sê Jesus elders: "Voorwaar, voorwaar Èk sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." En dan omskryf Hy sy uitspraak só: "as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die koninkryk van God nie ingaan nie..." (Joh. 3). Sonder die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan 'n mens die dinge van die Gees nie sien of ken nie. Dan bly jy in die duisternis van die leuen en sterf jy in jou sonde.

"Julle ken Hom" – die Heilige Gees. Hoe ken ons Hom? Hy verskyn mos nie meer aan ons in sigbare tekens, soos by sy uitstorting nie? Sommige mense sien die ontvangs van die Heilige Gees as 'n ekstatiese ervaring, wanneer 'n mens uitbreek en in vreemde tale praat. Ons het egter net een sekere wyse waarop ons weet dat Hy in ons woon. *Glo ons in die waarheid van God se Woord; glo ons in God en in Christus wat vir ons sondes aan kruis betaal het, dan woon die Heilige Gees in ons.* Sonder Hom kan ons immers nie waarlik glo nie. Dan besit ons die wedergeboorte, want sonder dat jy weer gebore is, kan jy die koninkryk van God nie sien nie. Maar dan doen jy ook die werke van die Gees – anders is jy 'n huigelaar. Ja, dan bewys jy jou liefde vir God en jou medemens met woord en daad.

## 29 Christus in ons deur die Heilige Gees

Rom. 8:1-10

*"Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." (Joh.* 14:18)

"Ek sal julle nie as wese agterlaat nie... My vertrek sal nie wees soos die van 'n vader, wat sy kinders as wese agterlaat, wanneer hy sterf nie. In die Heilige Gees kom Ek self terug na julle toe."

Dit is duidelik dat Jesus hier nie in die eerste plek wys op sy wederkoms op die wolke van die hemel nie. Hy is nog besig om te praat oor die Heilige Gees. Hy is inderdaad nog nie klaar met sy onderwys oor sy vertrek en die koms van die Heilige Gees nie. Indien dit sou sien op sy wederkoms beteken dit tog dat Hy sy dissipels as wese agterlaat totdat Hy kom met die voleinding van die wêreld. Dan kom Hy ook nie alleen na hulle toe nie, maar ook na die wêreld toe. Elke oog sal Hom sien – ook hulle wat Hom deursteek het.

Die volgende dag sou Hy aan die kruis sterwe. Op die derde dag staan Hy op uit die graf en na veertig dae vaar Hy op na die hemel. Dan is Hy weg... Tien dae later kom Hy egter weer in die koms van die Heilige Gees. Hier wil Hy aan sy dissipels tuisbring wat die koms van die Heilige Gees beteken. Deur die inwoning van die Heilige Gees maak God Drieënig in ons woning. Dan woon Christus self ook in ons. Deur die werking van die Heilige Gees is daar 'n intieme verhouding tussen Christus en elke gelowige.

Dit is droewig gesteld met 'n weeskind. Hulle wat hom liefhet en versorg en koester, is nie meer daar nie. Hy is oorgelaat aan die genade van vreemdelinge. Dit sou met ons selfs erger gesteld wees indien Christus ons as wese op die aarde agter sou laat. Die duiwel gaan rond en soek wie hy kan verslind. Hy het ook neergedaal na die aarde met groot woede omdat hy min tyd het. Daarby het ons ook te doene met die wêreld in sy nood en verleidinge en selfs vervolginge. Hoe maklik sou dit vir die duiwel wees om die wêreld te mobiliseer en die groepie weeskinders van die aarde uit te delg . ..

En dit sou nog nie die ergste wees nie. Ons self sou as dwalende weeskinders te lande kom in die greep van ons doodsvyande, omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik staande sou kon bly, sonder Hom nie.

Maar gelukkig is ons nie as wese agter gelaat nie. Onse Here is met ons. Die Heilige Gees openbaar Hom aan ons.

## 30 God woon in ons

Rom. 8:11-17

*"In die dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My en Ek in julle."* (Joh. 14:20)

Die Here Jesus ontvou wondere voor ons oë.

"Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My omdat Ek lewe en julle sal lewe..." Wanneer Hy Hom liggaamlik onttrek aan die wêreld by sy hemelvaart, verdwyn Hy uit hulle gesigsveld. Die wêreld sien Hom nie meer liggaamlik nie en geestelik kan hulle Hom nie sien nie, want hulle lewe nie uit die Heilige Gees nie. Selfs toe Hy liggaamlik op aarde was, het hulle Hom nie erken as die Seun van God nie, maar as 'n lasteraar verwerp... Veel minder sal hulle Hom sien, noudat Hy liggaamlik weg is.

"Maar julle sien My omdat Ek lewe en julle sal lewe..." Christus leef. Hoe kan dit anders? Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Daarom kon Hy nie in die graf bly nie. "En julle sal lewe," sê Hy. Daarmee doel Hy weer op die lewendmakende Gees wat die sou ontvang wat in Hom glo. En as mense wat uit die Gees lewe, sien ons Hom. Ons sien Hom in sy Woord en in sy werke, omdat die Heilige Gees ons siende maak. Ons oë is verlig, omdat ons glo.

En, omdat ons Hom sien, sien ons ook sy Vader. Dan hoef ons nie meer, soos Filippus, te vra: "Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg" nie. "In die dag sal julle weet dat Ek in my Vader is..." Ons weet en erken met blydskap dat Hy en sy Vader één is... Dit weet ons nie alleen omdat Hy uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel nie, maar die Heilige Gees bring dit aan ons tuis.

Hieruit vloei dan vir ons 'n verdere insig voort. "In die dag sal julle (ook) weet dat julle in My en Ek in julle is." M.a.w. "Julle sal begryp dat die eenheid tussen Vader en Seun 'n voorbeeld is van die eenheid tussen My en julle..." Dit is geweldig! Hoe kan ons daarby?

Vanselfsprekend is die eenheid tussen God die Vader en die Seun nie identies met die eenheid tussen Christus en sy kerk nie. Tussen die Vader en die Seun is daar 'n fundamentele eenheid van bestaan.

Die eenheid is absoluut, onveranderlik en kan nooit afneem of groei nie. Dit bly van ewigheid tot ewigheid dieselfde.

Tussen Christus en sy kerk is die eenheid geestelik van aard. Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het. Die eenheidsband kan, van ons kant gesien, verstewig word – dit kan groei en tot wasdom kom. En tog is die eenheid tussen Hom en ons onverbreekbaar en innig omdat die Heilige Gees die band lê. Dit wil die Here Jesus benadruk. Daarom sê Hy: "In die dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My en Ek in julle ..."

## 31 Pasop vir vleeslike verwagtinge

Jer. 7:1-14

*"Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie?"* (Joh. 14:22)

Hier is Judas, wat ook bekend is as Thaddéüs of Lebbéüs, aan die woord.

Judas sit saam met die ander en luister na hulle Meester. Hy het dinge gesê wat hulle diep geskok het. Hulle was inderdaad in hulle harte ontstel. Judas luister, maar hy luister met 'n halwe oor. Hy het sy eie opvatting oor die wese en werk van die Messias en in sy gedagtes probeer Hy om Jesus se woorde in ooreenstemming daarmee te bring. Sy gedagtes beweeg op 'n ander vlak as die van Jesus. Die Meester praat vir hom in raaisels en hy probeer om die raaiselagtige uitsprake van Jesus in te pas in sy verwagtinge.

Hierdie kortsluiting tussen Jesus en sy dissipels is nie alleen 'n verskynsel van sy tyd nie. Dit duur vandag nog voort. Selfs welmenende "Christene" en getroue kerkgangers, loop ook met hulle vooropgesette idees. Hulle verstaan ook die kuns om die ewigheidsgedagtes van die Woord neer te trek tot hulle aardse en vleeslike vlak. Elke predikant ken die mense in sy gemeente. Hulle roem dikwels daarop dat geen predikant of professor hulle nog van hulle standpunt kon afkry nie.

Judas herkou nog die uitspraak van die Here: "Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My..." En dan vra hy: "Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie?" Hy begryp nie dat Jesus praat oor die aanskoue deur die Heilige Gees wat in hulle sal woon nie. Hy dink waarskynlik aan 'n magsvertoon deur kragtige wonderdade. Dit staan dan vir hom in verband met die troonsbestyging van Jesus as Messias, wanneer Hy die nasies sal oordeel. Moontlik is sy opvatting dat Jesus deur die kragtige openbare magsvertoon juis die wêreld sal oortuig dat Hy die Messias is. Dan openbaar Hy Hom inderdaad aan die wêreld.

Die Here Jesus het gelukkig baie geduld met mense soos Judas en Thomas en Filippus en Simon Petrus. Hy antwoord Judas, maar Hy laat Hom nie neertrek na die vlak van Judas nie. Hy probeer hom en die ander dissipels optrek uit die vleeslike verwagtinge na die dinge van die Gees.

'n Mens het soms die indruk dat Afrikaners meen dat hulle kan speel met God en sy diens soos hulle wil – Hy sal dit nooit waag om ons volkie te laat ondergaan nie. Net asof ons iets uit sy hand verdien! Dit bly moeilik om geestelik te dink!

# September

## 1 Die Heilige Gees leer en herinner

Hand. 2:14-24

"... *maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."* (Joh. 14:26)

Jesus noem die Trooster nou nadruklik die "Heilige Gees". Hy is heilig omdat Hy God is, volmaak en volkome sondeloos soos die Vader en die Seun. Hy is egter ook heilig omdat dit in besonder sy werk is om mense heilig te maak. Waar Hy sy intrek neem, kom 'n geweldige ommekeer by 'n mens. Só 'n mens word van binne omskep tot 'n nuwe mens, want die Heilige Gees is besig om hom meer en meer te vernuut na die beeld van Christus.

"Die Heilige Gees sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Hier gaan dit om kennis – openbaringskennis. Die Heilige Gees is self die Outeur of Skrywer van die Bybel. "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:21). Ook die apostels en ander skrywers van die Nuwe Testament het onder inspirasie van die Heilige Gees geskrywe. Na afsluiting van die Bybel, leer die Heilige Gees ons nog steeds. Hy gee egter aan ons geen nuwe openbaringe buite die Bybel om nie. Die Godsopenbaring is afgesluit.

By die apostels was die openbaringswerk van die Gees tweërlei: Hy leer hulle alles en herinner hulle aan alles wat Jesus hulle geleer het. Die openbaring skrei voort want die Gees self moes nog uitgestort word en die kerk moes nog in die wêreld gevestig word. Daar is dus bepaalde nuwe dinge wat die Heilige Gees hulle sal leer. Hy sal hulle egter ook herinner aan wat Jesus hulle geleer het.

Jesus het bepaalde dinge vir sy dissipels verswyg om 'n baie goeie rede. Hulle was nog nie in staat om dit te begryp nie. "Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nie nou dra nie" (Joh. 16:12).

Die Roomse kerk leer dat die openbaringswerk van die Gees nog onfeilbaar voortgaan in die sogenaamde tradisie van hulle kerk. Die Pous kan ampshalwe 'n verklaring doen wat net so geldig en onfeilbaar as die Bybel self is. Dit verwerp ons. Alleen die Bybel is ons onfeilbare norm vir wat God aan ons wil bekend maak. Niks meer nie.

Die Heilige Gees bind ons aan die Bybel. Hy gee aan ons die geloof in die Bybel en spreek tot ons deur die Bybel. Hy verlig ook ons verstand om die Woord van God te begryp en maak ons gewillig om daaraan gehoorsaam te wees. Hy herinner ons nog steeds aan alles wat Jesus geleer en gesê het. Ons hoor in die Bybel die stem van die Drie-enige God en buig gewillig voor Hom. Ons het die verligtende werk van die Heilige Gees bitter nodig om die woorde van Jesus te begryp tot ons troos en verkwikking.

## 2 Vrede

Rom. 5:1-11

*"Vrede laat Ek vir julle na – my vrede gee Ek aan julle."* (Joh. 14:27)

Vrede is 'n erfenis wat Jesus aan ons nagelaat het. Vrede is ook 'n skat wat Hy aan ons gegee het. Die vrede beteken dat Hy vir ons vrede gemaak het met God. Hy het die vyandskap tussen ons en ons hemelse Vader oorbrug. Hy het ons sondes versoen. Daarom het ons vrede.

Die vrede is 'n feit. Dit is net so werklik as dat Jesus gelewe, gely en gesterwe het. Dit lê objektief, buite ons wisselvallige hart, in Christus vas. Daarom kan ons nimmer daarvan beroof word nie. Ons struikeling en sondes van swakheid kan ons nie daarvan skei nie. Die vrede behou ons te midde van storms en stryd en nood. Ons word gedra deur die vrede selfs ondanks vyandskap en vervolging van die wêreld. Daarom kan martelare sterwe terwyl hulle 'n vreugdelied sing.

Dit is 'n objektiewe werklikheid, maar dit word tog ook subjektief belewe. Daarom voeg die Here by: "Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie." In die lig van die hele hoofstuk, wat ons die afgelope tyd oordink het, is dit duidelik dat die vrede nie bloot buite onsself bly nie. Dit word ons eiendom. Iemand omskryf dit soos volg: "Hier beteken die woord *vrede* die afwesigheid van innerlike onrus en die versekering van die verlossing en van God se liefdevolle teenwoordigheid onder alle omstandighede. Die vrede is die gevolg van die beoefening van die geloof in God en sy Seun en die oordenking van sy genadige beloftes."

"Nie, soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie," sê Jesus. Hy gee sy vrede wat die wêreld nooit kan gee nie. Die wêreldmens mag jou gelukwens, waarmee hy aan jou geluk en vrede toewens, maar hy kan dit nie gee nie. Die onrus kan hy nie uit jou innerlike verwyder nie. Die wêreld mag rykdom en plesier en liggaamlike welsyn en voorspoed gee, maar nimmer kan die wêreld aan ons innerlike vrede gee nie. Die vrede is die weerkaatsing van die liefdevolle blik van ons hemelse Vader in die hart van sy kind.

Die vrede wat Christus gee, is die antwoord op die honger en kommer van ons harte. Ons smagting en soekende hunkering kom in Hom tot rus. Ons is weer waar God ons wil hê en waartoe Hy ons gemaak het – voor sy vriendelike aangesig.

## 3 Slaggereed

Luk. 9:28-36

*"Staan op, laat ons hiervandaan weggaan."* (Joh. 14:31)

Nou het die tyd vir afskeid aangebreek. "Ek sal nie veel meer tot julle spreek nie..." Sy laaste gesprek loop stadigaan ten einde.

Jesus besef sy tyd is kort. Judas en die Romeinse soldate en lede van die tempelwag, saam met 'n aantal lede van die Joodse Raad, is al op pad na Getsémané. Daar verwag Judas om Hom te kry – moontlik omdat Hy by meer geleenthede daar oornag het of omdat Hy dit vroeër só aangedui het. Hulle is op pad om Hom te gaan jag met lanterns en fakkels en swaarde en stokke – so asof Hy 'n gevaarlike misdadiger is.

"Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie."

Agter die optog wat daarop uit is om Hom gevange te neem, sien Jesus die "owerste van hierdie wêreld". Hy is niemand anders as Satan self nie. En tog het hulle in "My niks nie". In Hom is geen skuld nie. Hy word onskuldig gevange geneem en veroordeel.

Waarom weerstaan Hy dan nie die oprukkende vyandige mag nie? Sy Vader kan legioene engele tot sy beskikking stel, indien Hy daarom sou vra. Daarop antwoord Hy: "Maar dat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen netsoos die Vader My beveel het – staan op, laat ons hiervandaan weggaan."

Só is ons Middelaar. Hy bied geen weerstand nie, maar tree in koninklike selfbeslissing sy beuels tegemoet. Hy lê sy lewe vrywillig af, volgens die besluit van sy Vader. En die wêreld sal dit sien en weet. Selfs hulle wat Hom gevange neem en beskuldig en veroordeel – besef diep in hulle harte dat Hy onskuldig ly en dat Hy Hom op 'n vreemde, onbegryplike manier laat veroordeel, terwyl Hy dit kon verhoed. Selfs die wêreld, wat Hom nie wil ken nie, sal weet dat Hy dit gedoen het, omdat Hy sy Vader liefhet.

Daarom word Hy nou haastig ... Hy sou nie veel meer met hulle praat nie... "Staan op, laat ons hiervandaan weggaan." So gaan Hy na Getsémané waar Hy 'n "afspraak" met Judas het... Nee, sy afspraak is met die owerste van hierdie wêreld. Hy gaan die Satan ontmoet. Daartoe het Hy in. die wêreld gekom om die Bose aan te durf en te oorwin ...

"Staan op, laat ons gaan!" Dit is soos 'n wekroep tot die stryd.

Jesus het die kruis alleen aangedurf... Nou trek Hy voor ons uit om Satan oor die lengte en breedte van die aarde aan te durf*. En ons, sy volgelinge, trek agter Hom aan... Só kom sy koninkryk. Hy gaan van oorwinning tot oorwinning.

## 4 Één met Christus

Jes. 5:1-7

*"Ek is die ware wynstok..."* (Joh. 15:1)

"Ek is die ware wynstok..." Jesus Christus self is die ware wynstok. Groei die lote uit die wynstok? Hou die wynstok die lote in hom en lewe hulle uit hom? Dank die vrugte aan die lote hulle bestaan alleen aan die wynstok waaruit hulle groei?

As dit waar is, dan is in veel groter mate waar dat die kerk van Jesus Christus in sy veelheid en eenheid, in sy geheel en in die bestaan van elke afsonderlike gelowige, uit Hom leef. Die eenheid, wese en vrugbaarheid, ontvang die kerk alleen omdat hy één is met Christus.

"Ek is die ware wynstok..." In die Ou Testament is die volk van die Here 'n wynstok of wingerd genoem, wat God geplant het (Jes. 5; Eseg. 17). Die wynstok het "wilde druiwe" gedra of glad geen vrugte voortgebring nie. In Jesus kom God en plant die "ware wynstok". Hy sal sy vrugte gee op sy tyd. As ware wynstok is Hy vrugbaar. Die lote word altyd voorsien van gesonde voedsel om welig te groei en 'n ryke oes aan vrugte op te lewer.

Heg en innig is die eenheid tussen ons en onse Here. Ons is die liggaam en Hy die Hoof. Die eenheid is geestelik. Dit is 'n eenheid wat berus op liefde. Hy het ons eerste liefgehad – daarom het ons Hom ook lief. Die eenheid is onverbreekbaar – die loot groei uit die wynstok. Die eenheid met Christus versier ons, die lote, met 'n ryke verskeidenheid van vrugte: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing. ..

Steeds vloei die lewensap vanuit Hom, die ware wynstok, oor in ons, die lote. En steeds wil Jesus die twee waarhede benadruk: "Bly in My.. ." en "dra vrugte wat by die bekering pas."

Op die agtergrond verheug die landbouer Hom oor die vrugte wat in volle maat opgelewer word. Die landbouer, sê Hy, is "my Vader". "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..." Die Vader het die ware wynstok gegee . .. In antwoord op die gebed van die Seun het Hy, die Vader, die Heilige Gees gestuur om tot groei en vrug te bring. Daarmee het ons, die lote, alles wat ons nodig het. Ons ontvang die verlossing en vernuwing – die lewe uit Christus en die Heilige Gees.

"Bly in My, soos Ek in julle." Buite Hom is die dood in sy volle konsekwensies. In Hom is die ware lewe in sy volle rykdom.

## 5 Verlore

Matt. 25:31-46

*"Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg..."* (Joh. 15:2)

Jesus sê dat Hy die wingerdstok is. 'n Wingerdstok het lote, waarvan sommige vrugte dra en die ander nie. Die onvrugbare waterlote word deur die landbouer afgesny en weggegooi. So is daar ook mense "in Hom" wat nie vrugte dra nie. Daarom neem sy Vader hulle weg. Hulle word afgesny en uitgewerp.

Die Here Jesus gaan hier uit van die uitwendige verband met Hom. In hierdie evangelie word dit dikwels só gesê. Daar is mense aan wie die goeie tyding verkondig word. Hulle kom in die lig van die waarheid. Sommige neem dit aan en andere verwerp dit. Sommige kan hulle selfs vir 'n tyd in die lig koester. Daarvan was Judas Iskariot 'n duidelike voorbeeld. Hy het in die kring van die dissipels van Jesus gekom en daar gebly. Hy het "in Jesus" gebly en tog was hy 'n onvrugbare loot. Daarom moes hy uiteindelik afgesny word.

Ons kan selfs aanneem dat Jesus in besonder aan Judas gedink het, toe Hy gesê het: "Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg ..." Sy verhouding met Jesus was, uitwendig gesien, baie heg en innig ... En nou was hy, Judas, miskien al op pad met die bende om Hom gevange te neem. So dink Hy aan mense wat in 'n baie noue verband met Hom gestaan en gelewe het, maar Hom verlaat het en nou op pad is na ewige ondergang.

Hy het vroeër gesê: "Julle is rein, maar nie almal nie" (Joh. 13). Mense kom onder die klank van die evangelie. Hulle word lidmate van sy kerk. Hulle leef saam met die gelowiges. Hulle bring lippehulde aan Hom... Maar, hulle is nie "rein" nie. Hulle is waterlote wat Jesus self sorgvuldig buite hulle lewe hou. Die vrugte ontbreek.

Sulke mense word deur die Vader weggeneem. Die vraag is nou: Wanneer neem Hy hulle weg? Geskied dit deur die kerklike tug? Deur die sleutels van die hemelryk is die kerk immers ook verplig om die onvrugbare lote uit die kerk uit te ban. En dan is hulle ook uitgesluit uit die hemelryk. "As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou" (Joh. 20:23). So sê Jesus vir sy dissipels. Aan Petrus sê Hy selfs: "En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees" (Matt. 16).

Die uiteindelike verwerping berus egter alleen by God self. Hy alleen weet hoe hart en sinne staan daar binne. Hy alleen kan uiteindelik beoordeel en oordeel. Vir ons lê hierin die waarskuwing in opgesluit: "Ondersoek julleself of julle in die geloof is; stel julleself op die proef" (2 Kor. 13). Dit sê Paulus ook op grond van gebrek aan vrugte by die Korinthiërs.

# 6 Voortgaande stryd

2 Tim. 3:16-4:8

"... *elke loot wat vrug dra, die maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra."* (Joh. 15:2)

Hier spreek Jesus 'n gedagte uit wat ons dwarsdeur die Bybel aantref. Die gelowige dra vrugte, maar hy kan nooit sê: "Dit is nou genoeg" nie. Daar moet voortdurend groei en wasdom wees – hy moet altyd tot meerdere vrugte kom.

Wat is die vrugte wat die gelowige moet voortbring?

Ons kan dit "goeie werke" of "vrugte van die Gees" noem. Dit omsluit ons ganse lewe. Dit gaan om begeertes en motiewe. Jou lewenshouding en karaktertrekke is daarmee gemoeid. Dit kom tot openbaring in jou woorde en dade. Jy lewe uit die geloof, wat die band is met Christus, die ware wynstok. Daarom leef jy, soos Hy, volgens die wil of wet van God. Jy soek in alles wat jy doen, sy eer en heerlikheid.

Ons staan egter voor die werklikheid dat die allerheiligste maar 'n *klein beginsel* van die gehoorsaamheid het, solank ons in hierdie lewe is. Ons gewete klae ons gedurig aan dat ons teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nog tot alle boosheid geneig is. Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek, sê Paulus in Rom. 7.

Gelukkig laat die Here ons nie aan onsself oor nie. Hy het ons nie alleen, deur die geloof, in Christus ingelyf nie. Hy het ook die Heilige Gees aan ons gegee, deur Wie ons lewe meer en meer vernuut word tot die ewebeeld van Christus.

Die Heilige Gees laat ons meer en meer ons eie sonde raaksien. Ons sien hoe langer hoe meer hoe sondig ons is. 'n Mens sou beswyk indien jy ineens al jou sonde sou ken. Aan die ander kant word die gelowige al heiliger. Daar is 'n voortgang op die weg van heiligmaking. Jy sterf meer en meer sondes af en jou lewe word steeds voller van die werke van die Gees.

In die snoeiwerk of skoonmaakwerk gebruik die Heilige Gees middele. Hy gebruik die Bybel, die woord van God. Hy stel ons voor die spieël van sy heilige wet. Ons sien nie alleen daarin hoe vuil en sondig ons is nie, maar dit is vir ons ook die reël van die dankbaarheid. Dit word die mikpunt waarna ons strewe. Alleen indien ons leef volgens die wet van God, leef ons tot sy eer. Daarom hou Hy sy wet steeds aan ons voor. "Ek jaag daarna of ek dit kan gryp," sê Paulus.

Ook in wat ons in hierdie lewe ervaar, gebruik die Here om ons tot meerdere vrugte te bring. Die gelowige kom selfs in die smeltkroes van lyding en vervolging en armoede om hom tot meerdere vrugte te bring.

## 7 Rein gewas

Matt. 9:1-8

*"Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het."* (Joh. 15:3)

Ons Here Jesus Christus is in die volle sin van die woord 'n ware Skrifgeleerde wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn haal. In die gang van sy gesprekke kom steeds na vore die woorde van Goddelike wysheid. En die allerwonderlikste is dat sy woorde nie alleen wysheidswoorde is wat die weg wys nie, maar self die vermoë het om lewend en rein te maak. Tereg het Simon Petrus vroeër bely: "U het die woorde van die ewige lewe." Elke gelowige is wat hy is, deur die Woord van Christus.

"Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het." Hoe kan dit waar wees? Ons word immers alleen gereinig van ons sonde deur sy soendood aan die kruis. En dit moet nog plaasvind. Hierdie uitspraak is gedoen voordat Hy vir hulle reiniging gesterf het. Hoe kan Hy dan sê: "Julle is alreeds rein?"

Om dit te beantwoord moet ons twee dinge onthou: Wat het Jesus gesê en wat was sy dissipels se reaksie daarop?

Wat het Hy aan hulle gesê? Sy hele prediking kom ons voor oë. Daar is baie kernuitsprake wat ons kan aanhaal. Ons volstaan met die één: "Want só lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (3:16). Hy is die eniggebore Seun van God wat die sonde, onreinheid, van die wêreld wegneem. Dit het Hy vroeg en laat verkondig. Dit is die hoofinhoud van die woord wat Hy tot hulle gespreek het.

En wat was die reaksie van sy dissipels op hierdie woord van Hom? Kernagtig stel Simon Petrus dit: "U het die woorde van die ewige lewe. *En ons het geglo en erken dat U die Christus is,* die Seun van die lewende God." Hulle het geglo in die woorde wat Hy tot hulle gespreek het. Daarom het hulle die ewige lewe. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie, maar ontvang die ewige lewe.

"Julle is alreeds rein..." Dit beteken dat ons geregverdig is deur die geloof. Ons sondeskuld is weggeneem. Ons het die genade alreeds ontvang.

Vanselfsprekend volg hierop die voortgaande reiniging. Dit beteken ook dat ons meer vrugte moet dra. Ons word meer en meer gereinig van die smet van die sonde, deur die werking van die Heilige Gees.

## 8 Bly in My

Rom. 6:1-11

*"Bly in My, soos Ek in julle."* (Joh. 15:4)

"Bly in My, soos Ek in julle..." Hierdie sin kan ons ook só vertaal: "Bly in My, en Ek sal in julle bly." Só gelees klink dit bekend en tog angswekkend vreemd. Dit lyk asof Jesus bedoel dat Hy in ons sal bly op voorwaarde dat ons in Hom moet bly. Waarom is dit angswekkend? Omdat Hy dan iets van ons eis, waartoe ons uit onsself nie in staat is nie. Ons ontwyk en ontvlug Hom veel eerder as wat ons na Hom soek.

Gelukkig staan die saak net andersom. Hy soek ons. Hy het ons eerste liefgehad. Hy het na ons toe gekom om by ons woning te maak. Hy het gekom om in ons te bly. Daarom bly ons in Hom. Ja, nadat Hy in ons, deur die Heilige Gees woning gemaak het, gee Hy ook aan ons die krag om in Hom te bly. Anders sou dit vir ewig met ons misloop.

Ons het hier te doene met twee kante van die genadewerk van Christus. Aan die een kant is daar sy verborge werk. Dit spreek Hy byvoorbeeld uit in die woorde: "En Ek gee hulle (my skape) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 10). Elders sê Hy: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleindig van die wêreld" (Matt. 28). Hy bly, ondanks onsself, met en in ons tot aan die voleinding van die wêreld. Ons kan van Hom nie wegkom nie, al sou ons ook al wil.

Aan die ander kant het ons te doene met sy geopenbaarde werk. Dit beteken dat Hy ons aanspreek deur sy Woord. Hy doen dit deur uitsprake soos: "Bly in My..." "Kom na My toe..." "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word..." Dit is vanaf die kant van die mens gesien, die weg tot redding. Dit onderstreep ons verantwoordelikheid as mense. Ons moet nie alleen na Hom toe kom nie, maar ook in Hom bly. Dan word ons bewaar van afval en dwalinge. By Hom alleen is ons beskerm teen die duiwelse aanslae van die Bose. Juis deur in Hom te bly, word sy beloftes aan ons waar gemaak. Bly in Hom, dan sal u nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. Bly in Hom, dan kan niemand u uit sy hand ruk nie ...

Jesus se oproep: "Bly in My soos Ek in julle," is nodig en gewis nie te vroeg uitgespreek nie. Ons moet elke dag weer in gedagte hou dat ons in Hom moet bly. Daarom moet ons eerste bede wees: "Bly in my, Here... Bly in my in my kleingeloof en struikeling... Bly in my, wanneer storms loei en my ankers wil losruk... Bly in my in my eensaamheid... Bly in my, wanneer sonde lok en verleidinge my oorval... Ag, wil my tog nooit verlaat nie! Bly in my in my lewe, maar bly ook in my wanneer die doodsdal diep en donker my weg versper... Bly in my tot in alle ewigheid!"

## 9 Oordeel

Matt. 13:24-30

"... *word uitgewerp... en verdroog... en verbrand."* (Joh. 15:6)

Jesus is nog steeds besig om te praat oor die wynstok en die lote... Teenoor die vrugbare lote is daar ook onvrugbare lote. Hy het alreeds gesê dat sulke lote weggeneem word deur die landbouer. Hulle word afgesny van die wynstok. Nou sê Hy: "As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand."

Hier het ons 'n insiggewende tekening van die ewige straf wat op die verloregaande mens wag. Van stap tot stap word die proses geteken.

Só 'n mens word *uitgewerp* soos 'n onvrugbare loot, sê Jesus. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie" (Joh. 3:18). Daarmee is hy uitgewerp ... Hy is aan die verlorenheid prysgegee. Sy volharding in die ongeloof is die begin van die oordeel.

Voortgaande *verdroog* die uitgewerpte loot. Hy mag nog voortlewe op aarde, maar het geen ware vrede of vreugde nie. Hulle is "waterlose wolke deur winde rondgedrywe, bome in die nasomer, wat sonder vrugte is, twee maal gestorwe, ontworteld" .. .(Judas 12).

Jesus se beskrywing van die weg van die verloregaande mens gaan verder. *"Hulle maak dit bymekaar..."* "In die oestyd sal Ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand..." (Matt. 13). By die eindoordeel is daar die geleentheid om die verloregaandes te versamel. "En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was... En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan..." (Openb. 20).

Die volgende stap is: *"Hulle gooi dit in die vuur..."* "Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi" (Matt. 7:19). "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (Openb. 20:15).

Eindelik sê Hy: "... *en dit verbrand."* Dit is die vreeslike einde van die ongelowige mens: die ewige vuur. "En hulle sal weggaan in die ewige straf" (Matt. 25:46). "En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie..." (Openb. 14:11).

Groot is veral die verantwoordelikheid van elke mens, wat die evangelie van Jesus Christus hoor en dit soms goed ken, maar buite Christus bly. Eindelik kom daar 'n tyd, dat alle verdere arbeid aan hom vrugteloos is. Dan wag die afloop in die ewige verderf.

## 10 Genadige Bande

Ps. 1

*"Bly in My... Wie in My bly... As julle in My bly..."* (Joh. 15:4, 5,7)

Merk u die herhaling soos 'n steeds weerkerende refrein? "Bly in My ... Wie in My bly... As julle in My bly..." In die laaste geval word dit verder uitgebou: "As julle in My bly en my woorde in julle. .."

Dat die Here hierdie gedagte so nadruklik herhaaldelik noem, wys hoe lewensbelangrik dit is. Aan die opdrag "Bly in My..." in sy onderskeie nuanses, is ook groot beloftes verbonde. Só is dit altyd met sy opdragte. Dit is nimmer koud en troosteloos en sonder "loon" nie.

Sy beloftes bly waar. Hy voer sy beloftes uit. Hier verbind Hy Hom ook uitdruklik daartoe.

*"Bly in My"* word in vers 7 nader verklaar met die byvoeging: *"en my woorde in julle."* Om in Hom te bly beteken om ag te gee op sy woorde – om dit in te neem en jou eie te maak. Dit bly in ons en leef in ons as die dinamiese krag van ons lewe. Dink hierby aan die gevleuelde woord van Paulus: "Die evangelie is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo..." (Rom. 1). Sy woorde neem besit van ons en neem die beheer oor in ons lewe. Sy woorde bestuur en rig ons hele bestaan. Ons glo nie alleen in sy woorde nie, maar lewe daarvolgens.

*"Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug* ..." Buite Hom dra 'n mens geen vrugte hoegenaamd nie. In Hom dra jy vrugte en selfs baie vrugte. Die vrugte is alles wat uit die geloof spruit, volgens sy wil is en tot sy eer strek. Hy verbly Hom daarin. Juis daarom is dit ook vir ons tot 'n onberekenbare seën. Hy sien met welgevalle op ons neer. Ons verbondenheid met Hom word inniger en ryker. Ons word meer en meer ontdaan van selfsug en eiewaan en Hy kry ook meer gestalte in ons. Dit beteken vir ons loutere vreugde. Ons deel in sy blydskap in die vrugte. Dit is ons "beloning" – 'n beloning uit genade en nie uit verdienste nie.

En dan wys Jesus op 'n verdere vrug: "As julle in My bly en my woorde in julle, *sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry* ..." Bly in Hom en leer in sy woord en u gebede word verhoor.

## 11 Ons Vader verheerlik

Ef. 1:3-14

*"Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees"* (Joh. 15:8)

Die Here Jesus is nog steeds besig om sy tema uit te bou. Dit gaan nog oor die wynstok en die lote en die vrugte. Dit het nog steeds te doene met die opdrag: "Bly in My, soos Ek in julle." Ek self of die Bose of my geld en besittings of 'n ander mens of enigiets anders is nie meer die heerser in my lewe nie. Hy het oorgeneem. Hy het egter nie van buite af oorgeneem nie. Nee, Hy bly binne in my en sy woorde is in my. Van binne het daar 'n nuwe beginsel gekom. Ek is weer gebore deur sy Gees en my gedagtes en begeertes en strewes – my ganse doen en late – word gerig en bestuur en besiel deur sy Woord wat van my besit geneem het. Daarom breek die vrugte na alle kante uit... En die vrugte, uit myself, is in werklikheid uit Hom. Daarom kan Hy sê:

"Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra..."

Wat vind plaas in die loot wat uit Christus groei?

So 'n mens word vernuwe tot die beeld van God. Die beeld van God kry gestalte in ons. God het ons geskape na sy beeld en sy gelykenis, staan daar in Gen. 1. Aan die een kant beteken dit dat ons anders geskape is as die diere. Ons is geskape as redelike wesens met 'n verstand – wesens wat kan dink en praat. Dit beteken dat God self met die mens gedagtes kon wissel. Daarby het Hy die mens met 'n hart geskape om lief te hê – God en sy medemens. En verder het die mens, geskape na die beeld van God, die vermoë gehad om te werk. Hy moes die Tuin van Eden bewerk en bewaak en oor sy skepping heers. Só sou hy hoof, hart en hand inspan in diens van sy goeie Vader.

Wanneer ons in Christus bly en sy woorde in ons, is hierdie beeld van God in ons herstel. Die mens is weer wat Hy bestem was om te wees. En Hy is in die eerste plek deur God geskape om Hom te verheerlik. Daarom is Hy, die Vader van Jesus, hierin verheerlik. Sy eie wese word weerkaats in sy kinders. Hy sien Homself in die weerkaatste beeld en is daarin verheerlik. En dit in besonder wanneer ons "veel vrug dra". En ons kan alleen vrugte dra – en veel vrugte dra – indien ons in Christus bly. Só verheerlik Jesus sy Vader in sy verloste volk.

En dan voeg Hy nog daarby: "... en julle sal my dissipels wees . .."

Ons moet dit sien in verband met die aanwas van die vrugte. Hoe meer die vrugte word, hoe duideliker tree ons dissipelskap aan die lig. Wanneer die vrugte vermenigvuldig, word ons Vader al hoe meer verheerlik en dit benadruk weer ons dissipelskap.

Ons dissipelskap is ook ons vreugde en inspirasie. Ons verbly ons in die vrugte en die heerlikheid van ons hemelse Vader...

## 12 Bly in die Liefde

1 Kor. 13

*"Soos die Vader My lief gehad het, het Ek julle ook lief gehad. Bly in hierdie liefde van My."* (Joh. 15:9)

Van al die mooi en goeie dinge op aarde, wat 'n mens kan minag, is daar niks wat so erg en skandelik is, as om iemand se liefde te verwerp nie. Veel erger is dit om Jesus se liefde te verag en onder vuile sondaarvoete te vertrap. Watter onberekenbare skat verwerp 'n mens dan nie! Luister wat sê Hyself van sy lief de.

"Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad." Dit sê Jesus in hierdie nag. Dit is 'n veelbewoë nag. Dit is 'n verskriklike nag – die nag waarin Jesus gevange geneem is. Die nag van Getsémané en tog... dit was die heiligste nag van alle nagte... Die nag van die liefde van die Vader en die Seun vir 'n verloregaande wêreld... "Ek het julle lief, daarom is Ek hier in hierdie verskriklike nag."

Hy dink aan sy liefde vir sy dissipels. Sy groot liefde wat Hy die afgelope drie jaar aan hulle betoon het. En dan gaan sy gedagtes terug na die ewigheid. Hy dink aan die heerlikheid wat Hy by sy Vader gehad het, voordat die wêreld daar was. Toe alreeds was die Vader vasbeslote om hulle en almal wat Hy liefhet, te behou ... Sy hart het na hulle uitgegaan. Dit vat Hy saam in die enkele sinnetjie: "Ek het julle liefgehad."

Sou mensewoorde ooit die liefde kan beskrywe? Hyself beskryf dit só: "Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad." Eintlik kan ons maar net die hand op die mond lê en verder swyg. 'n Mens sou kon sê dat dit 'n suiwer, diep, persoonlike, heelhartige, volhardende liefde is... En tog skiet ons woorde nog tekort, want God is liefde. Vir ons begrip is die liefde tussen die Vader en die Seun onbevatlik... Ons weet dat die Vader by verskeie geleenthede self gesê het: "Dit is my geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom." Vir Hom, die Seun, is sy Vader se liefde baie kosbaar. In sy hoëpriesterlike gebed in Joh. 17 spreek Hy dit ook uit.

Daar het u die liefde, sonder aansien van die persoon. Jesus het sondaars lief en daarom – Goddank – ook vir my... Dit kan elke mens wat glo van harte sê. "Bly in hierdie liefde van My" Moet dit tog nooit geringskat nie. Dit is die allerkosbaarste gawe wat enige mensekind ooit kan ontvang. "Om jou saligheid ontwil – verlaat nie my liefde nie!"

## 13 Gebooie en Liefde

Deut. 6:1-12

*"As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly..."* (Joh. 15:10)

'n Gebod of 'n voorskrif of 'n wet het nie 'n aangename klank in 'n mens se oor nie. Dit hou iets dwingends vir ons in – iets wat teen ons sin of wil ingaan ... Dit laat die gevoel dat 'n mens onvry is en nie kan doen wat jy wil nie... Buitendien laat gebooie 'n mens dink aan die wettisisme van die Fariseër. Jesus self het verklaar dat hulle mense is wat reël op reël en gebod op gebod maak. En nou kom Hy wat ons, volgens Paulus, vrygemaak het van die wet, en sê: "As julle my gebooie bewaar, sal julle in My liefde bly."

Daar is egter 'n wesensverskil tussen sy gebooie en elke ander dwingende gebod. Hy self sê elders: "My juk is sag en my las is lig." Ons kan dit só vertolk: "My gebod is sag en my wet is lig." Dit kom presies op dieselfde neer. Waarom kan Hy dit sê?

Die wedergebore mens is herskape na die beeld van God. Hy is só vernuut dat hy vanself die Here liefhet en dien. Hy kan nie anders nie. Dit is sy aard as wedergebore mens. Hy leef weer volgens die bestemming wat God vir Hom gestel het, toe hy oorspronklik geskape is. Daarom is die gebooie van Christus vir hom nie swaar nie. Praat van vryheid – dit is die Christen se vryheid om vir die Here te lewe .. . Soos die vis vry is, gebonde aan die water, so is die dissipel van Jesus vry, binne sy gebooie.

Daaruit volg een siklus op die ander in steeds ryker wordende kringe van vreugde. Christus se liefde is altyd eerste. "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste lief gehad het" (1 Joh. 4:19). Daarop begin ons liefde vir Hom tot lewe kom. Dit toon ons deur sy gebooie te onderhou. In werklikheid is die inhoud van sy gebooie dat ons Hom en ons medemense moet liefhê.

Onderhou ons sy gebooie, dan volg daaruit weer dat ons in sy liefde bly. "As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly." So kom ons weer by ons afspringplek: sy liefde. Hy het begin deur ons lief te hê. Nooit het sy liefde ons egter losgelaat nie. Dit is voor ons liefde en tog vergesél dit ook ons liefde. Dit volg ook ons liefde ... Op die spoor van ons liefde ontluik meer en meer liefde tot Hom in ons eie harte, maar dit word ook oorgeplant in die harte van ons medemense... Liefde wek liefde... Dit groei steeds dieper en kring steeds wyer uit...

Liefde en gehoorsaamheid kan ons nooit skei nie. Sy gebooie staan nie téénoor die liefde nie. Dit lei bloot die liefdesbetoning in die baan van sy heilige wil. Hy druk immers sy wil uit in sy gebooie.

## 14 Volkome blydskap

Luk. 2:8-20

*"Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word."* (Joh. 15:11)

Ons kan hierdie uitspraak baie wyd sien. Ons kan dit laat uitkring tot alles wat God gesê het. Dit kan maar sy hele Woord – die heilige Skrif – insluit. Hy openbaar Homself en sy wil aan ons in die Bybel. Daarin sê Hy vir ons baie dinge. Al die dinge sê Hy aan ons, dat sy blydskap in ons kan bly en ons blydskap volkome kan word. Hy sê nie dinge om te dreig en te belas en te vermoei nie. Hy sê dit aan ons, om ons te verbly. Hy gee ons daardeur vreugde – die ware lewensvreugde.

Wat is die blydskap van Jesus en wat is sy blydskap in ons? Dit is duidelik dat dit staan i.v.m. die eenheid met Hom. Hy is die wynstok en ons die lote. Vir Hom is dit sy blydskap dat Hy die eenheid bewerk het en in stand hou. Sy kruisdood is vir Hom "die moeite werd". Hy sien en verbly Hom in die vrug van sy bittere lyding aan die kruis. Hy verbly Hom ook daarin dat sy Vader verheerlik word in die verlossing van sondaars. Daaruit vloei voort dat sy vreugdesbeker verder gevul word omdat ons vrugte dra. Hy sien en verbly Hom in die geloof, die bekering en die heilige lewe uit Hom. Hy verbly Hom, omdat sy Vader daarin verheerlik word. Sy blydskap bestaan ook daarin dat ons gebede verhoor word. Al die dinge, wat Hy gesê het, is sy blydskap.

En hierdie blydskap van Hom is ook ons deel – ons is immers een met Hom. Die vreugdesappe van die wynstok voed en versier ook die lote. Die blydskap vervul ons lewe. "Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word."

Sy blydskap is anders as die blydskap wat die wêreld beloof. Dit is die blydskap wat Hy gee. Dit is geestelik van aard. Dit is gewortel in die vrede met God. Uitwendige omstandighede, siekte, nood, storms, vervolging, die dood – kan hierdie blydskap nie verhinder of wegneem nie. Ons het altyd rede om te sing. Ons het vrede met God; ons besit die ewige lewe; ons is salig ..." Wat het ons meer as dit nodig? Daarom: "Sing tot eer van die Here! Sing elke dag 'n nuwe lied!"

Jesus wil hierdie innerlike vreugde sien. Hy wil ons bly en gelukkig sien. Dan weet Hy dat ons "in Hom bly". Dan leef ons in sy blydskap.

# 15 Selfopofferende Liefde

Rom. 9:1-5

*"Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het."* (Joh. 15:12)

Oor die liefde raak Jesus nie uitgepraat nie. Hy kom telkens daarop terug. Hy laat weer nuwe lig daarop val en benadruk die wonder van die liefde uit 'n ander oogpunt. So haal Hy uit sy skat ou en nuwe dinge te voorskyn.

Oor die gebod van die liefde het Hy reeds vroeër met sy dissipels gepraat. "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê" (13:34). Hier sê Hy wesenlik dieselfde, maar voeg dan daarby: "Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel." Lees ons die hele gedeelte saam, dan kom dit hierop neer: "Julle moet volhard in julle liefde vir mekaar, met dieselfde liefde wat Ek aan die lig bring wanneer Ek my lewe aflê vir hulle wat waarlik my vriende is."

Dit is waar dat die liefde van Christus nie in elke opsig die voorbeeld vir ons liefde kan wees nie. Sy liefde is 'n ewige liefde. Hy skenk sy liefde in ons plek – plaasvervangend. Sy liefdesdaad, deur sy lewe vir sy vriende af te lê, bring vir ons die verlossing van die ewige toorn van God. Daarin kan ons Hom nie navolg in ons liefdesbetoning nie. Dit sal selfs lasterlik wees indien 'n mens dit sou probeer doen of voorgee dat jy daartoe in staat is. Om lief te hê soos Hy liefgehad het – in sy volle omvang en ewigheidsvrug – is bo ons vermoë.

Hier gaan dit om iets besonders in sy liefdesbetoning. Dit lê daarin opgesluit dat Hy sê: "Groter liefde het niemand as dit nie, dat hy sy lewe vir sy vriende gee." So iemand toon dat hy homself kan verloën, omdat hy liefhet. Hy is in staat om sy eie belange en selfs sy eie lewe op te offer, uit liefde vir sy medemense. Dit kom daarop neer: "In julle liefde vir mekaar moet julle gewillig wees om julleself te verloën."

'n Mens hoor die verhale van mense wat bereid is om vir Christus te sterwe. Dit kom ons ook ter ore hoe martelaars weier om hulle gelowige vriende te verraai ondanks elke dreiging van pyniging na liggaam en gees. Dan wonder jy: "Sal ek daartoe in staat wees?" Hierop kan u maklik 'n antwoord kry. Kyk maar na u eie lewe. Wat doen u elke dag? Leef u uit die beginsel van die selfopofferende liefde? Is u in staat om die minste te wees? Kan u buig voor spot en druk? Kan u die grootste onreg u aangedoen van harte vergewe en vir u vyande bid? Waarvoor leef u en werk u en stry u? Gaan dit om Christus en sy eer en heerlikheid of gaan dit om selfhandhawing?

## 16 "Julle is my vriende"

Hebr. 11:8-19

*"Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel... Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het."* (Joh. 15:14, 15)

Jesus noem sy dissipels sy vriende. As bewys daarvoor noem Hy twee kentekens van sy vriende: Hulle doen wat Hy hulle beveel en Hy het alles wat Hy van sy Vader gehoor het aan hulle bekendgemaak.

Selfs onder ons is dit die twee eienskappe van 'n ware vriend. 'n Mens neem jou vriend in vertroue. Dit is 'n bewys van vriendskap as jy jou diepste hartsgeheime aan só 'n persoon openbaar. Die gelowige is Jesus se vertroueling aan wie Hy geheimenisse bekendmaak. Hy sê: "Alles wat Ek van my Vader gehoor het, het Ek aan julle bekendgemaak..." Hulle weet alles wat nodig is om te weet. Hulle ken Hom as die weg en die waarheid en die lewe.

Wat het Hy nie alles aan ons bekend gemaak nie? Ons weet dat Hy die Seun van God, die Verlosser van die wêreld, is. Ons weet dat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe ontvang het. Hy het ook aan ons met nadruk bevestig dat Hy in alle aardse nood met ons is en dat ons selfs in ons dood nie van Hom geskei is nie.

Ons weet selfs nog meer. Ons weet dat die volkere verniet raas en die nasies tevergeefs in opstand is teen God en sy Gesalfde. Die Here regeer. Die grotes van die aarde is bloot pionne in sy almagtige hand. Ons weet selfs van die groot verdrukking wat kom. Die afval van God en sy Woord oorval ons selfs nie onverhoeds nie. Al die dinge weet ons as sy vriende. Paulus sê selfs dat Hy wel soos 'n dief in die nag kom, maar nie vir ons wat weet nie. Ons verwag Hom immers elke dag.

Maar as sy vriende is ons ook gehoorsaam aan Hom. Ons doen wat Hy ons beveel. Indien ons dit nie doen nie, verloën ons ons vriendskap met Hom. 'n Vriend is alleen 'n vriend indien hy getrou bly. So moet ons ook aan Hom getrou bly en selfs bereid wees om vir Hom te sterwe. Hy het immers vir ons, soos 'n ware vriend gesterwe.

As sy vriende kan ons lewe en ly en sterwe. As sy vriende weet ons dat ons 'n getroue Vriend het, wat ons nimmer in die steek laat nie.

Hy bly getrou, al sou ons ontrou wees. Dit is juis die besondere van ons vriendskap. Hy ken ons swakhede en ons vyande. Hy weet dat ons te kampe het met onsself en die duiwel en die wêreld met sy nood en verleidinge. En tog het Hy as Vriend vir ons gesterwe toe ons nog vyande was. Veel meer sal Hy ons alles genadiglik skenk, noudat ons met Hom versoen is deur sy bloed.

## 17 Uitverkies

Ps. 33:11-22

*"Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies* ..." (Joh. 15:16)

'n Mens kan jou vyande nie kies nie, maar jou vriende kan jy wel kies. Die voorreg het Jesus – Hy kies sy vriende. Daar is egter iets vreemds aan hierdie vriendskap. Jesus kies, maar sy vriende kan nie kies nie. Ons sou Hom selfs nie wou kies, indien ons dit sou kon doen nie. Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat. Van nature beskou ons Hom as ons vyand en nie as vriend nie. Daarom kan Jesus tereg sê: "Julle het My nie uitverkies nie..." Indien dit van ons sou afhang, sou ons altyd vyande van Hom gebly het. Dit beteken ook dat ons onder die vloek van God sou lewe en in ons sonde sou sterwe – vir ewig vyande van God.

Gelukkig voeg Jesus by: "... maar Ek het julle uitverkies." Snaaks dat sommige Christene die uitverkiesing as hard en wreed bestempel. Hulle beswaar kom daarop neer dat 'n mens in jou vryheid en selfstandigheid aangetas word. Verder is dit wreed van God om bepaalde mense te verwerp – "al sou hulle ook al hoe hard probeer".

Ons wil glad nie voorgee dat ons die uitverkiesende genade van God begryp nie. Mense kan soms daaroor al te glad en selfversekerd praat – so asof hulle al die kennis van die geheimenis in pag het. Sulke mense het dikwels nog nie genoeg daaroor nagedink nie. Ons staan gewis hier voor 'n geheimenis...

"Ek het julle uitverkies." Hier lê Jesus die nadruk daarop dat Hy uit vrye wil mense liefhet. Daarin word Hy alleen deur Homself gelei. Hy is onafhanklik van elke ander invloed – geen mens het Hom daartoe beweeg nie.

Waartoe het Hy ons uitverkies? Daarop is die antwoord: "en julle aangestel om vrug te gaan dra..." Daar het u dit. "Uitverkiesing" staan nie alleen nie. Dit kan ook nooit alleen en geïsoleerd staan nie. By die uitverkiesing voeg Jesus 'n "en". Dit moet ons nie uit die oog verloor of wegdink nie. Hy neem ons in ag. Hy gebruik ons met ons gawes en talente. Elke uitverkorene weet dit. Hy dra vrugte. Hy lewe om te dien. Sy lewe is ryk en vol, want hy staan voluit in diens van die Here.

Daarmee verval selfs die beswaar dat mense "wat hard probeer" verwerp mag wees. Niemand wat waarlik hard probeer om die Here te dien, kan verwerp wees nie. Dat hy "hard probeer" is die vrug van die uitverkiesing.

## 18 Haat

Matt. 24:1-14

*"As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het."* (Joh. 15:18)

"Só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het ..." Die Seun het na die wêreld gekom, omdat God die wêreld liefhet. Dit is sy wêreld en Hy kon die wêreldnood nie aansien nie. Sy Vaderhart gaan uit na sy wêreld... Maar die wêreld wou Hom nie ontvang nie... Van die begin af het sy eie mense Hom gehaat. Die Joodse leiers kon Hom nie verdra nie. Eindelik het hulle die volk teen Hom opgesteek, sodat hulle as met één stem skreeu: "Kruisig Hom! Kruisig Hom! Weg met Hom!"

En nou gaan Hy weg. Hy laat sy dissipels agter. Hulle bly agter met 'n opdrag: hulle moet in die wêreld optree as sy getuies. Hulle moet die wêreld vertel van God se onbegryplike liefde. Hulle moet vertel van die Verlosser, Jesus Christus ... In die boodskap van verlossing is egter ook iets wat die wêreld aanstoot sou gee. Dit hou ook iets in wat die wêreld se argwaan wek. Wat is dit?

In die eerste plek moet sy getuies aan die wêreld vertel dat daar buite Christus hoegenaamd geen verlossing moontlik is nie. Daarmee is die wêreld, met al sy godsdienste en godsdienstigheid, voor God veroordeel. Die wêreld lê onder die toorn van God. Die groot en mondige en vooruitstrewende wêreld hoor dat al sy prestasies tevergeefs is en 'n gejaag na wind. Al die geswoeg bring die wêreld uiteindelik niks in die sak nie. Sonder die verlossing in Christus wag maar net die ewige duisternis.

Geen mens wil graag weet dat hyself met al sy prestasies niks werd is nie. Daarom lok die boodskap van die Verlosser weerstand by die wêreld uit. Die weerstand slaan baie maklik oor in haat. Die wêreldmens sien in die dissipels van Jesus en in die boodskap wat hulle bring dat hulle nie "van hierdie wêreld" is nie. Hierdie haat is in die eerste plek gerig teen Christus self. Die haat teen Hom duur voort. Dat dit 'n werklike en verbete haat is, word bewys in sy smadelike dood. Die wêreld het Hom verwerp as 'n Godslasteraar. Die haat teen Hom duur voort en word voortgesit teen sy volgelinge.

Pas na Pinkster het die haat begin. Johannes en Petrus is spoedig in die tronk en verskyn voor die Joodse Raad. Stéfanus is die eerste dissipel wat as getuie van Jesus sterwe onder die klippereën van die verwoede Jode .. .

Dit duur voort tot die einde toe.

## 19 Wêreldgelykvormig

Rom. 12:1-8

*"As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê."*(Joh. 15:19)

Ons leef in die tyd van die heerskappy van die sogenaamde "wêreldmening". Die "wêreldmening" is 'n mag waarvoor byna elke knie buig. Die voorstelling is ook dikwels dat die "wêreldmening" die mening van Christus is. Dit sou 'n blye dag wees indien dit die waarheid was. Dit is waar dat die "wêreldmening" se spreekbuise ook heelwat kerkleiers en godsdienstige rigtinge insluit. Ons wil nie hulle goedertrou bevraagteken nie. Ons staan egter voor die feit dat die "wêreldmening" in die huidige wêreldsituasie die mening van "linksgesindes" is. Ons is selfs onder die indruk dat uitgesproke Marxiste die wysie voorsing, waarop kerke en kerkleiers inval en meesing.

Dat die kerk van Christus en Belial saampraat en dieselfde mening daarop nahou, is geen rede tot dankbaarheid nie, maar veeleer tot groot kommer. Jesus sê: "Die wêreld het sy eiendom lief." Is dit nie presies wat hier gebeur nie? Indien die goddelose kommunisme en ateïsme en kerkmense saampraat en stry en oorlog voer, is dit 'n ontsettende gevaarteken. William S. Coffin, 'n predikant van Yale, het onlangs verklaar: "Die huidige geslag is moontlik goddeloos, maar, die Here weet, hulle hoëpriesters verleen nie veel glans daaraan nie... Ons kerkmense het 'n slag om wyn in water te verander... om godsdiens te verwater..." (Die Transvaler 4/5/73).

Ja, só is dit... Wanneer die godsdiens verwater word, het die wêreld die kerk selfs lief. Dit kom maar net daarop neer dat die kerk sy Here en Meester verloën om by die wêreld in gevlei te kom. In die naam van die kerk van Christus word deesdae selfs dinge opgedis, waarvoor die wêreldmens walg – laat staan nog Christus, die Koning van die kerk. Dink aan wat Aida Parker van die Financial Gasette verklaar: "Baie kerklui, veral hansworse soos sommige 'pop'-predikers, sê hulle maak toeka se godsdiens warm om met die tyd tred te hou. Ek sê dat hulle hul eie mense gruwelik wanbegryp; veel erger nog, hulle onderskat die meeste mense se brandende begeerte na 'n suiwerder, opheffender benadering van die huidige treurige toestand van die mens ... Is dit 'n wonder dat baie mense wat teleurgesteld is met die kerk se standpunt oor morele sake, nie meer die kerk besoek nie, dat die skape afgedwaal het, dat al meer mense nou die georganiseerde kerk verwerp – of, nog ontsettender, dit eenvoudig verontagsaam?

Dit, ten slotte, is die tragiese deel – dat die kerk ons so klaaglik in die steek gelaat het..." (Die Transvaler 4/5/73).

Ons kan by hierdie klag van Aida Parker voeg: Die soort kerk het nie alleen sy eie mense en die wêreld in die steek gelaat nie, maar ook die Naam van Christus verloën en gruwelik misbruik. Daarom het die wêreld hulle lief... Hulle praat die wêreld na die mond en is meer en meer profete van die dier, van wie ons in Openb. 13 lees.

## 20 Wetend Verlore

Matt. 11:20-24

*"As Ek nie gekam en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie."* (Joh. 15:2)

Kan ons nou uit hierdie uitspraak aflei dat mense wat nooit van Jesus gehoor het, geen sonde het nie?

In ons tyd huldig meer en meer mense die opvatting. Elke mens word op sy eie geloof salig, sê hulle. Hulle hoef ook selfs nie Christene te wees nie. Die Mohammedaan se geloof maak hom salig en die Hindu s'n is genoeg vir hom om nie verlore te gaan nie. Daar is selfs goeie en eerbare heidene – selfs beter mense as baie Christene. Dit maak per slot van sake nie saak wat 'n mens glo nie, maar hoe jy lewe.

Staan ons op die standpunt van die moderne teoloë, wat die Christelike godsdiens bloot horisontalisties sien, dan kan ons maar gerus aanvaar dat elke goeie mens die aardse paradys verdien. Dan verdwyn sonde en verlorenheid en die ewige lewe uit ons woordeskat. Dan het ons 'n Verlosser uit die ewigheid nie nodig nie. Op die standpunt is Jesus se heilige ontvangenis en geboorte en opstanding en hemelvaart blote mites. Ons kan dan ook maar ophou om die evangelie verder in die wêreld te verkondig – ons boodskap is dan bloot 'n filosofie soos die van die kommunisme en liberalisme en sosialisme...

Gelukkig staan ons egter nie op die standpunt nie. Ons glo in 'n transendente God. Daar is ook die onsienlike dinge en daar wag 'n hemel en 'n hel ná hierdie lewe. Uit die oogpunt alleen kan ons die vraag beantwoord. Het almal wat Christus nie ken nie, dan geen sonde nie?

Wanneer Paulus in Rom. 1 handel oor die heidene – mense wat nie van God uit sy Woord weet nie en Christus ook nie ken nie – sê hy o.a.: "Want die onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie..." Alle mense is skuldig voor God, want almal het gesondig. Hier sê Paulus selfs dat alle mense weet van God, hoewel hulle die Bybel nie ken nie, want God openbaar ook sy ewige krag en goddelikheid in die natuur.

Jesus bedoel nie hier dat die Jode hoegenaamd geen sonde sou hê, indien Hy nie met hulle gepraat het nie. Hy bedoel wel dat hulle sonde nie só groot sou wees nie. Dit sou vir hulle verdraagliker wees in die oordeelsdag (Matt. 11:20-24). Die mens wat wetend sondig, se oordeel is swaarder as hy wat minder weet. Hierdie woord is 'n baie ernstige waarskuwing tot elkeen wat van Jesus weet en Hom tog verwerp. Dit hou ook die ernstige aandrang vir ons in, om die boodskap van redding aan die hele wêreld te verkondig. Alle mense wat nie van Hom weet nie, loop nog steeds aan op die ewige oordeel.

## 21 Die Heilige Gees en die Verlosser

Openb. 3:1-6

"...*sal Hy (die Gees van die waarheid) van My getuig."* (Joh. 15:26)

"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig." Dit sê Jesus nadat Hy gepraat het van die vyandskap van die wêreld. Die wêreld haat Hom en haat ook sy Vader. Omdat die wêreld Hom haat, haat hy ook sy volgelinge. Hulle sal vervolg en verdruk word, omdat die wêreld hulle haat...

Die duiwel, die owerste van hierdie wêreld, sal ons verdag maak. Hy sal die woorde van Jesus verdraai. Hy sal al sy kragte en liste inspan om die leuen te laat seëvier. Hy is self die vader van die leuen. En hy heers oor die wêreld – daarom glo die wêreld so maklik die leuen en laat hulle meevoer in die haat teen Jesus en sy volgelinge.

Teenoor die mag en liste van die duiwel, wat die wêreld verlei en opsweep om te haat en die leuen te glo, kom egter die Trooster, "die Gees van die waarheid". Hy tree op as Getuie van die waarheid teenoor die leuen. En die waarheid is Christus.

In die wêreld van ongeregtigheid getuig die Trooster, die Gees van die waarheid, teen die ongeregtigheid. "En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel ..." Hy ontbloot die ongeregtigheid en sonde van die wêreld. Hy getuig teen die wêreld wat die regmatige oordeel van die Regter van hemel en aarde sal ontvang. Teenoor die misleidende leuen van die Satan, staan die ware getuienis van die Heilige Gees.

In die midde van 'n mensdom verlore in sonde en misdade, getuig die Gees van die mens se diepe nood en behoefte... Hy sê aan die mens wat hy nodig het – in werklikheid weet die mens dit self nie. Hier baat wetenskaplike navorsing nie. Die sielkunde ken nie die diepste nood en behoefte van ons siel nie. Net die Here ken dit. En Hy wys ook die Verlosser aan. Hy getuig van Hom.

En in die midde van die kerk is die Heilige Gees die ware Trooster. Hy troos ons met die wete dat ons vrede met God in Christus het. In elke nood en stryd en aanvegting is Hy daar om ons te sterk en ons weg te verlig...

In sy getuienis gebruik die Heilige Gees middele. Hy maak gebruik van die Woord van God en van mense en selfs van omstandighede ... En Hy getuig altyd van Christus – die Verlosser van die wêreld... "Kom na Hom toe!" roep Hy die wêreld toe.

## 22 Julle moet ook getuig

Hand. 4:1-12

*"En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is*." (Joh. 15:27)

"En julle getuig ook..." kan ook soos volg vertaal word: "En julle moet ook getuig ..." Dan is dit 'n bevel of 'n opdrag. Ons verkies om dit só te vertaal. Die opdrag lui dan so: "En julle moet ook getuig, (omdat julle daartoe bekwaam gemaak is), aangesien julle van die begin af met My is."

'n Getuie moet weet voordat hy getuienis kan aflê. Hoe kan 'n mens praat en andere oortuig van die waarheid, indien jyself op hoorsê afgaan? Die dissipels was ooggetuies. As 'n ooggetuie verklaar Johannes later: "wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en met ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe - wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons..." (1 Joh. 1:1,3).

Die dissipels moes eintlik nog leer wat dit beteken. In die nag wat op hande is, sou hulle gewis nie optree as getuies nie. Hulle het in werklikheid aanstoot aan Hom geneem. Petrus verloën Hom. Die andere slaan op die vlug. Hulle het van vér af die gebeure aanskou. Hulle was ook van sy vernedering ooggetuies om later daarvan te getuig. Tans was hulle nog nie eens daartoe in staat nie...

Daarom volg die opdrag: "Julle moet ook getuig..." op die uitspraak: "Die Trooster, die Gees van die waarheid, Hy sal van My getuig ..." Die Heilige Gees se getuienis staan tereg voor die van die apostels. Hy moes eers kom om hulle met sy krag uit die hoogte toe te rus. Hy maak eers waarlik van hulle getuies. Dit is duidelik in die lig van Hand. 1:8: "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde..."

In werklikheid word die getuienis van die Heilige Gees in en deur die volgelinge van Jesus tuis gebring in die wêreld. Hulle het gesien en die dinge meegemaak, maar die krag het ontbreek om daarvan te getuig, totdat die Heilige Gees hulle ter hand geneem en omgevorm het tot mense wat krag en vrymoedigheid daartoe het. Toe het selfs elke gelowige getuig.

Glo u in Jesus, dan woon die Heilige Gees in u... Dan geld die bevel ook vir u: "Jy moet ook getuig..."

## 23 Elke Christen 'n getuie

Hand. 8:1-11

*"As die Trooster gekom het... sal Hy van My getuig... en julle getuig ook* ..." (Joh. 15:26, 27)

Ons staan bietjie langer stil by bestaande uitspraak van Jesus. Hy is nog besig om te praat van die getuienis aangaande Hom in die wêreld. Deur die getuienis sal Hy in die wêreld bekend raak. Die Heilige Gees getuig van Hom en Jesus se dissipels getuig ook van Hom. Hulle is instrumente van die Gees. Deur hulle woord, wat deur die Heilige Gees ingegee word, sal die wêreld weet van Jesus se evangelie van verlossing en die ewige lewe.

Ons het in die vorige oordenking daarby geëindig dat, nie alleen die twaalf apostels nie, maar ook alle toekomstige volgelinge van Jesus, geroepe is om sy getuies in die wêreld te wees. Die vraag is nou of ons die afleiding kan maak. Jesus het immers gesê: "En julle getuig ook, omdat julle van die begin af by My is." Die apostels kon getuig omdat hulle kon vertel van wat hulle gesien en ondervind het. Hulle was ooggetuies van die waarheid. Ons kan dit tog nie doen nie. Ons was nie ooggetuies nie.

Sommige mense hou dit in alle eras voor as 'n verskoning. Hulle beweer dat die opdrag om sendingwerk te doen, alleen aan die twaalf gegee is. Dit geld nie meer vir ons nie. Vanselfsprekend bewys die geskiedenis die teendeel. Selfs in die Nuwe Testament word al vertel hoe duisende ander Christene die taak oorneem van die twaalf om getuies van Jesus te wees. In Hand. 8 word verhaal hoe die eerste gemeente in Jerusalem verstrooi is, vanweë die vervolging deur die Jode. Hulle vlug weg uit Jerusalem, terwyl die apostels agterbly. En dan volg die uitspraak: "En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig."

Indien die getuienis by die apostels opgehou het, sou ons gewis nie Christene gewees het nie. Ons heidense voorouers is eers eeue na die dood van die apostels bereik met die evangelieboodskap.

Nee, alle Christene van alle tye is getuies van Jesus. Ons moet ook *sy getuies wees in die* wêreld. *Ons is net só toegerus as die Apostels.* Dit is ons om twee redes. Hulle het hulle ervaring met ons gedeel deur die onfeilbare waarheid van die Nuwe Testament, wat hulle vir ons nagelaat het. Ons weet net so goed as hulle dat Jesus Christus die Seun van God, die Verlosser van die wêreld is. Ons sien en ken Hom uit sy Woord.

Tweedens het ons ook die Heilige Gees ontvang soos hulle. Hy gee aan ons die geloof in die Woord. Hy bind ons aan Jesus. Oorskadu ons met krag uit die hoogte om getuies te kan wees. Elke ware gelowige glo alleen omdat Hy wedergebore is deur die Heilige Gees. Maar dan kan hy ook nie van die Verlosser swyg nie. Die bevel: "julle moet ook getuig", is ook op ons van toepassing. Indien ons daarin ontrou is, lê die fout by onsself. Ons geloof is skyn of op sy beste traag en lui en gemaksugtig. Ons neem dan die opdrag nie ernstig op nie.

## 24 Struikel nie

2Thess. 2:1-17

*"Hierdie dinge het Ek vir julle gesê dat julle nie mag struikel nie." (Joh.* 16:1)

Ons struikel dikwels. Ook die dissipels sou struikel. So het Simon Petrus nog in dieselfde nag gestruikel toe Hy Jesus drie keer verloën het. Struikel beteken hier duidelik om in sonde te val. Jesus wil dit graag verhoed. Daarom het Hy "hierdie dinge" vir hulle gesê. Die Here Jesus se oë is op die toekoms gerig. Hy is nog steeds besig met sy afskeidsrede. Hy gaan weg. Die Heilige Gees, die Trooster, kom. Die dissipels betree 'n nuwe tydvak. Die duiwel begeer vurig om hulle te sif, soos 'n mens koring sif. In hom brand 'n bose begeerte soos 'n verterende vuur. Hy wil God na die kroon steek. Daartoe sal hy alle kragte en elke lis inspan om sy kerk op aarde te vernietig.

Wanneer Jesus se blik só die toekoms ingaan, dan sien Hy al die dinge. En Hy sê dit. Hy verswyg dit nie. "Hierdie dinge het Ek vir julle gesê dat julle nie mag struikel nie." Hoe nader Hy kom aan die einde van sy afskeidstoespraak, hoe duideliker kom die doel van hierdie rede aan die lig. Hy doen dit om sy volgelinge te bewapen vir die stryd wat voorlê. Indien Hy nie hierdie dinge vooruit sou sê nie, sou sy volgelinge onverhoeds oorval word. Hulle kon onder die vervolging en nood begin twyfel in hulle Meester. Hulle sou kon wonder of die leisels van die hele wêreld wel in sy hande is.

Die aanvegtinge bly by die kerk. Solank dit rustig en voorspoedig gaan, is dit nie moeilik om te glo nie. Maar met die vervolgingsnood aan eie deur en geselslae aan eie lyf is dit nie maklik nie. Is sy beloftes waar en werklik in ons lewe – ook in die nag? Ons het só baie van Hom verwag en nou lyk dit of ons só bloedweinig ontvang.

Gelukkig het Jesus hierdie dinge vooruit gesê. Dink maar aan só 'n uitspraak: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters... terwille van My en die evangelie verlaat het nie, of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters... *saam met vervolginge,* en in die eeue wat kom, die ewige lewe" (Mark. 10:29, 30). Ons moet weet dat die haat van die wêreld nie vreemd is nie. Ook die vervolging in die wêreld is 'n deel van God se raadsplan om die wêreld te red.

Vreemd? Nee, Jesus, het dit lankal geweet en vooruit aan ons gesê.

## 25 Ongeloof is sonde

Joh. 3:14-21

*"As Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde..."* (Joh. 16:8)

Solank Jesus liggaamlik by hulle is, sou sy dissipels nog nie reg begryp dat hulle verhouding met Hom 'n suiwer geestelike band moet wees nie. "Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het" (Joh. 20:29). Selfs sy vernedering en smadelike dood aan die kruis is vir Hom 'n oorwinningstog. Dit is voordelig dat Hy langs die weg vertrek. So berei Hy die weg vir elkeen wat glo. Sy volgelinge bly egter ook nie as wese agter nie. Daar breek vir hulle die nuwe bedeling aan – die bedeling van die inwoning van die Heilige Gees. Sy spesiale taak is om die heil wat Jesus verwerf het, toe te pas aan die harte en lewe van sy volgelinge. Deur die Heilige Gees het ons deel aan al sy skatte en gawes. Hy maak ons vol en ryk en bevoorreg bo alle ander mense.

"As Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde..." In die volgende vers word nader verklaar wat met "sonde" bedoel word: "van sonde, omdat hulle in My nie glo nie . .."

Na Pinkster, toe die Heilige Gees uitgestort is, het die apostels dadelik begin om die sonde, van ongeloof in Jesus, aan die Jode tuis te bring. Só spreek Petrus hulle aan: "Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasarener, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wondere en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet – Hom wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring..." (Hand. 2).

Daar sien ons die Heilige Gees aan die werk. Hy begin by die Jode. Hy oortuig hulle van sonde. En dan in besonder van die één sonde: hulle ongeloof in Jesus, die Nasarener. Daarmee word Jesus se eie prediking voortgesit. Die wêreld se ongeloof in Jesus is sy sonde by uitnemendheid. Dit is die sonde wat God se ewige toorn laat ontvlam. "Hy wat in Hom glo, word nie geoordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds geoordeel, omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie" (Joh. 3:18)

Mense beskou ongeloof dikwels as 'n neutrale saak. Dit word gesien as die reg van elke mens om nie te glo as hy nie wil nie. Die Bybel sien dit egter as die sonde van alle sondes.

Indien jy nie glo nie, verwerp jy die groot liefde van God. Die ongelowige het geen verskoning nie. Hy klap die hand weg wat in liefde na hom uitgestrek is. Die hand van God tot ons uitgesteek, is sy eniggebore Seun wat vir ons sondeskuld geslag is.

Ons wat glo, mag die sonde van die wêreldmens nie lig skat nie. Ons mag mense nie goedsmoeds op die ewige oordeel van God laat aanloop nie. Dit is liefdeloos en onbarmhartig. Roep die wêreld toe, deur die krag van die Heilige Gees: "Glo in die Here Jesus Christus!"

## 26 Geregtigheid

Rom. 1:1-7, 16-17

*"As Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van geregtigheid..."* (Joh. 16:8)

Die wêreld, soos verteenwoordig in die Jode, is besig met "geregtelike stappe" teen Jesus. In die naam van reg en geregtigheid gaan hulle Hom veroordeel. Toe Hy voor Pontius Pilatus teregstaan, sê sy Joodse aanklaers vir Pilatus: "As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie" (Joh. 18:30). In die Naam van die God van Israel en in die naam van reg en geregtigheid, moes Jesus, die "godslasteraar" en "misleier" van sy volk, veroordeel en tereggestel word. Dit was die oortuiging van die Jode. Hulle opvatting is nie bloot tot hulle eie rekening nie. Hulle veroordeel en verwerp Hom in die naam van die mensdom as 'n onregwerker ...

En tog was die stand van sake presies andersom. Jesus was die Regverdige, wat terwille van ons ongeregtigheid veroordeel is. Dit is die werk van die Heilige Gees om die wêreld daarvan te oortuig dat Jesus die regverdige is. By monde van Petrus sê die Gees dit aan die Jode: "En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk sou word, (Die Jode het Barábbas, die moordenaar verkies bo Jesus) ... en die Leidsman tot die lewe het julle gedood. God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuies is" (Hand. 4:14, 15).

By wyse van sy opstanding het sy Vader nou sy stempel geplaas op sy geregtigheid. "... wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding van die dode, Jesus Christus, onse Here..." (Rom. 1:2-4). Hy, wat deur die wêreld gebrandmerk is as die onregdoener, is deur sy Vader gemerk as die Regverdige.

Die Heilige Gees oortuig die wêreld nie alleen van die geregtigheid van Christus nie, maar ook van die mensdom se eie ongeregtigheid. "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie één nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard ..." (Rom. 3).

Gelukkig gaan die Heilige Gees verder met sy oortuigingswerk. "Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet... die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo..." (Rom. 3:21, 22). So bring die Gees ons by Hom, die Lam van God. Hy die Regverdige is ons geregtigheid voor God. Ons wat in Hom glo, is verlos en nie verlore in sonde en ongeregtigheid nie . ..

## 27 Satan geoordeel

Luk. 11:14-23

*"As Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van oordeel."* (Joh. 16:8)

Die Heilige Gees sou kom om die wêreld van groot dinge te oortuig. Hy sou hulle oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Wanneer Jesus nou verder wil tuisbring wat die "oordeel" beteken, sê Hy: "en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."

Die "owerste van hierdie wêreld" is die duiwel. Dit is die duiwel wat in Judas Iskariot se hart gevaar het om Jesus oor te lewer. Die duiwel het agter die Fariseërs en Skrifgeleerdes en Owerpriesters gestaan en hulle opgestook in hulle haat en ongeloof. Hy het al die mense van die wêreld daartoe gedryf om Jesus te veroordeel. Hy maak Jesus verdag en trek sy bestaan en werke in twyfel. Hy gee dit in by mense dat Jesus 'n bedrieër en misleier is.

Hy het 'n magtige greep op die bewoners van die aarde. Hy laat hulle lag en spot met die magtelose "gekruisigde God" van die Christendom. Hy gee dit in hulle harte om die mensdom wys te maak dat Jesus dood is en dat daar geen opstanding is nie... Die "oordeel" van Satan oor Jesus word deur die miljoene as soetkoek opgeëet... Hulle is oortuig van hulleself en van die valse aansprake van Christus en sy kerk...

Jesus is gekruisig. Rondom die kruis was die spotters en lasteraars – instrumente van die duiwel... Jesus is waar Satan Hom wou hê.

En tog! Satan is veroordeel. Reeds vroeër het Jesus gesê: "nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word ..." Dink hierby aan Openb. 12:9: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde..." Hierdie oordeel is in beginsel reeds voltrek... Eindelik by die eindoordeel hoor ons: "En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid" (Openb. 20:10).

Van hierdie oordeel moet die Heilige Gees die wêreld oortuig. Die wêreld moet weet dat hulle owerste, die duiwel, 'n opperste bedrieër is. Dit dien tot die redding van die wêreld indien hulle die Satan brandmerk as die aartsbedrieër en by Jesus skuiling soek. Die wêreld moet die Satan onderken in sy valsheid, maar ook weet dat hy alreeds geoordeel is, want Christus het alreeds sy kop vermorsel aan die kruis. Dit gee krag aan die oortuigdes uit die wêreld, wat bely dat Jesus die Seun van God is, om te volhard in hulle stryd teen hierdie doodsvyand.

## 28 Jesus begryp

Hebr. 5:1-14

"... *julle kan dit nie nou dra nie."* (Joh. 16:12)

'n Mens hoor dikwels die opvatting dat jy jou kinders "alles moet vertel". Dan word gewoonlik gedink aan so iets soos geslagsvoorligting. Die mense se opvatting is dat iemand wat alles weet nie struikel nie. Lig hulle behoorlik in – vertel hulle alles – dan is hulle gewapen. Jesus weet egter dat daar bepaalde dinge is wat mense op bepaalde stadia nog nie kan dra nie. "Grootmenspraatjies" is nie bedoel vir 'n kind nie. Hy kan homself net seermaak, omdat hy dit nog nie kan dra nie. Dit maak verwagtinge in hom wakker en prikkel onnodig bepaalde begeertes...

Indien ooit, dan het sy elf dissipels nou behoefte aan geestelike versterking. Hier sit hulle met hul valse trots – só trots was hulle dat Jesus self hulle voete moes was. Binne 'n uur of wat gaan hulle almal aan Hom aanstoot neem. Selfs nou, terwyl Hy besig is om met hulle te praat, toon hulle hul traagheid van begrip. Ja, die groot Geneesheer weet hoe swak ons is. Hy ken ons kortsigtigheid en verkleefdheid aan die stof. Hy het nog baie om te sê, maar Hy weerhou dit... Hulle kan dit nie nou dra nie... Hulle sal hulleself en andere net seermaak met dit wat hulle tog nie kan dra nie.

Dinge moet eers verder ontwikkel voordat hulle meer kan dra. Kruis en dood en graf en opstanding en hemelvaart moes eers plaasvind. Daarna sal Jesus weer praat. Dan sal Hy praat deur die Heilige Gees. Dit maak egter geen verskil nie. Dit is nog altyd Hy wat praat.

'n Mens hoor dikwels dat iemand die opmerking maak: "Die Openbaring is 'n moeilike en onbegryplike boek." Dit is waar. Mense kan soms alte maklik getalle en simbole uit die boek bymekaargooi en konklusies trek... Die vraag is waarom die Here die boek in die duistere vorm aan ons gegee het... Ons kan gerus onsself afvra of ons dit sou kon dra, indien dit duideliker was. Laat ons dit maar lees en ondersoek en sorg dat ons dit ken... Soos die tyd voortskrei word meer en meer dinge vir ons duidelik... Dit is nie ongeloof of kortsigtigheid wat die dinge vir ons moeilik maak nie. Dit kan, soos by die dissipels, ook ander faktore wees. Ons kan dit nie nou dra nie.

Gelukkig is genoeg aan ons geopenbaar om te weet hoe ons op die pad agter Jesus aan kan bly. Laat hom gerus voor loop... Hy sal ons lei na die regte bestemming.

## 29 Gelei deur die Heilige Gees

2 Petr. 1:10-21

*"Hy (die Gees van die waarheid) sal julle in die hele waarheid lei."* (Joh. 16:13)

Hier praat Jesus van die "leiding van die Heilige Gees". Dit is vir ons kosbare kennis. Ongelukkig word dit maklik verkeerd vertolk en dikwels ingespan om mense tot dwaling te verlei.

Jesus praat nie alleen van die werk van die Heilige Gees in die wêreld nie. In die wêreld getuig Hy van die waarheid. Hy praat ook van die werk van die Heilige Gees in die boesem van die kerk. Hy lei die gelowiges in die hele waarheid. Dit baat nie om jou te beywer vir sending en die wêreld te bestorm met krete soos "vryheid, gelykheid en broederskap", indien jy die waarheid verlaat het nie.

Die Heilige Gees woon en werk in die kerk. Binne die kerk lei Hy in die hele waarheid. Alleen wanneer ons die hele waarheid betrag kan ons die wêreld reg benader. Anders bied 'n mens klippe in plaas van brood aan. Hoe kan mense wat self sonde ligskat, andere tot sondebesef en belydenis voor Christus bring?

Hierdie dinge geld van die kerk as geheel en elke afsonderlike gelowige. Elkeen van ons het elke dag die leiding van die Heilige Gees nodig. Jesus sê eintlik letterlik dat die gees ons in die pad van die hele waarheid sal lei. Hy gebruik nie uitwendige wapens nie. Dit gaan by Hom nie om krag en geweld nie. Hy dryf of dreig nie, maar lei. Hy oefen sy invloed uit op die wedergebore besef van die kind van God.

Die Heilige Gees lei egter nie los van die Vader en die Seun nie. "Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig." Hy staan in 'n intieme verhouding met die Vader en die Seun. Hulle is een Wese.

Hy lei ook nie los van die Bybel nie. Waar hier sprake is van die toekomstige dinge wat die Heilige Gees sal verkondig, sien dit op die dinge wat ons alreeds besit in die Bybel.

Word u gelei deur die Heilige Gees? Indien u sê: "Ja!" dan beteken dit dat u gehoorsaam is aan die wil van God, soos in sy Woord aan ons geopenbaar.

## 30 Onverliesbare Blydskap

Ps. 103

"... *julle hart sal bly word, en niemand neem julle blydskap van julle weg nie."* (Joh. 16:22)

Om 'n Christen te wees, beteken om bly te wees. Die Christen se blydskap kan deur niemand van hom weggeneem word nie. Die blydskap teken Jesus met 'n sprekende beeld: "'n Vrou het droefheid wanneer sy baar, omdat haar uur gekom het; maar wanneer die kindjie gebore is, dink sy nie meer aan haar benoudheid nie, om die blydskap dat 'n mens in die wêreld gebore is." Moedervreugde moet 'n mens ervaar om te weet wat dit is. Net so moet 'n mens die vreugde in Christus eers self ondervind om te begryp wat dit waarlik beteken.

"Julle het dan ook nou droefheid, maar Ek sal julle weer sien en julle hart sal bly word, en niemand neem julle blydskap van julle weg nie."

Die dissipels is bedroef omdat Jesus praat van weggaan. Hy het pas vantevore gesê: "'n Klein tydjie, en julle sal My nie sien nie; en weer 'n klein tydjie, en julle sal My sien." Die afskeid lê swaar in die gemoed van die dissipels. Dit sal inderdaad vir hulle nog baie swaarder word. Dink aan hulle droefheid toe Hy aan die kruis hang en eindelik in die graf lê .. . Hy is dood... Alles is verby .. . Nooit weer sal hulle Hom sien nie...

Maar sy woord bly waar ... Op die derde dag sien hulle Hom weer. Hy staan op. Hy verskyn aan hulle vir veertig dae. Dan is dit weer afskeid... Maar die afskeid is nou só anders ... In hulle harte is daar nou nie droefheid nie, maar verwagtinge... Hulle sien uit na die Trooster wat sou kom. En die tiende dag is Hy weer daar... Want in die Heilige Gees is Jesus weer by hulle... Voortaan vervul Hy hulle lewe. Hy woon en werk binne in hulle. Hulle kan met Paulus sê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

Só maak Jesus sy woord waar: "en weer 'n klein tydjie, en julle sal My sien." Hulle het Hom weer gesien in sy opstanding en in die koms van die Heilige Gees ... En hulle belewe nou die blydskap wat niemand van hulle kan wegneem nie. Wie kan 'n mens beroof van die vreugde van die opstanding uit die dood? Wie kan ons skei van die liefde van Christus? Waar is iemand wat ons kan beroof van die Heilige Gees? Hy is net soos die Vader en die Seun ewig en waaragtig God en Hy is ook aan my gegee om my te troos en ewig by my te bly...

Die Here gee vreugde om dit nooit weer weg te neem nie. Dit is vir ewig onverliesbaar. Indien ons bedroef sou wees, is onsself per slot van sake alleen daarvoor te blameer. Dit is die gevolg van kleingeloof en twyfel.  Geen uitwendige omstandigheid of skepsel kan ons van die vreugde beroof nie. Ons moet alleen maar leer om die Here op sy woord te neem. Ons sit self ons hand voor ons oë en dan sien ons nie...

# Oktober

## 1 Om Christus ontwil

Luk. 18:9-14

*"Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie..."* (Joh. 16:24)

Die Christen se gebed word normaalweg gedoen in die Naam van Christus. Dat ons op sy Naam pleit beteken maar dat ons ons op sy verdienste beroep. Sonder Hom kan ons hoegenaamd nie tot ons Vader bid nie. Sy Naam sê dat Hy is wat Hy is. Hy is ons enigste Hoëpriester wat vir ons die toegang tot die troon van God bewerk het. Hy het self die soenoffer gebring toe Hy as Lam van God aan die kruis vir ons geslag is. Voeg nou hierby dat Hy ook vir ons intree met sy voorbidding by die Vader (Rom. 8:34).

Om in die Naam van Christus te bid beteken dat ons ons op Homself beroep. Dit beteken dat ons glo in Jesus Christus as die Verlosser – Hy is ons Saligmaker. Buite Hom is geen saligheid te soek of te vinde nie. Dit baat hoegenaamd nie om te roep tot moeder Maria of watter heilige ook al nie. Jesus se Naam is die enigste Naam waarop ons kan pleit. "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:12).

"Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie...", sê Jesus. Hulle kon dit wel gedoen het, maar het dit seker nog nie besef nie. Hy verwyt hulle nie daaroor nie. Ook dit moes hulle nog leer, soos hulle nog baie ander dinge moes leer. Na sy kruisdood en opstanding en hemelvaart sou hulle eers waarlik besef met wie hulle in Hom te doene het. Dan sou hulle Hom na reg eer.

Voortaan sou dit anders word. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee." Ons gebede is nie maar soos 'n blinde skoot in die lug nie. Dit is gelowige gebede gerig tot die lewende God. Ons het ook die vaste wete dat God na ons wil luister, terwille van sy Seun, Jesus Christus. Ons het soms te doene met bitter moeilike vrae in die kerk. As ons tog maar meer dringend daaroor bid – dan sou baie dwalinge en verskeurdheid nie bestaan het nie. Helaas maak ons al te dikwels staat op eie insigte en menslike krag.

Ook in ons persoonlike lewe antwoord die Here. Ons is veelal alleen behep met gebedsverhoring op tydelike gebied. Ons bewyse van gebedsverhoring lê meesal op die terrein van genesingswonders en uitkomste in die natuur. Ons groot stryd lê egter op geestelike terrein. Dit gaan om kleingeloof en selfs ongeloof en sondeverblindheid. Laat ons met ons twyfelvrae en sondenood na die Here gaan in die Naam van Jesus Christus en wondere gebeur – dit is wondere wat "gebedsgenesing" by verre oortref.

## 2 Gelykenisse

Matt. 13:36-43, 51, 52

*"Hierdie dinge het Ek deur gelykenisse tot julle gespreek."* (Joh. 16:25)

"Hierdie dinge het Ek deur gelykenisse tot julle gespreek..." Hier doel Jesus, ook in die lig van wat volg, nie alleen op sy laaste gesprekke op hierdie gedenkwaardige aand nie. Hy het alles wat Hy tot dusver gesê het, in gedagte.

Hy het in "gelykenisse" gespreek. Die uitdrukking "gelykenis" beteken hier eintlik 'n "wonderspreuk". Daarin is sowel die gedagte van 'n spreekwoord as van 'n verbergende spreuk in vervat. Jesus het op die wyse baie dinge gesê wat sy dissipels nie verstaan het nie. Selfs in hierdie laaste gesprekke moes hulle dikwels vra wat Hy bedoel.

Hy het dit gedoen, omdat Hy nog nie gekruisig was en die Heilige Gees nog nie gekom het nie. Ons sien die koms van Jesus en sy prediking in gelykenisse en verbergende spreuke vanuit die verheerliking en koms van die Heilige Gees. Daarom begryp ons wat Hy met al die dinge bedoel het. Vir sy dissipels was dit egter moeilik om te begryp.

Nou breek daar 'n nuwe tydperk aan. "Maar daar kom 'n uur dat Ek nie meer deur gelykenisse tot julle sal spreek nie, maar julle openlik van die Vader sal vertel." Hy word teruggehou om openlik te spreek, ook omdat sy dissipels nog nie in staat is om dit te dra nie. Maar wanneer sy lyde en opstanding en hemelvaart agter die rug is, breek die nuwe tydperk aan. Dan kom die Heilige Gees en openbaar duidelik die hart van hulle hemelse Vader.

Die belofte is vervul. Elkeen wat die onderrig van Jesus vergelyk met die van die apostels sien dit dadelik raak. Mense het Paulus selfs al verwyt dat sy "bloedteologie" in stryd is met Jesus se leer van die liefde... Hulle vergeet egter dat Christus dieselfde dinge as Paulus gesê het, maar gewoonlik in versluierde taal. Paulus het net maar begryp wat Jesus bedoel het, toe Hy byvoorbeeld gesê het dat ons sy vlees moet eet en sy bloed drink. Dit het gesien op sy soendood aan die kruis. "Glo in Jesus Christus, die Gekruisigde," is Paulus en al die apostels se duidelike boodskap.

In die bedeling van die Heilige Gees hoor ons duidelik en onversluierd van die Vaderliefde van God, wat Hy aan ons in sy eniggebore Seun betoon het. Niemand kan sê dat dit duistere spreuke is nie. Dit is glashelder. Elkeen wat glo in die Lam van God, wat vir ons sondeskuld geslag is, sal gered word.

# 3 Jesus kom en gaan

Matt. 11:25-30

*"Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader."* (Joh. 16:28)

Heerlik en vol van majesteit is die finale in die afskeidsrede van Christus aan sy dissipels. Dit dra die toonaard van oorwinning. Ons hoor die Seun van die mens in die volle bewustheid van sy triomf oor die Satan en die sonde en die dood. Elke uitlating is gelaai met die vaste voorneme om die wil van die Vader uit te voer. In beginsel is die stryd alreeds gestry. Hy het reeds oorwin.

*"Ek* het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat *Ek* die wêreld en gaan na my Vader." Daar het ons die ganse evangelie in kort. Die nadruk lê op die woordjie *"Ek".* Die werk van verlossing is sy eie werk. Om die verlore wêreld te red was nie bloot 'n taak wat op sy skouers gelê is nie. Hy het dit vrywillig op Hom geneem. Uit eie vrye wil het Hy self gekies om dit te doen. Daarom sê Hy: *"Ek* het uitgegaan... *Ek* het gekom... *Ek* verlaat die wêreld... *Ek* gaan na my Vader... My Vader het My nie gedwing om dit te doen nie. Die duiwel en die wêreld kan My ook nie verhinder om dit te doen nie..."

Let verder op die sentrale geskiedkundige feite op sy weg – die weg wat Hy afgeloop het om ons te verlos.

Allereers sê Hy: "Ek het van die Vader uitgegaan..." Daarmee verklaar Hy dat Hy eenswesens met die Vader is. Hy is God uit God en Lig uit Lig.

Tweedens sê Jesus: "Ek het in die wêreld gekom..." Hy het vlees geword. Hy het die menslike natuur aangeneem en is gebore in die wêreld as 'n mens. Hy het ons in alle opsigte gelyk geword, uitgenome die sonde... Só word Hy die tweede Adam. Hy het gekom om te doen waarin Adam gefaal het. Adam was ongehoorsaam, maar Hy gehoorsaam. Dit is die saligheid vir elkeen wat in Hom glo.

In die derde plek sê Hy: "Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader..." Die pad van lyde, kruisiging, opstanding en hemelvaart, is die weg waarlangs Hy die wêreld verlaat... Van die ander kant gesien reis Hy op die pad terug na sy Vader in die hemel.

Hy het alléén van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom.

Hy gaan egter nie alleen terug nie... Hy het die pad na die hemel oopgemaak vir die verlore wêreld. Sy heen en terugreis was nie maar 'n toeriste-uitstappie nie. Hy het gekom om te verlos en vir ons die pad na sy Vader oopgekap. Na sy terugkoms by die Vader, leef ons voor die geopende hemel... Die toorn van die Vader is afgewend en in sy Seun kyk Hy met erbarming neer op ons, wat in Hom glo ... En eendag sal ons voete ook daar staan – voor die Vadertroon, omklee met eer en heerlikheid.

## 4 Die Dissipels bely

Joh. 16:25-33

*"Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het."* (Joh. 16:30)

Die dissipels is nou diep onder die indruk van Jesus se woorde. Hy het reguit en duidelik gesê dat Hy van die Vader uitgegaan het en weer na die Vader terugkeer. Hulle begryp wat Hy bedoel. Hulle kom onder die indruk van sy alwetendheid: "Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie."

"Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het," bely hulle. Jesus se afskeidsrede het sy doel bereik. Nou weet hulle wat hulle aan Hom het. Die dissipels het 'n stap vooruit gedoen op die weg om te begryp Wie Hy is. Hulle geloofsbelydenis is soos 'n triomfkreet. Hulle roem daarin dat die Here alles weet en aan hulle so baie aangaande die Vader vertel het. Die lig skyn nou helder – miskien helderder as ooit tevore.

Qns het hier die laaste belydenis wat die dissipels uitspreek voor die kruisdood van Jesus. Hulle bely vir laas hulle band met Hom, voordat Hy sterwe... Dit is die hoogtepunt voor die krisis wat kom... Jesus het hulle doelbewus daartoe voorberei om tot die belydenis te kom, ook met die oog op wat vir hulle wag. Vir hulle sou sy gevangeneming en veroordeling en dood soos 'n vreeslike skok kom. Hy was egter daarop voorberei en Hy het ook aan hulle gedink. Ook hulle moes vooraf bewapen word...

Ons kan gerus hierdie werkswyse van die Here raaksien ook in ons eie lewe. Hy laat ons nooit onvoorbereid op 'n krisis aanloop nie. Hy sterk ons vooraf. Selfs die dood oorval sy volgeling nie onverhoeds nie. Wanneer Hy kom op die wolke van die hemel, is dit vir hulle wat op Hom wag, nie soos 'n dief in die nag nie. "Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag... Laat ons dan nie slaap, soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees" (1 Thess. 5).

Dit is opmerklik dat Jesus dadelik ná hierdie belydenis aan hulle sê: "Glo julle nou? Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat staan..." Hiermee trek Hy nie hulle belydenis in twyfel nie. Nee, Hy waarsku hulle teen te groot selfvertroue. Al glo hulle, bly hulle nog swak mense. Alleen wanneer die volgeling van Jesus op Hom en Hom alleen vertrou, is hy sterk. Daarom kan Paulus sê: "As ek swak is, dan is ek sterk ..." Die mens wat sy eie swakheid ken, soek sy krag by die arm van die Almagtige. Dan is Hy sterk ...

## 5 Hou moed

Rom. 8:31-39

"... *hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."* (Joh. 16:33)

Moed, ja, moed, dit is wat ons nodig het! Moed, wanneer uitwendige nood soos stormwaters oor ons heen spoel! Moed, wanneer ons vanweë innerlike swakheid wil beswyk!

En wat het Jesus nie alles gedoen en gesê opdat ons nie moed sal verloor nie? Hier stel Hy dit so: "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

Vir die dissipels wag nood in die wêreld. Verdrukking beteken bloed en trane. Die Griekse woord beteken letterlik wat dit in Afrikaans wil sê: onder druk plaas ... En nou weet ons hoe druk uitgeoefen kan word op duisenderlei wyse... Ons eeu het geraffineerd geraak. Ons weet van so iets as "breinspoeling" wat van 'n redelike mens 'n halfdier kan maak. Die wêreld, wat teenoor Christus staan, sal nog baie ander middele uitvind – fyn en berekend en wreed om belyders van die gehate Nasarener onder helse druk te plaas.

Teenoor die verdrukking sê Jesus: "Hou goeie moed..." In hierdie vers noem Hy twee redes waarom sy volgeling goeie moed kan en sal hou: hy het vrede en Jesus het die wêreld oorwin.

Eerstens sê Hy: "Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê..." Hy het vertel van sy Vader en van Hom, die Seun, wat gekom het om sondaars te soek en te red. Hy het lank uitgewei oor sy smartlike vertrek wat voor die deur is; van Judas se verraad en Simon Petrus se swakheid. Hulle het van Hom gehoor van die Trooster, wat sou kom en hulle met krag uit die hoogte toerus. Hy sal hulle in die hele waarheid lei...

Al hierdie dinge gee aan hulle vrede in Hom. Dit is die vrede met God, omdat hulle sondes uitgewis is. Dit is die vrede wat hulle nimmer kan verloor nie, omdat dit buite hulleself in Christus geleë is... Daarom kan geen vyandige en sataniese druk ons ooit daarvan beroof nie. Die vrede behou ons onder druk en nood en lyding en... selfs in die dood... Daarom hou ons goeie moed – tot die einde toe. Tweedens voeg Hy hierby: "Ek het die wêreld oorwin..." Ons deel in die verdrukking wat ons Meester te beurt geval het. Ons is nie groter as Hy nie. Aan die ander kant is ons presies op dieselfde wyse aan Hom verbind in sy oorwinning. Hy het klaar die wêreld oorwin. Hy troon in die heerlikheid aan die regterhand van die Vader. Hy, ons Hoof, is reeds daar; en ons, sy liggaam, kan nie agterbly nie... Die vyandskap van die wêreld kan ons nie van die oorwinning beroof nie. Dit is veilig en vas in Hom, ons Hoof.

## 6 Jesus bid

Hebr. 4:14-5:11

*"Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader..."* (Joh. 17:1)

Jesus het sy afskeidsrede afgesluit... Hy het klaar gepraat met sy dissipels... Nou tree Hy in hulle teenwoordigheid in gesprek met sy Vader. Hy bid...

Ons noem hierdie gebed: die hoëpriesterlike gebed van Jesus. Hy, as ons enigste Hoëpriester, tree hier vir ons in by sy Vader. Alles wat Hy gedoen het en nog gaan doen se grondslag en anker is geleë in die hemel... Hy het van die Vader uitgegaan en keer weer terug na die Vader. Maar Hy bly ook in verbinding met die Vader... Ons lees herhaaldelik dat Hy gebid het...

Daarin stel Hy aan ons 'n voorbeeld. Ook ons moet gedurig in verbinding met ons hemelse Vader bly deur sonder ophou te bid. Jesus toon aan ons dat die grondslag en basis van alle troos en krag in die hemel geleë is. Ons staan nie koud en vér van ons hemelse Vader verwyder nie. Ons kan elke oomblik en op elke plek en onder elke omstandigheid ons oë na die hemel ophef.

Die gebed is ook na sy inhoud vir ons 'n voorbeeld. Lees ons dit verder deur dan tref die deurlopende eenheidsgedagte ons. Die sending van Jesus Christus en sy volgelinge in die wêreld, wat dien tot die heerlikheid van God, is die eenheidslyn in die gebed. Allereers sien Jesus Homself in sy verhouding tot sy Vader en bid daarom dat sy heerlikheid en sy Vader se heerlikheid in wat Hyself doen aan die lig moet kom. Daarop bid Hy vir sy dissipels wat nou saam met Hom is. Eindelik kring sy gedagtes uit tot sy kerk as geheel – almal wat deur die woord van die apostels in Hom sal glo ...

Ook hierin moet ons Hom navolg. Dank die Vader vir sy heerlikheid wat in Christus aan ons geopenbaar is. In Hom tree die heerlikheid van die Vader aan die lig op aarde. Ook ons moet vir mekaar en vir die hele kerk bid. Ons gebed moet die wêreld omspan.

En tog kan ons hierdie gebed in diepere sin nie navolg nie. Die gebed van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, kan ons nie só nasê nie. Dit is eenmalig, uniek. Dit hoort alleen by Hom en kon alleen deur Hom só, op die besondere wyse uitgespreek word. Dit is uniek omdat dit die gebed van die tweede Persoon in die Drie-eenheid is, wat die menslike natuur aangeneem het. Dit is ook uniek omdat dit gerig is tot Christus se eie, heilige en regverdige Vader, die eerste Persoon in die Drie-eenheid. Daarom vind ons in die gebed geen sweem van sondebelydenis nie... Só kan ons nie bid nie. Ons staan in 'n ander verhouding tot God. Ons is daarby sondaars en ons sondebelydenis mag nimmer in ons gebed ontbreek nie.

## 7 Alle mag

Matt. 28:16-20

*"Soos U Hom mag oor alle vlees gegee het..."* (Joh. 17:2)

Die uur het gekom. Die uur waarin die Vader en die Seun verheerlik word. Dit is die uur van beslissing vir die mensdom. Die uur van die oordeel van die Satan ... In die uur sterwe die Middelaar as oorwinnaar... "Die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik..."

En wat 'n heerlikheid het die Seun ontvang van die Vader! "Soos U Hom mag oor alle vlees gegee het..." Die "mag" beteken dat Hy gesag of outoriteit besit oor alle mense. "Alle vlees" is 'n Hebreeuse uitdrukkingswyse om "alle mense" aan te dui.

Jesus het selfs meer mag as dit ontvang. Hy sê voor sy hemelvaart aan sy apostels: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matt. 28). Hy het mag oor alle dinge en nie alleen oor alle mense nie. Hy regeer oor die heelal...

Hier volgens Joh. 17 is die mag oor alle mense met 'n bepaalde doel aan Hom gegee. In die eerste plek het Hy die mag ontvang sodat Hy sy Vader kan verheerlik. Dit is die bepaalde doel waarom die Vader aan Hom, die Seun, die mag en gesag oor alle mense gegee het. Dit kom in besonder aan die lig in die uur wat nou aangebreek het...

Dit is die uur van vernedering vir die Seun en tog terselfdertyd die uur van verheerliking vir Vader en Seun. Sy vernederende dood aan die kruis openbaar die heerlikheid van sy Vader en Homself... "Sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee..."

Dit is tog geweldig dat die heerlikheid van die Vader en die Seun verbind word aan die verlossing van sondaars. Sondaars is die laaste mense wat daaraan dink om God se heerlikheid te soek. Dit is egter sy welbehae om langs die weg sy heerlikheid bekend te maak.

Net so wonderlik is dit dat die Seun mag ontvang oor alle vlees – Hy het seggenskap oor elke lewende mens... Herodes en Pontius Pilatus en die keiser in Rome en die tiran en diktator in ons eeu – almal is onder sy mag. Selfs die "mens van die sonde" – die antichris – sal onder sy mag wees .. . Hy laat hulle lewe en optree, selfs in vyandskap teen sy volgelinge. Waarom? "Sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het die ewige lewe kan gee ..."

Onse Here, die Seun van God, kommandeer elke mens om diensbaar te wees aan Hom, sodat Hy die ewige lewe kan gee aan sy uitverkorenes. Die Seun gee die ewige lewe aan hulle wat van ewigheid aan Hom gegee is. In sy ewige onbegryplike wil het God bepaalde mense uitverkies tot die ewige lewe en hulle ontvang dit, sonder uitsondering.

# 8 Ken God

Hosea 4:1-9

*"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken* ..." (Joh. 17:3)

"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." In sy genade en goedheid het Jesus hierdie gedagte voor die ore van sy dissipels uitgespreek. Dit is ook vir ons bedoel op wie die eindes van die eeue gekom het. "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken ... en Jesus Christus ken ..."

Besit u die ewige lewe? Waaruit weet u dit? U het dit, indien u glo... Ja, maar om te glo is om te ken... U ken die ware God en Jesus Christus wat Hy gestuur het om sondaars te red... Hy wat God waarlik ken – met 'n saligmakende kennis – het die ewige lewe. Hy is klaar regverdig voor God in Christus; hy staan elke dag in die weg van heiligmaking en vir hom wag die ewige heerlikheid ...

Die ware kennis is die wortel van die ware Christenskap. Die lig van God skyn in die hart van die sondaar en hy glo... Hy ken God en hy is gered. Ons moet weet wat ons glo. Hoe kan ons 'n "onbekende" God eer en dien? Daar is baie mense wat sê dat hulle weet van 'n onbepaalbare goddelike wese of "Godheid", maar hulle sterwe in hulle sondes vanweë hulle onkunde, omdat hulle die ware God nie ken nie. Die twee lewensbelangrike vrae is: Ken jy God? Ken jy Christus? Om God sonder Christus te ken beteken dat Hy 'n verterende vuur is, voor wie ons sidderend verlore gaan. En om Christus sonder God te ken, beteken dat ons Hom nie waarlik kan waardeer nie. Indien ons Jesus Christus nie ken as die Lam van God wat sy ewige toorn vir ons gedra het aan die kruis nie, ken ons Hom nog nie waarlik nie.

Om terselfdertyd God as die Heilige, wat Hom oor die sonde vertoorn, en Christus as die Middelaar tussen God en die mense, te ken, is die wese van die Christelike Godsdiens. "Die verskuilde mot en gif in die godsdiens van baie mense is, dat dit glad nie Christendom is nie. God sonder Christus, is 'n verterende vuur; God, nie in Christus vereer nie, is 'n afgod; alle hoop op redding is dan ydele drome..." (Traill). Die meeste goddelose mense is, wat hulle is, uit onkunde. Daarteenoor word godvresende mense dikwels in die Bybel beskrywe in die enkele frase: "Hulle ken God."

Ons moet net altyd onthou dat om God te ken, nie blote kennisname is nie. Nee, dit beteken dat ons Hom erken as die almagtige Heerser oor alles wat bestaan; dat ons met blydskap sy liefde in Christus omhels en dat ons sy gemeenskap ken – Hy spreek tot ons deur sy Woord en ons soek Hom in aanbidding.

## 9 Volbring

Jes. 50:4-11

*"Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring."* (Joh. 17:4)

"Ek het U verheerlik op die aarde... Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring..." Só neem Jesus sy werk in oënskou voor die Vader.

Ons kan Jesus se bedoeling in die uitspraak só omskryf: "Ek het U nou verheerlik. Gedurende my lewe op aarde het Ek u wet volkome onderhou, sodat die Satan in My en in my werk geen gebrek of smet kan vind nie. Ek het dit gedoen deur getrou u waarheid te openbaar teenoor die sonde en valse leringe van die Jode. Ek het Uself en u werke van geregtigheid en liefde tot die mensdom op 'n wyse geopenbaar, soos niemand dit ooit vantevore gedoen het nie..."

Maar hoewel Jesus in die verlede tyd praat: "Die werk wat U My gegee het om te doen, *het Ek volbring"* sluit dit ook die werk in wat op hande is. Die ou kerkvader, Augustinus, het reeds verklaar: "Christus sê dat Hy die werk van God volbring het, omdat Hy verseker weet dat Hy dit sál volbring. Só het Hy lank tevore in die profesieë werkwoorde in die verlede tyd gebruik, terwyl, dit wat Hy gesê het, eers na baie jare plaasgevind het.

Hy kan sê: "Ek het die werk van versoening volbring, waartoe U My gestuur het." Dat dit eers op die volgende dag sou plaasvind, neem niks af aan die werklikheid daarvan nie. Sy dood en opstanding is nou onafwendbaar hier, sodat dit vir alle praktiese doeleindes reeds afgehandel is. En daarby is God se werke só vas en seker dat dit in sy raad reeds as vervul gesien word, al lê dit nog vir ons in die toekoms. Juis daarom kan ons roem in God se oorwinning. Dit is só seker dat die heerlikheid ons deel sal wees, asof ons dit alreeds besit.

Van alle mense uit 'n vrou gebore, is Jesus die enigste wat ooit kan of sal sê: "Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring." Ons weet dit en leef altyd onder die indruk daarvan, dat ons sondaars bly, al is ons weer gebore... Ons weet dat ons geregtigheid alleen buite onsself in Christus te vinde is .. .

En tog moet ons ook hierin "navolgers van Christus wees". God het ons ook werk gegee om te doen. In die amp van die gelowiges staan ons elkeen in 'n heilige roeping... Ons moet die werk volbring wat die Vader ons gegee het om te doen. Ons mag nie lukraak lewe, asof ons Godgegewe roeping in die wêreld maar 'n bysaak is nie. Ons mag nie rus totdat ons taak volbring is nie.

## 10 God die Seun

Ps. 2

*"En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.'"* (Joh. 17:5)

Hier in Joh. 17 is ons op heilige grond. Hier word dinge deur Jesus uitgespreek, wat vir ons begrip te hoog is. Hier pas verwondering en aanbidding.

Hy het pas sy verblyf en werk op aarde in herinnering geroep voor sy Vader. Hy, as die vernederde "Kneg van die HERE", het verslag gedoen van sy dienswerk. En dan herhaal Hy, waarmee Hy sy gebed begin het: "verheerlik u Seun..." Hier is dit: "Verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was..." Kan 'n méns, of 'n geskape wese, soos die Getuies van Jehowa beweer, só iets sê? Nee, alleen die Seun van God, wat van ewigheid af God is en bly, durf so iets op sy lippe neem. Anders sou Hy skuldig wees aan Godslastering. Die mense wat sy Godheid verwerp moet konsekwent wees. Hulle moenie voorgee dat hulle Jesus eer, terwyl hulle Hom in werklikheid verwerp nie.

Jesus dink hier in besonder aan die heerlikheid as beloning op sy Middelaarswerk. Die heerlikheid wat Hy gehad het voordat die wêreld daar was, was altyd in sy gedagte, terwyl Hy in vernedering op aarde was. Hy het Homself vrywillig ontledig van hierdie heerlikheid en die gestalte van 'n mens en 'n dienskneg aangeneem, om ons uit ons sondenood te verlos. Maar nadat Hy sy Middelaarswerk op aarde voltooi het, keer Hy terug na die heerlikheid by sy Vader. Om terug te keer na die teenwoordigheid van sy Vader, is waarom Hy nou vra.

Wat was die heerlikheid? Daaroor skrywe Johannes al in hoofstuk 1:1 [Joh. 1:1]: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God..." Die Woord het vlees geword – Jesus Christus, onse Here ... Sy heerlikheid is dat Hy God is... Na die heerlikheid verlang Hy, sien Hy uit, terwyl Hy op aarde is... Die heerlikheid, waarna Hy uitsien, is selfs vir Hom die aansporing om die kruis te verdra en die skande te verag... (Hebr. 12:2). Die heerlikheid het Hy ontvang: "Toe Hy aan die regterkant van die troon van God gaan sit het."

In hierdie verlange na die heerlikheid by sy Vader is geen spoor van menslike selfsug nie. Ons het hier te doene met God die Seun. Dit gaan om sy goddelike heerlikheid. God is liefde. Die drie Persone in die Goddelike Drie-eenheid, verheerlik mekaar in die onbegryplike liefdesbestaan. Ons kán nimmer daarby met ons swakke menslike begrip nie. Ons kan dit alleen stamelend bely, omdat Hy Homself só in sy Woord openbaar.

Dit moet ons egter, tot ons troos, in gedagte hou ... Christus vergeet ons nimmer in sy heerlikheid nie. "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree" (Hebr. 7:25).

## 11 U Naam

Ex. 3:13-22

*"Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het."* (Joh. 17:6)

Jesus het Hom tot dusver in sy gebed besig gehou met Homself en sy Vader en hulle onderlinge heerlikheid. Nou gaan sy gebed oor tot sy dissipels en gaandeweg tot sy kerk van alle eeue ... Hy het nie alleen die verlossing bewerk deur sy bloed nie. Hy vergeet ons ook nie in sy voorbidding nie. Sy gebed gaan voor ons uit om die weg vir ons te baan.

En dan begin Hy by die begin. Vir sy dissipels en vir ons is die begin die Godsopenbaring. Hoe sou ons ooit kon weet wie God is, indien Hy Hom nie aan ons geopenbaar het nie? Die Christelike godsdiens is die godsdiens van die inisiatief van God. Hy het begin om Homself te openbaar. Daar begin die genade vir ons.

"Ek het u Naam geopenbaar..." Dit is goed om steeds te onthou dat sy Naam sy wese openbaar. God se Naam sê wie Hy self is. Sy Naam en sy wese klop met mekaar. Wanneer Jesus sê: "Ek het u Naam geopenbaar...", beteken dit: "Ek het U geopenbaar..."

Het die dissipels die Naam van God dan nog nie geken nie? Hulle het Hom tog alreeds geken uit die Ou Testament. Dink aan die een bekende uitspraak in Ex. 3:14, 15: "EK IS WAT EK IS... Die HERE... Dit is my Naam vir ewig..." Só het die HERE sy Naam aan Moses en Israel bekend gemaak ... En dwarsdeur die Ou Testament is die Naam van God geopenbaar. Dit hou ook in dat sy wese geopenbaar is. Hoe kan die Here Jesus dan sê: "Ek het U Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het"?

Hierby verklaar Grosheide *"Openbaar* kan hier nie die betekenis hê om te openbaar wat geheel verborge is nie... Maar ‚aan die mense' leer wat die bedoeling is. Die sondige mens merk van nature nie die openbaring van God op nie – wil dit nie ken nie." Paulus sê dit ook in 1 Kor. 2:14: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie .. ."

Die Here Jesus het bepaalde dinge geopenbaar of onthul, wat reeds bekend was, maar wat verkeerd begryp is. Maar Hy het daarby ook nuwe dinge geopenbaar. Hy het by die Ou Testament aangesluit en voortgaande die Naam van God geopenbaar. Die Nuwe Testament staan nie los van die Ou Testament nie. Die Nuwe Testament kan alleen in die lig van die Ou Testament verstaan word. Maar die teendeel is ook waar. Die Ou Testament kan ook alleen reg begryp word in die lig van die Nuwe Testament... Eers nou is die Naam van God genoegsaam geopenbaar... Eintlik vind die openbaring eers sy voltooiing of afronding wanneer die Heilige Gees die kerk "in die hele waarheidlei" (Joh. 16:13).

## 12 Geloofskennis

Hebr. 11:1-8

*"Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom."* (Joh. 17:7)

"Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het... Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het van U kom." Dit is duidelik dat die Here Jesus hier dit wat Hy geopenbaar het, verbind met dit wat sy dissipels nou weet. Hy het die Naam van sy Vader aan hulle bekend gemaak – nie alleen objektief nie, maar ook subjektief. Hy het nie alleen gesê wie die Vader is nie, maar hulle verstand ook verlig of hulle harte geopen om dit te begryp... Daarom kan Hy sê: "Nou weet hulle..."

Nou, dat Hy gaan om te sterwe... Nóú, dat sy uur gekom het om sy Vader te verheerlik en nóú, dat die Vader Hom ook verheerlik... Nou, *weet hulle.* Hulle is *nou toegerus met die* ware *kennis.* Hulle is nou gewapen met die oog op wat voorlê. Hulle het nou ontvang wat hulle nodig het.

Hierdie kennis is nie bloot verstandskennis nie. Dit is die kennis wat hulle geheel omvat. Dit is geloofskennis. Dit is saligmakende kennis. Die kennis is meer as om maar net van Jesus te weet as 'n geskiedkundige werklikheid. Hulle weet ook van Hom as hulle Saligmaker. Hulle is aan Hom gebind met hierdie geloofskennis en daarmee ook aan sy Vader gebind. Dit beteken vir hulle die saligheid. Dit beteken ook dat hulle gewapen is vir die krisisuur wat kom.

Die kennis het ons ook ontvang. Ook ons is daardeur aan Hom en aan ons hemelse Vader gebind. Ook ons weet genoeg vir elke krisis wat kom. Wanneer ons met ons doodsvyande te doene het, wat nie ophou om ons aan te val nie, is ons gewapen met die geloofskennis. Ons weet dat nood en lyding en aanvegtinge en struikeling vir ons wag. Ons weet die onbegryplike kruis kom ook op ons weg. Maar ons weet ook van die liefde van God in Christus en ons het goeie moed. Wanneer ons val, bly ons nie lê nie. Soos Petrus ween ons soms bitterlik, maar ons soek weer na Hom, ons Middelaar.

En wonderlik is die inhoud van wat sy dissipels weet. "Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom." Al die dinge het die Vader aan Hom gegee. Wat is dit alles? Dit is alles wat Hy aan hulle vertel het van God en van Hom, die Middelaar en hulle verlossing omdat hulle in Hom glo... Ook alles van sy aanstaande lyding en heerlikheid... Al die dinge het Hy aan hulle meegedeel.

Só is ons Middelaar. Dit gaan nie alleen om sy heerlikheid en die eer van sy Vader nie. Dit gaan ook om ons behoud en bemoediging.

## 13 Jesus bid vir my

1 Tim. 2:1-8

*"Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie . .."* (Joh. 17:9)

"Ek bid vir hulle," sê ons Middelaar. Hy omskryf die mense vir wie Hy bid verder só: "... die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort." Dit is ons krag dat Jesus vir ons bid. En tog is daar ook iets vreemds aan hierdie uitspraak. Hy voeg daaraan toe: "Ek bid nie vir die wêreld nie." 'n Mens vra verwonderd: Kan dit wees dat die Verlosser van die wêreld, nie vir die wêreld bid nie?

Hierdie vers bevat, soos elke deel van hierdie wonderlike hoofstuk, sommige diepsinnige sake wat moeilik is om te begryp. Daar staan egter bepaalde dinge duidelik uit, wat die besondere aandag van elke gelowige verdien. Hier het ons een van die kosbaarste pêrels wat ons besit. Dit kan ons gerus onthou in ons swaarste aanvegtinge : Jesus bid vir ons.

Laat ons dan maar begin by die onderskeiding dat Christus vir die, wat sy Vader aan Hom gegee het, bid en nie vir die wêreld nie. Allereers moet ons onthou dat ons wél vir die wêreld moet bid. Paulus beveel dit nadruklik: "In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge, gedoen moet word vir *alle mense;* vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim. 2:1, 2). Ons moet vir alle mense bid omdat ons die evangelie aan alle mense moet verkondig. Wat baat dit om te preek, sonder om te bid?

Ons gebed staan i.v.m. die koms van sy koninkryk. Ons bid vir alle mense opdat Hy Koning mag wees oor die wêreld. Die hoëpriesterlike gebed in Joh. 17 moet ons egter sien teen die agtergrond van sy lyde en sterwe vir sy kerk. Dit gaan om sy versoeningswerk. Hy gaan sterwe vir die wat die Vader Hom gegee het en Hy bid ook vir hulle.

Dit is ons besondere voorreg. Ons is sondaars wat ook in onsself verlore was in sonde en misdade. Selfs as gelowiges is ons swak en struikelend. Ons lewe – die ewige lewe – bestaan egter omdat Jesus vir ons gesterf het en vir ons in besonder bid. Ag, dit maak 'n mens klein, wanneer jy dink aan jou onverdienstelikheid en jou swakheid!

Daarom kan ons ondanks alles roem. In onsself het ons geen rede om te roem nie. Ons gewete klae ons elke dag aan. En tog kan ons die Here prys en kan ons voortgaan sonder om besorg te wees. Hy het vir ons gebid en Hy tree nog gedurig vir ons in met sy voorbidding. Al sou ons Hom vergeet, dan vergeet Hy ons nie.

## 14 Hoof van alles

Kol. 1:15-23

*"En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne* ..." (Joh. 17:10)

Ons as skepsele kan voor God verklaar: "Alles wat myne is, is uwe..." M.a.w.: "Ek, met alles wat ek het, behoort aan U." Ons kan egter nooit sê: "Alles wat uwe is, is myne nie. Dit kan geen blote mens sê nie. Dit is alleen begryplik as Hy en die Vader één in wese is.

Dit kon Jesus sê wat vroeër alreeds verklaar het: "Ek en die Vader is een" (10:30). Dit gaan nie alleen daarom dat alles tot sy heerlikheid meewerk nie. Nee, Hy is in werklikheid Eienaar van alles en het as sodanig gesag oor alle dinge. Dit gaan hier ook nie bloot om mense nie, maar om alles wat bestaan in hemel en op aarde. Hy kan dit sê omdat Hy die heerlikheid by sy Vader, van voordat die wêreld daar was, besit. Alles in die groot heelal behoort aan die Vader en die Seun.

Ook hier het ons 'n duidelike verklaring dat Jesus God uit God en Lig uit Lig is. Die mens wat Jesus sien as iemand wat geskape is, ken Hom in werklikheid nie. Hy kan Hom hoog aanslaan – hy kan selfs sê dat Hy die hoogste en heerlikste en mees volmaakte skepsel is – maar in werklikheid is Hy besig om die heerlike Seun van God te verloën. Dit is nodig dat ons goed let op die dinge. Die dwaalleraars neem steeds toe. Ons het onder ons nie alleen te doene met die Getuies van Jehowa wat handig kan rondspring met Bybeltekste, om Jesus van sy Goddelike eer te beroof nie. Ons het meer en meer teoloë wat die weg opgaan.

Jesus is nie bloot 'n "supermens" of 'n "martelaar" of 'n "voorbeeld" nie. Hy is God self. Hy is een met die Vader. Aan Hom kom dieselfde eer en gesag toe as aan die Vader.

Vir ons is dit verder geweldig om te weet dat Jesus dit as 'n pleitgrond in ons belang aanvoer ... Hy is besig om vir ons te bid. Hierdie stelling van mede-eienaarskap – Hy en die Vader besit alles in gelyke mate – beteken dat hulle, wat aan Hom behoort, ook aan die Vader behoort. Waar Hy sy eiendom liefhet, het die Vader hulle net so lief. Waar Hy bewoë is oor hulle, is die Vader dit ook in net so 'n mate. Soos Hy begaan is oor hulle welsyn en behoud, só is die Vader dit ook. Hulle het gesamentlik belang by hulle eiendom.

Wie kan dan nog twyfel dat die Vader ons liefhet en beskerm en onderhou en tot in alle ewigheid bewaar? Wie durf beweer dat God hom vergeet het, terwyl hy weet dat Jesus vir hom gesterf het?

## 15 Ons bewaarder

Ps. 121

*"Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het..."* (Joh. 17:11)

Dit is vir ons insiggewend en leersaam om te hoor hoe Jesus vir ons pleit. Vanselfsprekend is dit ook troosryk. Dit is die geheim van ons volharding ondanks al die magte wat daarop uit is om ons los te ruk van ons ankers.

"En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe..." Daar hou Hy aan sy Vader die besondere rede voor waarom sy dissipels sy bewaring só broodnodig het. Sedert Hy hulle geroep en aan Hom gebind het, is dit nou die eerste keer dat hulle in 'n bepaalde sin op eie bene sal moet staan. Tot hiertoe was Hy altyd by hulle – Hy bedoel daarmee dat Hy liggaamlik by hulle was. Hulle kon in elke nood en met elke vraag na Hom kom. Nou is 'n geheel nuwe toestand ophande... Die tyd van sy vertrek is ophande. Hy gaan na sy Vader in die hemel. En sy groepie skape, die swak dissipels, bly agter. Hulle bly alleen agter in die koue en goddelose wêreld wat hulle gaan vervolg en verlei.

Laat ons tog nie vergeet dat onse Here ons toestand op aarde ken nie. Hy trek Hom dit aan wanneer nood en siekte en dood en vervolging en die duiwel dit vir ons benoud maak. Hy gee vir ons om en maak voorsorg vir ons veiligheid en rus. "Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is." Dit sê Hy nie alleen aan die gemeente van Pergamus nie, maar aan sy kerk van alle eeue (Openb. 2:13).

Daarom bid Hy: "Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het..."

"Heilige Vader..." Hier spreek Jesus die enigste keer, sy Vader só aan... "Heilige Vader..."Hy het daar ongetwyfeld 'n goeie rede voor. Hy vra sy "heilige Vader" om sy dissipels te bewaar in 'n "onheilige" wêreld. So maklik raak hulle besmet met die sondes van die wêreld . .. Bewaar hulle tog daarvan!

"Bewaar in u Naam die wat U My gegee het..." Onwillekeurig dink ons hier aan wat God self vroeër gesê het. "Ter wille van my Naam", sê Hy het Hy sy dissipels bewaar. Nie om hulle ontwil is hulle wat hulle is nie... Nee, alleen ter wille van sy heilige Naam. Sy profete het hierdie pleitgrond geken en gebruik... Moses het alreeds daarop gepleit dat sy Naam ontheilig sou word, indien hy sy volk in die woestyn sou uitroei. Daarop pleit Jesus ook nou.

Hy weet goed dat Hy niks in sy dissipels sou kon aanwys waarop Hy kan pleit nie... Soos Paulus tereg verklaar: "Wie het eers iets aan Hom gegee dat dit Hom vergeld moet word? " (Rom. 11).

## 16 Een Kerk

1 Kor. 1:1-16

"... *sodat hulle één kan wees net soos Ons..."* (Joh. 17:11)

Hierdie uitspraak van Jesus is van die sterkste gronde wat die sogenaamde ekumeniese beweging aanvoer vir die strewe om Christelike kerke oor die hele wêreld tot een magtige kerk saam te voeg. Daarom is dit wel nodig dat ons hieraan besondere aandag gee. Moet ons nie maar alle verskille begrawe en bymekaar kom en ons eenheid tot uitdrukking bring in één kerk nie? Afgesien van volk en ras en taal en selfs van opvatting en vertolking van die Woord van God, moet ons één wees?

Ons moet egter goed besin oor waarin die eenheid bestaan. Jesus gaan uit van die gedagte dat die eenheid daar moet wees. Hulle, wat in Hom glo, moet een wees. Soos Hy en sy Vader een is in opvatting, optrede en doel, só ook hulle wat aan Hom behoort. Vanselfsprekend kan ons nie in volmaakte sin een wees soos die Vader en die Seun nie. Een ding staan egter vas: Jesus het die grootste moontlike eenheid in gedagte, die volkome liefdesverhouding, siende op die voorbeeld van die liefdeseenheid tussen Hom en sy Vader.

Daarom moet ons onsself goed rekenskap gee van wat ons eenheid verhinder. Eintlik mag niks op aarde mense wat waarlik *in Christus is,* verhinder om één te wees nie. Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Is ons buite Hom, as die Christus die Seun van die lewende God, dan is die eenheid met sy kerk ook verbreek. Daar is in die wêreld kerke wat, terég, valse kerke genoem kan word. Met hulle kan 'n mens hoegenaamd nie één wees, indien jy in Christus wil bly nie. Daarom kan dit nie anders as dat mense se weë uiteengaan en meer "kerke". ontstaan nie. Selfs in die tyd van Paulus was daar in die kerk die stroming van die sg. "Judaïsme", wat Paulus radikaal verwerp as vals. Hy het hulle leer selfs vervloek (Gal. 1).

Ons mag ons Here nie verloën in ons eenheidstrewe nie. Hierdie gebed van Christus kan nie bedoel dat alle "mondbelyers" van Hom een moet bly, hoewel sommige die grondslag van die waarheid alreeds verloën het nie. Daarom bly die eenheidstrewe moeilik en delikaat. Aan die een kant mag ons nooit ophou om vir die eenheid te bid en dit te soek nie. Aan die ander kant moet ons vashou aan die waarheid van die Woord van Christus.

Gelukkig is alle ware gelowiges tog een. Hulle is immers lede van die liggaam van Christus aan watter kerk hulle ook al uitwendig behoort.

## 17 Behoue!

Ps. 46

"... *en nie een van hulle het verlore gegaan nie* ..." (Joh. 17:12)

In vers 9 het Jesus begin om vir sy dissipels te bid. "Ek bid vir hulle..." Daarop bid Hy dat hulle één moet wees ... En nou gaan Hy verder om te bid dat hulle nie verlore mag gaan nie. "Toe Ek saam met hulle was, het Ek hulle in U Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie..." So doen Hy as 't ware verslag van sy werk, terwyl Hy liggaamlik op aarde was..." Ek het hulle in u Naam bewaar... Ek het gewaak ... Ek het niemand laat verlore gaan nie ...

"Ek het hulle in u Naam bewaar..." In opdrag van sy Vader het Hy hulle bewaar. Hy was op aarde as die Vader se verteenwoordiger om die bepaalde taak uit te voer. Hy het hulle bewaar deur die Woord wat Hy aan hulle verkondig het. Daarmee was Hy altyd byderhand, nie alleen dat hulle deur die Woord tot die geloof sou kom nie, maar dat hulle ook deur die waarskuwinge en vermaninge en vertroostinge van die Woord in die geloof staande sou bly. Soos die herder van die skape het Hy hulle opgepas, dat hulle nie afdwaal nie en oor hulle gewaak, dat hulle nie verskeur word nie.

Die Woord van God is vir ons van onberekenbare waarde. Die Here bewaar ons deur sy Woord in sy Woord. Dit is ons beskutting en troos. 'n Mens mag die Woord en die verkondiging daarvan nooit lig skat nie. Dit is die stok en die staf waarmee die Here ons vyande verdryf en sy skape byeenhou.

" ... en nie een van hulle het verlore gegaan nie..." Hy is die goeie Herder. Sy skape ontvang die ewige lewe en nie een van hulle sal verlore gaan tot in ewigheid nie en niemand sal hulle uit sy hand ruk nie (Joh. 10).

Maar dan! Kan dit waar wees? "Behalwe die Seun van die verderf..." Dit is Judas, die seun van die verderf ... Hy het afgedwaal ... Hy het verlore gegaan... Slaan dit nou nie al ons sekerheid onder ons voete uit nie? Kan enigeen, wat die Vader aan Hom gegee het, dan nie maar uiteindelik 'n seun van die verderf word en verlore gaan nie?

Hendriksen gee die gedagte van Jesus soos volg weer: "En Ek het hulle bewaar en nie een van hulle het verlore gegaan nie. Maar die seun van die verderf het verlore gegaan. Dit het egter nie gebeur omdat u ewige raadsplan in duie gestort en die profesie onwaar geblyk het nie, maar dit het juis gebeur opdat die Skrifte vervul sou word." Verder staan ons as mense hier voor die onbegryplike raad van God. Aan die een kant is Judas 'n waarskuwing vir elke onopregte en huigelaar wat voorgee dat Hy Christus liefhet. Aan die ander kant is hierdie uitspraak van Jesus vir ons 'n besondere versterking. Hy het nie gefaal om die syne te bewaar nie. Die Skrif het ook nie gefaal nie. Dit is nie alleen in Jesus vervul nie, maar in die verraaier Judas Iskariot. So bly die Woord van God ewig waar en 'n vaste anker vir elkeen wat glo.

## 18 Jesus se blydskap in ons

Filip. 2:9-18

"... *sodat My blydskap volkome in hulle kan wees."*

Die Vader het ons aan die Seun gegee. Hy het gekom om syne uit die wêreld te red. Ons bly nog in die wêreld... Ons het nog te kampe met die aanvegtinge en verleidinge van die Bose. In die wêreld is daar verdrukking en vervolging en onsself is swakke, struikelende mense. Indien ons volharding van onsself sou afhang, sou ons gewis nie alleen struikel nie, maar verlore gaan... Omdat die Vader ons egter bewaar, sal ons nooit verlore gaan tot in ewigheid nie... Ja, nie een van hulle sal ooit verlore gaan nie ...

En dan sê die Seun ook aan sy Vader waarom Hy die dinge voor die ore van sy dissipels uitspreek: "sodat my blydskap volkome in hulle kan wees."

Onsself bely in die Nagmaalsformulier: "... ons kom nie na hierdie Nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onsself volkome en regverdig is nie; maar, inteendeel omdat ons ons lewe buite onsself in Jesus Christus soek, erken ons daarmee dat ons midde in die dood lê." Ons lê midde-in die dood. Hoe troosteloos en droewig is dit nie! En tog het ons die lewe – die ewige lewe – buite onsself in Christus. In Hom is dit vas en veilig. Dit is onvervreembaar en seker. Die vastigheid, die anker, die sekerheid is ewig en gesetel in Christus.

Maar die blydskap bly nie buite onsself nie. Indien ons alleen op onsself aangewys sou wees, sou ons nimmer op aarde enige blydskap geken het nie. Ons is egter nie op onsself aangewys nie. Ons is geanker in Christus. Daarom is sy blydskap ons deel.

"Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat my blydskap volkome in hulle kan wees ..." Die wêreld kan aan sy kinders uitwendige plesier gee. In die wêreld is daar liggaamlike rus en ontspanning; daar is eer en rykdom. In die wêreld kry 'n mens egter nooit dit wat Jesus gee nie: die innerlike sekerheid wat die weerkaatsing is van die liefdevolle blik van God op ons, sy kinders.

Die blydskap wat Jesus gee, is innerlike vreugde wat rus in die vrede met God. Dit is onvervreembaar en vas. Niemand kan dit van ons ontneem nie en niks op aarde kan ons daarvan skei nie.

Om die blydskap in ons tot wasdom te bring openbaar Jesus die intieme gesprek tussen Hom en sy Vader. Hy laat ons toe om in die allerheiligste in te kyk. Selfs dit verberg Hy nie vir ons nie: ".. . *sodat my blydskap volkome in hulle kan wees . .."*

## 19 Jesus bewaar in die Wêreld

Openb. 7:1-8

*"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar."* (Joh. 17:15)

Die naamchristen, wat die wêreld na die mond spreek en met die wêreld meedoen in sy boosheid, word nie gehaat nie. Is 'n gelowige egter sy sout werd, kan dit nie anders nie. Dan word hy gehaat.

Ons verwyder ons kinders en dierbares uit gevaargebiede. Waar terroriste bedrywig is en waar oorlogsgevaar dreig, word ons vroue en kinders haastig weggeneem. Ons wil hulle nie blootstel aan die gevaar nie. 'n Mens vra jouself af waarom Jesus dit nie ook doen nie. Waarom bid Jesus nie?: "Ek bid dat U hulle uit die wêreld moet wegneem. Die haat en vervolging is te veel vir hulle. Ek het hulle lief en hulle is blootgestel aan die vreeslikste haat en laster en vervolging. Neem hulle tog gou weg uit die wêreld, na die veiligheid van die hemel!"

Waarom is sy versoek aan die Vader dan: "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar?"

Hierop kan ons 'n tweërlei antwoord gee: Hulle het werk in die wêreld en hulle is veilig in die wêreld.

Wat is hulle werk in die wêreld? "En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is" (Joh. 15:27). Jesus se volgelinge is ingeskakel in sy verlossingswerk. Hulle moet die evangelie in die wêreld bekend maak. Só versamel Hy sy verlostes uit die wêreld. "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in Wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek" (Rom. 10). Jesus se skape is nie beperk tot die klein kringetjie van sy dissipels nie. Hy gaan hulle en ons gebruik om die ander toe te bring. Selfs eertydse haters en vervolgers van sy kerk, is ook sy eiendom. Hiervan is Paulus die klassieke voorbeeld. Hy het die gemeente vervolg en tog was hy uiteindelik die grootste sendeling van alle tye...

Selfs die verloregaande wêreld moet hoor. Hulle mag nie ongewaarsku verlore gaan nie. Dit dien tot die heerlikheid van God. Daarom bly sy kerk in die wêreld. Wanneer die laaste uitverkorene toegebring is, is die einde egter daar. Dan kom Jesus om ons uit die wêreld weg te neem . ..

Aan die ander kant hoef Jesus Hom egter nie oor sy dierbares in die wêreld te bekommer nie. Hulle is veilig ondanks die haat en vervolging van die wêreld. Hierdie gebed is die waarborg daarvoor: "Bewaar hulle van die Bose!"

## 20 Heilige getuies

1 Petr. 2:1-10

*"Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid."* (Joh. 17:17)

Jesus self sal as heilig erken word, wanneer Hy vrywillig sterf, belaai met die skuld van hulle wat aan Hom behoort. Hy staan dan nie bekend as 'n vervloekte wat deur God verwerp is nie, maar as die Heilige wat self oorwin het. Daarin het Hy ook sy Vader geheilig, maar daardeur word ook sy dissipels in waarheid geheilig. Jesus se heiliging bestaan daarin dat Hy losgemaak is van die wêreld. Hy is onderskeie van die wêreld. Hy is nie van die wêreld nie.

En tog moet die wêreld van Hom hoor. Hulle moet weet van die heilige Kind van God. Hulle moet van Hom weet tot hulle behoud en tot 'n getuienis teen hulle. Daartoe word dan sy dissipels ook geheilig. Hulle is geheilig vir hulle roeping in die wêreld. Dit kan in die algemeen beteken dat hulle die sout van die aarde en die lig van die wêreld is. Deur hulle hele optrede in woord en daad is hulle getuies van Jesus. Die wêreld sien in hierdie heiliges wie Jesus is, in wat Hy aan hulle gedoen het. Dit geld van alle gelowiges – ook van ons.

En tog, meen ons, dat Jesus hier in die eerste plek aan hulle dink as sy getuies in besondere sin. Hulle is in besonder geheilig of vir God afgesonder vir hulle bepaalde roeping as apostels. Ons besit geen enkele letter wat Jesus self wit op swart geskryf het nie. Wat ons van Hom weet, weet ons uit die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament is die getuienis van sy apostels. Daartoe is hulle geheilig in die waarheid van God. Hulle is gemaak tot draers van sy Woord. Hulle woord, soos oorgelewer in die Nuwe Testament, is die Woord van God.

"Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur." Die woord "stuur" wat Jesus hier gebruik in dieselfde woord waarvan die benaming apostel kom. Apostel beteken die amptelike "gestuurde" van Christus. Hulle is gestuur in sy Naam en gaan op sy gesag om 'n bepaalde boodskap aan die wêreld te verkondig. Daartoe is hulle in besonder geheilig. Hulle is afgesonder, geroep en bekwaam gemaak deur die Heilige Gees om in waarheid getuies van die waarheid te wees.

Só word Jesus se Woord aan die wêreld tuis gebring deur mense wat deur God self daartoe afgesonder is en in die waarheid geheilig is. Daarom getuig die Heilige Gees ook in ons harte dat die woord van die apostels die Woord van God is. Ons glo deur hulle woord in Jesus Christus. In heel besondere sin het Jesus voorsorg gemaak vir hierdie waaragtige getuienis wat aan die mensdom oorgelewer is deur sy apostels. By sy afskeid dra Hy hulle, sy gesante, op aan sy Vader. Hy gaan en kan vertrek, want hulle is nou toegerus vir die taak om die waarheid in die wêreld te verkondig.

## 21 Mense glo deur Woord van Apostels

Hand. 2:37-47

*"Maar Ek bid – ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo."* (Joh. 17:20)

Jesus is nog besig om as ons enigste Hoëpriester tot sy Vader te bid. Hy dra sy dissipels op aan die troon van sy genade. In sy gebed vir die elf dissipels verloor Hy egter nie sy ander skape uit die oog nie. Sy blik kring steeds wyer uit. Ons kan tot 'n groot mate die hele gebed op sy hele kerk toepas. En tog kry ons hier 'n oorgang, wanneer Hy nadruklik sê: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo -"

Hy het vroeër alreeds verklaar dat Hy nog ander skape het wat nie aan hierdie stal behoort nie. Hy moet hulle ook lei, sodat dit een kudde en een Herder kan wees. In tye wat kom sal baie mense nog deur die woorde van die elf apostels in Hom glo... Sy oë deurloop die eeue en omvat die hele wêreld. Hy soek en red die verlorenes uit alle volke en tale en stamme en nasies. Hy sien hulle asof hulle alreeds verlos is en druk hulle liefdevol aan sy hart. In die oorspronklike taal staan daar letterlik: "... die wat deur hulle woord in My glo."

Sy Woord word verkondig. Die wêreld word van Hom vertel. Mense kom daartoe om in Hom te glo. Die middel wat Hy gebruik, om mense tot geloof te bring, is altyd sy Woord. Hy noem dit hier "hulle woord", omdat hulle die verkondigers van sy Woord is. Soos ons reeds vantevore aangetoon het, is die woord van die apostels vasgelê in die Nuwe Testament. Glo ons dit – hetsy soos dit geskrywe is of soos dit gespreek word – dan is ons verlos. Dan het ons die ewige lewe. Dan staan ons regverdig of as onskuldig verklaar voor God.

Ons saligheid is en bly gebind aan die Woord. Daarsonder weet ons nie van Hom nie. Maar dan moet ons in die Woord glo. Wanneer die Heilige Gees die Woord aan ons hart tuisbring en ons dit glo, is die band met Christus in ons harte gelê. Glo ons in sy Woord, dan glo ons in Hom, want Hy is die inhoud van die Woord. Selfs van die Ou Testament is Hy die inhoud, soos Hy verklaar het: "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig" (Joh. 5:39).

Veel duideliker as die Ou Testament verkondig die Nuwe Testament dat Jesus die Christus, die Seun van God, is. Dit is in besonder die getuienis van die apostels – 'n getuienis wat deur die kerk van alle eeue voortgesit moet word. Die Woord moet, volgens Jesus self, aan die hele wêreld verkondig word, voordat Hy weer kom op die wolke van die hemel.

## 22 Eenheid met die Oog op die Wêreld

Filip. 2:1-18

"... *sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."* (Joh. 17:21)

Dit bly 'n droewige en sondige toestand dat die kerk van Christus verdeeld is. Dit is egter net so sondig en droewig dat mense afdwaal van die waarheid. Die kerk moet altyd waak teen die leuen en die vader van die leuen. Eenheid op die grondslag van die waarheid - dan is ons nie alleen een onder mekaar nie, maar ook een in Christus. Daarvoor moet ons stry en bid.

Waarom moet ons een wees? Dit gaan in die eerste plek om die eer van God. Dit gaan ook om die welsyn van die kerk. En dan gaan dit ook om die wêreld. Jesus bid om eenheid "sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het". Dit is die heerlike doel van die eenheid waarvoor Jesus bid. Christus stuur die apostels, die sendelinge, die bedienaars van die Woord, die wêreld in. Hy doen dit om die heil in Hom te midde van die volke van die aarde bekend te maak. Hy maak predikante en ouderlinge en diakens werksaam. Hy laat die Woord deurdring in die harte van mense... Dit alles doen Hy opdat die liefde van die Vader en die Seun mag uitstraal tot aan die uithoeke van die wêreld.

Van Ruler noem die kerk 'n katedraal van die liefde. "Dit is die mees stralende, die vrolikste tintelende lig in die kerk: dat ons God daarin ken en bejubel as die Skepper, die Verlosser en verheerliker van alles, as Diegene wat die gemeenskap van die liefde in Homself is.

Daarom is daar nog veel meer lig in die katedraal. Dit is die lig wat oor die hele wêreld val. In die verband praat ons van die ryk van God. Daartoe is die wêreld bestem: om die ryk van God se heerlikheid te word... Daarom het ons in die kerk 'n onmeetlike vertroue in die toekoms, vir die toekoms van onsself en vir die toekoms van die wêreld. Kerk is: die wêreld beleef en vier as die ryk van God" (Ik Geloof: bl. 133).

Wanneer gelowiges een in die geloof is en 'n verenigde front aan die wêreld vertoon, dan straal daar invloed en krag van hulle uit. Wanneer hulle egter uitmekaar geskeur is deur onderlinge stryd en twis, dan weet die wêreld nie wat om van hulle Meester te dink nie. Die spraakverwarring in die kringe van die kerk verwar ook die buitestaander. Ook ons moet bid en werk vir eenheid, sodat die wêreld in Christus kan glo.

## 23 Eenheid en Waarheid

Ef. 2:11-22

"... *sodat hulle een kan wees..."* (Joh. 17:22)

Hoe 'n mens ook al worstel, jy kom nie weg van die knellende eenheidsvraagstuk nie. Jesus maak groot erns daarmee in hierdie gebed.

In die eerste plek glo ons die kerk van Christus is een. Ons bely almal: "Ek glo aan die heilige, algemene, Christelike kerk..." Watter kerk is dit? Hierop kan ons antwoord dat die vraag nie betrek kan word op een of ander bestaande kerk as instelling nie. Eintlik moet ons vra: "Wie is die heilige, algemene, Christelike kerk?" Daarop gee die Heidelbergse Kategismus antwoord. "Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot die einde toe, vergader, beskerm en onderhou ..."

Alle uitverkorenes of ware gelowiges is die kerk van Jesus Christus. Hulle is één omdat hulle almal aan Hom gebind is met die band van die lewende geloof. Hulle is lede van sy liggaam aan watter "kerk" hulle ook al uitwendig behoort. Selfs in die mees afwykende rigtings kan Jesus nog sy Woord en Gees gebruik om hulle aan Hom te bind. Gelukkig glo en bely ons dit!

Kan 'n mens nou maar aan enige kerk behoort? "Kerk is kerk" sê baie mense. Dit gaan egter ook om die binding aan die waarheid van die Woord van God. Ons Nederlandse Geloofsbelydenis hou aan ons drie kenmerke van die ware kerk voor: "As die kerk die suiwere prediking van die evangelie uitoefen, as dit die suiwere bediening van die sakramente gebruik soos Christus dit ingestel het, as die kerklike tug gebruik word om die sondes te straf." En dan word dit kernagtig saamgevat in die uitspraak: "Kort gesê: as almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp wat daarteen stry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof" (Art. 29).

Gelukkig kan ons, hoewel uitwendig in verskillende kerke, mekaar nog liefhê en waardeer. Ons kan nog veel van mekaar leer. Dit is 'n groot bron van dankbaarheid dat die kerke, waaraan ons volk behoort, nog die Woord van God in alle erns as die waarheid bely. Ons praat in die opsig te veel van mekaar en te min met mekaar. Ons praat selfs ook te veel sonder om waarlik na mekaar te luister. Ons is ook dikwels besig met onsself en ons eie kerkies sonder om behoorlik na die Here te luister.

Ons kan dankbaar gebruik maak van elke geskrif, van watter Christen ook al, wat die waarheid van die Woord van God verkondig. Sou ons nie die Here daarvoor dank dat Hy oor die hele wêreld belyders het wat die Woord van die waarheid reg sny nie? Sou ons aan die ander kant nie ook ootmoedig bely dat, hoewel soms suiwer in leer, ons lewenswandel die waarheid en eenheid só dikwels verloën nie?

## 24 Aanskou sy Heerlikheid

Kol. 3:1 – 17

"... *sodat hulle My heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het."* (Joh. 17:24)

Die Here Jesus se gebed kom tot 'n klimaks: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld."

"Soos 'n groot musiekstuk wat, nadat dit die diepste innerlike geraak het, uiteindelik tot rus kom in 'n magtige klimaks, so is die finale versoek, in hierdie hartroerende gebed van ons enigste Hoëpriester, 'n hoogtepunt van aangrypende teerheid in die woorde: "omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld" (Hendriksen).

God is liefde. Hy is nie alleen die Bron van alle liefde nie. God kan nimmer anders as liefde wees nie. Daarom vloei uit Hom die onbegryplike stroom van nimmereindigende liefde. In Christus se oorgawe aan kruisdood en hellesmart sien ons die liefde van God vir sy skepsel, die gevalle mens, saamgetrek in die Lam van God ... Hy het sy eniggebore Seun nie gespaar nie, maar vir ons oorgegee ...

Omdat die Vader die Seun liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld, beklee Hy Hom met heerlikheid. Hierdie heerlikheid is in die wêreld geopenbaar in versluierde gestalte. Uiteindelik word dit egter in sy volle glans ten toon gestel in die hemelse skittering, wat sy deel is aan die regterhand van die majesteit van God.

En nou is Jesus se finale versoek aan sy Vader: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het..."

Hier uiter ons Middelaar die verlange van sy hart... "Ek wil..." Sy hartsbegeerte is dat hulle wat aan Hom behoort, by Hom sal wees op dat hul, sy heerlikheid mag aanskou... Dit beteken ook nie bloot 'n objektiewe aanskoue nie. Almal wat aan Hom behoort deel dan ook in die heerlikheid. Hy verlang dat sy verlostes Hom vir ewig mag aanskou. Sien in Hom die suiwere glans van die goddelike liefde en die volmaakte vrede wat Hy bewerk vir sy geliefdes! Dit is die heerlikheid wat die Vader Hom gegee het.

Hier op aarde weet ons dat ons nog soos deur 'n spieël in 'n raaisel kyk. En tog is dit die allerheerlikste wat 'n mensekind op aarde kan aanskou – die gestalte van die liefde van Christus wat in 'n sondaarmens aan die lig kom. Die kind van God is soos 'n prisma, waardeur die hemelse glans opgevang en opgebreek en weergegee word in duisenderlei kleure, dat die wêreld kan weet dat ons Heiland deur die Vader gestuur is.

## 25 Verlos deur reg

Jes.9:1-6

*"Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het..."* (Joh. 17:25)

Die Here Jesus het klaar sy versoeke aan sy Vader gerig. Sy gebed loop ten einde. Wat Hy nou sê kan gesien word as sy pleitgrond. Op grond daarvan kon Hy bid en al die dinge vra wat Hy voor die Vadertroon gelê het. Dit is selfs meer as bloot 'n pleitgrond. Dit toon sy innerlike vertroue en die versekering dat sy Vader sy gebed sal verhoor.

Ons gebede is alte dikwels stamelend en huiwerend en soms só onseker. Gelukkig het ons die vaste grond, buite onsself, in ons enigste Hoëpriester wat nie weifelend bid nie. Hy ken sy Vader en kan reken op die verhoring van sy gebed. En die gebed was vir ons... Van alle gebede wat ooit opgestuur is, is ons seker daarvan dat ten minste hierdie gebed verhoor is. Kyk weer en weer daarna en onthou Wie hier bid en vir wie Hy bid. Ook vir jou, kleingelowige!

"Regverdige Vader!" Sou ons, siende op onsself, 'n beroep op God se geregtigheid durf doen? Jesus kan egter, omdat Hy beantwoord het aan die geregtigheid van God. Wie oortuig Hom van Sonde? Hy kan dit ook doen, omdat sy Vader regverdig bly – ook in die toepassing van die verdienste van die Seun. Hy reken die volle verdienste van die Seun toe aan hulle wat aan Hom behoort. Hy reken dit só toe asof ons nooit enige sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof onsself alle geregtigheid volbring het, wat Jesus vir ons volbring het. Hy pas dit ook toe aan ons harte deur aan ons die geloof te gee... So, kan ons ook tot Hom roep as ons "regverdige Vader". Ons kan die regverdige God nader in die Naam van Sy regverdige Seun. Ons staan in sy kleed van geregtigheid voor die Vader en ons is behoue... Hy sien ons aan as geregverdig deur die bloed van Christus.

Eintlik vloei hierdie dinge voort uit wat Jesus verder sê in sy gesprek tot sy Vader... Luister hoe is ons aan Hom verbonde: "Al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het ..." Daar hoor ons uit sy eie mond waarom ons vrymoediglik tot die Vader mag nader: "hulle hier het erken dat U My gestuur het." Dit is die fondament waarop hulle staan wat tot God nader: hulle erken dat Jesus Christus deur sy Vader in hierdie wêreld gestuur is. Ons kan dit net anders omskrywe: Hulle het in Jesus Christus as die Seun van die lewende God geglo. Dit is hulle onderskeidingsteken. Dit is die merkteken van elkeen wat in Christus regverdig voor God is.

## 26 Sy naam bekend

Jes. 12

*"En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak*..." (Joh. 17:26)

God het gespreek deur die Seun. Selfs tot die "vaders" het Hy gespreek deur die Seun – die profete was maar instrumente in sy hand ... Maar Hy het in besonder gespreek toe Hy op aarde was. Hy is die Woord genoem ook omdat Hy die Openbaringsmiddelaar is. In Hom is God die sprekende wat Homself aan ons bekend stel. Maar dan voeg Hy daarby: "En (Ek) sal u Naam bekend maak..." Hy sien ook na die toekoms. Dit doel op wat wag in hierdie beslissende nag en wat daarop sal volg. Dit is die nag waarin Hy gevange geneem word en uiteindelik langs die weg van smarte na die kruis gelei word.

Heerlik sal Jesus die Naam van sy Vader bekend maak aan die kruis! Die Naam van die Vader is die Vader self. Aan die kruis toon Jesus waarlik wie sy Vader is.

Die Vader is die Regverdige. Hy laat die sonde nie ongestraf nie. Hy straf dit eerder aan sy eniggebore Seun. Die regverdige oordeel van God tref Hom as 'n verterende vuur en 'n ewige gloed.

Aan die kruis maak Jesus' egter ook die Naam van sy Vader bekend deur sy onbegryplike sondaarsliefde bloot te lê. Hy stoot sy eie Seun die vuur in om ons uit die ewige vuur te ruk. Só sien ons aan die kruis die hart van 'n liefdevolle Vader.

Maar na sy opstanding en hemelvaart gaan Hy voort om die Naam van sy Vader bekend te maak. Daartoe stuur Hy die Heilige Gees. Hy lei Jesus se volgelinge in die hele waarheid. Hulle dien as instrumente van Jesus om sy Vader se Naam verder bekend te maak. Dit beteken allereers dat die volle Godsopenharing afgerond word. Die Bybel word voltooi – die Bybel is die Boek waarin Jesus die Naam van sy Vader bekend maak.

Jesus maak die Naam van sy Vader nie aan die hele wêreld bekend nie, maar aan die wat die Vader Hom gegee het. Daarom draai dit in hierdie gebed... Die wêreld is op die agtergrond, maar as die leërmag van die Satan, die owerste van hierdie wêreld. Uit die wêreld word ons verlos. Hy maak die Naam van sy Vader aan ons bekend, "sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees en Ek in hulle".

Waarlik onse Here het ons nie as wese agtergelaat nie! Hy betrek ons binne die kring van die liefde van die Vader en die Seun. Daarmee kry Hy self gestalte in ons lewe – ons leef nie meer nie, maar Hy leef in ons. Hoe klein is ons en tog hoe hoog bevoorreg? Ons is betrek by die werke van die ewige God.

## 27 Na Getsémané

Luk. 22:39-46

*"Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor die spruit Kedron gegaan..."* (Joh. 18:1)

Jesus se laaste gesprekke met sy dissipels, voor sy lyding, is nou afgehandel. Die gesprekke het Hy afgerond met die hoëpriesterlike gebed. Waarskynlik het dit nog alles plaasgevind in die paassaal. Hy het al vroeër sy voorneme uitgespreek om te vertrek. Nou vertrek Hy. Hy betree nou in besondere sin die weg van smarte. Nou gaan Hy na Getsémané.

Johannes vertel ons nie van sy worstelgebed in Getsémané nie. Hy ag dit nie nodig nie. Dit het die ander drie evangelieskrywers volledig gedoen. Gelukkig het Johannes vir ons die volledige laaste gesprekke en die hoëpriesterlike gebed nagelaat, wat ons in die ander nie aantref nie.

Koninklik staan ons Heiland nou op en vertrek na die tuin van smarte, om Hom te gaan oorgee aan die wêreld en die mag van die duisternis. Hy weet Judas Iskariot en die soldate en bediendes van die owerpriester, gewapen met stokke en swaarde, is op pad. Hy weet dat hulle op pad is na Getsémané. Om een of ander rede het Judas geweet dat hy Hom daar sou kry. Daarom vertrek Jesus daarheen. Moontlik was Hy gewoon om snags daar deur te bring – in 'n grot of tent of in 'n huis of selfs in die opelug onder die sterrehemel. Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie... Die aarde behoort aan Hom en tog moes Hy as vreemdeling op die aarde vertoef.

Hy stap eers self die tuin van Getsémané binne. Daarop volg sy dissipels Hom. Waarskynlik wil die skrywer tuisbring dat Hy alleen vooruit geloop het, sonder om op hulle te wag of hulle uit te nooi om saam te kom. Dit lyk asof Hy nou alreeds besig is om Hom los te maak van hulle. Hy kies die eensame pad van lyding. Hy weet op die weg kan hulle Hom nie volg nie.

Onafwendbaar is sy voet nou op die pad. Hy gaan die losprys betaal. Hy gaan om ons los te koop, nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed. Hy gaan soos die lam wat na die slagplek gelei word. Duidelik is hierdie uitspraak van Jesaja in Hom vervul. Jesaja en elke Jood weet dat die "slagplek"[1] in werklikheid die "offeraltaar" is, waar die lammers geslag is as skuldoffers vir die sondes van die volk.

Jesus na Getsémané, Gabbata, Golgotha – dit is die "Via dolorosa" – die weg van smarte. Hoewel Hy die Lam is, bly Hy egter die Leeu uit die stam van Juda. Hy loop die pad af tot die einde toe – vrywillig en met volle oorgawe. Hy gaan as oorwinnaar en om te oorwin. Sy uiteindelike buit is die dood, die duiwel, die sonde... Ons doodsvyande is verslaan.

## 28 Jesus gearresteer

Luk. 22:47-53

*"En Judas het die afdeling soldate en die dienaars van die owerpriesters en die Fariseërs geneem en daar gekom met fakkels en lampe en wapens."* (Joh. 18:3)

Jesus het nooit geweld gepreek nie. Hy het nooit geweld aangemoedig nie. Selfs toe die geesdriftig menigte Hom met geweld wou neem en koning maak, het Hy Hom aan hulle onttrek.

Van die kant van die owerpriesters en Fariseërs is hier 'n skyngeveg aan die gang. Hulle wil Hom aan Pontius Pilatus voorstel as 'n gevaarlike mens. Só vervals en onteer hulle sy werk. Hulle plaas Hom doelbewus in 'n valse lig om Hom veroordeel te kry. Ken ons nie ook die taktiek van die Bose nie? Christene is al gebrandmerk as bedrywers van die mees ondenkbare gruwels en misdade, om die hand aan hulle te kan slaan. 'n Mens sidder as jy daaraan dink wat "Christene" deesdae doen om ander "Christene" onder te kry. So word bydraes gestort in die geldpot van die kommunisme – wat in ons tyd die duidelikste beliggaming is van wat die antichris sal wees – om onskuldiges deur masjiengewere en landmyne te vermoor. En dit word gedoen in die Naam van Christus. Die mens huiwer nie om die allerheiligste te verkrag nie en saam te span met die dissipels van Satan, wanneer hy sy doel wil bereik – al word dit ook al hoe lofwaardig voorgestel.

Die Joodse leiers tree op in die Naam van God. Die voorsitter van die Joodse Raad is die hoëpriester van God. Hy span saam *met* die Romeinse owerheid om ons enigste Hoëpriester as 'n misdadiger voor die gereg te sleep. Só kom die bende daar aan – tot die tande gewapen. Hulle hou rekening met alles – behalwe met Hom met Wie hulle te doene het.

Afgesien van swaarde en stokke, het die bende ook fakkels en lampe saamgebring. Fakkels en lampe ... om te soek na die Lig van die wêreld! En dit was volmaan! Swaarde en stokke ... om die Vors van vrede te onderwerp! Dit was 'n wrede belediging. Dit bewys onteenseglik hoe sy koms na die aarde verkeerd vertolk is. Die blote aanskoue van die bende wat Hom as hulle buit sien, was vir die Man van Smarte onbeskryflike lyde. Hulle het teen Hom uitgetrek asof Hy 'n misdadiger, 'n rower, is. Dit is afgryslik. Hy het die bitter belediging gevoel. Daarom sê Hy: "Het julle soos teen 'n rower uitgekom met swaarde en stokke om My gevange te neem? Dag vir dag het Ek by julle gesit en geleer in die tempel, en julle het My nie gegryp nie..."

Waarom lees ons al hierdie dinge in die Bybel? Ons lees daarvan in die eerste plek om te verstaan hoe dit bygedra het tot sy vernedering en lyde. Dit het Hy vir ons verduur. Dit dien tot ons troos en bemoediging.

Dit is egter ook opgeteken tot ons waarskuwing. Bly naby Hom en wees versigtig vir veroordeling van andere. 'n Mens kan só maklik ook inval in die geledere van hierdie bende. Indien Hy ons nie genadig is nie, is ons tot dieselfde dinge in staat. Waak en bid!

# 29 Soek

Amos 8

*"Wie soek julle?"* (Joh. 18:4)

Jesus het geweet wat oor Hom sou kom. Hy het geweet van kruis en hellesmart. Hy het ook geweet dat sy uur nou daar is. Hy stap sy uur tegemoet, soos dit ons ewige Koning waardig is. Hy het die beker opgeneem wat sy Vader Hom aanbied. Hy onderwerp Hom aan die wil van sy Vader, soos Hy in Getsémané onderneem het. Hy is nou kalm en beslis en waardig in sy majesteit.

Hy sien die bende wat Hom kom soek. Hy tree dan na vore. Hy kom uit die skaduwee onder die bome of uit die tuin. Net toe Hy na vore tree, gaan Judas Hom tegemoet en sê: "Gegroet, Rabbi!" En hy soen Hom. Dit was die voorafgesproke teken. Ongeloof en sonde maak 'n mens blind. Judas was só lank in sy geselskap en hy het Jesus nog nie geken nie. Hy loop nog met die gedagte dat Jesus sou probeer om te vlug of weg te skuil. Hy meen nog dat hy Hom kan verras.

Hoe gemeen! Hoe duiwels is hierdie daad van Judas! Vir die laaghartigste daad wat ooit gepleeg is, het Judas die mees heilige nag uitgekies – die nag van die paasfees, was vir die Jode 'n hoogheilige nag. Vir die duiwelse daad kies Judas ook die mees heilige plek – Getsémané, die plek van die gebedsworsteling van ons Meester. En as aanwysing dien vir hom die mees heilige simbool – 'n soen. Hier maak die Satan van heilige dinge die teendeel daarvan. En hoe absurd is sy dwase optrede – asof Jesus Homself nie sou bekend stel nie!

"Wie soek julle?" Só kom dit dan uit sy eie mond tot die bendeleier. Só staan Hy daar voor die oë van almal. Hy gaan sy lewe gee as 'n rantsoen vir baie. Daarom bied Hy aan hulle die geleentheid om Homself aan hulle bekend te stel.

Hoe anders kon dit wees met die owerpriesters en Skrifgeleerdes indien hulle nie sy bloed gesoek het nie, maar Hom gesoek het as hulle Verlosser! Ons besef dat dit hier gaan om die Lam van God op weg na die slagplek. Daarom is Hy gesoek soos 'n misdadiger, omdat Hy ons misdade op Hom geneem het. Ons kan egter aanneem dat Jesus se optrede en selfs die vraag: "Wie soek julle?" nog vir die Jode prediking van genade kan inhou. Selfs hier is Hy nog besig om te soek en te red die wat verlore is. Sou hulle nie nog op die late uur tot besinning kon kom nie?

En dan golf sy vraag deur die eeue: "Wie soek julle?" Toe Paulus soos 'n bloedhond op die spoor van sy volgelinge was, het Hy hom op weg na Damaskus teëgekom met die vraag: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Só trek hulle uit deur die eeue – mense wat dien as instrumente van die Satan, wat rondgaan as 'n brullende leeu en soek om te verslind .. . Soek na Jesus se bloed!

O, as die mense tog maar weet Wie hulle soek?

As hulle Hom tog maar soek as die Vors van die lewe!

## 30 Jesus tree na vore

Matt. 26:47-56

*"Dit is Ek...*"(Joh. 18:5)

Hier in Getsémané kom Jesus openlik na vore en sê nadruklik: "Dit is Ek." Dit is sy antwoord toe hulle vir Hom sê dat hulle soek na Jesus die Nasaréner. Hy weet wat voorlê. Hy weet daar wag vir Hom die oordeel van die Sanhedrin, omdat Hy Homself aan God gelykstel. Die klag, waaraan Hy skuldig bevind sou word, is godslastering. Maar Hy neem sy woorde nie terug nie. Hy kan Homself nie verloën nie. Hy bly wat Hy is: EK IS – "Dit is Ek!"

Judas het verniet sy verraaiersoene op Hom gemors. Hulle het nie nodig om stokke en swaarde en lampe en fakkels saam te dra om Hom te soek en oorrompel nie. Hy is die groot Profeet wat Homself bekend maak. Hy doen dit omdat Hy die Verlosser van die wêreld is. Hy het Homself verkondig as die Seun van God en Hy is bereid om die konsekwensies te aanvaar tot die einde toe. Daarom tree Hy openlik na vore met die woorde: "Dit is Ek! Julle soek My. Hier is Ek!"

Hierdie selfopenbaring van Jesus bly ook nie in die lug hang bo die tuin van Getsémané nie. Dit gaan die eeue in. Dit is vir ons wat glo dierbaar. Dit is vir hulle wat sy offerbloed versmaai vreeslik. Want eenmaal kom Hy op die wolke van die hemel om te oordeel die lewende en die dooies... Mense sal in siddering vra: "Wie is U?" Sy antwoord sal wees: "Dit is Ek! Dit is Ek, Jesus die Nasaréner, wat julle deurboor het!"

Skrik? Ja, skrik oorval nou alreeds die bende wat gestuur is om Hom gevange te neem. "Toe Hy dan vir hulle sê: Dit is Ek, het hulle agteruit gegaan en op die grond geval." Die koue vrees van die welmenende rowerjagters moet ons daaruit verklaar, dat hulle getref is deur die bomenslike majesteit wat van Hom uitgaan. Hulle het iets gesien van die verborge majesteit van die Seun van God. By hulle het die gewaarwording na vore gekom wat Petrus uitgespreek het by die wonderlike visvangs. "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!" By die Heilige kan 'n sondaarmens dit nie uithou nie.

Die uitwerking van sy optrede en woorde – dat hulle terugsteier en vreesbevange op die grond neerslaan – was vir hulle en sy dissipels 'n teken. Die teken dat Hy IS WAT HY IS. Niemand sou kan beweer dat Hy weerloos en magteloos gevange geneem is nie. Selfs 'n woord uit sy mond was genoeg om hulle die doodskrik op die lyf te jaag. Dit is vir almal 'n teken – die teken om te weet met Wie hulle te doene het. Hy kon dit anders laat verloop het, indien Hy wou.

Gelukkig wou Hy geen ander weg gaan nie. Die is die weg van sy Vader. Op die weg gaan Hy vrywillig om vir ons die pad van genade te berei. Gelukkig is elkeen wat by Hom skuil.

## 31 Jesus tree in

Joh. 16:28-33

*"As julle My dan soek, laat hierdie manne weggaan..."* (Joh. 18:8)

Hier praat Jesus se priesterhart: "As julle My dan soek, laat hierdie manne weggaan." Liefdevol hou Hy sy hand van beskerming oor hulle. Hier voeg Johannes dan by: "... sodat die woord vervul sou word wat Hy gespreek het: Uit die wat U My gegee het, het Ek niemand verloor nie." Dit verwys duidelik na wat Hy nog dieselfde nag in sy hoëpriesterlike gebed tot sy Vader gesê het. "Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie . .." (Joh. 17:12).

Hy bewaar elkeen wat aan Hom behoort. Hy hou elkeen vas in sy almagtige hand, sodat niemand verlore gaan tot in ewigheid nie en niemand hulle uit sy hand ruk nie. Ons weet egter almal goed dat dit nie beteken, dat ons nie sal ly en vervolg word, om sy ontwil nie. Hierdie selfde manne is later wel gevange geneem. Sommige het selfs die marteldood gesterwe. Niemand van hulle het egter verlore gegaan nie. Hoe kan Johannes dan sy uitspraak, dat Hy niemand sal verloor nie, hier van toepassing maak? Hy het tog nêrens gesê of bedoel dat Hy sy volgelinge van alle liggaamlike leed en vervolging vrywaar nie! Inteendeel! Hy het nadruklik gesê dat hulle ook, soos Hy, deur die wêreld gehaat en doodgemaak sou word.

Ons moet hierdie uitspraak in sy verband sien. Hulle was nog nie in staat om só 'n toets vir hulle geloof te deurstaan nie. Hulle sou gewis beswyk. Nadat hulle getuie was van sy kruisdood en opstanding en hemelvaart, was dit anders gesteld met hulle. Hulle moes ook eers met krag uit die hoogte gesterk word – die krag van die Heilige Gees, om toegerus te wees as sy getuies. Dan sou hulle bereid wees om vir Hom te ly en te sterwe.

Dit blyk baie duidelik uit die verloop van die gebeure. Toe die soldate Hom weglei vlug hulle almal die donker nag in en laat Hom alleen in die hande van die vyande. Selfs Petrus beswyk later en ontken tot driemaal toe dat Hy Hom ken. Na Pinkster is hulle egter ander mense. Dan verbly hulle hul daaroor dat hulle vir sy Naam kon ly.

Laat ons dan, ons sy volgelinge, hierdie uitspraak sien as 'n bewys van sy trou. Hy bewaar ons en beproef ons nie bo ons kragte nie. Hy stuur ons die vuur in, maar nooit as ons nie daartoe toegerus is nie. Ons hele lewe is 'n oefening in die leerskool om ons te staal vir enigiets wat oor ons mag kom. Ons word nooit onverhoeds getref nie – selfs nie deur die dood nie. 'n Padongeluk of 'n moordaanslag of 'n hartaanval oorval sy volgeling nimmer onverwags nie. Ook om te ly en gemartel te word vir sy eer – daartoe gee Hy op sy tyd die krag.

# November

## 1 Geweld!

Matt. 5:38-48

*"Steek jou swaard in die skede..."* (Joh. 18:11)

Petrus, die man van die oomblik en van die daad, gryp na sy swaard. Hy mik na 'n dienskneg van die owerpriester. Die man merk waarskynlik wat Petrus beoog en spring opsy, sodat Petrus alleen sy oor afkap. Johannes is die enigste evangelieskrywer wat die name van Petrus en Malgus, die dienskneg, noem. Ons weet dat Johannes bekend was met die hoëpriester – vandaar dat hy die naam van Malgus ken.

Hier het Petrus getoon dat Hy bereid is om vir Jesus te sterwe. Waarskynlik wou hy dit ook vir die Here wys. En tog is Petrus hier besig om Jesus diep te verneder. Hy ken sy Meester se roeping nie. Hy vertolk dit vleeslik. Dit gaan vir hom om mag en geweld. Dit mag nou eenmaal nie in die koninkryk van Jesus nie. Daarby verstaan Petrus ook nie sy roeping as volgeling nie... Ook dit sou hy later eers begryp. Sy roeping is nie om die vleeslike swaard te trek nie, maar die swaard van die Gees – dit is die Woord van God. Gelukkig het Petrus later geleer dat dit sy roeping is. En hoe het hy toe nie sy duisende verslaan nie! Op Pinksterdag alleen het drieduisend "gesneuwel" voor die swaard en gekom tot die belydenis dat Jesus die Christus is.

"Steek jou swaard in die skede!" So kom die bevel van Jesus tot die oormoedige Petrus. "Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit nie drink nie?"

Jesus is geen rewolusionêr nie. Daarvan kan die mens van ons tyd ook kennis neem. Die Satan saai rewolusie en pleeg geweld, maar niemand het die reg om Jesus se Naam aan rewolusie en terrorisme te knoop nie. Dit is deur niemand anders as die duiwel self ingegee nie.

Hy sal aanstons voor Pontius Pilatus staan. Dan sal Hy onomwonde verklaar: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (18:36). 'n Mens wonder wat maak 'n liggaam soos die Wêreldraad van Kerke, met só 'n uitspraak. Hulle is voorstanders van geweld teen ons land en huiwer selfs nie om kommunistiese terroriste geldelik te steun nie.

Alle voorstanders van geweld, soos Petrus, misken Hom en verloën sy en hulle roeping. Geen swaard of kernbom kan Hom verhinder om sy taak te volvoer nie. Hy gaan rustig as oorwinnaar op sy weg – na die kruis en deur die eeue heen na sy wederkoms. Geen mens hoef ooit 'n swaard te trek om Hom te verdedig nie. Sy Woord is daarby ook die enigste swaard wat Hy vir ons nagelaat het. Laat ons dit gebruik met eerbied en vertroue.

## 2 Voorlopige ondersoek

Amos 7:10-17

"... *en hulle het Hom weggelei, eers na Annas...*" (Joh. 18:13)

"... en hulle het Hom weggelei, eers na Annas; want hy was die skoonvader van Kajafas wat daardie jaar hoëpriester was." Annas, die ou jakkals! Selfs die Joodse Talmud verklaar: "Wee die familie van Annas! Wee die addergesis!" Waarskynlik sinspeel die uitdrukking op die fluisterveldtogte en geheime intriges van Annas en sy gesin om regters te beïnvloed en getuies om te koop.

Annas was die sterk man agter die skerms. Hoewel hy alreeds in die jaar 15 n.C. deur Valerius Gratus as hoëpriester afgesit is, word hy nog soms die hoëpriester genoem. Afgesien van die huidige hoëpriester, sy skoonseun Kájafas, was vyf van sy seuns gedurende sy leeftyd hoëpriester. Hy was die dominerende persoon agter die Joodse hiërargiese sisteem. Hy het goed geweet hoe om die toutjies agteraf te trek.

Daarom lei hulle Jesus allereers na hierdie uitgeslape ou taktikus. Intussen kan die Sánhedrin vir 'n buitengewone vergadering opgeroep word... Ons moet in gedagte hou dat dit in die laat nag of vroeë oggendure moes gebeur... Jesus se vyande is angstig en haastig. Voor die volgende dag, nie alleen sabbat nie, maar daarby die groot dag van die fees, moes die proses afgehandel wees... Voordat die son weer ondergaan moet Jesus in die graf wees!

Eers moes Jesus na Annas. Annas is die hoofaandeelhouer van die tempelhandel in offerdiere en munte. Daar het Jesus sy gesag uitgedaag deur die vendu-afslaers en duiweverkopers en geldwisselaars uit die tempel te dryf. Hy sal wel iets vind om 'n "wettige" klag teen Jesus aan die man te bring. Die Sánhedrin sou ook eers wou weet wat Annas van die saak dink... Daarom eers na Annas. Annas is magtig met groot invloed. Hy is baie ryk. In die hoër Joodse kringe – onder die elite – sou niemand waag om een of ander voorstel van belang te doen, indien hy nie weet wat Annas daarvan dink nie... En Annas kan sy skoonseun Kájafas in hierdie netelige saak van besondere hulp wees... Daarom eers na Annas .. .

Só kom Jesus te staan teenoor die magte waar Satan met lis en geweld sy heerskappy ingegrawe het... Hierdie Joodse elite, wat geraffineerd en slinks hulle posisie bestendig en hulle aardse skatte ophoop, in die naam van God en sy diens, is sy aanklaers by die wêreldse owerheid. Hulle moes 'n aanneembare klag teen Hom formuleer, voordat die saak amptelik na die Romeinse regter verwys word.

So het ons Heiland te staan gekom teenoor die wêreldmening van sy tyd. Hy was 'n aanstoot vir die toonaangewende mense – die mense wat die toutjies trek en gunste en gawes uitdeel. Die Sanhedrin se propagandamasjien is in werking gestel.

## 3 Lei ons nie in versoeking nie

Luk. 22:31-34

*"En Simon Petrus en 'n ander dissipel het Jesus gevolg..."* (Joh. 18:15)

Johannes, die evangelieskrywer, gaan vir die huidige nie verder in op wat met Jesus voor Annas gebeur het nie. Hy gaan nou eers vertel van Simon Petrus, wat Jesus verloën het. Hy is die enigste ooggetuie van Petrus se smadelike struikeling toe hy Jesus drie keer verloën het. Hy self was ook in die binneplein van die paleis van Kájafas, waar Petrus was. Hy is die ander dissipel wat saam met Simon Petrus die gevange Jesus gevolg het.

Omdat Johannes 'n kennis van die hoëpriester was, het die deurwagster hom binnegelaat. Daarop dink hy aan Simon Petrus wat buite bly staan het. As vreemdeling wou hulle hom nie toelaat om in te kom nie. Hy gaan toe met die deurwagster praat en, op sy voorspraak, laat sy Petrus toe om in die binneplaas van die paleis te kom. Klaarblyklik was die binneplaas só geleë dat beide Annas en Kájafas se woonkwartiere daarvandaan bereikbaar was. Dit is ook moontlik dat Annas vir die geleentheid oorgekom het en Jesus in 'n syvertrek ondervra het, terwyl die Sanhedrin elders gereed maak vir die amptelike ondersoek. Die twee manne kon só vanuit die binneplaas beide die ondervraging van Annas en die voor die Sanhedrin volg.

Die paleispersoneel van Kájafas het Johannes geken. En tog het hulle hom nie gekonfronteer met die beskuldiging dat hy ook 'n volgeling van Jesus is nie. Waarom beskuldig hulle dan vir Petrus en nie vir Johannes nie? Sou dit wees omdat hulle Johannes ken en eerbied vir hom koester? Hulle sou tog wel weet dat hy een van Jesus se dissipels is. Dit sou Johannes gewis nie angsvallig verberg het nie. Moontlik was dit ook vir Johannes self nie só 'n gewigtige saak dat hy hom daaroor gekwel het nie. Sy gewete kwel hom nie – daarom gaan hy rustig sy koers soos vroeër.

Simon Petrus, die visser uit Galilea, is egter 'n vreemdeling in die omgewing. Hy voel ongemaklik in die sfeer. Sy selfvertroue is daarmee heen. In sy herinnering leef die episode in Getsémané toe hy Malgus se oor afgekap het. En hier is hy nou in die binneplaas van Malgus se baas. En daar staan Jesus, 'n geboeide gevangene. Wat hy van Hom moet dink, weet hy nie. Al die dinge maak van Petrus 'n mens wat innerlik ontredder is. Hy is paniekerig en onseker . ..

Só is Petrus 'n maklike prooi van die Satan. Hy volg Jesus wel, maar hoe? Hy is gespan soos 'n snaar wat skok en ruk toe die deurwagster moontlik heel onskuldig sê: "Jy is tog nie ook een van die dissipels van hierdie mens nie?" Satan ken sy tyd om toe te slaan. Moenie die plek van versoekinge opsoek nie. Dan speel jy in sy hande.

## 4 Ons is só swak

Luk. 22:54-62

*"Ek is nie."* (Joh. 18:17)

"Simon, Simon, kyk die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif..." "... Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My drie maal verloën het nie..."

Simon Petrus is nie 'n uitsondering in die wêreld nie. Ons is vlees van sy vlees en been van sy bene... Die soort waarskuwing is alreeds aan Kain gegee... Hy is die eerste mens wat op aarde gebore is uit

die eerste mensepaar Adam en Eva die sonde lê en loer voor

die deur en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers..."

Die soort waarskuwings kom tot ons vanaf die kansels... Bedienaars van die Woord roep ons aanhoudend en dringend toe... Pasop vir die Satan... Die sonde lê en loer voor die deur... Bly weg van die plekke van versoeking af... Vlug vir die Bose... Ken jou eie swakheid en wees tog waaksaam...

Ook wyse ouers en leermeesters en leiers hou die raad aan ons voor... Elkeen wat enigsins homself ken en weet van die duiwel en al voor versoekings beswyk het, kan nie anders as om die argelose oormoedige jongeling of dogter dringend te waarsku nie...

En tog... Simon is nie alleen in sy smadelike struikeling nie. Ons sou ook maar so gemaak het indien ons in sy skoene gestaan het. Wie durf dit waag om hom te veroordeel? Kom maar na vore as jy kan!

Simon Petrus is ons bloedbroer... Daar in die binneplaas van die paleis van Kajafas was hy op vreemde terrein. Onseker en innerlik ontredder, met sy Meester voor Annas en Kájafas – geboei en verneder... vir Petrus het die aarde gewankel onder sy voete... En die Satan slaan toe... Tot drie maal toe. Nadat hy die eerste keer gesê het: "Ek is nie" (een van sy dissipels nie), moes noodwendig verdere ontkennings volg... Die een lei tot die ander. Die Satan weet hoe om met 'n mens te werk wanneer hy in sy sif beland het... Hy tref hom weer en nog eens om hom geheel plat te kry, sodat terugkeer onmoontlik is. Het hy dit dan nie met Judas Iskariot reggekry nie? En hier is nog 'n ryker buit... Die leier onder die dissipels... Die een wat bekend is as Petrus – die rotsman.

En as dit met Petrus gebeur waarom nie ook met my nie? En met jou, my vriend?

"Simon, Simon..." Dit is ek, Here. Ek het ook daar gestaan waar hy staan... Ek het ook gesê – male sonder tal: "Ek is nie sy dissipel nie... Ek ken die Man nie... Gelukkig het die haan gekraai en U na my gekyk. Ja, U het my aangesien en my tog nie verwerp nie..."

## 5 Een stap na die ander

2 Sam. 11:1-15

*"En Petrus het dit weer ontken; en dadelik het die haan gekraai."* (Joh. 18:27)

Simon Petrus het die Here Jesus drie maal verloën... Drie maal... Sou dit enige verskil gemaak het, indien hy dit vier of vyf keer gedoen het? Of twintig of honderd keer? Moontlik maak dit geen verskil nie of altans weinig verskil. Die vraag is egter waarom hy nie na die eerste keer opgehou het nie. 'n Paar uur gelede het Jesus Hom só nadruklik gewaarsku. 'n Mens sou sê dat hy homself nog, wat die eerste keer betref, sou kon verontskuldig. Hy is onverhoeds oorval en sy omstandighede was van só 'n aard dat hy nie duidelik besef het wat hy doen nie. Sou dit dan nie die mees natuurlike reaksie wees, dat hy na die eerste keer tot homself sou kom en liewer wegvlug as om hom verder bloot te stel aan die versoeking van die duiwel nie?

Dit sien ons só dikwels. Dit is byna soos 'n natuurnoodwendigheid. Een struikeling, een oortreding, een sonde lei tot die volgende een... Dan word dit 'n kettingreaksie. Dit is asof die sondaar se "eer" daarmee gemoeid is om aan te hou. Hy kan nie omdraai nie... Dit is asof hy homself en sy "eer" sal red indien hy 'n stap verder gaan. 'n Mens dink aan die sprekende Engelse uitdrukking dat só 'n mens volhard in die kwaad "to save his face".

Petrus het nou een maal gesê: Hy is nie 'n dissipel van Jesus nie. Nou kan hy dit nie weer in dieselfde geselskap ongedaan maak nie.

Dan is hy openlik verneder voor die vreemde mense. In sy onderbewussyn leef moontlik die gedagte dat hy dit wel weer sal regmaak op 'n ander plek en onder ander omstandighede. Hier kan hy nou egter niks daaraan doen nie. Nou moet hy deurdruk met sy huigelspel... Daarop volg die tweede en derde misstap . ..

Sonde baar sonde. Die een leuen gee geboorte aan die tweede... Kom jy een keer weg met huweliksontrou of geslagtelike sonde, dan volg die tweede oortreding soveel makliker... Eintlik word dit byna noodwendig...

Gelukkig vir Petrus het hy onthou van die haan toe hy hom hoor. Ongelukkig is daar baie mense wat die haan nie hoor kraai nie. Vanselfsprekend hamer die duiwel ook op die snaar van valse trots voor ander mense... As ek tog maar net die swakheid verborge kan hou! En dan volg leuen en bedrog en skynheiligheid op mekaar om een eerste oortreding nie aan die lig te laat kom nie. Uiteindelik word dit 'n moeras as die Here 'n mens nie tot besinning skok nie.

"Simon, Simon die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif... Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie..." Daar het u die geheim van die haan wat hoorbaar kraai. Die haan wat Simon Petrus tot besinning geruk het, is afgebid deur Jesus Christus. Daarom het hy op daardie oomblik gekraai. Die Here se tydsberekening is volmaak...

# 6 Skynheiligheid

Matt. 23:29-39

*"Die hoëpriester ondervra Jesus toe oor sy dissipels en oor sy leer .. ."* (Joh. 18:19)

Die Joodse leiers het reeds lankal besluit om Jesus uit die weg te ruim. En die motief agter die besluit was jaloesie. Hulle kon dit nie verdra dat hulle die greep op die volk verloor en dat Jesus van Nasaret hulle skynheiligheid só ondubbelsinnig in die openbaar veroordeel nie. Hulle haat Hom met 'n vurige haat omdat Hy hulle verborge motiewe so duidelik ontmasker.

Ter wille van die volk en die Romeinse owerheid moes hulle egter die skyn van reg handhaaf. Onder die vroom gewaad van priester en skrifgeleerde is hulle smeulende bloeddors en haat verberg. Dit was geen regsproses nie, maar 'n bose sameswering. Hulle het uit hul eie die sameswering gesmee en toegesien dat dit uitgevoer word. Hulle bediendes het deelgeneem aan die gevangeneming van Jesus. Hulle was self teenwoordig by die verhoor – kamma om Hom te verhoor, maar in werklikheid om 'n aanklag te formuleer waarop Hy veroordeel kon word. Hul veroordeel Hom alreeds dat Hy die dood skuldig is, voordat nog enige grondige getuienis gevind is. Hulle lewer Hom later oor aan Pilatus en sweep die volk op om sy teregstelling te eis. Die volk moes selfs kies dat die moordenaar Barábbas gespaar word, maar Jesus gekruisig word . ..

Dit was geen verhoor nie, maar moord!

Teen die agtergrond moet ons kyk na Annas se ondervraging. Hy ondervra Jesus eers oor sy dissipels. Annas se eerste sorg was wat die uitwerking van Jesus se veroordeling by die volk sou hê. Hoe groot is sy gevolg? Wie is sy aanhangers? Hoeveel mag en invloed besit Hy onder die mense?

Dit is Annas en Kájafas en die hele Joodse Raad se eerste kommer. Daarom wou hulle graag hierdie gebeure weghou van die paasfees. Hier is nou te veel mense en baie van hulle – veral onder die Galileërs – is volgelinge van Jesus. Kom daar 'n opstand onder die volk is dit ook klaar met hulle. Hulle teer immers op die grasie van Rome en buit hulle eie onkundige volk op gruwelike wyse uit.

Daarom moes Annas eers uitmaak watter risiko's die teregstelling van Jesus vir hulle inhou. Dit is wat ons opportunisme noem. Hier gaan dit nie om reg en geregtigheid nie, maar bloot om eie belang.

Hy ondervra Jesus egter ook oor sy leer – al is dit dan in die tweede plek. Annas is nie heilbegerig of leergierig nie, maar hy moet 'n klag formuleer. Die klag moet gegrond wees op wat Jesus leer. Daarom moet hy êrens 'n skuiwergat vind om Jesus in die leer vas te trek. Hoeveel keer het Jesus nie al vantevore te doene gehad met hierdie skynheilige aanslae van die Fariseërs en Skrifgeleerdes nie? Hoe diep is Hy, die Sondelose, verneder? Hoe bitter het Hy gely om ons ontwil?

## 7 Jesus geen geheimleer

Jes. 40:1-11

*"Ek het ronduit tot die wêreld gespreek*..." (Joh. 18:20)

Jesus ignoreer Annas se vraag na sy dissipels. Hy plaas die nadruk waar dit hoort – op sy leer. Daardeur beskerm Hy ook sy volgelinge. Hulle word nie ook in gedrang gebring nie. Hy hou hulle daarbuite. Hy staan immers hier in hulle plek. Hy moet ly en sterwe en so versoening doen – vir hulle, sy volgelinge. "As julle My dan soek, laat hierdie manne weggaan..." het Hy by sy arrestasie gesê. Dit kan ons gerus altyd onthou... Hy vrywaar ons – selfs van die ewige toorn van God.

Annas het gevra na sy dissipels en sy leer. Jesus antwoord: "Ek het ronduit tot die wêreld gespreek; Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante vergader; en in die geheim het Ek niks gespreek nie . .."

"Beoordeel My volgens my leer. Indien My leer reg is, dan het Ek die reg om dissipels te versamel. Niemand kan My verhinder om aan mense die Woord van God te verkondig nie. Beoordeel My daaraan. In die sinagoges, veral in Galilea, het Ek die volk geleer. In die tempel in Jerusalem het Ek voor die saamgetrekte Jode uit die hele land, selfs uit ander landstreke, opgetree."

Op grond van sy leer moes Hy veroordeel word. Uiteindelik is Hy veroordeel weens godslastering – dus wel op grond van sy leer. Dit is egter ons saligheid dat Hy die Seun van God is en juis daarom veroordeel is.

Annas se eerste sorg was Jesus se dissipels – sy aanhang... Gelukkig het Jesus daaroor geswyg tot hulle behoud. Moontlik sou Annas hom ook nie verder oor Jesus se aanhang gekwel het, indien hy meer van hulle geweet het nie. Jesus sou dan moes vertel dat een van sy vertrouelinge, Judas Iskariot, Hom verraai het. Hy sou na vore kom met die inligting dat 'n ander een – die dapperste van almal – Simon Petrus, nou op hierdie oomblik hier in die binneplein van die paleis is. Die "dapper" man is nou besig om hom van Jesus los te maak. Hy ontken dat hy een van sy dissipels is...

Ons merk nie alleen die kontras tussen Jesus se openlike saak en die Joodse Raad se agterbakse konkelary nie; ons sien ook die teëstelling tussen Hom en hulle vir wie Hy ly – sy volgelinge. En ons skaam ons vir onsself – ons sy volgelinge. Onder ons is ook verraaiers. Ons self is ook swakkelinge wat sy Naam verloën. En tog lewer Hy ons nie uit nie. Hy verraai of verloën ons gelukkig nie.

## 8 Waar is sy getuies?

2Tim. 4:9-18

*"Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek tot hulle gespreek het."* (Joh. 18:21)

Die Here Jesus plaas sy vervolgers voor dit wat hulle in die eerste geval moes doen. "Wat ondervra u My? Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek tot hulle gespreek het; hulle weet tog wat Ek gesê het." Daar is getuies wat teen en vir Hom kon getuig. Hy was immers 'n openbare leraar. Vanselfsprekend het die Jode dit vermy. Dit het by hulle nie gegaan om reg en geregtigheid nie, maar om 'n klagstaat op te stel wat die skyn van reg sou handhaaf. Sy skuld of onskuld is nie ter sake nie. Vandaar hierdie teregwysing uit Jesus se mond. Hy deursien hulle motiewe en moet dit aan die lig bring. Hy is nog steeds ons hoogste Profeet en Leraar. Hoewel Hy soos 'n Lam na die slagplek gelei word, mag Hy die waarheid nie verswyg nie. Die wêreld moet weet dat hier 'n onregsvonnis gevel word.

Ook Annas en die hele Joodse Raad moet dit weet. Hy ken hulle harte en motiewe. Hy lê dit bloot opdat ook hulle kan erken dat Hy die Messias is. Hy preek selfs vir sy beuels. Hy wys hulle tereg, selfs waar Hy gewillig gaan op die weg van smarte. Hulle sou nie kan sê dat hulle nie geweet het waarom dit gaan nie.

"Ondervra hulle wat gehoor het..." Dit is die minste wat van hulle verwag kan word. Dit wou die Jode nie doen nie – dit kan selfs hulle "saak" verongeluk. Tog wonder 'n mens of daar dan nie van sy volgelinge na vore kon kom en aanbied om te getuig nie? Die gerug dat Hy gevange geneem is, het vinnig versprei. Sy eie groepie dissipels, wat getuie was van sy gevangeneming, het weggevlug en kon teen die tyd al aan ander vriende vertel het van die gebeure. In soortgelyke gevalle weet ons wel dat volgelinge hulle bes doen om hulle leier by te staan. Hulle kom na vore en betoog en bied hulleself aan. Waarom het niemand uit die kring van sy dissipels eers 'n poging aangewend om iets te doen nie? Johannes, die evangelieskrywer was self hier teenwoordig. Kon hy dan nie maar na vore kom en homself aanbied as getuie nie?

Ja, dit was waarlik die uur van die owerste van hierdie wêreld. Dit is asof sy eie mense met lamheid geslaan is. Die maghebberskliek onder die Jode het van geen kant iets te vrese nie. Niemand kom na vore en niemand sal na vore kom nie. Hy staan alleen – sy eie mense het van Hom af weggevlug. Simon Petrus was nie die enigste skuldige nie... Hy het Jesus verloën, maar waar was al die ander? En waar is ons onder veel gunstiger omstandighede? Skuil ons nie ook maar weg en huiwer om vir Hom in te tree as getuies nie?

## 9 Die Lam bly Profeet

Matt. 22:34-40

"... *waarom slaan jy My?"* (Joh. 18:23)

Om hulle huigelspel aan die kaak te stel, het Jesus gesê dat hulle getuies moes roep. Die teregwysing het getref. Een van die beamptes het dit as 'n soort minagting vir Annas beskou. "En toe Hy dit sê, het een van die dienaars wat daar staan, Jesus in die aangesig geslaan en gesê: Antwoord U die hoëpriester so?"

Hierop reageer Hy dan as ons hoogste Profeet. "As Ek verkeerd gespreek het, getuig van die verkeerdheid; maar as Ek reg gespreek het, waarom slaan jy My?" Selfs indien Jesus 'n gewone mens sou wees en skuldig aan een of ander misdaad, dan nog sou Hy só 'n behandeling nie verdien het nie. Selfs 'n skuldige mens het sy regte. Hier het ons bowendien te doene met die sondelose Lam van God. In der waarheid is Hy die ware Hoëpriester van God, waarvan die huidige hoëpriester bloot 'n skaduwee of afbeelding is. Die man, as ondergeskikte, het ook nie die reg om só op te tree, sonder opdrag van die hoëpriester nie...

Tog bly Jesus se optrede vir ons vreemd. Calvyn vra: "Waarom het Jesus nie ook die ander wang na die man gedraai, soos Hy self van ons eis in Matt. 5:39 nie?" Ons kan selfs daarby voeg: Waarom het Hy verder in die hele proses bespotting en vernedering en geseling swyend aanvaar en hier nie?

Op Calvyn se vraag kan ons antwoord: Dit gaan hier om 'n regsaak. In die gereg mag niemand 'n beskuldigde so aanrand nie. Hier moet reg geskied. Selfs Paulus, wat gewilliglik vir Jesus gely het, het hom op die keiser beroep omdat reg moet geskied.

In werklikheid meen ons die reaksie van Jesus is ook hier 'n teregwysing vir die hoëpriester. Hy moes sy Gevangene in beskerming neem. Hy moes nie toelaat dat 'n ondergeskikte homself só te buite gaan nie. Schilder sê hiervan: "Daarom is die kakebeenslag ruwe selfhandhawing van die verlore kerkmens. Dit is 'n mokkende vloek, 'n ruwe slag met die swaard om 'n knoop deur te hak wat God geknoop het in die tou van die verbode toegang. Dit is die prysgawe van die eie regsamp in die een uur, waarin die regspraak tot die uiterste kraginspanning geverg word."

Die regspraak van die hoëpriester, in die Naam van God, het 'n klug geword. Ook dit moet die "wêreld weet. Selfs die mees elementêre regsbeginsel geld nie vir ons Middelaar nie. En dit bring Hy profeties tuis.

## 10 Geskiedenis

1 Kor. 15:1-11

*"Toe neem hulle Jesus van Kájafas na die goewerneur se paleis."* (Joh. 18:28)

Ons volg die lydensweg van die Man van Smarte... Dit begin by Getsémané. Daarvandaan word Hy weggelei na die paleis van die hoëpriester. Eers verskyn Hy voor die sluwe oud-hoëpriester Annas, skoonvader van die huidige hoëpriester, Kájafas. In vers 24 lees ons: "En Annas het Hom geboeid na Kájafas, die hoëpriester, gestuur." Van die ondersoek voor Kájafas vertel Johannes niks nie. Daaroor rapporteer die ander Evangelies breedvoerig.

Voor Kájafas en die Joodse Raad is die eintlike Joodse verhoor afgehandel. Vir die Jode is Hy die dood skuldig omdat Hy Homself die Seun van God noem. Dit is 'n doodsonde: godslastering. Hulle is egter uitgeslape. Voor Pontius Pilatus, die goewerneur, is die hoofklag teen Hom eintlik dat Hy Homself die Koning van die Jode sou noem. Dit is dan 'n politieke oortreding in die oë van die Romeine. Indien Hy daaraan skuldig bevind sou word, bereik hulle ook hulle doel – dan word Hy met die dood gestraf. Dan word Hy tereggestel as 'n opstandeling of rebel teen die Romeinse owerheid.

In sy boek "Ik Geloof" bring dr. A. A. van Ruler dit treffend na vore hoe ons belydenis die nadruk lê op die geskiedkundige feite waarvan ons heil afhang. Dink daaraan hoe dit opmekaar volg: "Ek glo in Jesus Christus... ontvang van die Heilige Gees... gebore uit Maria... gely onder Pontius Pilatus... gekruisig... gesterwe... begrawe... neergedaal na die hel... So gaan dit voort. Oor die inhoud of betekenis van die feite word niks gesê nie. Daardeur het die belydenis treffend die hart van die evangelie gegryp. Ons glo in geskiedkundige feite. Ons geloof is gewortel in dinge wat werklik gebeur het.

Juis daarom word sy gang op die lydenspad so stap vir stap geteken. Hy is gelei na die paleis van Pontius Pilatus. Hy moes ook voor hierdie Romeinse regter verskyn.

Die Romeinse reg neem oor. Die adelaar van Rome vervang die borstas van die hoëpriester van Israel. Hy, die Messias van Israel, word deur sy eie mense oorgelewer aan die heidene. Daarmee is Hy klaar uitgewerp deur sy eie mense. Die verontreiniging op hierdie heilige dag van die Jode, word Hom nie gespaar nie. By elke tree daal Hy dieper af op die weg van vernedering – steeds nader en nader aan die helse benoudheid en pyn wat Hom wag...

Gelukkig sien ons in die geloof agter die regterstoel van Pontius Pilatus, die aardse regter, die gedugte regterstoel van die Regter van hemel en aarde... Hy is veroordeel deur die aardse regter om ons te vrywaar van die strenge oordeel van God.

# 11 Dwaalsterre

Judas 1-13

"... *en hulle het self nie in die paleis ingegaan nie, dat hulle hul nie sou verontreinig nie, maar dat hulle die pasga kon eet."* (Joh. 18:28)

Skynheiligheid kan gruwelik ver gevoer word. Daarvan het ons hier 'n treffende voorbeeld. Die mense wil deelneem aan die heilige pasga. Vir Israel is dit 'n verlossingsfees. Daarmee hou hulle in gedagtenis die een groot verlossingsdaad van God – toe Hy sy volk met 'n kragtige hand uit die slawehuis van Egipte uitgelei het. Daarby is bloed betrokke – die bloed van die paaslam...

Die Here het by monde van Moses aan Israel bepaalde seremoniële wette en voorskrifte nagelaat. Daarvan was die reiniging 'n belangrike deel. Die Joodse leiers het sorgvuldig – ja, angsvallig – gewaak oor hierdie reinigingsgebruike... Indien hulle van die gebruike sou oortree sou hulle nie aan die paasfees kon meedoen nie. Of hulle haat en moord koester, hinder hoegenaamd nie. Solank hulle maar nie in die paleis van die heidense goewerneur Pontius Pilatus ingaan nie, neem hulle sonder gewetenswroeging deel aan die heilige pasga. Dit is die toppunt van skynheiligheid... Hulle sif die muggie uit en sluk die kameel in.

En Jesus? Watter smaad word Hom hier aangedoen? Waarlik, die verbondsvloek word aan Hom voltrek. As uitgeworpe vervloekte geniet Hy nie meer die beskerming van die wet op sedelike terrein nie... Hy is na willekeur gespot en geslaan en verneder... Nou word Hy ook uitgewerp deur die seremoniële wet. Hy word aan die onreinheid van die heidense woning blootgestel. Dit is nie genoeg dat Hy buite die beskerming van die burgerlike of sedelike wet geplaas is nie. Hy moes ook uitgedryf word buite die beskermende kring van die seremoniële of skaduagtige wette. Daarmee verklaar die Jode Hom as 'n deur God vervloekte wese.

Sover dit Israel betref, is die vloek nou volkome gemaak. Die hele wet van Moses is nou ingespan teen Hom. Dit staan teenoor Hom, die heilige Kind van God. Hy is geheel en al uitgeban deur die skatbewaarders van die Ou Verbond. Maar dit moes Hy word om ons ontwil. So moés Hy Israel se vloek dra om Israel te behou. So moes Hy buite die beskerming van enige wet gewerp word, om ons binne die beskerming van sy genade te plaas.

Hierdie ontheiliging van die Messias van Israel vind plaas op die hoogheilige fees van Israel – die pasga. Dit maak van Homself die Paaslam... die offer vir ons sondeskuld. Die offerdier moes buite die laer verbrand word – daarom is ook Hy uitgewerp buite die kring van die verbondsvolk – buite die laer, as vervloekte... Die Jode het Hom geheel aan die Satan oorgegee.

Ons moes buite wees – vir ewig buite – vervloek en weggewerp van die aangesig van God... Dit was sy deel om ons binne die kring van God se genade te bring.

## 12 Fariseïsme

Matt. 23:23-30

"... *dat hulle die pasga kon eet...*" (Joh. 18:28)

Hier sien ons die konflik tussen die Joodse drang tot veruitwendigde diens van die wet van Moses en die Messiaanse "geestelike" vervulling daarvan.

Die Jode bly angsvallig buite die paleis van Pilatus – bang dat hulle hulself sal verontreinig en dan verhinder sou word om die pasga te eet. Hier sien ons die uiterste konsekwensie van die Fariseërs. Hulle kleef vas aan die letter en begryp nie die gees van die wet van Moses nie. Hulle hang aan 'n woordjie en kyk die Woord van God mis.

Christus is die inhoud en sin van alle wette wat God aan Israel gegee het. Hy is die uitkoms waarna die wet as opvoeder moes heenwys. Van al die beelde – die offers en skaduagtige reinigingswette – was Christus die inhoud. Niemand het ooit die sleutel om die wet van God te verklaar in sy hande nie, tensy hy dit geestelik – volgens die bedoeling van die Gees van God – verklaar. En Jesus Christus, die Messias, is die inhoud daarvan...

Die Jode het die sleutel, om die wet van Moses te begryp weggeneem. Hulle laat die wet opgaan in wettisisme, terwyl dit in werklikheid evangelie is. By die verklaring van die wet moes hierdie leermeesters van Israel die beeld van die sagmoedige, lydende Messias projekteer op die silwerdoek. Toe hulle egter opgaan in wettisisme verdwyn die beeld van Christus, die genadige Verlosser. Die skadubeelde van die wet en seremonies is losgemaak van die werklikheid waarvan dit 'n afbeelding is.

Laat ons maar nie daaroor lag nie. Dit is die ellendige logika van verkeerde Skrifgebruik. Dit laat die kinders van Abraham onder die waan dat hulle aan God 'n diens bewys as hulle nie in die heidense voorhof van Pontius Pilatus kom nie, terwyl haat en moord in hulle binneste smeul. Indien hulle die Skrif reg gelees het, sou hulle nou die ware Paaslam gesien het. Hulle sou gelowig voor Hom neerval en Hom aanbid. Hulle sou die ware Pasga kon eet, deur te glo in die Lam van God .. .

Daarom het ons hier die oordeel van die selfhandhawing. Wie eenmaal aan die wese van die wet, aan die waarheid daarvan, dit is Christus, verbygegaan het, sien alleen 'n swartgeskilderde muur van vorme en seremonies – van moenies en magnies... Die deursigtigheid van die wet verdwyn in die onderdeursigtige van wettisisme... Deur die prisma van die wet verskyn die gestalte van Christus... Die mense sien Hom egter nie, want hulle het self 'n muur voor hulle gebou...

Hulle het angsvallig gesorg dat hulle die pasga kon eet... In werklikheid het hulle die ware Pasga misgeloop... Is dit alleen die Jode se misverstand en nood? Nee, dit is die nood van elke selfhandhawer... Hy staan in sy eie lig en eet tot sy eie oordeel... Die pasga of... die Nagmaal.

## 13 Sy Woord staan vas

Joh. 3:12-21

"... *sodat die woord van Jesus vervul sou word..."* (Joh. 18:32)

Johannes vertel: Die Jode wag buite. Hulle wou hulle nie verontreinig nie. Pilatus kom na buite om te verneem wat die klag teen die Gevangene is. Hy stel 'n redelike vraag aan die Jode: "Watter beskuldiging bring julle teen hierdie man in?" Dit sou enige regter moes vra. Die Jode se antwoord is egter onredelik met 'n ondertoon van dreiging: "As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie." Daarmee wou hulle eintlik sê: "Goewerneur, as u begryp wat in u belang is, moet u liewer nie vrae stel nie. U weet goed dat ons in byna alle sake die hoogste hof in Israel uitmaak. U moet ons beslissing bekragtig en sorg dat u doen wat ons van u eis..." Pilatus sou maar te goed begryp dat hy self in gedrang kon kom, indien hy die verbete Jode se eise weerstaan. Hy wend egter nog 'n poging aan: "Neem julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet." Waarskynlik het hy gemeen dat dit nie om doodsake gaan nie. Hy kwel hom egter nie oor die regsaspekte van die saak nie – solank hy maar daarvan ontslae kan raak... "Oordeel Hom" hou duidelik in dat hulle Hom kan straf volgens goeddunke. Pontius Pilatus het nou klaar aan die Jode getoon dat hy soos klei in hulle hande is. Hy sou nie anders kan as om hulle sin te gee nie...

Hierop antwoord die Jode: "Dit is ons nie geoorloof om iemand dood te maak nie..." Dit weet Pilatus, maar nou weet hy ook meer as dit. Hy weet nou dat hulle Jesus dood wil hê.

Johannes voeg nou hierby: "sodat die woord van Jesus vervul sou word wat Hy gesê het om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe..." Toe Jesus van sy dood gepraat het, het Hy naamlik gesê dat die Seun van die mens "verhoog" moes word. Dit beteken net een ding: Hy moes gekruisig word. Dit was ook die Jode se begeerte. Hulle sou Hom moes stenig, indien hulle die vergunning sou ontvang om die doodstraf toe te pas. As Romeinse regter sou Pilatus Jesus egter tot die kruisdood veroordeel.

Dit is presies wat die Jode graag wou. Dit is presies wat Jesus ook wou hê. Sy woord moes vervul word. Nie alleen sy woord is só vervul nie, maar só tree ook duidelik aan die lig dat Hy van God vervloek is... "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang..." (Deut. 21:23;Gal. 3:13).

Juis daarom verbly ons ons... Hy het ons vloek op Hom geneem. Ook daarom moes Pilatus Hom veroordeel tot die kruisdood.

## 14 Klagstaat

Matt. 27:11-18

*"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie..."* (Joh. 18:36)

Die klag teen Jesus is min of meer drieërlei: Eerstens: Hy mislei die volk; Ten tweede: Hy verbied die volk om belastings aan die keiser te betaal en derdens leer Hy dat Hy self Christus, die Koning, is. Hulle stel Jesus aldus voor as 'n politieke gevaar vir die Romeine.

Pilatus is verplig om iets aan die saak te doen. Hy sou self wel duidelik kon sien dat Jesus nie skuldig kan wees aan die dinge nie. Hy sou homself egter moes verantwoord aan keiser Tiberius, indien daar moontlik onrus en opstand onder die Jode plaasvind... Hy ken die Jode al só goed dat hy ook sou begryp dat hulle tot duiwelse intriges in staat is, indien hulle nie hulle sin kry nie. Vandaar sy vraag aan Jesus: "Is U die Koning van die Jode?"

Hierop is Jesus se antwoord: "Sê u dit uit uself of het ander dit u van My gesê?" Hoe sou Jesus ook bloot "Ja" of "Nee" op Pilatus se vraag kon antwoord? Pilatus begryp nie waarom dit gaan nie.

Hy as Romein sou dit wel kan vertolk as hoogverraad, indien Hy "Ja" sou antwoord. Indien Jesus dit egter sou ontken, sou Hy sy roeping verloën. Daarom stel Hy die vraag aan Pilatus.

Pilatus se ongeduld kan ons goed begryp: "Is ek dan 'n Jood? U volk en u owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedoen?"

Hierop is Jesus se antwoord: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie..." Hy is wel 'n Koning. Sy koninkryk is egter anders as die koninkryke van die wêreld. Hy regeer in geestelike sin in die harte van sy volgelinge.

Jesus is geen rewolusionêre mens nie. Hy was nooit van voorneme om die Jode te lei in 'n opstand teen die Romeine nie. In werklikheid is die Jode self sy teëstanders. Hy is aan die Jode oorgelewer. In der waarheid is dit nie alleen Pilatus wat sy koningskap nie begryp nie. Ook sy eie mense het dit nie verstaan nie. Dit is juis daarom dat hulle Hom verwerp.

Die misverstand oor Jesus duur voort tot vandag toe. Mense koester aardse verwagtinge van Hom en bou in vleeslike sin op Hom. Dan word hulle gewis teleurgestel. Die teendeel is meer moontlik vir sy volgelinge. Teëspoed en haat en vervolging in die wêreld – maar innerlik veilig in die hand van hulle Koning.

## 15 Waarheid?

1 Kor. 1:17-31

*"Wat is waarheid?"* (Joh. 18:38)

Hier het ons die byna beroemde vraag van Pontius Pilatus: "Wat is waarheid?" En tog is dit vreemd dat hy nie wag op 'n antwoord op sy vraag nie. "En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie."

Pilatus se vraag was 'n reaksie op wat Jesus vantevore gesê het: "Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem."

Die Here Jesus is besig om sy koningskap te verduidelik. Hy stem toe dat Hy 'n Koning is – "hiervoor is Ek gebore." Hy is gebore as Koning. Hy is die ware Koning. Dit blyk ook uit wat Hy gedoen het. Hy het getuig van die waarheid – dit wat Hy van sy Vader ontvang het. Die waarheid geld van God en die mens se verlossing. Só het Hy gekom om die heerskappy van die leuen te oorwin. Sy aartsvyand is juis die vader van die leuen – Satan. "Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem..."

Gee ag, Pontius Pilatus! Ook jy word uitgenooi om te luister na die stem van Hom wat die Waarheid in persoon is. Dit is nie alleen 'n waarheid wat vir die Jode bedoel is nie. Dit gaan uit tot die hele wêreld, wat lê onder die mag van die leuen.

Hierop reageer Pilatus met die vraag: "Wat is waarheid?" En dan draai hy sy rug op Jesus en gaan praat weer met die Jode.

Pilatus het nie gespot nie. Hy was ernstig. Hy self weet net genoeg van die godsdiens en wysbegeerte om daaroor bygelowig te wees. In sy hart leef daar egter 'n grondige veragting vir die godsdiens en die gode... Vir hom bestaan so iets nie. Met hierdie vraag, wat hy bloot stel en verder ignoreer, spreek hy 'n duidelike afwysing uit. Dit is só asof hy vir Jesus sê: "Dit is nie vir my nie. Laat my daar buite. Ek wil nie betrek word in godsdienstige vraagstukke nie..."

Ons moet ook in gedagte hou dat ons hier te doene het met die lydensgeskiedenis van Jesus Christus. Op die pad ontvang Hy geen erkenning nie – ook nie van Pilatus nie. Sy profetiese verklaring oor die waarheid verwerp Pilatus nadruklik.

Pilatus is die tipe van alle "wyse" mense van alle tye – die eiewyse mense wat die waarheid van God verwerp. Die Bybel is alleen goed vir eenvoudige mense en kindertjies – die mens wat vir homself dink, het lankal daarmee afgereken... Die sg. "denkende" mens maak van die wêreld niksseggende sinloosheid, maar die waarheid van God is vir hom te absurd om te glo... Weg met Hom – die Waarheid – Jesus Christus! Kruisig Hom! Lank lewe die aapmens – breinkind van die "denkende" mens!

## 16 Kies!

Matt. 27:15-22

*"Nie Hom nie, maar Barábbas!"* (Joh. 18:40)

Pilatus het sy bes gedoen om van die verhoor van Jesus ontslae te raak. Tussen vers 38 en 39 het nog heelwat gebeur wat Johannes nie vertel nie. Ons vind dit by die ander evangelieskrywers. Nadat hy die vraag: "Wat is waarheid?" gestel het, kom hy na buite en sê vir Jode: "Ek vind geen skuld in Hom nie." Dit word beantwoord deur 'n koor van beskuldigings. "Hy het in Galilea begin om die volk te mislei en dit hier in Jerusalem voortgesit." Toe Pilatus hoor van Galilea stuur hy Jesus na Herodes, met die hoop dat hy op die wyse van die lastige saak ontslae is. Herodes stuur Hom egter terug, omhang met 'n blink kleed, die spotbeeld van 'n koning!

Pilatus spreek nog eens die Jode toe en sê dat ook Herodes geen skuld in Hom vind nie. Daarop volg die geskreeu: "Kruisig, kruisig Hom!" Eindelik kom daar roepstemme om iemand vir die volk los te laat, soos die gebruik op die paasfees is. Weer sien Pilatus 'n geleentheid om Jesus los te laat. Hy gaan die volk voor 'n keuse stel. Teenoor Jesus tel hy as kandidaat 'n berugte moordenaar: Barábbas. En dan stel hy sy vraag boonop só dat hy feitlik in die mond van die volk lê dat hulle Jesus moet eis: "... wil julle dan hê dat ek vir julle die koning van die Jode moet loslaat?"

Hy is waarlik met die misdadigers gereken! Voordat Hy nog gevonnis is, word Hy alreeds aangebied as gevangene naas 'n ander gevangene. Hy word gelykgestel aan die moordenaar, Barábbas. Hy word by implikasie behandel asof Hy alreeds skuldig bevind is en daarby naas die moordenaar gestel. Dit is naakte vernedering vir Jesus en het vir Hom bittere lyding beteken...

Selfs in sy desperate poging om sy verantwoordelikheid, om 'n vonnis uit te spreek, te ontvlug, kon Pilatus nie nalaat om te spot met sy gevangene nie: "... wil julle dan hê dat ek vir julle die koning van die Jode moet loslaat?" Hierdie gevangene, hulpeloos geboei en smadelik verneder, noem hy nou moedswillig en spottend die koning van die Jode. Hy, hulle koning, wat hulle eie leiers gekruisig wil hê? Hoe vernederend vir Jesus! En die Jode!

Toe skreeu hulle almal weer: "Nie Hom nie, maar Barábbas!" So verwerp sy eie mense Hom – hulle na wie Hy gekom het. Hulle ag Hom minder as die misdadiger Barábbas... Hulle kies Barábbas! Hulle verwerp hulle saligheid. En u?

Gelukkig kan ons hieruit aflei dat Hy in die plek van mense, soos Barábbas, gely en gesterwe het. Barábbas is letterlik verlos van sy liggaamlike straf. Só is talle moordenaars verlos van die ewige toorn van God.

## 17 Gegésel

Jes. 52:13-53:5

*"Toe neem Pilatus dan vir Jesus en laat Hom gésel."* (Joh. 19:1)

Die Romeine se géselslae was 'n wrede marteling. Soms het selfs die dood daarop gevolg. Dit het normaalweg die teregstelling van 'n veroordeelde voorafgegaan. Wanneer dit toegedien is, het dit gedien as 'n teken dat die veroordeelde haas gekruisig gaan word. Tog het Pilatus nog nie finaal besluit om Jesus te kruisig nie. Hy het waarskynlik gehoop om op die wyse die Jode tevrede te stel. Toe Hy die gegéselde Jesus later na buite bring, het hy klaarblyklik probeer om hulle medelye te wek, toe hy gesê het: "Daar is die mens!" Ons lees ook later: "Hierop het Pilatus probeer om Hom los te laat."

Dit is eintlik pateties om te sien hoe die swakkeling Pilatus probeer om hom uit die saak te wikkel. Hy kon dit egter nie regkry nie. Daarvoor was sy eie swakheid en sy vrees vir die Jode verantwoordelik... En tog sien ons daaragter die hand van God. Al sy moeite om Jesus te bevry was tevergeefs, omdat God dit anders beskik het. Pilatus kon dit nie afwend nie. Na sy opstanding sê Jesus vir die Emmaüsgangers: "Móés die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?"

"Toe neem Pilatus dan vir Jesus en laat Hom gésel." 'n Mens kan jou nie voorstel hoe Jesus na die géseling daar uitgesien het nie. Ons hoef ons nie daaroor te verwonder dat Hy nie in staat was om sy kruis te dra nie... Simon van Ciréne moes dit vir Hom doen... "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom..." (Jes. 53).

Die soldate sien waarskynlik nou die geleentheid om te deel in die pret. "En die soldate het 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit, en 'n purperkleed om Hom gewerp en gesê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle het Hom in die gesig geslaan." Waarskynlik was Pilatus nie aanwesig by die géseling nie. Moontlik was hy nie bewus van wat die soldate daarna gedoen het nie. Indirek was hy egter aandadig. Hy kon dit in elk geval voorkom het...

Ook dit moes Hom egter oorkom. Die soldate wou Hom martel en verneder. Hy word 'n spotkoning gemaak en spottend gesalueer... Die kroon van dorings beantwoord aan beide bedoelinge – dit verneder en pynig hom tegelyk.

> "Die misstap deur ons voet begaan,
> die misdaad deur ons hand gedaan,
> die straf uit swaarste regsgeding,
> wat ons die volle vrede bring,
> die wonde wat ons wonde heel -
> dit alles was sy lydensdeel" (Jes. 53 – Totius).

## 18 Die Mens!

Rom. 5:12-21

*"Daar is die mens!"* (Joh. 19:5)

Johannes vertel dat Kajafas, die hoëpriester by 'n vroeëre geleentheid geprofeteer het. Hy het toe gesê: "Dit is vir ons voordelig dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie." Hierby skrywe Johannes: "En dit het hy nie uit homself gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterwe" (Joh. 11).

Hier vind iets in die rigting plaas met Pilatus. Onbewus hang hy ook die profetemantel om sy skouers. Hy profeteer ook toe hy sê: "Daar is die mens!"

Jesus is gegésel en verneder. Hy word na buite gelei. Pilatus gaan vooruit en kondig dit aan. Hy berei hulle voor en sê: "Kyk, ek bring Hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie." Dan word Jesus uitgelei met die doringkroon op sy hoof en die purperkleed om sy skouers – die spotbeeld van wat 'n koning moet wees... Bloed loop oor sy gesig en bloed drup uit die wonde wat die wrede géselslae veroorsaak het – so staan Hy daar – die Lam wat na die slagplek gelei word.

Teatraal wys Pilatus na Hom: "Daar is die mens!"

"Die mens..." 'n Wurm en geen man meer nie... Verneder en ontluister... Afgetakel, sodat selfs sy heerlikheid as mens skuil gegaan het... Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte... Ja, soos een vir wie 'n mens sy gesig verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie... "Daar is die mens..."

"Daar is die mens!" Die mens voor God... Die mens wat krimp voor die vloek van God... Die mens móét daar staan... God is regverdig, Hy eis dit... Die menslike natuur moet die toorn van God dra... Die mens het immers gesondig... Daarom staan Hy daar - die mens... Iemand moes Hom aanwys as "die mens"... En dit was Pilatus se voorreg, hoewel hy nie besef het wat hy sê nie...

"Daar is die mens", sê 'n mens vir die Jode... Hulle behoort te weet. Hulle besit die Openbaring van God... Hulle weet van die eerste Adam van die Paradys. "Adam" beteken "mens". Hulle weet van sy sonde en die vloek van God... Daar is die mens – die tweede Adam... Daar staan Hy in Adam se plek... Daarom is daar weer verwagting vir die mensdom... Die kinders van Adam het weer 'n uitsig: "Soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood... so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Eén baie tot regverdiges gestel word.. ." (Rom. 5).

"Daar is die mens!" Dit hoor ook God in die hemel... Die mens van sy toorn is nou daar voor sy gerig... Hy is aangewys... Daarom is die Mens ons Verlosser.

## 19 Twee-gesprek

Jes. 53:5-12

*"Kruisig, kruisig Hom!"*

*"... ek vind geen skuld in Hom ráe."* (Joh. 19:6)

Ons ken die mag van betogings. In ons tyd het magtige heersers geval as gevolg van die sluipweë van agitators wat die menigtes opgesweep het. .. Met so 'n opgesweepte, skreeuende horde kan geen mens redelik praat nie... Ook Pontius Pilatus het dit ondervind...

Die gemartelde Jesus word na buite gelei... Hy dra die spotkleed en die doringkroon... Pilatus hoop dat die beeld die Jode se medelye sal wegdra... "Daar is die mens!'' sê hy. Die reaksie van die Jode is egter 'n wilde geskreeu: "Kruisig, kruisig Hom!"

Hendriksen omskrywe die gebeure só: "Skaars het Pilatus sy dramatiese aankondiging gedoen, of die mees verhardes van almal, die owerpriesters en hulle bediendes, begin om te skreeu, toe hulle Hom sien – die voorwerp van hulle duiwelse afguns: Kruisig! Kruisig! Oor en oor galm die vreeslike uitroep uit meer en meer kele, totdat dit uiteindelik 'n eentonige grillige spreekkoor is: Kruisig... kruisig... kruisig... kruisig . .."

Die arme hulpelose Pilatus probeer weer om van Hom ontslae te raak: "Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie . .."

Dit is selfs moeilik om te tel hoeveel keer Pilatus hierdie woorde uitgespreek het: "Bk vind geen skuld in Hom nie..." Dit is duidelik dat hy dit benadruk en weer en weer herhaal het, dat hy geen skuld in Jesus vind nie. Ook hier het Pilatus, die Heiden, profetewerk gedoen. Jesus se eie mense het geswyg... En as die klippe dit dan nie uitroep nie, dan doen Pilatus dit. Maar die wêreld moet dit weet. Hy is onskuldig. Agter Pilatus staan God self. Deur hom verklaar God self dat sy Seun geheel onskuldig is – al sou Hy binne 'n paar oomblikke veroordeel word...

So klink dit: "Geen skuld in Hom... Geen skuld in Hom... Geen skuld in Hom... Toe het hy Hom aan hulle oorgegee om gekruisig te word..." So lees ons dit in die verslag van Jesus se veroordeling... Só rapporteer God die Heilige Gees dit aan ons...

"Geen skuld in Hom... Geen skuld in Hom... Geen skuld in hom... Kruisig... Kruisig... Kruisig Hom..." So smelt dit saam. Hy is onskuldig gekruisig om ons, wat skuldig is, van die toorn van God te verlos . ..

Roep dit uit Pilatus... Sê vir die stede van Juda... Hy is onskuldig! !! Skreeu dit uit Jode – luidkeels, dringend en steeds dringender... Kruisig Hom!! So kom God se ewige toorn in Hom, die Onskuldige, tot rus. Hy, die Onskuldige, is sonde gemaak vir ons, die skuldiges.

## 20 Stom voor sy Skeerders

Openb. 5

*"Maar Jesus het hom geen antwoord gegee nie."* (Joh. 19:9)

Op Pilatus se jongste verklaring: "Ek vind geen skuld in Hom nie," was die Jode se reaksie: "Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het..."

Dit is tog vreemd dat die eintlike klag waarop die Jode Jesus voor die Sanhedrin veroordeel het, nou eers na vore kom. Dit is waar, Jesus het Homself by herhaling die Seun van God genoem. Dit was òf die mees afgryslike godslastering òf dit is die heerlikste waarheid wat nog ooit op aarde uitgespreek is. Die verharde en verblinde Joodse Raad verkies om dit godslastering te noem. Gelukkig weet ons dat Jesus die waarheid gepraat het: Hy is die eniggebore Seun van God... vol van genade en waarheid... Dit het Hy bevestig deur die opstanding uit die dode .. .

As politieke opstandeling kan Pilatus Hom nie skuldig verklaar nie. Nou is hulle verplig om die alternatiewe klag na vore te bring... Ons kan gerus ook hierin die hand van God sien. Ook dit moet uitgesê word. Ook dit moet die wêreld weet. Hy is gekruisig omdat Hy die Seun van God is... God self is aangerand deur die mens... Vreeslik! Maar ook dit moes so gebeur tot ons verlossing uit die toorn van God.

Nou is Pilatus eers reg bevrees. Hy laat Jesus weer die paleis binnelei... Weer begin Hy Hom ondervra: "Vanwaar is U?" Wie het hy voor Hom? Was hierdie geheimsinnige gevangene 'n seun van die gode? Is dit die rede waarom sy vrou hom vroeër kom waarsku het? Sy het dit in haar droom benoud gehad oor die man. Sy bygelowige hart bewe nou... Nou is selfs die Jode nie meer sy grootste vrees nie... "Vanwaar is U?" Kan Hy miskien werklik 'n halfgod wees?

"Maar Jesus het hom geen antwoord gegee nie."

Hy is ook geen antwoord waardig nie. Dink daaraan, 'n regter wat so geheel korrup is dat hy 'n mens byna dood laat gésel, terwyl hy daarteenoor by herhaling verklaar het: "Ek vind geen skuld in Hom nie!" Watter antwoord is só 'n regter waardig? Jesus swyg! Indien hy behoorlik na Jesus geluister het, kon hy alreeds die antwoord op hierdie vraag self uitgevind het. Jesus het immers vroeër verklaar: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie... Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem."

Vreeslik is dit wanneer Christus teenoor 'n mens swyg. Hy is baie lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy kan baie – oneindig baie – verdra... En tog kom daar 'n tyd dat Hy nie meer antwoord nie... Dan bly niks anders oor nie as om tot die berge en rotse te roep: "Val op ons! Bedek ons voor God en die toorn van die Lam! Ons het sy bloed verag en sy liefde vertrap en nou... swyg Hy!"

Vreeslik is dit vir die verlore sondaar!

## 21 Regspraak

Openb. 20:11-15

*"U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie."* (Joh. 19:11)

Ag, Pilatus wat maak jy nou? Nou begin die bewende goewerneur grootpraat: "Met my praat U nie? Weet U nie dat *ek* mag het om U te kruisig en dat *ek* mag het om U los te laat nie?" Hy doen nou wat doodnatuurlik vir 'n mens onder sulke omstandighede is. Hy begin spog. Hy wil Jesus skrikmaak. Hy' praat sy innerlike vrees weg. Verontwaardig ontplof hy: "Met *my* praat U nie... *Ek* is die man met die mag hier in Jerusalem! Begryp U nie wie ek is nie? Hoe durf u dit waag!"

Maar dan herinner die Here hom aan sy verantwoordelikheid... Die selfgewaande outoriteit is aan hom toevertrou... Dit kom van Bo. En hy moenie dink dat Jesus doel op die keiser van Rome nie... Pilatus is wel in sy diens, maar agter hom en sy kneg, Pilatus, staan daar Iemand anders... As dit nie vir Hom, sy Vader in die hemel was nie, sou Pilatus nie hier gesit het as Regter nie. Dan sou Jesus ook nie nou voor Hom gestaan het as aangeklaagde nie...

Pilatus het 'n heilige verantwoordelikheid... God het 'n bepaalde mag aan Hom toevertrou. Aan God sal Hy rekenskap gee...

Vreeslik is die verantwoordelikheid vir Pilatus en elkeen wat met gesag en mag op aarde beklee is. Hulle besit gesag oor mense. Hulle het mag oor lewe en dood... Hulle kan die mag misbruik om by mense in die gevlei te kom... Hulle kan dit ook aanwend om hulleself te bevoordeel. Hulle kan vanuit hulle gesagsposisies moord en doodslag pleeg. Hulle kan soos Mao Tse Toeng verklaar: "Gesag kom uit die loop van 'n geweer..."

Uiteindelik sal hulle elkeen egter staan voor Hom wat die mag aan hulle toevertrou het... Gee rekenskap van jou rentmeesterskap... Wat het jy daarmee gemaak? Dit is van Bo aan jou toevertrou... Jy het toegelaat dat onskuldige bloed vergiet is, Pontius Pilatus, prokurator van Tiberius, wat op die regterstoel in Jerusalem gesit het... Onthou jy Jesus van Nasaret wat voor jou verskyn het? Onthou jy dat jy verklaar het – herhaaldelik – dat Hy onskuldig is? Sy bloed roep tot My van die aarde af .. .

En tog word God se eie regspraak hiermee uitgeoefen. Die regterstoel is reggeskuiwe... Die regterstoel in die hemel. Hy, die Regter van hemel en aarde, gaan uitspraak gee. Sy aardse instrument is Pontius Pilatus... Voor hom staan die Beskuldigde. Pilatus het herhaaldelik verklaar dat Hy onskuldig is... Nogtans is dit die wil van die hemelse Regter dat Hy skuldig bevind moet word. Die Hemelse Regter het immers 'n regsaak teen die bewoners van die aarde... En Hy, die Beskuldigde voor Pontius Pilatus, het vir hulle in die bresse getree. Hy is hulle Borg. Hy staan daar in hulle plek.

Ons begryp dit nie, maar ons dank Hom daarvoor.

## 22 Gábbata

Luk. 23:17-25

*(Toe het Pilatus) "gaan sit in die plek wat Plaveisel genoem word, en in Hebreeus Gábbata."* (Joh. 19:13)

Abraham, die vader van die Jode, is genoem: "Die vriend van God." Die Jode behoort ook vriende van God te wees. Hulle behoort hulle op Hom te beroep. Nou beroep hulle hul egter op die sluwe en wantrouige Tiberius, die keiser van Rome... Pilatus sou vanselfsprekend sy bes doen om die vriend van die keiser te wees en te bly... Hy is wat hy is deur die gunste en gawes van die keiser... Met die Jode is dit egter anders – hulle is kinders van Abraham. Hulle moes God se vriendskap soek en daarom sy eer bevorder... Hoe laag het hulle, die verbondsvolk van God, gesink! "As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie."

Jesus se antwoord het 'n diep indruk op Pontius Pilatus gemaak. "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorgelewer het, groter sonde..." Pilatus was nou oortuig dat Jesus geen staatsgevaarlike rebelleleier kan wees nie. Al sou hy nie alles begryp nie – dit verstaan hy wel. Jesus is onskuldig. "Hierop het hy probeer om Hom los te laat, maar die Jode het geskreeu en gesê: As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser."

Jesus het Pilatus se gesag erken. Dit is hom van bo gegee, het Hy gesê. Pilatus sien dit en is oortuig daarvan dat Jesus geen rebel is nie. Die Jode onderwerp hulle wel aan Pilatus se gesag, maar bloot om hom vir hulle doel te gebruik. Pilatus weet dat hulle hom haat. Hy weet ook dat hulle die laaste mense is wat kan intree vir die keiser of as vriende van die keiser. Hy vrees egter hulle sluwe mag. In hierdie uitroep: "as u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie" voel hy die subtiele dreigement. "Gee jy nie ons sin nie, dan gaan ons jou by die keiser aanklae..." Pilatus besef dit... En sy weerstand verkrummel. Hy gee toe en gaan dan amptelik op die regterstoel sit om uitspraak te gee.

Die oomblik, waarvoor die ganse voorgeskiedenis van die verlossing van die mensdom gewag het, breek nou aan. Die aardse regter gaan sit op die regterstoel. Johannes vertel nou in meer besonderhede wat hier gebeur... Hier word geskiedenis gemaak .. . Hierdie hof uitspraak is die belangrikste wat ooit in die wêreld gedoen is. Hiervan hang die behoud van die mensdom af. So neem Plaveisel of Gábbata sy plek in, in die geskiedenis.

Ons Koning is skuldig bevind deur die aardse regter, opdat ons vrygespreek kan word deur die hemelse Regter.

## 23 Gekruisig!

Gal. 3:1-14

*"Toe het hy Hom dan aan hulle oorgegee om gekruisig te word."* (Joh. 19:16)

Johannes was 'n ou man toe hy hierdie dinge neergeskryf het. Wat egter in daardie oomblikke in sy eie hart omgegaan het, vertel hy nie aan ons nie. Hy was waarskynlik 'n ooggetuie van alles. Hy vertel wat hy gesien en gehoor het... 'n Mens kan jou wel voorstel dat hy, en moontlik ook die ander dissipels van Jesus, toe net een gedagte sou hê: "Alles is nou verlore!" Hulle sou nou besef wat dit beteken om wanhopig te wees... Hulle Meester het geen moontlike kans meer nie...

En tog skryf Johannes agterna hierdie dinge, met die wete dat dit nou die uur van oorwinning vir Jesus was. Die kruis kom nie verniet op ons weg nie. By die kruis word nie alleen Jesus gekruisig nie, maar ook sy dissipels. Vir elke volgeling van Jesus moet alles verlore wees, om alles te kan wen. Onsself moet met Christus gekruisig word om met Hom te kan opstaan in 'n nuwe lewe. So is die kruis ook vir ons die uur van oorwinning. Het u by die kruis gestaan – Jesus se kruis en u eie kruis?

Pilatus sê vir die Jode: "Daar is julle Koning!" Vreeslik is hulle reaksie: "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!" So kom die roue skreeu uit die monde van duisende Jode. Nogeens die spotstem van Pilatus: "Moet ek julle Koning kruisig?" Die Jode voel die dolksteek van die spotstem en kap terug: "Ons het geen koning behalwe die keiser nie?" Dit is die toppunt van huigelary. En tog was hulle reg. Hulle het klaar hulle Koning verwerp. Hulle het pas geskreeu: "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!" Nou het hulle geen reg meer om Jesus hulle Koning te noem nie. Hulle is tereg sonder koning en oorgelewer aan die tirannie van die keiser...

Vreeslik is die misverstand van die Jode... In werklikheid is dit geen misverstand nie, maar ongeloof. Hulle verwerp die hand van genade wat tot hulle uitgestrek is... Hulle verkies die tirannie van Rome bo die verlossing in Jesus Christus. Daarmee kies hulle in werklikheid vir die owerste van hierdie wêreld. Hulle kies vir Satan teen Christus... Satan is nie met hulle klaar nie en God ook nie...

Die Jode het vir die keiser gekies. Daarmee het hulle teen Christus en teen God gekies. Daarmee het hulle hulself oorgegee aan die genade van die mens... En die genade van die mens is wreed... Soek u 'n bewys vir die waarheid van die Bybel? Hier het u die bewys: die Jode... Hulle is die beliggaming van die vloek van God... Hulle is die bewys van God se verbondswraak... In hulle sien ons dat God nie slaap nie... Jesus is aan hulle oorgegee om gekruisig te word... Daarmee is hulleself oorgegee aan die tirannie van die mense .. . Dit beteken nie dat vir hulle geen redding moontlik is nie. Elkeen wat in Christus glo, sal gered word – ook die Jood wat glo.

Op die kruis bou 'n mens of oor die kruis struikel 'n mens... Die kruis is erns – dodelike erns...

## 24 Neergedaal na die Hel

Num. 21:1-10

*"Jesus in die middel."* (Joh. 19:18)

"In die oorspronklike taal is die heerlikste gebeure in die verlossingsgeskiedenis net in drie woorde (uitgedruk" (Hendriksen). Ons sou dit so kon weergee: "Waar Hom hulle-gekruisig-het." Dit het gebeur – Hy is gekruisig. Hy is 'n vloek gemaak vir ons.

"en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, en Jesus in die middel..." Pilatus se gemene spottery met die Jode gaan voort... Dit is asof hy te kenne wil gee... "Kyk na julle Koning! Hy sterf nie alleen die dood van 'n uitgeworpe slaaf nie, maar Hy is niks hoër as 'n misdadiger nie... Hy sterf soos een van die misdadigers... Hy sterf saam met hulle – ja tussen hulle .. ."

Die liggaamlike marteling van die gekruisigde is onbeskryflik... Tereg is gesê dat die gekruisigde "'n duisend dode sterf..." In Jesus se geval lê die nadruk egter op iets veel ontsettender as dit... Hy is nie alleen "'n" gekruisigde nie... Hy is "die" Gekruisigde. "Dit is al gesê dat alleen die verdoemdes in die hel weet wat Jesus aan die kruis gely het" (Hendriksen). Hy het die ewige dood ondergaan. Maar selfs die veroordeeldes in die helse vuur, kan dit nog nie besef nie. Hulle was immers nie, soos Hy, eers in die hemelse heerlikheid nie... Die Seun van God het neergedaal uit die sfere van die ewige hemelse heerlikheid tot die bodemlose diepte van die hel. "My God, my God, waarom het U My verlaat?" was sy roep uit die hel.

"Jesus in die middel..." Hy hang tussen kwaaddoener en kwaaddoener... Hy is tussen sondaar en sondaar... Albei is kwaaddoeners – die een is aangeneem – die ander een is verlaat... Die een sondaar bid: "Dink aan my, Here..." Die ander een smaad Hom met sy spotstem: "As U die Christus is, verlos Uself en ons..." Daaragter hoor ons die tartende hoonlag van die duiwel... Só naby en tog só vér... By die "deur van die skaapstal" en tog gaan hy nie in nie... Hy klap die "Deur" toe...

Jesus in die middel... Jesus die skeiding, tussen mens en mens... Jesus die hoeksteen of die rots van struikeling... Dit sê hierdie simboliek van die drie kruise op Golgota ook vir ons... Jesus en sy kruis slaan 'n kloof deur die wêreld... Dit skei mens van mens... Dit bepaal mense se ewige wel of wee...

"Dink aan my, Here..." Dink aan my in genade... Bewaar my van die ewige toorn van God wat ek verdien... Gee tog dat ek altyd by U sal skuil... Ja, wás my in die suiwere fontein van u bloed..."

Ons Middelaar in die middel... Hy is gekruisig... hy hang tussen hemel en aarde om vrede tussen God en mens te bewerk...

## 25 Naak om ons te Klee

Ps. 22:1-19

"... *neem hulle sy klere .. .*" (Joh. 19:23)

Jesus is gekruisig as die Koning van die Jode en Hy is dit waarlik. Hy is die langverwagte Messias-Koning. Hy hang nou wel hulpeloos aan die kruis, maar eerlang gaan Hy sy troon bestyg...

Onder die kruis is die soldate besig om buit te verdeel. Dit was die gebruik dat die beuels van 'n tereggestelde sy klere neem. Hulle kon dit maklik verdeel. Die probleem was egter die onderkleed van Jesus – die was sonder naat aaneen geweef. Om dit nie te skeur nie, het hulle toe daaroor die lot gewerp. "So vind die kruisdood van Christus plaas midde-in die gewone, aardse lewe van die mense. Die soldate trek hulle niks aan van die lyding van die Gekruisigde nie. Hulle het alleen aandag vir wat tot hulle onmiddellike voordeel strek" (Van Ruler: Mark. 15)

Hierdie besonderheid word ons meegedeel omdat dit ook bydra tot Jesus se vernedering. Hy word ontklee. Hy dra die vloek van naaktheid om ons daarvan te verlos. Dit is baie belangrik dat ons let op die verbinding met die Ou Testament, om die betekenis hiervan te begryp. Johannes stel dit so: "sodat die Skrif vervul sou word wat sê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp," Daarin verwys hy na Ps. 22.

Die vromes in die Ou Testament het diep onder die indruk daarvan geleef dat lyding uit die hand van die Here kom – al word dit hulle deur mense aangedoen. Dit is hoe God met mense werk. Hy haal hulle deur dieptes heen. Dawid, wat in Ps. 22 ly onder die hande van sy vyande, sê in vers 16: "U lê my neer in die stof van die dood." Die Here doen hom dit aan – al gebruik Hy daartoe die haat en geweld van mense.

God self is hier besig met sy eie offerdaad in die geskiedenis. Hy offer sy eie Seun. Hy ontsien Hom in geen opsig nie. Hy word selfs beroof van sy klere – in naaktheid sterf Hy voor die oë van sy beuels en die spotters rondom die kruis...

God het die eerste Adam geklee om sy naaktheid te bedek, voor God en die mense. Hy het vir Adam en Eva rokke van vel gemaak om hulle te beskerm teen sondige drifte en bose begeertes. Hulle word ook beskerm teen die vernederende blik van die medemens... Die beskerming word Jesus ontneem. Onbedek voor die oë van sy spotters – maar ook onbeskermd teen die toorn van God.

Gelukkig het Hy Hom laat ontklee om ons te beklee. Ons verskyn nie naak voor God, indien ons oordek is met die kleed van Jesus Christus se geregtigheid nie.

## 26 Jesus dink aan sy Moeder

Ef. 6:1–9

*"Vrou, dáár is u seun!... Daar is jou moeder!"* (Joh. 19:26,27)

Maria, die moeder van Jesus, staan by die kruis.

Langs sy moeder staan Johannes, die dissipel wat Jesus liefgehad het. Só dui Johannes homself dikwels aan in sy verhaal. Hy is beskeie, maar het 'n besondere begrip gehad vir sy Meester – hy het naby Hom geleef. Jesus het 'n geneentheid vir Hom openbaar. Moontlik is hy só genoem deur sy makkers. Jesus se liefde vir hom het sy wederliefde *gewek* – daarom staan hy hier by die kruis.

"Vrou, daar is u seun!" sê Jesus vir sy moeder. Hy spreek haar nie aan as "Moeder" nie. Dit sou die swaard nog dieper in haar hart dryf. Daarby moes sy ook nie meer aan Hom dink as bloot haar Seun nie. Hoe meer sy aan Hom dink as haar Seun, hoe meer sal sy ly, terwyl Hy ly. Sy moet Hom meer en meer sien as haar Here wat vir haar en in haar plek ly. Sy moet begin nadink oor die verlossende betekenis van sy lyding. Maria se moedersmart moet oorgaan in iets wat hoër en heerliker is – sy moet kom tot aanbidding. Daarom spreek Hy haar aan as "vrou" en nie as "moeder" nie.

Tog toon Jesus 'n besondere sorg vir Maria. Hoewel Hy haar Middelaar is, moet sy Hom as "Seun" afgee – sy verloor Hom as haar "Seun". Hoewel sy dit al eerder moes doen, sou dit nou eers werklik tot haar deurdring. Sy begryp nog nie dat sy in Hom veel meer ontvang as wat sy verloor nie. Die misverstand is nie alleen by Maria aanwesig nie. Ons almal ken dit wanneer ons by die kruis staan. Ons treur dikwels soos hulle wat geen hoop het nie, oor ons dierbares wat sterwe. Ook wanneer ons verwagtinge, ons ideale, die dinge of mense waarop ons ons hoop bou, van ons weggeneem word, sit ons verblind deur droefheid in die as. Dan is ons dikwels blind vir die veel ryker winste wat ons in geestelike sin ontvang... Ons het so baie om te leer!

Jesus laat Maria egter nie sonder aardse sorg nie. "Vrou, daar is u seun!" Daarmee doel hy op Johannes, sy geliefde dissipel. Onder sy sorg is sy in goeie hande. Dan kom die opdrag ook tot Johannes: "Daar is jou moeder."

Johannes verstaan onmiddellik die betekenis van Jesus se woorde.

Van die dag af neem hy Maria in sy huis. Hy sorg vir haar soos 'n seun vir sy moeder.

Hierdie episode is hartversterkend. Jesus vergeet nie sy moeder nie – selfs nie in sy helse lyding nie. Daarin sê Hy aan elke kind: Dink aan jou ouers wanneer hulle hulpeloos en sorgbehoewend is. En ouers, sien sy hand in die sorg van kinders en andere, wanneer u in liggaamlike of stoflike nood 'n helpende hand ontvang.

## 27 Dors

Jes. 55:1-9

*"Ek het dors!"* (Joh. 19:28)

"Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was – sodat die Skrif vervul sou word – het Jesus gesê: Ek het dors!"

Jesus het geweet – Hy weet alles... In besonder weet Hy waarmee Hy nou besig is. Hy ly wetend. Hy ken sy taak en roeping. Hy ken die omvang van sy lyding. Hy weet wanneer Hy klaar vir andere gely het. Sy verlossingswerk is nou afgehandel. Dit weet Hy. Daarom dink Hy nou aan Homself. Nou kan Hy sê: "Ek het dors!" Hy dink nie 'n oomblik te vroeg aan Homself nie.

"Ek het dors!" Daarmee is weer 'n Skrifwoord vervul. Ook dit is 'n aanhaling uit Ps. 22. Dawid se lyding was 'n skadubeeld van sy lyding. Dawid het dors gehad, maar 'n dors soos Christus aan die kruis, het geen mens ooit geken nie. Dit was meer as liggaamlike dors – dit was ten diepste die dors van die Seun wat van God, sy Vader, verlate was. Dit kan geen mens op aarde begryp nie.

Daarom kon Hy vir die Samaritaanse vrou sê: "As jy die gawe van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het." Ook vir die Jode sê Hy: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!"

Hy het dors gely om ons dors weg te neem. As die dorstiges dit tog maar altyd besef! Amos sien die dorstiges van sy volk: "Daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek 'n honger in die land sal stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie. In die dag sal die mooi jongedogters en die jong manne van dors beswyk -" Hulle sal van dors beswyk omdat hulle die tyd van genade verag het. Die gebarste drinkbakke van sondegenot droog op en die dors groei aan en eindelik beswyk hulle... Hulle het die Fontein van die lewende water verag...

Daarom roep die Here vandag nog dringend: "O almal wat dors het, kom na die waters..." Die roep hou aan tot in die laaste Bybelhoofstuk: "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom! En laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet!" Het Jesus dan verniet dors gehad? Kom dan, Hy het dors gely vir die dorstiges van alle tye! En wie is daar wat die dors nie ken nie? Dit is die innerlike dors, die dors ten dode toe, wat 'n mens jaag soos 'n roofdier.

Helaas, daar is nog dorstiges wat eenmaal in die verderf sal pleit om 'n druppel water om hulle tong te verkoel.

## 28 Taak afgehandel

Rom. 5:1-11

*"Dit is volbring!"* (Joh. 19:30)

"Dit is volbring!" Só kom die stem van 'n sterwende tot die verslaafde en geplaagde mens op aarde. Dit is die stem van 'n sterwende Mens wat in sy sterwe oorwin... Daarin hoor ons sy oorwinningsjubel. Hy oorwin nie alleen vir Homself nie. Hy oorwin vir almal wat aan Hom behoort.

Dit is in die Griekse taal 'n enkele woord. Tog is dit vol van hemelse werklikhede. Daarom is dit ook net so vol van aardse werklikhede. Die sterwe van die vleesgeworde Woord beteken nie dat Hy wegtuimel in die nag nie, maar dat die langverwagte "dag van die Here" aangebreek het. Die dag van heil het gekom en in die boek van God se geskiedskrywing word 'n nuwe bladsy omgeslaan.

"Dit is volbring!"

Wat is volbring? Agter Hom lê 'n lang geskiedenis. Dit begin hier op aarde in die Paradys. Nadat die Slang vir Eva en Adam verlei het, het hy by homself kon sê: "Dit is volbring!" Die leuen en die sonde en die dood is op die aarde gevestig. Die mensemoordenaar het sy oorwinning behaal... Maar dan lees ons: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal Hom in die hakskeen byt..." En wie anders was ooit in staat om die kop van die Slang te vermorsel? Hier het dit nou gebeur... Die stryd teen die Satan is volbring.

En wat is nie alles vooraf van Hom gesê in die Skrifte nie? Dit is nou alles volbring. Wat die aartsvaders en profete van Hom gesê het, is volbring. Wat die offers en seremonies van Hom afgebeeld het, is volbring. Hy het die Skrif vervul...

Maar Hy het ook die wet van God volbring. Hy was gehoorsaam aan sy Vader. Hy het die wil van sy Vader volbring.

In Getsémané het Hy geworstel met die beker wat die Vader Hom gegee het... Die vreeslike beker! "Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan... Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil..." Die beker, die lydensbeker, gevul met helse benoudheid en pyn, het Hy nou geledig tot die bodem toe... Hy kan triomferend uitroep: "Dit is volbring!"

"Dit is volbring!" So hoor ons sy triomfroep tot ons kom. Tot die vermoeide en belaste, wat gebuk gaan onder die slawejuk, die juk van die sonde en die duiwel, roep Hy: "Dit is volbring! Ek het die juk van jou skouer gelig! Ek het in jou plek alles klaar gedoen... Kom na My toe en Ek gee jou rus, onverdiend, uit genade... Ek kan dit doen, want Ek het volbring. Kom, geniet die vryheid en vrede wat Ek vir jou verwerf het... Kom na My toe!"

## 29 Dood!

1 Kor. 15:12-26

*"En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee."* (Joh. 19:30)

"Toe het die Heiland die dood ingegaan. Hy het met die dood 'n versigtige verdrag gesluit: wanneer sy uur eenmaal sou aanbreek, dan moes die dood Hom neem. Toe die dood dit nie kon nie, neem Hy dit self; en sluit 'n versigtige verdrag met Homself. Die uur het gekom; dit is hoog tyd. Hy het sy God gevra: wat nou? En die antwoord was: laat die liggaam breek; want so betaam dit U om alle geregtigheid te volbring. En voorts: kom nou in as die volmaakte getroue Dienskneg, kom in die vreugde van u Here.

"Dit was dus twee dinge. Die eerste is, dat Christus se sterwe 'n verpligting was; die tweede, dat, indien Hy die verpligting nakom, sy sterwe 'n deurtog sou wees na die heerlikheid" (Schilder).

"Hy het die hoof gebuig en die gees gegee."

Hy was die dood as 't ware voor. "Hy het die hoof gebuig..." "Hy het..." Die dood het Hom nie neergevel nie. Hy het geen genadeslag ontvang nie... Nee, Hy bly die handelende – Hy gee die gees... "Ek lê my lewe af vir die skape... Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem" (Joh. 10). Hy onderwerp Hom aan die dood, maar Hy het mag oor die dood. Hy bly Koning selfs in sy dood.

Hy gaan die dood in, omdat sy sterwe 'n verpligting was. Hy staan hier in die plek van die mens... Aan die mens, "Adam", het God

gesê: van die boom van die kennis van goed en kwaad mag jy

nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe..." (Gen. 2). So kom die dood in die wêreld deur een mens, Adam. Só werk die dood deur tot alle mense... Só kom ook die mens Jesus te staan voor die dood... Hoewel Hy mag oor die dood het, is Hy verplig om die dood in te gaan. Hy onderwerp Hom aan die dood. Hy ondergaan die "doodstraf" wat op Adam en sy geslag rus. Só volbring Hy alle geregtigheid. Daarom moes Christus sterwe...

Ons staan voor ons dood. Onontwykbaar wag hy vir ons, wanneer ons uur aanbreek... Adamskind jy moet sterwe... En tog is die dood se angel verwyder... Christus het die vloek wat op ons rus, op Hom geneem. Hy het die dood ingegaan vir ons... Ons moet ook sterwe, maar ons dood is bloot 'n afsterwing van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe. Hier bly die duiwel agter en die sonde en die droefheid en die trane. Ons gaan na Hom toe, wat ons vooruitgegaan het... Hy wat in Hom glo, sal lewe, al het hy gesterwe... Ons lewe nie teen 'n muur vas nie... Voor ons is die geopende hemelpoort...

## 30 U Woord is die Waarheid

1 Joh. 1

"... *hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo."* (Joh. 19:35)

Die Christene het vanaf die begin stryd gehad oor die dood van Christus. Sommige mense, die sogenaamde "Docétiste", het voorgegee dat Jesus nie werklik gesterf het nie. Sy dood was bloot 'n skyndood. Daarom het Hy ook nie werklik opgestaan nie. Dan berus die Christelike geloof bloot op skyn. Johannes het klaarblyklik hierdie dwaling in die oog. Daarom staan hy uitvoerig daarby stil. Hy was ooggetuie en het gesien dat Jesus waarlik gesterf het. "En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo." Só verklaar die skrywer Johannes self as ooggetuie. ..

Die Jode kom in pynlike noukeurigheid die seremoniële wet na. Wanneer 'n liggaam oornag aan 'n boom hang, word die land ontheilig. Daarom mag die liggame nie aan die kruis bly hang nie. Dit is boonop die volgende dag sabbat en daarby 'n hoogheilige sabbat – die sabbat binne die paasweek. Voordat die son ondergaan en die sabbat sodoende aanbreek, moes die liggame van die kruise verwyder wees. Pilatus stem toe dat daar maar 'n einde aan die lyding van die gekruisigdes gemaak moet word. Die soldate kry opdrag om hulle bene te breek. Daarvoor word 'n hamer of 'n ysterstaaf gebruik... Selfs die genadeslae was onmenslik wreed – die bene word verbrysel om die dood te verhaas... Só word die twee misdadigers die wêreld uit gehelp...

Toe hulle Jesus nader, merk hulle dat Hy alreeds dood is. Net om daarvan seker te maak, steek een soldaat Hom met 'n spies in die sy. Dadelik het daar bloed en water uitgekom. Dit, sê Johannes, het hyself gesien. Dit is vir hom die onmiskenbare bewys dat Jesus werklik dood was. Sy dood was nie blote skyn nie.

Oor die betekenis van die bloed en water is al baie gestry deur geleerdes. Medici is geraadpleeg om die bewyskrag daarvan te bekragtig of ongedaan te maak.

Vir Johannes gaan dit alleen daarom dat hy wil bewys: Jesus het waarlik gesterwe.

Plegtig verklaar hy: "En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo..." Glo in hierdie waarheid! Glo dit in die aangesig van u eie dood! Glo dit in lewe en in sterwe! Dit beteken dat ons in vrede kan sterwe want Jesus het waarlik vir ons gesterf... Hy het die toom van God vir ons gedra.

Daarmee, sê Johannes, is ook die Skrif vervul. Ook dit is die bewys van die waarheid van Jesus se sterwe. Om dit te bewys verwys hy na Ex. 12:46 waar van die paaslam vereis is dat sy bene nie gebreek moes word nie. Ons verwys ook na Sag. 12:10. Een ding is seker: Jesus het waarlik gesterf.

# Desember

## 1 Begrawe!

Kol. 2:4-15

*"Daar het hulle Jesus toe neergelê*..." (Joh. 19:42)

"En na hierdie dinge het Josef van Arimathéa, wat 'n dissipel van Jesus was, maar in die geheim, uit vrees vir die Jode, vir Pilatus gevra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem... En Nikodemus, wat die eerste keer in die nag na Jesus gegaan het, het ook gekom met 'n mengsel van mirre en alewee .. ."

Die mense praat van 'n sekere Josef. Hy is lid van die Sanhédrin en 'n ryk man... Hy het vir homself 'n nuwe grafkelder laat uitkap in sy tuin... Die mense kyk verwonderd en skud die kop. "Jy ook Josef? Jy ook in die kring van vereerders van die Nasaréner..." Andere het hulle bedenkinge. "Eer 'n man solank hy leef... Wat baat dit om nou na vore te kom?"

En ook Nikodemus het in sy lewe nooit die moed gehad om openlik in die daglig na vore te kom en Hom te volg nie... Wat beteken dit nou vir Jesus? Nou dat Hy dood is?

Maar God sê: "Ek het hierdie twee manne van lankal af bewaar vir hierdie uur. Ek het hulle nou nodig – daarom kom hulle nou na vore..." Gelukkig is dit vir God nie te laat nie. Hy het hulle nou nodig – daarom is hulle betyds soos Hy hulle bestel het...

En dan word Jesus begrawe in Josef se nuwe graf nádat sy lyk gebalsem is met Nikodemus se mirre en alewee... Die grafsteen word daarvoor gerol en dit is stil... 'n Graf is altyd stil en koud en verlate .. . Dit is verby...

Sy begrafnis is belangrik – só belangrik dat die Twaalf Artikels dit as een van die histories heilsfeite vaslê... Hy is begrawe. Hy is werklik dood – sy dood is geen skyndood nie...

Die verderf van die sterflike mens is by Hom tot die einde deurgevoer. Dit is asof die Satan mag oor die Seun van God gekry het – hy het Hom begrawe. Dit is nog 'n deel van sy vernedering om ons ontwil. Hy het dit aanvaar in ons plek. So is Hy ook by en met ons in ons begrafnis.

Hy is begrawe omdat Hy werklik dood was. Hy het egter die dood ook werklik oorwin. Só word sy graf vir ons die hemelpoort. Daarom kan ons met vertroue ons eie koue en stil en verlate graf tegemoet sien... Ja, ons wat alreeds in hierdie lewe met Hom begrawe is... Ons wat in onsself gesterwe het... In ons het Hy opgestaan en ons opgewek tot 'n nuwe lewe... Hy leef in ons en ons in Hom... Ons ken die werke van die Gees – die lewe van heiligmaking voor sy aangesig... Ons lewe, daarom het die dood en die graf oor ons geen mag nie...

## 2 Die Dag van die Here

Openb. 1:9-20

*"En op die eerste dag van die week .. ."* (Joh. 20:1)

Die opstandingsevangelie begin doodgewoon: "En op die eerste dag van die week..." Hierdie tydsaanduiding is van *groot* belang. Daarom begin die verhaal só... Dit sê nie slegs aan ons dat die Sabbat verby is nie, maar dat die laaste Sabbat van die ou bedeling gevier is. Dit kondig nie alleen die eerste dag van 'n nuwe week aan nie, maar sê ook dat dit die dag van God se vreugde geword het.

Die eerste skeppingsdag wat God gemaak het was 'n dag van vreugde. "Laat daar lig wees", het God gesê en dit was só. So is die eerste dag geskape as die dag wat 'n week van louter heerlikheid ontsluit. En die taak sou elke eerste dag vervul het, indien die mens die eerste dag en alle dae ontvang het as dae van God. Die lig is egter in duisternis verander en só het die eerste dag en alle dae gelê onder die vloek van die dood.

Daarom moet daar 'n nuwe begin kom. Die begin van Jesus Christus. Sy eerste dag – sy dag – sy opstandingsdag op die eerste dag van die week... Die dag begin met 'n graf... Die graf van die Seun van God. Dit is donker -. Hierdie graf is nie enkel duisternis nie. Dit kan ook nie, want dit is 'n deel van die verlossingswerk van Christus. Daarom kan dit nie donker bly nie. Die Lig moet verrys – anders kan ons nie deel in die opstandingsvreugde wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het nie.

Christus is dit wat gesterf het. Ja, meer nog, wat ook opgewek is (Rom. 8). Dit is die vreugde van die eerste dag. Hy het die rus vir ons verwerf. Ons kan rus op die eerste dag in die versoening van ons sondes in Hom, die opgestane Here. En dan leef ons die week in – toegerus en dankbaar vir Hom wat in ons plek gewerk het. Dan oorkoepel die vreugde weer elke dag van die week... Ons leef uit die vreugde van die opstanding van Christus... Ons is vrygekoop en leef in die vryheid – losgemaak van die wet van die Sabbat...

Dit kan nie anders as dat die Christen, wat nog die Ou Testamentiese sabbat wil onderhou, op die wet ingestel is nie. Vir hom geld nog reël op reël en gebod op gebod rondom die Sabbat... Nougeset en pligsgetrou word die Sabbatswet nageleef. Waarom? Omdat hy die vryheid, wat Christus vir ons verwerf het, miskyk. As Here van die sabbat kon Hy ook kies watter dag moet geld as rusdag vir sy vrygekooptes... Uit die vryheid lewe dankbare verlostes – nie alleen op die rusdag nie, maar elke dag van die week.

En die werkweek loop uit op die ewige Sabbat. Die weke wat mekaar opvolg en spruit uit die eerste dag – die rusdag – vind hulle voltooiing in die rus van die ewige Sabbat. Kom op die eerste dag van die week na die lewende Jesus... En leef verder elke dag uit Hom.

## 3 Maria ween by die Leë Graf

Luk. 7:36-50

*"Op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena... by die graf..."(Joh. 20:1)*

Dit is die derde dag. 'n Groepie vroue is op pad na die graf van Jesus. Johannes neem aan dat die lesers uit die ander Evangelies weet wie die vroue was. Hy vertel alleen van Maria Magdalena se ervaringe.

Dit was nog donker toe hulle die stad verlaat. Op pad dink hulle aan die swaar klip voor die opening van die graf. Hoe sou hulle die klip wegkry om by die liggaam te kom – die liggaam wat hulle met speserye gaan behandel? Toe hulle naby die graf kom, waarskynlik om 'n draai in die tuinpad, sien hulle dat die klip weggeneem is – selfs weg van die opening af.

Jesus se graf is oop... Dit beteken nie dat Hy anders nie sou uitkom nie... Dit wil aan sy dissipels sê dat Hy opgestaan het... Hy het dit immers voor sy dood gesê. Nou kan hulle self kom en sien dat die graf leeg is. Maria, die moeder van Jakobus die kleine, Salome, Johanna en andere wat daar nog by kon wees, gaan die graf binne. Daar verneem hulle van die engel dat Jesus opgestaan het.

Maria Magdalena draai egter om en hardloop terug na die stad. Sy gaan nie ook in die graf nie. Sy gaan hulp en raad soek. Sy was dadelik oortuig daarvan dat die graf beroof is deur vyande van Jesus. Sy hardloop en vertel dit aan Petrus en Johannes. Waarskynlik volg sy hulle op 'n afstand.

Toe Maria terugkom by die graf was Petrus en Johannes al weer weg. Ook die ander vroue het intussen in ontsetting en groot vrees van die graf af weggevlug. So staan Maria dan alleen buite die graf en ween. Sy ween oor haar Here – Hy is nie alleen dood nie, maar sy liggaam het ook verdwyn – sy graf is leeg... Die vrou staan hier as die beeld van alle wenende vroue by soveel grafte...

Ons kan Maria haar kleingeloof verwyt... Jesus het immers gesê dat Hy op die derde dag sou opstaan. Ons moet egter haar liefde vir Jesus bewonder. Sy is deur die Here uit 'n groot ellende verlos. Uit haar, sê Markus, het die Here sewe duiwels uitgedryf. Hoe die duiwels haar gepla het, weet ons nie. Sy was egter in die allergrootste nood en Jesus het haar verlos... Sy is uit groot ellende en, moontlik ook groot sonde, gered. Daarom het sy 'n groot liefde vir die Here.

Die dood is vreeslik, maar die ergste wat 'n treurende kan oorkom, is om nie te weet waar die liggaam van die dierbare is nie. Daarom word geen moeite ontsien om 'n lyk op te spoor nie. Ons begryp Maria só goed. Haar smart is dubbel swaar. Sy staan by sy leë graf... Dit is vir haar 'n ramp... Nou is daar niks meer waaroor sy haar kan verbly nie.

Hoe troosteloos sou dit egter vir haar en vir ons wees, indien hierdie graf nie leeg was nie!

## 4 Waarom ween jy?

Luk. 7:11-17

*"Vrou waarom ween jy?"* (Joh. 20:13, 15)

Maria staan en ween by die oop graf van Jesus – die graf waar haar getroue Meester gelê het. Sy is alleen en haar hart is stukkend...

Sy buk om in die donker leë graf in te kyk... Dan bemerk sy die twee engele wat met die ander vroue gepraat het. Een sit waar Jesus se hoof gelê het en die ander een by die voetenent. Hulle bemerk Maria se trane en vra: "Vrou waarom ween jy?"

Maria is egter blind van verdriet. Sy bemerk nie eens dat sy met engele te doene het nie. Haar hart is net vol van haar verlies. Sy is oortuig daarvan dat Jesus se liggaam deur mense verwyder is. Dit is haar één kommer. "Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."

Treffend is die persoonlike trekkie: "My Here..." Dit is die taal van die liefde. Daarin openbaar sy die tere band wat haar aan Hom bind... Sy noem Hom ook nou nog "my Here". Dit is verrassend dat Maria dit nog doen terwyl Jesus dood is. Dit toon dat sy Hom ken en onthou as die Persoon wat haar grootliks begenadig het... Vir haar is hy "Here" al begryp sy nie hoe Hy dood kan wees nie... Die geloof is nie verklaarbaar nie en kan met ons verstand nie uitgepluis word nie. Dit kos ook eintlik 'n vrou om so "onlogies" te glo. Maria is in die diepte – dit is vir haar stikdonker – maar Jesus bly nog "my Here".

Sonder om te wag op 'n antwoord van die engele – moontlik het sy gedink dat hulle tog ook nie sal weet nie – draai sy om. Sy is rusteloos, soekend, soos elke mens wat 'n dierbare verloor het deur die dood. Daarby word sy ook gejaag deur die onsekerheid... Waar kan Jesus se liggaam tog wees? Sy wag nie op 'n antwoord nie, maar draai om en soek verder...

Sy sien weer Iemand staan. Moontlik is dit die tuinier... Miskien weet hy... Ook die Man se vraag is: "Vrou waarom ween jy?" Ag, Maria, jy het nie rede om te ween nie. Besef jy dan nie dat jou Here nie in die dood kan bly nie? Onthou jy nie dat Hyself gesê het dat Hy sal opstaan nie? As jy tog maar besef het Wie nou met jou praat – al dink jy dat Hy die tuinier is...

Smart maak 'n mens blind en vergeetagtig. Die beloftes van die Here is dan vergete of altans klein en byna niksseggend teenoor die berg van verdriet... Selfs die geloof wankel. Só is dit maar met die dinge wat ons harte ontstel. Gelukkig vergeet die Here ons nie... Hy kom tot ons, soms in die gestalte van 'n tuinier – dit mag selfs 'n kind of bediende wees... Hy kom met ontdekkende vrae. "Waarom ween jy? Wie soek jy?" As ons dan tog maar daar agter die Here self sien. Sy vertroostende stem en sy soekende liefde kom ons teë...

## 5 Jy is Myne!

Jes. 43:1-8

*"Maria!" ... Rabboeni!"* (Joh. 20:16)

Hierdie uitroep "Maria" openbaar aan ons 'n wêreld van liefde en begrip van die Heiland. Aan die ander kant hoor ons in Maria se antwoord: "Rabboeni!" die blye uitroep van geloofserkenning van 'n mens wat baie dankbaar is en daarom haar Here baie lief het. Dit is vir Maria die verrassing van haar lewe. Sy ween oor Hom. Sy herken Hom selfs nie – Hy is in haar oë die tuinier. In haar ongeloof soek sy nie na die lewende Christus nie. Sy het sy versekering, dat Hy sal opstaan, vergeet – of moontlik nie geglo nie . ..

Maria praat van Jesus as "my Here", maar as sy Homself aanspreek sê sy: "Meneer as u Hom weggedra het sê vir my waar u Hom neergelê het en ek sal Hom wegneem"

Weer sou sy, sonder om op 'n antwoord te wag wou omdraai en verder soek. Daarop sê Jesus vir haar: "Maria!" Eintlik gebruik die Here hier haar oorspronklike Aramése naam "Miriam!" Só het haar ouers en vriende haar genoem. Só het Jesus haar geken en aangespreek. Ook nou doen Hy dit. Hy spreek haar aan op haar geboortenaam in haar moedertaal.

"Miriam! Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos! Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!" (Jes. 43). Só roep die Here haar en ons almal toe... Hy roep ons by die naam. Hy ken ons. Ons behoort aan Hom. Ons is aan Hom gebind. Sê dit maar aan die kinders van God! "Wees nie bevrees nie; hier is julle Here. Hy was dood en kyk, Hy leef tot in alle ewigheid!"

Maria reageer spontaan; onbeskryflik verras en bly: "Rabboeni!" Wat hou die uitroep nie alles in nie? Sy herken sy stem wat haar op die bekende kenmerkende wyse aanspreek. Só ken net één Persoon haar – só spreek alleen Hy haar aan!

Verbaas en verbly kom dit uit haar hart: "Rabboeni!" Johannes voeg dan by, terwille van sy Griekse lesers, dat "Rabboeni" beteken "Meester".

Die herkenning van die stem van ons Meester beteken vir ons altyd verbasing en vreugde. Hy spreek my aan in sy Woord. En ek is 'n sondaar wat soms blind en ongelowig is... Hy praat met my van genade en verlossing en van lewe uit die dood. Geloofsherkenning bring geloofsvreugde. Dit is die beginsel van die ewige vreugde – dit is die ewige lewe wat nou en hier begin en wat ons nooit weer kan verloor nie.

Ook Maria het Hom gevind om Hom nooit weer te verloor nie. Selfs die dood en die graf kon Hom nie van haar wegruk nie. Hy is terug uit die dood... Die blye herkenning hou ook onwrikbare sekerheid in... Het ons eenmaal sy stem herken, verloor ons die wete nooit weer nie.

## 6 Los My!

Matt. 16:21-28

*"Raak My nie aan nie..."* (Joh. 20:17)

Met sy begroeting "Maria" het Jesus die waarheid van die volle werklikheid aan haar tuis gebring. Uit haar antwoord "Rabboeni!" spreek die volle liefde en oorgawe van haar hart. Spontaan gryp sy na Hom – moontlik terwyl sy aan sy voete neerval. Sy gryp só asof sy Hom wil vashou. Daarop sê Jesus: "Raak My nie aan nie..." Ons kan dit ook só weergee: "Moenie aanhou om My vas te hou nie..."

Dit wil Jesus aan haar tuisbring. "Jy dink om My só vas te gryp en altyd by jou te hou... Dit kan egter nie meer nie. Die verhouding is nou anders as wat dit voorheen was. Ek moet eers opvaar na My Vader. Dan sal jou verbondenheid aan My op 'n ander wyse ononderbroke voortgesit word..."

Die band met haar en al sy dissipels sal nie verbreek word nie, maar dit sal anders wees. Hy is met ons al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Na sy majesteit, genade en Gees wyk Hy nimmermeer van ons nie. Hy regeer ons elke dag deur sy Woord en Gees. Hy hou ons elke dag in sy almagtige hand, sodat niemand ons uit sy hand kan ruk en ons nooit verlore sal gaan tot in ewigheid nie... Dit is selfs 'n ryker en heerliker gemeenskap as om Hom liggaamlik op aarde te behou.

En dan kry Maria 'n besondere opdrag: "Gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God."

Volgens die ander Evangelies het die ander vroue ook van Hom 'n opdrag gekry. Hulle moes aan die dissipels gaan sê dat Jesus opgestaan het en voor hulle uitgaan na Galilea, waar hulle Hom sal kry... Maria kry egter die besondere opdrag om vir hulle te sê dat Hy gaan opvaar na die hemel... Sou dit wees omdat sy self in die opsig tot insig gebring is? Sy kon aan hulle tuisbring dat die verhouding anders sal wees. Ook dit het Hy vir haar self gesê. Daarom gaan haar opdrag verder as die van die ander vroue. Só is sy toeberei vir haar besondere taak.. .

Dit is die gewone werkwyse van die Here. Kry iemand 'n besondere taak – word hy voor 'n besondere roeping gestel – dan word hy vooraf daartoe toegerus. Die Here roep nie alleen nie – Hy bekwaam ook tot die roeping. Dit is die sinryke inhoud van die "salwing" in die Bybel. Só is Dawid, byvoorbeeld, gesalf tot koning. Dit beteken dat hy daartoe uitverkies – geroep – is, maar ook dat hy daartoe bekwaam is deur die Heilige Gees. Dit geld van elke gelowige. Elke gelowige is geroep en toegerus om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees.

## 7 Broers

Mark. 3:31-35

*"Gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God."* (Joh. 20:17)

"Gaan na my broers..." sê Jesus vir Maria Magdalena. Hy sê dit na sy opstanding. Hy het alreeds aan Maria self tuis gebring dat die verhouding tussen Hom en sy volgelinge nou anders is. Dit is nie meer liggaamlike of aardse bande wat hulle aan mekaar bind nie.

Die verhouding tussen Jesus en sy dissipels word anders. Sy dissipels het wel in die krisisuur op die vlug geslaan. Hulle het Hom alleen gelaat. 'n Mens sou verwag dat sy eerste boodskap aan hulle sou wees om daarvan rekenskap te kom gee. "Waarom was julle so lafhartig?" sou ons kon verwag.

En tog benader Hy hulle in tere genade. Hy adresseer sy boodskap aan sy broers en nie aan 'n groep drosters nie. Dit is hulle in werklikheid. Dit gaan egter nie om wat hulle gedoen het nie, maar om wat Hy gedoen het. Hy het gely om hulle te verlos. Daarom kry hulle die genadige tyding. Hulle is sy broers want hulle deel in sy erfenis. Ons is mede-erfgename van Christus. Ons behoort tot dieselfde gesin as Hy. Dit geld wel nie van alle mense nie. Net diegene wat aan Hom behoort, deel in die voorreg. Elkeen wat in Hom glo, is sy broer en suster. Ons staan naas die eniggebore Seun van God as kinders van God . ..

Daarom praat Hy verder van "my Vader" en "julle Vader" en "my God en julle God..." Ook hierin benadruk Hy ons intieme deelgenootskap aan Hom. Sy God is ons God en sy Vader is ons Vader. Dit het Hy vir ons gedoen. Hy het vir ons weer die guns van ons God en Vader verwerf. Daarom en daarom alleen staan ons naas Hom.

Hiermee bring Jesus tuis wat Hy vir sy dissipels verwerf het in sy kruisdood. Die dinge kan Hy nou duideliker as voorheen sê, want die losprys is klaar betaal. Dit is die feitelike toestand in die lig van die kruis. Ons kan gerus hierdie waarheid in ons hart bewaar. Jesus is goed vir ons – Hy noem ons sy broers en plaas ons weer voor die liefdevolle aangesig van sy Vader en ons Vader; sy God en ons God.

Maar waarom sê Hy dan nie "ons Vader" en "ons God" nie? Waarom is dit "my Vader en julle Vader" en "my God en julle God"? Dit sê Hy omdat sy Seunskap verskil van ons s'n. Hy is die enige natuurlike Seun van God – ons is om sy ontwil aangeneem tot kinders van God. Hy is self God – ons is skepsele. Hy plaas Homself naas ons en tog is Hy onse Here. Ons is sy broers en tog ook sy diensknegte – ons behoort selfs na liggaam en siel, in lewe en sterwe aan Hom. Hy het ons gekoop tot sy eiendom. Hy het ons egter nie losgekoop van die duiwel en die sonde en die dood om ons weer te verslaaf nie. Hy het ons gekoop tot sy broers en susters. Daarom neem die Vader ons aan as sy kinders.

## 8 Vertel dit!

Ps. 66:8-20

*"Maria Magdalena het aan die dissipels gaan vertel..."* (Joh. 8:18)

Jesus het Maria eerste liefgehad. Daarom het Hy haar verlos. Maar dan beantwoord sy die liefde met wederliefde. En dan word hierdie geskiedenis aan ons vertel óók om haar groot liefde vir haar Here aan die lig te bring. Dit moet egter ook dien as 'n voorbeeld vir almal wat deur Jesus verlos is. Elkeen wat baie van Hom ontvang het, het Hom baie lief. En die liefde tot Hom kom ook by ons, soos by haar, daarin tot uiting dat ons Hom soek – met ons hele hart. Sy Woord en sy liggaam – sy kerk – is vir ons dierbaar. Al sou ons sy kerk beskou as koud en onverskillig – dan is dit nog sy liggaam. As een lid ly, ly alle lede.

Nadat sy haar Here weer gevind het, mag sy haar egter nie alléén in sy liefde koester nie – hoe aangenaam dit ook al is. Die beste manier om wederliefde aan die Here te bewys, is om daarvan aan andere te vertel. Só eer ons Hom deur te vertel van sy groot dade.

En ons almal het nog dieselfde voorreg as Maria. Dink daaraan wat sy moes gaan vertel: "Gaan na my broers en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God." Dit is tog maar wat ons ook moet sê. Jesus, onse Here, was dood en Hy het weer opgestaan en Hy het opgevaar na die hemel... Dit is die blyste van alle blye tydinge wat die mensdom kan ontvang. Is die dood dan nie ons grootste nood nie? Ons het dit wat die wêreld nodig het. Ons kan dit aan die wêreld gee deur daarvan te praat.

"Maria Magdalena het aan die dissipels gaan vertel dat sy die Here gesien het en dat Hy dit vir haar gesê het." Sy het gaan vertel wat sy gesien en gehoor het. Dit is haar voorreg om dit eerste te gaan vertel. Die ander vroue, wat die oggend saam met haar na die graf is, het ook die opdrag ontvang om te gaan vertel. Hulle was egter só verskrik dat Markus sê: "En hulle het vir niemand iets gesê nie." Hulle sou wel later gepraat het, maar aanvanklik het hulle geswyg. Daarom is dit wel moontlik dat Maria die eerste opstandingsbode was... Eintlik maak dit egter geen verskil nie. Die hoofsaak is dat sy wel haar opdrag uitgevoer het. Sy het nie getalm nie, maar vertel.

So kan ons afskeid neem van Maria Magdalena. Ons kan haar in dankbare herinnering hou... Ons kan egter nie afskeid neem van die opdrag van die Here nie. Die opdrag en sy inhoud moet ons hou. En ons moet Maria se voorbeeld navolg. Gaan vertel aan sy broers...

## 9 Sien en Glo

Gen. 24:10-21

"... *en hy het gesien en geglo...*" (Joh. 20:8)

Toe Maria die graf van Jesus oop vind, het sy eers teruggehardloop na Petrus en Johannes om hulp te gaan soek. Die twee dissipels is daarna haastig na die graf. Johannes was eerste daar, want hy het die vinnigste gehardloop. Hy buk en kyk in die graf. Hy gaan nie in nie. Toe Petrus aankom, gaan hy binne-in die graf.

Hy kyk noukeurig na die doeke wat daar lê. En wat hy sien, is merkwaardig. Hier lê die doeke ordelik bymekaar – die doek wat om Jesus se hoof was, lê netjies opgerol eenkant. Iets dring deur tot Simon Petrus. Al die doeke lê daar – ordelik en netjies. Die liggaam van Jesus is nie meer daar nie. Geen dissipel het Jesus se liggaam derhalwe verwyder nie. Rowers sou ook gewis nie die doeke hier laat lê nie – en beslis nie só ordelik nie.

Is dit nie moontlik dat Jesus self die doeke kon verwyder het en dit so netjies agtergelaat het nie? Dit is selfs moontlik dat Petrus, wat drie jaar intiem met Hom saamgeleef het, hier iets bemerk wat Jesus gewoon was om te doen. Hy was gewoon om elke ding op sy plek te sit.

Johannes kom nou ook in en kyk na die doeke. Toe hy die doeke sien, weet hy: Jesus het opgestaan. Hy ken sy Meester goed. Hierdie dinge is vir Hom 'n duidelike teken.

Selfs by sy opstanding het Jesus sy dissipels se swak geloof in gedagte gehou. Hy rangskik die grafdoeke op só 'n wyse dat dit vir hulle 'n teken is: Hy het opgestaan. Daarom sien hulle nie die engele wat die vroue gesien het nie. Dit was vir hulle nie nodig nie. Jesus het die grafdoeke vir hulle beskik. Daaruit kon hulle wel sien wat met Hom gebeur het...

Elke volgeling van Jesus ken Hom só. Hy gebruik nie alleen grafdoeke om ons te laat sien en glo nie, maar ook allerlei ander dinge en gebeure, wat ander mense nie eens as iets besonders sou beskou nie. Só sterk Hy dikwels ons wankelende geloof in tye van donkerheid en nood... Glo u in tekens? Ek wel. Ek ken dit uit ervaring.

En dan deel Johannes iets verder mee, wat met ons ook gebeur. Nou onthou hulle selfs dat die Skrif ook praat van die opstanding van Jesus. Tot nou toe het hulle die Skrif in die opsig nog nie verstaan nie. Dit gebeur ook met ons. Bepaalde gebeure bring vir ons lig of insig. Dan dink ons ook aan wat die Skrif sê en – ons glo.

## 10 Jesus besoek ons

Hebr. 4:1-13

"... *het Jesus gekom en in hulle midde gestaan en vir hulle gesê: Vrede vir julle!"* (Joh. 20:19)

"En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het, uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en vir hulle gesê: Vrede vir julle!"

So gaan. Johannes voort met die opstandingsverhaal. Hy benadruk dat dit die aand van die eerste dag van die week is. "Die Nuwe Testament sonder deurgaans die eerste dag van die week uit as die belangrikste van die dae van die week" (Hendriksen). Dit sien ons by die opstandingsverhaal in al die Evangelies (Matt. 28:1; Mark. 16:2; Luk. 24:1 en hier by Johannes). Ook in Handelinge lees ons dat die gemeente op die eerste dag van die week vergader het om brood te breek – Nagmaal te vier (20:7). Paulus skryf ook aan die Korinthiërs om op elke eerste dag van die week die kollekte vir die behoeftige gemeente van Jerusalem af te sonder (1 Kor. 16:2). En in Openb. 1:10 lees ons dat Johannes in die gees was "op die dag van die Here" - kennelik ook die eerste dag van die week...

Dit is duidelik dat die Nuwe Testament die Naam van die Here knoop aan sy opstandingsdag.

Jesus gee ook inhoud aan die rusdag deur op die rusdag te kom en in ons midde te staan en vir ons te sê: "Vrede vir julle..." Daar het u die sin en inhoud van ons Sondag.

Johannes praat selfs van die "aand van die eerste dag van die week. Dit was gewis nie vroeg in die aand nie, want die deure was al gesluit uit vrees vir die Jode. Vir die Jode is die dag verby teen sononder. Volgens hulle spraakgebruik, hoort die aand dan alreeds tot die volgende dag. Hoewel Johannes 'n Jood is, het hy die Joodse metode van tydberekening alreeds nie meer gebruik nie.

Die dissipels is verward en onrustig. Hulle weet teen die tyd dat Jesus opgestaan het. Uit vrees vir die Jode sluit hulle die deure... 'n Mens kan nooit weet watter uitwerking die gerugte van Jesus se opstanding by die vyandige Jode kan hê nie...

Geslote deure hou Jesus egter nie buite nie. Hy het gekom en in hulle midde gestaan. Dit kan nie beteken dat sy menslike liggaam nou vergoddelik is en alomteenwoordig geword het nie. Ons weet waarlik nie hoe Hy ingekom het nie. Die saak wat Johannes wil benadruk is dat Hy wél gekom het. ..

Hy kom gelukkig nie as vyand nie, maar as vredesbode. Ja, baie meer as dit; Hy kom as Vredebrenger. Hy bring vrede en Hy gee dit ook. Sy woord is nie bloot 'n vredeswens nie, maar Hy gee dit waarlik. Dit kan Hy nou in volle mate doen – Hy het die vrede met God vir ons verwerf. Daarom het ons dit onverliesbaar.

## 11 Liggaamlik opgestaan

Joh. 20:19-31

*"Nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy..."* (Joh. 20:20)

Jesus wys sy wonde. Hy wys dit aan sy dissipels. Kyk na sy hande en sy sy... Kyk na die spykergate waarmee Hy aan die kruis vasgenael is. En kyk ook na die wond aan sy sy, waar die Romeinse soldaat hom met die spies gesteek het – die wond waaruit bloed en water gekom het... Dit is noodsaaklik dat Hy dit wys en dit is noodsaaklik dat sy dissipels daarna kyk. Waarom?

Hier staan Iemand in hulle midde. Hy het onverwags gekom – hoe weet hulle selfs nie. Hy mag 'n gees wees of hulle mag gesigte sien – of hulle selfs dinge verbeel. Daarom nooi Hy hulle uit om te kyk. Hulle moet Hom uitken – identifiseer. Hulle moet kan vasstel dat dit werklik Hy is... Afgesien daarvan dat hulle Hom goed ken, is dit nodig dat hierdie bykomende getuienis onomwonde ondersoek moet word. Dit gaan om lewensbelangrike dinge – om die wel of wee van die ganse mensdom... Daarom kyk goed manne, sodat julle waarlik in die wêreld kan getuig dat Hy wat gekruisig is, weer uit die dood opgestaan het...

Hierdie Mens in die kring van die dissipels het 'n ware menslike liggaam. Hy het hande van vlees en bene, met die merke van die spykers daarin. In sy sy sien hulle die gapende wond... Hy is geen hallusinasie nie. Hy het nie 'n skynliggaam soos die docétiste wil voorgee nie. Hy het 'n liggaam van vlees en bloed. Kyk goed na Hom manne. Julle moet daarvan kan vertel.

Dit is nie bloot die "gees" van Christus wat voortleef in die kerk nie. Net so min as wat alleen sy gees opgestaan het, net so min verbly ons ons in 'n skim. Die geleerdes wat voorgee dat Christus se opstanding 'n voorstellingswyse van die sg. "oerkerk", is, waarmee hulle wil gestalte gee aan die voortbestaan van sy nagedagtenis in hulle harte, is op 'n dwaalspoor. Dit is in stryd met die feite van die geskiedenis. Die hele Nuwe Testament berig anders. Die ou kerk het ook anders geglo. Hulle het op vaste grond gestaan – die fondament van die liggaamlike dood en opstanding van Christus. Uit Hom het hulle geleef en vir Hom het hulle gewilliglik gesterwe... Deur sy opstanding is die angel van die dood verwyder...

Daar staan Hy – die lewende Christus – en Hy sê: "Vrede vir julle!" En dan wys Hy vir hulle sy wonde... Dit is die bewys dat sy woorde: "Vrede vir julle"... nie bloot 'n wens is nie... Dit is nie maar sommer praat nie... Hier dra Hy die bewys in sy liggaam dat die vrede werklik is. Hy het die prys vir ons vrede met God betaal. Sy wonde is die bewys daarvan...

## 12 Gesante

Hand. 1:1-14

*"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle."* (Joh. 20:21)

Die opgestane Heiland verskyn aan tien van sy dissipels en enkele ander vriende. Ons weet uit Lukas dat die twee Emmaüsgangers ook die aand by hulle was. Thomas, een van die elf dissipels, was afwesig... Jesus het die manne begroet met die uitspraak: "Vrede vir julle!" Daarna wys Hy hulle sy hande en sy sy. Die dissipels is baie bly om die Here te sien...

Tog kan ons aanvaar dat daar by hulle 'n mate van vrees aanwesig was. Dit is heeltemal 'n nuwe situasie – vreemd en onbevatlik vir die manne. Die onverwagse en geweldige, in die opstanding van Christus, gryp hulle aan. Ons merk dan ook dat Johannes niks rapporteer van wat hulle vir Jesus gesê het nie. Hulle is stom geslaan. Miskien kan ons ook nou van hulle sê dat hulle in hul harte ontstel is, soos vroeër by sy lydensaankondiging. Moontlik het hulle opgespring toe Hy verskyn het – so asof hulle wou vlug. Skugter en afwagtend kyk hulle na Hom...

Nadat Hy hulle sy hande en sy sy gewys het, lees ons dat hulle bly was om die Here te sien... En tog was dit nodig dat Jesus 'n tweede keer vir hulle sê: "Vrede vir julle!" Sy vrede moet by hulle indring. Hoewel die vrede, wat Hy gee, buite onsself in Hom en sy versoeningswerk vas geanker is, moet dit ook ons eiendom word. Ons moet dit deur die geloof toe-eien en daarin lewe... Daarom is dit ook vir ons nodig dat dit weer gesê moet word – herhaaldelik, ons lewe lank. Daar is só oneindig baie dinge wat dreig om ons die vrede te ontneem...

Ons kan ons selfs voorstel dat sy eerste seëngroet by hulle kon verbygegaan het, vanweë die skrik en verwarring toe Hy ineens voor hulle staan. Daarom was dit nodig dat Hy dit weer sê – nou is hulle bowendien meer ontvanklik daarvoor.

Daarop stel Hy hulle amptelik aan as apostels. 'n Apostel is 'n gesant wat in die Naam en op gesag van Christus moet optree. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Hy was die gesant van die Vader. Hy is met volmag na die wêreld gestuur. Hy het sy opdrag volkome uitgevoer. Sy werk gaan egter voort. Só gaan ook die Vader se werk nog voort... Nou gebruik Hy hulle, sy gesante, om voort te werk in sy Naam.

Hierdie groepie apostels het die grondslag gelê van alles wat na hulle gedoen is in die wêreld. Hulle het die fondament gelê – dit is die getuienis wat hulle nagelaat het in die Nuwe Testament. Daarop word die kerk van Christus gebou... Wee hom, wat 'n ander fondament lê as wat die apostels gelê het.

Nou kan die apostels aangestel word. Hulle weet nou wat Hy gedoen het. Hy het alles volbring. Die inhoud van die boodskap van die apostels is Hy – Jesus Christus, wat gekruisig is en opgestaan het. Hulle weet nou van hierdie dinge – daarom kan hulle daarvan gaan vertel.

## 13 Amptelike salwing

Ef. 4:1-16

*"Ontvang die Heilige Gees."* (Joh. 20:22)

"Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees."

Jesus het vroeër gesê: "Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar Hy kom en waarheen Hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is" (Joh. 3:8). Ook met Pinkster, wat in Hand. 2 beskryf word, lees ons dat daar 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind gekom het, toe die Heilige Gees uitgestort is. Hier blaas Jesus. Daarmee gee Hy aan sy apostels 'n teken. So kondig Hy die koms van die Gees aan. Hy ag die teken nodig, onder die omstandighede waaronder die manne nou verkeer. 'n Mens kan dit sien as 'n versekering aan hulle dat hulle die Heilige Gees sekerlik ontvang. Die Heilige Gees is nie self sy asem nie, maar hulle ontvang die Gees gewis.

Dan sê Hy: "Ontvang die Heilige Gees." Hierdie uitspraak is nie in stryd met Hand. 2, waar ons verneem van die uitstorting van die Heilige Gees nie. Hieruit kan ook nie afgelei word dat die apostels die Gees ontvang het om aan andere mee te deel nie. Die mag het mense nie. Die Heilige Gees is vrymagtig en doen wat Hy wil. Hier het ons alleen te doene met hulle salwing met die Heilige Gees tot apostels... Dit is verder 'n bewys dat die Heilige Gees ook van die Seun uitgaan en nie alleen van die Vader nie.

"Ontvang die Heilige Gees" beteken dat Jesus die Heilige Gees gee aan sy apostels met die oog op hulle bepaalde roeping. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook..." Dit is hulle roeping. Daartoe het hulle krag en wysheid nodig. Dit kry hulle van die Heilige Gees.

Op die wyse het geen ander mense die Heilige Gees ontvang nie. Ná hulle sterwe was daar nie weer apostels in die kerk nie. Hulle alleen is op die besondere wyse toegerus.

Tog kan ook ons hieruit troos en bemoediging put. Ook ons is gesalf met die Heilige Gees. Hy bind ons deur die geloof aan Jesus Christus. Word ons geroep tot een of ander besondere amp of taak, ontvang ook ons die nodige gawes en kragte van Hom. Die Here roep nooit 'n mens wat Hy nie self toerus nie. Daarom hoef 'n geroepene nie terug te deins vir wat die Here hom opdra nie. Hy gaan self met ons mee, want die Heilige Gees is met ons.

Dit geld ook vir elkeen wat in Jesus glo. Ons hoef nie terug te deins vir ons roeping as gelowiges nie. Ons kan vrymoediglik voortgaan. Ons kan sy Naam met vrymoedigheid bely in die wêreld. Deur die krag van die Gees bring ons onsself as offers vir Hom. En ons volhard in die goeie stryd, omdat die Heilige Gees ons bewaar.

## 14 Sleutelmag

Rom. 2:1-16

*"As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou."* (Joh.20:23)

Die apostels is toegerus met die Heilige Gees om hulle amp uit te voer. Hulle word die wêreld ingestuur – dit is 'n wêreld van sonde en sondaars. Daarom het hulle daartoe 'n besondere gawe nodig. Hulle werk staan selfs i.v.m. die vergewing van die sondes van mense...

Allereers moet ons in gedagte hou dat hierdie opdrag kom tot die apostels. Hulle is ampsdraers wat in die Naam van Christus moet optree. Dit is baie duidelik in die lig van Matt. 16: "En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees; en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." Die mag om oop en toe te sluit is toevertrou aan die apostels in hulle amp. Daarom kom dit ook toe aan die kerk soos hy in sy ampte optree.

Hierdie sogenaamde "sleutelmag" kan nie eiewillig of selfstandig, los van die Heilige Gees, uitgeoefen word nie. Daarom moet dit in ooreenstemming met die Woord van God gedoen word. Daaruit ken ons die wil van die Heilige Gees...

Wat beteken dit nou om mense se sondes te vergewe of te hou? Dit kan niks meer inhou as dat die apostels en die kerk deur sy ampsdraers, 'n verklaring kan doen oor 'n bepaalde sondaar nie. Dit word in die eerste plek gedoen deur die verkondiging van die Woord van God.

Waar die Woord van God verkondig word, word sondaars tot geloof en sondebelydenis geroep. Antwoord hulle gelowig op die roepstem, dan word hulle sondes vergewe. Weier hulle om te glo, dan word hulle sondes nie vergewe nie – dan is hulle sondes gehou, soos Jesus sê. Só ernstig is dit in die oog van die Here dat Hy oordeel volgens die Woord wat sy gesante verkondig het.

Sien ons hierdie uitspraak verder in die lig van 1 Kor. 5, dan is dit duidelik dat die Here Jesus nie alleen die prediking van die Woord bedoel nie. Paulus vermaan die gemeente om 'n man, wat in hoerery lewe, uit hulle midde te verwyder. Hy moet uit die gemeente uitgesluit of afgesny word, omdat hy openlik volhard in sonde. Dit moet die kerk ook doen. So 'n onbekeerlike mens word dan ook uit die hemelryk uitgesluit. Die kerk tree in die Naam van die Here op en Hy bekragtig dit deur sy oordeel.

Gelukkig is daar nog vir elke mens, solank hy op aarde is, die moontlikheid om tot bekering te kom. Dan word só iemand met vreugde in die kerk terugontvang – en in die hemel verbly die engele hulle ook daaroor.

# 15 Kom Kerk toe!

Ef. 6:10-20

*"En Thomas was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie."* (Joh.20:24)

"En Thomas wat genoem word Didimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie."

'n Mens wonder waarom Thomas op die betrokke aand nie teenwoordig was nie. Kan dit wees dat hy alleen êrens rondgedwaal het met sy smart en vrae? Ons leer Thomas uit die Bybel ken as 'n persoon wat besonder geheg was aan sy Meester en tog het hy daarteenoor gou in onsekerheid en selfs moedeloosheid verval. Toe Jesus, na Lasarus se dood, na Jerusalem sou vertrek om hom op te wek, was sy dissipels bekommerd oor die vyandskap van die Jode. Te midde van al die vrese sê Thomas: "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe." Hy dink nie in die eerste plek aan die gestorwe Lasarus nie.

Ook nie aan homself nie, maar aan Jesus wat nie alleen moet sterwe nie.

Min het Thomas destyds geweet dat Jesus alleen sou sterwe. Hoe sou hy kon weet dat sy getroue dissipels toe sou wegvlug – ook hy Thomas? Afgesien van die raaisel van Jesus se dood, sou hierdie gebrek aan moed en trou hom en die ander dissipels baie hinder. 'n Mens se gewete is 'n kwaai tugmeester. Soms gebruik die Heilige Gees ons gewete om ons tot sondebesef te bring – soms weer moet Hy ons teen ons eie gewete verdedig sodat ons nie in ongeloof en wanhoop sou versink nie. Hy is die Trooster of Advokaat wat vir ons pleit by God en by onsself. Anders sou ons in wanhoop versink oor onsself.

Die Here alleen weet waar Thomas was. Vir ons lyk dit moontlik dat hy êrens alleen was – moedeloos en verlate en ontredder... Alleen worstel hy met sy vrae in 'n geestetoestand wat aan wanhoop grens .. .

Die blye aand was Thomas se plek dus leeg. Hy mis die aanwesigheid van die lewende Christus. Hy hoor nie die seëngroet: "Vrede vir julle!" nie. Hy ontvang ook nie die vrede nie. Hy leef voort in sy donker kamertjie, toegesluit in sy eie kleingeloof en wanhoop.

Die soort Thomasse is volop. Die wegblyers se leë plekke is opvallend waar blye Christene die opgestane Here ontmoet. Waar is dit vra u? Dit is daar waar die Here elke Sondag saamkom met sy gemeente in die erediens. 'n Erediens is nie bloot 'n vergadering van mense nie. Dit is nie soos 'n konsert of 'n bioskoopvertoning of 'n rugbywedstryd nie. Na sulke plekke gaan mense wat daarin belangstel en hou van 'n mooi vertoning. Baie mense verwag ook 'n mooi vertoning in die vlees in die kerk. 'n Predikant met retoriese gawes wat weet hoe om die mense te plesier... Anders bly hulle weg... Andere het maar die gewoonte om weg te bly... Andere sit vasgevang in hulle eie lewensnood en kwellinge... By die erediens kom Jesus saam met sy volk – die opgestane Jesus... Wee hulle wat dit verag. Wee die leraars ook, wat Hom nie duidelik aanwys vir sy gemeente nie.

## 16 "Sien is Glo?"

Hand. 22:22-34

*"As Ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."* (Joh. 20:25)

Die beskeie, moedverlore, teruggetrokke Thomas kan nogal verwaand wees. Hy stel sy eise. Hy verwag dat aan bepaalde voorwaardes voldoen moet word, voordat hy, Thomas, dit enigsins sal oorweeg om te glo.

Die ander apostels het die voorreg gehad om die lewende Heiland te sien. Hy het hulle sy hande en sy sy gewys. Hulle het uit sy mond gehoor: "Vrede vir julle." en hulle het vrede. Die droefheid en rou en kleingeloof en verwarring oor sy veroordeling en dood, is weg... Selfs die selfverwyt oor hulle eie gebrek aan moed en trou in sy krisisuur is ook weg. Hulle het die Here gesien en Hy het hulle nie afgewys of verwyt of selfs ligtelik berispe nie. Hy was maar net begaan oor hulle ontwrigting en innerlike behoefte. Hy het hulle alleen teëgekom met: "Vrede vir julle..."

Van al hierdie vreugde vertel die ander dissipels vir Thomas. Hoe kan dit ook anders? Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. En daarby wou hulle die liewe swartgallige Thomas só graag uit die put help. "Ons het die Here gesien." So begroet hulle hom...

Gelukkig is die wêreld nie alleen vol Thomasse en sy tweeling broers en susters nie. Daar is ook die met die vreugdetyding. Die vreugderoep word nog steeds in die wêreld gehoor: "Ons het die Here gesien!" Ons het Hom gesien in sy Woord. Ons het sy kruisdood en opstanding gesien. Om te glo beteken om te sien. Dan sien 'n mens die onsienlike dinge. En dan vertel jy van die dinge... Die wêreld het dit nodig en die ongelowige Thomasse in ons midde het dit ook nodig.

Dit is selfs genoeg om te sê: "Ons het die Here gesien!" Die inhoud van só 'n boodskap gepaard met die blye oortuiging van die hart, kan nie anders as om mense se harte te raak nie...

Thomas se put van wanhoop is egter te diep. Hy het vasgegroei aan sy donker ongeloof. Hy kan nie glo nie. Eintlik beteken dit dat hy nie wil glo nie. Dit sal al te duidelik toon dat hy, Thomas, verkeerd is in sy opvatting. Daarom stel hy sy voorwaardes aan die dissipels – nee, aan Christus self: "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie..." En daarby bly hy – 'n hele week lank. Hy sou seker soos 'n suurknol die duidelike blydskap van sy makkers so onderlangs begluur... Hy bly by sy standpunt en daarmee uit... Soos die dae verbysleep lyk dit nogal of hy reg is... Die ander dissipels het hulle maar dinge verbeel. Herken jy jouself, Thomas?

## 17 By die Regte Plek

Luk. 14:15-24

*"Thomas saam met hulle."* (Joh. 20:26)

"En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hulle midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!"

Gelukkig het daar vir Thomas 'n geleentheid gekom om die dissipels se boodskap as waar te bewys. 'n Jong geleerde het 'n keer vir my gesê: "Hoe kan ek u aansprake verifieer?" Eintlik sou 'n mens daarop kon antwoord: "Deur jou oë oop te maak en te kyk. Kyk na Gods skepping wat oorvloediglik sy heerlikheid openbaar! Kyk na jouself en jou behoeftes en toets dit aan wat die Bybel van 'n mens se diepste behoeftes sê! ,Kyk na die antwoord van die Bybel op ons grootste vrae! Die antwoord is Jesus Christus. Hy is gekruisig maar Hy het ook opgestaan! Kyk na die vrede en vreugde van mense wat glo! Ongelukkig is daar soveel karikature van die ware gelowiges en die ware geloof in die wêreld, dat dit nogal moeite kos om die waarheid agter te kom deur na hulle te kyk. Andere kan nie sien nie, omdat hulle hul eie hand voor hulle oë hou. Die bepaalde jong geleerde wou nie sien nie. "Nee", het hy gesê, "die verantwoordelikheid is te groot. Ek wil dit nie op my neem nie". Bid vir hom en sy tweelingbroers.

Dit sê wel vir ons iets dat Jesus agt dae wag. Hy laat selfs die Joodse Sabbat verbygaan – tot 'n verleentheid vir die Sabbattariërs... Hy kom eers weer op die Sondagaand na sy kerk van destyds.

Gelukkig was Thomas se plek die aand nie leeg nie. Hy het moontlik wel geleer dat 'n mens die kans van jou lewe kan misloop.

Thomas was daar – toevallig? Nee, nie toevallig nie. Die Here het gesorg dat hy daar is. Moontlik het die ander dissipels hom oorreed om nie weer weg te dwaal nie. Hulle verwag die Here weer – en dan kan Thomas Hom miskien weer misloop. Sulke dissipels van Jesus is daar gelukkig nog. Die wat hulle kuiergaste en onverskillige vriende saamneem kerk-toe. Hulle weet wat die kerk vir hulleself beteken en gun dit só van harte ook vir andere... Ongelukkig is daar ook die Didimusse wat saam met Thomas wegbly...

Thomas kon miskien uit homself gesorg het dat hy daar is. Hy het darem nie heeltemal die ander manne se blye tyding as blote praatjies beskou nie – al wou hy dit nie erken nie... Hy het tog – miskien onbewus – gesorg dat hy by die groepie bly... Die Here kom na hulle toe – wie weet? Een ding weet ons agteraf wel – die Here self het toegesien dat Thomas die aand daar was.

Die Here besoek bepaalde gegewe adresse op aarde... Hy gaan kerk-toe – daar verbly Hy Hom saam met sy gemeente... En Hy besoek die nederige en verbryselde van hart... Dit is adresse wat Hy goed ken. Wag daar op Hom – u sal Hom gewis sien.

## 18 Bewyse!

Job 38:1-14

*"Bring jou vinger hier en kyk..."* (Joh. 20:27)

Thomas is nou daar en hy sien die Here. Hier staan Hy in hulle midde. Hy hoor hoe die Here sê: "Vrede vir julle!"

"Dankie Here, dit is genoeg vir my. Ek het U gesien. Nou is my onsekerheid en my droefheid en my vrae ineens weg. Nou sien ek... Dankie Here, ek het niks meer nodig nie."

Maar dan wend die Here Hom tot Thomas: "Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig." Dit dan is Thomas se teregwysing. Dit beantwoord presies op 'n druppel water aan die voorwaardes wat hy die vorige week gestel het. "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vingers steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie..." Op die puntjies af – een vir een – beantwoord die Here sy ongeloofseise...

Thomas het die vorige week sy eise gestel aan die groepie dissipels. Sê nou maar die Here het nie weer verskyn nie – dan sou hulle nooit aan Thomas se eise voldoen het nie. Dan sou hy in sy ellende gebly het... En wat kon hulle daaraan doen? Hulle weet dat hulle die waarheid praat – maar as mense kan hulle iiiks meer doen nie. Vanselfsprekend kan hulle nog vir hom bid . ..

Ons kan probeer om mense te oortuig. Ons kan vir hulle bid. Ons kan hulle egter nie maak glo nie. Ons kan veral nie aan hulle ongeloofseise voldoen nie. Ons kan Christus nie dwing om op hulle voorwaardes te antwoord nie...

O, Thomas jy is besonder gelukkig. Christus handel met jou soos met weinig ander mense. Hy gee presies, puntjie vir puntjie, die bewyse wat jy gevra het.

En tog handel die Here met ons ook maar soos met Thomas. Hy bring sy bewyse. Hy oortuig ons – teen ons verstand en menslike logika in – dat Hy waarlik die Here is... Só het die Here vir Job geantwoord, toe hy in opstand en bitterheid God se reg en geregtigheid in twyfel getrek het... Hy het Job gewys op al die skeppingswondere en hom gevra of hy, wat Job is, dit vir God kan nadoen. Hy het Job uitgedaag om 'n paar natuurkundige vragies te beantwoord oor die ontstaan en instinkte en gewoontes van skepsele... Die ou vragie kan selfs die slim natuurwetenskaplikes van ons tyd nog nie antwoord nie. Die allerslimste onder hulle sê met 'n skouerophaling: "Ons sal nooit weet nie."

Ja, Christus antwoord wel, as ons maar wil kyk en luister en waarlik ons vingers en ons hande in beweging bring. Die moeilikheid is dat jy 'n verwénde kind nooit tevrede kan stel nie – hoe sou Christus nog 'n ongelowige na sy sin kan beantwoord?

# 19 Beoefen jou Geloof

Luk. 17:1-10

"... *moenie ongelowig wees nie, maar gelowig."* (Joh. 20:27)

Thomas het gesê: "... ek sal nooit glo nie." Hy wou eers sien dan sou hy glo. Jesus het aan Thomas se voorwaardes voldoen, maar nou kan Hy hom ook teregwys: "Moenie ongelowig wees nie, maar gelowig." Eintlik is hierdie teregwysing 'n bevel uit die mond van Jesus. Hy het hom so op die lysie af beveel... "Bring jou vinger hier, en kyk na my hande! Bring jou hand hier en steek dit in my sy! Moenie ongelowig wees nie, maar gelowig!"

Die Here beveel: "Moenie ongelowig wees nie, maar gelowig!" Maar kan dit? Kan die Here 'n mens beveel om te glo? Geloof is tog 'n gawe van die Heilige Gees. Dit word aan 'n mens gegee... En as jy nie glo nie, kan jy dit tog nie help nie?

Ons moet allereers in gedagte hou dat Jesus hier praat met 'n dissipel van Hom. Die man is 'n gelowige. Hy ken die Bybel en hy ken Jesus. Hy het hoegenaamd geen rede om ongelowig te wees nie. Hy het boonop die getuienis van sy mede-dissipels gehoor. Hy het hulle vreugde en sekerheid gesien. Maar hy wou nie glo nie. Hy verwerp die getuienis van Jesus se getuies, terwyl hyself een moes wees. Daarom kan Jesus hom teregwys. Hy kan hom beveel: "Jy moenie ongelowig wees nie! Jy moet glo!" Thomas se ongeloof strek nie tot eer van sy Meester nie. Dit moet hy allereers begryp. Ongeloof is sonde – teen Christus self. Dit moet Thomas en al sy tweelingbroers goed begryp. Hulle is besig om hulle Here te na te kom. Hulle neem Hom nie op sy woord nie. Hulle trek sy trou en genade in twyfel.

Het u al daaroor gedink waarom hierdie geskiedenis van die ongelowige Thomas alleen deur Johannes vertel word? Die ander Evangelies swyg daaroor. Sou dit nie moontlik wees dat die ander Thomas wou spaar nie? Johannes het baie oud geword. Volgens oorlewering het hy al die ander apostels oorlewe. Ook Thomas het voor hom gesterf. Johannes kon derhalwe hiervan vertel sonder om Thomas in verleentheid te bring. Gelukkig het hy dit vir ons oorvertel. Ter wille van ons, wat só maklik Thomas se voorbeeld volg en ons Here se Naam oneer aandoen, wanneer ons twyfel in Hom en sy genade, het die Here die verhaal vir ons bewaar.

"Moenie ongelowig wees nie, maar gelowig..." Moenie negatief dink en lewe nie. Moenie jou lewe vul met skeptiese kleingeloof of ongeloof nie, maar maak dit vol met die dinge van bo.

Beoefen jou geloof. Moenie op jou louere rus nie. Kyk op en soek die Here. Kyk rondom jou en dien jou medemens in die Naam van die Here. En as jy jou kom kry, het jou kleingeloof verdwyn. Jy het dit as 't ware weg gewerk, sonder dat jy dit agterkom. Die Here het geen behae daarin dat ons sit en pieker en ons verknies oor ons ongeloof nie. Hy verwag dat ons uit die geloof moet lewe – al is dit ook al klein.

## 20 Jesus Bely as God

Hand. 20:17-28

*"My Here en my God!"* (Joh. 20:28)

Iemand het êrens gesê dat sommige Bybeltekste met goue letters gedruk moet word. Ek sou graag hierdie uitroep van Thomas *so* wou sien... in goue letters in die Bybel en in goue letters geskrywe in die harte van mense. Dit kom uit die hart van 'n mens. Spontaan borrel dit uit. Onkeerbaar en van harte gelowig is hierdie uitroep van een van ons – Thomas – bekend as die *ongelowige* Thomas. Tot watter inhoudryke geloofsbelydenis kom hy hier! Dit kan waarlik nie die belydenis van 'n ongelowige mens wees nie. Dit is geloofstaal van die hoogste orde. Die man het duidelik gesien en duidelik in woorde uitgesê wat hy sien: "My Here en my God!"

Toe ek 'n keer in gesprek was met 'n Getuie van Jehowa het ek na hierdie uitroep van Thomas verwys. Die Getuies van Jehowa verwerp die Godheid van Christus en hier bely Thomas uitdruklik dat hy God is. Die man se reaksie was: "Aag, die ongelowige Thomas! Wie neem notisie van hom?" Die Here Jesus het wel van hom notisie geneem. Hy het selfs hierdie belydenis bevestig, want Hy sê daarop aan Thomas: "Omdat jy gesien het, Thomas, het jy geglo..."

Nee, soos die Getuies van Jehowa mag 'n mens nie met die Bybel omspring nie.

Thomas bely Jesus as God. Dit doen hy as gevolg van die selfopenbaring van Jesus. Hy het die dood oorwin. Hy het getoon dat Hy magtiger as die dood is. Geen mens kan die dood oorwin nie. Hy is egter ook getuie van Jesus se alwetendheid. Hy het geweet van Thomas se ongeloof. Hy het selfs presies geweet wat Thomas se voorwaardes is, waarop hy sou glo – daarom kom Hy die voorwaardes een vir een na... Daarby het Thomas darem ook nie tevergeefs drie jaar saam met Jesus deurgebring nie... Al die dinge werk daartoe mee dat hy tot die belydenis kom.

Só bring Thomas aan sy Here die hoogste eer toe. Hy bely Hom soos Hy waarlik is: God uit God; Lig uit Lig. Al sou Johannes hierdie geskiedenis net om die rede vertel het, dan is dit genoeg. Dit gaan nie in die eerste plek om Thomas met sy ongeloof en geloof nie. Dit gaan om die heerlikheid van Jesus Christus onse Here. Hy moes in hierdie wêreld bely word as God. Ons moes dit weet opdat ons dit Thomas kan nasê . ..

Eerder as om Thomas te sien nader kom met 'n uitgestrekte hand om Jesus se wonde te ondersoek, sien ek hom in my gedagte op die knieë voor die Here. Daar laag op die aarde kan 'n mens eers na regte só uitroep: "My Here en my God!"

## 21 Glo is Sien

Gen. 15:1-6

"... *salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het."* (Joh. 20:29)

Thomas het sy geloof bely: "My Here en my God." Met die belydenis self skort niks nie. "Omdat jy gesien het, het jy geglo", sê Jesus. Hy het geglo – waarlik geglo. Dit spreek uit sy belydenis. Dit blyk ook daaruit dat hy in die kring van die apostels bly. Hy bly een van die elf. Hy is nie uitgewerp soos Judas nie. In Hand. 1 word hy ook genoem as een van die getuies van Jesus se hemelvaart. Hy was een van die aan wie Jesus gesê het: "... julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde..." Thomas is 'n ware gelowige. Jesus trek nie sy geloof in twyfel nie.

Jesus vind egter fout met die wyse waarop hy tot hierdie geloofshoogte gekom het. Dit tel selfs tot sy krediet dat ook die ander dissipels aan die begin nie die boodskap van die vroue geglo het nie. Lukas sê daarvan: "En hul woorde het vir hulle na onsinnige praatjies gelyk, en hulle het hul nie geglo nie." Ook die ander moes Jesus self eers sien na sy opstanding, voordat hulle dit waarlik kon glo...

Sou ons hulle kan kwalik neem? Ek glo nie. Ons sou net so gereageer het... En tog spreek Jesus ons salig – eintlik moet ons sê saliger as Thomas... Ons glo immers – ons wat nie gesien het nie. "Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het."

Geloof gegrond op die aanskoue is goed. Geloof wat egter die onsienlike sien, is beter. Dit is 'n les wat deurgaan. Petrus skryf in sy algemene sendbrief: "... vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap."

"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11). Ons glo nie omdat ons sien nie. Ons glo omdat ons hoor. Ons glo op die getuienis van die Bybel. Ons glo en ons is salig. Ons het die ewige lewe, omdat ons glo.

Baie mense kan sien en tog nie glo nie. Só was dit met die Jode toe Jesus op aarde was. Hulle het Hom met die liggaamlike oog gesien en tog verwerp... Selfs ondanks al sy tekens en wonders het hulle nie geglo nie. Daarom is glo meer as om bloot met die liggaamlike oog te sien. Glo beteken dat ek innerlik, in my hart, gegryp is deur Christus. Ek is onlosmaaklik aan Hom gebind deur die geloof. Selfs al sien ek nie, dan glo ek nog.

## 22 Werk!

Matt. 25:14-30

*"Ek gaan visvang..."* (Joh. 21:3)

Na die laaste verskyning van Jesus, waarvan Johannes vertel, het waarskynlik 'n tydjie verloop. Ons tref 'n groepie van sy dissipels nou in Galilea aan. Waarskynlik het almal van hulle uit Jerusalem hierheen vertrek. Jesus se eerste boodskap aan hulle, na sy opstanding, was dat hulle na Galilea moes gaan, waar hulle Hom sal sien. Blykbaar het hulle Hom nog nie in Galilea gesien nie... Hulle wag nog op sy verskyning.

Hier tref ons sewe van hulle aan by die meer van Tiberias. Simon Petrus neem die leiding. Hy sê vir die ander: "Ek gaan visvang." Hulle antwoord: "Ons gaan ook saam met jou."

Jesus het hulle in Galilea bestel, maar nog nie opgedaag nie. Die dae gaan verby... Hulle dwaal rond by die see en deur die aangrensende dorpe, maar Jesus bly weg .. .

Eindelik kom die praktiese Petrus tot die gevolgtrekking dat hy net so goed kan gaan visvang terwyl hy wag. Dan sê hy dit ook. Waarskynlik het hulle ook die inkomste uit die opbrengs van die vis nodig gehad. Hulle moes lewe en hulle gesinne versorg. Daarom sê Petrus: "Ek gaan visvang." En die ander val dadelik saam met hom in.

Dit lyk selfs asof hulle dit almal verwelkom het. Johannes sê: "En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim..." Hulle gryp Petrus se wenk aan as volkome afleiding of inkomste. "In daardie nag het hulle niks gevang nie..." Was dit 'n teken dat hulle op 'n verkeerde pad is?

Die Here verwyt hulle dit egter nie. Nee, ons kan gerus aanneem dat die visvang-episode op sigself nie verkeerd was nie. Dit is selfs vir ons 'n aanduiding dat 'n mens geen fout maak as jy jou nuttig besig hou nie. Jy kan gerus maar werk terwyl jy op die Here wag.

Ons wag ook op die Here. Ons word opgeroep om te waak en te bid. Ons moet uitsien na sy wederkoms. Ons mag egter nie aldag en heeldag net sit en mediteer nie. Dit is gewis die beste en vinnigste manier om in die hande van die Bose te speel. Ledigheid is die duiwel se oorkussing. Nee, ons kan gerus Petrus se voorbeeld volg terwyl ons wag. Werk en verdien jou daaglikse brood. Werk ook in die koninkryk van die hemele en verhaas daardeur sy koms. Maar wag ook met die oë en ore wawyd oop – die oor op die Bybel en die oog op die tekens van die tye – dan sal die dag van sy wederkoms jou nie soos 'n dief in die nag oorval nie.

Nêrens keur die Bybel werk af nie. Dit is wel iets anders indien jy jou deur Mammon laat verslaaf.

## 23 Vergeefse Moeite?

Job 42:1-6

*"En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand."* (Joh.21:4)

"Na hierdie dinge het Jesus weer aan sy dissipels verskyn by die see van Tiberias en Hy het só verskyn..." Dan vertel Johannes van die dissipels wat saam was – sewe van hulle – en op Simon Petrus se voorstel om te gaan visvang.

Dwarsdeur die nag het hulle hard gewerk. Sommige van hulle is ten minste ervare vissers. Hulle ken die see en hulle ken hulle werk. Hulle weet wat om te doen en waar om te soek om die beste vangs te maak.

Alles help egter niks nie. Teen môrelig is die nette nog leeg. Hulle het nog geen vis gevang nie... Menslike inspanning, vernuf en volharding bring hulle geen vis in die net nie...

Ons ken ook die soort teleurstellinge. En dan gaan dit nie bloot om die visterman wat nie eens 'n byt gekry het nie. Dit gaan ook om die boer wat sy lande goed voorberei en bemés en skoffel, maar hy oes nie 'n pit nie. Ons kan selfs die ouer en die predikant en die onderwyser hierby betrek. Hulle swoeg ook soms dae en nagte lank – sonder om 'n enkele "vis" te vang.

Dit was met hulle, soos met Job. Hy kon aan die einde van sy bittere lydensgeskiedenis sê: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien." Teleurstellinge maak sommige mense blind en hardvogtig, bitter en opstandig. Andere word daardeur meer ontvanklik gemaak om God se hand in hulle lewe te sien.

In die môreskemering sien hulle Iemand op die strand staan. Dit is die Here Jesus, maar hulle herken Hom nie... Hy kom na hulle toe – Hy gaan aan hulle verskyn – en Hy bepaal die wyse waarop Hy dit wil doen. Daar moet nog meer gebeur voordat Hy Hom só aan hulle vertoon dat hulle Hom herken. Voorlopig bly Hy "incognito" – Hy bly die onbekende toeskouer vanaf die strand. Hulle moes nog leer om te sien.

Gelukkig is Hy altyd die toeskouer. Hy sien ons deur die lange nagte heen terwyl ons swoeg op die golwe van die seë. Hy kon lankal die skool visse, wat ons aanstonds sou vang, beskik het – maar Hy doen dit nie... Hy sien, maar hou sy hand terug... Eintlik is dit ook nie só nie. Hy hou sy hand nie terug nie. Hy gee wat ons nodig het – teleurstellinge – vrugtelose arbeid en inspanning. Die soort dinge beskik Hy ten goede...

Ons moet net een ding altyd goed onthou... Jesus is daar en Hy hou die wag – ook in die nagdonker van teleurstelling en nood. Hy stuur selfs die nood tot ons beswil – opdat ons Hom beter kan sien, wanneer Hy Hom wil laat sien.

## 24 Wees gehoorsaam aan Sy Woord

Jes. 55:9-13

*"Gooi die net aan die regterkant van die skuit..."* (Joh. 20:6)

Die groepie vissers van Galilea sien 'n vreemdeling op die strand. Die lange nag is verby – 'n nag van vergeefse werk. Hulle het niks gevang nie. Hulle sien die vreemdeling, min wetende dat Hy hulle Here is. Hulle besef ook nie dat sy oë die lange nag deur op hulle gerus het nie. Hy het hulle moeite en teleurstellinge gesien – en begryp...

"My kinders, het julle nie iets om te eet nie?" kom sy stem oor die water na hulle toe. Kortaf is die antwoord terug oor die water: "Nee!" Hulle het waarskynlik nie bedoel om onbeleefd te wees nie, maar uit die antwoord hoor ons hulle teleurstelling.

Vreemd is die weë van die Here met 'n mens. Hy kom nooit anders tot ons nie as om ons te seën. Hy kom om te gee... Mense wat egter dink dat hulle het, ontvang nie. Hulle moet eers duidelik begryp dat hulle nie het nie – niks nie... Hulle moet eers terdeë besef dat geswoeg en gesweet in elke opsig niks oplewer, sonder Hom nie. Hy alleen gee die ware rykdom – aan hulle wat niks het nie – nie eens 'n krummeltjie nie.

Weer kom die stem oor die water vanaf die strand: "Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry." Hoe sou Hy dit kon weet? Hy staan daar vér op die strand – hulle is hier in die skuit. Hulle kan veel beter beoordeel waar om die net te laat sak.

So kon hulle gedink het, maar gelukkig het hulle nie. Om een of ander onverklaarbare rede gehoorsaam hulle dadelik... Sou dit wees omdat hulle iets onthou? Vroeër – daar aan die begin saam met hulle Meester – het hulle byna 'n soortgelyke bevel uit sy mond gehoor. Hulle het ook dwarsdeur die nag niks gevang nie. Daarna het Jesus vanuit een van die skuite die skare op die strand toegespreek. Eindelik sê Hy: "Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak om te vang." Simon antwoord Hom: "Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie; maar op u woord sal ek die net laat sak..." En toe vang hulle 'n menigte visse. Die omstandighede herinner sterk aan mekaar.

Ook nou, soos destyds, vang hulle 'n menigte visse – soveel dat hulle skaars die net kon trek. Só is Jesus besig om aan hierdie manne te verskyn... Sy beeld word al duideliker... Hy word al meer herkenbaar. Kyk terug op u lewenspad. Ondersoek die geskiedenis. Kyk na die Bybel en hoe die Here daarin tot mense gekom en gespreek het. En pas dit toe op u eie lewe en lewensomstandighede. Onthou die hoogtye van blydskap in die Here – van uitredding en genade... Onthou dit in u donker nagte. En gooi u net aan die regterkant op sy bevel. Neem Hom gerus op sy woord...

## 25 Die Here op Kersdag

Luk. 2:8-20

*"Dit is die Here!"* (Joh. 21:7)

Dat ons nou op Kersdag moet uitkom by hierdie uitspraak van die evangelieskrywer, Johannes! Ja, dit is niemand anders as hy wat dit sê nie. "Dit is die Here!" Dit sê hy aan ons dwarsdeur sy Evangelie. Daarmee het hy begin. Daarmee hou hy vol – tot hier in die laaste hoofstuk van sy boek. Johannes het niks anders in die oog gehad, as dat ons Jesus Christus ook sou herken as die Here nie. "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggebore wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid." Dink daaraan op hierdie dag: "Dit is die Here!"

Dit is die inhoud van die Kersboodskap.

Johannes – die dissipel vir wie Jesus liefgehad het – sê aan Petrus: "Dit is die Here!" Hy het geleer om te sien – met sy hart. Die vreemdeling wat daar op die strand staan, wat hulle toegeroep het om die net aan die regterkant van die skuit in te gooi – Hy is niemand anders as sy Here nie. Hy ken Hom só. Wanneer Hy sê: "julle sal kry", dan is dit só. "Want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan" (Ps. 33).

Petrus en Johannes is die hooffigure hier onder die groepie dissipels. Petrus is die man wat impulsief handel. Hy tree gewoonlik eerste op. Johannes weer, verstaan eerste. Só het hy ook in die geopende graf in die tuin van Josef van Arimathea die grafdoeke bekyk. Petrus, as man van die daad, het eerste die graf ingegaan en woordeloos die doeke staan en bekyk... Daarop kom ook Johannes in en kyk – "en hy het gesien en geglo..." Johannes sien deur die sluier van die uitwendige dinge heen. Hy sien die wese – hy begryp die betekenis agter die uitwendige... Daarom was Johannes ook die man aan wie die gesigte op Patmos gegee is – dit wat vasgelê is in die boek Openbaringe. Johannes sien ewigheidslig agter die dinge wat die oog sien.

Die vreemdeling daar op die strand is uitgeken. "Dit is die Here!" Dit is geloofsherkenning – dit is die blydskap om te sien – deur die newels van die uitwendige dinge heen...

Dit kan ons nou maar gerus te pas bring by wat ons vandag herdenk – die geboorte van Jesus Christus... In ons moderne leefwyse en benadering van Kersfees verdwyn die gestalte van Christus agter die glans van menslike optooisels en sentimentaliteit. Die geloofsvreugde is verander in wêreldse plesier. Die krip en die Here verdwyn agter die humanistiese mensgestalte wat die krip en die kruis en die Here ontgroei het... Die mens het nie meer 'n oog wat sien en 'n hart wat verstaan en 'n mond wat dit uitjubel "Dit is die Here" nie. Mag ons duidelik sien en gelowig bely: "Dit is die Here!"

## 26 Vissers van Mense

Hand. 2:37-47

*"Kom eet!"* (Joh. 21:12)

Hier is iets innigs, teer, byna huislik in hierdie verhaal. Jesus het na sy opstanding by monde van Maria Magdalena 'n boodskap aan sy "broers" gestuur. Hier tree Hy op as hulle oudste Broer. Hy het hulle gesien swoeg en sweet op die see – 'n hele nag lank. Hy het geweet dat hulle niks gevang het nie – nie 'n enkele vissie nie. Daarop het Hy aan hulle gesê waar om vis te kry – volop... Eindelik kom hulle aan wal met 'n net swaar van die visse – wat hulle byna nie kon trek nie. Intussen het Hy voorsorg gemaak – op die strand vind hulle visse wat alreeds op die kole gebraai is. Waar kry Hy dit vandaan? Ag, sou Hy, aan wie die wilde diere en die voëls van die hemel en die visse van die see behoort, dan nie 'n paar visse kon afsonder en gaarmaak vir sy broers nie? Maar, soos 'n tipiese ouer Broer, wat die kleintjies nie aanstoot wil gee nie, sê Hy: "Bring van die visse wat julle nou gevang het". – en dit word naas syne op die kole gelê om gaar te word... So is dit nie meer "Myne en julle s'n" nie, maar "ons s'n..."

Daarop sê Hy: "Kom eet!"

Agter hierdie maaltyd lê iets diepers verskuil. Die dissipels sal vissers wees – vissers van mense. Hulle gaan die nette uitwerp in die wêreldseë... Hulle sal nagte deurwerk sonder om 'n enkele vis te vang. Hulle sal deur die newels heen hoor: "Gooi die net aan die regterkant en julle sal kry..." Verstommend! Die nette kan nie getrek word nie vanweë die groot getal visse. "Dit is die Here!" sal dit kom uit die verbaasde harte van "mensevissers". Nie ons nie Here, maar U het dit gedoen! En dan sal die Here hulle verkwik met gawes uit sy hand en – gawes uit hulle hand – en só word dit "ons gawes..."

Wanneer die nette ingetrek word – of daar ook al één of honderd in die net is – die vreugde is sonder perke. Ken u die soort versadiging – die innerlike vreugde dat een sondaar hom bekeer het? Ander mense verbly hulle oor kos en klere en oor geld en goed. Die visser van mense verbly hom oor iets wat onberekenbaar kosbaarder is: Mense in die nette van Jesus Christus.

"Kom eet!" sê die Here. "Kom geniet saam met My van die vrugte van "ons" hande – myne en joune... Mooi so, goeie en getroue dienskneg! Oor weinig was jy getrou – oor veel sal Ek jou aanstel!" Dink aan die woord van Simon Petrus aan sy mede-ouderlinge! "Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang . .." Vissers van mense ly nie honger nie.

## 27 Swakkeling!

Ps. 51

*"Simon, seun van Jona*..."

Dit moes kom, Simon! Dit kon nie uitbly nie...

Onthou jy nog die koolvuur in die binneplaas van die hoëpriester Kájafas? Hier sit jy nou weer by 'n koolvuur – onder die oë van Hom wat jou daardie nag met smart aangekyk het, toe die haan kraai... Jy het drie keer gesê: "Ek ken die Man nie."

"Simon, seun van Jona!" Bitter is dit Simon! Jy moes Petrus wees, maar daardie nag was jy niks anders as Simon nie. Jou belydenis: "U is die Christus, die Seun van die lewende God," het jou die naam Petrus besorg... Jy het egter die belydenis verloën – daarom het jy jou nuwe naam verloën... Hoe kan jy Petrus – "Rots" – genoem word? Nee, jy is maar net Simon, die seun van Jona...

"Simon, seun van Jona!" Só staan dit daar. Simon Petrus skrik. Hier kom dit – die dinge waaroor hy só skaam is... Die oë van sy Meester is op hom – ja, weer op hom. En hy krimp . ..

Soos daardie nag toe die haan gekraai het.

Die ou Simon steek ook maar by ons so dikwels die kop uit... Hy is ook bekend as die "ou Adam". Paulus praat van hom as die "ou mens..." Ons sou sê dat hy die "eie-ek" is... Hy moet eintlik dood, maar hy sterf nie so maklik nie. Net wanneer jy dink dat hy nou begrawe is, dan loer hy weer om die draai. Hy staan op uit sy graf en Petrus lê in die stof... "Ek ken die Man nie!" Watter man? "Jesus Christus, die Nasaréner – ek ken Hom nie..."

Maar laat ons dadelik beken: Dit kon veel erger gewees het met Simon. Sê nou maar die Here het van hom vergeet... sê nou maar Jesus het hom ook verloën voor sy Vader en die heilige engele... "Simon Petrus? Nee, ek ken die man nie. Gaan weg van My af jou werker van ongeregtigheid! Gaan in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele!" Vreeslik!

Hoe anders is dit? Hier by die koolvuur op die strand van die See van Tiberias sit die Here Jesus saam met Simon... Hulle het só pas saam geëet... "Simon, seun van Jona, het jy My lief?" Dit is nog die tyd van genade... Jesus spreek hom nog aan – al is dit nie as "Petrus" nie... Dat Hy ons nog aanspreek beteken genade... Wat ons ook al met ons mooi naam aangevang het! Al het u u Christen-naam in die modder getrap – luister maar: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jes. 55).

# 28 Ontdekkende Vraag

1 Kor. 12

*"Het jy My lief?"*

Die vraag is gerig aan Simon, seun van Jona. Dit word tot drie keer toe herhaal – wel nie elke keer in presies dieselfde woorde nie... Drie keer... Simon Petrus sou besef waarom dit gaan... Elke keer, wanneer die vraag soos 'n dolksteek deur sy hart gaan, sou hy onthou . .. Drie keer het ek my Meester verloën .. .

Met die intrapslag is Simon se voete dadelik onder hom uitgeslaan. Hy het geroem: "Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie." Hy is immers Petrus die rotsman. Hy weet hoe lief hy sy Here het – niks sal in staat wees om hom, Petrus, daartoe te bring om Jesus te verloën nie . ..

En nou – hier by die See van Tiberias? "Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?" Jy het só gesê Simon! Sê jy dit nog?

Wat kon hy doen? Skaamrooi kom die antwoord: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet." Hy durf nie die oorspronklike woord vir "liefde" gebruik wat ons met "waarlik lief" vertaal nie. Ons kan dit moeilik in Afrikaans weergee. Simon was in elk geval nie bereid om homself op die liefdesvlak te stel waarna Jesus vra nie... Van sy liefde te meet by die van die ander dissipels swyg hy liewer... Hy skaam hom voor die Here en sy makkers. Hy kan hulle nie in die oë kyk nie – hoe sou hy nog kon sê dat hy Jesus meer lief het as hulle. Hulle het wel ook weggevlug toe Jesus gevange geneem is, maar hy alleen het drie keer ontken dat hy een van Jesus se dissipels is... Nee, op die saak wil hy self s nie ingaan nie...

Here, U weet alles... U weet van my liefde – ek het gedink dat ek u waarlik liefhet – ek dink dit nog – maar hoe durf ek dit weer uitspreek? – U ken my hart en sinne – U weet hoe dit met my gesteld is daar binne – u weet dat ek U liefhet. ..

Wat kan Simon meer sê? Hy het sy vroeëre liefdesbetuiginge in twyfelagtige lig gestel... Sy dade getuig daarteen... Maar gelukkig vir Simon en vir ons – die Here weet alle dinge. Gelukkig ken hy Simon se brandende liefde vir Hom... Hy sien ook Simon se verleentheid... Hy weet ook dat Simon agterna bitterlik geween het... En nou weet Hy dat Simon baie skaam en verleë is . ..

Gelukkig weet Jesus meer as ons... Hy het ons selfs eerste liefgehad. Hy het ons ook baie meer lief as wat ons Hom ooit kan liefhê... Hy het die helse smarte en benoudheid in ons plek verduur. Hy het Simon só lief dat Hy hom weer opneem in die kring van dissipels. In werklikheid het Hy Simon nog altyd beskou as een van die twaalf, ondanks sy ontrou.

# 29 Skaapwagter

Eseg. 34:8-16

*"Laat* my *lammers wei... Pas my skape op... Laat my skape wei*..." (Joh. 21:15-17)

Daar het ons Simon Petrus se amptelike herbevestiging as apostel. Drie keer het hy sy Meester verloën – drie keer is hy gestel voor die vraag: "Het jy My lief?... Drie keer het hy daarop geantwoord... nie huiwerend nie, maar tog beskeie en skaam... Drie keer word aan hom 'n amptelike opdrag gegee...

'n Mens mis net een ding... Dit is Simon Petrus se antwoord: "Ja, van ganser harte, Here!" Só moes ek, volgens voorskrif van die bevestigingsformulier, antwoord toe ek in my amp bevestig is... Moontlik het Simon wél bevestigend geantwoord, maar dit is nie vir ons opgeteken nie... Dit maak vir ons eintlik geen saak nie. Simon Petrus het wei sy opdrag uitgevoer...

Simon se belydenis: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet... Ja, Here, U weet dat ek U liefhet... Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet..." Jesus weet. Hy ken Simon en Hy neem hom op sy woord. Dit is voldoende antwoord van Simon Petrus... Simon kwalifiseer nou selfs beter as vroeër as herder en leraar van die kudde van die Here. Hy weet nou ook dat hy swak is. Hy weet dat ook hy gestruikel het... Hy sou nou met liefde en begrip die afgedwaalde lam soek en op sy skouer sit en terugdra na die kudde... Hy sou nou met erbarming kan neerbuk by die skaap wat sy been gebreek het – of toegetakel en gewond is deur die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondgaan om te soek en te verslind. Sy hoogheidswaan sou hy nou makliker kon aflê... Ag ja, ons weet uit ervaring dat Petrus - net soos ons – nog nie klaar is met "Simon" nie... Die "ou Adam" of die "ou mens" of die "eie ek" sou hom nog pla – maar hy het darem gevorder... Hy het geleer om hom raak te sien... Hy het ook geleer dat die Satan sterk is – 'n mens vir hom terdeë op jou hoede moet wees...

"Laat my lammers wei... Pas my skape op... Laat my skapies wei..." Hier is die goeie Herder aan die woord... Hy het sy lewe afgelê vir sy skape... Hy ken hulle – een vir een... Hy ken die lammers en skapies... Hy dink in teerheid aan hulle... Hy het hulle lief... "Daarom, Petrus, kyk goed na hulle... Hulle is in jou sorg, maar is in werklikheid my eiendom... Ek sal van jou rekenskap eis... Jy mag nie my skape verwaarloos nie... Jy mag hulle nie verstrooi nie... Jy mag ook nie die vettes slag en hulle opeet nie... Dit is my eiendom... Elkeen – selfs die swakste en kleinste – sal Ek van jou hand eis .. ."

En dan vergeet Jesus van Simon se sonde. Dit is nou afgehandel.

Sou ons nie maar altyd weer terugwys na Petrus se sondeval en sy werk in die Naam van die Here kragteloos maak nie? 'n Mens vergeet tog só gou dat jy ook maar te kampe het met die "ou mens"... En dan sê ons, "met die grootste liefde", "hy sal sy werk nie weer met vrug kan doen nie".

# 30 Toekomsvrae

Matt. 24:45-51

*"Volg jy my!" (Joh.* 21:21)

Die jaar loop na sy einde... Die Evangelie van Johannes ook. En Simon Petrus gaan na sy einde hier op aarde... "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en 'n ander een sal jou gord en jou bring waar jy nie wil wees nie..."

"En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou verheerlik..." Hierdie dinge is opgeskrywe nadat Petrus al dood was. Die skrywer weet derhalwe hoe Simon Petrus aan sy einde gekom het. Dit word vertel dat hy gekruisig is – soos sy Meester.

"Volg My!" Vanselfsprekend is hierdie bevel aan Petrus nie letterlik bedoel nie. Dit beteken bloot dat hy voortaan 'n getroue volgeling van Jesus moet bly selfs tot in die marteldood. Dan staan Jesus op en loop weg... Klaarblyklik vertrek Hy... Hy gaan weer uit hulle gesig verdwyn. Petrus vertolk die "Volg My!" só asof Jesus hom vra om êrens heen saam met hom te gaan. Dan staan hy op en loop agter die Here aan... Hy kyk om en sien dat Johannes ook saamkom. Toe vra hy: "Here, maar wat van Hom?" Hierop is Jesus se antwoord: "As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My!"

Petrus hoef hom nie te kwel oor Johannes en sy toekoms nie. Dit kan hy rustig in die hand van die Here laat. Vir hom is die hoof saak: "Volg jy My!... Laat my lammers wei... Pas my skape op... Laat my skape wei..." Daar is werk om te doen. Daar is mense wat bereik moet word met die evangelie. Doen dit met jou hele hart. Wy jou hele aandag daaraan en moenie God se raad probeer ontrafel oor wat met Johannes sal gebeur nie . ..

In sommige kringe is mense baie begaan oor die toekoms van andere... Party kwel hulle oor die vraag wat van die Joodse volk gaan word... Die Bybel word gefynkam en, beloftes wat op Israel betrekking het, noukeurig nagespeur om in die lig daarvan die toekoms in te kyk... Wat is die toekoms van Israel? 'n Christen het waarlik belangriker werk as dit. Hoeveel vrugbaarder sou só 'n mens se lewe nie wees, indien die tyd en aandag gegee sou word aan die uitbreiding van die koninkryk van die Here nie?

"Volg jy My!" Dit sê Jesus met nadruk op "jy". "Dit gaan om jou – jy Petrus... Doen jy wat Ek van jou verwag... En laat die versluierde toekoms van andere maar in die hand van die Here..."

## 31 Goeie en Getroue Dienskneg

Openb. 21:6-21

*"Dit is daar die dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is..."* (Joh. 21:24)

Ons het nou van begin tot end die pad saam met Johannes geloop. Hy het getuig van "hierdie dinge"... Dit gaan ook nie alleen om die laaste paar dinge wat hy vertel nie. Dit gaan om die hele kosbare evangelie. Hy het sy getuienis neergeskrywe... Hy is 'n goeie en betroubare getuie. Hy is 'n ooggetuie, soos hyself dikwels verklaar. Hy voer bewyse aan vir die waarheid van die dinge wat hy sê... Hy het dit nie uit sy duim gesuig nie.

Dit is ook 'n gewigtige getuienis. Dit gaan om die Woord wat vlees geword het... Dit gaan om Jesus Christus die Seun van God...

Dit gaan om die Lig van die wêreld... In die Lig leef ons elke dag – ons wat onder sy sorg bly . ..

Daarom raak die getuienis ons ook – elkeen van ons... Ons is daarby betrokke. Soos die blomme van die veld hulle kelke keer na die son – só wend ons ons harte na Hom – die Son van geregtigheid. Elke dag is ons in die Lig. Anders kan ons nie leef nie.

Johannes het die Lig beskrywe opdat ons ons in die Lig kan koester. Ons ken Hom. Ons ken Hom soos Johannes Hom geken het – vol van genade en waarheid. Ons het sy hart gesien – sy hart vol van onbegryplike sondaarsliefde. Dit het geblyk uit wat Hy gesê en gedoen het. Oor sy hele leeftyd op aarde is daar met goue letters geskrywe: "Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Daartoe het die Seun gekom, gely, gesterwe en opgestaan – opdat ons die ewige lewe kan hê.

Aan die einde van die Evangelie en aan die einde van die jaar, pas dit ons om oor die getuienis van Johannes na te dink... Johannes, die dissipel vir wie Jesus liefgehad het, het die liefde van Jesus beantwoord met wederliefde. Hy word die apostel van die liefde genoem. Daarom kon hy nie swyg nie. Hy moes praat van sy Here, wat hy liefhet, en hy moes dit sê aan die wêreld. Die liefde van sy hart dring hom ook daartoe.

Dring die evangelie u ook daartoe?

Die afgelope jaar het ons elke dag saam vertoef. Ons was elke dag in die Lig van God se heilige Woord. Ons het onsself verbly in die Lig van die wêreld. Indien elke leser iets van sy heerlikheid aanskou het, is dit vir my genoeg.

Ek het my bes gedoen om die Evangelie van Johannes self aan die woord te stel. Ek glo dat die Woord van God self werk in julle wat glo, soos Paulus sê (1 Thess. 2:13). My grootste vreugde sou daarin bestaan dat die leser nie alleen homself koester in die lig van die Seun van God nie, maar dit verder dra... En dat hierdie boek daartoe mag bydra, is die bede van my hart.